# 'N FUNDAMENTEEL-AGOGIESE EVALUERING VAN DIE AFRIKAANSE CHRISTEN-STUDENTEVERENIGING

deur

**FRIEDA EILEEN TOLSMA**

B.A. (Potch), U.O.D. (Unisa), M.ED.

voorgelê luidens die vereistes

vir die graad

**DOCTOR EDUCATIONIS**

in die vak

FILOSOFIE VAN DIE OPVOEDING

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

PROMOTOR: PROF. DR. J.J. ROELOFSE

NOVEMBER 1995

DEEL 1 (VAN 2)

**NOTA BENE**

**HIERDIE PROEFSKRIF BESTAAN UIT TWEE DELE.**

**DEEL EEN BESLAAN HOOFSTUKKE EEN TOT VIER.**

**DEEL TWEE BESLAAN HOOFSTUKKE VYF EN SES.**

1996 -08- 30


371.842 80 TOLS

01644965


"As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered" (Romeine 10:9,10)

Opgedra aan:

My man, Peter, en ons kinders.




**AMPTELIKE EMBLEEM VAN DIE AFRIKAANSE CHRISTEN-STUDENTEVERENIGING**




Dr. ANDREW MURRAY



DONALD FRASER

**STIGTERSLEDE VAN**
**DIE AFRIKAANSE CHRISTEN-STUDENTEVERENIGING**



Professor J. I. MARAIS



Miss A. P. FERGUSON

**STIGTERSLEDE VAN**
**DIE AFRIKAANSE CHRISTEN-STUDENTEVERENIGING**

## DANKBETUIGING

### SOLI DEO GLORIA - AAN GOD ALLEEN DIE EER

My opregte dank aan Professor JJ Roelofse vir die stimulering tot selfstandige denke, asook vir geduld en begrip geopenbaar tydens my studie-ontmoetinge en telefoniese gesprekke.

Veral wil ek ook vir Mevrou Roelofse bedank vir haar spontaniteit, belangstelling, vriendelikheid en gasvryheid tydens my besoeke.

'n Spesiale woord van dank aan my man vir sy aanmoediging, belangstelling, geduld, simpatieke begrip en veral vir sy daadwerklike ondersteuning met die voltooiing van hierdie proefskrif.

Aan my kinders en Pappa wil ek baie dankie sê vir hulle geduld en ondersteuning tydens my studiejare.

'n Besondere woord van dank aan familie en vriende vir hulle volgehoue belangstelling, aanmoediging en gebed.

Graag wil ek ook in besonder vir Dokter Vic Brink en Madel de Vos bedank vir onderhoude toegestaan en navrae wat beantwoord is, asook die Christen-Studentevereniging se administratiewe personeel te Stellenbosch vir studiemateriaal wat voorsien is.

Groot dank aan almal wat met die taalversorging en tegniese afronding gemoeid was, asook almal wat op die een of ander wyse hulp verleen het.

Frieda Tolsma
(Junie 1995)

## OPSOMMING

Religiositeit is 'n antropiese ontisiteit en kinders word in 'n bepaalde geloof opgevoed.

'n Christelik-Protestantse perspektief van godsdiensopvoeding word aangebied. Die betrokke opvoedingsmoveerders en hul verhouding tot mekaar word bespreek.

Ter aanduiding van wat jeugdige-wees wesenlik is, word bepaalde kinder-antropologiese kategorieë beskryf, gevolg deur 'n sinkroniese en 'n diakroniese perspektief van godsdienswording.

Die hedendaagse jeugdige se leefwêreld en gepaardgaande struikelblokke word bespreek. Die taak, die doel, asook relevante religieuse kriteria en essensies van opvoeding word bespreek.

Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging is een van die opvoedingsmoveerders betrokke by die godsdienswording van sommige jeugdiges. Die oorspronklike struktuur en benaderingswyse van die vereniging, asook die veranderde struktuur en benaderingswyse en die redes daarvoor, word beskryf. Die missie, toekomsvisie en modus operandi van die vereniging word deur hierdie veranderinge geraak.

Omdat persone van verskillende denominasies by die vereniging mag aansluit, word 'n oorsig van dogma binne die Christelike geloof gegee, gevolg deur 'n bespreking van ideologies-religieuse

strominge wat van belang mag wees. Die vereniging se confessio van 1988, 1992 en 1994 word vergelyk met die oog op die moontlike veranderinge rakende godsdiensopvoeding.

'n Evaluering is onderneem vanuit sowel die struktuurdenke as die sisteemdenke. Hierdie evaluering geskied op drie vlakke. Op die **ontologiese** vlak word gekyk of die vereniging rekening hou met sekere neaniagogies-antropologiese kategorieë.

Op die terrein van die **pedagogiese** word die realisering van bepaalde opvoedingsessensies, van die verhoudings- en verloopstruktuur en van Protestants-Christelike geestelike volwassenheid as doel ge-evalueer. Die vereniging se bewustheid van sekere bepalende aspekte rakende godsdiensopvoeding, asook die hantering van sommige van die leefwêreldprobleme word ge-evalueer. Die aktualiteit van die werksaamhede word vergelyk met 'n Amerikaanse jeugbedieningsmodel.

Op **teologiese** gebied word moontlike ooreenkomste tussen verskillende Christelike belydenisse aangedui. 'n Christelike evaluering van die werksaamhede van die vereniging word onderneem.

Godsdiensopvoeding gaan moontlik in die "nuwe" Suid-Afrika veranderinge ondergaan en daarom word 'n prospektiewe blik op die moontlike rol van die vereniging in die veranderde situasie gebied.

## SUMMARY

Religiosity is an anthropological onticity and children are educated in a specific religion.

A Christian-Protestant viewpoint of religious education is presented. The educational motivators involved, as well as their inter-relatedness, are discussed.

To indicate what it means to be a youth, certain child-anthropological categories are described, followed by a synchronical and diachronical perspective of religious growth.

The influence on the life-world of today's youth and related problems are discussed. The task, aim and relevant religious criteria and essences of education are discussed.

The Afrikaanse Christen-Studentevereniging is one of the educational motivators involved with certain youths. The orginal structure and attitude of the organisation, as well as the changes in its structure and attitude and the reasons for these changes are described. The organisation's mission and vision, as well as its methods, are affected by these changes.

Because people from different denominations can become members of the organisation a cursory description of dogma within the context of the Christian religion is given, followed by a discussion on ideological religious mainstreams that may be of importance. The

organisation's confessions of 1988, 1992 and 1994 are compared in view of the probable changes concerning religious education.

An evaluation is done from both a structural thinking and systems thinking point of view. This evaluation is conducted on three levels:

On an **ontological** level it is evaluated with regard to what extent the organisation is taking neaniagogical categories into account.

On a **pedagogical** level the realisation of the pedagogical relationship and sequence structures and its essences as well as Christian-Protestant religious maturity as aim are evaluated. The organisation's awareness of certain determining aspects concerning religious education, as well as the handling of some of the life-world problems are evaluated. The actuality of the organisation's activities are compared to an American youth program model.

On a **theological** level possible similarities between different Christian confessions are indicated. A Christian evaluation of the organisation's activities is also rendered.

Since religious education may undergo certain changes in the new South Africa a prospective view is presented of the possible role the organisation may fulfil.

Because people from different denominations can become members a cursory description of dogma within the context of the Christian religion is given, followed by a discussion of mainstreams that may be of importance. The relation between the organization and the church is discussed. The organization's confessions of 1988, 1992 and 1994 are compared in view of the possible changes concerning religious education in the "new' South Africa.

An evaluation was done from both a structural thinking and systems thinking point of view. This evaluation was conducted on three levels.

On an ontological level it was evaluated to what extent the organization is taking neaniagogical categories into account.

On a **pedagogical** level the realization of specific educational essences as well as the realization of the relationship and sequence structures and Christian-Protestant religious maturity as aim are evaluated. The organization's awareness of certain determining aspects concerning religious education, as well as the handling of some of the life-world problems are evaluated. The actuality of the organization's activities are compared to an American youth program model.

On a **theological** level possible similarities between different Christian confessions are indicated because members of different

| | | |
|---|---|---|
| | (b) Soeke na 'n eie identiteit | 181 |
| | (c) Soeke na sin en betekenis | 185 |
| | (d) Bestendiging van 'n lewens- en wêreldbeskouing | 190 |
| 2.4.4.4 | Samevattende opmerkings met betrekking tot die godsdienswording van die jeugdige | 192 |
| 2.5 | Diakroniese verloop van godsdienswording: <u>via salutes</u> | 194 |
| 2.5.1 | Roeping | 195 |
| 2.5.2 | Wedergeboorte (geestelike) | 196 |
| 2.5.3 | Geloof | 196 |
| 2.5.4 | Bekering | 197 |
| 2.5.5 | Regverdigmaking (regverdig; geregtigheid) | 198 |
| 2.5.6 | Heiligmaking (Heiliging; Heiligheid) | 199 |
| 2.5.6.1 | Begripsverklaring | 199 |
| 2.5.6.2 | Ou Testamentiese gebruike van die woord heiligmaking | 199 |
| 2.5.6.3 | Nuwe Testamentiese gebruike van die woord heiligmaking | 200 |
| 2.5.6.4 | Toewyding van "gewone" dinge | 201 |
| 2.5.6.5 | Uitkomste van heiligheid | 201 |
| | (a) Uitkomste van heiligheid soos aangedui in die Ou Testament | 201 |
| | (b) Uitkomste van heiligheid soos aangedui in die Nuwe Testament | 202 |
| 2.5.6.6 | Samevattende opmerkings met betrekking tot heiligmaking | 203 |

## INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGING i

OPSOMMING iii

SUMMARY vi

INHOUDSOPGAWE ix

**HOOFSTUK 1 : ORIëNTERENDE VOORARBEID EN TERREINVERKENNING** 1

1.1 Inleiding: Waarom hierdie studie onderneem word 1

1.2 Algemene oriëntering 8

1.2.1 Paradigmatiese verbande 9

1.2.1.1 Lewensopvatting 12

(a) Lewensopvatting as 'n partikuliere aangeleentheid 12

(b) 'n Lewensopvatting is 'n besondere aangeleentheid 17

(c) 'n Lewensopvatting stel eise 18

(d) 'n Lewensopvatting het 'n geskiedenis 19

(e) 'n Lewensopvatting word nie oorgeërf nie 20

(f) 'n Lewensopvatting word moeilik bestendig 21

(g) 'n Lewensopvatting is 'n idieële aangeleentheid 22

(h) 'n Lewensopvatting is bo-wetenskaplik 23

1.2.1.2 'n Historiese perspektief van Protestantisme 24

1.3 Terreinafbakening (Navorsingsdomein) 27

1.3.1 Navorsingsgemeenskap 27

| | | |
|---|---|---|
| 1.3.2 | Archimedespunt | 28 |
| 1.3.3 | Sinkroniese en diakroniese oriëntering | 29 |
| 1.3.3.1 | Sinkroniese oriëntasie | 29 |
| 1.3.3.2 | Diakroniese oriëntasie | 30 |
| 1.3.4 | Raakpunte | 33 |
| 1.3.5 | Grense | 34 |
| 1.3.6 | Eksterne insprake | 35 |
| 1.4 | Konseptualisering | 36 |
| 1.5 | Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging vanuit 'n historiese perspektief | 45 |
| 1.5.1 | 'n Breë perspektief | 46 |
| 1.5.1.1 | Studente-Vrywilliger-Beweging | 47 |
| 1.5.1.2 | Die Wêreld-Federasie van Christen-Studenteverenigings | 50 |
| 1.5.2 | Die Christen-Studentevereniging in Suid-Afrika | 55 |
| 1.5.2.1 | Die stigting van die Christen-Studentevereniging | 55 |
| 1.5.2.2 | Die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika en die Wêreld-Federasie van Christen-Studente | 59 |
| 1.5.2.3 | Die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika en die Studente-Vrywilliger Beweging | 61 |
| 1.5.2.4 | Die verdere uitbreiding van die Christen-Studentevereniging | 62 |
| 1.5.2.5 | Die Christen-Studentevereniging en sy onderskeie afdelings tot en met 1950 | 65 |
| 1.5.2.6 | Die Christen-Studentevereniging vanaf 1951 tot en met 1965 | 68 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.5.2.7 | Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging na 1965 | 78 |
| 1.5.2.8 | Ontbinding van die Studente-Vrywilliger-Beweging | 79 |
| 1.5.2.9 | Opsegging van affiliasie met die Wêreld-Federasie van Christen-Studenteverenigings | 80 |
| 1.5.2.10 | Verdere internasionale kontak | 83 |
| 1.5.2.11 | Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging en die bearbeiding van universiteits- en kollegestudente vanaf 1982 | 85 |
| 1.6 | Voorlopige probleemformulering | 87 |
| 1.7 | Metodologiese verantwoording | 89 |
| 1.7.1 | Literatuurstudie | 90 |
| 1.7.2 | Onderhoude | 90 |
| 1.7.3 | Bywoning van kampe, seminare en vergaderings | 91 |
| 1.7.4 | Vergelykende studie | 91 |
| 1.7.5 | Empiriese navorsing | 93 |
| 1.7.6 | Evaluering | 93 |
| 1.7.7 | 'n Prospektiewe blik met betrekking tot die toekoms | 95 |
| 1.8 | Operasionalisering | 95 |
| **HOOFSTUK 2** | **: DIE KIND/JEUGDIGE EN GODSDIENSWORDING** | 99 |
| 2.1 | Inleiding | 99 |
| 2.2 | Religiositeit as antropiese ontisiteit | 99 |
| 2.2.1 | Begripsbepaling: Religie en godsdiens | 104 |
| 2.2.1.1 | Religie | 104 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.2.1.2 | Godsdiens | 106 |
| 2.2.1.3 | Religie of godsdiens | 108 |
| 2.3 | Kinderantropologiese kategorieë | 115 |
| 2.3.1 | Inleiding | 115 |
| 2.3.2 | Die jeugdige as hulp- en steunsoekende wese | 117 |
| 2.3.3 | Die jeugdige as ongeslote wese | 118 |
| 2.3.4 | Die jeugdige as geborgenheidsoekende wese | 121 |
| 2.3.5 | Die jeugdige as eksplorende wese | 123 |
| 2.3.6 | Die jeugdige as gesagvraende en -gehoorsamende wese | 126 |
| 2.3.7 | Die jeugdige as normatiewe wese | 128 |
| 2.3.8 | Die jeugdige as volwassewordende wese | 131 |
| 2.4 | Godsdienswording vanuit 'n sinkroniese perspektief | 134 |
| 2.4.1 | Inleiding | 134 |
| 2.4.2 | Godsdienswording van die peuter en kleuter | 137 |
| 2.4.3 | Die godsdienswording in die pre-puberteit | 142 |
| 2.4.4 | Godsdienswording van die jeugdige (puber en adolessent) | 147 |
| 2.4.4.1 | Inleiding | 147 |
| 2.4.4.2 | Aspekte van die wordingsmomente van die jeugdige | 149 |
| | (a) Fisiese veranderinge | 151 |
| | (b) Intellektuele ontplooiing | 153 |
| | (c) Emosionele veranderinge | 162 |
| | (d) Sosiale gesteldheid | 170 |
| 2.4.4.3 | Enkele pre-volwassenheidsbelewinge | 177 |
| | (a) Ontplooiing van 'n verantwoordelikheidsin | 177 |

| | | |
|---|---|---|
| | (b) Soeke na 'n eie identiteit | 181 |
| | (c) Soeke na sin en betekenis | 185 |
| | (d) Bestendiging van 'n lewens en -wêreld-beskouing | 190 |
| 2.4.4.4 | Samevattende opmerkings met betrekking tot die godsdienswording van die jeugdige | 192 |
| 2.5 | Diakroniese verloop van godsdienswording: <u>via salutes</u> | 194 |
| 2.5.1 | Roeping | 195 |
| 2.5.2 | Wedergeboorte (geestelike) | 196 |
| 2.5.3 | Geloof | 196 |
| 2.5.4 | Bekering | 197 |
| 2.5.5 | Regverdigmaking (regverdig; geregtigheid) | 198 |
| 2.5.6 | Heiligmaking (Heiliging; Heiligheid) | 199 |
| 2.5.6.1 | Begripsverklaring | 199 |
| 2.5.6.2 | Ou Testamentiese gebruike van die woord heiligmaking | 199 |
| 2.5.6.3 | Nuwe Testamentiese gebruike van die woord heiligmaking | 200 |
| 2.5.6.4 | Toewyding van "gewone" dinge | 201 |
| 2.5.6.5 | Uitkomste van heiligheid | 201 |
| | (a) Uitkomste van heiligheid soos aangedui in die Ou Testament | 201 |
| | (b) Uitkomste van heiligheid soos aangedui in die Nuwe Testament | 202 |
| 2.5.6.6 | Samevattende opmerkings met betrekking tot heiligmaking | 203 |

2.5.7 Volharding 204

2.5.8 Verheerliking 204

2.5.9 Die eskatologie as eindbestemming 205

2.5.10 Die diakroniese verloop van die godsdienswording by die jeugdige 208

2.5.11 Samevatting 223

**HOOFSTUK 3 : ENKELE BEDREIGINGE VAN DIE GODSDIENSWORDING VAN DIE JEUGDIGE EN MOVEERDERS WAT HOM GODSDIENSTIG-AGEINEND TER WILLE KAN/WIL WEES** 225

3.1 Inleiding 225

3.2 Die leefwêreld van die jeugdige van vandag en struikelblokke wat daaruit kan voortspruit 225

3.2.1 Inleidende Opmerkings 225

3.2.2 'n Pluriforme leefwêreld 227

3.2.3 'n Gesekulariseerde wêreld 230

3.2.4 Verdringing van Meso-strukture 233

3.2.5 Snelle verandering, onvoorspelbaarheid en toekomsskok 238

3.2.6 Ekonomies-tegniese manipulering 240

3.2.7 Normkrisis 243

3.2.8 Massakommunikasie 250

3.2.9 Steurnisse met betrekking tot verhoudinge 252

3.2.9.1 Kontakinflasie 253

3.2.9.2 Massafikasie 256

3.2.9.3 Vervreemding en vereensaming 257

3.2.9.4 Ontoereikende gesosialiseerdheid 260

| | | |
|---|---|---|
| 3.2.9.5 | Sosiale labiliteit | 262 |
| 3.2.9.6 | Neurotisering en ontvlugting | 263 |
| 3.2.10 | Privatisering <u>cum</u> ervaring van geloof en wêreldervaring | 268 |
| 3.2.11 | Samevatting | 279 |
| 3.2.12 | Sake wat die kategese rakende Jesus Christus bemoeilik | 281 |
| 3.3 | Opvoeding, waarby inbegrepe is godsdiens-opvoeding | 285 |
| 3.3.1 | Die taak van opvoeding | 285 |
| 3.3.1.1 | Wat is opvoeding (pedagogie)? | 286 |
| | (a) Opvoeding is om die jeugdige te help met betekenisse | 289 |
| | (b) Opvoeding is om die jeugdige te help om gewillig te wees om met inspanning te lewe - hulp met die geleidelike wegbreek van spanningloosheid | 290 |
| | (c) Opvoeding is om die jeugdige te help om in ooreenstemming met besondere norme (behoorlikheidseise) te lewe | 293 |
| | (d) Opvoeding is om die jeugdige te help om te waag | 297 |
| | (e) Opvoeding is om die jeugdige te help om dankbaar te wees | 300 |
| | (f) Opvoeding is om die jeugdige te help om verantwoordelikheid vir sy aandeel aan verhoudinge te aanvaar | 302 |

(g) Opvoeding is om die jeugdige te help om te hoop op die toekoms wanneer hy 'n volwassene sal wees 304
(h) Opvoeding is om die jeugdige te help om die moontlikhede tot volwassenheid te ontwerp 307
(i) Opvoeding is om die jeugdige te help om geleidelik sy bestemming te vervul 308
(j) Opvoeding is om die jeugdige te help om eerbied (agting) te hê vir sy eie menswees en vir ander mense 311
(k) Opvoeding is om die jeugdige te help om homself te begryp en te beoordeel 314
(l) Opvoeding is om die jeugdige te help om vryheid tot verantwoordelikheid te verower 315
3.3.1.2 Samevatting 319
3.4 Die doel van opvoeding, ook godsdiensopvoeding 320
3.4.1 Inleiding 320
3.4.2 Pedagogiese kriteria vir volwassenheid 327
3.4.2.1 Deur Waardes gelok 328
3.4.2.2 Van bevraagdheid bewus 328
3.4.2.3 Sedelike selfbeoordeling 329
3.4.2.4 Waardekeuses 329
3.4.2.5 Vryheid tot verantwoordelikheid 330
3.4.2.6 Roepingsbewustheid 330
3.4.2.7 Toerekeningsvatbaarheid 331
3.4.2.8 Gerigtheid op 'n lewensdoel 331
3.4.2.9 'n Meer geslote waarde-oordeel 332

3.4.3 Kriteria vir volwassenheid vanuit 'n godsdienstige perspektief 332

3.4.3.1 Inleiding 332

3.4.3.2 Godsdienstige steungewing deur Protestants-Christelike kinderbegeleiers 334

3.4.3.3 Protestants-Christelike kriteria vir geestelike volwassenheid 336

(a) Volwassenheid as kindskap 336

(b) Die onvoltooibaarheid van volwassenheid 337

(c) Volwassenheid as mondigheid 337

(d) Volwassenheid as vryheid tot verantwoordelikheid 338

(e) Die volwassene se gevestigde woonruimte 338

(f) Selfstandigheid as wyse van volwassenebestaan 339

3.4.4 'n Vergelyking van die pedagogiese kriteria vir volwassenheid met die kriteria vir volwassenheid vanuit 'n Protestants-Christelike perspektief 340

3.4.5 Die implikasies van C.K. Oberholzer se uitsprake in sake godsdiensopvoeding 343

3.4.5.1 Toepassing van hierdie kategorieë op geloof ooreenkomstig Christelike beginsels 343

3.4.5.2 Via Medius na Saligheid 343

(a) Deur die nakoming van die Wet 343

(b) Deur Geloof 344

(c) Uit Genade 344

| | | |
|---|---|---|
| 3.4.6 | Samevatting | 344 |
| 3.5 | Godsdiensmoveerders | 345 |
| 3.5.1 | Inleiding | 345 |
| 3.5.2 | Die pedagogiese verhoudingstruktuur | 346 |
| 3.5.2.1 | Die begrypingsverhouding | 347 |
| 3.5.2.2 | Die vertrouensverhouding | 251 |
| 3.5.2.3 | Die gesagsverhouding | 355 |
| | a) Aangesprokenheid | 257 |
| | b) Gehoorsaamheid | 358 |
| | c) Spanning | 359 |
| 3.5.3 | Die pedagogiese verloopstruktuur | 363 |
| 3.5.3.1 | Inleiding | 363 |
| 3.5.3.2 | Pedagogiese omgang | 264 |
| 3.5.3.3 | Die pedagogiese ontmoeting | 365 |
| 3.5.3.4 | Engagement | 367 |
| 3.5.3.5 | Opneem van bemoeienis-verantwoordelikheid | 368 |
| | a) Opvoedende ingryping | 368 |
| | b) Opvoedende instemming | 370 |
| 3.5.3.6 | Periodieke verlating | 372 |
| 3.5.3.7 | Terugkeer na pedagogiese omgang | 373 |
| 3.5.3.8 | Samevatting | 373 |
| 3.5.4 | Samelewingsverbande betrokke by die godsdienstige-leiding van die jeugdige | 374 |
| 3.5.4.1 | Inleiding | 374 |
| 3.5.4.2 | Die gesin | 377 |
| | (a) Inleidend | 377 |

| | | |
|---|---|---|
| | (b) Wat met 'n Christelike lewensopvatting bedoel word | 385 |
| | (c) Gemeenskaplike en divergerende menslike kenmerke | 389 |
| | (i) Kenmerke teenwoordig by alle mense | 389 |
| | (ii) Kenmerke van gelowiges | 389 |
| | (iii) Kenmerke van ongelowiges | 390 |
| | (d) Die Christelike gesin | 391 |
| 3.5.4.3 | Die Kerk | 395 |
| | (a) Dogma | 400 |
| | (b) Kerugma | 400 |
| | (c) Konfessie | 400 |
| | (d) Geloofsbelydenis | 401 |
| | (e) Corpus misticum Christi | 401 |
| | (f) Ooreenkomste en verskille betreffende bogenoemde begrippe | 402 |
| | (g) Die kerk se opvoedingstaak | 402 |
| 3.5.4.4 | Die skool | 406 |
| | (a) Inleiding | 406 |
| | (b) Die Christelike skool | 416 |
| 3.5.4.5 | Verenigings (jeug) | 418 |
| | (a) Inleiding | 418 |
| | (b) Christelike jeugverenigings | 419 |
| | (c) Die Voortrekkers as 'n Christelik-Afrikaanse kultuur-vereniging | 421 |
| 3.5.4.6 | Onderlinge verhoudinge | 429 |
| | (a) Inleiding | 429 |

| | | |
|---|---|---|
| | (b) Die verhouding van die gesin tot die kerk | 430 |
| | (c) Die verhouding van die gesin tot die skool | 431 |
| | (d) Die verhouding van die kerk tot die skool | 434 |
| | (e) Die verhouding tussen die skool en buite-kurrikulêre aktiwiteite | 438 |
| | (f) Die verband tussen kerk en vereniging | 440 |
| | (g) Soewereiniteit in eie kring versus universitaliteit in eie kring | 442 |
| | (h) Samevatting | 444 |
| **<u>HOOFSTUK 4</u>** | **: <u>DIE AFRIKAANSE CHRISTEN-STUDENTEVERENIGING AS BUITE-KURRIKULÊRE AKTIWITEIT</u>** | 446 |
| 4.1 | Inleiding | 446 |
| 4.2 | Beheerstruktuur van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging (Grondwet 1988, Artikel 8) | 447 |
| 4.2.1 | Hoofbestuur (Grondwet 1988, artikels 10-15) | 448 |
| 4.2.1.1 | Die Dagbestuur (Grondwet 1988, artikels 16-17) | 453 |
| 4.2.2 | Streekbesture (Grondwet 1988, artikel 21) (Die Provinsiale bestuur Grondwet 1994, artikel 19) | 455 |
| 4.2.3 | Substreekbesture (Grondwet 1988, artikel 22) | 458 |
| 4.2.4 | Sirkelbesture (Grondwet 1988, artikel 24) | 459 |
| 4.2.5 | Takbesture (Grondwet 1988, artikel 24-25) | 461 |
| 4.2.6 | Vlakke van bestuur binne die Afrikaanse Christen-Studentevereniging | 463 |
| 4.2.7 | Die mees resente veranderinge binne die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se geledere | 466 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.2.8 | Praktiese implimentering van veranderinge op Provinsiale vlak (Streeksvlak) | 475 |
| 4.2.8.1 | Inleiding | 475 |
| 4.2.8.2 | 'n Totale benadering | 478 |
| 4.2.8.3 | Jeugspanne en massasaamtrekke | 481 |
| | (a) Jeugspanne | 481 |
| | (b) Jeugfeeste (massasaamtrekke) | 486 |
| 4.2.8.4 | Take en funksie van die Gebiedsbestuur: Noord | 489 |
| | (a) Samestelling en funksies van die gebiedsbestuur | 489 |
| | (b) Die gebiedshoof | 491 |
| | (c) Gebiedskantoor (Noord) | 492 |
| | (d) Provinsiale organiseerders | 492 |
| | (e) Werkkomitees | 493 |
| | (f) Jeugspanne | 494 |
| | (g) Ter samevatting | 496 |
| 4.2.9 | Die nuutste verwikkelinge betreffende benaderingswyse | 496 |
| 4.2.9.1 | Inleiding | 496 |
| 4.2.9.2 | Effektiewe jeugwerk | 498 |
| | (a) Dit is God wat laat groei | 498 |
| | (b) Akkomodeer verskillende groeperinge van geloofsverbintenis | 501 |
| | (i) Onbetrokkenes met betrekking tot godsdiens | 502 |
| | (ii) Kom-kyk Kinders | 503 |
| | (iii) Volgelinge | 505 |

| | | |
|---|---|---|
| | (iv) Dissipels | 506 |
| | (c) Gerigtheid op behoeftes/hunkeringe en verwagtinge | 508 |
| | (d) "Belê" in verhoudingsbou | 510 |
| | (e) Fasiliteer betrokkenheid | 512 |
| 4.2.10 | Vriendskapsevangelisasie | 513 |
| 4.2.11 | Samevatting | 515 |
| 4.2.12 | Die missie en visie van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging met die oog op die toekoms | 516 |
| 4.3 | Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging as godsdiens-opvoedingsmoveerder | 522 |
| 4.3.1 | Godsdiensopvoeders | 522 |
| 4.3.1.1 | Die provinsiale organiseerder | 522 |
| 4.3.1.2 | Leiers van leiersklas : predikante | 526 |
| 4.3.1.3 | Onderwyser-voorsitter en ander betrokke onderwysers | 532 |
| 4.3.1.4 | Leerling-leiers | 538 |
| | (a) Leerling-voorsitter | 538 |
| | (b) Die sekretaresse | 539 |
| | (c) Kringleiers | 540 |
| 4.3.1.5 | Lede/leerlinge | 544 |
| 4.4 | Modus operandi van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging | 545 |
| 4.4.1 | Die Takbestuur | 546 |
| 4.4.2 | Bybelstudiekringe (Kringbyeenkomste) | 547 |
| 4.4.3 | Kampe | 554 |

4.4.3.1 Kampbeleid 554

4.4.3.2 Takkampe 557

4.4.4 Werksaamhede van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging na buite 557

4.4.5 Vernuwing en uitbouing van takwerksaamhede vanaf 1994 561

4.4.5.1 Kampe 561

(a) Kringleierskampe 561

(b) Vakansiekampe 561

(c) Takkampe 562

4.4.5.2 Jeugfeeste 562

4.4.5.3 Uitreike 562

4.4.5.4 Samevatting 563

**HOOFSTUK 5 : DIE AFRIKAANSE CHRISTEN-STUDENTEVERENIGING CONFESSIO EN DOGMATIEK** 565

5.1 Inleiding 565

5.2 Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging-Confessio 566

5.2.1 Die Naam (artikel 1) 566

5.2.2 Die belydenisgrondslag van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging (artikel 2) 566

5.2.2.1 Aard 566

5.2.2.2 Lidmaatskap van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging (Grondwet 1988, artikel 7) (Grondwet 1994, artikel 6) 568

| | | |
|---|---|---|
| 5.2.3 | Doelstellings van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging (Grondwet 1992, artikel 4) (Grondwet 1994, artikel 3) | 570 |
| 5.3 | Dogma | 573 |
| 5.3.1 | Inleiding | 573 |
| 5.3.2 | Wat is dogma? | 574 |
| 5.3.3 | 'n Populêre opvatting | 576 |
| 5.3.4 | Kontemporêre konotasies en denotasies | 577 |
| 5.3.5 | Die begrip "dogma" verander deur die eeue | 578 |
| 5.3.6 | Wat is dogma dan? | 580 |
| 5.3.7 | Die gesag van die dogma | 583 |
| 5.3.8 | Die interpretasie van die dogma | 584 |
| 5.3.9 | Enkele strominge wat van belang is met betrekking tot die Afrikaanse Christen-Studentevereniging | 586 |
| 5.3.9.1 | Arminianisme | 586 |
| 5.3.9.2 | Metodisme | 588 |
| 5.3.9.3 | Piëtisme | 590 |
| 5.3.9.4 | Die Ekumeniese beweging | 592 |
| 5.3.10 | Samevatting | 595 |
| 5.4 | Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging en die Kerk | 597 |
| 5.4.1 | Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging en die Nederduitse Gereformeerde kerk | 597 |
| 5.4.1.1 | Inleiding | 597 |

5.4.1.2 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk se betrokkenheid by die Afrikaanse Christen-Studentevereniging 599

5.4.1.3 Jeugwerk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 600

5.4.1.4 Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se houding ten opsigte van inskakeling by die jeugwerk van die kerk 604

5.4.1.5 Kritiek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk betreffende die Afrikaanse Christen-Studentevereniging 606

5.4.1.6 Onderhandelinge tussen die Afrikaanse Christen-Studentevereniging en die Nederduitse Gereformeerde Kerk sedert 1965 610

5.4.1.7 Onderhandelinge sedert 1979 611

5.4.1.8 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk se standpunt betreffende die Afrikaanse Christen-Studentevereniging in die negentigerjare 615

5.4.1.9 Samevatting 623

5.4.2 Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging en die Afrikaanse Kerke 626

5.4.2.1 Inleiding 626

5.4.2.2 Kritiek van die (Nederduitsch) Hervormde Kerk 627

5.4.2.3 Smuts antwoord op die kritiek van Botha 630

5.4.2.4 Die (Nederduitsch) Hervormde Kerk wysig sy besluit 634

5.4.2.5 Die Gereformeerde Kerke se beleid betreffende jeugsorg 635

| | | |
|---|---|---|
| 5.4.2.6 | Brink antwoord op die besware van die Gereformeerde Kerke | 640 |
| 5.4.2.7 | Samewerking met en aanvaarding van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging deur indiwidue in die Gereformeerde Kerke | 644 |
| 5.4.3 | Enkele uitsprake van kritiek rakende die Afrikaanse Christen-Studentevereniging | 648 |
| 5.4.3.1 | Punte van Kritiek | 648 |
| 5.4.3.2 | Smuts antwoord op bogenoemde kritiek | 649 |
| 5.4.4 | Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging en die Pinkster- en Charismatiese Kerke | 654 |
| 5.4.4.1 | Die Stigting van die Pinkster Skoliere Aksie in Suid-Afrika | 654 |
| 5.4.4.2 | Samesprekings tussen die Afrikaanse Christen-Studente-vereniging en die Pinskter- en Charismatise Kerke betreffende die Pinkster Skoliere Aksie | 655 |
| 5.4.4.3 | Samevatting | 659 |
| **HOOFSTUK 6** : | **EVALUERING EN PROSPEKSIE MET BETREKKING TOT DIE AFRIKAANSE CHRISTEN-STUDENTEVERENIGING AS GODSDIENSOPVOEDINGSMOVEERDER** | 662 |
| 6.1 | Inleiding | 662 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.2 | Realisering van neaniagogies-antropologiese kategorieë deur die Afrikaanse-Christen-Studentevereniging met bepaalde aanbevelings met betrekking tot godsdiensopvoeding in die nuwe Suid-Afrika | 670 |
| 6.2.1 | Evalueringskriteria | 670 |
| 6.2.2 | Word die jeugdige as hulp- en steunsoekende wese raakgesien en ondersteun? | 670 |
| 6.2.3 | Word die jeugdige as ongeslote wese raakgesien? | 675 |
| 6.2.4 | Word die jeugdige as geborgenheidsoekende wese ondersteun? | 684 |
| 6.2.5 | Word die jeugdige as eksplorende wese ontmoet en begelei? | 693 |
| 6.2.6 | Word die jeugdige as gesagvraende en gehoorsamende wese raakgesien en begelei? | 698 |
| 6.2.7 | Word die jeugdige as normatiewe wese raakgesien en begelei? | 705 |
| 6.2.8 | Word die jeugdige as 'n volwassewordende wese begelei tot geestelike volwassenheid? | 709 |
| 6.2.9 | Samevatting | 711 |
| 6.3 | Verwesenliking al dan nie, van opvoedingsessensies deur die Afrikaanse Christen-Studentevereniging | 712 |
| 6.3.1 | Die oopdekking van opvoedingsessensies | 712 |
| 6.3.2 | Kan die Afrikaanse Christen-Studentevereniging hulp verleen met die realisering van die pedagogiese essensies? | 713 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.3.2.1 | Kan die Afrikaanse Christen-Studentevereniging hulp aan die jeugdige verleen met betrekking tot betekening? | 714 |
| 6.3.2.2 | Kan die Afrikaanse Christen-Studentevereniging hulp verleen met die ondersteuning van die jeugdige om tot inspanning oor te gaan en geleidelik weg te breek van spanningloosheid? | 719 |
| 6.3.2.3 | Kan hulp verleen word aan die jeugdige om in ooreenstemming met besondere behoorlikheidseise (norme) te leef? | 723 |
| 6.3.2.4 | Word die jeugdige aangemoedig om te waag op die weg na volwassenheid? | 725 |
| 6.3.2.5 | Word die jeugdige gehelp om dankbaar te wees, veral vir geborgenheid? | 728 |
| 6.3.2.6 | Word die jeugdige gehelp om verantwoordelikheid te aanvaar vir sy aandeel aan verhoudinge? | 730 |
| 6.3.2.7 | Word die jeugdige gehelp om te hoop op die toekoms? | 731 |
| 6.3.2.8 | Word die jeugdige gehelp om sy moontlikhede om volwassenheid te verwerf, te vorm? | 734 |
| 6.3.2.9 | Word die jeugdige gehelp om geleidelik sy bestemming te vervul? | 737 |
| 6.3.2.10 | Word die jeugdige gehelp om eerbied (agting) te hê vir sy eie menswees en die van ander? | 739 |
| 6.3.2.11 | Word die jeugdige gehelp om homself te begryp en te beoordeel? | 741 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.3.2.12 | Word die jeugdige gehelp om vryheid tot verantwoordelikheid te verower? | 743 |
| 6.3.3 | Samevatting | 746 |
| 6.4 | 'n Evaluering van die gerigtheid van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging op die realisering van/gerigtheid op Protestants-Christelike geestelike volwassenheid | 747 |
| 6.4.1 | Protetants-Christelike kriteria vir geestelike volwassenheid | 747 |
| 6.4.2 | Word Goddelike kindskap as voorwaarde vir geestelike volwassenheid gestel? | 748 |
| 6.4.3 | Word die jeugdige aangemoedig om voortdurend aan die verwerkliking van sy heiligmaking te bou (onder die leiding van die Heilige Gees), omdat geestelike volwassenheid nie voltooidheid bereik voor die eindtyd nie? | 748 |
| 6.4.4 | Word die jeugdige aangemoedig om geestelike mondigheid na te streef? | 752 |
| 6.4.5 | Word die jeugdige aangemoedig/begelei om in 'n toenemende mate verantwoordelikheid vir sy dade (ook woorde en gedagtes) te aanvaar? | 753 |
| 6.4.6 | Word die jeugdige aangemoedig om God se handewerk te verower en te verwerk tot 'n vaste, eie woonruimte waar die nie-Christelike vermy word omdat die hoogswaardevolle besit word? | 755 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.4.7 | Word die jeugdige aangemoedig tot selfstandigheid as wyse van volwasse-bestaan? | 756 |
| 6.4.8 | Samevatting | 757 |
| 6.5 | 'n Christelike beoordeling van die werksaamhede van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging | 759 |
| 6.5.1 | Inleiding | 759 |
| 6.5.2 | Die kenmerke van 'n Christen | 760 |
| 6.5.3 | 'n Christelike evaluering van die werksaamhede van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging | 764 |
| 6.5.3.1 | Is die werksaamhede van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging afgestem op diegene wat vanweë hulle geloof, lede van Christus is? | 764 |
| 6.5.3.2 | Is die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se werksaamhede afgestem op diegene wat deel het aan Christus se salwing as Profeet, Hoëpriester en Koning? | 766 |
| 6.5.3.3 | Word die Naam van die Here bely in die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se bedrywighede? | 769 |
| 6.5.3.4 | Is die werksaamhede van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging afgestem op 'n strewe van die lede om hulself as 'n lewende dankoffer aan die Here te wy? | 769 |
| 6.5.3.5 | Is die werksaamhede van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging daarop afgestem om die lede te leer om met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel te kan stry? | 776 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.6 | Word die verhoudingstrukture en die verloopstruktuur deur die Afrikaanse Christen-Studentevereniging gerealiseer? | 777 |
| 6.6.1 | Inleiding | 777 |
| 6.6.2 | Die pedagogiese verhoudingstruktuur | 778 |
| 6.6.2.1 | Begryping | 778 |
| 6.6.2.2 | Vertroue | 782 |
| 6.6.2.3 | Gesag | 786 |
| 6.6.3 | Die pedagogiese verloopstruktuur | 790 |
| 6.6.3.1 | Omgang | 790 |
| 6.6.3.2 | Ontmoeting | 791 |
| 6.6.3.3 | Engagement | 794 |
| 6.6.3.4 | Opneem van bemoeienis-verantwoordelikheid | 795 |
| 6.6.3.5 | Terugkeer na omgang | 797 |
| 6.6.3.6 | Periodieke verlating | 798 |
| 6.6.3.7 | Samevatting | 799 |
| 6.7 | 'n Beligting van enkele bepalende aspekte met betrekking tot godsdienswording by die jeugdige en die bewustheid van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se leiers en personeel van hierdie aspekte | 800 |
| 6.7.1 | Inleiding | 800 |
| 6.7.2 | Die jeugdige is mens-in-totaliteit | 800 |
| 6.7.3 | Die jeugdige kan nie alleen sy moontlikhede verwerklik nie | 801 |
| 6.7.4 | Voorlewing deur die godsdiensmoveerders is van kardinale belang | 803 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.7.5 | Die jeugdige se werklike hunkeringe en sy probleme moet aangespreek word | 806 |
| 6.7.6 | Liggaamlike behoeftes en remminge moet nie gering geskat word nie | 807 |
| 6.7.7 | Die kritiese ingesteldheid van die jeugdige is voorwaarde vir egte godsdiens | 808 |
| 6.7.8 | Skynbare "onegte" belydenisse en bekerings | 811 |
| 6.7.9 | Her-evaluering van eie geloofsoortuigings | 813 |
| 6.7.10 | Daar moet gereken word met emosionele skommelinge | 814 |
| 6.7.11 | Begeleiding met betrekking tot die media se emosionele aanslag, seksualiteit en die ontplooiing van en waardering vir die sedelik-goeie is noodsaaklik | 816 |
| 6.7.12 | Daar moet gewaak word teen emosionele druk en opsweping | 818 |
| 6.7.13 | Die positiewe benutting van konformering | 818 |
| 6.7.14 | Simpatieke, dog ferme gesagsleiding word vereis | 819 |
| 6.7.15 | Begeleiding met betrekking tot langtermyn doelstellings bevorder die jeugdige se toekomsvisie | 821 |
| 6.7.16 | Die skep van geleenthede vir kommunikasie met sowel die godsdiensopvoeder en vir skakeling met die portuurgroep, asook toetsing van eie vermoëns | 823 |
| 6.7.17 | Skep geleenthede vir praktykwording van geloof | 825 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.7.18 | Onnodige gesprekke oor sonde en die oorbeklemtoning daarvan moet vermy word | 826 |
| 6.7.19 | Daar moet rekening gehou word met die jeugdige se godsdiensbelewing en godsdienstige verwagtinge | 827 |
| 6.7.20 | Die gevaar van onkunde en onbegrip aan die kant van die godsdiensopvoeder | 829 |
| 6.8 | Die moontlike bydra van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging tot die hantering van sommige van die probleemareas binne die leefwêreld van die jeugdige | 830 |
| 6.9 | Probleme met betrekking tot die hantering van die kategese (godsdiensopvoeding) in sake Jesus | 843 |
| 6.9.1 | Inleiding | 843 |
| 6.9.2 | Totaliteitsvisies as problematiek | 843 |
| 6.9.3 | Jesus as 'n historiese figuur skep probleme | 844 |
| 6.9.4 | Die moraal van die kerk as struikelblok | 846 |
| 6.9.5 | Die liefdeloosheid van sommige Christene | 848 |
| 6.9.6 | Verouderde taal en simbole met betrekking tot die boodskap omtrent Jesus | 849 |
| 6.9.7 | Die vereiste tot onvoorwaardelike oorgawe lewer probleme | 850 |
| 6.9.8 | Jesus is nie die enigste redder nie | 851 |
| 6.10 | 'n Vergelyking met betrekking tot moontlike ooreenkomste tussen 'n Gereformeerde Belydenis en 'n Pinkster-Belydenis | 853 |
| 6.10.1 | Inleiding | 853 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.10.2 | Die Goddelike inspirasie van die Bybel | 854 |
| 6.10.3 | Die Godheid | 854 |
| 6.10.4 | Christus die Godmens | 855 |
| 6.10.5 | Sonde, die val van die mens en sy verlore toestand van nature | 855 |
| 6.10.6 | Berou of bekering | 856 |
| 6.10.7 | Wedergeboorte of die nuwe skepping | 856 |
| 6.10.8 | Versoening | 857 |
| 6.10.9 | Verlossing | 857 |
| 6.10.10 | Regverdigmaking deur die geloof | 858 |
| 6.10.11 | Heiligmaking en Heiligheid | 859 |
| 6.10.12 | Die inwoning van die Heilige Gees | 859 |
| 6.10.13 | Broodbreking | 860 |
| 6.10.14 | Die Kerk | 861 |
| 6.10.15 | Die straf van die Goddelose | 862 |
| 6.10.16 | Gevolgtrekking | 862 |
| 6.11 | Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging met betrekking tot komplementêre godsdiensopvoeding | 863 |
| 6.11.1 | Inleiding | 863 |
| 6.11.2 | Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging en die Christelike gesin | 864 |
| 6.11.3 | Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging en die Kerk | 867 |
| 6.11.4 | Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging en die skool | 876 |
| 6.11.5 | Samevatting | 881 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.12 | 'n Sinoptiese vergelyking van die aktualiteit van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se jeugbediening met dié van Duffy Robbins, 'n bekende jeugwerker in Amerika | 882 |
| 6.12.1 | 'n Troetelingsbediening | 882 |
| 6.12.2 | Geloofsverbintenisgroepe | 884 |
| 6.12.3 | Gevolgtrekking | 885 |
| 6.13 | Versoening en eenheid in die nuwe Suid-Afrika | 887 |
| 6.13.1 | Inleiding | 887 |
| 6.13.2 | Resente oproepe tot kerkeenheid | 889 |
| 6.13.3 | Die betekenis van hierdie eenheidsoeke vir die Afrikaanse Christen-Studentevereniging | 903 |
| 6.14 | 'n Prospektiewe blik met betrekking tot die Afrikaanse Christen-Studentevereniging en die onderwysbeleid van die toekoms | 904 |
| 6.14.1 | Inleiding | 904 |
| 6.14.2 | Daar heers groot kommer in baie mense se harte | 905 |
| 6.14.2.1 | Gerugte wat die rondte gedoen het in 1991 | 905 |
| 6.14.2.2 | Beriggewing in sake godsdiensopvoeding in skole in 1993 | 907 |
| 6.14.2.3 | Voorstelle en beriggewing in 1994/95 | 909 |
| 6.14.2.4 | Die moontlike herinstelling van kerkskole | 920 |
| 6.14.3 | Eerlikheid word gevra met betrekking tot die verdwyning van Bybelonderrig en Bybelkunde uit die skoolleerplanne | 922 |
| 6.14.4 | Hoe sien die godsdiensbeleid daar uit in enkele ander lande? | 924 |

6.14.4.1 Groot Britanje 924

6.14.4.2 Die Verenigde State van Amerika 924

6.14.4.3 Maleisië 925

6.14.4.4 Noord-Ierland 925

6.14.4.5 Oos-Afrika 925

6.14.4.6 Zambië 926

6.14.4.7 Namibië 926

6.14.4.8 Samevatting 927

6.14.5 Krüger se godsdiensmodelle 928

6.14.6 Keuseaktualisering 929

6.14.7 'n Plekbepaling van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging binne die nuwe onderwysbestel 939

6.15 Afsluitend 943

ADDENDUM 1 945

ADDENDUM 2 954

ADDENDUM 3 957

ADDENDUM 4 962

ADDENDUM 5 963

ADDENDUM 6 965

BIBLIOGRAFIE 967

# HOOFSTUK 1

# ORIëNTERENDE VOORARBEID EN TERREINVERKENNING

## 1.1 INLEIDING: WAAROM HIERDIE STUDIE ONDERNEEM WORD

Die skrywer was drie-en-twintig jaar by die Afrikaanse Christen-Studentevereniging betrokke as onderwyseres en verantwoordelike personeellid en het sestien jaar as voorsitster van 'n tak opgetree. Hierdie betrokkenheid was ook die vervulling van 'n jeugideaal, naamlik om by Christelike aktiwiteite betrokke te wees.

Die skrywer het belydenis van geloof afgelê in die Hervormde Kerk en was die afgelope vier-en-twintig jaar lidmaat van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Ten spyte van die voorgenoemde lidmaatskapverandering kon daar nooit enige wesenlike botsings geïdentifiseer word ten aansien van die doelstellings van die vereniging as sou dit in stryd wees met die geloofsbelydenis van die Hervormde Kerk nie. Soos later in hierdie monografie ook breedvoeriger aangedui sal word, het die Afrikaanse Christen-Studentevereniging sedert 1965 tot en met 1992 onder die toesig van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gestaan (Vide paragraaf 1.5.2.7) en daarom kan aanvaar word dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se belydenis aanvaar en dat dit nie in stryd is met die Nederduitse Gereformeerde Kerk se belydenis nie.

In die tyd wat die skrywer as voorsitster opgetree het, het sy wel deeglik bewus geword van die kritiek ten opsigte van die doelstellings en werkswyse van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging vanuit sowel Hervormde Kerk as die Gereformeerde Kerke se geledere - sonder om ooit werklik te verstaan waarop hierdie kritiek gebaseer word. Dit het telkens voorgekom asof die persone óf nie die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se doelstellings en werksaamhede werklik ken nie óf op grond van Formalisme, Kerkisme of vooroordeel nie die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se werksaamhede ondersteun nie, of selfs aktief teëwerk. Die teenoorgestelde was egter ook waar, naamlik dat ander leraars en lidmate van die twee Kerke die werk óf aktief ondersteun het óf passief aanvaar het.

Gedurende die afgelope paar jaar het die andersheid met betrekking tot aanbidding en getuienislewering van ander Christelike Kerke, byvoorbeeld die sogenaamde Pinkster- en Charismatiese Kerke, duidelik na vore getree.

Op grond van die kursoriese benoeming van moontlike tersaaklike aspekte ontstaan die vraag: In watter mate kan die Afrikaanse Christen-Studentevereniging akkomoderend wees?

Hieruit tree ook 'n besondere vraag na vore wat betrekking het op die mate van moontlike ooreenkomste en geïmpliseerde verskille met betrekking tot die geloofsbelydenis van die drie Afrikaanse Kerke ofte wel die sogenaamde Susterskerke, naamlik die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerke

(die benaming Afrikaanse kerke sal voortaan gebruik word om na hierdie drie kerkgroepe te verwys), asook die ooreenkomste en verskille met ander Christelike Kerke en die implikasie vir die Afrikaanse Christen-Studentevereniging. Die vraag wat ontstaan, is: In watter mate kan die verskille deur hierdie vereniging geakkomodeer word of vermy word?

Op grond van 'n studie van die geskiedenis van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging, asook die ontstaan en ontwikkeling van die onderskeie dogmas as weerspieëling van 'n bepaalde kerk se belydenis, kan voorlopig beweer word dat die voorgenoemde en ander probleme baie meer kompleks is. Die meningsverskille met betrekking tot byvoorbeeld die Ekumeniese vraagstuk het op die voorgrond getree. Hiermee saam het die vraagstuk met betrekking tot redding uit genade of daarteenoor die mens se aandeel in sy bekering tot God, met ander woorde, die opposisie van, onder meer, die Gereformeerde Kerke teenoor die Piëtisme, Armenianisme en Metodisme moontlik ook segswaarde vir die onderhawige tema. Laasgenoemde dogmas laat die klem val op die mens se aandeel in sy bekering en nie primêr op God se vrye genade wat die mens tot geloof roep nie. Die laasgenoemde moontlikheid word deur die Gereformeerde Kerke as werklikheid gehuldig, hoewel daar ook in die geledere van die lidmate van die Gereformeerde Kerke hieroor nie absolute eenstemmigheid is nie.

Die voorgenoemde uiteenlopende sienings ten opsigte van die (soms partikuliere) dogma-interpretasie laat die vraag ontstaan of dit vir die Afrikaanse Christen-Studentevereniging moontlik is om

akkomoderend te wees ten opsigte van die verskille tussen die onderskeie Christelike kerke.

Die moontlikheid, al dan nie, is uiters aktueel vir die Afrikaanse Christen-Studentevereniging, aangesien die Pinksterkerke reeds daarin geslaag het om by die onderwysowerheid toestemming te kry om naas die Afrikaanse Christen-Studentevereniging vir hul lidmate 'n eie vereniging in skole daar te stel, terwyl die Afrikaanse Christen-Studentevereniging tot en met 1990 die enigste Christelike vereniging was wat deur die onderwysowerheid goedgekeur was. Daar was reeds skole waar die Pinksteraksie naas die Afrikaanse Christen-Studentevereniging bestaan het. Die Hoofbestuur van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging het in gesprek getree met die Pinkstergroepe met die doel om eerder een Christelike beweging in die skole te bevorder, maar dan met die voorwaarde dat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging meer akkomoderend sou wees met betrekking tot die Pinkster- en Charismatiese Kerke, byvoorbeeld ten opsigte van die sang, asook ander sake. Die uitkoms van hierdie onderhandelinge word in hoofstuk 5 beskryf (<u>vide</u> paragraaf 5.4.4).

Juis die feit dat daar verskeie oproepe tot ekumeniese skakeling is, asook die maatskaplike klimaat in Suid-Afrika wat op die vooraand staan van ingrypende veranderinge beklemtoon die belang van die onderhawige studie. Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging het reeds besluit dat 'n persoon nie weens ras die reg op die bywoning van kampe geweier mag word nie. "Die Hoofbestuur stel dit as ideaal dat daar nie op grond van die ras

van voornemende kampers besluit sal word wie of wie nie kampe/kampterreine van die ACSV bywoon/besoek nie" (Hoofbestuur 1991).

Die implikasies van so 'n besluit kan bestudeer word in die konteks van die opvoeder-as-begeleier-wees en die opvoedeling-as-begeleide-wees. Die wetenskapper wil in die mate waarin dit moontlik is, vasstel of die Afrikaanse Christen-Studentevereniging ook 'n funksie het om te vervul met betrekking tot die godsdienstige begeleiding van die kind (jeugdige) sodat 'n fundamenteel-agogiese evaluering dienaangaande gemaak kan word. Daar sal in hierdie monografie gelet word op die begeleiding van die jeugdige in die besonder en nie die van die kind in die algemeen nie. **"Jeugdige"** dui in hierdie monografie op die hoërskoolleerling ofte wel sekondêre skoolkind of tiener. Hoewel die skrywer haar tot die jeugdige beperk, sal sy steun op die insigte van ander wetenskappers betreffende die kind, aangesien dit mutatis mutandis op die jeugdige betrekking het. Die begrip jeugdige sal verder sowel die puber as die adolessent insluit, in die mate wat 'n bepaalde hoërskoolkind in 'n mindere of meerdere mate as 'n puber of as 'n adolessent beskryf kan word. In hierdie verband sal die skrywer weer eens op die insigte van wetenskappers steun betreffende sowel die puber as die adolessent. Volgens Aiken (1994 : 7) dui adolessensie op psigologiese wording terwyl puberteit op biologiese groei/ontwikkeling dui.

Om uitvoering te gee aan die voorgenoemde selfopgelegde taak ten aansien van die bekrywing van godsdienstige begeleiding van die

jeugdige sal aspekte soos die wese van die jeugdige, die leefwêreld van die jeugdige, wat godsdienstige begeleiding behels, die rol van die gesin, die kerk en die skool en ook waar 'n vereniging soos die Afrikaanse Christen-Studentevereniging inpas, al dan nie, aan die orde gestel kan word.

Vrae wat ontstaan is byvoorbeeld:
Moet die jeugdige blootgestel word aan ander jeugdiges se geloofsbelewenisse en geloofsinhoud soos deur hul kerke of bewegings geleer óf moet hulle juis daarteen beskerm word, omdat hulle in hul op-weg-wees na volwassewording nou na sekuriteit en standvastigheid vra? Tweedens moet gevra word of hulle gereed is/behoort te wees om hul eie belydenis te formuleer en van harte te kan onderskryf sonder om daaraan te twyfel (vide paragraaf 6.14.6)?

Hierdie vrae sluit aan by die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se archimedespunt, naamlik dat hulle aansluit by die jeugdige se kerklike agtergrond, asook dat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging die bande met die jeugdige se kerk wil verstewig (vide paragraaf 5.2.3). Die vraag wat hom voordoen is: Op welke wyse die Afrikaanse Christen-Studentevereniging by die kerklike agtergrond van byvoorbeeld die Gereformeerde Kerke en ook die Pinkster- en Charismatiese kerke gelyktydig kan aansluit? Daar word in die studie gepoog om na te vors in welke mate dit moontlik is en wat die archimedespunt van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging is/sal/moet wees om daarin te kan slaag om by

die lede vanuit die onderskeie kerke se kerklike agtergrond aan te sluit.

In aansluiting hierby ontstaan die vraag: Is die jeugdige nie in elk geval buite om die Afrikaanse Christen-Studentevereniging aan besprekings en belewenisse van verskille met betrekking tot die onderskeie Christelike kerke blootgestel nie?

In die lig van die bogenoemde kwelvrae sal daar in diepte besin word oor die rol van dogma en tradisie (vide hoofstuk 5) met betrekking tot 'n persoon se geloofslewe, in casu quo sy Christen-wees.

Daar is in die voorafgaande prolegomena telkens verwys na die Afrikaanse Christen-Studentevereniging. Ten einde die aard en wese van dié vereniging in perspektief te plaas, gaan daar by paragraaf 1.5 vertoef word by die herkoms daarvan.

Omdat die skrywer 'n agogiese evaluering van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging wil onderneem, sal daar noodwendig nagegaan moet word of die werksaamhede van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging aan agogiese kriteria voldoen.

Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging bedien die jeugdige en daarom sal kinder-antropolgiese kategorieë meespreek in die evaluering van godsdiensopvoeding, meer bepaald die godsdiensopvoeding deur die Afrikaanse Christen-Studentevereniging.

Noudat die skrywer aangedui het wat die moontlike belang van die

onderhawige studie is, gaan sy vervolgens aandui waaroor die onderhawige studie handel.

## 1.2 ALGEMENE ORIËNTERING

Omdat hierdie studie handel oor die Afrikaanse Christen-Studentevereniging sal dit noodwendig gaan om die Christengelowige, om opvoeding van die jeugdige met die oog op die transendentale, om opvoeding met die oog op die eskatologiese, die eindtyd, die ewige lewe as eindbestemming van die Christengelowige. Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging bedien jeugdiges vanuit verskeie kerke en daarom gaan dit wel om bepaalde verskille, maar veral om die gemeenskaplike, om die ooreenkomste waarop die Afrikaanse Christen-Studentevereniging kan bou om sodoende sinvolle godsdiensopvoeding te realiseer.

Om tot geloof te kom is kennis nodig en daarom is godsdiensopvoeding essensieel, maar meer nog, geloof dui op vertroue: "Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie" (Hebreërs 11:1 - alle Bybelverwysings in die monografie verwys na die 1983-vertaling, behalwe waar anders aangedui). Voorlewing van hierdie vertroue, van hierdie sekerheid, van hierdie oortuiging is van kardinale belang en daarom is die opvoeding, begeleiding en steun van die opvoeder/begeleier (ouer, onderwyser (ook die personeel van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging), kategeet) betrokke by godsdiensopvoeding van besondere belang. Vir die bestek van

hierdie studie sal **opvoeder** al die voorgenoemde persone insluit. Die skrywer wil verder ook daarop wys dat die begrip volwassenheid in die konteks van hierdie monografie nie verwys na diegene wat vanweë, byvoorbeeld chronologiese en/of juridiese kriteria as volwassene geag word nie, maar dat kriteria vir geloofsvolwassenheid van toepassing is op die identifisering van begeleiers. Immers 'n "jeugdige" mag reeds bepaalde godsdienswaarhede al geïnternaliseer het, terwyl sommige "volwassenes" nog nie gekom het tot geloofsvertroue en sekerheid soos beskryf in Hebreërs 11:1 nie (vide ook paragraaf 3.5.4.1).

Uit die voorafgaande beskrywing behoort dit duidelik te blyk dat dit in hierdie studie moontlik gaan om besondere paradigmatiese aannames. Hierdie aannames en hulle verbande moet derhalwe aan die orde gestel word.

### 1.2.1 Paradigmatiese verbande

Vir die Pedagogieker gaan dit om die essensiële, die essensies van opvoeding. Wat hierdie studie betref gaan dit om die essensie: lewensopvatting (ongedefinieerd) wat kenmerkend is van alle opvoeding in die algemeen, maar meer bepaald om die verwesenliking van 'n besondere lewensopvatting: die Christelike lewensopvatting met besondere verwysing na die verwesenliking van die Protestants-Christelike geloof by jeugdiges, in casu quo geloofsvolwasse-wordendes.

Dit gaan in hierdie studie om religiositeit as antropiese

ontisiteit, om religie as potensie, maar meer bepaald om die Protestantse Christen-gelowige se lewensopvatting waarin die essensiële van religiositeit partikulier verwoord, voorgeleef en verwerklik word. Hierdie presisering is ook van besondere belang met die oog op die nuwe onderwysbedeling in Suid-Afrika en die moontlike invloed op Christelike onderwys in die algemeen en godsdiensonderrig/Bybelonderrig/Bybelkunde in die besonder, met inagneming van die verskillende modelle waruit 'n keuse nog gemaak moet word betreffende godsdiensopvoeding in die skole (vide paragraaf 6.14). Sowel godsdiensopvoeding as godsdienswording word, soos reeds aangedui, gerig vanuit 'n bepaalde lewensopvatting.

Die struktuurdenke, as die beskrywing van die essensiële van opvoeding, ook die beskrywing van die essensiële van godsdiensopvoeding, dien as basis vir die evaluering van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging as outentieke godsdiensmoveerder, en omdat die opvoedingsdoel omskryf word en inhoud gegee word, lê hierdie studie ook ingebed in die sisteemdenke, met ander woorde, die partikuliere word betrek. Dit gaan dus nie net om die "wat" nie, maar veral dan om die "hoe".

Wetenskaplike denke is probleemdenke. Daar is egter ook sprake van sisteemdenke: "wat as klaargemaakte en afgeleide waarheid op die "probleem" van toepassing gemaak word." Sisteemdenke het die waarheid, maar nie 'n waarheid wat aan die eise van strenge wetenskaplikheid en wetenskapsbeoefening en veral nie aan die eise van wetenskaplike kritiek voldoen nie. "Probleemdenke soek die waarheid in sy noodwendigheid en algemeengeldigheid; sisteemdenke

het die waarheid, maar dan 'n waarheid in sy partikulierheid" (Roelofse 1978 : 2).

Sodra die terrein van die partikuliere, in hierdie studie dan die terrein van die Protestants-Christelike geloof betree word, gaan dit nie meer om die algemeen-geldige nie. Vir die Christen-gelowige is die uiteindelike doel van opvoeding, naamlik voorbereiding vir die ewige lewe, die eskatologiese, in 'n groot mate onbekend - daar bestaan slegs versluierde openbaringe in die Bybel. Tog is dit steeds belangrik vir die opvoedeling/begeleide, met ander woorde, die jeugdige, omdat die ewige lewe die eindbestemming is waarvoor hy by wyse van godsdiensopvoeding, formeel sowel as informeel, voorberei word. Hoewel religiositeit as ontisiteit by alle mense teenwoordig is, raak die uitlewing en navolging van die Christelike geloof slegs sommige persone. Die transendentale gerigtheid is inhoudelik partikulier bepaald en kan daarom nie onderwerp word aan fundamentalia nie, want die eskatologiese is onbekend en is geleë binne die terrein van die lewensopvatlike.

Daar moet vir 'n wyle vertoef word by enkele opmerkinge met betrekking tot 'n lewensopvatting. Daarna kan 'n oorsig van die Protestantisme gegee word met besondere verwysing na die Calvinisme.

### 1.2.1.1 Lewensopvatting

#### (a) Lewensopvatting as 'n partikuliere aangeleentheid

"Om waarde te heg aan, om 'n bepaalde beskouing oor die mens te hê, om 'n norm by sedelike beoordeling te aanvaar en om 'n beskouing oor die waarheid te huldig, is geen bloot verstandelike aangeleentheid nie. Dit kom voort uit dieper lae in die menslike persoonlikheid naamlik uit die a-rasionele en selfs supra-rasionale dimensies van menslike bestaan. 'n Lewensopvatting is 'n begrypende en geen verklarende aangeleentheid nie, dit is die intuïtiewe vat en aanvoeling of Einfühlung van waardes en waarhede. 'n Lewensopvatting is eerder 'n saak van die hart en nie van die verstand nie, dit is dus 'n geloofsaangeleentheid wat bely en aanvaar word en nooit bewys of verklaar word nie. Die aanvaarding van 'n sentraliserende waarde, die beskouing oor die mens na sy wese, die aanvaarding van bepaalde norme by sedelike beoordeling en die belydenis van die waarheid is sake wat die verstand van die mens te bowe gaan, want uit die hart is al die uitgange van die lewe" (Van Loggerenberg en Jooste 1978 : 18).

Bavinck (1904 : 18) beweer dat opvoeding nie tot 'n neutrale sone hoort nie. Wat hom betref hang dit ten nouste saam met die mens se lewensopvatting en werklikheidsbeskouing. Vir Van Vuuren (1969 : 12-13) moet die kind geleidelik "tuisraak" in 'n bepaalde ordening of lewensopvatting. Langeveld (1952 : 51) stel dit duidelik dat die doel van opvoeding afhang van die waardes wat die mens as

bepalend vir sy lewe beskou. Oberholzer (1954 : 160) sê: "Sê my hoe jy oor die mens dink wat betref sy herkoms, wese en bestemming en ek sal jou sê waaraan jy opperste waarde heg. Andersom: as jou rangorde van waardevoorkeur my bekend is, sal ek jou sê hoe jy oor die mens met betrekking tot sy herkoms, wese en bestemming dink." Wanneer daar gevra word na die sin (diepere betekenis), doel en waarde van die lewe, sal verskillende groepe mense, met ander woorde, verskillende antwoorde gee (Landman 1974 : 89). Die Christen-volwassene sal anders antwoord as die Moslem-volwassene. Die lewensopvatting van 'n mens is die som van die behoorlikheidseise (norme) waaraan hy gehoorsaamheid moet betoon. Wanneer die terrein van die lewensopvatlike betree word, is mens midde in wat as sisteemdenke bekend staan. "Dit is sake van die gemoed, dus van aanvaarding, vertroue en geloof wat nie rasioneel (verstandelik) geskep word nie maar aangeleenthede van belydenis, vertroue en geloof" (Landman 1974 : 92). Oberholzer, soos verwys na deur Landman (1974 : 92), beskryf die lewensopvatting as al die mens se oortuigings aangaande dit wat vir sy lewe sinvol is en wat hom verplig om deur sy wyse van lewe daaraan gehoorsaam te wees. Die mens se werklikheidsbeskouing, waarby ingesluit is sy mensbeskouing, waardeleer en opvoedingsleer (alle aspekte daarvan) word mede-bepaal deur sy lewensopvatting (Landman 1974 : 93-100).

Die groot gebod vir die Christen is dat hy God moet liefhê. Die mens se lewe is 'n antwoord op hierdie gebod of aangesprokenheid deur God (Van Zyl 1968 : 134). Oor die omvang en implikasies van hierdie eis en die essensiële aspekte daarvan op 'n Christelike

lewens- en werklikheidsbeskouing word in paragraaf 1.2.1.1 en 1.2.1.2 verder besin, maar veral in paragraaf 3.4.3.3.

'n Vraag wat deurgaans deur die wetenskapper in die gedagte gehou moet word, is: Hou die onderhawige bespreking verband met die sentrale probleemstelling? In 'n poging om na antwoorde op die vraag te soek, moet die wetenskapper ook in die gedagte hou dat haar ontvouing van die werklikheid aan die eise van wetenskaplike kritiek moet voldoen, wat onder meer insluit dat ongesubstansi-veerde aannames en/of denkspronge onaanvaarbaar is.

Toegepas op die onderhawige studie beteken dit dat 'n Protestants-Christelike opvoedingsleer, waardeur godsdiens-opvoeding mede-bepaal word, net nie bedinkbaar is sonder om ook te vra na die aard en inhoud van 'n lewensopvatting as 'n antropiese ingesteldheid nie. Dit gaan in hierdie studie om 'n beskrywing van godsdiensopvoeding - en 'n mens se beskouing oor godsdiens-opvoeding word bepaal deur sy beskouing oor die lewe. 'n Groep mense se beskouing oor die lewe bepaal ook hulle beskouing oor godsdiensopvoeding. Dwarsdeur die geskiedenis van die opvoeding blyk die verband tussen opvoeding (ook godsdiensopvoeding) en lewensbeskouing baie duidelik (Coetzee 1940 : 5).

Die verskil in die leer en praktyk van die opvoeding van die verskillende denkrigtings, soos aangedui deur Coetzee (1940 : 5) is, volgens hom, duidelik te sien as die God-gerigte opvoeding onder Israel vergelyk word met die mens-gerigte opvoeding onder die klassieke volke: die Grieke en Romeine.

Die opvoeding onder die Jode is gekenmerk deur die godsdienstige verhouding waarin die Jode tot hul God gestaan het. Hierdie mens-God verhouding vorm die grondslag van alle ander verhoudinge. Godsdiens was 'n lewensreeël. Alle woorde, dade en gedagtes is vanuit die godsdiens bepaal. Die jeug is opgevoed tot lede van die volk van God (Coetzee 1940 : 5).

By die Grieke, daarenteen, het dit gegaan om die voltooiing van die persoonlikheid, om die harmonieuse ontwikkeling van die indiwidu tot 'n burger van die staat en die bybring van goedheid, skoonheid en waarheid as deugde. Die opvoeding was, met ander woorde, mens-gerig. Die Romeine se opvoeding het ook die harmonieuse ontwikkeling van die mens ten doel gehad, maar die praktiese vorming van 'n bekwame burger van die staat het voorrang geniet (Coetzee 1940 : 5).

Die Jood het die Griek as 'n gruwel beskou, omdat die Grieke nie in 'n transendente God geglo het nie. Die Grieke het weer almal wat nie soos hulle geglo het en soos hulle opgevoed het nie, as barbare bestempel. Volgens die Romeine was die Christene swakkelinge, omdat liefde nie kan rym met mag en oorwinning nie (Geldenhuys 1972 : 38).

Verskeie opvoedkundiges het die lewensopvattings gegroepeer na aanleiding van óf die wil, verstand en gevoel daarby betrokke is óf volgens die verhouding van die Ek ten opsigte van die Oergrond. 'n Ander moontlike indeling is 'n teïstiese teenoor die humanistiese lewensfilosofieë. Van Zyl <u>et al</u>. (1973 : 126) onder-

skei weer drie hoof-denkrigtings naamlik:

1. die sciëntisties-georiënteerde,
2. die idealisties-georiënteerde en
3. die teïsties-georiënteerde denkrigtings.

Hulle meld verder dat 'n vierde rigting, naamlik die fenomenologies-georiënteerde denkrigting, sedert die begin van die eeu sterk op die voorgrond getree het.

Van Zyl bou voort op wat Coetzee na verwys as die "mens-gerigte" denkrigting.

Die beklemtoning van die natuurwetenskaplike metode is kenmerkend van die sciëntisties-georiënteerde opvoedingstelsels. Die meeste van die praktyke van die sogenaamde progressiewe onderwysbeweging beklemtoon die natuurwetenskaplike metode. Die Naturalisme en die Pragmatisme resorteer onder die sciëntisties-georiënteerde denkrigtings. Die Naturalisme verabsoluteer die natuur. Die hele werklikheid bestaan, volgens die naturaliste, uit materie (stof). Vir die naturalis is genot en die goeie sinoniem. Die mens se lewe word dus beheers deur dit wat aangenaam en nuttig is. By die pragmatis val die klem op menslike ervaring, inspanning, strewe en verwagtinge. Volgens die pragmatis verkeer die heelal en alles daarop in 'n gedurige proses van verandering, ook die gemeenskap. Die mens moet by hierdie veranderde gemeenskap aanpas. Die sedelikheid van 'n daad word bepaal deur wat vir die samelewing aanvaarbaar is, al dan nie (Van Zyl 1968 : 122-126).

'n Idealistiese lewens- en werklikheidsbeskouing huldig die stand-

punt dat die werklikheid, in sy essensie, geestelik van aard is. Alle idealistiese denkers is dit eens dat daar wel 'n transendente mag agter die werklikheid is. Vir die idealis is ontwikkeling 'n doelgerigte proses wat gerig is op volkome identifikasie met die absolute rede (Van Zyl 1968 : 129-130).

Wat die teïstiese betref sou dit verder onderverdeel kon word in Christelike en Nie-Christelike lewensfilosofieë. Wat die Christelike betref moet daar weer onderskei word tussen die Rooms-Katolisisme en die Protestantisme, terwyl laasgenoemde weer vertak in die Anglikaanse, die Grieks-Ortodokse en die Calvinistiese rigtings (Van Loggerenberg en Jooste 1978 : 19-20). Hierdie onderverdeling bestaan as gevolg van die onderliggende verskille in lewensopvatting (Coetzee 1940 : 7).

Om te weet wat met 'n lewensopvatting bedoel word, sal daar nagegaan moet word wat die essensiële kenmerke van 'n lewensopvatting is.

Daar kan gekonstateer word dat 'n lewensopvatting 'n besondere rigtinggewende aangeleentheid is.

(b) 'n Lewensopvatting is 'n besondere aangeleentheid

Verskillende groepe mense gee verskillende antwoorde op die vraag na die sin (diepere betekenis), doel en waarde van die lewe. So sal die antwoorde op hierdie vrae verskil by die Protestantse

Christen teenoor die antwoorde van die Kommunis ten opsigte van dieselfde vrae (Landman 1974 : 89).

Ook die inhoude van begrippe, soos onder meer vertroue, gesag, begryping en ontmoeting verskil van groep tot groep. Die Christen-opvoeder se vertroue is 'n vertroue gegrondves in God wat aan hom kinders toevertrou het om hulle tot Sy eer op te voed. Die eksistensialistiese vertroue, daarenteen, sal grootliks 'n vertroue op eie kraginspanning wees, sonder die hulp van 'n persoonlike God (Landman 1974 : 89). Existere dui in Latyn op "in die lewe tree"; ex + sistere - om buite te staan: die mens eksisteer eers en skep dan vanuit sy gesitueerdheid die idee aangaande homself (Van Rensburg et al. 1985 : 39).

Die volgende essensies van die kenmerk **besondersheid** is raakgesien:

1. Rangorde van voorkeur.
2. Voorkeur-vir-eie.
3. Sentrering.
4. Gehoorsaamheid (Landman et al. 1979 : 120).

Juis vanweë die kenmerk besondersheid is daar sprake van behoorlikheidseise.

### (c) 'n Lewensopvatting stel eise

'n Lewensopvatting vra gehoorsaamheid aan behoorlikheidseise. 'n Christen-opvoeder sal op 'n Christelike wyse opvoedend ingryp. Enige ander ingrype is afkeurenswaardig vir die Christen-opvoeder (Landman 1974 : 90).

'n Lewensopvatting vereis dat 'n mens iets van 'n geleentheid sal maak. 'n Lewensopvatting roep die mens op tot 'n besondere wyse van handeling in alle omstandighede, nie net in spesifieke situasies nie. Die lewenswaardevolle word deur die lewens-opvatting-geïmpliseerde norme gekonfronteer, waaraan die mens gestalte moet gee deur stelling in te neem teenoor alles en almal wat hom omring (Landman 1972 : 106). Van Zyl (1973 : 4) sê dat 'n lewensopvatting besondere behoorlikheidseise aan die mens stel en dat dit hom voortdurend oproep "om in elke konkrete lewensituasie, ofskoon vrywillig kiesend, steeds in ooreenstemming met hierdie lewensopvatting en in gehoorsaamheid daaraan te handel."

Die volgende kenmerke van **eisstelling** is raakgesien:

1. Raaksien-van-behoorlikheidseise.
2. Oproep-tot-handeling.
3. Stellingname.
4. Opneem van verpligting (Landman et al. 1979 : 121).

Elke lewensopvatting se geskiedenis lê ver terug in die verlede.

### (d) 'n Lewensopvatting het 'n geskiedenis

Volgens Van Zyl (1973 : 5) is die lewensopvatting nie natuur-gegewe biologiese erfgoed nie. Dit **word** voortdurend in die menslike handelinge as lotsgebonde gebeure waar die mens "geloofsgenoot, taalgenoot, rasgenoot, volksgenoot, landgenoot, kultuurgenoot en toekomsgenoot" is van hulle wat saam met hom die bepaalde lewensopvatting huldig (Potgieter 1972 : 22).

Die Christelike lewensopvatting is gegrond in die Bybel "as vasstaande geopenbaarde waarheid wat as kanonieke geskrifte afgesluit is" (Van Zyl 1973 : 20). Daar word by paragraaf 1.2.1.2 stilgestaan by die Protestants-Christelike lewensopvatting.

Die volgende essensies van die kenmerk **historisiteit** is raakgesien:

1. Geweesdheid.
2. Sosiaal-kulturele bepaaldheid (Landman et al. 1979 : 122).

Hoewel 'n lewensopvatting 'n geskiedenis het, word dit nie bloot van geslag tot geslag oorgeërf nie, maar by wyse van opvoeding oorgedra.

(e) 'n Lewensopvatting word nie oorgeërf nie

'n Lewensopvatting is geen biologies-erfbare aangeleentheid nie, maar word verwerf deur opsetlike beïnvloeding van ander (Landman 1972 : 107). 'n Lewensopvatting moet verwerf word. Dit word in 'n toenemende mate deur die huis, skool en kerk verwesenlik. Dit beteken "het kleine kind verwerft een tweede natuur doordat die mensen, die zijn leven als hun leven beschouwen" (sy opvoeders), het in hun Umwelt doen leven" (Strasser 1963 : 28) (eie invoeging).

Die volgende essensies van die kenmerk **nie-erfbaarheid** is raakgesien:

1. Verwerwing-van-ander.
2. Antwoord-gee-op-normering (Landman et al. 1979 : 123).

Omdat 'n lewensopvatting verwerf moet word, word dit moeilik bestendig, veral vanweë die dinamiese aard daarvan.

(f) 'n Lewensopvatting word moeilik bestendig

'n Mens werk sy hele lewe aan sy lewensopvatting. 'n Lewensopvatting is in werklikheid nooit voltooid nie. Wanneer volwassenheid "bereik" word, word die lewensopvatting meer konstant en vind wesenlike veranderinge nie meer plaas nie (Landman 1974 : 91-92).

Op die weg van elke mens kom daar lewewekkende en leweaftakelende momente wat die lewensopvatting beïnvloed (Landman et al. 1971 : 108). Hier word gedink aan sake soos bekering, erkenning, geborgenheid, vertwyfeling, wanhoop, teleurstelling en so meer - alles deel van die menslike bestaanswyse (Landman et al. 1971 : 108).

Teleurstellings, wanhoop, vertwyfeling en bekering kan wysigings aan die inhoude en die toepassing daarvan laat plaasvind. Die wesenlike van die lewensopvatting is egter onveranderlik. 'n Christelike lewensopvatting, wat as gevolg van byvoorbeeld kerkloosheid, die Christelike godsdiens as sentrale plek verloor, is nie meer 'n Christelike opvatting nie, want 'n Christelike wyse van bedrywighede en die Christelike realisering van menslike verhoudinge is dan nie meer moontlik nie (Landman 1974 : 91-92).

Volgens Van Zyl (1973 : 5) is 'n lewensopvatting "iets wat steeds

onvoltooid is en lewenslank verwerf moet word binne die lewewekkende en lewe-aftakelende momente in die menslike bestaan, en is "dit nooit 'n statiese grootheid nie".

Die volgende essensies van die kenmerk **bestendiging** is raakgesien:

1. Sinvolle verandering.
2. Werk-aan-duursaamheid (Landman et al. 1979 : 123).

Hoewel 'n lewensopvatting meer konstant word, behou dit altyd 'n element van idealiteit wat verandering/verfyning en onafsluitbaarheid omsluit.

### (g) 'n Lewensopvatting is 'n idieële aangeleentheid

'n Lewensopvatting is nie konkreet sigbaar of hanteerbaar nie. Dit is 'n idee wat die mens noop om steeds 'n behoorliker mens te word. Vir die Christen-kind beteken dit dat "oefening" van besondere menslike bedrywighede en verhoudinge, met die hulp van die Christen-opvoeder, op steeds behoorliker wyse geskied, totdat dit op 'n wyse beoefen word wat 'n Christen-volwassene betaam. 'n Christen-volwassene moet die idee van Christelikheid steeds behoorliker beoefen en deur inspanning dit toereikend aan die kind voorlewe (Landman 1974 : 92).

Landman (1972 : 108) wys daarop dat die idealiteit van die lewensopvatting meebring dat daar van die onafsluitbaarheid van die mens gepraat word, omdat die mens voortdurend onderweg is na die idee van die mens.

Die volgende essensies van die kenmerk idealiteit is raakgesien:

1. Op-weg-wees-na.
2. Onafsluitbaarheid (Landman <u>et al</u>. 1979 : 124).

Dit is uit die voorafgaande duidelik dat 'n lewensopvatting 'n aangeleentheid van beginsels (oortuigings) en geloofswaarhede (sekerhede) is, waarvolgens die mens behoort te lewe.

<u>(h) 'n Lewensopvatting is bo-wetenskaplik</u>

Die beginsels en geloofswaarhede is nie skeppinge van die mens se verstand nie, maar gaan die verstand te bowe (bo-weten-skaplik). Dit is sake van die gemoed. Die Protestants-Christelike beskouing is ook bo-rasioneel van aard (Landman 1974 : 92) (<u>vide</u> ook paragraaf 3.5.4.2 (b) in sake die Christelike lewensopvatting). C.K. Oberholzer (1968 : 402) het 'n lewensopvatting beskou as al 'n mens se oortuigings aangaande dit wat vir die mens se lewe waardevol is en wat die mens verplig om deur sy leefwyse daaraan gehoorsaam te wees. Hy merk tereg op: "Ons opvatting oor die sin van die opvoeding hang saam met ons lewensopvatting. Dit is die neerslag daarvan. Deurgaans moet in die gedagte gehou word dat ons verhouding tot andere deur bitter min wetenskaplikheid gekenmerk word. Hierdie verhoudinge word deur die kragte en magte gedra wat dieper reik en oneindig verder strek as kennis en wetenskap."

'n Lewensopvatting kan nooit die uitkoms van wetenskaplike besinning wees nie. "Dit is slegs aangeleentheid van belydenis, van vertrouens- en geloofswete" (Landman 1972 : 108).

Die volgende essensies van die kenmerk **bo-wetenskaplikheid** is raakgesien:

1. Oortuiging.
2. Sekerheid (Landman <u>et al</u>. 1979 : 124).

Daar word vervolgens 'n historiese perspektief van Protestantisme aangebied.

<u>1.2.1.2 'n Historiese perspektief van Protestantisme</u>

In die Laat Middeleeue (14e en 15e eeu) het daar onder die gelowiges al meer ontevredenheid ontstaan en het steeds meer stemme opgegaan vir 'n radikale hervorming van die Kerk van Rome, sowel in leerstelling as organisasie (Wêreldspektrum 1982 : 201). Daar het toe in die jare 1517-1570 op kerklike gebied bepaalde hervormings ingetree wat uiteindelik as die Hervorming bekend gestaan het (Van Vuuren <u>et al</u>. 1976 : 231). Die algehele ontevredenheid met die Kerk het meegebring dat die denkbeelde van manne soos Luther, Zwingli en Calvyn, die groot Hervormers, gedy het. Hulle optrede het tot gevolg gehad die ontstaan van talle nuwe - Protestantse - kerkgenootskappe. "Die hervormingsgedagte, wat reeds in die 15e eeu in Europa ontstaan het, was daarop gemik om die Kerk van bo tot onder te hervorm en terug te lei na sy oorspronklike funksie as behoeder van die Christelike geloof" (Wêreldspektrum 1982 : 202). Die Hervorming moet, volgens Van Vuuren <u>et al</u>. (1976 : 231-232), "as 'n positiewe beweging gesien word, nl. 'n verandering (of hernuwing) in die geloofslewe, 'n

soeke na sielevrede, na regverdiging en verlossing uit genade deur die geloof."

Die Hervorming het tot 'n eie beskouing van die mens gekom, naamlik van die mens in verhouding tot God. Die Lutherse standpunt verskil ietwat van die Calvinistiese standpunt, maar beide gedagterigtings word gedra deur die opvatting dat die Woord van God, die Bybel, die hoeksteen is en dat 'n persoon maar alleen waarlik vry kan wees as hy vrygemaak is deur Jesus Christus (Wêreldspektrum 1982 : 232-233).

Die Hervorming se aanvang word bepaal as 31 Oktober 1517, die dag toe Luther sy 95 stellings aan die deur van die kerk in Wittenberg vasgespyker het. Luther se sentrale leerlstelling was regverdiging van die mens deur geloof alleen (sola fide). Luther het "geloof in God" sentraal gestel. Volgens hom kan die mens nie sy lot deur goeie dade bepaal nie, maar hang alles van God se genade af. Dit is aan die Hervormers te danke dat die Bybel in die volkstaal vir elke gesin toeganklik geword het (Wêreldspektrum 1982 : 204).

Luther is uiteindelik vervloek, verketter en vervolg, terwyl sy geskrifte verbrand is. Keurvors Frederik het hom beskerm en uit die hande van sy vyande gehou. Die vorste wat met Luther saamgestem het, het 'n verbond gemaak om mekaar te beskerm as een van hulle aangeval word. Toe die Ryksdag weer allerlei verdrukkingsmaatreëls neem, het hierdie vorste **protes** aangeteken - vandaar die naam **PROTESTANTE** (Greyling 1960 : 360).

Die twee vernaamste Hervormers naas Luther, was Zwingli en

Calvyn. Zwingli het nog meer afgewyk van die Kerk van Rome as Luther (Wêreldspektrum 1982 : 204). Zwingli was die leier van die Hervorming in Switserland. Die Hervorming in Frankryk het weer sterk onder die invloed van Calvyn gestaan en het 'n sterk Calvinistiese stempel gedra (Greyling 1960 : 361-362). Calvyn behoort tot die tweede geslag Hervormers. In sy tyd ontstaan daar tussen die Protestante onderling ook verskille. Predestinasie (voorbeskikking) word uiteindelik die belangrikste leerstelling van die Calvinisme (Wêreldspektrum 1982 : 204-205). Protestantisme omvat, onder meer, Calvinisme.

Die Kerkhervorming het bepaalde voordele ingehou. Die skrywer wil slegs enkeles noem wat vir hierdie bepaalde monografie van belang is:

1) Die vertaling en verspreiding van die Bybel.
2) Die formulering van die Belydenisskrifte aan die hand van die Bybel. Die Gereformeerde Kerke het hul Drie Formuliere van Eenheid.
3) Protestantse sending - die liefde van Christus het mense gedring om die Evangelie van Jesus uit te dra (Greyling 1960 : 365-366).

Volgens Van Zyl (1973 : 24-25) strek die Protestants-Christelike lewensopvatting nie net terug tot by die Kerkhervorming nie, maar "loop terugwaarts in die verlede met die kontinuïteitslyn van die geskiedenis deur die Middeleeue en die tyd van die Kerkvaders tot by die Apostels en die tyd waarin Jesus opgetree het ... Maar selfs hier eindig die historisiteit van die Protestant se

lewensopvatting nie, want die realiteit dat God deur Sy Seun en die Apostels gespreek het, is voorafgegaan deur die tyd van die Profete (Hebrieërs 1:1). ... Wat die grondslag van die oud-Israelitiese lewensopvatting is, is langs historiese lyn terug te voer na die skepping van die mens ...".

Dit dan die historiese agtergrond van die Protestantisme waarby die skrywer haar bepaal vir die bestek van hierdie monografie. Noudat daar meer duidelikheid bestaan betreffende 'n lewensopvatting as 'n partikuliere aangeleentheid en wat met 'n Protestants-Christelike lewensopvatting bedoel word, sal die skrywer vervolgens die navorsingsterrein afbaken.

## 1.3 TERREINAFBAKENING (NAVORSINGSDOMEIN)

### 1.3.1 Navorsingsgemeenskap

Daar is reeds in die voorafgaande paragrawe verwys na die Christen-gelowige jeugdige wat kragtens sy religiositeit kan glo en kragtens sy verbondskind-wees "in hierdie leer na (u) vermoë" onderrig en laat onderrig moet word (Formulier om die doop aan die kinders van gelowiges te bedien 1980 : 109-113). Die Verbondskind word, ooreenkomstig die Doopbelofte, onderrig in die goedkeurenswaardige, as die weg in ooreenstemming met God se Gebod (Landman 1974 : 91).

Almal wat in Christus glo, hoort tot die verbondsvolk. Verbondsouers, wat hul kinders laat doop, bring mee dat na hul

kinders verwys word as verbondskinders (Greyling 1960 : 265). Dit is die verbondsouer se plig om sy kind te laat doop. Met die doop belowe hy om sy kind in die vrese van die Here te onderrig en te laat onderrig, aldus die oorsprong van die Doopbelofte (Formulier om die doop aan die kinders van gelowiges te bedien 1980 : 112).

'n Verdere afbakening is die moontlikheid en implikasies van een wees met ander, met ander woorde, die solidariteit wat voortvloei uit, onder meer, die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se doelstellings en wat bepaalde jeugdiges binne die verenigingslewe 'n gevoel van samehorigheid laat beleef, veral omdat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging 'n interne deel van die betrokke jeugdiges se leefwêreld, naamlik die skoolmilieu, uitmaak.

Dit is noodsaaklik dat die archimedespunt(e) wat vir hierdie studie bepalend is, aangedui word. Dit is uit die voorafgaande duidelik dat die religiositeit en die opvoeding wel as 'n algemene vertrekpunt dien, maar die eintlike vertrekpunt in hierdie studie is Christus.

### 1.3.2 Archimedespunt

Die uitgangspunt in hierdie studie is Christus. Christus is hier die fenomeen wat die godsdienswording en godsdiensopvoeding van die Protestantse Christen-gelowige se jeugdige bepaal en rig, want vir die Christen is die genade van God in Christus opgesluit en

kom die mens (jeugdige) tot geloof deur die verlossingswerk van Christus deur Sy dood aan die kruis as 'n realiteit te aanvaar en met die oog gevestig op die ewige lewe, op die eskatologiese.

Vervolgens sal die persone/samelewingsverbande betrokke by godsdiensopvoeding en godsdienswording aangedui word, sowel as die "teikengroep" (die hoërskoolleerling) se godsdienswording bedwarskyk word.

**1.3.3 Sinkroniese en diakroniese oriëntering**

1.3.3.1 Sinkroniese oriëntasie

Op die primêre vlak is dit die huisgesin met die ouer(s) as begeleiers en die jeugdige as begeleide (vide Diagram 1 op pagina 31).

Op die sekondêre of te wel komplementêre vlak is dit die skool of kollege/universiteit met die onderwyser/dosent as begeleier en die leerling/student as begeleide. Ook die kerk word op hierdie vlak geplaas met die pastoor/predikant en kategeet as die begeleiers en die katkisante as die begeleides. Die pastoor/predikant het 'n verdere begeleidingstaak betreffende die volwassenes in die gemeente (vide Diagram 1 op pagina 31).

Op die tersiêre vlak tree die verenigingslewe op die voorgrond. Die onderskeie verenigings kan op verskeie terreine funksioneer, byvoorbeeld sport, kultuur en godsdiens. Die vereniging wat die wetenskapper tot studieterrein neem, naamlik die Afrikaanse

Christen-Studentevereniging, funksioneer op die gebied van die godsdiens (vide Diagram 1 op pagina 31). Die skrywer ag dit nodig om op hierdie stadium daarop te wys dat die deelname aan die aktiwiteite van hierdie vereniging vrywillig is en daarom resorteer dit nie onder die formele en/of juridiese aspek van godsdiensonderrig nie.


Nadat die betrokke opvoedingsmoveerders aangedui is, wil/sal die skrywer die "teikengroep", naamlik die jeugdige, se godsdienswording plaas binne die konteks van sowel die peuter en kleuter en die pre-puber (kleuterskoolkind/laerskoolkind) se godsdienswording, met ander woorde, 'n diakroniese plekbepaling. Die verdere godsdienswording van die jeugdige nadat die hoërskooljare ten einde geloop het en die jeugdige die volwasse lewe betree as vroeg volwassene wat steeds op weg is na meerdere volwassenheid word voorsien by wyse van 'n beskrywing van volwassenheid as opvoedingddoel (vide paragraaf 3.4.2).

Die samelewingsverbande betrokke by die godsdiensopvoeding van die jeugdige word in diagram 1 op pagina 31 visueel voorgestel.

### 1.3.3.2 Diakroniese oriëntasie

Vir die doeleindes van hierdie studie sal die skrywer die hoërskoolleerling tot "teikengroep" neem. Sy gaan egter 'n diakroniese oriëntasie van die peuter en kleuter (voorskoolse) kind, asook die pre-puber aanbied om sodoende die godsdienswording van die jeugdige in perspektief te plaas. Daar

**DIAGRAM 1**




- Primêre Opvoeders
  - **Ouers (Opvoedingsituasie)**
  - **Familie, ens.**
- Sekondêre Opvoeders
  - **Onderwysers (Pedagogiese situasie)**
  - **Predikante (Teologiese situasie)**
  - **Kategete (Teologiese situasie)**
- Tersiêre Opvoeders
  - **ACSV**
  - **Voortrekkers**
  - **Landsdiens**
  - **Sportspanne**

sal verder aangedui word dat die godsdienswording vanuit die partikuliere, vir die bestek van hierdie studie vanuit die Protestants-Christelike bepaal word, aangesien die godsdienstige wording van die Christelike jeugdige moontlik anders verloop as die van 'n jeugdige in 'n Mohammedaanse huisgesin, gemeenskap of kerk. Die algemene doel van opvoeding, ook van godsdiensopvoeding, naamlik volwassenheid, word beskryf en is terselfdertyd die voltooiing van die diakroniese verloop van godsdienswording. Hierdie algemene doel van opvoeding, naamlik volwassenheid, word vir die Christen-gelowige partikulier verwoord vanuit die Bybel, met daarmee saam die eskatologiese verwagting as einddoel/ eindbestemming van die gelowige, van die godsdienswording van die pre-puber, jeugdige, die student (vroeg volwassene) en die hoog volwassene (met ander woorde die lewe na die formele skoolsituasie). Die eskatologiese dien as die finale niveau. Hierdie onderskeie niveaus word nie bloot net chronologies bepaal nie (vide paragraaf 2.4).

Die godsdienswording van die jeugdige vind primêr in die huisgesin plaas en wel, soos reeds aangedui, meestal op 'n informele wyse. In die skool word godsdiensonderrig/Bybelonderrig en Bybelkunde formeel aangebied, terwyl dit op twee wyses in die Kerk hanteer word, naamlik algemeen by wyse van die Erediens waar lidmate (belydende sowel as dooplidmate) bedien word met die heilsboodskap, die Evangelie, en in die besonder in die kategese waar die kategeet die katkisant dogmaties onderrig betreffende die partikuliere leer van die bepaalde kerk (genootskap). Daar word by

wyse van verenigings en/of aksies deur sowel die kerk as die skool op informele wyse 'n bydrae gelewer tot godsdienswording.

Daar word, met ander woorde, die volgende godsdiensopvoedingsmoveerders onderskei, naamlik die ouers in die huisgesin, by wyse van huisgodsdiens en Bybelstudie; die onderwysers spesifiek betrokke by die formele onderrig van godsdiensonderrig en Bybelkunde en dan ook op informele wyse deur die voorlewing deur Christenonderwysers sowel as hulle betrokkenheid by 'n Christelike vereniging soos byvoorbeeld die Afrikaanse Christen-Studentevereniging. In die kerk tree die leraar by wyse van prediking/verkondiging van die heilsboodskap as moveerder op en alle kategete tree in die besonder op as moveerders betreffende die leer en lewe van die Christen-gelowige kinders soos deur die partikuliere leer dogmaties beskryf word.

Uit die voorgenoemde is dit duidelik dat godsdiensopvoeding ook met ander studieterreine raakpunte sal hê, soos vervolgens aangedui gaan word.

### 1.3.4 Raakpunte

Uit die voorafgaande hermeunetiek blyk dit dat hierdie studie van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging sowel die essensies van opvoeding, met ander woorde, die fundamentele, as teologiese insigte, formeel sowel as informeel, omsluit. Omdat dit gaan om 'n "Christelike" vereniging word die lewensopvatlike betrek, te wete die Christelike lewensopvatting en meer bepaald die Protestants-

Christelike. Dit gaan om die godsdienswording van die jeugdige, ofte wel kind, en daarom is die kinderantropologie 'n verdere raakpunt. Ten slotte gaan dit om die doel van opvoeding, meer bepaald die doel van Christelike opvoeding vanuit 'n Protestants-Christelike perspektief, soos in die Bybel verwoord.

Benewens die raakpunte word ook bepaalde grense onderskei.

### 1.3.5 Grense

Die grense wat vanuit die onderwerp aangedui word, is die partikuliere omskrywing van die doel van godsdiensopvoeding en die vasstelling van die rigting waarin begeleiding van die jeugdige se godsdienswording beweeg/gestuur word. Die essensies van opvoeding sowel as die opvoedingsdoel word geïnterpreteer vanuit die Christelik-partikuliere lewensopvatting. Dit gaan, met ander woorde, nie om ander godsdienste soos byvoorbeeld die Mohammedanisme of Islam nie, hoewel sekere inferensies sekerlik ook vanuit die beskrywing van die Christelik-partikuliere gemaak kan word met dan 'n partikuliere inkleding vanuit die bepaalde ander godsdiens.

Dogmaverskille <u>in casu quo</u> kerkverskille spreek mee in die bepaling van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se doelstellings.

### 1.3.6 Eksterne insprake

Omdat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging die lidmate van verskeie denominasies wil bedien met die geloof in Christus as die samebindingsfaktor en uitgangspunt, wil dit akkomoderend funksioneer betreffende dogmaverskille, met ander woorde, ook kerkverskille. Die dogma in die algemeen en die verwoording daarvan in die belydenisse van partikuliere kerke/denominasies spreek mee in die onderhawige studie (vide Hoofstuk 5 en 6).

'n Aspek wat hieruit voortvloei is die vraag aangaande inklusiwiteit versus eksklusiwiteit. Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging het byvoorbeeld vanaf 1965 onder die toesig van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gefunksioneer wat in 'n sekere opsig eksklusiwiteit van lede tot gevolg gehad het en kritiek van sowel die ander twee Afrikaanse kerke as die Pinkster- en Charismatiese Kerke tot gevolg gehad het. Vanaf 1992 is wegbeweeg van die alleen voogdyskap van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en word daar in 1994 'n gewysigde grondwet aanvaar waardeur die besware van sowel die Pinkster- as die Charismatiese Kerke bygelê is, en waardeur die beswaar teen die Afrikaanse Christen-Studentevereniging dat dit in wese 'n jeugvereniging van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is, ook bygelê is en daarom is daar in 'n groter mate sprake van inklusiwiteit as ekslusiwiteit. Sommige persone sou kon beweer dat hierdie inklusiwiteit weer bepaalde probleme inhou.

Nadat die skrywer 'n algemene oriëntering onderneem het en ook die

navorsingsterrein aangedui het, is 'n konseptuele analisering van die begrippe in die betiteling van die monografie van eminente belang sodat die bedoeling van die wetenskaplike hermeneutiek duidelik sal blyk.

## 1.4 KONSEPTUALISERING

Dit gaan in die onderhawige studie om 'n fundamenteel-agogiese evaluering van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging.

Die studie handel, met ander woorde, oor die **Afrikaanse Christen-Studentevereniging.**

Dit is van belang om aan te dui dat 'n vereniging op 'n vrywillige organisasie van 'n aantal persone met 'n bestuur aan die hoof dui (Odendal et al. 1992 : 1241). 'n Vereniging het 'n bepaalde samebindingsfaktor, hetsy sport, kultuur of godsdiens. Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging is 'n godsdienstige vereniging, meer spesifiek 'n Christelik-godsdienstige vereniging met as teikengroep alle leerlinge op skool (veral hoërskool, maar ook op laerskool vir alle standerds sedert 1992 (standerd 5 leerlinge reeds voor 1980)), sowel as studente aan universiteite en kolleges. Verder wil die skrywer daarop wys dat sedert 1965 tot en met 1992 dit eksklusief bedoel was vir Afrikaans-sprekende leerlinge en studente. Vanweë die bepaling van voogdyskap in die grondwet was baie van die lede lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (Vide paragraaf 5.4.1.4).

Volgens Odendal et al. (1992 : 1102) dui die begrip **"student"** op iemand wat studeer, wat hom op studie toelê en daarom dat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging sowel leerlinge in die primêre skool as hoërskool bedien, maar ook studente op kolleges en universiteite.

**"Christen"**, weer, dui op 'n belyer van die leer van Christus - "Christene, Jode en Mohammedane" (Odendal et al. 1992 : 129). Die skrywer wil egter daarop wys dat "Christen" soos in die naam van hierdie bepaalde vereniging aangedui en gebruik word, nie op die Joodse of Mohammedaanse geloof dui nie. Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging is, met ander woorde, ekslusief betreffende watter Christelike leer dit onderskryf, maar aan die ander kant is dit inklusief betreffende wie by die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se werksaamhede en aktiwiteite mag inskakel indien hulle wil/bereid is om die leer wat onderskryf word aan te hoor en die Bybel te bestudeer vanuit die persepsie dat Christus as Verlosser reeds gebore is, gesterf het en opgestaan het om so die oorwinning te behaal (wat verskil van die geloof van die Jode) en verder ook dat Christus meer bepaald God se seun is (nie bloot net 'n profeet nie en daarby nie eens die belangrikste profeet nie, aangesien die Mohammedane glo dat Mohammed die belangrikste profeet is).

Ook die term **"Afrikaans"** moet onderskei word van die moontlike verklarings as "behorende tot Afrika" of "behorende tot Suid-Afrika" sonder 'n verdere omskrywing, omdat "Afrikaans" soos hier gebruik, heenwys na dié deel van die bevolking van Suid-Afrika wat

afstam van onder meer, die Nederlanders, Hugenote en Duitsers vir wie hierdie vereniging vanaf 1965 tot en met 1992 wou bedien en as lede wou betrek. Dit is juis as gevolg van die eklusiwiteit van hierdie komponent van hierdie vereniging se registrasienaam, dat daar in 1994 besluit is om die oorspronklike benaming van voor 1965, naamlik Christen-Studentevereniging, as gebruiksnaam in die Grondwet (1994 : 1) aan te dui/te spesifiseer. Persone wat wel ingesluit word, maar nie deur geboorte Afrikaans is nie, maar tog aangesluit het by die Afrikaners deur Afrikaanse "Blanke" skole te besoek, is wel ingesluit. As gevolg van die eenheidsvisie van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging en die ander dogter-verenigings, mag selfs die registrasienaam, naamlik Afrikaanse Christen-Studentevereniging, in onbruik raak in die nabye toekoms.

Die vraag wat gevra moet word, is: Hoedanig die Afrikaanse Christen-Studentevereniging as vereniging met die skoolprogram skakel? Is dit 'n **buitemuurse aktiwiteit** óf is dit 'n **ko-kurrikulêre aktiwiteit?**

**Kurrikulum** is van Latynse afkoms en het op 'n wedren of 'n renbaan betrekking, met ander woorde, die baan of weg waarop beweeg of gekompeteer word (Burger 1983 : 145).

Toegepas op opvoeding dui dit op die leer- en opvoedingsbaan waarop 'n leerder na sy einddoel beweeg. Hierdie einddoel sou kon wees kennis ter voorbereiding of weerbaarmaking vir 'n produktiewe

maatskaplike lewe en ook vir die indiwiduele leerder self (Coetzee 1983 : 2).

Volgens Hanekom (1983 : 221) bestaan daar 'n groot aantal omskrywings en definisies betreffende 'n kurrikulum. Volgens Coetzee (1983 : 3) kan 'n kurrikulum omskryf word as "'n sisteem van middele wat benut word om die doeltreffendste opvoedings- en onderrigmilieu binne 'n skool (organisasie/vereniging) te verseker sodat die kind/jeugdige tot volwassenheid en bruikbare burgerskap gelei kan word. Hierdie sisteem van middele omvat alle vlakke of aspekte van die skool- (organisasie/vereniging)sisteem en is geselekteer, stelselmatig en georden in ooreenstemming met 'n allesomvattende opvoedkundige doelstelling en spesifieke doelwitte. Voorts is dit voortdurend aan evaluering onderworpe om die doeltreffendheid daarvan te bepaal" (eie invoeging).

Vir Byrne (1979 . 157) is Christus die middelpunt van die kurrikulum: "A Christian curriculum centres in Christ. All subject matter will be recognized as a revelation of the truth. All activities will be motivated by His life, will and Spirit." Hierdie bepaling van Byrne is van besondere belang met betrekking tot die Afrikaanse Christen-Studentevereniging, aangesien Jesus Christus die archimedespunt is van hierdie vereniging. Hierdie definisie sou kon dien as 'n evalueringsmiddel van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging (vide paragrawe 6.4.2 en 6.5.2).

Volgens Odendal et al. (1992 : 122) is 'n **buitemuurse (buite-kurrikulêre) aktiwiteit** 'n bedrywigheid wat nie by die gewone

lesrooster van 'n skool ingesluit is nie, terwyl 'n **ko-kurrikulêre aktiwiteit**, volgens Odendal et al. (1992 : 585,627), op 'n aktiwiteit sou dui wat deel is van die kurrikulum, aangesien "ko" afkomstig is van die Latynse "co" wat dui op "saam" en 'n kurrikulum (curriculum) weer dui op 'n leergang of studiekursus, dus: 'n geformaliseerde aangeleentheid. Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging word nie in die (voormalige) Transvaal, of te wel PWV-streek (Pretoria/Witwatersrand/Vereniging-streek) (tans die Gauteng-streek) by die gewone lesrooster van enige skool ingesluit nie en is, met ander woorde, in die lig van hierdie omskrywing nie 'n ko-kurrikulêre aktiwiteit nie, maar wel 'n buitemuurse aktiwiteit.

Die skrywer wil egter daarop wys dat die grondwet van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging wel na die Afrikaanse Christen-Studentevereniging verwys as 'n ko-kurrikulêre aktiwiteit, omdat dit in sekere (eertydse) provinsies wel op die skoolrooster as aktiwiteit aangedui is en verder ook omdat die Bybelstudiegids wat deur die Afrikaanse Christen-Studentevereniging gebruik word, 'n bepaalde program/kurrikulum aandui wat deur al die takke gebruik behoort te word. Vir die bestek van hierdie studie het die skrywer besluit om haar te bepaal tot die funksionering van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging in die Pretoria/Witwatersrand/Vereniging gebied (wat in die eertydse Transvaal geleë is en waar sy skool gehou het) en daarom kies sy die benaming buite-kurrikulêr wanneer sy na die werksaamhede van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging verwys.

In die lig van Coetzee se definisie is sowel die einddoel as naderliggende doelwitte van belang by 'n kurrikulum. Hy dui "rype volwasseheid" aan as einddoel met die volle omvang van hierdie begrip inbegrepe daarby. Naderliggende doelstellings sou bepaal kon word op die verskillende niveaus. Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se einddoel is die voorbereiding van die jeugdige vir die lewe na die dood, met geestelike volwassenheid en eer van God as komponente daarvan. Naderliggende doelstellings word ook bepaal vanuit die bepaalde geestelike wordingsniveau. Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging beskik oor bepaalde middele (Bybelstudiegidse, kampprogramme, leiersmateriaal, ensomeer). Die doeltreffendheid van die vereniging word ge-evalueer deur die betrokkenheid van die jeugdiges enersyds en andersyds deur formele ondersoeke met betrekking tot bepaalde geïdentifiseerde aspekte (vide paragraaf 4.2.9).

Dit is verder nodig om "fundamenteel" en "agogies" en "evalueer" nader te omskryf, aangesien dit die werkwyse van die skrywer grootliks gaan bepaal.

Volgens Odendal et al. (1992 : 234) dui **fundamenteel** op dit wat as grondslag, as basis dien; dit dui op die essensiële, dit wat van die grootste belang is, essensieel is.

Die woord "fundamenteel" is afkomstig van die Latynse woord fundamentum wat beteken grond, basis, grondslag; "fundare" dui op die voorsiening van 'n basis of grond(slag): dit dui, met ander woorde, op 'n "begronde of gefundeerde saak; die deurdink na die

grondliggende, die essensiële, die perenniale (gelykblywende) as die altyd terugkerende, blywende van die pedagogiese; in die Pedagogiek die deurtastende soeke na die fundamentele aspekte van opvoeding deur na die essensiële (essensies) daarvan te delf en so die wese (die gelykblywende fondament) van opvoeding aan die lig te bring" (Van Rensburg et al. 1985 : 57).

Die studie word onderneem in die **Filosofie van die Opvoeding** (Fundamentele Pedagogiek, Prinsipiële Pedagogiek, Teoretiese Pedagogiek). Die Filosofie van die opvoeding of Fundamentele Pedagogiek is 'n funderingspedagogiek, want dit het as besondere taak die fundering of begronding van die Pedagogiek in die universele lewenswerklikheid (dit gaan, met ander woorde, om die essensiële, dit wat as die grondslag dien - vide Odendal se verklaring van fundamenteel op pagina 41). Verder word daar 'n fundamentele analise van die opvoedingsverskynsel as pedagogiese fenomeen onderneem. Besondere temas is, onder meer, die volgende: die opvoedingsverhouding; die opvoedingsituasie; wetenskaplike onderskeiding; beskrywing en uitleg; metodologiese/wetenskaps-teoretiese besinning betreffende die pedagogiese en die Pedagogiek (Van Rensburg et al. 1985 : 59). Die skrywer gaan, onder meer, die opvoedingsverloop van die opvoedingsverhouding beskryf, asook die essensies van opvoeding (pedagogiese essensies) en ook die betrokkenes by die opvoedingsituasie wanneer 'n omskrywing van godsdiensopvoeding onderneem word.

**"Agogiese"** is die byvoeglike naamwoordvorm van "Agogiek". Die wetenskappe van *die agogiese* is die Agogiek of die Agogie. Dit

handel oor die ageinbelewing. "Agein" beteken om te lei, om saam te gaan. Daar word verskeie wetenskappe onderskei betreffende die ageinbelewenisse op die onderskeie niveaus (vlakke, modi) van menswees naamlik: Pedagogiek (die studie van die begeleidingshulp aan nie-volwassenes (kinders)), Neaniagogiek (studie van die begeleidingshulp aan jongmense), Efebagogiek (die studie van die begeleidingshulp aan studente wat hoër of tersiêre onderwys ontvang), Andragogiek (die studie van hulp aan volwassenes) en Gerontagogiek (studie van die steun aan bejaardes) (Van Rensburg et al. 1985 : 6,68).

In hierdie studie gaan dit, met ander woorde, om 'n studie van die begeleidingshulp aan jongmense (jeugdiges): Neaniagogiek, met aansluiting by die Pedagogiek as die studie van die begeleidingshulp aan kinders en die Efabagogiek as die studie van die begeleidingshulp aan studente (vide paragraaf 1.1 vir 'n aanduiding van wie in hierdie studie as jeugdige (jongmens) beskou word).

Die Grieks vir "om te lei" is agein en vir leier is agogos. Daar word by die voorlopige probleemformulering na die ageinnood van die jeugdige verwys waar dit gaan om die nood van die jeugdige aan leiding deur 'n agogos: 'n leier, 'n begeleier (opvoeder) (Van Rensburg et al. 1985 : 133) (eie invoeging).

**"Evalueer"** dui op waardebepaling, waardering, taksering (Odendal et al. 1992 : 211). In hierdie studie gaan dit om 'n pedagogiese evaluering van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging as

opvoedingsmoveerder tesame met ander opvoedingsmoveerders betrokke by godsdiensopvoeding.

In Frans beteken évaluer "om waarde te bepaal". Die Latynse ex wat uit beteken, gekoppel met valoir, beteken om waarde te besit en die Latynse valere beteken om sterk te wees. In die Pedagogiek (ook in die Neaniagogiek) word evalueringskategorieë aangewend om vanuit hierdie kategorieë na die waarde (outentiekheid) van die pedagogiese handelinge te kyk (Van Rensburg et al. 1985 : 45-46). Die skrywer sal ook bepaalde pedagogiese kategorieë aandui en dan as pedagogiese kriteria (evalueringsmedia/vrae) aanwend om 'n partikuliere opvoedingshandeling, te wete godsdiensopvoeding/onderrig deur die Afrikaanse Christen-Studentevereniging, te evalueer.

Die skrywer wil op hierdie stadium daarop wys dat sommige skrywers in stede van die begrip godsdiensopvoeding die begrip geloofsonderrig gebruik. Vir die bestek van hierdie monografie sal hierdie begrippe as sinonieme hanteer word, hoewel daar 'n fyner onderskeiding deur sommige wetenskaplikes gemaak sou kon word.

Ter wille van 'n verdere oriëntering ten aansien van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging, is dit nodig dat daar vir 'n wyle vertoef word by 'n historiese perspektief op die Afrikaanse Christen-Studentevereniging as vereniging.

## 1.5 DIE AFRIKAANSE CHRISTEN-STUDENTEVERENIGING VANUIT 'N HISTORIESE PERSPEKTIEF

Voordat die skrywer die herkoms van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging beskryf, wil sy daarop wys dat Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika vanuit *Die Christen-Studentevereniging van Suid Afrika* ontstaan het. Laasgenoemde vereniging staan aanvanklik bekend as die *Christelijke Studenten Vereeniging*. Teen 1917 staan dit bekend as *De Christen Studenten Vereniging van Zuid-Afrika* of as *The Students' Christian Association of South Africa*". In 1924 word die naam *Christen Studente Vereniging van Suid-Afrika* of *Students' Christian Association of South Africa* gebruik. Teen 1946 staan dit bekend as *Die Christen-Studentevereniging van Suid Afrika* of *The Students' Christian Association of South Africa* wat een en dieselfde vereniging aandui. In 1965 verdeel *Die Christen-Studentevereniging van Suid Afrika* in vier afsonderlike organisasies/verenigings (vide paragraaf 1.5.2.6). Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika was een van hulle. Daar sal ter wille van eenvormigheid twee benaminge gebruik word, naamlik Christen-Studentevereniging wat sal dui op die bestaan van die vereniging tot en met 1965 en Afrikaanse Christen-Studentevereniging wat sal verwys na die Afrikaanse vertakking van die Christen-Studentevereniging vanaf 1965. Daar het egter weer 'n verandering ingetree in 1994 met betrekking tot die Afrikaanse Christen-Studentevereniging - dit is nie 'n naamverandering in die ware sin van die woord nie, aangesien die naam nie amptelik verander is

nie, maar die gebruiksnaam is *Christen-Studentevereniging* met die doel om akkomoderend te wees betreffende die veranderinge wat in Suid-Afrika in 1994 ingetree het (vide paragraaf 5.2.1). Vanaf die ontstaan van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging in 1965 sal die skrywer hou by die benaming Afrikaanse Christen-Studentevereniging. Wanneer die nuwe bestuurstruktuur en bestuurstyl bespreek word, sal die nuwe gebruiksnaam, naamlik, *Christen-Studentevereniging*, wel by geleentheid aangedui word.

### 1.5.1 'n Breë perspektief

Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging in sy huidige gedaante het ontwikkel vanuit die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika. Die Christen Studente-vereniging van Suid-Afrika se stigting het weer saamgeval met 'n kragtige godsdienstige herlewing in verskeie lande van die wêreld (veral Noord-Amerika). Daar is veral aandag gegee aan die geestelik-godsdienstige bearbeiding van die studerende jeug. Die gevestigde kerke van destyds het min of geen aandag aan die studerende jeug gegee nie. Verskeie Christen-Studenteverenigings het as gevolg van hierdie oplewing aan kolleges en universiteite in Noord-Amerika, Engeland en op die vasteland van Europa ontstaan (NG Kerk 1966 : 152). Daar is ook in Suid-Afrika 'n soortgelyke behoefte gevoel, veral as gevolg van die deurwerking van 'n wonderlike herlewing in Suid-Afrika gedurende 1860 - 1862, en ook weer in die tagtigerjare (Afr. CSV ongedateer (a) : 1).

Sowel die Studente-Vrywilligersbeweging as die Wêreld-Federasie van Christen-Studente, wat onderskeidelik in Amerika en Swede ontstaan het, het bygedra tot die ontstaan van die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika. Daar sal vervolgens kortliks stilgestaan word by die Studente-Vrywilliger-Beweging.

1.5.1.1 Studente-Vrywilliger-Beweging

Die bydrae van die Studente Vrywilliger-Beweging tot die ontstaan van die Christen-Studentevereniging mag nie onderskat word nie. Dit is in 1890, ses jaar voor die ontstaan van die Christen-Studentevereniging in Suid-Afrika, gestig. Tans maak dit deel uit van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se sendingafdeling (vide Addendum 1 en paragraaf 6.3.2.8).

Dit het die studente bewus gemaak van die belangrikheid van 'n verenigingslewe - die feit dat jy as student, al is jy geografies tot 'n mate beperk wat omgang met studente van ander lande betref, tog op die gebied van sending op internasionale vlak kan saampraat (Greyling 1982 : 28) (vide paragraaf 3.2.4 in sake die waarde van 'n vereniging al dan nie in die huidige tydsgewrig).

Hierdie vereniging het ontstaan as gevolg van die geestelike oplewing onder Christen-studente dwarsoor die wêreld tydens die laaste kwart van die vorige eeu. Dit het ontstaan na aanleiding van die eerste internasionale konferensie van Christen-studente wat in 1886 in die staat Massachusettes, onder leiding van D.L. Moody en Robert P. Wilder gehou is. Die konferensie is gereël om

die behoefte aan sendelinge vir die buiteland te bespreek (Die Redakteur 1942 : 23). Hierdie vereniging het ten doel gehad die uitbreiding van God se koninkryk onder die heidene (Hoofdbestuur ongedateer : 1).

Na 'n tydperk van ernstige en volhardende gebed het 'n honderd persone besluit dat as dit God se wil is, hulle as sendelinge onder die heidene sou gaan werk (De Villiers 1946 : 34).

John R. Mott was een van die honderd. Hy was ook die voorsitter van die Studente-Vrywilliger-Beweging van Noord-Amerika wat in 1888 by geleentheid van 'n studentekonferensie te Northfield formeel georganiseer is (De Villiers 1946 : 34). Hulle leuse was "Die evangelisasie van die Wêreld in hierdie geslag". Hierdie leuse het tiperend geword van hierdie vereniging dwarsoor die wêreld. Dit het beteken " ... the giving to all men an adequate opportunity of knowing Jesus Christ as their Saviour and of becoming His real disciples" (Mott 1900 : 4).

Die invloed van die beweging het as gevolg van die deputasiereise van Wilder en Mott tot in Skandinawië, Duitsland en ander Europese lande, sowel as Indië, Sjina, Australië en Nieu-Seeland gestrek (De Villiers 1946 : 34).

Die invloed van die beweging het vier jaar na sy ontstaan na Suid-Afrika deurgedring, ten spyte daarvan dat dit slegs deur godsdienstige geskrifte uit Amerika alhier bekend was. Dit het ontstaan onder leiding van Mej. A.P. Ferguson, prinsipale van die Hugenote Seminarie (Universiteitskollege) te Wellington. Daar het

kort hierna nog sulke bewegings ontstaan te Stellenbosch, een in die Sending-Instituut (onder leiding van eerwaarde Ferguson) en nog een op Lovedale (Greyling 1982 : 90).

In 1893 het die vier groepe 'n Unie gevorm, met eerwaarde G. Ferguson as eerste voorsitter (Venter 1936 : 55).

Die doelstellings van die beweging was om 'n lewende en aktiewe belangstelling vir die sending by alle Christen-studente aan te wakker en hulle aan te moedig om sendingmoontlikhede te ondersoek, daarvoor te bid en finansieel daarvoor by te dra en in hul onmiddellike omgewing behulpsaam te wees met praktiese sendingwerk, ..." (De Villiers 1946 : 34).

Die reisende sekretaris, Mnr Hunter (aangestel in 1893) het hom ywerig aan die werk gewy en die saak van die sending-entoesiaste tydens sy reise in die (eertydse) Oranje Vrystaat, Lesotho (voorheen Basoetoland) en ander dele van die land, wyd gepropageer (Venter 1936 : 53). Hierdie ywer vir die sending het later sy neerslag by die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika gevind in die werksaamhede van die sendingkomitees (vide Addendum 1).

Noudat daar kortliks gelet is op die bydrae van die Studente-Vrywilliger-Beweging tot die ontstaan van die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika, sal daar vervolgens stilgestaan word by die bydrae van *The World-Federation of Christian-Students* (*Die Wêreld-Federasie van Christen-Studenteverenigings*).

## 1.5.1.2 Die Wêreld-Federasie van Christen-Studenteverenigings

In 1895 is hierdie Federasie onder die bekwame leiding van John R. Mott en die *Studente-Vrywilliger-Beweging* as inspirasie, gestig tydens 'n konferensie van Christen-studente, almal lede van die *Studente-Vrywilliger-Beweging*. Die konferensie is in 'n ou Middeleeuse kasteel in Vadstena, Swede gehou. Daar was afgevaardigdes vanuit Noorweë, Swede, Noord-Amerika, Duitsland en Brittanje, wat elk 'n eie vereniging verteenwoordig het. Hierdie studente het die ideaal gekoester dat Christus die sentrale plek moet inneem in die studente-wêreld en dat daar samewerking tussen studente van verskillende lande moet wees. Hulle wou graag sien dat daar 'n Christen-Studentevereniging in elke land bestaan. Die doel van hierdie samekoms was om die bestaande verenigings nouer aan mekaar te verbind deur 'n wêreldfederasie waarby almal affilieer. Hoewel slegs vyf lande teenwoordig was, het die konferensiegangers die hele wêreld as arbeidsterrein beskou (Greyling 1982 : 20-21). Voordat die vyf verenigings, naamlik die *American Intercollegiate Young Men's Christian Association*, die *British College Christian Union*, die *German Christian Students' Alliance*, die *Scandinavian University Christian Movement* en die *Student Christian Movement in Mission Lands* verteenwoordigers gestuur het, het hulle reeds besluit dat dit voordelig sou wees vir Christenstudente van universiteite en kolleges om te assosieer om sodoende ander studente te bereik en uit te stuur in die wêreld om God se koninkryk te help uitbrei. Daar is ook reeds besluit dat dit baie goed sou wees as die verskillende

Christenverenigings van verskillende lande saamspan om mekaar te ondersteun en 'n groter invloed te hê op die nasionale lewe van die onderskeie lande (Mott 1947b : 15-17). Na ernstige gebed is *The World's Student Christian Federation* (Mott 1947b : 14) gestig - dit sal in hierdie monografie na verwys word as die *Wêreld-Federasie van Christen-Studenteverenigings* in navolging van Conradie (1937 : 9). Die volgende aanhaling gee 'n duidelike aanduiding van die omvangrykheid van die *Wêreld-Federasie van Christen-Studente-Verenigings* se invloed: "Through its name and world-wide field, as well as through its missionary objective and activities it serves as a constant reminder to the students of all lands of the world relations of Christianity. ... the Federation has helped to hold in prominence in the thought of the students of our generation their responsibility to make the reign of Christ co-extensive with the inhabited world. ... In binding together the Christian students of all lands and races, and in concentrating their attention and activities on bringing the power of the universities and colleges to bear upon the problem of the evangelization and Christianization of the whole world, the Federation is rendering a service to Christian missions which is of utmost importance. Leaders of the church speak of it as one of the most remarkable facts of modern times" (Mott 1939 : 10-11).

Dit is opvallend dat daar eers in 1895 'n effektiewe samewerking onder die studente van verskillende lande ontstaan het. Mott (1947a : 4) verduidelik die moontlike vertraging: "Not only until there had been developed in a number of countries not only strong

local student societies, but also effective national Christian student movements, not until the leaders of these movements had become acquainted with one another and had learned to appreciate the importance of international action, and not until a number of kindred spirits in different parts of the world, drawn together by Christ and His all-embracing purpose - not until all these conditions had been fulfilled, was it possible to establish a world-wide organisation of Christian students" (Conradie 1937 : 10). En dit gebeur toe in 1895. "Then for the first time had the student movements of Europe, America and Asia reached such a stage of development and come into such a relation to one another that it was possible to form a comprehensive, practical and harmonious Federation." Dit was die eerste studentekonvensie waarby daar afgevaardigdes teenwoordig was vanuit al die groot Protestantse magte ("Protestant powers") (Mott 1947a : 3-4).

Die doelstellings van die Federasie kan soos volg opgesom word:

* om die verskillende Christelike studenteverenigings in die wêreld te verenig, en om 'n goeie verstandhouding tussen hulle te bewerkstellig;
* om kennis in te win oor die godsdienstige toestand van die studente van alle lande en dit te versprei;
* om die volgende werksaamhede te bevorder, naamlik: Studente te lei om dissipels te word van Jesus Christus, die Een en Enigste Saligmaker; 'n dieper geestelike lewe onder studente aan te moedig en om hulle aan te moedig om deel te hê aan die uitbreiding van God's koninkryk hier op aarde, in hulle eie

land en oor die hele wêreld; om die studente te begelei tot begrip en simpatie vir mekaar omdat Christelike beginsels alle verhoudinge behoort te rig (Mott 1947b : 14; Mc Gregor 1906 : 40).

In die daaropvolgende jare het die eerste Algemene Sekretaris, John R. Mott, studente-groepe in 22 lande besoek (Greyling 1982 : 21).

Daar was reeds in 1897 nasionale Christen Studenteverenigings in lande soos Sjina, Japan, Indië, Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika (What is the WSCF? ongedateer : 2).

Dit was nodig om eers 'n eie Christen-Studentevereniging te hê, alvorens 'n land as lid kon affilieer (Greyling 1982 : 22).

Volgens Saunders (1954 : 1-2) val die geskiedenis van die Federasie in drie tydperke uiteen. Hy baseer sy afleiding op die inhoud van 'n toespraak van die sekretaris van die Wêreld-Federasie van Christen-Studenteverenigings op 6 Maart 1954 te Johannesburg:

i) **Die tydperk vanaf die stigting tot die Eerste Wêreldoorlog**

Dit kan as die sendingtydperk van die Federasie beskou word. Lande soos Indië, Sjina en Japan is met die Evangelie bereik.

ii) **Die tydperk tussen die twee wêreldoorloë**

In hierdie tydperk het die klem geval op verdieping van die geestelike lewe eerder as uitbreiding.

iii) **Die huidige tydperk**

Die Federasie se landkaart ondergaan 'n groot verandering: die

Kommunistiese en Fascistiese lande raak verlore en word vervang deur Christelike bewegings in die Oosterse lande en verskeie state in Suid-Amerika (Hierdie inligting strek tot en met 1954).

Volgens Mott (1947b : 484-489) was Suid-Afrika een van die mees ingewikkelde en interessante areas wat hy besoek het. Dit was as gevolg van verskeie redes - een was die afwesigheid van eenheid onder die Hollandse en Britse Christene. Een van die hoofredes waarom hy na Suid-Afrika gekom het, was om die Britse studente te betrek by die Christen-Studentevereniging. Hy het ook met swart studente kontak gemaak en sê "... so will the vision of these hundreds of dusky faces of Zulus ... Basutos ... and other African tribes, never be forgotten."

Die uitreiking na studente van alle nasies vanaf die vroegste tye blyk uit die voorafgaande paragraaf en is van belang betreffende die geskiedenis van die Christen-Studentevereniging (vide paragraaf 1.5.2.1) en die Afrikaanse Christen-Studentevereniging wat daaruit ontstaan het (vide paragraaf 1.5.2.7), sowel as die nuwe verwikkelinge binne die Afrikaanse Christen-studentevereniging (vide paragraaf 4.2.7).

Noudat daar kortliks stilgestaan is by die twee verenigings wat bygedra het tot die ontstaan van die *Christelijke Studenten Vereeniging* (*Christen-Studentevereniging in Suid-Afrika* soos dit later genoem is), sal daar in besonderhede gelet word op die stigting en voortgang van hierdie organisasie.

## 1.5.2 Die Christen-Studentevereniging in Suid-Afrika

### 1.5.2.1 Die stigting van die Christen-Studentevereniging

Mej. A.P. Ferguson het in 1884 'n konferensie van die Christen-Studentebeweging in die Verenigde State van Amerika (V.S.A.) te Northfield bygewoon en is getref deur die wyse waarop die studente hulself georganiseer het en sukses behaal het in verskeie lande. Dit was vir haar 'n belewenis om 500 jongmanne uit 109 verskillende kolleges saam om die Bybel te sien vergader. Hulle het waarlik hul geloof uitgeleef by die kolleges waar hulle gestudeer het. "In Colleges where there was no Christian influence behind them, a little band of students was creating a Christian atmosphere and changing the tone of the University. There was a wonderful moral force in the unity of interest for Christ, binding the different colleges together, and this interest was becoming world-wide" (Ferguson 1917 : 4) (vide ook Andrew 1967 : 103).

Van Mnr L.D. Wishard, organiserende sekretaris van die wordende WFCS (*World-Federation of Christian-Students*) verneem Mej. Ferguson van Christelike verenigings in Europa, Brittanje, Persië, Indië, Sjina en Japan. Sy kom onder die indruk van die wêreldwye belangstelling om die nasionale Christen-Studenteverenigings van die wêreld tot 'n federale eenheid te verenig, met wêreld-evangelisasie as doel. Mej. Ferguson nooi vir Wishard na Suid-

Afrika. As gevolg van gesondheidsprobleme kon hy eers in 1896 kom (Gerdener 1936 : 9).

Mej. Ferguson het die belangstelling van ander Christenleiers, by name Dr A. Murray, Prof. N.J. Hofmeyer, J.I. Marais, C.F.J. Muller en ds. J.H. Neethling, gaande gemaak (Gerdener 1936 : 19; Andrew 1967 : 103).

Sy het kennis gedra van die Christen-Studentevereniging se werksaamhede in Amerika en het geglo dat die bestaan van so 'n allesomvattende vereniging die ideale oplossing in Suid-Afrika sou bied betreffende geestelike werk onder skoliere en studente (Marais 1917 : 7).

Wishard het beplan om die studente van Stellenbosch, Kaapstad, Paarl, Worcester, Bloemfontein, Johannesburg en Natal te besoek en te motiveer om afgevaardigdes te stuur na die konferensie van 24 - 29 Julie 1896. Die Kaapse Kolonie, asook die Oranje Vrystaat en Transvaal was verteenwoordig by die konferensie (Ferguson 1917 : 4).

Die doel van die vereniging is kernagtig uitgedruk in haar leuse van daardie tyd: "Maak Jesus Koning" (Vandag is die leuse "Jesus is Koning"). Die Hoofbestuur beskryf die doel van die vereniging in die *Handleiding voor de Christelijke Studenten Vereeniging van Zuid-Afrika* (ongedateer : 2) soos volg: "Is Hij Koning in de school dan is Hij de Koning van de toekomstige voormannen wat hun beroep ook moge wezen. En is Hij de Koning van den jongeling en van de jonge dochter dan is de toekomst Hem gewaarborgd. Kan er

een zekerder middel wezen om "Uw Koningrijk kome" waar te maken dan de jeugd terwijl zij nog op school zijn voor Hem te winnen? Dat is het groote doel van de C.S.V. Zij beperkt zich tot Scholieren en College Studenten. Zoals een touw uit drie vlechtsels bestaat en juist daarom sterk is, zoo is ook de invloed van deze Vereeniging toeteschrijven aan haar drieledig doel:

Scholieren voor Christus te winnen.

Hun geestelijk leven optebouwen.

Ze in staat te stellen iets voor Jezus te doen, ook wanneer zij niet meer op school zijn.

Zij is de band die al de goede invloeden in de school samenbindt zoodat er gezamenlijk een heilzame invloed uitgeoefend kan worden.

Haar uitgangspunt is Gods Woord.

Het middel dat zij gebruikt is Gods Woord.

Haar doel is grondiger kennis van Gods Woord."

Wishard was baie teleurgesteld in die getal naskoolse studente wat by die Christen-Studentevereniging betrokke kon raak in Suid-Afrika. Die Christen-Studentevereniging sou dus ook in hoërskole gestig moes word (Cillie 1946 : 5). Vir die Suid-Afrikaners was die gedagte lankal reeds 'n aanvaarbare oplossing vir die klein getal studente in Suid-Afrika.

Donald Fraser, 'n jong Skotse sendeling, het op 20 Julie 1896 by Wishard aangesluit. Hy wy hom hart en siel aan die onderneming. Hy het 'n groot aandeel gehad aan die pasgestigte Wêreldfederasie van Christen-Studente en het ook as voorsitter van die Studente-Vrywilligerskonferensie in Liverpool, wat sy stempel op die

aandeel van studente aan wêreldevangelisasie afgedruk het, opgetree (Gerdener 1936 : 19).

Die konferensie is uiteindelik deur 400 afgevaardigdes wat 29 inrigtings en 9 Kerkgenootskappe verteenwoordig het, bygewoon. Die konferenise het onder die voorsitterskap van dr. A. Murray gestaan (Liebenberg 1946 : 9; Andrew 1967 : 103).

Die volgende temas is bespreek: Gebed, Evangelisasie, Bybelstudie, Persoonlike werk, Heiligmaking en Sending (The Editor 1917 : 10-11).

Onder die leiding van Donald Fraser, met sy Skotse versigtigheid en innige vroomheid en die nugtere organisasie-talent en dryfkrag van Wishard, is die grondwet opgestel. Op Dinsdagmiddag, 28 Julie 1896, is die grondwet artikel na artikel deur die konferensie aanvaar (Ferguson 1917 : 6).

Donald Fraser het nog drie maande in Suid-Afrika gebly. Hy het nog verskeie kolleges en skole besoek en die vereniging bekend gestel. Hy lê die grondslag vir die werksaamhede van die vereniging. C.H. Murray het hom vergesel. Die belangrikheid van 'n innige gebedslewe, diepgaande Bybelstudie en persoonlike gesprekke was vir Fraser van besondere belang (Murray 1917 : 13).

Die destydse Hoofbestuur het die aanstelling van 'n reisende sekretaris as noodsaaklik beskou om sodoende die takke in hul organisasie by te staan en leiding te gee waar nodig en om eenheid in die werk landwyd te bewerkstellig (NG Kerk 1966 : 152).

Aanvanklik was daar geen vaste reisende sekretaris nie as gevolg van 'n tekort aan fondse. Daar was wel vrywilligers - meestal kweekskool-studente van Stellenbosch wat tydens vakansies behulpsaam was (Die Redakteur 1917 : 30).

Die eerste permanente aanstelling is in Januarie 1898 gemaak, naamlik C.F. Murray. Dit was moontlik danksy 'n milde bydrae deur G.S. Eddy en sy moeder van Indië (Liebenberg 1946 : 11).

Kort nadat die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika tot stand gekom het, het dit by die Wêreldfederasie van Christen-Studenteverenigings aangesluit as geaffilieerde lid. Dit is gedoen om sodoende saam te werk met ander lande en om saam met studente dwarsoor die wêreld 'n getuienis van heil in Jesus Christus as Verlosser van die wêreld te verkondig (NG Kerk 1966 : 152-153).

Nie net het die Wêreld-Federasie van Christen-Studente 'n belangrike rol gespeel in die totstandkoming van die Christen-Studentevereniging nie, maar het die Christen-Studentevereniging as 'n geaffilieerde lid van die federasie gebaat by hierdie affiliasie soos blyk uit die kursoriese beskrywing van hul verbintenis wat nou volg.

### 1.5.2.2 Die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika en die Wêreld-Federasie van Christen-Studente

Die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika was een van die sterkste geaffilieerde lede en het elke tweede of derde jaar

afgevaardigdes na die konferensies gestuur en so op hoogte gebly van internasionale aktiwiteite en ook so die eenheid in Christus, oor verskille heen, bewaar (The Editor 1917 : 16).

Samewerking is gelewer in die wete dat hierdie ekumeniese liggaam 'n gespreksgemeenskap was vir die verskillende verenigings van die wêreld, waarin die integriteit en eiesoortigheid van elke nasionale vereniging aanvaar en gerespekteer is. Ten spyte van groot teologiese verskille en verskillende benaderings op, byvoorbeeld politieke gebied, kon die ekumeniese roeping van die Christen-gelowige in die kerk van Christus tot uiting kom (Die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika en sy affiliasie met die Wêreld-Federasie van Christen-Studente ongedateer).

Daar kan aanvaar word dat dit vir die Christenstudent in Suid-Afrika, met sy unieke politieke en kulturele opset, 'n ware ervaring was om deel te hê aan die bedrywighede van 'n Christelike federasie, wat ook interkerklik en internasionaal is, en wat dus ook ander rasse insluit. Die Wêreldfederasie het die gevoel van wêreldgemeenskap beklemtoon en studente oor die hele wêreld kon grootse verwagtinge koester en deel in sake die uitbreiding van God se koninkryk hier op aarde (Liebenberg 1946 : 12).

Die Christen-Studentevereniging in Suid-Afrika het sy ontstaan in 'n groot mate te danke aan die ywer van die leiers van die Wêreld-Federasie van Christen-Studente, maar sy groei, met die gepaardgaande groeipyne, het op die skouers gerus van die persone

wat hier in Suid-Afrika die inisiatief geneem het om die Christen-Studentevereniging sy beslag te gee.

Die Christen-Studentevereniging se bereidheid tot samewerking het dit seer sekerlik vir die Christen-Vrywilliger-Beweging moontlik gemaak om deel uit te maak van die Christen-Studentevereniging.

Vervolgens sal daar in kort gelet word op die skakeling van hierdie twee verenigings vanaf 1886.

### 1.5.2.3 Die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika en die Studente-Vrywilliger-Beweging

Daar is in 1896 besluit dat die Studente-Vrywilliger-Beweging 'n organiese deel sou uitmaak van die Christen-Studentevereniging, met nog steeds 'n eie konstitusie. Hulle het toe reeds 24 sendingkandidate in die sendingveld gehad (Die Redakteur 1942 : 23).

In 1946 het 970 persone reeds die Studente-Vrywilligersverklaring onderteken, waarvan 337 sendingwerkers geword het - 113 was op daardie tydstip nog besig met hul studies (De Villiers 1946 : 34).

Wat in 1890 op klein skaal begin is, het 50 jaar later nog steeds van krag tot krag gegaan, binne die raamwerk van die Christen-Studentevereniging (Greyling 1982 : 27).

Die Christen-Studentevereniging het sy bande met sowel die Studente-Vrywilliger-Beweging as die Wêreld-Federasie van Christen-Studente behou.

Daar sal vervolgens stilgestaan word by die verdere uitbreiding van die Christen-Studentevereniging.

## 1.5.2.4 Die verdere uitbreiding van die Christen-Studentevereniging

'n Uitstaande kenmerk van die Christen-Studentevereniging is dat dit as 'n vereniging in Suid-Afrika veral onder hoërskoolleerlinge posgevat het - omdat daar te min studente by die kolleges was. Dit was in geen ander land die geval nie.

Twee jaar na sy ontstaan bestaan daar vier-en-veertig takke met 1250 lede. In 1950, twee-en-vyftig jaar later, is daar 466 takke met 37,513 lede (Greyling 1982 : 31-32).

Die Anglo-Boereoorlog het die aktiwiteite van die Christen-Studentevereniging vir feitlik drie jaar tot stilstand gebring. Vanaf 1902 het die werk egter ononderbroke voortgegaan (Gerdener 1946 : 52; Andrew 1967 : 103).

D.A. Murray, soos aangehaal in die Hoofdbestuur (ongedateer : 3) spreek hom soos volg uit oor die Christen-Studentevereniging: "Ons beskou hierdie werk as een van die rykste seëninge wat God aan Suid-Afrika verleen het. Die ewigheid alleen sal aantoon wat 'n krag dit sal word in die toekoms van ons vaderland. Vandag reeds kan ons iets besef van wat dit sedert dié tyd verrig het, en ek dank God daarvoor" (Conradie 1951 : 96).

Volgens die Hoofdbestuur (ongedateer : 3) het die nege jaar wat

verby was, vanaf die stigting van die Christen-Studentevereniging in 1896 tot en met 1905, getoon dat die Christen-Studentevereniging al meer en meer aan 'n groot behoefte beantwoord. Die Bybel is op daardie stadium, veral in die Kaap Kolonie, verban uit die skool (Sal die Bybel nog 'n plek hê in die skole in die nuwe Suid-Afrika?). Die Christen-Studentevereniging het toe 'n Bybelstudiepamflet uitgegee waarin 'n gedeelte vir elke dag aangegee is en het die lede aangemoedig om dit getrou elke môre te lees en met ander te bespreek in die Bybelkring en by die weeklikse byeenkoms. Daar was op daardie stadium meer as 4000 persone wat gebruik gemaak het van die Bybelstudies. ... (Hoofdbestuur ongedateer : 3) (eie invoeging).

Die Christen-Studentevereniging was (is) 'n georganiseerde liggaam onder skoliere om hul geestelike lewe te bevorder en God het die Christen-Studentevereniging gebruik (doen dit vandag ook) om 'n groot aantal jongmense tot Hom te laat keer. Die trefkrag van die Christen-Studentevereniging, volgens die Hoofbestuur in 1905, was (is nog steeds) daarin geleë dat dit mede-studente was (is) wat met mekaar praat - jongmense wat op die sportveld, in die klaskamer en by die Debatsvereniging 'n invloed gehad het (steeds kan hê). Die jongmense sien dus dat om 'n Christen te wees dit nie nodig is om dit waarby die jongmens betrokke is, prys te gee nie, maar dat 'n Christen 'n beter student en sportman is en dat Jesus mens slegs terughou van dit wat verhinder dat jy manlik en standvastig is (Hoofdbestuur ongedateer : 3) (eie invoeging).

John R. Mott spreek hom in Mei 1906, tien jaar na die stigting van

die Christen-Studentevereniging, by 'n konferensie te Kaapstad, soos volg uit oor die Christen-Studentevereniging: "How important it is that the movement be extended until it embraces every institution of higher learning south of the Zambesi, and that its field be so wisely and thoroughly cultivated that it may leave a deep and lasting influence for good on the character and work of all the young men and young women going forth from the colleges and schools year by year into the varied and inspiring work of making a great Christian nation, which shall be at once an example and a base of Christlike activity on behalf of the countless tribes and peoples of the African continent" (Mott 1917 : 26-27).

Hierdie positiewe kommentaar en verwagtinge wat gekoester is met betrekking tot die Christen-Studentevereniging kan nie sommer genegeer word nie en daarom is dit vir die wetenskapper van belang om die kritiek ten opsigte van die Christen-Studentevereniging, in casu quo die Afrikaanse Christen-Studentevereniging waarby sy betrokke is, na te vors en te poog om antwoorde op haar vrae, asook die kritiek ten opsigte van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging te vind. Alvorens sy dit egter kan doen, is dit nodig om die historiese perspektief tot en met vandag na te vors en daarom sal die verdere geskiedenis van die Christen-Studentevereniging tot en met 1950 in paragraaf 1.5.2.5 beskryf word. Vanaf 1951 het daar ingrypende veranderinge ingetree en daarom sal die verdere verloop vanaf 1951 in paragraaf 1.5.2.6 beskryf word.

## 1.5.2.5 Die Christen-Studentevereniging en sy onderskeie afdelings tot en met 1950

Aanvanklik is daar in die verslae geen onderskeid gemaak tussen skoliere en studente-takke nie (Greyling 1982 : 29).

Die Christen-Studentevereniging het vanaf sy ontstaan tot en met 1951 feitlik alle bevolkingsgroepe bedien, soos wat uit die volgende statistieke met betrekking tot aantal takke en ledetal tot en met 1950 sal blyk (Hoofkantoor 1982; Greyling 1982 : 29):

| Jaartal | Takke | Lede |
|---|---|---|
| 1898 | 44 | 1250 |
| 1900 | 34 | 1407 |
| 1902 | 50 | 2000 |
| 1905 | 93 | 4000 |
| 1907 | 110 | 4600 |
| 1909 | 130 | 5500 |
| 1917 | 160 | 7000 |
| 1935 | 239 | 14,253 |
| 1945 | 411 | 31,901 |
| 1950 | 466 | 37,513 |

Hier volg besonderhede met betrekking tot die onderskeie afdelings (Hoofkantoor 1982; Greyling 1982 : 29). Sekere data ontbreek soos aangedui deur die gebruik van vraagtekens:

Engelsprekendes:

1935 - ? (776 lede)

1945 - 16 takke (773 lede)

1950 - 24 takke (888 lede)

Swart bevolkingsgroepe:

1909 - 6 takke (559 lede)

1907 - 4 takke (?)

1935 - 5 takke (?)

1945 - 65 takke (3000 lede)

1950 - 69 takke (5000 lede)

Kleurlinge:

1945 - 50 takke (2426 lede)

1950 - 63 takke (3500 lede)

Afrikaanssprekendes:

1950 - 334 takke (28,713 lede)

Uit bogenoemde statistiek blyk dit dat die Christen-Studentevereniging onder die Afrikaanssprekende bevolking die grootste groei getoon het en daarom is dit des te meer van belang dat die waarde al dan nie van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging (soos dit sedert 1965 bekend staan met betrekking tot Blanke Afrikaans-sprekende skole se takke) nagevors behoort te word, veral as in ag geneem word dat daar in die toekoms weer 'n samesmelting van die verskeie verenigings (vide paragraaf 4.2.7) moontlik is. Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging het alreeds tydens sy Hoofbestuursvergadering in 1991 aangedui dat hul meer kontak met die ander verenigings wil

bewerkstellig soos blyk uit die volgende aanhaling (Hoofbestuur 1991):

"Die Hoofbestuur

5.1. spreek homself ten gunste van 'n konferensie van alle Christelike organisasies (wat die skooljeug as teikengroepe het) en jeugbedienings in skole uit;

5.2. besluit dat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging inisiatief sal neem in die samestelling van 'n loodskomitee om dit te inisieer;

5.3. spreek homself ten gunste van nouer bande met SU (Scripture Union), SCM (The Students' Christian Movement of South Africa), SCA (The Students' Christian Association of Southern Africa) en VCS (Vereniging van Christenstudente) uit (eie invoeging);

5.4. gee aan die Dagbestuur opdrag om gesprek te voer met hierdie (vier) organisasies;

5.5. besluit dat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging in gesprek sal bly met die volgende organisasies: SCAS (Stellenbosche Christelike Aksie vir Sportmanne), MES-aksie (Middestad Evangelisasie en Sending-aksie), Jeug-vir-Christus en Kinderevangelisasie-groepe met die oog op samewerkingsooreenkomste" (eie invoeging).

Hier volg statistieke met betrekking tot studente en skool takke vanaf 1909 tot en met 1950 (Hoofkantoor 1982; Greyling 1982 : 29):

| | Studente | Skoliere |
|---|---|---|
| 1909 | 22 | 102 |
| 1917 | 27 | 129 |
| 1935 | 24 | 215 |
| 1945 | 20 | 276 |
| 1950 | 21 | 289 |

Die verdere ontwikkeling vanaf 1951 tot en met 1964 word nou aan die orde gestel.

1.5.2.6 Die Christen-Studentevereniging vanaf 1951 tot en met 1965

Die volgende statistiek is beskikbaar vir die tydperk 1951 tot en met 1964 (Greyling 1982 : 29):

| | Studente | Skoliere |
|---|---|---|
| 1955 | 14 | 329 |
| 1960 | 18 | - |
| 1964 | 18 | |

Die ontwikkeling in die geledere van die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika het mettertyd daartoe gelei dat elke groep 'n eie identiteit en werkswyse ontwikkel het. Dit het gelei tot belangrike veranderinge met betrekking tot die organisasie van die vereniging. In Julie 1951 is 'n nuwe grondwet vir die Christen-Studentevereniging aanvaar waarin voorsiening gemaak is vir die afsonderlike bearbeiding van die verskillende rassegroepe in die land (NG Kerk 1953 : 287; Andrew 1967 : 103).

Dit is 'n ope vraag of die Christen-Studentevereniging nie in sy besluit beïnvloed is deur die politieke klimaat van die land nie, soos tans moontlik ook die geval skyn te wees. Volgens Andrew 1967 : 103) wil dit wel voorkom of die politiek 'n bepaalde invloed uitgeoefen het.

"One of the first difficulties the S.C.A. (Student Christian Association of South Africa - die Engelse benaming vir die destydse Christen-Studentevereniging) had to face was that of being a multi-racial organization. From 1913 onwards there is reference in the records of the S.C.A. to "the problem of the work in Native Institutions" and in 1915 provision was made in the constitution for work in these institutions" (Andrew 1967 : 103) (eie invoeging).

Die vereniging is in 1951 ingedeel in vier afsonderlike afdelings vir Afrikaansprekende, Engelssprekende, Bantoe- en Kleurling-studente, asook 'n afsonderlike afdeling vir sending-aangeleenthede. Elke afdeling het onder toesig van sy eie hoofkomitee gestaan. Elke hoofkomitee het volkome beheer oor sy eie sake gehad en het ook sy eie reglement en bepalings vir die werk daargestel. Die hoofkomitees het verteenwoordigers op die Raad van die Christen-Studentevereniging benoem, wat dan op hul beurt die algemene beleid van die Christen-Studentevereniging bepaal het. Op hierdie Raad het die Afrikaansprekendes 'n groot meerderheid gevorm (NG Kerk 1953 : 287).

Nog nie alle probleme is opgelos nie. Sekere afdelings het

standpunte aangaande teologiese, politieke en rasse-aangeleenthede gehuldig wat nie altyd deur die ander afdelings onderskryf is nie en tog deur die buitewêreld daarvoor medeverantwoordelik gehou is (Die Redakteur 1965 : 100).

Volgens Andrew (1967 : 103) "This amicable arrangement, apparently made in the best interests of the *administration* of the S.C.A. work (especially schools) at this time, turned out to be a thorny problem not long afterwards. Students of a more sensitive nature than those at the General Conference of 1951, regarded this arrangement as nothing more than the alignment of the S.C.A. with national Party "apartheid" policies or with the "traditional way of life of South Africa" (depending of course on which political viewpoint students held)."

'n Soortgelyke probleem staar die Afrikaanse Christen-Studentevereniging vandag in die gesig. Daar kan sekerlik in die geledere van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging meningsverskille wees betreffende die onlangse besluit met betrekking tot anderskleuriges se kampbywoning en die nouer skakeling met die Pinkster- en Charismatiese kerke.

Verskille is deel van menswees. Vrae wat diè kritiese leser tans stel, is: In watter mate verskille op teologiese gebied binne die Afrikaanse Christen-Studentevereniging geakkomodeer kan word al dan nie. Verskille ten opsigte van politieke en rasse-aangeleenthede met die oog op die sogenaamde nuwe Suid-Afrika kan ook aangespreek word. Antwoorde op die voorgenoemde

vrae lê verskuil in die oorwegende partikuliere beskouings aangaande die aard en inhoud van dié antropiese sosiale ordeningsentiteite wat breedweg bekendstaan as religie en politiek. Dat daar dienaangaande waarskynlik nie sprake kan wees van ooreenstemming tussen mense nie, is evident (Roelofse 1993). Die rol van hierdie verskille kan nie geïgnoreer word in 'n vereniging met 'n Christelike grondslag soos die Afrikaanse Christen-Studentevereniging nie. Hierdie aspekte sal in die verdere hermeneutiek weer aan die orde gestel word.

Die Christen-Studentevereniging het van tyd tot tyd Inter-Universitêre konferensies gehou en die konferensies het by sommige lede van die publiek negatiewe kritiek uitgelok. In 1930 het Mnr Max Gergan, Algemene Sekretaris van die Bantoe Christen-Studentevereniging, 'n konferensie te Fort Hare georganiseer. Die doel van die konferensie was om deur middel van referate, toesprake en onderlinge gesprekke die verhouding tussen blankes en nie-blankes in die land te bestudeer en so te probeer om mekaar se standpunte te verstaan. Daar is uitnodigings aan verskillende regeringsdepartemente, kerkgenootskappe, kolleges, universiteite, en ander maatskaplike organisasies gestuur. Ongeveer 300 afgevaardigdes het hulle opwagting gemaak, waarvan ongeveer die helfte blankes was (Kritzinger 1936 : 30).

"These conferences also became the butt of the critics from conservative political groups like the Volkskongres on Communism, which labelled the S.C.A. as "communistic and liberalistic" at the same time as those from the other side regarded the S.C.A. as

hopelessly conservative. Because of continued differences some universities and colleges thought that further discussion was pointless and the time had come for action. Consequently the Rhodes University, the Fort Hare University College, and the Wentworth Medical School of the University of Natal S.C.A. branches disaffiliated for the one reason, and the Heidelberg Training College C.S.V. branch disafilliated for the other, while the University of the O.F.S. and the Bloemfontein Training College C.S.V. branches threatened to do so if the S.C.A. persisted with integrated conferences" (Andrew 1967 : 103).

'n Soortgelyke konferensie sou oorsee, of in die nuwe Suid-Afrika, ongesiens verbygegaan het, maar weens die delikate maatskaplike en politieke toestande destyds het dit kritiek uitgelok en alhoewel die Christen-Studentevereniging nie amptelik verteenwoordig was nie, is dit beskuldig dat dit die pad van integrasie loop. Die Hoofbestuur het in reaksie op hierdie kritiek die volgende verklaring uitgereik: "In die verlede is dergelike konferensies tussen blankes en naturelle met veel seën deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk gereël. Manne soos Yergen en Aggery het groot gehore van blankes toegespreek om die standpunt van die naturelle te verduidelik en die Fort Hare Konferensie is met dieselfde doel byeengeroep. In die tweede plek was die konferensie van 'n besondere aard. Die Blanke studente was die gaste van die naturelle en was dit blote tegemoetkoming van die Blankes om onder een dak met die naturelle te eet en slaap. Alles is gedoen om die konferensie te laat slaag en die naturelle was hiervan ten volle

bewus" (Kritzinger 1936 : 30) (In die huidige tydsgewrig sou hierdie verklaring bes moontlik onnodig wees - eie invoeging).

Die Raad waarsku verder dat hulle wat hul beywer vir 'n beter verhouding nie deur onversigtige optrede 'n goeie saak moet bederf nie (Kritzinger 1936 : 30).

In die sestigerjare is twee soortgelyke konferensies in Natal te Kearsney en in Transvaal te Roodepoort gehou wat weer eens hewige reaksie uigelok het (Kritzinger 1936 : 30).

In 1963 is die beginsel van Inter-Universitêre Konferensies soos deur die dagbestuur goedgekeur, by 'n Raadsvergadering bekragtig: alle konferensies moes gehou word waar toiletgeriewe en slaapgeriewe nie aanstoot kon gee nie (Afr. CSV 1963 : 15). Sommige sprekers by die vergadering wou eerder dat dit op 'n federale grondslag verdeel sodat elke vereniging sy eie metode kon toepas, sonder om die ander noodwendig te betrek (Afr. CSV 1963 : 15).

Daar ontstaan 'n groeiende drang na selfstandige organisasie en beheer en die begeerte om aan die werk 'n eie karakter te gee is sterk beleef. Ook beginselverskille en verskille ten opsigte van kerklike belydenis was, volgens Treurnicht (1964 : 359), 'n teer saak.

Op 12 Januarie 1965, is daar op 'n buitengewone Algemene Vergadering te Bloemfontein, besluit om die ou samestelling van die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika as een vereniging

met vier afdelings (Afrikaanse, Engelse, Bantoe en Kleurling-afdeling) te ontbind en om vir elke afdeling 'n afsonderlike vereniging in die lewe te roep (Die Redakteur 1965 : 100). Dit was tiperend van wat op kerklike en staatkundige gebied in Suid-Afrika plaasgevind het, naamlik die selfstandigwording van onhanklike eenhede. Volgens Andrew (1967 : 105) "The suggestion of a federated rather than a unified S.C.A. was favoured by the Commission and was enthusiastically received by the Afrikaans-speaking delegates as a way out of their many troubles; the probable reasons for this enthusiasm were that it fitted in with the idea of seperate development, that the Afrikaans section would no longer be embarrassed by the liberally and ecumenically minded members from the other sections, and that the Afrikaans-speaking members would be left largely to themselves with an understandably closer link to the D.R.C." Die verhouding van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging tot die Nederduitse Gereformeerde Kerk word in besonderhede beskryf op 'n latere stadium in die monografie (vide paragraaf 5.4.1).

Die verenigings wat ontstaan het, is soos volg:

* Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging van Suid Afrika (voorheen die Afrikaanse afdeling). Dit is hierdie vereniging wat die navorser tot studieterrein geneem het (ACSV).
* The Students' Christian Association of Southern Africa (voorheen die Engelse afdeling) (SCA).
* The Students' Christian Movement of South Africa (voorheen die Bantoe afdeling - vir swart mense) (SCM).

* Die Vereniging vir Christen-Studente van Suid-Afrika (voorheen die Kleurling afdeling - vir bruin mense) (VCS) (Afr. CSV 1965 : 10) (eie invoeging).

Elke bevolkingsgroep sou nou 'n geleentheid gebied word om hulle eie ideale te verwesenlik in 'n organisasie wat in karakter, samestelling en werkspatroon ooreenkom met sy eie kerklike, godsdienstige, kulturele en maatskaplike agtergrond. Hierdie verenigings sou op 'n federale grondslag in kontak met mekaar bly deur 'n skakelkomitee (Afr. CSV 1965 : 10). Hierdie skakeling het tot vandag toe nog nooit gerealiseer nie (vide paragraaf 4.2.7 in verband met die nuwe eenheidsvisie van hierdie vier verenigings).

Volgens Andrew (1967 : 104) sou hierdie verdeling nooit plaasgevind het nie. "Were it not for other factors that greatly influenced the whole course of events in 1965, the S.C.A. would probably still be struggling with these kinds of difficulties. But alas, it has (had) chosen an easier way out " (eie invoeging).

Een van die belangrikste redes was die feit dat sommige persone meer helderheid verkry het betreffende die ekumenisme. "When the W.S.C.F. started, it was very closely aligned with the Evangelical Alliance in its membership and aims; in fact it sprang from the same concern among individuals about social and missionary questions, which the churches were not at that time meeting to discuss. The W.S.C.F. therefore included both those who classed themselves as "evangelicals" and those who today would be called

"ecumenicals" ... In those early days there was little of this unfortunate labelling" (Andrew 1967 : 104) (vide paragraaf 5.3.8.4 betreffende die Ekumeniese beweging as sulks, met besondere verwysing na die verwikkelinge in die huidige tydsgewrig met betrekking tot die ekumeniese strewe in paragraaf 6.13.2).

Diegene wat met die Christen-Studentevereniging (Student Christian Association) begin het, was hoofsaaklik "evangelicals". Dit was ook lede van die "evangelical" groepe wat 'n belangrike rol vervul het in die stigting van die Verenigde Raad van Kerke (Federal Council of churches), die voorloper van die Nasionale Raad van Kerke (National Council of Churches). "With the establishment of the World Council of Churches (W.C.C.), ecumenical activity was possible on a level other than the individual: among churches themselves or among people who no longer spoke as individuals but as representatives of their churches. The work of the W.C.C. was not welcomed by all however; in fact many feared the policy of the W.C.C. and the resulting ecumenism so much that the World Evangelical Alliance (W.E.A.) was revived while the International Fellowship of Evangelical Students (I.F.E.S.) was formed to protect the interests of the "evangelicals" whose interests might be swamped by the new co-operation among the churches. Since then there have been two clear views of ecumenism that have often been placed in opposition to each other: (1) the view that there is always among Christians the true spiritual unity which expresses itself through a common faith in the fundamental truths of scripture; this would generally speaking be the I.F.E.S. or the

W.E.A. view of the scriptures as the "infallible" or "entirely trustworthy" word of God; and (2) the view that the Holy Spirit not only gives Christian unity but inspires us to strive for it through the most frequent co-operation possible among our divided denominations and a growing understanding among Christians of various traditions; this would generally speaking be the present ecumenical concern of the W.S.F.C. and the W.C.C. With this more precise delineation of ecumenism, we have tended to divide ourselves into two camps and make a mockery of Christian unity and ecumenism" (Andrew 1967 : 104) (vide paragraaf 6.13.2 met betrekking tot die resente verwikkelinge in Suid-Afrika met betrekking tot kerkeenheid).

Andrew se uitsprake is geleë op die terrein van die lewensopvatlike en daarom kan daar nie 'n bepaalde keuse uitgeoefen word betreffende die twee denkrigtings in sake die ekumensies beweging nie, omdat dit in hierdie monografie gaan om 'n wetenskaplike plekbepaling van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging sonder om vir of teen 'n bepaalde lewens- en werklikheidsbeskouing 'n keuse uit te oefen. Andrew se kritiek dui wel aan dat die hele kwessie in sake die verskille betreffende politieke en ekumeniese benaderings 'n bepaalde invloed op die Christen-Studentevereniging en dus ook op die Afrikaanse Christen-Studentevereniging uitgeoefen het in die verlede en weer nou en in die toekoms sal uitoefen (vide paragraaf 4.2.7 in sake verwikkelinge met betrekking tot die Afrikaanse Christen-Studentevereniging in die huidige tydsgewrig).

Tans word die verdeling wat in die sestigerjare, 'n skrale dertig jaar gelede, na 'n oplossing gelyk het nou weer deur sommige persone as 'n struikelblok beleef in 'n nuwe Suid-Afrika. Ook Treurnicht (1964 : 359) se uitpraak in sake verskille ten opsigte van kerklike belydenis en ekumeniese skakeling is van besondere belang vir hierdie studie, aangesien dit juis in dié studie gaan om die saamwees om die Bybel (van tieners in standerd 6 tot st 10, vanuit verskillende Christelike kerkgenootskappe met 'n eie belydenis) wat die skrywer wil navors en pedagogies verantwoord óf afwys. Daarom sal daar by paragraaf 5.3 kortliks gekyk word na die ontwikkeling van die dogma vanuit 'n Christelike perspektief. Die kwessie van die opbloei van die ekumeniese strewe word in paragraaf 5.3.8.4 in meer besonderhede beskryf.

Die ontwikkeling van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging as vereniging sedert 1965 word vervolgens bedwarskyk.

### 1.5.2.7 Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging na 1965

Na die afstigting van die vier afdelings van die Christen-Studentevereniging het die Afrikaanse Christen-Studentevereniging met sy eie naam, eie konstitusie, eie Hoofbestuur en 'n eiesoortige werksverdeling begin funksioneer. Ds. J.S. Gericke van Stellenbosch is as voorsitter aangewys en dr. A.P. Treurnicht van Kaapstad as onder-voorsitter (Gericke 1965 : 1). Die drie Formuliere van Eenheid (*vide* paragraaf 5.2.2.1) is as geloofsbasis aanvaar (Konsep Grondwet ongedateer : 1). Hier volg statistieke

met betrekking tot die Afrikaanse Christen-Studentevereniging (Hoofkantoor 1982; Greyling 1982 : 29):

| | Studente | Skoliere |
|---|---|---|
| 1966 | 19 | 431 |
| 1975 | 20 | 452 |
| 1980 | 18 | 454 |
| 1981 | 16 | 460 |

Omdat die totstandkoming van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging die wese van die Studente-Vrywiller-Beweging beïnvloed het, asook die affiliasie van die Christen-Studentevereniging met die Wêreld-Federasie van Christen-Studente, sal daar aan hierdie twee sake kortliks aandag gegee word.

1.5.2.8 Ontbinding van die Studente-Vrywilliger-Beweging

Die Studente-Vrywilliger-Beweging het vrywillig ontbind met dien verstande dat sy aktiwiteite voortaan 'n integrale deel sou uitmaak van die werksaamhede van elke selfstandige vereniging en dat sy doelstellings in een of ander vorm opgeneem sou word in die konstitusie van die selfstandige verenigings (Afr. CSV 1965 : 10).

Vandag nog heg die Afrikaanse Christen-Studentevereniging waarde aan sendingprojekte, maar wat hul verbintenis met die Wêreld-Federasie van Christen-Studente betref het politiese faktore daartoe bygedra dat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging sy affiliasie met die Federasie opgesê het.

## 1.5.2.9 Opsegging van affiliasie met die Wêreld-Federasie van Christen-Studenteverenigings

Die Christen-Studentevereniging was vir 69 jaar 'n geaffilieerde lid van die Wêreld-Federasie van Christen-Studenteverenigings en het dit ondersteun en daarmee saamgewerk. By ekumeniese vergaderings het die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika 'n duidelike en kragtige getuienis gelewer in belang van die koninkryk van God en ook met betrekking tot die geestelike arbeid onder die studerende jeug van die wêreld (NG Kerk 1966 : 152).

Tydens 'n algemene vergadering in Julie 1964 in Suid-Amerika het die Wêreld-Federasie van Christen-Studenteverenigings die landsbeleid van die Republiek van Suid-Afrika sterk veroordeel en aanbeveel dat alle geaffileerde lede betrokke raak by Suid-Afrika en onmiddellik drastiese stappe neem op politieke, ekonomiese en kulturele gebied (WSCF General Committee ongedateer : 1). Hierdie plan van aksie het ook ingesluit die weiering om teen sportspanne van Suid-Afrika deel te neem en om alle sanksies en proteste teen Suid-Afrika te ondersteun (NG Kerk 1966 : 153) (Sanksies en boikotte is dus lankal reeds gebruik om veranderinge te weeg te bring) (eie invoeging).

Daar is gevoel dat die Wêreld-Federasie geen poging aangewend het om 'n ware en objektiewe beeld van Suid-Afrika se ingewikkelde situasie te verkry nie en dat hulle 'n verwronge en 'n onchristelike beeld die wêreld ingestuur het (Die CSV van SA en sy affiliasie met die Wêreld-Federasie van Christen-Studente-

verenigings ongedateer). Om hierdie rede het die dagbestuur besluit om alle betrekkinge met die Wêreldfederasie te verbreek. Die aanbeveling is deur die Buitengewone Algemene Vergadering, gehou op 12 Januarie 1965 te Bloemfontein, bekragtig (Afr. CSV 1965 : 10).

Andrew (1967 : 104-105) gee 'n effense ander weergawe betreffende hierdie saak, naamlik: "... that whereas the S.C.A. was becoming less concerned about social and political matters, the W.S.C.F. was becoming more and more concerned about these matters, especially about South African society and the way the S.C.A., its representative in South Africa, was reacting to these problems. In the S.C.A., especially in the English section, there had in the past been a strong social concern that showed itself in sociological surveys and service to the underprivileged. Vacations were spent on such projects, and students became more aware of the problems of our land. Gradually, however, these projects were less enthusiatically received by the government, the leaders of the S.C.A., and the students themselves. Another service which gradually lost support in the S.C.A. was the work-camp and holiday-camp *as a service.* ... Without necessarily realizing it fully, the S.C.A. in these and other ways had been moving away from its affiliation with the W.S.C.F. ..." Volgens Andrew "With all these problems to be faced, the Executive of the S.C.A. must have been rather relieved when the W.S.C.F. gave them a ready-made peg on which they could conveniently hang all their problems." Volgens Andrew "one can respect the W.S.C.F. view: "to

have remained silent would have been to accept an inhuman situation", maar hy dink tog die saak kon anders gehanteer gewees het. Aan die ander kant kon die Christen-Studentevereniging die Wêreld-Federasie van Christen-Studente die geleentheid gegee het om die plaaslike probleme te kom ondersoek. Wat hom betref het hulle nie probeer om 'n oop kommunikasiekanaal met die Wêreld-Federasie vir Christen-Studente te behou nie. "Without even waiting for the ratification it later received from the General Meeting of the S.C.A. in 1965, the Executive of the S.C.A. terminated affiliation with the W.S.C.F. and accused the W.S.C.F. of leading its member movements to become "political pressure groups" and of being "a super-structure ... which is now busy enforcing the will of the majority on the minority."

Die nuwe rigting waarin die Afrikaanse Christen-Studentevereniging beweeg, word ook in 'n mate bepaal deur die verwikkelinge op politieke gebied in Suid-Afrika, daarom die gebruiksnaam Christen-Studentevereniging om sodoende niemand uit te sluit nie. Die betrokkenheid van die Christen-Studentevereniging voor die afstigting van die vier afsonderlike verenigings, by sosiale en politieke sake toon bepaalde ooreenkomste met die verwikkelinge wat tans ook aan die orde van die dag is, byvoorbeeld normalisering/integrering van verhoudinge (vide paragraaf 4.2.8.5 (d)).

Die verdere kontak van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging op internasionale vlak word vervolgens kortliks geskets.

<u>1.5.2.10 Verdere internasionale kontak</u>

Alle internasionale kontak is nie verbreek met die opsegging van affiliasie met die Wêreldfederasie nie. Daar is nouer geskakel met die *"International Fellowship of Evangelical Students"* (The History of the SCA ongedateer).

In 1967 het die *Student Christian Association of Southern Africa* by bogenoemde evangeliese studentebeweging, wat wêreldwyd opereer, geaffilieer (The History of the SCA ongedateer).

Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging is gereeld deur die *"Student Christian Association"* na die byeenkomste in die buiteland genooi. Verskeie reisende personeellede en hoofbestuurslede het in die sewentigerjare internasionale konferensies bygewoon wat bevrugtend ingewerk het op die Afrikaanse Christen-Studentevereniging. By die hoofbestuursvergadering van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging gehou op 30 November 1979 en 1 Desember 1980 is 'n mosie aanvaar dat die Vereniging nouer skakeling wil soek met bogenoemde vereniging (Afr. CSV 1979 : 8).

Tydens 'n Dagbestuursvergadering gehou op 28 Februarie 1981 is besluit om, in samewerking met die *Student Christian Association* (<u>vide</u> vorige paragraaf), ondersoek in te stel na die moontlikheid van die totstandkoming van 'n Suid-Afrikaanse vertakking van die *International Fellowship of Evangelical Students* ter wille van nouer skakeling op internasionale vlak. Intussen sou persone,

wanneer moontlik en indien die nodige fondse bekom kon word, afgevaardig word (in waarnemende hoedanigheid) na vergaderings en konferensies van die *International Fellowship of Evangelical Students* (Afr. CSV 1981 : 8-9).

Die belangrikste aspekte van die belydenisgrondslag van hierdie internasionale vereniging is soos volg:

* die mens word deur geloof alleen salig en nie uit werke nie;
* die Bybel is die enigste basis vir die mens se geloofslewe en lewenswandel;
* God alleen is soewerein;
* God handel uit vrye genade met die mens (Afr. CSV 1979 : 2).

Hierdie skakeling van die Afrkaanse Christen-Studentevereniging is van belang wanneer die besware teen die ekumeniese beweging ter sprake kom in die paragrawe 5.4.1.8, 5.4.2.2 en 5.4.2.5.

Hierdie belydenisgrondslag is gebaseer op die Apostoliese Geloofsbelydenis en toon ooreenkomste met die uitsprake van die Hervormers, of te wel Protestante. Die skrywer sou die ooreenkomste en verskille met betrekking tot die standpunte (soos gefundeer in die belydenisgrondslag) van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging en die Afrikaanse kerke en die Pinkster- en Charismatiese groepe, soos verwoord in hul onderskeie Belydenisskrifte, wou navors.

Hoewel dit nie in hierdie monografie gaan om die bearbeiding van universiteits- en kollegestudente nie, wil die skrywer die een en ander hieromtrent belig, aangesien sekere aanames of paralelle na

aanleiding van verwikkelinge op hierdie gebied van belang is vir die onderhawige studie.

#### 1.5.2.11 Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging en die bearbeiding van universiteits- en kollegestudente vanaf 1982

Daar is vanaf 1982 die tendens om takke op kampusse te ontbind ten gunste van Belydende Kerkjeugaksies van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, omdat koshuise beskou is/word as die arbeidsterrein van die gemeente (Die Kerkbode 1982 : 1).

Die skrywer haal aan uit Die Kerkbode betreffende die ontbinding van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging te Stellenbosch Universiteit:
"Die Stellenbosse tak van die ACSV het ontbind en volledig opgegaan in nuwe studente-kerkjeugaksies. Hierdie besluit is na deeglike oorlegpleging tussen die studente, die kerkrade en die Hoofbestuur van die ACSV gedoen, en spruit voort uit die jeugbeleid van die Kerk. ('n Vraag wat ontstaan, is: Het dit slegs op die Nederduitse Gereformeerde Kerk betrekking gehad?) Daarmee is 'n lang en boeiende hoofstuk in die geskiedenis van die Stellenbosse verenigingslewe afgesluit. Die Maties se CSV-tak (die ou benaming) was die eerste tak van die vereniging en is in 1896 gestig" (<u>vide</u> paragraaf 1.5.2.1) "Dit het deur die jare 'n kragtige invloed op die studentelewe gehad en was by sy ontbinding

... die sterkste vereniging op Stellenbosch met sowat 4000 lede" (Die Kerkbode 1982 : 1) (eie invoeging).

In 'n verklaring aan *Die Kerkbode* word alle oud-Maties die versekering gegee dat die "omvattende werk wat oor die jare deur die Afr.CSV opgebou is, net so oorgeneem is deur die Studente-KJA" (Die Kerkbode 1982 : 1). 'n Vraag wat hom nou voordoen, is: Word dieselfde aantal studente deur die Studente-Kerkjeugaksies betrek?

Hierdie besluit betreffende die Afrikaanse Christen-Studentevereniging te Stellenbosch het nie die werk van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging op skoolvlak geraak nie en die is hoop uitgespreek dat dit nog sterker as ooit uitgebou sou word. "Om dit te verseker het die studenteleraars onderneem om reëlings te tref dat die hoofsekretaris van die Afr. CSV jaarliks die HOD-studente volledig kan inlig en motiveer vir die Afr. CSV se werk op skoolvlak" (Die Kerkbode 1982 : 1).

Vir die Afrikaanse Christen-Studentevereniging was die ontbinding van die studente-tak te Stellenbosch 'n groot verlies (maar nie vir die koninkryk van God nie). Die Studente-Kerkjeugaksies van beide die Nederduitse Gereformeerde Kerk gemeentes sou op 'n gereelde basis met die hoofkantoor van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging skakel, omdat die studente steeds behulpsaam wou wees met die skoolkampe van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging en met die uitgebreide stranddienswerk. Die Studente-Kerk se Jeugaksies sou nog steeds dien in die Landswye Studentekomitee omdat hulle in voeling wou bly met die omliggende

kolleges (Stellenbosse Tegniese Kollege, Denneoord-onderwyskollege en Elsenburg-landboukollege) (Die Kerkbode 1982 : 1).

Nog 'n vraag wat ontstaan, is: Is dit wat van toepassing is op die universiteit van Stellenbosch nie ook waar van skole nie? - al die studente woon tog nie in die koshuise nie, so ook nie al die skoliere nie. Waarom kan daar dan nie gekonstateer word dat ook die skooljeug deur hul gemeentes en dus ook deur hul eie kerk bearbei moet word nie, soos verskeie kere deur die ander Afrikaanse Kerke versoek is, en sekerlik die rede is waarom die Pinkster- en Charismatiese Kerke versoek het om hul eie jeug binne skoolverband te bearbei (vide paragraaf 5.4.4).

Benewens probleme wat in die voorafgaande paragrawe implisiet of eksplisiet aan die orde gestel is, is dit nodig dat daar tans 'n voorlopige probleemformulering aangebied word.

## 1.6 VOORLOPIGE PROBLEEMFORMULERING

Dit gaan in hierdie studie om die godsdienstige ageinsnood van die jeugdige.

Daar bestaan tans 'n vermoede dat sake soos geloofsekerheid, waardes, botsende ideologieë, met ander woorde, dogmaverskille, sinsoeke, formele Bybelkennis en die onderrig daarvan, asook informele, partikuliere Bybelkennis en die oordrag daarvan, meespreek in die realisering van godsdiensopvoeding en daarom onder die wetenskaplike vergrootglas geplaas sal word.

'n Verdere saak wat van belang is, is die verskeidenheid rolspelers (godsdiensmoveerders) wat betrokke is by die godsdienstige begeleiding van die jeugdige. Daar kan voorlopig beweer word dat die huisgesin, die skool en die kerk betrokke is by die godsdiensopvoeding van die jeugdige. Die godsdiensopvoeding in die huisgesin is hoofsaaklik informeel van aard en geskied by wyse van voorlewing, asook huisgodsdiens wat meer formeel van aard sou kon wees. Die godsdiensopvoeding in die skool vind meestal plaas in die godsdiensonderrigklas (Bybelonderrigklas) of deur Bybelkunde as vak en is hoofsaaklik formeel-didakties van aard. Die godsdiensopvoeding in die skool kan soms aangevul word deur 'n buitemuurse of ko-kurrikulêre organisasie of vereniging, byvoorbeeld die Afrikaanse Christen-Studentevereniging en die Voortrekkers. Die godsdiensopvoeding binne hierdie verenigings sal bes moontlik 'n formele en informele karakter openbaar. Die derde samelewingsverband betrokke by die godsdiensopvoeding van die jeugdige is die kerk. Godsdiensopvoeding binne die kerk is hoofsaaklik partikulier dogmaties van aard en word aangespreek in die erediens en in die kategeseklas. Die kerk werk ook soms op 'n meer informele wyse deur sy onderskeie jeugaksies waar die sosiale en meer informele godsdiensopvoeding op die voorgrond tree. Ander moontlike opvoedingsmoveerders word nie betrek in hierdie studie nie. Elk van die genoemde moveerders het sy eie "gedefineerde" of vermeende belangeterrein op grond van eie idees aangaande opvoeding/begeleiding (<u>vide</u> paragraaf 3.5.4.6).

Die belangeterreine van bogenoemde opvoedingsmoveerders oorvleuel

kragtens die antropiese ontisiteite, naamlik religiositeit en opvoeding, wat aangespreek word. Dit gaan, met ander woorde, om universele belangeterreine. Hierdie belangeterreine kan ook partikulier en komplementêr wees, waardeur bestaansreg bevestig kan word, en waardeur, by implikasie, aanvaar word dat daar 'n verskeidenheid hunkeringe, doelstellings, modus operandi (metodes) en (soms) betrokkenes onderskei kan word. Die vermeende oorvleueling van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging met die ander samelewingsverbande, asook die unieke taak en arbeidsterrein van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging word aangedui wanneer dit as opvoedingsmoveerder betrokke by komlementêre godsdiensopvoeding ge-evalueer word (vide paragraaf 6.11).

Die wetenskapper moet vervolgens 'n metodologiese verantwoording doen van die werkwyses wat sy gaan volg om te kom tot 'n pedagogies-agogiese evaluering van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging as komplementêre opvoedingsmoveerder betrokke by godsdiensopvoeding, van onder meer, die jeugdige, tot wie sy haar bepaal.

## 1.7 METODOLOGIESE VERANTWOORDING

Daar gaan van verskeie metodes gebruik gemaak word om uiteindelik die selfopgelegde taak tot uitvoer te bring.

Literatuurstudie gaan waarskynlik prominent figureer.

### 1.7.1 Literatuurstudie

Die skrywer het in hoofsaak 'n literatuurstudie onderneem betreffende die historiese perspektief van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging, en sal ook met betrekking tot die strukturering en benaderingswyse van die vereniging sowel as die herstrukturering en veranderde benaderingswyse van die vereniging in die negentiger jare op 'n studie van beskikbare literatuur steun. Ook die beskrywing van opvoedingsessensies, kinder-antropologiese kategorieë, die leefwêreld van die jeugdige, die opvoedingsdoel te wete volwassenheid ofte wel geestelike volwassenheid, en die godsdienswording van die jeugdige sal by wyse van 'n literatuurstudie bedwarskyk word. Op hierdie wyse word daar "gesprek gevoer" met medewetenskappers wat reeds oor tersaaklike aspekte uitsprake gelewer het wat wetenskaplik bruikbaar geag word. Voorts dien dit ook as 'n bruikbare via medius om 'n fenomenologiese intersubjektiewe verifikasie van bevindings en standpuntinnames van die onderskeie wetenskappers te onderneem.

Ter aanvulling van die literatuurstudie sal die skrywer ook van onderhoude gebruik maak.

### 1.7.2 Onderhoude

Onderhoude sal aanvullend gebruik word om sodoende resente besluite, asook bepaalde persone se perspektiewe en insette te verkry.

Die skrywer sal ook in haar beskrywing en evaluering van die werksaamhede van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging steun op insigte verkry deur die bywoning van kampe, seminare en vergaderings van die vereniging sowel as ander ter saaklike geleenthede.

**1.7.3 Bywoning van kampe, seminare en vergaderings**

Vanuit die skrywer se betrokkenheid die afgelope 25 jaar, sowel as takvoorsitster en as onder-voorsitter van die Krugersdorp-sirkelbestuur en as lid van die Gautengdagbestuur sal haar bywoning van kampe, seminare en vergaderings bepaald bydra tot 'n meer akkurate beskrywing en evaluering van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging, aangesien sy op "grondvlak" kennis opgedoen het in sake die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se werkswyse en benaderingswyse. Eie ervaring kan immers nie gering geskat word nie. Nog 'n metode wat moontlik prominent sal figureer, is 'n vergelykende studie met betrekking tot verskeie verwante sake.

**1.7.4 Vergelykende studie**

Die skrywer kan, met die oog op die plekbepaling van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging vanuit 'n agogiese perspektief, vergelykend te werk gaan met betrekking tot die beskrywing van verskeie aspekte in die monografie, byvoorbeeld die vergelyking van pedagogiese kriteria vir volwassenheid met die

kriteria vanuit 'n Protestants-Christelike perspektief (ook die perspektief van die vereniging). Selfs die diakroniese godsdienswording van die peuter en kleuter, pre-puber en jeugdige (tot wie hierdie studie beperk is) kan vergelykend beskryf word om sodoende die godsdienswording van die jeugdige beter te begryp. In die beskrywing van die leefwêreld van die jeugdige sal die hede en die verlede telkens naas mekaar geplaas word sodat die aktualiteit van die jeugwerk van die vereniging bepaal kan word. Die begrippe dogma, corpus misticum Christi, konfessie, kerugma en geloofsbelydenis word ook langs mekaar en teenoor mekaar geplaas, aangesien duidelikheid met betrekking tot hierdie begrippe vir hierdie studie van besondere belang is. Verder sal die onderskeie samelewingsverbande en die Afrikaanse Christen-Studentevereniging vergelyk word met betrekking tot hul komplementêre funksies as opvoedingsmoveerders betrokke by godsdiensopvoeding sodat die unieke taak, al dan nie, van die vereniging bepaal kan word. Die skrywer wil in Hoofstuk 6 'n vergelyking met betrekking tot moontlike ooreenkomste tussen die Gereformeerde belydenis en 'n Pinkster belydenis onderneem, omdat lede van die vereniging lidmate is van denominasies wat hierdie belydenisse onderskryf.

Die skrywer beoog nie om intensiewe empiriese navorsing te onderneem nie, maar sal ter illustrasie van kerklike verteenwoordiging van die lede van die vereniging moontlik enkele statistieke aanbied.

### 1.7.5 Empiriese navorsing

Daar sal nie in die ware sin van die woord empiriese navorsing onderneem word nie, maar die skrywer wil wel 'n ontleding maak van 'n enkele hoërskool se kerklike verteenwoordiging deur die leerlinge van die skool, om sodoende vas te stel watter verteenwoordiging daar mag wees met betrekking tot die verskillende denominasies (vide Addendum 4). Hierdie ondersoek sal nie aan die eise vir wetenskaplike empiriese navorsing beantwoord nie.

Aangesien hierdie studie onderneem word met die oog op 'n fundamenteel-agogiese evaluering van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging gaan die skrywer beslis van evaluering as metode gebruik maak.

### 1.7.6 Evaluering

Die skrywer wil in die eerste plek die Afrikaanse Christen-Studentevereniging evalueer met betrekking tot die realisering van neaniagogies-antropologiese kategorieë en ten tweede met betrekking tot die realisering van enkele opvoedingsessensies soos deur Landman onderskei. Die skrywer wil daarna 'n evaluering van die gerigtheid van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging op die realisering van Protestants-Christelike geestelike volwassenheid onderneem, met daarmee saam 'n Christelike beoordeling van die werksaamhede van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging.

Ook wil sy evalueer of die vereniging die verhoudingstruktuur en die verloopstruktuur realiseer. Sy wil verder die bewustheid van die vereniging van enkele aspekte met betrekking tot godsdienswording by die jeugdige evalueer, asook die moontlike bydrae van die vereniging tot die hantering van sommige van die probleme wat jeugdiges beleef as gevolg van hul bepaalde leefwêreld. Die hantering van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging van probleme met betrekking tot die kategese in sake Jesus gaan ook moontlik ge-evalueer word, aangesien (geloof in) Christus die uitgangspunt is in hierdie studie, met ander woorde, as die archimedespunt dien. 'n Evaluering van die vereniging as komplementêre opvoedingsmoveerder, en dan meer bepaald met betrekking tot die voordele en moontlike nadele van die godsdiensopvoeding van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging, sal waarskynlik onderneem word, veral met die oog op die bepaling van die unieke funksie van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging as opvoedingsmoveerder. Die aktualiteit van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se jeugbediening gaan ge-evalueer word na aanleiding van enkele riglyne aangedui deur Robbins, 'n bekende jeugwerker in Amerika, as 'n verteenwoordiger van die nuutste benadering tot jeugwerk.

Hierdie evaluering gaan opgevolg word deur 'n prospektiewe blik op die toekoms van godsdiensonderrig in die nuwe Suid-Afrika om sodoende te bepaal hoe dit die plek en taak van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging mag raak.

### 1.7.7 'n Prospektiewe blik met betrekking tot die toekoms

Die skrywer gaan, in die lig van die soeke na eenheid en versoening in Suid-Afrika, poog om 'n prospektiewe blik te gee met betrekking tot die plek en die taak (werksaamhede) van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging in die lig van die moontlike onderwysbeleid van die toekoms.

Noudat die skrywer 'n aanduiding gegee het van moontlike metodes wat benut gaan word, wil sy vervolgens enkele opmerkinge maak met betrekking tot die beoogde operasionalisering.

## 1.8 OPERASIONALISERING

In **Hoofstuk** 1, in die inleiding, het die skrywer reeds aangedui waarom die studie onderneem word, waarna 'n algemene oriëntering met betrekking tot die onderhawige onderwerp aangebied is, met 'n aanduiding van paradigmatiese verbande. Hierna is die terrein afgebaken met die aanduiding van raakpunte, grense en eksterne uitsprake. Konseptualisering van die begrippe in die betiteling en ander tersaaaklike begrippe volg op die terreinafbakening, gevolg deur 'n historiese perspektief met betrekking tot die Afrikaanse Christen-Studentevereniging. Na die historiese perspektief het die skrywer oorgegaan tot 'n voorlopige probleemformulering, gevolg deur die metodologiese verantwoording. Vervolgens sal daar oorgegaan word tot 'n saaklike aanduiding van die afwikkeling van die beoogde program.

In aansluiting by die oriënterende en begripsverhelderende inleiding sal daar in **Hoofstuk 2** stilgestaan word by die kind/jeugdige en godsdienswording. Religiositeit as antropiese ontisiteit sal beskryf word, gevolg deur 'n beskrywing van kinder-antropologiese kategorieë om sodoende aan die lig te bring wat kindwees (jeugdige-wees) wesenlik is. Hierdie beskrywing sal opgevolg word deur 'n beskrywing van godsdienswording vanuit sowel 'n sinkroniese as 'n diakroniese perspektief.

In **Hoofstuk 3** sal aandag gegee word aan 'n beskrywing van die leefwêreld van die jeugdige van vandag en die struikelblokke wat daaruit voortspruit, waarna die taak, doel van opvoeding en kriteria vir opvoeding (ook godsdiensopvoeding) beskryf sal word, gevolg deur 'n beskrywing van opvoedingsmoveerders betrokke by die wording van die jeugdige en hul onderlinge verhoudinge.

Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging as buite-kurrikulêre vereniging sal in **Hoofstuk 4** aan die orde gestel word. Die beheerstruktuur van die vereniging, met die wysigings oor die afgelope paar jaar sal beskryf word, gevolg deur 'n bespreking van die veranderinge met betrekking tot benaderingswyse en die redes daarvoor, asook 'n plan van aksie tot en met 1996. 'n Kort weergawe van die missie en visie van die vereniging vir die toekoms sal hierna volg, waarna die vereniging as godsdiensmoveerder breedvoerig bespreek sal word, asook die vereniging se modus operandi.

In **Hoofstuk 5** sal die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se

confessio van 1988 met die geamendeerde Grondwet van 1992 en die gewysigde Grondwet van 1994 met mekaar vergelyk word. Omdat die lidmaatskap van die vereniging voorsiening maak vir persone van verskillende denominasies, sal 'n kort oorsig gegee word van dogma binne die Christelike geloof, gevolg deur 'n kort bespreking van enkele strominge wat moontlik van belang kan wees vir die studie. Hierna sal daar veral gelet word op die verhouding van die vereniging met die kerk, meer bepaald die drie Afrikaanse kerke en die Pinkster- en Charismatiese kerke.

**Hoofstuk 6** is die hoofstuk waarin daar oorgegaan word tot 'n evaluering van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging vanuit sowel die probleem- of struktuurdenke as die sisteemdenke. Daar sal eerstens gekyk word of die vereniging rekening hou met neaniagogies-antropologiese kategorieë, waarna die verwesenliking van opvoedingsessensies deur die vereniging ge-evalueer sal word, gevolg deur 'n evaluering van die gerigtheid van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging op die realisering van Protestants-Christelike geestelike volwassenheid. 'n Christelike evaluering van die werksaamhede van die Afrikaanse Christen-studente-vereniging sal hierna volg. 'n Evaluering van die realisering van die verhoudingstruktuur en die verloopstruktuur deur die vereniging, asook 'n beligting van enkele bepalende aspekte met betrekking tot godsdiensonderrig by die jeugdige en die bewustheid van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se leiers en personeel van hierdie aspekte, word beoog. Die moontlike bydrae van die vereniging met betrekking tot die hantering/oplossing van

sommige van die probleme wat vanuit die leefwêreld van die jeugdige ontstaan, sal ook ge-evalueer word, waarna die wetenskapper probleme met betrekking tot die hantering van die kategese (godsdiensopvoeding) in sake Jesus deur die vereniging sal bedwarskyk. 'n Vergelyking met betrekking tot moontlike ooreenkomste tussen die Gereformeerde belydenis en 'n Pinkster belydenis word onderneem, omdat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se lidmaatskap oop is vir lidmate van kerke wat hierdie belydenisse onderskryf. Hierna sal 'n evaluering van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging met betrekking tot komplimentêre godsdiensopvoeding volg, gevolg deur 'n sinoptiese vergelyking van die aktualiteit van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se jeugbediening met dié van Robbins, 'n bekende jeugwerker in Amerika. Daar sal ten slotte 'n prospektiewe blik met betrekking tot die werksaamhede/bydrae van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging aangebied word in die lig van die moontlike veranderinge met betrekking tot die onderwysbeleid in die afsienbare toekoms, met versoening en eenheid in die nuwe Suid-Afrika as vertrekpunt.

Met die oog op die evaluering wat onderneem gaan word, gaan daar eerstens stilgestaan word by die kind/jeugdige en godsdienswording.

# HOOFSTUK 2

# DIE KIND/JEUGDIGE EN GODSDIENSWORDING

## 2.1 INLEIDING

Soos aangedui in Hoofstuk 1 gaan dit in hierdie monografie om die agogiese evaluering van die godsdienstige begeleiding van die jeugdige soos deur die Afrikaanse Christen-Studentevereniging onderneem word, maar alvorens daar stilgestaan word by die godsdienstige begeleiding van die jeugdige in die algemeen en deur die Afrikaanse Christen-Studentevereniging in die besonder, moet enkele aspekte met betrekking tot die mens, religiositeit en godsdiens aan die orde gestel word.

## 2.2 RELIGIOSITEIT AS ANTROPIESE ONTISITEIT

Volgens Lehmann (in Landman et al. 1975 : 58) is daar oral waar mense is die gevoel en/of besef dat daar 'n werklikheid is wat teenoor die mens staan en belangriker is as die mens. In dié verband merk Popma (1958 : 129) op: "dat met het menszijn de menselijke religie als kern van menselijkheid gegeven is, die niet te loor kan gaan door afval, maar dan blijft voortleven als afvallige religie." Daar kan nie aan 'n mens sonder religie (religiositeit) gedink word nie. Religie is saam met menswees, met mens-in-die-wêreld gegee (Landman et al. 1975 : 58). Lehmann maak klaarblyklik nie 'n onderskeid tussen religiositeit en religie nie. Omdat hier verwys word na menswees, is dit wat gesê word eweneens waar van die jeugdige. Feuerbach, soos aangehaal deur

Brightman (1940 : 16), het byvoorbeeld opgemerk: "Die mens is die begin van religie, die mens is die middelpunt van religie en die mens is die einde van religie."

"Die mens neem op een of ander tydstip hierdie werklikheid waar, hy ervaar en belewe dit en staan nie net vresend en huiwerend daarteenoor nie, maar die mens voel homself ook daarteenoor aangetrokke" (Landman et al. 1975 : 58).

Volgens Landman et al. (1975 : 58) is daar 'n verskeidenheid antwoorde gegee op die vraag hoe religie by die mens sigbaar geword het. Volgens die genoemde outeurs stel die godsdiens-historiese of psigologiese verklaringsmetode nie tevrede nie, omdat religiositeit as 'n algemeen menslike kenmerk beskou word, as 'n eienskap wat die mens deur aanpassing by sy omgewing en omstandighede verwerf het. Volgens hierdie skrywers word die mens hierdeur gedegradeer tot 'n verlengstuk van die plant en die dier. Volgens Bavinck (1928 : 243-254) skiet hierdie verklaringswyses ook tekort deurdat dit nie 'n bevredigende verklaring vir die Godsidee, feitelik sowel as inhoudelik, bied nie.

"Religiositeit as bron van religie is primêr nie te beskou as 'n beweging van die mens na die ander werklikheid toe nie. Religie is wesenlik 'n antwoord van die mens op 'n stem wat vanaf die ander werklikheid na hom gekom het en wat hy, danksy die religiositeit wat hy kragtens sy menswees ontvang het, kan hoor en beantwoord" (Landman et al. 1975 : 58-59). Volgens Kuypers (1963 : 308-309) berus alle menslike religie in en is "allen mogelijk ...

door de voortdurende zelfopenbaring Gods, die van den beginne aan de mens toespreekt. ... Niet in de zin alsof de mens geboren wordt met een ingeboren Godsbesef dat kant en klaar voor hem gereed ligt, maar wel zó dat er in zijn ziel als het ware sluimert een "semen religionis". Paulus verwys hierna in Romeine 1:19. Calvyn, soos aangehaal deur Baum et al. (1865 : 8-9,12), praat van 'n "semen religionis omnibus inditum est" - 'n saad van die religie wat vir alle mense gegee is en gewortel is in die innerlike van elke mens. God het in elke mens 'n sekere begrip van Sy godheid gelê. Volgens Van Dyk (1963 : 122-125) kan hierdie kiem eers vrug dra wanneer die volle openbaring van God in Jesus Christus die mens in sy religiositeit aanspreek en kan die mens dan tot die ware diens aan God (Godsdiens) kom. In die Nederlandse Geloofsbelydenis (artikel 14), as een van die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik: Die Nederlandse Geloofsbelydenis, Die Heidelbergse Kategismus en Die Dordtse Leerreëls, word na die religiositeit van die mens verwys as "slegs klein oorblyfsels" van die "voortreflike gawes" waarmee die mens deur God geskape is (Landman et al. 1975 : 59; Ons Glo 1988 : 17). Volgens Berkouwer (1951 : 136) is elke vorm van religie waarin die religiositeit van die mens in sy leefwêreld vergestalting gevind het, nooit "zelfstandig, maar een tegenspel, reactie, antwoord" op die openbaring van God waaraan die mens hom nie kan onttrek nie.

Dieselfde gedagte kom na vore wanneer daarop gelet word dat "de religie van de mens" nou saamhang "met Gods verbondenheid aan hem, en zijn verbondenheid aan God, die we uitgedrukt vinden in de

woorden: God schiep de mens naar zijn beeld" (Popma 1958 : 69) en dat hierdie beeld nie verlore geraak het na die sondeval nie. Selfs wanneer hierdie religiositeit geopenbaar word in een of ander vorm van religie of valse godsdiens is dit deel van sy menswees. In sy Dasein (in-die-wêreld wees) is die mens vanuit die Christelike perspektief immers in die wêreld van God en daarom is hy 'n religieuse wese. Religiositeit is, net soos openheid, met menswees gegee. Kragtens sy menswees is die mens oopgestel vir die ander werklikheid, doelbewus gerig op die iets wat hom uit hierdie ander werklikheid toeroep (Landman et al. 1975 : 59-60).

God openbaar hierdie religiositeit aan die mens sodat die mens Hom kan ken, maar die sondeval het hierdie gawe van God aan die mens verduister (Romeine 1:21). Volgens Bavinck (1904 : 213) is die mens se antwoord die van religie en afgodediens en nie die van geloof en onvervalste godsdiens nie. Die mens het nie die gawe totaal verloor nie, dit is slegs verduister. Sowel die mens se openheid as sy gerigtheid op die ander werklikheid is (vanuit die Christelike perspektief) egter verduister vanweë die sonde en daarom antwoord die mens deur een of ander religie of valse godsdiens. Die verduistering word eers opgehef wanneer die Stem van die besondere openbaring in die Woord van God hom aanspreek en kan hy dan 'n geloofsantwoord gee in die vorm van ware diens aan God (Landman et al. 1975 : 60). 'n Probleem wat in hierdie studie ter sprake kom is: "Wat is ware diens aan God?" (vide paragrawe 3.4.3 en 6.5.2).

Volgens verskeie uitsprake in die Bybel (byvoorbeeld Psalm 14:2,3;

Romeine 5:12) is die oorsaak van die verduistering (sonde) 'n antropiese ontisiteit. Hierdie verduistering is reeds opgehef deurdat Jesus die Christus (Verlosser) is en die verlossing reeds voltrek is (Romeine 5:15). Die mens moet daarom weet hoe hy hierdie feite moet hanteer (Roelofse 1994) (vide paragraaf 2.5).

Die verduistering waarna verwys is in die vorige paragraaf duur voort in die valse godsdienste of "vreemde religies", soos Van der Leeuw (MCMXXXV : 139) hul noem, omdat die inhoud van daardie godsdienste die verwoording is van die in-sonde-gevalle mens (Romeine 1 : 21) en wat niks anders is nie as eiesinnige godsdiens (vergelyk die verwysing na ethelothryskeia in Kolossense 2: 23, waarna in paragraaf 2.2.2.3 verwys word). Die mens tree wel in hierdie vorme van godsdienste na vore as 'n godsdienstige wese, maar die inhoude is verduister en daarom is die mens nog 'n onvolwaardige godsdienstige mens. "Die mens kan alleenlik volwaardige godsdienstige mens word, wanneer sy algemeen menslike religiositeit gevul is met die volmaakte openbaringsinhoude wat in die Heilige Skrif (Bybel) aan hom gegee is. Alleen binne die verbondsverhouding waarin hy as gelowige verloste verbondskind God dien, kan die mens volwaardige godsdienstige wese word, en kan hy beantwoord aan die beeld van die mens soos beskryf is deur die Bybelse antropologie" (Landman et al. 1975 : 60) (eie invoeging).

Hierdie verbondsverhouding kan nie los van die onderrig van die inhoude van die Bybel bedink word nie. Mense word gebruik om hierdie inhoude oor te dra (Efesiërs 4:11-12). In die kerk geskied hierdie onderrig deur die verkondiging van die Woord. Hierdie

verkondiging het in Grieks bekend gestaan as kerugma (verkondiging). Verbandhoudende begrippe is die stam aggel, met die bekende afleiding evangelion (blye boodskap) en kerusein wat beteken verkondig (vide paragraaf 2.2.2.1).

Uit die voorgaande kan afgelei word dat daar by alle mense 'n besef bestaan van 'n werklikheid wat vir hulle anders is as die sigbare werklikheid waaraan hulle, as mense, deel het. Die mens se besigwees en bemoeienis met hierdie onsigbare ander werklikheid word "religie" genoem. Soms word die woord "godsdiens" ook gebruik. Die vraag wat ontstaan is of hierdie woorde sonder meer as sinonieme gebruik mag word (Landman et al. 1975 : 50-51). Daar sal vervolgens stilgestaan word by die verskil in betekenis tussen "religie" en "godsdiens".

### 2.2.1 Begripsbepaling: Religie en godsdiens

#### 2.2.1.1 Religie

Die woord religie is afgelei van die Latynse woord religio wat gebruik is om die nougesette nalewing van die mens se talle verpligtinge teenoor al die - deur die Romeinse Staat erkende - hoëre magte van die ander werklikheid, aan te dui. Dit het gegaan om die streng, eerbiedige nakom van alle voorgeskrewe seremonies, sodat die mens 'n skoon gewete kon hê. Die woord religio is ook gebruik om die ander werklikheid te kwalifiseer (Simpson 1971 : 511). Die woord religio word gewoonlik afgelei van die werkwoord

_relegere_, wat beteken om in ag te neem (Bleeker MCMLIX : 680), teenoor _neglegere_: om te verontagsaam. Volgens Cicero, wat dié woord eerste gebruik het, is dit afgelei van _religere_ wat dui op "in ag geneem". Die mens neem dus die verpligtinge teenoor die ander werklikheid in ag, omdat hy daaraan gebonde is. 'n Verdere betekenis wat ook in die woord _religio_ gevind word (Van der Leeu MCMXLVIII : 2) is _religare_ = bind, waardeur die mens bely dat hierdie onsigbare werklikheid die mens se meerdere is. Daarom kwalifiseer die mens hierdie iets of iemand as _religio_: dit wil sê as verhewe, onaanraakbaar, met krag belaai en toegerus (_mana_), heilige (Obbink 1947 : 33-36). Hierdie ander werklikheid waarteenoor die mens in 'n gevoel van algehele afhanklikheid, maar ook sidderende huiwering staan, is deur Rudolf Otto (1926 : 223-235) as "die gans andere" (das Ganz Andere) aangedui. Wie so teenoor "die gans andere" staan, is 'n _religiosus_, 'n religieuse persoon, omdat hy geantwoord het op die gesaghebbende stem wat hom in sy alledaagse leefwêreld, wat ook die ander werklikheid insluit, aangespreek het. Religiositeit is dus met menswees gegee en aan menswees kan nie sonder religiositeit gedink word nie (Landman _et al_. 1975 : 52). Religie is, met ander woorde, "'n gerigtheid op die transendente, die "Jenseits", die GANS ANDERE, GOD, die bowe-tydelike, die EWIGE, die transendentale. Die religieuse mens staan voor die oorweldigende, die onverklaarbare, die bowe-rasionele as die bowe-menslike en hy aanvaar dit as werklikheid. Hy leef en beleef dit as sinvervulling" (Van Zyl 1973 : 259).

Die woord religie kom meer algemeen voor as die woord godsdiens,

omdat die woord godsdiens nie in tale soos Duits, Engels en Frans voorkom nie (Landman et al. 1975 : 51). Hier volg 'n kort omskrywing van wat bedoel word met "godsdiens".

2.2.1.2 Godsdiens

Die woord godsdiens beteken diens aan god (God). In die Afrikaanse taalgebruik het die woord godsdiens, volgens Schoonees (1957 : 327), vyf verskillende betekenisonderskeidings. Vir hierdie ondersoek is die volgende betekenisonderskeiding van belang: "Diens, verering van God of 'n god; godsverering; aanbidding aan God of 'n god; totaliteit van die verhoudings wat die mens met en aan 'n wese verbind wat hy as die oorsprong en einddoel van alles en mitsdien as voorwerp van aanbidding beskou, met inbegrip van die erediens wat uit daardie erkenning as gevolg voortvloei; gesamentlike naam vir die uiterlike verrigtinge en plegtige handelinge waardeur die Godheid vereer word: religie." Hoewel religie en godsdiens hier as sinonieme aangedui is, is hulle nie sinonieme nie, soos nou aangedui sal word.

Volgens die bogenoemde omskrywing dui godsdiens nie slegs op die vresend-vererende verhouding van die mens teenoor die vae, onsigbare, ander werklikheid soos met religie (vide paragraaf 2.2.1) nie. In godsdiens is daar sprake van God of 'n god of selfs gode in die geval van veelgodedom en nie van 'n vaagomlynde "iets" nie. Die woord godsdiens dek in die Afrikaanse taal 'n ietwat ander semantiese veld as die woord religie. Wat die aard en

omvang van hierdie diens ook al mag wees, en wat die gesindheid van die een wat dien is, dit bly diens aan God of diens aan 'n god of gode. Daar het by "godsdiens" al hoe meer inhoud in die verering gekom as wat die geval by religie blyk te wees (Landman et al. 1975 : 53).

Volgens Van Zyl (1973 : 259-260) onderskei Van der Leeuw vier vorme van godsdiens (waarvan twee eintlik as religies behoort geklassifiseer te word - soos aangedui in hakies) (eie invoeging), naamlik:

1) Die **kultus** wat bestaan uit 'n reeks ingewikkelde seremoniële handelinge waarmee die mens die "gans andere" raak. Dit word aangetref by primitiewe heidense stamme (religie).
2) Die **mites** wat heilige verhale aangaande die gode en hul verhouding tot die mense beskryf. Die ou Griekse en Romeinse godsdienste is voorbeelde hiervan (religie).
3) Die **dogma** as die sistematiese uiteensetting van godsdienstige oortuigings as streng voorskrifte vir die beoefening van die godsdiens. Daar moet gewaak word teen verstarring, soos byvoorbeeld by die Joodse godsdiens voor die koms van Christus en die Christelike godsdiens voor die kerkhervorming, maar die dogma hoef nie te verstar nie. Die Christelike kerk aanvaar die drie Belydenisskrifte (vide paragraaf 2.2) as die sistematiese uiteensetting van die grondleer van die Bybel - hierdie Belydenisskrifte moet altyd weer aan die Bybel getoets word. Wanneer die leer en die kerk die absolute norm word, verval die godsdiens in dogmatisme en kerkisme. Dan verval dit tot 'n

uiterlike vormgodsdiens. Dit kan ontaard in onverdraagsaamheid wat vreemd is aan die leer en lewe van Christus se liefde en genade (godsdiens).

4) Die **persoonlike godsdienstige belewing** as 'n geloofsbelewing. "Die mens as persoonlik aangesprokene en antwoordende staan in 'n persoon-Persoon-verhouding tot God soos dit in die Christelike godsdiens in die Bybel geopenbaar word en veral deur Christus gelewe is" (godsdiens).

Van der Leeuw (MCMXLVIII : 67) maak self die onderskeiding tussen religie en godsdiens wanneer hy praat van "religie der primitieve volken", terwyl hy weer praat van "Egyptisch Godsdienst". Hierdie onderskeiding is betekenisvol. By religie is die Hoogste Wese (of hoogste wesens) vaag omlyn, op die agtergrond en onpersoonlik, terwyl die godsbegrip en godsverering van die godsdienste duideliker omlyn en helder in reliëf uitstaan. Wat godsdiens betref is daar veel meer inhoud en die God of gode is gewoonlik persoonlik betrokke by die mens se lewensbestaan. Van der Leeuw (MCXLVIII : 2) merk dan ook op dat die woord godsdiens "eigenlijk reeds een bepaalde soort religie veronderstelt, naamlik den dienst van Iemand die een persoon is".

Daar sal vervolgens aangedui word wanneer daar aan die onderskeie begrippe voorkeur verleen kan word.

### 2.2.1.3 Religie of godsdiens

Die woord godsdiens kom net sewe keer in die 1933 Afrikaanse

Bybelvertaling voor, terwyl die byvoeglike naamwoord godsdienstig agt keer gebruik word. Na die verhouding tussen God en die mens of tussen 'n god (of gode) en 'n mens (of mense) verwys die Bybel talle kere sonder om 'n enkele begrip wat spesifiek met religie of godsdiens weergegee sou kon word, of wat daarmee verband hou, te gebruik (Landman et al. 1975 : 54).

Dit sou sinvol wees om die tekste waarin die Afrikaanse Bybelvertalers die woorde godsdiens of godsdienstig gebruik het van nader te beskou.

In Handelinge 25:19 verwys die woord godsdiens na die godsdienstige gebruike soos in die Judaïsme beoefen op grond van hulle interpretasie van die Ou Testament. Dit is ook die geval in Handelinge 26:5. Die Griekse grondsteks gebruik egter nie elke keer dieselfde woord nie. In Handelinge 25:19 kom die woord deisidaimonia voor wat as byvoeglike naamwoord deisidaimonioon (godsdienstig), soos in Handelinge 7:22, gebruik is. Dieselfde grondwoord is in die eerste geval gebruik om die Joodse godsdiens te beskryf, en in die tweede geval karakteriseer dit die gesindheid wat kenmerkend is van die heidense Grieke teenoor hulle gode. Hierdie woord kom ook in ander Griekse literatuur voor in die betekenisse: vrees vir die gode, bygeloof, godsdiens (Bauer 1963 : 344-345).

In Handelinge 26:5 is die woord thryskeia gebruik om die Joodse godsdiens aan te dui, terwyl die apostel Jakobus dieselfde woord weer gebruik om die Christelike godsdiens aan te dui (Jakobus 1:

26-27). Hier kom dit voor as byvoeglike naamwoord met die betekenis van vroom of godsdienstig wees. In die vroeg-Christelike literatuur is dit dikwels op dieselfde wyse gebruik as waarin Jakobus dit gebruik het. Die woord thryskeia kom in die Griekse literatuur voor sedert die tyd van die geskiedskrywer Herodotus en beteken "die verering van 'n god soos dit blyk in die kultiese handelinge wat die mens verrig" (Bauer 1963 : 718). In Kolossense 2:23 kom 'n aanverwante woord voor, naamlik ethelothryskeia wat weergegee is met "eiesinnige godsdiens" (Landman et al. 1975 : 54-55).

Die Griekse woord latreia kom verskeie kere in die Bybel voor, maar is net in Romeine 12:1 met godsdiens vertaal. Dit kom ook in ander nie-Bybelse literatuur voor en dui op die godsdienstige handelinge waarmee 'n mens sy persoonlike god vereer (Bauer 1963 : 924). In die Ou Testament is dieselfde gedagte deur die woord "diens" weergegee (Josua 22:27). In Handelinge 13:43,50; 16:14; 17:4-17; 18:7 kom die byvoeglike naamwoord "godsdienstig" voor. Dit verwys in al die gevalle na gelowige en godvresende (vroom) mense, maar die betrokke Griekse woord seboo (en sy afleidings) wat meermale in die Nuwe Testament voorkom, soos ook in ander Griekse literatuur te vind is, beteken om met eerbied, in vrees, te dien en te vereer (Bauer 1963 : 1478-1479). Hier is dus woorde wat oorspronklik in verband met die verering van ander gode gebruik is, aangewend om die diens aan die ware God aan te dui. Dieselfde het met die Latynse woord religio gebeur. Die Christendenkers Lactantius en Augustinus het hierdie woorde dus by

die woordeskat van die Christelike Kerk gevoeg, met ander woorde, die woorde is "gekersten". Vir Augustinus het die woord religio toe beteken: die gevoelsmatige verbinding van die mens aan die een ware God deur wie alles geskape is (Von Glasenapp 1959 : 11).

Hierdie "kerstening" van 'n heidense begrip is, volgens Landman et al. (1975 : 55), reeds verantwoord deur die feit dat die betrokke skrywers nie 'n ander plaasvervangende woord beskikbaar gehad het nie en omdat daar in die Ou Testament nie 'n onderskeid gemaak word in woordkeuse wanneer gepraat word oor die diens aan die Here God en die diens aan afgode nie.

Daarom is dit te wagte dat in hedendaagse tale, waar daar dikwels net een woord beskikbaar is vir hierdie selfde saak, dieselfde woord gebruik sal word om die wye veld van religie te omskryf (dit wil sê in sy vae omlyning as vrees vir en aangetrokkenheid tot iets of iemand), en ook diens aan en liefde vir die God wat self inhoud aan die besondere dialogiese verhouding tussen Hom en die mens gegee het (Landman et al. 1975 : 56-57).

Waar daar egter twee verwante begrippe bestaan, naamlik godsdiens en religie, kan hulle maklik as wisselvorme gebruik word, wat dikwels tot onduidelike begrippe-onderskeidings aanleiding kan gee. So skryf Bleeker (MCMLIX : 460) byvoorbeeld dat religie "het woord voor godsdienst" is. Selfs Bavinck (1928 : 12) gebruik soms die woorde naas mekaar. Ook Popma (1958 : 12) gebruik die woord religie bloot as 'n sinoniem vir godsdiens (Landman et al. 1975 : 56).

Ten spyte van sy wisselende woordgebruik, maak Bavinck (1928 : 208) tog hierdie belangrike opmerking in verband met religio: "Het woord is dus volstrekt niet geschikt, om den vollen inhoud van de Christelijk godsdienst weer te geven" (vide ook Stoker 1960 : 117-118; 193).

Dit is uit die bogenoemde bespreking duidelik dat dit verantwoordbaar is om 'n onderskeid te maak tussen religie en godsdiens, veral met betrekking tot die beskrywing van Christelikheid. Die twee begrippe mag egter nie geskei word nie, slegs onderskei word (Landman et al. 1975 : 56).

Landman (1970 : 117) onderskei ook tussen religie en godsdiens. Hy beskou godsdiens as 'n "aan spesifieke inhoude gebonde religie met 'n personaal gedinkte Opperwese as die belangrikste inhoud". Du Toit (1970 : 25) is ook van oortuiging dat die primitiewe religie staan "in die ek-Iets-relasie voor die goddelike, maar nie voor 'n persoonlike God nie". Laasgenoemde is kenmerkend van 'n godsdiens, te wete die mens in verhouding tot 'n persoonlike God (of god of gode) (Landman et al. 1975 : 5).

Volgens Landman et al. (1975 : 56) dui religie op: "Die algemeen menslike verskynsel om huiwerend voor 'n ander werklikheid te buig omdat die mens besef dat hy aan hierdie ander werklikheid gebonde is. Daarteenoor kan die begrip godsdiens aangewend word ter aanduiding van daardie dialogiese verhouding tussen die mens en die ander werklikheid waarin daar spesifieke en besondere

inhoude aan die verhouding gegee is, sodat die mens in diens staan teenoor die een ware God of 'n god of 'n aantal gode."

Teen die agtergrond van hierdie onderskeiding is dit duidelik waarom die Ou en die Nuwe Testament dieselfde woord aanwend vir "die eerbiedige diens van en die toewyding aan die een ware God en die huiwerende adorasie aan ander gode" (Landman et al. 1975 : 57). In albei gevalle gaan dit om godsdienste met partikuliere inhoude en nie bloot 'n algemeen menslike verskynsel nie. Wanneer aan die woord godsdiens egter sy volle betekenis gegee word in die sin waarin Bavinck (1928 : 53) opmerk, naamlik: "Als godsdienst zijn zal wat hij heet, dienst van God, liefde tot God met heel het verstand en heel het hart en alle krachten", kan die woord godsdiens slegs verwys na die diens aan God ooreenkomstig die partikuliere inhoude wat God in die Bybel aan die mens openbaar het.

Ook Kuyper, soos aangehaal deur Landman et al. (1975 : 57), was bewus van hierdie besondere plek van die Christendom en daarom dat hy die benaminge "pseudo-religiën" gebruik om alle religieuse verhoudinge wat nie in die besondere openbaring gegrond is nie aan te dui, terwyl hy van laasgenoemde praat as die "Christelike religie" (vide ook Kock 1970 : 12-29).

Ook Popma (1958 : 66,129) onderskei om hierdie rede tussen ware religie en valse religie, of afvallige religie.

In die lig van bogenoemde is dit noodsaaklik om skrywers wat nie duidelik tussen hierdie twee begrippe onderskei nie, met groot

omsigtigheid te bestudeer, ook wanneer daar in hierdie studie gelet sal word op die godsdienstige begeleiding van die jeugdige. So dink Langeveld (1955 : 83) beslis aan godsdiens, en nie aan religie nie, as hy opmerk: "Als zijn "religie" spreekt de mens meestal datgene aan wat hem antwoord geeft op de vraag naar de zin van zijn leven, van het wereldgebeuren en het wereld-zijn."

Dieselfde geld die werk van Stone: "Opvoeding en Religie". Ook hierin gaan dit wesenlik oor opvoeding in die Christelike godsdiens en nie om 'n bespreking van opvoeding en religie in die algemeen nie (Landman et al. 1975 : 57).

Ook Waterink se beskrywing van die mens as religieuse wese is partikulier van aard. Volgens Waterink (1951 : 56) is die mens na God se beeld geskape en is hy in sy diepste kern van sy bestaan religieus aan God verbind. Hy grond sy oortuiging op die Bybel. Waterink verwys na hierdie kern as die "ik". Dit gaan eintlik om godsdiens en nie die religieuse as 'n algemeen menslike verskynsel nie.

Religieus-wees dui, volgens Waterink (1951 : 57), op 'n aktiewe onderwerping aan God wat deur die mens vereer en aanbid word, gepaard met 'n aktiewe diensbaarheid. Die religiositeit van die mens omvat, volgens Waterink, drie aspekte, die van kennis, van oorgawe en van heerskappy. Dit dui op die uitvoering van die drie ampte soos in die Bybel aangedui: profeet, priester en koning (Waterink 1951 : 57). Dit is duidelik dat sy omskrywing parti-

kulier, naamlik Calvinsties, van aard is, met ander woorde, dit gaan om godsdiens en nie religie nie.

Noudat daar standpunt ingeneem is aangaande die omvang en draagwydte van die begrippe religiositeit, religie en godsdiens, is dit ook nodig dat die wetenskapper blyke gee van die wese en aard van die een betrokkene by genoemde religiositeit, religie en godsdiens, naamlik die mens in die algemeen, en die kind in casu quo jeugdige in die besonder. Anders gestel: Hoe en wie is die jeugdige wat kragtens sy religiositeit begelei word sodat hy religie/outentieke godsdiens bedryf? Om na antwoorde op hierdie vrae te soek, word die wetenskapper genoop om, ter wille van 'n logiese en ontologiese hermeneutiek, ten aanvang na enkele ander pedagogies-relevante antropiese kategorieë van menswees, in casu quo jeugdige-wees, te verwys.

## 2.3 KINDERANTROPOLOGIESE KATEGORIEË

### 2.3.1 Inleiding

Kinderantropologie wil aan die lig bring wat kindwees, as besondere vorm van menswees, wesenlik is. Kinderantropologie wil die kind in eksistensiële totaliteit beskryf. Anders gestel: Kinderantropologie wil die kenmerke van die kind weergee soos wat dit werklik in die geheel van menswees is. Omdat die kinderantropologiese kategorieë mutatis mutandis ook 'n beskrywing van die jeugdige is, sal die skrywer vervolgens slegs na die

jeugdige verwys. Wanneer bepaalde skrywers aangehaal word en hulle na die "kind" verwys, dan is dit wat hulle van die "kind" raakgesien het ook waar van die jeugdige, al sou daar nuanseverskille wees.

Die skrywer wil, in navolging van Barnard (1981 Hoofstuk III), 'n basis vir die pedagogiese soek in die kinderantropologie met die oog op 'n beeld van die jeugdige met 'n werklikheidskarakter. Vir die formulering van die kinderantropologiese kategorieë is die fenomenologiese werkswyse gebruik. Die opvoedingsverskynsel as konkrete en onmiskenbare deel van die lewenswerklikheid het as vertrekpunt gedien. Daar sal egter nie volstaan word met die beskrywing van die kategorieë langs fenomenologiese weg nie. Die kategorieë sal vanuit die Protestants-Christelike lewensbeskouing inhoudelik gevul word, aangesien die uitkomste sal dien as kriteria met betrekking tot 'n partikuliere opvoedingspraktyk, naamlik die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se werksaamhede as 'n Christelike vereniging wat die Drie Formuliere van eenheid onderskryf (<u>vide</u> paragraaf 2.2). Daar sal telkens na die Bybel terug verwys word as die Bron van die grond en inhoud van die Protestants-Christelike mensbeskouing.

Al die kategorieë wys heen na dieselfde fenomeen, naamlik die jeugdige as mens en daarom sal daar noodwendig oorvleueling voorkom in die beskrywing van die onderskeie kategorieë wat dan sal dien tot begripsverheldering. Die eerste waarby stilgestaan word, is die jeugdige as hulp- en steunsoekende wese.

### 2.3.2 Die jeugdige as hulp- en steunsoekende wese

Volgens Oberholzer (1968 : 266) beleef die jeugdige die onvermoë om uit homself en deur homself te word wat hy behoort te wees. Volgens Roux (1980 : 70) is daar geen inherente strukture om die moontlikhede waarmee die kind gebore word se wording te waarborg nie. Menswording is ondenkbaar sonder die antropologiese kategorie van medesyn (De Vries 1978 : 72). Pistorius (1978 : 84) wys daarop dat 'n grondliggende feit aangaande die wording van die jeugdige sy afhanklikheid van opvoedingsteun is.

Vir die ontdekking van 'n behoorlike lewensbestaan is die jeugdige afhanklik van die volwassene se teenwoordigheid in die opvoedingsituasie. Daardeur word die jeugdige in sy bedreigdheid en onveiligheid gesteun om sodoende veiligheid en geborgenheid te kan belewe (Barnard 1981 : 25).

Die Protestants-Christelike interpretasie van hierdie antropiese kategorie dui daarop dat die jeugdige vanweë sy afhanklikheid aangewese is op opvoedingshulp. Deur voorlewing, onderwysing en gesagsuitoefening stel die opvoeder Christelike deugde aan die jeugdige bekend (Barnard 1981 : 27). Die Protestantse Christen sien die jeugdige se gawes as gawes van God wat die jeugdige met behulp van die nodige opvoedingsteun moet verwerklik tot voordeel van homself, sy medemens en tot eer van God. In die aktualisering van sy moontlikhede vervul die Christelike geloof 'n "leidende, ontsluitende en rigtinggewende funksie" (Stone 1972 : 45).

Vervolgens sal die jeugdige as ongeslote wese beskryf word.

### 2.3.3 Die jeugdige as ongeslote wese

Die jeugdige is, volgens Landman et al. (1971 : 89), Gunter (1969 : 119) en Oberholzer (1968 : 276), wanweë sy openheid ook moontlikheid. Die jeugdige se vordering loop nie in vaste bane nie. Dit is vanweë hierdie openheid wat die jeugdige ontmoet kan en ontmoet moet word (Landman en Gous 1969 : 61). Die jeugdige kan, met ander woorde, iemand word, want menswording hou 'n anderswording in. Hy moet anders word en wel met die steun van die ander (opvoeders) as sy medegangers (Barnard 1981 : 28).

Die jeugdige se ongeslotenheid stel hom in staat om self te kies. Hy beskik, met ander woorde, oor keusevryheid. Die jeugdige kan self die rigting en koers van sy wording bepaal (Sonnekus en Ferreira 1979 : 354). Die voorgaande impliseer dat die jeugdige ook verkeerd kan kies en daarom is opvoedingsteun nodig (vide paragrawe 2.3.4 en 3.3.1.1 (1)). De Vries (1978 : 57) lê klem op die saam kies as oorgang vanaf **kies vir totdat** die jeugdige **self kan kies**.

Openheid impliseer ook dat die jeugdige nooit alleen word nie. Hy is "mitsein" omdat hy deur bemiddeling van ander word. Die jeugdige antwoord self op sy aangesprokenheid en bepaal sodoende sy eie wordingsloop (Landman et al. 1971 : 96). Jeugdige bestaan is dus antwoordende en verantwoordende bestaan.

In sy dialektiese ontmoeting met dinge, mense en God leer die jeugdige homself, sy moontlikhede en beperkinge ken (Pistorius 1978 : 94). Volgens Sonnekus en Ferreira (1979 : 354) kan die jeugdige sy gegewe moontlikhede verwerklik vanweë sy intensionele gerigtheid op die wêreld. Elke situasie bied aan die jeugdige die geleentheid tot wêreldontwerp (Barnard 1981 : 29).

Volgens Venter (1988 : 16) wys ongeslotenheid by die mens ook heen na "kreatiwiteit, die vermoë om te eksperimenteer en uitvindings te maak, die vryheid om die lewe aan te durf of sake gewonne te gee, die vryheid tot selfverloëning (hierdie vermoë het besondere betekenis vir die godsdienswording van die mens (jeugdige)), gedagtewisseling, beweging en handeling" (eie invoeging).

Die Protestantse Christen neem sy vertrekpunt met betrekking tot die jeugdige se ongeslote gesitueerdheid in die Bybelse leer dat die mens in 'n antwoordende verhouding tot God staan. Die mens van die Bybel antwoord kragtens sy Godgegewe vryheid op sy aangesprokenheid. Sowel die Ou as die Nuwe Testament getuig van die keusevryheid wat God aan die mens gee (Josua 24:15; Jesaja 1:18-19; Matteus 11:28; Johannes 1:12) (Barnard 1981 : 29-30).

Die jeugdige voer 'n antwoordende bestaan saam met sy medemens in die wêreld teenoor God. Deur die antwoord wat hy gee met sy gedagtes, woorde en dade, bepaal die jeugdige sy eie wording (Barnard 1981 : 30). As gevolg van die sondeval kan die jeugdige nie uit homself 'n Godgerigte antwoordende bestaan voer nie. Deur God se genade, soos in die kruisdood van Christus geopenbaar, is

verlossing van hierdie onvermoë moontlik. **Dit is die taak van die Christen-opvoeder om God se verlossingsliefde aan die jeugdige bekend te stel.** "Op grond van hierdie teenwoordigstelling en die werking van Gods Gees kan die jeugdige deur sy antwoord in Christus inhoud en betekenis gee aan sy menslike moontlikhede" (Barnard 1981 : 30).

Godsdiensonderrig neem sy vertrekpunt in die bekendstelling van God se verlossingsliefde. Die doel van godsdiensopvoeding is die bekendstelling van God se verlossingsliefde, met ander woorde, die begin en die eindpunt van godsdiensopvoeding is die openbaarmaking ofte wel bekendstelling van God se verlossingsliefde. Die doopbelofte van die Afrikaanse Kerke bevestig hierdie taak van die ouer(s) of te wel opvoeder(s) (Formulier om die doop aan die kinders van gelowiges te bedien 1980 : 109-113).

Volgens Sonnekus en Ferreira (1979 : 356) wys die gelykenis van die talente (Matteus 25:14 e.v.) daarop dat die jeugdige opgeroep word om sy talente (moontlikhede) te realiseer en aan te wend.

Vir die Protestantse Christen is sy hoogste vryheid geleë in die aanvaarding van sy verlossing. Opvoeding is, volgens die Protestants-Christelike lewensbeskouing, ten diepste opvoeding tot liefde en geloof. Volgens Pistorius (1978 : 256) moet hierdie steungewing en opvoedingshulp "die kind gevoelig stem vir die aanspreek deur Christus."

Om tot wêreldontwerp te kom, het die jeugdige nood aan

geborgenheid en daarom sal hierdie wesenlike nood van die jeugdige nader omskryf word.

### 2.3.4 Die jeugdige as geborgenheidsoekende wese

Die kind is hulpeloos, weerloos en hulpbehoewend (Whittle 1973 : 175). Die kind se lewe is een van "vrees, onveiligheid en redelose uitgelewerdheid" (Oberholzer 1968 : 318). Die kind lok as gevolg van sy hulpeloosheid versorging en beskerming uit (Nel 1968b : 65) en moet hy as mens "beveilig, ontmoet, vertrou en telkens t.o.v. sy wêreld gesitueer word" (Whittle 1973 : 175). Ook die jeugdige lok versorging en beskerming uit, weliswaar nie soseer fisiese versorging nie, maar veral met betrekking tot sekerheid en veiligheid.

Die jeugdige het steeds nood aan 'n betroubare volwassene wat aan hom die verlangde sekerheid en veiligheid sal bied en sodoende op 'n sinvolle wyse die volwassene se wêreld sal vertolk en ontsluit (Barnard 1981 : 31-32). Die geborgenheid wat die opvoeder in die vorm van die "besadigheid, bestendigheid en konsekwentheid van verhoudinge" bied, (Whittle 1973 : 176) skep vir die jeugdige 'n vastraplek om dit met die toekoms te waag (Landman en Gous 1969 : 61). Die hunkering van die jeugdige na geborgenheid is, volgens Whittle (1973 : 168), 'n hunkering na volwassenheid. Hierdie hunkering na volwassenheid het besondere implikasies vir die onderhawige studie, aangesien godsdiensopvoeding onderneem word met die oog op die bereiking van geestelike volwassenheid (al is

dit eers in die hiernamaals volkome bereikbaar (vide paragraaf 2.5.9). Indien die opvoeder daarin kan slaag om hoopvolle toekomsverwagtinge by die jeugdige te wek met die oog op volwaardige volwassenheid, sal die jeugdige, volgens Whittle (1973 : 168), sy eie menswording as lewenstaak veel makliker aanvaar en by verwesenliking van sy verwagtinge sal hy sy lewe as sinvol beleef, moed skep en dit waag met betrekking tot sy eie toekomstige wording. Omdat hy veiligheid beleef, sal hy uitgaan na die wêreld en op eie inisiatief bindinge aanknoop en sodoende tot die strukturering van 'n eie betekenisvolle leefruimte (wêreld) kom (Van Zyl 1975a : 177). "Die belewing van geborgenheid rig 'n appél aan die kind om sy gawes te aktualiseer en verskaf die gronde vir die kind se beantwoording van hierdie opgawe" (Whittle 1973 : 177) (eie invoeging).

Die Protestantse Christen sien die nood aan geborgenheid en die jeugdige se steunbehoewendheid as geleë in menswees enersyds en andersyds in die mens se gevalle toestand soos die Bybel dit beskryf (Barnard 1981 : 33). Vir die Christen beteken die jeugdige se noodroep dat hy die jeugdige na Christus sal lei omdat hy as opvoeder deur Christus daartoe geroep word (Cronje 1969 : 160). Volgens Pistorius (1978 : 250) word op feitlik elke bladsy van die Bybel beklemtoon dat die mens se geborgenheid in God se sorg geleë is.

Volgens Barnard (1981 : 34) is ware geborgenheid vir die Protestantse Christen veranker in die verlossingsgenade wat God aan die mens in Christus bied. Jesus het self sy ewige trou aan sy kinders

beloof: "Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie" (Johannes 10:28).

Die verwerwing van geborgenheid en sekerheid deur die verbondskind word verkry deur die liefde, vertroue en gesag van sy verbondsouers (ook ander Christenopvoeders). "Dit is hulle wat God se allesomvattende liefde en genade in hul intieme omgang en ontmoeting met die kind verbeeld - meer deur voorbeeld as deur woorde" (Barnard 1981 : 34 na aanleiding van Sonnekus en Ferreira 1979 : 361).

In paragrawe 3.5.3.2 en 3.5.3.3 word die plek van omgang en ontmoeting as deel van die verhoudingsverloop in die opvoedingsituasie aan die orde gestel. Jesus was 'n voorstaander van hierdie <u>via medius</u> as wyse van opvoeding. Jesus het die voorbeeld as didaktiese <u>via medius</u> hoog aangeslaan. Tydens die voetwassing verklaar Hy: "Want Ek het julle 'n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen" (Johannes 13:14-15) (Landman 1974 : 41).

Wanneer die jeugdige geborgenheid beleef, sal hy as eksplorende wese uitgaan en die wêreld ondersoek, verken en eksploreer.

**2.3.5 Die jeugdige as eksplorende wese**

Die wordende jeugdige is voortdurend besig om homself te aktualiseer. Die jeugdige wil sy volwassewording vergestalt, want

hy wil iemand wees (Barnard 1981 : 34). Volgens Gunter (1973 : 79) is die kind by geboorte onvoltooid en ook sy wêreld of bestaanswêreld is, volgens Oberholzer (1968 : 281), nie volledig nie. De Vries (1978 : 68) beskryf die jeugdige as iemand "wat wil uitgaan na sy wêreld om dit te ondersoek, te verken en te eksploreer." Die wêreld nooi die jeugdige tot eksplorasie, maar in sy eksplorasietogte speel geborgenheid 'n deurslaggewende rol. Die jeugdige word opgeroep tot selfontwerp en bewoonbaarmaking van sy wêreld (Barnard 1981 : 34-35).

Volgens Whittle (1973 : 161) moet die jeugdige onder leiding en op eie inisiatief die persoonlike, objektiewe en religieuse sinsveld eksploreer en in terme daarvan sinvolle prestasies lewer (en tot sinvolle godsdienstige insigte kom) (eie invoeging).

Volgens Roux (1980 : 76) is die wêreld van die baba relatief ongestruktureerd en daarom moet hy herstruktureer op sy wordingspad - en dit doen elke jeugdige ook op 'n unieke en indiwiduele wyse wanneer hy eksplorerend uitgaan tot die wêreld.

Die wordende jeugdige vertoon 'n toenemende anderse gesitueerdheid as gevolg van 'n strukturering in die rigting van volwassenheid - dit is egter nie net 'n suiwer kognitiewe aangeleentheid nie, maar sluit ook 'n gevoelsband met daardie werklikheid (Werklikheid) in waardeur hy onderskraag en ondersteun word in sy eksplorasietogte (eie invoeging) (Whittle 1973 : 155).

Die Protestantse Christen glo dat God aan die mens (ook die jeugdige) die hele natuur gee om te verken, te ken, te benut en

daaroor te heers (Genesis 1:28-29) en dit te bewerk en te bewaak (Genesis 2:15) - die jeugdige is, met ander woorde, God se medewerker. In die gehoorsaming van hierdie goddelike opdrag is die mens besig met kultuurskepping (Barnard 1981 : 36) wat slegs moontlik is indien die jeugdige bereid is om te eksploreer en oor te gaan tot arbeid. Volgens Barnard (1981 : 36) is "arbeid fundamenteel deel van menswees en as unieke bestaanswyse is arbeid een van God se basiese seëninge aan die mens." Deur eksplorasie word die kultuurwêreld van die volwassene "oopgestel, verower en tot eie besondere leefwyse herstruktureer." Volgens II Timoteus 3:17 staan die mens (ook die jeugdige) in diens van God, volkome toegerus en voorberei vir elke goeie werk. Volgens Barnard (1981 : 37) impliseer eksplorasie as wyse van wording "vir die Protestantse Christen ook dat die jeugdige die lewende Wet van God sal ondersoek, hom daarin sal verlustig, dit sal bepeins en daarin behae sal skep. Vir die Protestantse Christen is die jeugdige se behoud die kennis van die Wet van God soos geopenbaar in die Nuwe Testament, nl. Jesus Christus. In Hom leer die kind dat liefde tot God en die medemens die grond en doel van sy bestaan is. Eers dan sal hy die goeie wedloop van die geloof kan loop (I Timoteus 6:12)." Dit is <u>mutatis mutandis</u> ook waar van die jeugdige.

Volgens Barnard (1981 : 36) is hierdie antropologiese kategorie ten diepste ook 'n pedagogiese kategorie wat op sy beurt vanuit verskillende lewensbeskouings verskillend geïnterpreteer sou word. (<u>vide</u> paragrawe 3.3.1.1 (b) en (d)). Die jeugdige het in sy eks-

plorasie van die wêreld nood aan gesag en daarmee saam gaan die bereidheid tot gehoorsaamheid.

**2.3.6 Die jeugdige as gesagvraende en -gehoorsamende wese**

Die begrip "gesag" hou verband met die woord "gesê" of "sê". Wanneer iemand hom laat voorskryf, dan word daar gesê dat hy hom "laat besê". Dit dui op gewilligheid om te gehoorsaam. Auctoritas (Engels: authority) hou verband met die werkwoord augere wat onder andere kan beteken "hulp verleen". As naamwoord word dit in 'n wye betekenisspektrum aangetref, naamlik, voortreflik, inskerping, beveiliging, aanmoediging. In die lig van hierdie linguistiese analise verkry pedagogiese gesag 'n besondere dimensie en moet nie goedskiks met dwang, straf en onderdrukking gelyk gestel word nie (Van Vuuren et al. 1976 : 81).

By geboorte beskik die kind nie oor norme waarvolgens hy sy wording tot volwassenheid kan verwesenlik nie en daarom het hy nood aan gesag. Uit sy eie kan die jeugdige nie aan die gesag van behoorlikheidseise voldoen nie. Hyself is by geboorte nog slegs potensieël 'n gesagsdraer (Barnard 1981 : 36-37). Volgens De Vries (1978 : 56) is die jeugdige-in-wording 'n bedelaar om gesag - met ander woorde 'n "gesagsvraer". Ook die jeugdige vind sy veiligheid en geborgenheid in gesag (Van Zyl 1975a : 258). Volgens Oberholzer (1968 : 285) is die kategorie van gesag "'n verklanking van 'n integrale moment in die totale opvoedingsgebeure".

Volgens Gunter (1969 : 122) is daar deur die sinvolle ver-

werkliking van norme in die jeugdige se wordingsgang 'n geleidelike oorgang van uiterlike beheer, beperking en leiding tot selfbeheer, selfbeperking en selfleiding. Die jeugdige sal op sy wordingsweg oor net soveel gesag beskik as wat hy norme verwesenlik het. Deur voortgesette dialoog sal die jeugdige met sy omringende werklikheid aktief en kreatief aan sy volwassewording, wat gesagsaanvaarding en gesagsgehoorsaming impliseer, gestalte gee/moet gee. Die gesagsleiding wat die volwassene aan die volwassewordende gee, behoort simpatiek van aard te wees, nie genadelose strengheid nie. Die betekenis van gesag moet op konkrete wyse tot vergestalting kom (Barnard 1981 : 38).

Die Protestantse Christen weet dat opvoedingsgesag verleende gesag is (Landman 1972 : 24). Kragtens die huweliks- en doopbelofte is sowel ouers as ander opvoeders teenoor God aanspreeklik vir die jeugdige se wordingsgang en impliseer dit dat opvoeders opgeroep word tot gehoorsaamheid aan Sy gesag en dat hulle die kinders sal opvoed "in die ware kennis en vrese van God" (vide paragrawe 3.4.3.2 en 6.5.2).

Namate die jeugdige groter selfstandigheid verwerf (omdat hy tot gesagsaanvaarding kom), word 'n groter mate van bevryding vereis. In en deur die liefde van Christus dien gesagsuitoefening as waarborg vir die ware vryheid van die jeugdige en word sy persoonlikheid eerbiedig (Barnard 1981 : 38-39).

Uit die voorgaande bespreking is daar telkens na norme verwys wat daarop dui dat die jeugdige ook 'n normatiewe wese is.

### 2.3.7 Die jeugdige as normatiewe wese

Opvoeding is, volgens Oberholzer (1968 : 275), nie moontlik sonder die krag van rigtinggewende en waardebepalende norme nie. Die normatiewe is so grondliggend van aard dat dit die opvoedingsverskynsel laat ontstaan (Pistorius 1978 : 275). Volgens Barnard (1981 : 40) is genormeerdheid ingebed in die pedagogiese. "Buiteom die idee van die normatiewe kry die pedagogiese gebeure nie sy gestalte nie." Volgens Gunter (1969 : 97) is die volwassene se leefwêreld 'n wêreld van norme en as sodanig 'n genormeerde wêreld. Die jeugdige-in-wording is onderweg na hierdie genormeerde wêreld. Hy word nie as 'n genormeerde wese gebore nie, maar is slegs moontlikheid. Volgens Whittle (1973 : 170) kan die verwerwing van norme nie aan blote toeval oorgelaat word nie. Sonder hulp kan die jeugdige nie die norme uit sy ouers se handelinge aflees nie. Volgens Barnard (1981 : 40) moet daar in die jeugdige se nood aan daadwerklike steungewing op praktiese wyse deur vergestalting en vertolking voorsien word. Die jeugdige kan nie in afsondering norme as sinvol beleef, begryp, toe-eien en gehoorsaam nie (Whittle 1973 : 171). "Langs die weg van die kind se affektiewe deelname aan die opvoeder se normgerigtheid, word die normstrukture vir hom ontsluit en kom die strukturering van waardes tot stand" (Barnard 1981 : 40). Die teenoorgestelde is ook waar. Liefdelose onderwerping aan waardes en norme bring mee dat daar 'n verlies aan persoonlike vryheid is wat kan lei tot 'n gespanne opvoedingsverhouding omdat die jeugdige in verset kom (Barnard 1981 : 40-41).

Volgens De Vries (1978 : 60) ken die jeugdige 'n bepaalde waarde toe aan die dinge wat in sy eksplorende uitgaan tot die wêreld 'n áppel tot hom rig. Die toe-eiening en die lewe volgens bepaalde waardes bring mee dat die jeugdige verantwoordelikheid vir sy dade aanvaar. Verder word die jeugdige, volgens Whittle (1973 : 171), tot verantwoordelikheid vir sy dade opgeroep en in die mate waarin hy die "voorgeleefde en eksplisiet gestelde norme" verwerklik, verkry hy groter vryheid om sodoende die eise van die behoorlike te verwerklik en dit verder te waag met die genormeerde werklikheid.

Aanvanklik identifiseer die kind sterk met die opvoeder wat die norme voorleef, maar geleidelik onderskei hy tussen die waardes en die opvoeder en identifiseer hy al meer met die waardes self en doen hy die behoorlike ter wille van die behoorlike self (De Vries 1978 : 61). "Deur die suksesvolle verowering en ordeninge van die normatiewe wordingstrukture op sy wordingspad, raak die kind al hoe meer in staat om sy eie handelinge en dié van ander objektief te beoordeel. Op hierdie wyse word die waardes vir die kind steunpunte en 'n verwysingsraamwerk" (Barnard 1981 : 41-42).

Ook die jeugdige leer om al meer met die waardes self te identifiseer en die behoorlike te doen ter wille van die behoorlike. Die beoordeling van eie handelinge is van besondere belang vir die jeugdige (<u>vide</u> paragraaf 3.3.1.1 (c)).

Vir die Protestantse Christen word die normatiewe duidelik en ondubbelsinnig in die Bybel beskryf (Pistorius 1978 : 256). Die

Christen word opgeroep om sy lewe te normeer in ooreenstemming met die Wet en die Profete. In Eksodus 20:1-17 word die kern van die "Goddelike normatiewe" weergegee. Maar dit gaan nie bloot net om die nakoming van 'n minimum voorskrifte nie, maar om die mens se verhouding tot God en sy medemens. "En Hom lief te hê met jou hele hart en met jou hele denke en met al jou krag en om jou naaste lief te hê soos jouself" (Markus 12:34) is die alles insluitende norm wat God stel (Barnard 1981 : 42).

In eie krag en deur wilsinspanning kan die jeugdige nie die Bybelse norme nakom nie en daarom het God deur Sy verbondsgenade in Christus dit wel moontlik gemaak, want Christus het die Wet en die Profete vervul (Matteus 5:17) (Barnard 1981 : 42).

"God roep die verbondsouer en die opvoeder om die steunbehoewende kind deur normvoorlewing te steun tot die toe-eiening van Bybelse waardes en norme" (Barnard 1981 : 42). Soos reeds aangedui, het Jesus die voorbeeld hoog aangeslaan (vide paragraaf 2.3.4). Die via medius dien ook hier as voorbeeld.

Volgens Pistorius (1978 : 260) verhef die Protestantse Christen nie die norm tot die doel nie en daarom gaan dit in die eerste plek om God en "om die kosbare en onvervangbare mens in sy onderweg-wees na Hom toe". Dit gaan vanuit die Protestants-Christelike lewensbeskouing om die jeugdige in die volheid van sy persoonlikheid en om sy liefdevolle gerigtheid op God (Barnard 1981 : 43).

Volwassenheid kan nie losgedink word van normatiwiteit nie. Daar

sal, in navolging van Barnard, 'n volgende antropologiese kategorie, naamlik: die jeugdige as volwassewordende, beskryf word.

### 2.3.8 Die jeugdige as volwassewordende wese

Volgens Landman et al. (1971 : 88) is die begrip toekomstigheid onafskeidbaar en wesenlik verweef met kindwees as vorm van menswees en daarom het die lewe van die jeugdige ook 'n taakkarakter wat daarop dui dat hy sy moontlikhede kan en moet verwesenlik. Die jeugdige ontvang sy lewe as geskenk, maar hy moet sy lewe ook as taak aanvaar (Landman 1972 : 49). Volgens Roux (1980 : 82) impliseer dit dat die jeugdige in en met sy lewe volwassenheid moet verower.

Die jeugdige wil ook self iemand word en is daarom ook toekomsverwagtend. Hy is dus nie tevrede om te bly soos hy is nie (Landman et al. 1971 : 88). Hy is bereid om weg te beweeg van spanningloosheid.

Die jeugdige se volwassenwording verloop nie prosesmatig nie, maar vertoon 'n "dinamiese spel" tussen die leiding van die opvoeder en die jeugdige se eie strewe om sy lewe en wêreld self te ontwerp (Whittle 1973 : 179). "Hierdie kinderlike inisiatief tot volwassewording skep vir die ouers en ander opvoeders 'n gulde geleentheid om in die omgangs- en ontmoetingsituasies hulp aan te bied in die vorm van voorsê, voorleef, onderrig en aanmoediging" (Barnard 1981 : 44).

Volgens Sonnekus en Ferreira (1979 : 51) kondig die jeugdige homself aan "as iemand wat willend medeverantwoordelik is vir die ontplooiing van sy persoonwees in die rigting van volwassenheid". Daarom word die begeleiding en steun van die opvoeder al hoe meer oorbodig (De Vries 1978 : 69).

Vir die Protestantse Christen is die God-mens-verhouding 'n opvoedingsverhouding, want God is die Vader en is (volmaakte geestelike) volwassenheid (vanuit 'n Bybelse perspektief) die doel van die opvoeding. Hierdie volwassenheid dui op "volwasse mense wat ten volle gekom het tot die volmaakte volwassenheid in Christus" (Barnard 1981 : 45) (Vide Efesiërs 4:13). Dit dui op die herstel van God se beeld in die mens en dit is alleen in Christus moontlik (eie invoeging).

Die Formulier om die doop aan die kinders van gelowiges te bedien (1980 : 111) bewoord die beeld van volwassenheid soos volg: "... dat hy (die kind) sy kruis blymoedig mag opneem, Christus daagliks sal volg en Hom aanhang met 'n opregte geloof, vaste hoop en vurige liefde ..." (eie invoeging).

Die beeld van God kan nie slegs deur opvoeding in die jeugdige herstel word nie. Die Christen-opvoeder doen slegs voorbereidingswerk vir Christus. Die opvoeder is bemiddelaar van God se liefde en hy moet "die kind steun tot die waaragtige hoop wat daar in Christus Jesus is" (Landman 1974 : 92). Wanneer die Protestantse Christen-opvoeder opvoedingsteun verleen, doen hy dit biddend met die hoop op 'n toekoms waarin die jeugdige met sy ganse

persoonlikheid tot eer van God sal lewe (Landman <u>et al</u>. 1971 : 55).

Die Protestantse Christen aanvaar die jeugdige soos hy deur God geskape is, soos hy werklik is. As geskapene van God het hy 'n eie waarde en waardigheid, maar as gevolg van sy gevalle bestaan is hy van nature nie goed nie, maar tot die kwade geneig (Barnard 1981 : 27).

Met die bespreking van die kategorie: <u>Die jeugdige as volwassewordende wese</u> bevind die wetenskapper haar meteens ook op die terrein van die pedagogiese struktuur wat in die Pedagogiek-literatuur bekend staan as die <u>pedagogiese doelstruktuur</u>. Dit impliseer ook dat 'n sekere <u>wordingsgang</u> by die volwasse-wordende (jeugdige) aanduibaar is.

Ter wille van 'n logiese eksposisie van die voorgenoemde aspekte, wil dit voorkom asof daar aanvanklik vertoef kan word by die hermeneutiek van die <u>wordingsmomente</u> van die kind in die algemeen en die jeugdige in die besonder, omdat hieruit die <u>opvoedingsnood van die volwassewordende</u> in die algemeen en die <u>godsdiens-opvoedingsnood</u> van die jeugdige in die besonder tot openbaring kan kom. Die voorgenoemde beskrywing word onderneem met die oog op die identifisering van die <u>godsdiensopvoedingsdoel</u>.

## 2.4 GODSDIENSWORDING VANUIT 'N SINCHRONIESE PERSPEKTIEF

### 2.4.1 Inleiding

In die Agogiek word daar primêr onderskei tussen Pedagogiek (die studie van die opvoeding van die baba, peuter, kleuter (ofte wel nepiagogie in die woorde van Roelofse (1994), puerale, asook pre-puber, puber, adolessent (Palland en Jonges 1966 : 222) en vroeg volwassene (vide ook paragraaf 1.4 vir 'n begripsonderskeiding, ook met betrekking tot Andragogiek en Gerontagogiek). Die mees algemene siening is dat die mens op elke wordingsniveau volledig mens is en daarom is 'n faseologie moeilik "bewysbaar", tensy toepaslike kriteria gebruik word. Vir die doeleindes van hierdie studie is, soos reeds aangetoon, die betrokkenheid van die "jeugdige" (wat die puber en adolessent insluit) en in 'n mindere mate die vroeg volwassene die fokuspunt.

In die verklaring en beskrywing van die godsdienstige wording van die jeugdige moet daar in die gedagte gehou word dat die jeugdige in sy op-weg-wees na behoorlike volwassenheid steeds volwaardige mens is. Wanneer daar meer spesifiek op die godsdienstige wording gekonsentreer (gefokusseer) word, geskied dit nie sonder inagneming van die feit dat die jeugdige mens-in-totaliteit is nie. "Die verkenning en beskrywing van die godsdienstige wordinge by die kind(jeugdige)-in-opvoeding impliseer nie dat die godsdienstige 'n afsonderlike en losstaande komponent van die psigiese lewe van die jeugdige is nie. In samehang met die ander

onderskeie komponente maak dit 'n geheel uit van die totale persoonlikheidswording van die kind" (Barnard 1981 : 50) (vide ook paragraaf 2.5.10) (eie invoeging).

In hierdie studie dui die begrip wording nie noodwendig op die verwerwing van nuwe moontlikhede nie, maar wel op die verwerkliking en ontplooiing van dié moontlikhede wat reeds by geboorte gegee is. In die lig hiervan is die moontlikheid van godsdienstige wording, volgens die oortuiging van die Christen, aan die jeugdige gegee kragtens sy geskapenheid deur God. Religiositeit as wordingsmoontlikheid word, met ander woorde, met menswees gegee. Net soos met al die ander moontlikhede realiseer dit geleidelik om uiteindelik tot 'n partikuliere geloofslewe verwerklik te word (Barnard 1981 : 51), maar "als de opvoeding de enting niet verricht, blijft alles aan 'het toeval' over-gelaten" (Langeveld 1956 : 15). Bloemhof (1969 : 76) stem hiermee saam as hy beweer: "Men kan het niet aan het kind overgelaten zelf een religieuze conceptie op te bouwen." Miller (1963 : 77) voeg hierby dat "Religion emerges from within the natural relationships of a child."

Die godsdienstige wording van die jeugdige wat in 'n Christelike huisgesin groot word, sal waarskynlik geheel anders verloop as die van 'n jeugdige wat in 'n Mohammedaanse huisgesin groot word. Kragtens die antropiese ontisiteit: religiositeit (vide paragraaf 2.2), kan aanvaar word dat daar 'n ontvanklikheid vir godsdiens by die jeugdige sal wees en daarom sal die godsdienstige belewinge, gedraginge en gebruike van die volwassenes om hom heen die

wordingsverloop en inhoud van sy godsdiens beïnvloed, met die gepaardgaande invloed op sy totale wording. Die jeugdige vorm, met ander woorde, vir homself 'n beeld van God in die mate waarin hy God in sy opvoeder se lewe en verhoudings beleef (Landman 1974 : 107-108). Volgens Skinner en Harriman (1956 : 376) "the infant has potentialities for adjustment which make possible either (a choice) favourable to, or opposed to religion." Dit geld mutatis mutandis in al die niveaus van wording van die kind, ook die jeugdige tot wie hierdie studie beperk word (eie invoeging).

In 'n Christen-huisgesin sal die Bybel die rigsnoer wees, terwyl in 'n ongodsdienstige huis, waar God se naam nooit genoem word nie, word die wordingsverloop van die Godsidee en dus ook die godsdienswording belemmer of verloop dit anders. Die jeugdige se natuurlike ontvanklikheid vir godsdiens en sy vraag na 'n Maker bly onbeantwoord. In 'n huisgesin waar God se naam oneer aangedoen word, kry die jeugdige 'n skewe of verdraaide beeld van God en word sy godsdienswording benadeel. Volgens die oordeel van die Christen kan die skade van 'n verkeerde godsdienstige opvoeding vir 'n hele leeftyd nadelig wees (Landman 1974 : 108).

Daar moet rekening gehou word met die moontlikhede van sulke remminge wat reeds teenwoordig kan wees met betrekking tot die jeugdiges wat begelei word in hul godsdienswording en daarom sal daar vir 'n wyle vertoef word by die godsdienswording van die peuter en kleuter en die pre-puber sodat dit kan dien as agtergrond vir die verstaan van die godsdienswording van die jeugdige.

### 2.4.2 Godsdienswording van die peuter en kleuter

Die pasgebore baba beskik nie oor bewuste of aangebore kennis van God nie (Havenga 1979 : 145) en hy is ook nie tot godsdienstige belewing in staat nie. Daar bestaan dus geen bewuste godsdiensstrewe nie. Volgens Nel (1968b : 170) beskik die pasgeborene oor "gevarieerde kragte as moontlikhede of potensialiteit" maar kom as hulpelose liggaamlikheid die wêreld binne. Die baba se wêreld bestaan hoofsaaklik uit dit wat hy aanskoulik kan waarneem en verken (Potgieter 1969 : 14) en daarom is hy nie in staat tot kennis van God nie. Geborgenheid is op alle niveaus van belang vir opvoeding, ook godsdiensopvoeding. Volgens Stewart (1967 : 259) ontwikkel "geloof" by die peuter (voorkleuter) gedurende die eerste twee jaar van sy lewe in die gevoel van geborgenheid wat hy by sy moeder beleef.

Volgens Landman (1974 : 108-111) het die kind onder die ouderdom van drie jaar geen werklike besef van God nie en is hy nie gereed vir bewuste godsdienstigheid nie. Hy begryp nog nie die sin en betekenis van godsdienstige gedraginge soos erediensbywoning, huisgodsdiens en gebed nie. Tog is die godsdienstige gebruike en gewoontes die eerte wegwysinge na die godsdienstige belewing en besef van God.

Godsdiensonderrig behels baie meer as om net saans die Bybel te lees, saam met die kind te bid of om kerk toe te gaan (Malan 1981 : 13). Volgens bogenoemde skrywer "is die Christelike godsdiens 'n

leefwyse. As dit uit die hart kom, het dit te doen met elke aspek van die lewe. Ook die lewe van die klein kind." Sy wys daarop dat dit belangrik is dat die peuter en die kleuter godsdiens ervaar en belewe, "anders loop dit die gevaar om altyd net 'n los aangeplakte handeling te bly wat maklik weer afgelê kan word sodra die puberteitsjare met sy vrae en twyfel aanbreek." Sy wys daarop dat die *gevoel* eerder as die *feite* vir die kleuter en peuter van belang is. Sy wys ook daarop dat die Amerikaners sê: "Religion is caught, not taught!". Hieruit blyk dit dat feitekennis aangaande die Bybel nie genoeg is nie. Hoe die feite die kind raak, wat dit vir hom beteken is belangrik. "Die klein kind reageer nie eintlik op die inhoud van die boodskap nie, maar wel op die liefde wat daaruit straal." Volgens Malan is dit te verstane, aangesien godsdiens eintlik met verhoudinge te make het: tussen God en die mens, en tussen mens en mens. Sy wys verder daarop dat gesindhede elke verhouding bepaal en daarom is die regte gesindheid belangrik.

Dit wat Malan aangaande die kleuter sê, is <u>mutatis mutandis</u> ook van belang met betrekking tot die jeugdige na aanleiding van die nuutste benaderswyse betreffende die jeug (<u>vide</u> paragraaf 6.12). Brink (1994e) wys daarop dat daar tradisioneel meer op die linkerbrein gekonsentreer is, terwyl daar nou eers by die regterbrein begin word deur onder andere ervaring, vriendskap en atmosfeer te beklemtoon, veral dan die jeugdige se **belewenis** daarvan en uiteraard ook die van die vroeg-volwassene en volwassene) (eie invoeging).

Landman (1974 : 109-111) gee **enkele riglyne** betreffende die godsdienswording van die kleuter en hoe die godsdiensopvoeding van die kleuter hanteer kan word. Die kleuter vra vrae en soek na gerusstellende antwoorde. Eenvoudige gebedjies kan saam met die kleuter gebid word. Die kleuter moet nie oorlaai word met te veel besprekings van godsdienstige onderwerpe nie of die vooruitloop van kleutervrae nie. Die viering van spesiale kerklike gebeurtenisse, byvoorbeeld Kersfees, Pinkster en Paasfees is ook wegwysinge na 'n godsdienstige belewing.

Volgens Landman (1974 : 111-113) maak die vierjarige homself geleidelik los van die geslotenheid van die gesin, omdat hy meer met ander kinders speel en sodoende allerlei indrukke ondergaan en dit gee aanleiding tot baie vrae, "ook waarom-vrae asof hy wag op die bestaan van 'n Skepper, van 'n Almagtige Maker". Dit blyk dat die vierjarige kleuter hom besig hou met die diepere agtergrond van alles wat lewe. Fantasie speel 'n belangrike rol, maar dit is nie nodig om die werklikheid van die Woord te verander nie. Waarheid en legende moet nie vermeng word nie. Dit is die moeder wat in die eerste plek van Jesus vertel, wat die primêre godsdiensopvoeding voorsien (vide ook Barnard 1981 : 58-59).

Enkele kenmerke van die kleuter se Godsbesef is van belang: **God gryp regstreeks in** en daarom is dit nodig dat hy leer dat nie alles wat hy vra vir hom goed is nie; **God het menslike eienskappe** - deur die regte godsdienstige beïnvloeding besef die kleuter geleidelik dat God anders is as die mens (Landman 1974 : 113). Roelofse (1994) wys daarop dat die mens die wese van God probeer

"verstaan" deur middel van menslike konsepsies, hoewel God nie werklik "menslike" eienskappe hoef te besit nie; **God is vir die kleuter konkreet en aanskoulik** - dit is toelaatbaar, volwassenes moet dit net nie beaam nie; **sy godsbesef hang saam met sy verhouding met sy ouers** - daarom is 'n verhouding tussen kinders en ouers wat voldoen aan Christelike behoorlikheidseise belangrik. Die kleuter het **'n egosentriese (selfsugtige) houding met betrekking tot God** en probeer daarom deur gebede sy wense verwesenlik - dankgebede help die kleuter om hierdie selfsug te oorwin; **God is magtig** en sê wat is goed en verkeerd (Landman 1974 : 113-115) en daarom moet die ouer as opvoeder weet wat die doel van Christelike opvoeding is en die onderskeie opvoedingsverhoudings realiseer (vide paragraaf 3.5.3).

Angs mag nooit gebruik word om godsdienstige gevoelens by die kleuter te wek nie, want dan word God gesien as 'n wreker of vervolger en dit is remmend vir godsdienswording. Die ouers (ook ander opvoeders) moet hul bepaal by die onvervalste waarheid, anders kan die kleuter mettertyd agterdogtig raak met betrekking tot die godsdienstige feite. Dit is belangrik dat die kleuter besef dat die gebed kommunikasie (praat) met God is. In hierdie jare moet die hoofaksent lê op 'n vertroulike, intieme verhouding tot God. Die opvoeders moet hul tot die wesenlike (liefde, goedheid, vertroue, ensomeer) beperk en moet dit op 'n eenvoudige wyse tot die kleuter laat spreek. Daar moet by die belangstelling van die kleuter aangesluit word. Die verhouding van die kleuter tot God is gevoelsmatig; die godsdiens het vir hom

gevoelsbetekenis en daarom kan daar nie van hom saaklike kennis oor God verwag word nie. Verhale oor die hel en die duiwel is verkeerd, anders kry godsdienstigheid 'n negatiewe betekenis wat maak dat die basis waarop die skool moet bou, onjuis is. Die skool, sondagskool/kategese en kerk bou voort op die basis wat in die huisgesin gelê is totdat die kind kom tot 'n eie innerlike oortuiging en dankbare aanvaarding van sy totale afhanklikheid van God (Landman 1974 : 115-117) (vide ook Barnard 1981 : 56-61).

Roelofse (1994) wys daarop dat selfs gerusstellings soos "Slaap nou maar lekker. Die Here sal hier by jou in die kamer bly en Hy sal kyk dat jy niks oorkom nie" die kind vreesbevange kan maak, aangesien hy hierdie onsigbare Wese in sy kamer vrees. Verder wys hy op die probleem van geloofsonwaardigheid indien die ouer (opvoeder) die kind met vrees probeer dissiplineer deur te sê: "Die duiwel sal jou vang as jy stout is", want die duiwel daag nooit op nie. Die opvoeder moet rekening hou met die feit dat die kind ALLES GLO en dat hy ONVOORWAARDELIK GLO.

By die klein kind is daar nog nie sprake van 'n eie normbesef nie, aangesien dit eers vanaf ongeveer die vierde tot die sesde lewensjaar realiseer. Die reëls en norme van die volwassenes met wie hy identifiseer, word deur die kind as sy norme beskou. Die jong kind het 'n kollektiewe normbesef wat sterk gebonde is aan 'n vrees dat hy die volwassene se liefde sal verloor as hy nie gehoorsaam is nie. Die jong kind dink nie na oor hierdie norme nie. Vir die wordende normbesef van die kind is goeie opvoedingsverhoudinge belangrik. Geleidelik word die persoons-

identifikasie 'n identifikasie met die norme self en doen die kind die behoorlike omdat hy wil (Landman 1974 : 121-122).

Die pre-puberteit (en puberteit) bou voort op die godsdiensopvoeding tydens die kleuterjare.

**2.4.3 Die godsdienswording in die pre-puberteit**

Volgens Van Niekerk (1978 : 31) is die kind se God-beeld gedurende die eerste twee jaar van sy skoolloopbaan nog baie sintuiglik, konkreet en onvas. Menslike voorstellings geld nog (Smith 1981 : 29). Volgens Nel (1968b : 212) word die gebedslewe gekenmerk deur egosentrisme. Die pre-puber het die kleuterfantasieë oorwin. Sy denke word geleidelik meer werklikheidsgetrou en daarom is hy meer in staat om te onderskei tussen die werklike en die nie-werklike (Havenga 1979 : 68, 71). In sy kengerigtheid openbaar hy groter realisme (Sonnekus en Ferreira 1979 : 37). Hy is geneig om konkrete gestalte aan sy godsdienstige belewenisse en beskouinge te gee (Van der Walt 1980 : 8). Die mens-vormige voorstelling van God maak later plek vir 'n bonatuurlike eerder as 'n bo-menslike voor- stelling, hoewel daar nog geloof in konkrete kommunikasie is (as ons harder bid, sal God beter hoor). Omdat die pre-puber konkreet dink is dit vir hom moeilik om te verstaan dat God Gees is en daarom oral is, maar ook op 'n spesifieke plek kan wees. Hierdie verstandelike verwarring bly voortbestaan tot ongeveer die dertiende lewensjaar wanneer die jeugdige op 'n volwasse wyse begin dink oor godsdiens (Landman 1974 : 120). Oor die algemeen

dink die primêre skoolkind nog nie aan God in abstrakte terme nie (Barnard 1981 : 63).

Persoonsidentifikasie bly steeds belangrik, maar die invloed van die wil en die verstand word steeds groter. Die norme wat die pre-puber aanvanklik as vanselfsprekend aanvaar het se waarde en betekenis word beoordeel en geleidelik word (vorm/ontstaan) daar by hom 'n eie indiwiduele normbesef, los van die kollektiewe normbesef. Hierdie normbesef moet nie aan godsdienstigheid gekoppel word deurdat God as strawwer voorgehou word nie. Hierdeur word die opvoedingsverhoudinge, asook die kind se normbesef (besef van behoorlikheidseise), wat veral uit die godsdiens moet spreek, versteur (Landman 1974 : 122).

Die Bybel word nog deur die pre-puber hoog geag en hy twyfel nie oor die verhale oor God en Jesus nie. Die Bybel is vir hom nog 'n absolute outoriteit. Hy voel ook dat die God van die Bybel nog steeds werksaam is in vandag se wêreld en daarom moet die opvoeders beklemtoon dat God Iemand is wat **doen** - Hy gryp in, skenk liefde, ensomeer. Die voorstelling van God as 'n man maak in die pre-puberteit plek vir simbole van mag en glorie. Die gebede tot God verander ook - dit is meer onselfsugtig omdat die pre-puber sosiaal meer gevoelig is en tot selfondersoek van sy eie tekortkominge kom. Gebede om 'n beter mens te word en die vra na beskerming bereik nou 'n hoogtepunt omdat die pre-puber bewus word van die druk van die lewe en van fisiese lyding (Landman 1974 : 123).

Geleidelik besef die pre-puber dat die Goddelike liefde en geregtigheid in ooreenstemming met mekaar is. Die pre-puber het nog 'n gebrekkige insig in Jesus se Messiasskap en die betekenis van Sy boodskap. Slegs deur die doelbewuste steungewing (deur sowel voorlewing en uitleg) deur die opvoeders kan hierdie gebrekkige insig oorwin word. Hulle begrip van die kwade is ook nog baie onrealisties. Ook die duiwel word nou as 'n gees beleef, maar dan as 'n bose gees (Landman 1974 : 123-124). Faber (1952 : 43) glo dat daar by die agtjarige reeds sprake van geloofsoortuiging kan wees, maar dit moet nie in die volle teologiese sin van die woord gesien word nie. Volgens Van der Walt (1980 : 8) kan die negejarige gebeurtenisse en dinge in 'n godsdienstige lig sien - hy kan verstaan en insien dat sy goeie gesondheid 'n gawe van God is. Hierdie verandering tree na vore vanweë die feit dat hierdie kind in 'n toenemende mate 'n sin vir die <u>logiese</u> openbaar. Tot dusver het hy hom nie juis bemoei met vrae rondom die <u>waarom</u> nie. Nou wil hy egter weet: Waarom gebeur dinge met my? Wat is die sin en <u>betekenis</u> van hierdie gebeure? (Roelofse 1994).

Namate hy ouer word, kan die pre-puber insien dat hy gefouteer het en dan ontstaan daar skuldgevoelens (Barnard 1972 : 283), maar volgens Steenmeijer-Van Rij (1969 : 71) het hy nog maar 'n klein afstand afgelê met betrekking tot die "besef van zonde en schuld, berouw en openheid voor de vergeving van Gods kant, blijdschap en dankbaarheid, taakaanvaarding en leven met een toekomsverwachting".

Bogenoemde aanhaling gee 'n aanduiding van die grootse taak van die godsdiensmoveerders betrokke by die godsdiensopvoeding van die jeugdige.

Gibson en Hance (1984 : 7-9) verwys na die kinders op hierdie niveau as "Juniors and Middlers". Volgens hulle is die pre-puber besig om gereed te word vir meer abstrakte denke. "They are beginning to evaluate social issues, holding up black and white yardsticks and announcing their judgements. They pose serious questions to parents and teachers, expecting them to point out authorative answers which they can search out for themselves."

Hierteenoor, soos reeds aangedui, aanvaar die kleuter dit wat hy beleef met betrekking tot godsdiens as vanselfsprekend. Daarteenoor sal die kind in die latere jare (ook dié in die eerste jare in die hoërskool) 'n meer rasionele benadering en verklaring verlang (vide paragraaf 2.4.4.2 (b)) met betrekking tot die jeugdige). Hy is nou meer gevoelig vir natuurwetenskaplike verklaringe. Betekenisvolle gesprekke kan hieruit vloei en sodoende kan evangeliese waardes en Waarheid gesoek en getoets word. Die pre-puber moet die geleentheid kry om hierdie Waarhede te bespreek sodat die opvoeder sal weet of hy die Waarhede begryp al dan nie. Dit is moontlik omdat die pre-puberteit gekenmerk word deur 'n relatief stabiele gevoelslewe. In die pre-pubertieit word die kind in 'n groter mate gekonfronteer met die werklikheid buite die vertroude sfeer van die gesin en die skool en sal hy moet leer om selfstandig sy gedrag te bepaal, te beoordeel en te interpreteer. Hy kry ook nou die geleentheid om dit wat hy betreffende

godsdiens beleef en geleer het uit te dra en sy toepassing daarvan te beoordeel en te vergelyk met ander mense (veral sy maats) se wyse van gehoorsaming van behoorlikheidseise. Omdat die maats nou al 'n groot invloed uitoefen, is hierdie vergelyking van besondere betekenis. Wanneer daar na die opvoedingsituasie (skool en huis) teruggekeer word, kan die opvoeders by wyse van dialoog vasstel hoe om hul begeleiding te struktureer. Hierdie begeleidingstaak word vergemaklik deurdat die pre-puberteit gekenmerk word deur heelhartige entoesiasme wat nog nie deur selfbewustheid en twyfel belemmer is nie (Landman 1974 : 117-120).

Die ouers oefen steeds 'n groot invloed uit op die godsdienstige wording van die primêre skoolkind (Bingle 1962 : 15), maar die primêre skoolkind is tog baie meer op die maatsgroep gerig as die kleuter - aanvaarding deur sy maats is vir hom van besondere belang (Miller 1963 : 89).

Teen ongeveer die twaalfde/dertiende jaar begin die primêre skoolkind se godsdienstige ontwikkeling 'n merkbare verandering ondergaan daar die tipiese naïewe kindergodsdiens geleidelik begin plek maak vir 'n meer geestelike ingesteldheid (Barnard 1981 : 68). Volgens De Wet en Van Zyl (1980 : 58) word sy godsbeskouing meer bonatuurlik van aard. Twyfel en onsekerheid begin nou voorkom - dit alles dui op 'n geleidelike oorgang na 'n jeugdige belewing van godsdiens (Barnard 1981 : 68).

Na die pre-puberteit volg die puberteit, die oorgang na volwassenheid (Landman 1974 : 124). Die skrywer wil net weer

daarop wys dat vir die bestek van hierdie studie die begrip jeugdige gebruik word en dat dit die puberteit en adolessensie insluit (vide paragraaf 1.4 vir 'n onderskeiding en beskrywing van die begrippe). Daar sal vervolgens stilgestaan word by wie die jeugdige (puber en adolossent) eintlik is, asook enkele wordingsmomente en watter invloed dit op die godsdienswording van die jeugdige het. Daarna sal die godsdiensbelewing van die jeugdige besondere aandag geniet (vide paragraaf 2.5.10), omdat dit in hierdie monografie juis om die jeugdige se godsdiens-opvoeding gaan.

### 2.4.4 Godsdienswording van die jeugdige (puber en adolessent)

#### 2.4.4.1 Inleiding

Volgens Koekemoer (1974 : 13) is die jeugdige iemand wat nog jonk is - iemand wat nog in wording is. Die jeugdige is iemand wat besig is om normatief te word wat hy uiteindelik behoort te wees: 'n volwaardige volwassene.

"Jonk wees" dui op ouderdom, dus 'n kronologiese kriterium en daarom wil die skrywer net eksplisiet daarop wys dat volwassenheid nie deur chronologiese ouderdom alleen bepaal word nie (vide paragraaf 2.4.1).

Volgens Pieterse (1977 : 6) is die jeugtydperk 'n oorgangstydperk. Die jeugdige is nie meer 'n kind nie, maar hy is ook nie 'n volwassene nie. Die jeugtydperk is 'n lewensmoment waarin die

jeugdige, sowel die skoolgaande as naskoolse jeug, sy verlore ewewig moet herwin en waartydens hy streef na sekerheid en selfstandigheid. Dit is 'n tyd van soeke en twyfel - 'n waardesin moet ontplooi word en helderheid moet verkry word aangaande lewenswaardes - 'n lewens- en wêreldbeskouing moet gestalte kry.

In die lig van Perquin se uitsprake (vide paragraaf 2.4.1) sou daar dus nie sprake wees van 'n "oorgangstydperk" nie, maar wel van 'n bepaalde wordingsmoment/niveau. Uit die voorgaande het dit reeds geblyk dat daar nie slegs drie niveaus, naamlik kind, jeugdige en volwassene onderskei word nie, maar dat elk van hierdie drie weer verdere niveaus omsluit. Hierdie niveaus is onderskeibaar, maar nie skeibaar nie daar die mens altyd volledig mens is en elke mens weer uniek is en daarom sal hierdie niveaus nie streng kronologies onderskei kan word nie. Juis daarom sou dit beter wees om die "verlore ewewig" wat die jeugdige moet "herwin" te beskryf as 'n wording/opwegwees na eie sekerheid en selfstandigheid.

Die jeugdige is, vanweë sy besondere hunkeringe, in hierdie opwegwees aangewese op die hulp en sinvolle leiding van die volwassene. Goethe (vertaal deur Oberholzer ongedateer : 85) beweer "Wie die mens neem soos hy is, maak hom slegter as wat hy is. Wie hom neem soos wat hy behoort te wees, inspireer hom tot wat hy kan wees. Wie die mens behandel asof hy reeds is wat ons wil hê dat hy moet wees, het hom reeds onderweg na wat hy behoort te wees".

Van Vonderen (1992 : 100) sê: "I know that our children's biggest struggle is exactly the same as ours: We are all fighting to draw our sense of significance, have our real needs met, and to view ourselves as loved and accepted on the basis of Christ's performance and not our own." "Christ's performance" dui op die volmaakte, dit wat die Christen-gelowige glo hy sal bereik in die hiernamaals (vide paragraaf 2.5.9) in Christus. In die lig van Oberholzer se verwysing na Goethe en met inagneming van wat Von Vonderen sê, sou dit beteken dat die jeugdige aanvaarbaar is, geliefd is, betekenis het, "volmaak" is op grond van Christus se volmaaktheid en daarom as sodanig begelei behoort te word.

Die jeugdige word op verskeie terreine tot volwassenheid begelei, byvoorbeeld die liggaamlike, intellektuele, maatskaplike, juridiese, estetiese, godsdienstige om maar enkeles te noem.

Aangesien dit in opvoeding gaan om die opvoeding van die mens in totaliteit sal daar vervolgens stilgestaan word by die vernaamste wordingsmomente wat die jeugdige beleef en moet deurleef, aangesien dit meespreek by die godsdienswording van die jeugdige.

2.4.4.2 Aspekte van die wordingsmomente van die jeugdige

Dit is nodig dat daar rekening gehou moet word met die feit dat alle aspekte van menswees telkens 'n gewysigde gesitueerdheid op die verskillende opvoedingsvlakke van die kind se grootwording/ volwassewording vertoon en dat die verskillende aspekte van

volwassenheid op elke niveau in heeltemaal ander verhoudinge tot mekaar staan (Van Vuuren et al. 1976 : 97).

Volgens Barnard (1981 : 68-69) toon die godsdienstige wording van die kind in breë trekke ooreenkomste met sy persoonlikheidswording. Higgo (1977 : 266) wys daarop dat die kind nie slegs langs die weg van die natuurlike ontwikkeling (wording) God vind nie. Die godsdienstige wording van die kind verander nie normaalweg skielik en ingrypend wanneer hy oorgaan vanaf die primêre skool na die hoërskool nie. Crow et al. (1965 : 351) stel dit soos volg: "Contrary to general opinion, the religious attitudes of a maturing young person, in common with his attitudes toward other aspects of experience, do not necessarily change suddenly and radically with the onset of puberty."

Ten aansien van die jeugdige in casu quo hoërskoolleerling is dit nodig dat daar vir 'n wyle vertoef word by verskeie relevante aspekte wat implisiet en/of eksplisiet meespreek in sy godsdienstige wording omdat daar voorlopig aanvaar word dat daar dienaangaande sowel godsdiensopvoedingsmoontlikhede as belemmeringe mag voorkom en wat aan die onderhawige hermeneutiek 'n besondere rigting kan gee. Uit hierdie beskrywing sal dit moontlik ook blyk dat al die wordingsaspekte 'n bepaalde invloed op die godsdienstige wording het. Die wordingsaspekte kan, met ander woorde, slegs onderskei word maar nie geskei word nie. Daar sal eerstens gelet word op die fisiese veranderinge wat die jeugdige beleef en in watter mate dit sy godsdienstige wording raak.

## (a) Fisiese veranderinge

Die mens is 'n eenheid. Volgens Van Vuuren et al. (1976 : 94-95) is hy "be-gees-terde lyflikheid en nie 'n samevoeging van verskillende substansies nie. Die liggaam maak dit moontlik vir die mens om in die wêreld te woon, om dinge waar te neem, om andere te ontmoet." Die mens (ook die jeugdige) is sy liggaam. Die jeugdige beleef sy nog-nie-volwassene-wees en sy volwassewording by uitstek in lyflikheid. Die liggaam maak dit vir die jeugdige moontlik om in die wêreld te woon, om dinge waar te neem en om ander te ontmoet. "Die mens *is* sy liggaam. In sy liggaamlikheid transendeer hy homself; hy baan vir homself 'n weg deur die wêreld deur meer en meer van die wêreld te ontdek en in die ander mense wat hy ook as lyflikheid ontmoet, leer hy homself ken" en daarom is die liggaamlike ontwikkeling/veranderinge van besondere belang (Van Vuuren et al. (1976 : 95).

Die snelle **liggaamlike groei** gedurende die jeugjare het dikwels **moegheid, prikkelbaarheid** en **neerslagtigheid** tot gevolg en daarom beleef die jeugdige soms 'n gevoel van menslike onmag (Havenga 1979 : 83) en besef daarom sy geestelike nood wat maak dat hy sy toevlug tot die godsdiens neem. Dit is veral dan dat hy via 'n belewing van "ongeborgenheid en verlorenheid", van "sondigheid en liefdeloosheid" hom wend tot geloofsaanvaarding van "vergewende en vernuwende" guns en genade van God (Harmse et al. 1979 : 121). Jesus Christus kry vir hom nou groter persoonlike betekenis. As hy in hierdie stadium veral 'n nood het aan identifikasie-figure

met wie hy hom kan vereenselwig, neem Christus vir hom 'n besondere plek in as navolgingswaardige voorbeeld (Barnard 1981 : 77). Hierdie nood aan 'n **identifikasiefiguur** vra dat diegene gemoeid met die godsdiensopvoeding van die jeugdige hierdie ontvanklikheid sal kanaliseer.

Behalwe om liggaamlik groter te word, ontwikkel die sekondêre skoolkind **geslagskenmerke** tydens puberteit. In die emansipasie van die jeugdige word die distansiëring van die ouers steeds groter en groter, terwyl die groter toenadering tot ander opmerklik is. "Met die eie gestalte as maatstaf word na ander gekyk. Die ander se liggaam word (aan)gesien en gemeet en vergelyk met 'n betrokkenheid daarby wat van bewondering of jaloesie of haat of nyd spreek" (Engelbrecht 1972 : 101-102). Selde is die blik neutraal.

Dit is noodsaaklik om bewus te wees van die indiwidualiteit van belewinge. Sekere psigiese belewenisse/spanninge word in die liggaam (byvoorbeeld as maagpyn, hoofpyn, allergieë) gemanifesteer (Engelbrecht 1972 : 102).

Die liggaam wat die jeugdige aanspoor tot emansipasie en die selfversekering gee, is dikwels sy innerlike selfversekering vooruit en daarom die onsekerheid, lompheid en oormatige tydsbesteding aan die liggaam (Engelbrecht 1972 : 102).

Volgens Van Vuuren <u>et al</u>. (1976 : 95-96) stel die lewe eise aan die jeugdige ten opsigte van **liggaamskrag** en uithouvermoë. Die jeugdige is steeds besig om na liggaamlike volwassenheid te

vorder, maar daar kan nie van hom dieselfde liggaamlike prestasies as van 'n volwassene verwag word nie. Dit is onmoontlik om te bepaal wanneer liggaamlike volwassenheid intree. Opvoeding tot eerbied vir die eie liggaam en die van ander vorm 'n integrerende deel van opvoeding. Die jeugdige moet leer om sy eie liggaamlikheid (ook gebreke en tekorte) te aanvaar as 'n geleentheid om te word wat hy kan en behoort te word en wel op 'n menslike wyse. Die eerbied vir die eie liggaam sou vir die Christen-opvoeder van besondere belang wees, aangesien die Christen glo dat God die mens in die moederskoot vorm (vide Psalm 22:10; Jesaja 44:2). Die verwondering oor die almag van God om uit niks 'n mensie te skep en aan sy ouers te leen is, vanuit die Christelike perspektief, die beginpunt vir die eerbied vir die eie liggaam. Vanweë die liggaamlike veranderinge wat intree, ontdek die jeugdige 'n "innerlike wêreld" (Sonnekus en Ferreira 1979 : 363).

Die mens is, met ander woorde, nie net liggaam nie. Die mens beskik oor rede en hierdie aspek word vervolgens aan die orde gestel.

(b) Intellektuele ontplooiing

Die kind is onbeholpe as hy in die wêreld kom en het daarom geen greep op die wêreld, Umwelt, nie. Deur nabootsing kry hy geleidelik 'n handelende greep en bestaan daar naas Umwelt ook 'n Mitwelt as die wêreld van die ander. Deur die bemiddeling van ander kry hy 'n greep op die Mitwelt en leer hy die Umwelt ken.

Uiteindelik kry die wêreld vir hom betekenis en hy beteken vir hom Eigenwelt deurdat hy 'n intellektuele greep op die werklikheid kry (Van Zyl 1975b : 231-232).

Volgens Nel (1968a : 10) dra die intellektuele vermoë van die jeugdige tot abstrakte en logiese denke by tot verdiepte insig, ook met betrekking tot die godsdiens. Die "konkreet-operasionele" denke maak nou plek vir die "formeel-operasionele" denke (Barnard 1981 : 70).

Die jeugdige kan **formeel dink**, dit wil sê hy kan oor sy eie denke of gedagtes redeneer. Hy kan die konkrete denkpatrone al hoe meer verbind met die gevolg dat hy samestellings verkry wat nie in feite voorkom nie. Die jeugdige kan moontlikhede of hipoteses sowel as feite hanteer (Engelbrecht 1972 : 174) (vide ook Prins 1973 : 117).

Hierdie **kritiese ingesteldheid** hou, volgens Basson (1972 : 95), verband met die feit dat die jeugdige nou op skool geleer en aangemoedig word om krities om te gaan met leerinhoude, stelsels en strukture. Sommige jeugdiges ervaar juis dan 'n geloofskrisis, omdat die natuurwetenskap in stryd met die godsdiens skyn te wees (Miller 1963 : 91). Ausubel (1977 : 247,249) merk in die verband op: "... exposure to scientific teaching creates a certain amount of scepticism toward literal interpretations of many theological doctrines", maar hy wys ook daarop dat "For the most part such doubts are peripheral and do not seriously undermine the core of religious faith."

Volgens Nel (1968b : 212) vra die jeugdige vrae oor godsdienstige kwessies omdat sy verstandelike vermoë nou sterk begin ontplooi. Hy soek na antwoorde op sy vrae en aanvaar nie die godsdienstige opvattinge van volwassenes sonder meer nie, maar begin self 'n oordeel vorm (Sonnekus en Ferreira 1979 : 364).

Higgo (1977 : 267) het die volgende twyfelgebiede blootgelê: "die bestaan van God, die skeppingsgeskiedenis, die waarheid en gesag van die Bybel, die wêreldbestuur van God, waar die twyfel veral sentreer oor die uitverkiesing ... twyfel oor gebedsverhoring." Die jeugdige staan wantrouig teenoor dit wat hy nie met sy verstand kan begryp nie (Bingle 1962 : 19). Volgens Barnard (1981 : 84) verwerp die jeugdige dit soms geheel en al of hy los sy twyfel op deur die Bybel as geestelik en nie letterlik te vertolk nie.

Volgens Nel (1968b : 211) kan die soeke na 'n eie standpunt toegeskryf word aan die sentrale plek wat die rede inneem, sowel as die verdieping van insig en die vermoë tot selfkritiek. Omdat die jeugdige nou vir homself begin dink, tree daar dikwels twyfel in met betrekking tot dit wat hy voorheen aanvaar het (Lourens 1970 : 182).

Higgo (1977 : 267) en Du Plessis (1977 : 70) konstateer dat hierdie twyfel van die jeugdige meestal voortvloei uit die ontplooiing van die kognitiewe vermoë met die gepaardgaande ontwikkeling van abstrakte denke omdat dit hom in staat stel om sy bestaande opvattinge, ook sy godsdienstige opvattinge, te ontleed.

Hy ontdek dat baie van sy vroeëre beskouings oor God en godsdiens nie meer stand hou nie. Sy oortuigings en sekerhede begin wankel. Indien die godsdienstige opvattinge van die kleuter (en pre-puber) bots met die jeugdige se eie ervaring en insig dan begin daar, volgens Gous (1974 : 34), "'n suiweringsproses waarin twyfel 'n belangrike rol speel" (eie invoeging).

Twyfel kom op al die wordingsniveaus voor, maar dit bereik 'n hoogtepunt gedurende die jeugjare (Higgo 1977 : 266). Volgens Gous (1974 : 30) kan dit so vroeg as op dertienjarige ouderdom voorkom. Godsdienstige twyfel word bepaal deur die algemene en indiwiduele eienskappe van die jeugdige (Basson 1972 : 98). Volgens Barnard (1972 : 299) word twyfel in 'n hoë mate bepaal deur indiwiduele aanleg. Hurlock (1973 : 232) wys daarop dat "personality" een van die belangrikste bydraende faktore is met betrekking tot die jeugdige se godsdienstige twyfel. Barnard (1981 : 82) wys daarop dat twyfel nie net op die godsdienstige betrekking het nie, maar al die lewensfasette van die jeugdige beïnvloed: "Dit manifesteer onder andere in die keuse van 'n loopbaan, die neem van politieke standpunte en die sluit van jeugverhoudings."

Godsdienstige twyfel kan by sommige jeugdiges van 'n vry ernstige aard wees (Prins 1973 : 122), maar word nogtans as 'n algemene verskynsel aanvaar (Bybelkor 1978 : 109). Volgens Barnard (1981 : 83) bevestig twyfel dat die jeugdige daadwerklik besig is om godsdienstige beskouinge sy eie te maak deur persoonlike betekenisgewing.

Die jeugdige praat en dink baie meer oor God as voorheen, maar Faber (1952 : 109) is van mening dat die jeugdige se geloof nog hoofsaaklik verstandelik van aard is.

Hierdie **formele operasionele denke** stel die jeugdige in staat om te onderskei tussen waarheid en valsheid (Engelbrecht 1972 : 174). Twyfel ontstaan dikwels wanneer volwassenes nie aan die verwagtinge van die jeugdige se Christelike standaarde voldoen nie (Soderholm 1956 : 32). Die jeugdige duld geen middeweg met betrekking tot die godsdiens nie (Barnard 1972 : 300), maar vereis 'n konsekwente uitlewing van die godsdienstige maatstawwe wat volwassenes (veral opvoeders) voorhou. Volgens Van der Westhuizen et al. (1979 : 90) het die jeugdige behoefte aan 'n praktiese toepassing van godsdienstige beginsels wat in die lewe vergestalt word. 'n Saak is vir hom "reg of verkeerd, waar of vals, eg of skyn", juis omdat hy verabsoluteer (Higgo 1977 : 268). Wanneer die jeugdige teenstrydighede tussen die belydenis en die lewe van die volwassene bemerk, twyfel hy of godsdiens die moeite werd is (Gous 1974 : 30). Die jeugdige verdra geen kompromis nie en beskou die "shades of grey in moral and social attitudes and behaviour" van die volwassene as oneerlik en skynheilig (Odlum 1978 : 153). Die jeugdige toets nie die godsdiens aan "haar dogmata maar aan haar lewende belijdenis", met ander woorde, die belyders se lewe moet aan die jeugdige se standaarde vir egtheid beantwoord (Barnard 1981 : 85). "Die jeugdige het nood aan egtheid, aan 'n volwassene wat in ootmoed en vertrouend buig waar hy self nie antwoorde ken nie, wat in nederigheid sy lewe van val en

opstaan voorleef. ... Die bystand van 'n volwassene wat deur sy lewe die werklikheid van sy godsdiens toon, maak die pad vir die jeugdige makliker om tot die kinderlike geloof terug te keer" (Van Zyl 1975a : 261-262) (eie invoeging).

Die belydenisaflegging van baie kerkgenoootskappe rondom die sestiende lewensjaar, het dikwels 'n "tydelike verhewiging van die adolessent (jeugdige) se godsdienstige lewe tot gevolg. Dit is veral dan wanneer die adolessent 'n eerlike voorneme maak om in die geloof te volhard, maar vanweë die twyfelperiode dikwels weer in geloofsonsekerheid verval" en dit bevestig die omvangryke en belangrike rol wat onsekerheid, vertwyfeling en skuldgevoelens (vide paragraaf 2.4.4.1 (c)), wat kenmerkend is van die jeugdige, speel in die godsdienstige wording van die jeugdige (Barnard 1981 : 91-93) (vide ook paragraaf 2.4.4.1 (c) in sake bekering) (eie invoeging).

Die jeugdige kan meer **abstrakte begrippe** hanteer as die jonger kind, want sy denke is meer geskei van direkte ervaring as die denke van die jonger kind. Ook die taalvermoë van die jeugdige verskil van die van die jonger kind s'n. Die taal van die jeugdige is meer tentatief, met ander woorde, dit laat ruimte vir verdere oorweginge terwyl dié van die kind feitelik en absoluut is (Engelbrecht 1972 : 174-175). Dit beteken dat die konkreet-gerigte kindergodsdiens 'n geleidelike verinnerliking ondergaan met die aanbreek van die jeugjare (Spanjaard-Levy 1966 : 86). "Die kind is nou in staat om die onsigbaarheid van God te begryp en om sy alomteenwoordigheid in geestelike sin te verstaan" (Havenga

1979 : 82). Volgens Van Vuuren et al. (1976 : 98) help kennis die mens om 'n greep op die wêreld en lewe te verkry. Hy onderskei tussen drie vorme van kennis, naamlik kennis gerig op die bonatuurlike bestemming van die mens, kennis gerig op die algemene vorming van die mens en kennis ter wille van die nuttige effek wat dit op die maatskaplike lewe het.

Bradfort (1962 : 499) beweer dat "Learning is not a matter of filling a void with information. It is a process of internal organization of a complex of thought patterns, perceptions, assumptions, feelings and skills and of successfully testing this reorganization in relation to problems of living" en daarom moet die intellektuele vorming gerig wees op die gedying van die menslikheid van die jeugdige, tot bekwaammaking vir die uitvoering van 'n eie taak - dit moet kwalitatiewe betekenis hê deurdat dit die moontlikhede van die jeugdige verbeter en 'n gunstige uitwerking op sy wording as persoon het (Van Vuuren et al. 1976 : 98) en in sy hantering van probleme wat hy in sy leefwêreld ondervind (vide paragraaf 3.2). Godsdiensmoveerders (ook die Afrikaanse Christen-Studentevereniging en sy personeelkorps) het as taak die ondersteuning van die jeugdige in die hantering van die probleme wat hy in sy leefwêreld ondervind, asook voorbereiding vir die hantering van probleme wat hy as jong volwassene sal ervaar (vide paragraaf 6.8).

Intellektuele volwassenheid is nie beperk tot rasionele kennis nie, want kennis spruit ook uit geloof, intuïsie, liefde, kuns, ensomeer. Ware intellektuele kennis betrek die mens in sy

ondeelbaarheid, ook as religieuse wese (Van Vuuren et al. 1976 : 99). Dit is vir die jeugdige belangrik om sy geloofsoortuiginge van vroeër te hersien (Smith 1981 : 41). Hy dink na oor wat sonde is, wat geloof beteken en oor die aard en plek van die hiernamaals. Sy godsdienstige beskouinge word omskep "from second-hand fittings to first-hand fittings of his personality" (Allport 1964 : 32).

Baie **besluite** word gedurende die jeugjare geneem wat nie later maklik ongedaan gemaak word nie "en wat in die uitgroei tot Christelike volwassenheid in menige opsig beslissend is" (Terblanche 1966 : 118) en daarom moet die geloofsopvoeding van die jeugdige met erns bejeën word en goed oordink word.

Engelbrecht (1972 : 175) is die mening toegedaan dat die affektiewe (emosionele) ontplooiing en die sosiale ontplooiing van die jeugdige, tewens die hele persoonlikheidsontplooiing eers begryp kan word as alles gesien word in die konteks van die formele denkwyse wat nou eie word aan die jeugdige. "Dit is sy vermoë om die moontlike te vergelyk met die werklike in so baie van die lewensfasette wat tot 'n groot mate verantwoordelik is vir die konflikte waarin die jeugdige hom voortdurend bevind."

**Opstandigheid** is ook kenmerkend van die jeugjare en dit hou verband met die omskepping van die kinderlike godsdiens na 'n eie selfstandige geloofstandpunt. Volgens Calon (1961 : 153-154) is die puberteit "de periode waarin de jongen zelf zijn inzicht wil verwerven, zelf zijn mening wil vormen, en hij verzet zich tegen

de autoriteit ... die zich aandient in de vorm, waarin zij het kind benadert." Dit is in die meeste gevalle nie die gesag van die ouerhuis, die kerk of die gesag van Christus waarteen hy hom verset nie, maar teen die wyse waarop die gesag toegepas word - wat sy redelike en selfstandige ondersoek van geloofswaarhede uitsluit (Barnard 1981 : 74). Vanaf ongeveer die sestiende jaar neem die opstandigheid merkbaar af (Allport 1964 : 32). Die vorme en die graad van intensiteit wat 'n eie standpunt aanneem, word, onder meer, bepaal deur die jeugdige se omgewing (Keyter 1961 : 65) en sy persoonlikheidstruktuur (Barnard 1981 : 75).

Op skool (veral hoërskool) sal die jeugdige die geleentheid hê om sy godsdienstige oortuigings teen die agtergrond van 'n breër perspektief te evalueer. Wanneer hy ander teëkom wie se geloofsoortuigings van syne verskil, sal hy sy eie geloofsoortuigings herevalueer - as hul vir hom waarde het, sal hy die moed hê om hul betekenis steeds aan ondersoek te onderwerp (Jersild 1963 : 378). In die nuwe Suid-Afrika sal dit toenemend noodsaaklik wees, aangesien persone vanuit totaal verskillende geloofsoortuigings al meer met mekaar in aanraking gaan kom (<u>vide</u> paragrawe 6.14.5 en 6.14.6).

Die verkryging van 'n intellektuele greep is geen geïsoleerde bedrywigheid nie. Dit staan nie los van die gevoelsmatige nie. Wie nie tot selfbeheersing in staat is nie, kan geen objektiewe oordeel uitspreek nie. Indien die jeugdige nie deur 'n positiewe leerintensie gerig word nie, sal hy maklik die inspanning wat die intellektuele greep verg, ontvlug. "Wie 'n betroubare,

intellektuele greep wil verower, moet bereid wees om volhardend, sistematies en toegewyd te werk. Die verowering van die intellektuele greep vereis karakterkrag, sedelike krag en geloofskrag dat dit die moeite werd is. Die soeke na kennis as die soeke na 'n intellektuele greep is een van die wyses van sinsoeke en sinontvouing wat deur 'n grondhouding van lewensvertroue gedra word. Die liefde vir die waarheid is die sterkste motiveringskrag vir die inspannende soeke na 'n intellektuele greep" (Van Zyl 1975a : 233-234).

Uit die voorafgaande is die verband tussen die onderskeie wordingsaspekte van die jeugdige, ook die intellektuele en die emosionele, duidelik - daarom mag hulle onderskei word, maar nooit geskei word nie.

Vervolgens sal daar vir 'n wyle vertoef word by die emosionele veranderinge wat die jeugdige beleef.

(c) Emosionele veranderinge

Volgens Greyling (1982 : 92) vorm verandering 'n wesenlike deel van die hoërskooljeug se belewenisse. Hierdie veranderinge is nie net op die liggaamlike vlak nie, maar veral op die emosionele vlak waarneembaar. Gemoedsgesteldhede wissel tussen uiterste grense en belangstellings kom en gaan. Dit is waarom die jeugdige soek na sekerheid, kalmte en begrip. Teen ongeveer die dertiende/veertiende lewensjaar behoort die betreklike rustigheid en geestelike

ewewigtigheid van die skoolperiode tot die verlede (Spanjaard-Levy 1966 : 76).

Die dertien-/veertienjarige jeugdige is in hoë mate 'n gevoelsmens en wil dikwels deur **geloofsbelewing** bevestiging kry van sy Christenskap. As gevolg van sy **emosionele onstabiliteit** skommel die jeugdige se godsdiensbelewing "... van die een uiterste van Godsvertroue na die ander uiterste van Godverlatenheid" (Higgo 1977 : 270). Volgens Prins (1973 : 191) kom daar by die ouer jeugdige by tye 'n **ekstatiese godsdienstige belewenis** voor waartydens hy 'n aansteeklike entoesiasme openbaar. Net daarna kan hy weer in **vertwyfeling, onsekerheid en wanhoop** verval (Barnard 1981 : 80).

Dikwels is die jeugdige baie **idealisties** en **perfeksionisties** in sy godsdienstige strewe en dan voel hy dat daar te min van sy godsdiens in sy lewe tereg kom. Hy blameer dan dikwels die kerk, die predikant of sy ouers vir hierdie toedrag van sake. Vir solank die emosionele oorheers, is die jeugdige nie logies in sy godsdienstige denke en handelinge nie (Barnard 1981 : 80).

Daar kom ook dikwels **ambivalente gevoelens** by die jeugdige voor wat te sterk ingestel is op die intensiteit van sy godsdiensbelewing. Hierdie gevoelens wissel vanaf 'n oordrewe skuldgevoel en diepe terneergedruktheid tot gemoedsrus en matelose vreugde en blydskap. Soos wat die jeugdige ouer word, besef hy dat sonde en gebrokenheid altyd in sy lewe teenwoordig sal wees. Soos sy vermoë om die betekenis van die lewe rondom hom te verstaan, is hy potensieel beter daartoe in staat om tot 'n

dieper begrip van die betekenis van sy godsdiens te kom (Barnard 1981 : 81).

Volgens Plantinga (1967 : 123) raak die jeugdige geleidelik bewus van sy **seksuele gevoelens en behoeftes** wat op hul beurt sy emosionele lewe beïnvloed. Volgens Winder (1974 : 385) sit die jeugdige dikwels vasgevang tussen sy seksuele begeertes waaraan hy wil uiting gee, enersyds, en andersyds gehoorsaamheid aan die eise en voorskrifte van die tradisionle godsdienstige opvattinge en taboes in hierdie verband. Wanneer hy dan die godsdienstige kodes uitdaag, aanval of in verset kom daarteen, ontstaan daar **skuldgevoelens** wat hy nie kan hanteer nie. Wanneer hy boonop seksuele begeertes koester of selfbevrediging toepas, gee dit dikwels aanleiding tot neerslagtigheid, vrees en angs (Basson 1972 : 96). Du Preez (1976 : 58) wys daarop dat sommige jeugdiges se skuldbelewing so erg is "that some adolescents become convinced that their masturbation is a sin against the Holy Spirit for which there is no forgiveness." Sommige jeugdiges neem dan juis weer hulle toevlug tot godsdiens om sodoende die seksuele pre-okkupasie te kan beheer (Barnard 1981 : 81).

Volgens Barnard (1981 : 81) is die jeugdige vandag beter toegerus betreffende feite rakende die seksuele, maar is steeds uitgelewer aan die emosionele aanslag van die pers, die televisie en die vermaaklikheids- en advertensiewese dienaangaande. Indien ouers, onderwysers en ander volwassenes nie die Christelike beginsel en standpunt ten opsigte van seksualiteit stel en voorleef nie, veroorsaak dit ernstige konflik en verwarring in die gemoed van

die jeugdige met verreikende implikasies vir sy godsdienswording. Volgens Loukes (1965 : 101) "Our culture speaks of sex with two voices: one, out of the past, repeating its chill formulae in favour of chastity, the other, eager and contempory, sowing by word and song and picture the seeds of desire." Die konflik en verwarring betreffende die seksuele kan skuldgevoelens tot gevolg hê soos later in die monografie aangedui word.

Dit wat Loukes reeds in 1965 waargeneem het, is vandag net so van toepassing, indien nie nog meer so nie. Dit is veral wat die seksuele betref dat godsdiensmoveerders, ook die Afrikaanse Christen-Studentevereniging met sy personeelkorps, die stel van die Christelike beginsel en standpunt, maar veral ook die voorbeeld met betrekking tot die seksuele as roeping het, asook die hantering van gepaardgaande skuldgevoelens. **Skuldgevoel** speel 'n onmiskenbare rol in die godsdienstige wording van die jeugdige. Dit is eie aan die jeugjare (Barnard 1981 : 81). Skuldgevoelens spruit dikwels uit perfeksionistiese eise wat die adolessent aan homself stel, maar waaraan hy nie kan voldoen nie. Hierdie skuldgevoelens kan lei tot patologiese introspeksie wat weer op sy beurt teneergedruktheid tot gevolg het. Hierdie skuldgevoelens is soms terug te voer na sedelike en godsdienstige eise wat die ouers aan die kind stel (Gous 1974 : 30), asook verwarring en konflik betreffende die seksuele, soos reeds aangedui.

Skuldgevoelens kan remmend inwerk op die jeugdige se godsdienswording, indien die skuldgevoel die gevoelslewe so oorheers dat die jeugdige se geloofsekerheid ondermyn word of die jeugdige

kan deur selfhandhawing en selfverdediging sy skuldgevoelens probeer smoor, bewustelik of onbewustelik (Basson 1972 : 97). Volgens O'Kennedy (1977 : 266) kan hierdie verdringing van skuldgevoelens neurose tot gevolg hê.

Skuldgevoelens kan ook positiewe gevolge inhou: dit kan die jeugdige bring tot berou en gebed. Dit is juis nou dat die jeugdige na gemoedsrus, veiligheid en vergiffenis soek (Barnard 1981 : 89).

Volgens Faber (1952 : 111) is die jeugdige meer as ooit in sy lewe **God-soekend**. Hierdie situasie is 'n ideale aanknopingspunt vir die verkondiging van die Evangelie van vergifnis en verlossing (Higgo 1977 : 273). Die sondebewussyn en skuldgevoelens van die jeugdige bied die moontlikheid tot bekering en wedergeboorte (Spanjaaerd-Levy 1966 : 90).

Bullen (1972 : 116) waarsku teen emosionele druk wat op die jeugdige uitgeoefen word om tot **bekering** te kom, want dan kan die jeugdige tot "bekering" kom bloot in navolging van sy maats. Die aanvanklike "gevoel" verdwyn mettertyd, omdat die betekenis van die bekeringsdaad nog nie werklik begryp word nie en die jeugdige nog nie opgewasse is vir die verantwoordelikheid van Christenskap nie. Ander jeugdiges is weer met soveel ywer besiel dat hul die armes, verstotelinge en gevalle sondaars wil dien - al kos dit wat. Volgens Barnard (1981 : 92) kom die jeugdige tot 'n rustige, betekenisvolle en meer verantwoordelike beroepskeuse

indien hierdie emosionele energie in "bruikbare en aanvaarbare aktiwiteite gekanaliseer word."

Gevoelsopsweping in die godsdiens is ongewens, volgens Gous (1974 : 31), want die meeste "bekerings" wat onder emosionele druk plaasvind, is kunsmatig, geforseerd en minder permanent. Dikwels verdwyn die "gevoel" en verval die jeugdige in vertwyfeling en onsekerheid. Die jeugdige word deur gevoelsopsweping aan verhoogde emosionaliteit blootgestel wat onnodig is en dit ondermyn sy fundamentele vertroue in God en in homself - dit is juis hierdie fundamentele vertroue wat die jeugdige ondersteun wanneer hy emosionele skommelinge, onsekerheid en vertwyfeling ervaar. Verset teen gevoelsopsweping in die godsdiens hou verband met die jeugdige se verwerping van kunsmatigheid. Daar sal in Hoofstuk 5 na kritiek teen die Afrikaanse Christen-Studentevereniging betreffende opsweping gekyk word.

Die voorafgaande wil nie die gevoelselement se bydrae tot die godsdiens ontken nie, want die verhoogde emosionaliteit van die jeugdige vind 'n sterk aanknopingspunt by die gevoelsdimensie wat implisiet met godsdiens gegee is. Die dryf- en daadkrag van die jeugdige word hierdeur bepaal (Barnard 1981 : 923). "Aangevuur deur gevoel sal die jeugdige houdings aanneem en dade verrig wat nie teweeggebring kan word deur koue verstandelike oorwegings nie" (Gous 1974 : 31).

Volgens Van Vuuren _et al_. (1976 : 97) kan 'n verwaarlosing van die gevoelaspek nadelige gevolge inhou, veral vir die godsdienstige en

sedelike opvoeding. Angs maak dat die jeugdige onveilig voel en dan leef hy onder die dwang van godsdienstige en sedelike reëls. Die jeugdige wie se gevoelslewe suiwer en ongedwonge is, is vatbaar vir die mooie en goeie en is daarom oop vir godsdienstige en sedelike beïnvloeding.

Met die verskyning van formele denke begryp die jeugdige nie slegs wat is nie, maar ook hoe dinge kan en behoort te wees. Hierdie nuwe bewuswording van wat is en wat kan wees, tuis, by die skool, wat hulself betref (ook met betrekking tot godsdiens) is waarskynlik onderliggend aan die gevoelens van terneergedruktheid en ontevredenheid wat die jeugdige ervaar/beleef (eie invoeging). Die jeugdige is 'n rebel, omdat hy die werklike voortdurend vergelyk met die ideale. Die werklike is vir hom so vol gebreke dat dit, sowel as sy eie posisie binne die wêreld, vir hom onuithoudbaar is (Engelbrecht 1972 : 175-176). "Because adolescents begin to weigh their own and others' thoughts, they become subjectively involved in their thoughts about themselves. For this reason, adolescents may question the expectation of parents and the community and rebel against these norms and values" (Ferreira 1994 : 61).

Volgens Josselyn (1952 : 38) wissel die jeugdige se **verhouding met sy ouers** van dag tot dag. "Adolescents strive for independence, and parental control can make them feel anxious and threatened." Dit is, volgens Ferreira (1994 : 62), nodig dat die volgende aspekte in die ouer-jeugdige (opvoeder-jeugdige) se verhouding sal figureer (eie invoeging):

1) opbouende kommunikasie;

2) manifestering van liefde en aanvaarding;

3) vertroue en begrip.

Die formele denkwyse bring mee dat die jeugdige besig raak met introspeksie en kritiese selfondersoek. Buierigheid en terneergedruktheid is dikwels die masker waaragter die jeugdige sy onvermoëns as gevolg van hierdie kritiese selfondersoek wegsteek (Engelbrecht 1972 : 176). Wanneer die hele psigiese lewe deur hierdie smartervaring beheers word, word dit deur Waterink (1941 : 150-151) as "Weltschmerz" beskryf. Die besig-wees met homself dra by tot die verskerping van sy emosies en dikwels neem hy sy toevlug in vereensaming (Barnard 1972 : 299). Hierdie belewing van droefheid gaan dikwels gepaard met "nood-schuldgevoel" (Waterink 1941 : 151). By die jong kind is daar slegs die besef dat 'n sekere daad of handeling verkeerd of sleg is, maar die jeugdige besef dat hy self sleg, verkeerd en boos is (Higgo 1977 : 27). Die jeugdige voel sleg, omdat hy as mens onvolmaak en onvolkome is. Die besef ontstaan dat "ik *ben* slecht, ik *ben* verkeerd" (Waterink 1941 : 152). Daar is reeds die een en ander aangaande skuldgevoelens en die invloed op godsdienswording aangedui.

Die jeugdige projekteer hierdie groot besorgdheid oor homself op ander. Dit voel vir hom of ander hom net so krities beskou as hyself. Hierdie gevoel is die wese van die egosentrisme van die jeugdige - hy is behep met ander se opinies van homself. Hierdie egosentrisme is in 'n groot mate verantwoordelik vir die mag van die groep. Selfs die voorkoms van kortstondige vriendskappe spruit

uit hierdie egosentrisme, omdat die basis van vriendskappe eiebelang is (Engelbrecht 1972 : 176).

Omdat die jeugdige besondere waarde heg aan die groep, sal daar nou die een en ander gemeld word aangaande die sosiale gesteldheid van die jeugdige.

(d) Sosiale gesteldheid

Lovell (1971 : 259-260) onderskei vier groeperinge onder jeugdiges naamlik:

1) groeperings omdat die jeugdiges **dieselfde skool besoek** of in **dieselfde woonbuurt woon**;
2) die **kliek** wat gewoonlik **emosioneel** aan mekaar **gebonde** is. Hierdie groepe ontstaan binne skoolverband, in jeugorganisasies (klubs), of onder die kerkjeug. Hierdie groepe word gewoonlik deur vriendskap gebind (Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging bou juis op die feit dat vriendskap as bindingsfaktor dien (vide paragraaf 4.2.10);
3) Groepvorming vanweë **gedeelde belange en ideale** (soos byvoorbeeld geografiese, kulturele en historiese (nasionale) verbondenheid);
4) **bendes** - volgens Lovell voorsien sulke bendes dikwels **belonings** vir die gefrustreede jeugdige by wyse van eer en kameraadskap.

Volgens Greyling (1982 : 93) is vriendskap en 'n soeke na begrip vir die jeugdige van besondere belang ten spyte van 'n warboel teenstrydighede wat die jeugdige ervaar. Die jeugdige ervaar

enersyds 'n **verlange na eensaamheid** en andersyds 'n **begeerte na menslike nabyheid**; daar is 'n sterk drang na selfgelding sowel as 'n bewussyn van lojale toewyding aan maats. Die jeugdige ervaar 'n diepgevoelde begeerte na sukses in sosiale kringe en gaan tegelykertyd gebuk onder 'n knaende gevoel van skaamte.

As mens-in-gemeenskap moet die jeugdige leer om rekening te hou met sy medemens. Eksistensie (bestaan) dui op ko-eksistensie (naas-bestaan). "Eers in en deur die gemeenskap kan die mens na behore op sy individuele geroepenheid antwoord en behoorlik gestalte gee aan sy menswees" (Van Vuuren et al. 1976 : 100).

Die jeugdige leef saam met volwassenes. Die volwassenes verbeeld óf menslikheid óf onmenslikheid in hul medemenslike verhoudinge. "Die volwassewordende sal opgewasse word vir die ontwerp en bewoning van 'n medemenslike wêreld indien die voorlewing en die saamlewing in die gemeenskapsverband hom oproep om menslik te lewe selfs wanneer hy op 'n onmenslike wyse bedreig word." As feilbare mens sal die volwassene (ook die kind en die jeugdige) wel soms skend in plaas van skep (Van Zyl 1973 : 238). Volgens Mussen et al. (1964 : 507) vind die adolessent "little consistent guidance from the culture to help him. In fact, becoming aware of, and learning to adjust to the contradictory values, goals, and methods of adults constitute added problems." Daar moet gewaak word teen veralgemening, maar daar is beslis jeugdiges wat wel probleme ervaar met teenstrydige waardes en werkwyses van sommige volwassenes wat selfs onmenslike gedrag tot gevolg kan hê.

Die afkeuring van onmenslike gedrag deur die jeugdige is 'n uitdrukking van 'n "grondhouding wat na sinontvouing" reik. Die opvoedeling vergewe die opvoeder wanneer hy skend in plaas van skep, indien hy die integriteit van die opvoeder aanvoel, want hy weet dat hy ook vergewe word wanneer hy opreg bely (Van Zyl 1973 : 238-239).

Dit is vir die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se personeel belangrik om te let op hul voorlewing, meer nog is die bereidheid tot vergewing van primêre belang, ook met betrekking tot die verstaan van God se bereidheid om die mens (ook die jeugdige) te vergewe wanneer hy aan God ongehoorsaam is.

Sosiale (maatskaplike) opvoeding dui op steungewing aan die volwassewordende om sy persoonlike lewensdoel in die gemeenskap te verwesenlik. Die jeugdige moet tot bereidwilligheid en voorbereidheid gewek word om in 'n veranderende samelewing te leef en saam te leef, met inagneming van sy indiwidueelheid (Van Vuuren et al. 1976 : 100).

Volgens Lovell (1971 : 258) het die jeugdige 'n **beperkte ervaring** betreffende die lewe en hy bevind homself dikwels in 'n sosiale situasie waar hy nie weet hoe om op te tree nie. Hy is bewus van sy beperkinge en daarby word hy soos 'n kind behandel. Dit gee aanleiding daartoe dat hy sy eie portiergroep uitsoek, want daar beleef hy steun en sekuriteit. Hier kry hy die geleentheid om sosiaal aanvaar te word.

**Saamspeel en saamwerk** in groepe bied die jeugdige die geleentheid

om deugde te beoefen en sosiale gebreke (eiegeregtigheid, eiesinnigheid, ongehoorsaamheid) te bowe te kom. Deur sosiale opvoeding leer die jeugdige om eie belang ondergeskik aan gemeenskapsbelang te maak en leer hy die voorreg ken om met sy medemens aan 'n medemenslike ideaal saam te werk (Van Vuuren et al. 1976 : 101).

Op sosiale vlak sal die jeugdige **eerder kies om te konformeer** met die groep in casu quo die leerlingleier, al sou die ouers en ander volwassenes nie saamstem nie. Sosiale aanvaarbaarheid toon 'n hoë positiewe korrelasie met sukses op skool (Engelbrecht 1972 : 178). Indien 'n jeugdige verwerp word, sal hy dikwels baie moeite doen om aanvaar te word. Indien die jeugdige voortdurend verwerp word, kan hy op verskillende maniere daarop reageer - deur aggressie, deur sosiale ontrekking of deur te oorkompenseer op 'n ander terrein of terreine. Sosiale, vriendelike en entoesiastiese kinders is gewoonlik populêr. Fisiese vaardighede, veral by seuns, dra by tot sosiale aanvaarding. Dit moet egter onthou word dat daar nie veralgemeen kan word nie, want daar is groot verskille betreffende die begeerte tot aanvaarding en die reaksie op verwerping (Lovell 1971 : 258).

Ook die **hetroseksuele samesyn** is vir die jeugdige belangrik, want hierdie erotiek gaan uiteindelik oor in liefde (Engelbrecht 1972 : 178). Volgens Van Zyl (1975a : 228-231) word elke kind as 'n seun of 'n dogter gebore. "Manlikheid en vroulikheid as aangewese wees op mekaar is uitdrukkingswyse van menslikheid." Om die sin van seksualiteit in sy eie lewe te begryp, vra die

jeugdige na informasie oor die verhouding tussen 'n jong man en 'n jong vrou wat aangetrokke tot mekaar voel, oor die huwelikslewe en die verantwoordelikheid van ouerskap. Kennis van seksualiteit sluit meer in as biologiese en fisiese feite. Van Zyl waarsku dat daar nie te veel klem op voorligting aangaande die fisiologiese besonderhede gelê moet word nie, want dit kan *die wonder van die liefde* vernietig. Voorlewing deur volwassenes toon die sin van seksualiteit aan volwasse-wordendes, omdat dit nie in die eerste plek gaan om seksuele behoeftebevrediging nie, maar om 'n verhouding man-vrou in die huwelik. Die opvoeder wat die opvoedeling wil steun tot singewing aan seksualiteit moet kennis dra van die ontwaking van die geslagsdrang, maar hy moet ook weet dat die sin van seksualiteit nie in seksuele bevrediging geleë is nie. Dit is die opvoeder se taak om die jeugdige te help om die sin van seksualiteit te belewe in die ontwakende liefde van die jong seun en jong dogter vir mekaar en hulle te lei tot die besef dat die jong man en jong vrou wat deur wedersydse respek en liefde vir mekaar, weier om mekaar te degradeer tot 'n middel vir biologiese behoeftebevrediging werklik besig is met singewing aan seksualiteit as uitdrukkingsvorm van menswees. Die jeug se taak tot singewing van seksualiteit word bemoeilik deur die wyse waarop die volwasse wêreld deur sy moderne kommunikasiemedia, sy advertensiemedia en sy vermaaklikheidsprogramme seks tot sensasiemiddel degradeer. Laasgenoemde is in 'n groot mate verantwoordelik vir die perversiteit wat kenmerkend is van die moderne tyd. Vrae deur die jeug moet eerlik en reguit sonder emosie beantwoord word. Die ouer is die aangewese persoon om die informasie mee te deel,

maar jeugdiges wend hulle soms tot ander volwassenes - nie noodwendig as gevolg van wantroue nie, maar as gevolg van 'n gevoel van skaamte en ook soms as 'n daad van selfstandigwording. Volgens Van Zyl (1975a : 231) het die jeugdige nood aan die voorlewing van die sin van seksualiteit deur volwassenes in 'n wêreld van "onvolwasse oorgawe aan driftelikheid" om sodoende aan te toon dat seksualiteit die man en die vrou "as draers van waardigheid bevoorreg om uitdrukking te gee aan die skeppende liefde wat mekaar wedersyds oproep om die mens te word wat hy/sy behoort te wees." Verder het die jeug nood aan die "geloofswete dat man en vrou binne die huweliksverhouding geroepe is om die gawe van die verwekking van lewe en die voorreg van ouerskap as opgawe met verantwoordelikheid te aanvaar." Wat Van Zyl (1975a : 231) betref is die singewing van seksualiteit buite die aanvaarding van sedelike norme en 'n religieuse grondhouding ondenkbaar. "Dit is die sinontvouende voorlewing deur volwassenes wat die jeugdige inspireer om die voorligting sinvol te verwerk en te glo dat dit die moeite werd is om nie aan sinlike behoeftebevrediging" verslaaf te raak nie.

Die jeugdige is ook **geografies, kultureel en histories deel van 'n bepaalde groep mense, 'n nasie.** Volgens Gunter (1964 : 385) is 'n nasie 'n groep mense wat deur sekere essensiële, gemeenskaplike bande, belange en sentimente tot 'n selfbewuste, geestelike eenheid saamgebind is. Hierdie groep mense "vorm 'n samelewing wat deur 'n *eie geskiedenis* as 'n gemeenskaplike verlede saamgebind word. Hulle *hoort bymekaar* op grond van 'n

*gemeenskaplike tradisie* waaraan hulle *waarde* heg. Hulle skep 'n heimat, 'n landskap as woongebied waarin hulle tuis is" (Van Zyl 1975b : 173). Volgens Engelbrecht (1972 : 102) huldig elke nasie 'n besondere rangorde van waardevoorkeure. As lid van die nasie moet die jeugdige self kies vir hierdie rangorde van waardevoorkeure en persoonlike verantwoordelikheid vir sy keuse aanvaar (vide paragrawe 3.3.1.1 (f) en (1)). Om die nasionale gevoel by die jeugdige te wek en uit te bou is dit noodsaaklik dat hy sal kennis maak met die godsdiens, gewoontes en geskiedenis van sy volk. Namate die jeugdige op weg na volwassenheid vorder, word hy toenemend opgeroep om stelling in te neem teenoor die geskiedenis, die taal, die volk, die land, die nasionale probleme (soos tans die geval is in Suid-Afrika met betrekking tot versoening/normalisering van verhoudinge) (vide paragrawe 4.2.7 en 4.2.8.4 ) en vooruitsigte waarby hy deur geboorte betrokke is. "*Hy kan wat hy deur erfreg verwerf ook verwerp.*" Die sin van sy geskiedenis en van sy toekoms ontwerp die jeugdige deur die wyse waarop hy dit aanvaar of verwerp (Van Zyl 1975a : 239) (eie invoeging).

Die historiese verwantskap gryp nog verder terug as net die wording van 'n eie nasie. So het die Afrikanervolk 'n historiese verbondenheid met die Westerse beskawing, met 'n erfenis wat uit Athene, Rome en Jerusalem kom. Die historiese en nasionale is altyd nou verbonde aan mekaar (Engelbrecht 1972 : 102).

Opvoeding tot nasionale verbondenheid mag, volgens Van Zyl (1975a : 241), nie die persoonlike verantwoordelikheid vernietig nie.

"Die nasionale word juis bestendig en uitgebou deur die persoonlike verantwoordelikheidsaanvaarding van karaktervaste mense wat bereid is om vir 'n volksaak en 'n landsaak te werk waaraan hulle glo. Hulle ywer en troue diens berus nie noodwendig op die geloof in die volk en die land as sodanig nie. Die nasionale word ook deur dieper geloofsgronde gedra." Dit is duidelik uit die voorafgaande dat die jeugdige se godsdienswording en godsdiensopvoeding nie los van die ander wordingsmomente beskryf en bestudeer kan word nie.

Om uiteindelik tot 'n eie lewensopvatting te kom en volgens bepaalde behoorlikheidseise keuses te maak, is die ontplooiing van 'n verantwoordelikheidsin (as 'n pre-volwassenheidsbelewing) nodig en daarom sal daar enkele opmerkings dienaangaande gemaak word.

### 2.4.4.3 Enkele pre-volwassenheidsbelewinge

#### (a) Ontplooiing van 'n verantwoordelikheidsin

Volgens Van Zyl (1973 : 252-253) is daar verskeie ondersoeke wat bevestig dat daar 'n toenemende bewuswording van verantwoordelikheid is en dat die bewusmaking die eis van simpatieke en tog ferme gesagsleiding stel. Daar is volgens van Zyl 'n sekere orde in die ontluiking. De Bruyne (in Van Zyl 1975a : 252-253) onderskei drie fases naamlik: die pre-morele, die naïef-sedelike bewussyn en die ontluiking van die kritiese gewete. Laasgenoemde is vir hierdie studie van besondere belang, aangesien die kritiese gewete tydens die jeugjare ontluik. Bull (in: Van Zyl 1975a : 252-

253) onderskei tussen **anomie** (geen onderskeiding, duld geen gesagsgehoorsaming nie), **heteronomie** (gesag wat in 'n ander persoon geleë is), **sosionomie** (die gesag berus by die portuurgroep) en **outonomie** (die persoon kies self die gesag) (vide ook paragraaf 3.3.1.1 (1)). Die orde hou wel met die chronologiese ouderdom verband, maar die gang is nie resepmatig nie en daarom is verskillende benaderingswyses nodig om die volwasse-wordende tot selfkeuse, tot vryheid tot verantwoordelikheid te steun sonder om sy unieke persoonwees te skend. Besluitvorming is 'n komplekse aangeleentheid - dit gaan nie net om 'n keuse tussen goed en kwaad en tussen botsende waardes nie, maar dikwels moet daar in die eksistensiële situasie gekies word tussen waardes wat almal geldend is. Soms word sekere geldende waardes in die uitoefening van 'n keuse geskend en daarom is die ontluiking van die onderskeidingsvermoë van die jeugdige belangrik.

"Vryheid tot verantwoordelikheid beteken dat 'n mens gesagsverkennend en gesagsgehoorsamend moet lewe" (Van Vuuren et al. 1976 : 92). Vanuit 'n bepaalde lewensopvatting skryf bepaalde behoorlikheidseise voor wat as behoorlik beskou word. "Vryheid beteken dat die mens gebind word aan die eise van behoorlikheid soos dit spreek uit die lewensopvatting sonder om van homself 'n willose, slaafse konformis te maak" (Van Vuuren et al. 1976 : 93).

Aanvaarding van verantwoordelikheid dui, myns insiens, op onafhanklikheid en daarom sal daar stilgestaan word by die konflik wat die jeugdige beleef met betrekking tot onafhanklike of dan verantwoordelike optrede. Dit is, volgens Mussen et al. (1964 :

546), geensins 'n eenvoudige saak nie, omdat "opposing motivations for independence and for continued dependence are both strong, thus producing conflict and vacillating behavior". Die jeugdige verkry steeds groter vryheid met die gepaardgaande verantwoordelikheid (Engelbrecht 1972 : 178).

In die jeugjare breek die behoorlikheidsbesef deur. Die jeugdige raak bewus van lewensverpligtinge en aangesprokenheid. Die toeeiening van die tradisie, die aanvaarding van 'n eie taak en die ontwerp van 'n toekomsbeeld gaan gepaard met worsteling. Die onrus in die jeugdige se gemoed dui op 'n wete en 'n geloof dat daar eise is wat oproep tot gehoorsaamheid. Teen die sewentiende-agtiende lewensjaar kom daar groter rustigheid. Die jeugdige aanvaar toenemend verantwoordelikheid vir eie beslissings. Wanneer die outonome gewete ontwaak mag die opvoedeling nie aan homself oorgelaat word nie, met ander woorde, sosionome en heteronome gesag is steeds teenwoordig. Die binding aan 'n persoon of 'n groep (portuurgroep) gaan geleidelik oor tot 'n binding aan norme (Van Zyl 1973 : 255-256).

Volgens Van Zyl (1975a : 266-267) glo die Christen-opvoeder in God as die Sinskepper. God het die mens "bevoorreg om deelnemer te wees aan die ontvouing van die oersin. Die mens het geantwoord met sinskending" en nou staan hy skuldig voor God. God het die mens weer eens geroep tot die aanvaarding van die verlossingsgenade deur Christus. Hierdie skuldvergiffenis as bevryding van die sondemag kan aanvaar of verwerp word. Die verloste sondaar word opgeroep tot 'n lewe van dankbaarheid waardeur hy die sin van

sy Vader se liefde aan sy medemens kan ontvou. Hy bly steeds verantwoordelik. Hy is vry om sy vryheid te lewe of te skend. "Dit is 'n duiseligwekkende vryheid sonder die geloof dat die Skenker van die vryheid ook die geborgenheid bied om die verantwoordelikheid wat die vryheid eis, te aanvaar. Ook die geborgenheid is gawe en opgawe. Die mens (ook die jeugdige) kan sy verantwoordelikheid nie ontvlug nie." Die mens, ook die jeugdige, is geroepe om draer van waardigheid te wees (eie invoeging).

Langeveld, soos aangehaal deur Van Zyl (1973 : 262), wys daarop dat "De echtheid (van geloof) zal overal slechts blijken doordat de geïdentificeerdheid blijkt. Ook wie alleen maar 'aanneemt', geeft het reliëf van de persoonlijkheid als zodanig, hoe tradisioneler de eerlijk beaamde traditie blijft. Hoe geringer de eis aan de persoon om zijn geloof te geloven, hoe minder van de persoon verwacht wordt dat hij een stuk eigen verantwoordelijkheid voor zijn geloof draagt, hoe oneigener zijn geloof wordt. Het ontaardt dan tot *leer* - enerzijds - of tot pure sleur anderzijds." Om tot 'n eie geloof te kom, vereis verantwoordelikheid. "Die geloof as gawe stel sy opgawe om die geloof te behou" (eie invoeging).

Om onafhanklik en verantwoordelik te kan optree, is dit nodig om jouself te ken en daarom is die soeke na 'n eie identiteit van besondere belang vir die jeugdige, ook vir sy geestelike groei sodat hy met verantwoordelikheid onafhanklike keuses kan maak en

in die lig van die Bybelse eise die Christelike as waardevol sal ag (Barnard 1981 : 75).

(b) Soeke na 'n eie identiteit

Die jeugdige bemoei hom met die evaluering van sy talente en beperkinge en verder beproef hy verskeie rolle om sodoende te bepaal waar hy die beste pas. "The long-term goals chosen at this time will influence the course of the individual's behaviour for the rest of his life" (Mussen et al. 1964 : 507).

Dit is daarom die taak van alle godsdiensmoveerders, ook Afrikaanse Christen-Studentevereniging-personeel, om die jeugdige te begelei in die keuse van langtermyn doelstellings, veral met betrekking tot die godsdiens, aangesien dit die toekomsvisie van die jeugdige, ook ten opsigte van sy eskatologiese verwagtinge, direk raak. Die jeugdige soek na die antwoord op die vraag "Wie is ek?" Volgens Erik Erikson (in Mussen et al. 1964 : 507) soek die jeugdige na "an ego identity."

Die jeugdige voer, met ander woorde, 'n stryd om emansipasie, om verowering van 'n eie staanplek en om die verantwoordelikheid wat volwassenheid en die vestiging van 'n eie beroep vereis, te verower (Barnard 1981 :78).

Die eksplorend-emansiperende moment dra by tot die jeugdige se kritiese ingesteldheid. Barnard (1981 : 78) en Kemp (1963 : 190) wys op die verband tussen die losmaking van vorige gesagsbande en

die losmaking van die godsdiens en "geloof" van die ouers. Volgens Spanjaard-Levy (1966 : 82) kan die jeugdige homself van hierdie gebondenheid bevry slegs as hy krities en afkeurend staan teenoor die leiding wat hy in die voorafgaande wordingsmomente aanvaar het. Die jeugdige aanvaar, met ander woorde, nie vanselfsprekend die ouers se godsdienstige beskouinge nie. Hy dink meer selfstandig daaroor na en bevraagteken dit ook dikwels, soos byvoorbeeld met kerkbesoek - is dit 'n pligpleging al dan nie (vide paragraaf 3.3.1.1 (1)).

Die jeugdige, net soos die jonger kind, moet dit met die onbekende waag en dit verken om sodoende sy vermoëns te toets en 'n eie oordeelsvermoë te ontwikkel en homself so te leer ken. Hierdie waag-met-die-onbekende gedy waar ouerliefde die jeugdige in staat stel/toelaat om hierdie waaghouding te ontplooi. Dit is veral belangrik dat die jeugdige vry voel om te verskil van sy ouers asook van ander volwassenes. In hierdie soeke na 'n eie identiteit moet die jeugdige sy ouers van die troontjie afhaal waarop kinders hul ouers (as groot en bykans tot alles in staat) plaas - hy moet leer om sy ouers (ook ander volwassenes) meer realisties te sien sodat hy kan ophou om homself as klein, swak en sleg te ag - sodoende ontwikkel sy eie selfbeeld. Dit is veel moeiliker om psigologiese onafhanklikheid te bereik as fisiese en ekonomiese onafhanklikheid. Die jeugdige worstel om homself van die ouers los te maak, om tot emansipasie te kom. Emansipasie is nie dieselfde as verwerping nie (Engelbrecht 1972 : 177).

Die onafhanklike jeugdige neem wel sy ouers se wense en sedelike

waardes in ag, maar handel op grond van 'n eie oortuiging (Engelbrecht 1972 : 177).

Die persoonlikheidsontplooiing van die jeugdige word in 'n groot mate bepaal deur sy omgang met sy eie portuur. In sy omgang met sy portuur kry hy die geleentheid om 'n eie plek te verower. Hy word aanvaar of verwerp op grond van wat hy is en kan doen of nie kan doen nie. Hy kry in die groep die geleentheid om sy idees en opinies te toets. Hy kan sy idees hardop uitspreek, al word dit uitgespreek sonder 'n aanduiding dat dit sy eie idees is. Hierdie besprekings kan kontensieuse onderwerpe, soos ouers, die teenoorgestelde geslag, die huwelik, die skool, ensomeer, dek. In die uitspreek van opinies leer die jeugdige om sy opinie duidelik en logies te stel - hy is besig met selfopvoeding (met die ontplooiing van 'n eie identiteit) (Engelbrecht 1972 : 178) (eie invoeging).

Volgens Engelbrecht (1972 : 178) kan die persoonsbeeld moeilik ontplooi word sonder kompetisie. Vir die jeugdige is kompetisie belangriker as vir die jonger kind. "Wat hy is en waartoe hy in staat is, leer hy as hy ander beoordeel terwyl hy baie krities t.o.v. homself is, ding hy mee en oortuig hom van homself. Dit is nie bloot 'n ontwikkelingsverskynsel nie maar 'n noodsaaklike voorbereiding vir die volwasse lewe wat oorvol kompetisie is op alle terreine bv. in die beroepswêreld, t.o.v. besittings, voorkoms, prestige, liefde, ens."

Smith (1968 : 86) wys daarop dat die jeugjare 'n tydperk van

geestelike ontwaking inlei. Dit val saam met die ontdekking van die "ek" (Basson 1972 : 94) en die soeke na 'n eie identiteit (Rogers, in: Barnard 1981 : 75). Die jeugdige ontdek nou dat die "ek" in 'n "nuwe" en "veranderde" houding teenoor sy ouers, maats, besittings, waardes, God en godsdiens staan. Die jeugdige word homself tot tema (Prins 1973 : 74).

Van Niekerk et al. (1994 : 29) wys daarop dat die jeugdige homself (sy eie identiteit) vind in kommunikasie met ander (sy medemens). "Ontoereikende kommunikasie beteken ontoereikende identiteitsverwerwing en dit lei tot 'n identiteitskrisis" wat tot vereensaming (vide paragraaf 3.2.9.3) kan lei, asook die belewing van sinloosheid van bestaan. Die medemenslikheid teenwoordig in die leefwêreld van die jeugdige spreek, met ander woorde, mee in die vind van 'n eie identiteit (vide paragraaf 3.2.9).

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die vestiging van 'n eie waardesisteem, 'n eie lewens- en wêreldbeskouing, vir die jeugdige van kardinale belang is en daarom dat die lewensopvatting in die onderhawige studie besondere aandag geniet (vide paragrawe 1.2.1.1 en 3.5.4.2 (b)).

Die soek na 'n eie identiteit staan nie los van die soeke na sin en betekenis nie. 'n Eie staanplek is belangrik indien die lewe as sinvol beleef word en as die toekoms betekenis het.

(c) Soeke na sin en betekenis

Daar is 'n intense **soeke na sin** by die jeugdige: Waaroor gaan die lewe? Waar pas ek in (Pretorius 1981 : 153)? Die jeugdige openbaar 'n onversadigbare drang om die sin en betekenis van die lewe te verstaan en te deurgrond, veral wil hy sy eie plek in die geskape werklikheid sinvol beleef (Pretorius 1977 : 40). Die jeugdige wil sy eie sin ontdek. Die jeugdige bevra die gemeenskap. Die jeugdige van vandag is beter ingelig, meer uitgesproke, beter opgevoed, meer aktief, minder tradisie-gebonde en nie tevrede met leë woorde en beloftes nie. Die jeugdige is gesofistikeerd in sy uitoefening van kritiek. "Hulle is besorg oor die sin van samelewing, materiële verskille, waardes, identiteit, godsdiens, moraliteit, politiek, huwelik, gesin, opvoeding, loopbane, die "system" en interpersoonlike verhoudinge (intimiteit)" (Pretorius 1981 : 153).

'n Algemene kritiese ingesteldheid en lewenshouding, soos reeds aangedui, is kenmerkend van die adolessensie. Dit kan toegeskryf word aan die bewuswording van 'n eie persoonlikheid (Terblanche 1966 : 118), die verskerping van die intelligensie- en waarnemingsvermoë (Bybelkor 1977 : 106) en die ontplooiing van abstrakte denke (De Wet et al. 1980 : 55) wat krities en ontledend inwerk op die jeugdige se godsdienstige ervaring en die aktualisering van sy godsdienstige beskouinge (Barnard 1981 : 78). Dit is duidelik dat die verskillende wordingsmomente nie van mekaar te skei is nie en daarom is dit nodig om die hele

spektrum in ag te neem wanneer die godsdienswording van die jeugdige beskryf word.

Hierdie kritiese ingesteldheid strek oor 'n wye spektrum. Dit sluit kultuur, volksleiers, skool en onderwysers, ouers en maatsgroep, homself, asook kerk en kerkleiers, in. Aan die begin van die jeugjare (adolessensie) is die jeugdige se aandag na binne gerig, maar later word sy aandag na buite gerig: op mense en samelewingsstrukture. Onopregtheid en slapheid ontkom nie aan kritiek en verwerping nie, ook nie op godsdienstige gebied nie. Skrifwaarhede en die geloof in God kom ook onder die soeklig (O'Kennedy 1977 : 264).

Aanvanklik glo die kind in sy opvoeders se onkreukbare trou en integriteit (vide paragraaf 2.4.3), maar in die jeugjare soek die jeugdige wat glo aan die sin van menswees en wat 'n sinvolle aandeel aan die medemenslike wêreldkonstituering wil hê na norme (Van Zyl et al. 1973 : 99).

Volgens Pretorius (1981 : 153) wil/moet die jeugdige sin en betekenis ontdek in kommunikasie met die medemens, en veral met sy opvoeders: "Die sin van sy eie lewe word veral via intieme (opvoedings)kommunikasie aan hom gekommunikeer."

Wanneer hierdie kommunikasie ontbreek of ontoereikend is, beleef die jeugdige 'n sinsnood, en dan beleef hy sy bestaan as sinloos. Sommige jeugdiges ontvlug hierdie sinloosheid deur die gebruik van dwelmmiddels, in "'n New Age-moraliteit met slagspreuke soos: "Ek is God" en "Doen jou eie ding!", in passifisme of aktivisme,

misdaad, selfmoord, eetversteurings of seksuele losbandigheid. Al is dit hoe verkeerd, vind die tiener tog 'n mate van sin in hierdie ontvlugting aan sy frustrasie en hartseer" (Van Niekerk et al. 1994 : 28) (vide ook paragraaf 3.2.9.3).

Dreyfus (1972 : 2) beweer: "Youth wants meaning through intimacy with other people" en "Youth is concerned with interpersonal communication and relatedness, action and involvement, and less concerned with conformity to existing social mores" (vide paragraaf 4.2.10).

Volgens Van Niekerk et al. (1994 : 28) is die grootste nood van die jeug hul soeke na intieme kommunikasie met hul ouers en vriende. "Intieme kommunikasie is die enigste werklike teenvoeter vir onsekerheid, eensaamheid en passiwiteit", want dit "bied geborgenheid en die geleentheid om antwoorde op sinsvrae te ontdek, iemand wat vir jou iets beteken en vir jou omgee en 'n vervulling van die mens se mees basiese sosiale behoefte (nood), naamlik **mede-menslikheid.**" Bogenoemde skrywers wys daarop dat wanneer hierdie soeke gedwarsboom word deur oueronbetrokkenheid, oppervlakkige of eenrigting-kommunikasie, sommige jeugdiges ontvlug in seksualiteit, luidrugtigheid en losbandigheid. Daarmee saam ervaar hulle gevoelens van vereensaming en innerlike leegheid, maar tegelyk ook 'n diepe nood aan liefde en begrip (vide ook paragraaf 3.2.9.3) (eie invoeging).

Die jeugjare is by uitstek 'n tydperk van soeke na sin en sekerheid. Dit is juis dié tydperk in die lewe van die mens van

"optimale verankerings- en sinverwerwingsmoontlikheid. Dié feit stel 'n imperatief aan godsdiensonderrig, naamlik dat dit gerig moet wees op die verwerkliking van geloofsekerheid. Die volwassene (opvoeder) se verantwoordelikheid is soveel groter as in ag geneem word dat die jeugdige sin- en sekerheidsoeker hom in 'n wêreld bevind wat, ... singebrekkig is" (Landman et al. 1975 : 123).

Volgens Landman et al. (1975 : 123) sal persone betrokke by die godsdienstige opvoeding van jeugdiges dikwels in hul onderrig by probleme wat uit die jeugdige se soeke na sin en sekerheid en die verwarring wat die jeugdige ervaar wanneer hy met 'n singebrekkige wêreld gekonfronteer word (vide paragraaf 3.2.3), 'n aanloop neem en sal hulle die jeugdige help om sin en sekerheid te vind deur die ontsluiting van die Bybelse inhoude met betrekking tot God, Jesus Christus en die Heilige Gees en dan deur Godskennis tot selfkennis te kom wat dan kan uitloop op 'n "geloofsoorgawe aan Christus deur wie se soendood alleen hy geregverdig kan word en in die oorspronklike verhouding tot God herstel kan word om voorts as burger van die Koninkryk, waar God Koning en hy dankbare gehoorsame is, te lewe."

Volgens Plantinga (1967 : 124) het niks in die plek van die eertydse kinderlike geloof gekom nie en daarom moet die jeugdige opnuut sy waardes en beskouinge ontwerp. Die jeugdige wil as soekende en tastende wese klaarheid verwerf met betrekking tot sy eie bestaan (Sonnekus en Ferreira 1979 : 363).

Die jeugdige besef dat die lewe om 'n lewenshouding vra, ook met

betrekking tot sy eie godsdiens. Soos wat hy ouer word, besef hy wat ondergeskiktheid aan God beteken en daarmee saam leer hy die afstand tussen hom en God ken (Nel 1968b : 212).

Die mens gee op baie wyses sin aan sy in-die-wêreld wees. As voorbeeld word een van hierdie wyses, naamlik die skepping van skoonheid, verder toegelig, omdat dit volgens Van Vuuren et al. (1976 : 103), 'n besondere bydrae lewer tot waardeverwesenliking.

Die skepping van skoonheid is een van die wyses waarop die mens die wêreld leer ken en daaraan sin gee. Die mens kan skoonheid waardeer. Verwaarlosing van hierdie aspek bring 'n verskraalde opvoeding mee, terwyl die estetiese eintlik 'n beter ontplooiing van die ander aspekte meebring. Die jeugdige se moontlikheid tot betekening van sy wêreld word deur die estetiese verbreed en dit vergroot weer die moontlikheid tot waardeverwesenliking en so word daar aan die jeugdige die geleentheid gebied om volwaardiger mens te wees (Van Vuuren et al. 1976 : 103).

Vir die onderhawige studie is die moontlikheid tot waardeverwesenliking wat die estetiese aspek bied van besondere belang, want dit sal noodwendig deel uitmaak van die godsdienstige opvoeding met die gepaardgaande toe-eiening van bepaalde waardes, vanuit die estetiese. Dit raak die mens se belewing van homself as skepsel van God en sy aanvaarding van verantwoordelikheid vir God se skepping (Van Vuuren et al. 1976 : 103).

Volgens Van Vuuren et al. (1976 : 103) ontneem die verwaarlosing van die estetiese die mens van die voorreg van estetiese singewing

en dit bring mee 'n verarming van die menslike moontlikhede om die wêreld te ken en te begryp en dus 'n greep daarop te kry.

Om 'n greep op die wêreld te kry, dui juis op die bestendiging van 'n lewens- en werklikheidsbeskouing waaroor daar enkele opmerkings nou sal volg.

(d) Bestendiging van 'n lewens- en wêreldbeskouing

Van Vuuren et al. (1976 : 103-104) beklemtoon dat "elke bepaalde voorkeur verband hou met die mens se lewensopvatting en dat die rangorde van waardevoorkeure van elke persoon of groep geen ontiese status of selfstandigheid besit nie" (vide paragrawe 1.2.2.1 (b) en 3.5.4.2 (b)).

Geen mens kan iets wil doen of hom voorneem om iets te doen as dit nie vir hom betekenisvol of waardevol voorkom nie. Die beslissings wat die mens vel, is etiese (sedelike) keuses, wat nie logiese keuses is nie. Daarom wil die opvoeder die wils- en waarderingslewe van die opvoedeling (begeleide) so rig dat daar minstens 'n waardering vir die sedelik-goeie sal ontplooi en dat die norme wat daaruit voortvloei, gehoorsaam sal word (Van Vuuren et al. 1976 : 103-104).

"Elke beslissing waarin die sedelik goedkeurenswaardige tot aansyn geroep word, beteken 'n voorwaartse stap op die pad na selfstandigheid. Dit wil sê na die lewensvlak waarop die betrokke persoon op verantwoordelike wyse deur keuses sy plek as

eksisterende in die wêreld kom inneem. Dit is in die klein, alledaagse optredes dat die mens sy sedelike bewussyn openbaar" (Van Vuuren et al. 1976 : 104).

Die jeugdige moet in sy sedelike vorming as gewetensvorming steun ontvang op sy weg na selfstandigheid. Die jeugdige word opgeroep om sy keuses en handelinge so te maak en te rig dat dit sal ooreenstem met die eise van behoorlikheid (soos ingeklee vanuit 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing) (vide paragrawe 1.2.2.1 (b)) en 3.5.4.2 (b).

Die opvoedeling/begeleide hoef nie sy indiwidualiteit prys te gee nie, maar onderwerp hom in vryheid aan die gesag van waardes (Van Vuuren et al. 1976 : 105).

"Sedelikheid beteken immers gehoorsaming van en gestalte-gewing aan waardes wat vrywillig en in geloof aanvaar word. Gehoorsaamheid dui tog op iets of iemand wat gehoorsaam moet word" (Van Vuuren et al. 1976 : 104). Häberlin (in: Van Vuuren et al. 1976 : 104-105) sê dat die gelowige lewe twee kante het, naamlik die religieuse en die sedelike. Wanneer hy praat van die gelowige verhouding tot God noem hy dit "vroomheid" en die gelowige verhouding tussen mense onderling noem hy "sedelikheid".

Brillenburg-Wurth, soos aangehaal deur Van Zyl (1973 : 251), beklemtoon dat "Om waarlijk met inzet van al zijn krachten en al zijn liefde zedelijk te kunnen leven en handelen, moet een mens weten dat dit leven en handelen niet zinloos, niet tevergeefs is." "'n Geloofsbelydenis as die geheeloortuiging met betrekking tot

die waardevolle, die hoogswaardevolle, die blywende, die onvernietigbare en die ondeurgrondelike as laaste grond van vertroue" is noodsaaklik (Van Zyl 1973 : 251).

Uit bogenoemde aanhalings is dit duidelik dat die sedelike nie losgemaak kan word van die religieuse, of te wel godsdienstige belewenis nie. Dit het ook verreikende implikasies vir die onderhawige studie, aangesien die godsdiensopvoeding van die jeugdige die sedeliike aspek omsluit.

#### 2.4.4.4 Samevattende opmerkings met betrekking tot die godsdienswording van die jeugdige

"Die puber streef na 'n eie **verantwoording van sy lewe en lewensopvatting** en kan dus tot die geloof kom en vir die godsdiens kies. Van buite-uit wel iets op: 'n verlange na die volkome (volmaakte) en die onvoorwaardelike. Daar is 'n driftige wil-weet, 'n hardnekkige wil-beskou, 'n onewewigtige wil-beredeneer. Dikwels is daar 'n wantroue teenoor die ampsdraers van die kerk, gepaard met 'n groot vatbaarheid vir die persoonlike kwaliteit van diegene wat oor Geloof met hom praat en dit op so 'n wyse doen dat die puber voel dat hy nie meer 'n kind is nie, maar dat hy 'n nuwe status verwerf het. ... Vir hom is status van besondere belang veral omdat hy in 'n tydperk verkeer waarin hy onseker is van sy plek in die samelewing. Hy is nóg kind, nóg grootmens" (Landman 1974 : 127). Die wantroue wat soms bestaan en die geringskatting van kerkbesoek, asook die agterdog met betrekking tot die

godsdienstige lewe wys daarop dat die jeugjare 'n protestydperk is. Hierdie protes is dikwels 'n uiting van die jeugdige se begeerte om vir homself te dink en daarom moet persoonlike denke aangemoedig word, want godsdiens is per slot van rekening 'n persoonlike ontmoeting met die Waarheid (Landman 1974 : 129).

Dit is daarom belangrik om aan die jeugdige steeds meer en meer verantwoordelikheid te gee soos hy ouer word en meer ervaring opdoen. Gesag en dissipline moet ook nie laat vaar word nie, maar respek, vriendskap en verdraagsaamheid tesame met die nodige strengheid is nodig vir die goeie orde (Landman 1974 : 127-128, 130).

Omdat die jeugdige vir homself wil dink, raak dit ook sy verhouding tot die kerk, want hy wil self besluit oor die waarde en noodsaaklikheid van kerkbesoek. Hy wil nie meer voorgeskryf word nie (Smart et al. 1972 : 622). Dit hou verder verband met die jeugdige se vertwyfeling, asook die sterk kognitiewe ontwikkeling. Die afname in kerkbesoek hou ook verband met die moderne tendens om minder kerk toe te gaan (Barnard 1981 : 99).

Met die voorafgaande opmerkings betreffende die jeugdige se wording, met besondere verwysing na sy godsdienswording, word voorlopig volstaan. Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se bydrae tot die godsdienswording van die jeugdige word in Hoofstuk 6 beskryf en ge-evalueer.

Daar sal vervolgens stilgestaan word by die diakroniese verloop

van godsdienswording in die algemeen en by die diakroniese verloop van godsdienswording by die jeugdige in die besonder.

## 2.5 DIAKRONIESE VERLOOP VAN GODSDIENSWORDING: VIA SALUTES.

Die diakroniese verloop van godsdienswording dui vir die Christen-opvoeder op die heilsweg of te wel heilsorde.

Die volgende stadia in die heilsweg (heilsorde: God se orde) word onderskei, maar nie geskei nie, naamlik:

i) roeping en wedergeboorte - **met God as die iniseerder;**

ii) geloof, bekering, regverdigmaking, heiligmaking, volharding en verheerliking - **die mens antwoord op God se inisiatief** deur God se genade.

Christus het vir die mens deur Sy dood verskillende weldade verdien wat Hy, deur sy Woord en Gees, aan die mens meedeel. Onder die woord "heilsorde" word verstaan al daardie weldade wat Christus verdien het en die manier en orde waarop die mens daarvan in besit kom (Greyling 1960 : 281). Die Heilsorde is die weg waarlangs die Heilige Gees die weldade van Christus, die vergewing van sondes en die ewige lewe, aan die mens skenk. Dit begin by die wedergeboorte en eindig by die verheerliking van die mens (Visser 1953 : 123-124).

Vervolgens sal daar by elkeen van hierdie weldade stilgestaan word. Om die jeugdige te begelei (vanuit die Christelike perspektief) is dit nodig om aandag te gee aan bogenoemde aspekte

van die heilsorde en daarom volg daar nou 'n beknopte beskrywing van elkeen van hierdie aspekte.

Die mens ontvang die **roeping** tot geloof deur God.

### 2.5.1 Roeping

Die mens is in sy natuurlike sondige toestand "onbekwaam tot enige goed en geneig tot alle kwaad" (Greyling 1960 : 291). Hy het nie die kennis of die lus om God te dien nie. Hy moet uit hierdie sondeslaap wakker geroep word. Uitwendig word hy deur die Woord en deur Woordverkondiging uitgenooi/opgeroep om die verlossing wat Christus verdien het te ontvang (Lukas 14:17; Matteus 22:14). Die inwendige roeping ge- skied deur die werking van die Heilige Gees waardeur die hart geopen word vir die uitwendige roeping van die Woord (Esegiël 3:11; Romeine 8:30; Handelinge 16:14). Die uitwendige roeping kom tot alle mense en is weerstaanbaar. Die inwendige roeping kom slegs tot die uitverkorenes en is onweerstaanbaar (Greyling 1960 : 291-292). Die algemene roeping kom via die Woord (Matteus 22:14), terwyl die besondere roeping via die Woord en Gees tot die mens kom (Romeine 8:30; Esegiël 33:11 en Handelinge 16:14) (Roelofse 1994).

Die verandering wat teweeg gebring word deur die inwendige roeping, word die **wedergeboorte** genoem en God is weer eens die inisieerder.

### 2.5.2 Wedergeboorte (geestelike)

Die Gees van God werk misterius, soos die wind, maar Sy uitwerking is duidelik, konkreet en onmiskenbaar. Elkeen het hierdie opwekkingskrag van die Heilige Gees nodig om die ewige lewe te ervaar (Wiid 1979 : 186).

Wedergeboorte herstel die beeld van God in die mens, maak sy wil weer Godgerig (hy kom, met ander woorde, tot die versaking van die eie wil), asook die rig op die goeie (Greyling 1960 : 292). Die wedergeboorte het tot gevolg die wek van nuwe geestelike lewe in die geestelik dooie mens (Visser 1953 : 125). Dit word vir hom gegee om te glo (Efesiërs 2:8) om, met ander woorde, tot geloof te kom. Enkele opmerkinge dienaangaande volg nou.

### 2.5.3 Geloof

Saligmakende geloof is nie 'n aangebore vermoë nie. Dit moet verwerf word. Die mens glo nie in die saligmakende werking van die bloed van Christus nie. Die bewerking van die geloof geskied deur God-Drie-Enig, veral dan deur die werking van die Heilige Gees (Greyling 1960 : 257-258). Geloof het 'n verandering van gesindheid en wandel tot gevolg wat bekering genoem word.

Geloof is nie net 'n verstandelike aanvaarding van die "evangelie" - die waarheid omtrent Jesus - nie, maar 'n aktiewe toewyding aan Hom as persoon (Wiid 1979 : 188)

Die skrywer wil na aanleiding van kantaantekeninge van Roelofse (1994) daarop wys dat daar onderskei moet word tussen kwasiegeloof, aangesien selfs die duiwels glo (Jakobus 2:19), historiese geloof soos die van Agrippa (Handelinge 26:27), tydsgeloof (Matteus 13:20, 21 - Die Saaier) tydens spesifieke geleenthede (soos byvoorbeeld by kampe van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging kan plaasvind (vide paragraaf 5.4.3.1), indien druk (groeps-) uitgeoefen word) en wonderbare geloof (Lukas 10:17) en dan ware geloof wat regverdig en red van verderf (Johannes 3:16).

Wanneer die mens tot geloof kom, ontstaan daar 'n verandering van gesindheid, gevolg deur 'n verandering in wandel en hierna word verwys as **bekering**. Enkele opmerkinge dienaangaande volg nou.

### 2.5.4 Bekering

Die Afrikaanse woord "bekering" word in die oorspronklike Grieks deur twee woorde aangedui. Die een gee 'n verandering van gesindheid te kenne (Markus 1:14-15) en die ander 'n ommekeer van die verkeerde weg, 'n verandering van wandel (Handelinge 11:8).

Die verandering van gesindheid word genoem die eerste bekering en die verandering van wandel die voortgesette bekering (Greyling 1960 : 293). Volgens Markus 1:15 en Handelinge 17:30 word bekering van die mens geëis.

Daar bestaan verskeie standpunte met betrekking tot die partikuliere aard van bekering, met betrekking tot die hoe, waar

en wanneer van bekering en die Bybel spreek hom nie eksplisiet hieroor uit nie. Die vraag wat ontstaan, is: Maak dit werklik saak dat daar verskeie standpunte bestaan? Die hoe, waar en wanneer is uiteindelik God se saak.

Niemand kan homself voor God regverdig nie, slegs God kan die mens onskuldig verklaar en daarom word daar vir 'n wyle stilgestaan by **Regverdigmaking.**

### 2.5.5 Regverdigmaking (regverdig; geregtigheid)

Die woord "regverdig" of "regverdigmaking" word in 'n juridiese/wetlike, regterlike sin gebruik en dui daardie handeling van die regter aan waardeur hy die aangeklaagde of beskuldigde, nadat hy alles noukeurig ondersoek het, vryspreek of onskuldig verklaar. Dit het die teenoorgestelde betekenis van veroordeel/ verdoem. Dit is nie 'n sedelike daad nie - die mens word nie daardeur 'n beter mens gemaak nie (wedergeboorte en heiligmaking het met die sedelike te make). Met regverdigmaking word bedoel die onskuldigverklaring van die sondaar deur God. Die mens kom te staan in 'n ander regsverhouding tot God (Greyling 1960 : 251).

Dit is ook deur God se groot Genade dat die mens groei in **heiligmaking**, waarby daar vervolgens stilgestaan word.

## 2.5.6 Heiligmaking (Heiliging; Heiligheid)

### 2.5.6.1 Begripsverklaring

Die begrip **heiligmaking** dui op:

i) afsondering;

ii) geestelike krag.

Afsondering kan dui op die afsondering van offers, priesters (geklee met gesag), musikante en liturgiese bedrywe.

### 2.5.6.2 Ou Testamentiese gebruike van die woord heiligmaking

In die Ou Testament word verwys na kadosh (Hebreeus) wat gedui het op afsondering van die gewone. Dit was moontlik 'n Kanaänitiese woord gewees.

Heiligheid is nie 'n uniek-Christelike terminus technikus nie, maar word in baie gelowe gevind, byvoorbeeld die Hebreeuse geloof.

In die Hebreeuse geloof verwys **God se heiligheid** na twee aspekte:

i) Hy staan bokant die geskape werklikheid;

ii) Hy is die Gans Andere (vide paragraaf 2.2.2.1).

God wil hê dat die mens ook heilig (afgesonder) moet wees en daarom word Israel die uitverkore volk. Heiligmaking is dinamies: dit lei tot 'n nuwe lewe - **ter wille van God** (Deuteronomium 7:6; Jesaja 8:13; Levitikus 11:44-45, 19:2, 20:7,26 en andere). "Julle sal heilig wees omdat Ek heilig is (Numeri 15:40).

God het Sy volk uit Egipte gelei **om vir hulle 'n God te wees** (Numeri 15:41 ev; Jesaja 40:25; 41:14; 43:3,14; 45:18; 57:15) waar Sy Heiligheid verwys na Sy Liefde, meer as na straf.

Die Ou Testamentiese idees is nog van krag (vide byvoorbeeld Handelinge 4:8; Johannes 17:11; I Petrus 1:15 ev, Matteus 6:9).

Die **heiligheid van die mens** dui daarop dat:

i) God Sy volk self verkies (Levitikus 21:6,8; Eksodus 22:31; Deuteronomium 26:19; Levitikus 20:8; Esegiël 37:28 en andere) om Hom te dien;

i) dit roep die mens tot diens (Godsdiens). Die wyse en plek is van tyd tot tyd voorgeskryf:

| | |
|---|---|
| SABAT | (Genesis 2:3; Eksodus 20:8; Nehemia 13:22; Jeremia 17:24 en andere) |
| ALTAAR | (Eksodus 29:37; 40:10; I Samuel 16:5) |
| OFFERS | (Levitikus 6:11,20) |
| TEMPEL | (Habakuk 2:20; Jona 2:5; I Konings 9:3) |
| PRIESTERS | (Levitikus 8:12; Eksodus 19:20) |
| TORAH | (wet). |

2.5.6.3 Nuwe Testamentiese gebruike van die woord heiligmaking

In die Nuwe Testament is daar etlike woorde wat dui op heiligmaking waarvan hagios die belangrikste is.

In die Nuwe Testament word min na God se Heiligheid verwys, omdat

dit nou nie meer gaan om perfeksionisme nie, maar om die feit dat die Heiligheid van God geopenbaar is in Christus.

2.5.6.4 Toewyding van "gewone" dinge

Die idee van **toewyding van "gewone" dinge** is hier van belang. Twee gevare/sondes kan hieruit voortspruit:

i) Die **"dinge" word belangriker as die toewyding:** 'n materialisering van Israelitiese piëteit (Jesaja 1:4, 8:13, 31:1; Hosea 11:9; Jesaja 55:5, 60:9). Hierdie "dinge" is alleen heilig wanneer dit gebruik word vir Godsdiens.
ii) Daar word **vergeet van God se wyding/afsondering/heiliging van die volk** (God se volk).

2.5.6.5 Uitkomste van heiligheid

(a) Uitkomste van heiligheid soos aangedui in die Ou Testament

Strewe na regverdigheid:

- om gesuiwer, afgesonder van die ander (heidene) te wees,
- om te dien (godsdiens)
- om die wette te onderhou (Deuteronium 26:16):
    * godsdienstige en alledaagse morele wette;
    * op grond van God se regverdigheid (Jesaja 5:16).

## (b) Uitkomste van heiligheid soos aangedui in die Nuwe Testament

In die Nuwe Testament is die uitkomste soos volg:

i) Dit beklemtoon God se werk ter wille van Sy uitverkorenes (kinders) (Johannes 17:19; I Korinthiërs 1:2; Romeine 15: 16; I Korinthiërs 6:11 en die Hebreërbrief).

ii) Die kultiese konsepsie van die Ou Testament bly voortbestaan deurdat daar geëis word dat die **liggaam** as 'n **lewende offer** aan God gewy moet word (Romeine 12:1, 15:16; Filippense 2:17).

iii) Die idee van Heiligheid bly gemeenskapsgerig en kerkgerig: die Heilige Gees sonder hulle af (heilig hulle) vanweë broederlike verantwoordelikhede (Efesiërs 4:12; I Korinthiërs 16:15, 7:14; II Korinthiërs 8:4 en andere). Daar is dus nie sprake van net 'n paar "spesialiste" nie, maar "al die broeders".

iv) Heiligmaking is 'n tema wat betrekking het op **vermanings** (Efesiërs 1:4, 5:27; I Petrus 1:15, 3:15; I Thessalonisense 4:3 ev; Romeine 6:19,22; Handelinge 22:11).

v) 'n Ernstige waarskuwing teen prediking wat van wyding 'n asketisme wil maak. Alles wat deur God geskape is, is goed en niks mag afgewys word wat met danksegging ontvang is nie (I Timotheus 4:5).

## 2.5.6.6 Samevattende opmerkings met betrekking tot heiligmaking

Die gedagte van **suiwerheid** is wel skriftuurlik en van belang met betrekking tot heiligmaking (Romeine 14:20; Titus 1:15). Heiligmaking dui, met ander woorde, op 'n **voortdurende hervorming** en vernuwing van die mens **kragtens die verdienste van Christus**, deur die **werking van die Woord van God en die Heilige Gees** in en deur die mens (Johannes 10:28; 11:25-26 en Romeine 8:30).

Dit is nie 'n sedelike verbetering kragtens die mens self nie. Die "ou" (sondige) mens sterf en 'n "nuwe" (heilige) mens, herskape na die beeld van God, tree na vore. Die afsterwe van die ou mens (die vlees) geskied deur 'n hartlike (opregte/ware) berou oor sonde (met ander woorde deur sondeberou) en 'n haat of afkeer (hoe langer hoe meer) van die sonde met 'n begeerte om dit te ontvlug. Deur 'n hartlike vreugde in God deur Christus (ware geluk/saligheid) en deur 'n lus en liefde om na die wil van God in alle goeie werke te lewe, is daar sprake van die opstanding van die "nuwe" mens (Greyling 1960 : 294-295). Dit is hierdie "nuwe mens" wat na die dood 'n verheerlikte liggaam sal ontvang op die tyd deur God bepaal.

Omdat die mens se sondige geneigdheid eers met die dood finaal gekruisig word, is **volharding** in die voortdurende kruisiging van die sondige natuur van besondere belang en daarom deel van die heilsorde.

### 2.5.7 Volharding

Die Bybel en die Dordtse Leerreëls (vide paragraaf 2.2) leer dat Christus wel sondaars verlos "van die heerskappy en slawerny van sonde, maar Hy verlos hulle in hierdie wêreld nie geheel en al van die vlees en die liggaam van die sonde nie". Die saad van die nuwe lewe wat deur wedergeboorte in die mens geplant word, moet gaandeweg groei en die wilde lote van die natuurlike mens moet afgesnoei word totdat die mens volmaakte heiligheid in die hemel bereik (Greyling 1960 : 299). Dit gaan, met ander woorde, oor 'n voortdurende kruisiging van die eie natuur.

Die heilsorde omsluit ook die uiteindelike **verheerliking** van die menslike liggaam na die dood en daarom enkele opmerkinge dienaangaande.

### 2.5.8 Verheerliking

Na die dood ontbind die liggaam en word stof, maar deur die krag van Christus word hierdie selfde liggaam weer opgewek en met die siel verenig en word dit gelykvormig aan die verheerlikte liggaam van Christus. Die opgestane mens se liggaam sal 'n verheerlikte liggaam wees sonder die aardse tekortkominge (Greyling 1960 : 246) en daarom dat geredde sondaars volhard, ten spyte daarvan dat hul hier op aarde nooit volmaak sal wees nie (Johannes 10:28; 11: 25-26; Romeine 8:30).

Die **eskatologiese** as eindbestemming maak deel uit van die

heilsorde en daarom enkele opmerkinge met betrekking tot die eskatologiese verwagting van die Christen.

**2.5.9 Die eskatologie as eindbestemming**

Die Protestantse-Christen leef met die oortuiging dat sy lewe hier op aarde 'n tydelike lewe is waarin hy hom voorberei vir die volmaakte lewe na die dood, naamlik die hiernamaals wat die Christen-gelowige se eindbestemming is, daarom sal daar vir 'n wyle vertoef word by die eskatologiese verwagting van die Protestantse Christen, met spesiale verwysing na die eskatologiese verwagting van die Protestantse Christen-gelowige soos verwoord in die Nederlandse Geloofsbelydenis (vide paragraaf 2.2).

Die woord "eskatologie" is 'n samestelling van die Griekse woord eskhatos wat beteken laaste en legein wat beteken praat. Eskatologie is die leer aangaande die laaste dinge, omtrent die einde van die wêreld, die wederkoms van Christus, opstanding van die dode, die Goddelike gerig (Odendal et al. 1992 : 209).

Koenen en Endepols (1960 : 279) verklaar eskatologie as komende van eschatos (Grieks "= uiterst: leer der uitersten, der laaste dingen, nl. dood, oordeel, enz.") en hierby voeg Wiid (1979 : 197) die laaste oordeel, en die wederkoms van Christus. Logisch is 'n bywoord wat dui op "betrekking hebbend op, volgens de eschatologie" (Koenen en Endepols 1960 : 279).

Van Rensburg et al. (1985 : 43) verklaar dit weer soos volg:

eschatos (Grieks) - "laaste + logos - woord: leer van die laaste dinge; die einde van die wêreld; die dood. Die partikuliere opvoeding bevat gewoonlik eskatologiese momente."

Dit is juis omdat die partikuliere opvoeding eskatologiese momente bevat dat daar by die eskatologie as sodanig stilgestaan word. Die perspektief op die eindbestemming van die mens sal verskil na aanleiding van die lewens- en werklikheidsbeskouing van die mens.

Daar sal vervolgens vanuit die Nederlandse Geloofsbelydenis (vide paragraaf 2.2) 'n enkele aanhaling dienaangaande gemaak word, aangesien dit in hierdie studie gaan om die eskatologiese verwagting van die Protestanse Christen-gelowige.

Artikel 37: Die **laaste oordeel, die opstanding en die ewige lewe.** "Ons glo ten slotte, in ooreenstemming met die Woord van God, dat, wanneer die tyd gekom het wat die Here bepaal het en die getal uitverkorenes volledig sal wees, ons Here Jesus Christus met groot heerlikheid en majesteit uit die hemel sal kom, liggaamlik en sigbaar, soos Hy opgevaar het (Handelinge 1:11), om Homself as Regter oor die lewendes en die dooies aan te te kondig, terwyl Hy hierdie ou wêreld aan vuur en vlam sal prysgee om dit te suiwer. Dan sal, gedagvaar deur die stem van die aartsengel en deur die geklank van die basuin van God, alle mense, mans, vroue en kinders, wat van die begin van die wêreld af tot die einde toe geleef het, persoonlik voor hierdie groot Regter verskyn (I Tessalonisense 4:16) ...

Dan sal die boeke, dit is die gewetens, geopen en die dooies

geoordeel word (Openbaring 20:12) volgens wat hulle in hierdie wêreld gedoen het, of dit goed was of kwaad (II Korintiërs 5:10). ... Daarom is die gedagte aan hierdie oordeel vir die oortreders en goddeloses met reg ontsettend en skrikwekkend, maar vir die vromes en uitverkorenes begeerlik en troosryk. Want dan sal hulle volle verlossing voltooi word, en hulle sal daar die vrugte ontvang van die moeite en lyding wat hulle gedra het. Hulle onskuld sal deur almal erken word, en hulle sal die verskriklike wraak sien wat God sal voltrek oor die goddeloses, wat hulle in hierdie wêreld wreed vervolg, verdruk en gekwel het. ...

Die gelowiges en uitverkorenes, daarenteen, sal met heerlikheid en eer gekroon word. Die Seun van God sal hulle naam voor God, sy Vader (Matteus 10:32) en sy uitverkore engele bely (Openbaring 3:5); alle trane sal van hulle oë afgevee word (Openbaring 21:4) ...

Daarom verwag ons hierdie groot dag met sterk verlange om die beloftes van God in Jesus Christus ons Here, ten volle te geniet. Amen" (Ons Glo 1988 : 37-38).

Dit is hierdie beloftes van God wat maak dat die Protestantse Christen-gelowige op die toekoms, op die hiernamaals, gerig is en waarom daar nooit sprake kan wees van voltooide volwassenheid nie (vide paragraaf 2.5.5, omdat die Christen-gelowige se verlossing eers in die hiernamaals voltooi gaan word.

Die skrywer wil vervolgens enkele opmerkinge maak met betrekking tot die diakroniese verloop van godsdienswording by die jeugdige.

## 2.5.10 Die diakroniese verloop van die godsdienswording by die jeugdige

Volgens Nel (1968b : 212) is daar **"'n verhoogde belangstelling"** in godsdienstige sake te bespeur. Die godsdiens rig op hierdie wordingsniveau "'n besondere appél" tot die jeugdige (Smith 1981 : 41). Die hernieude belangstelling in godsdiens lei, volgens Hurlock (1973 : 228), tot "a reconstructure of religious beliefs and attitudes" (vide paragraaf 2.4.4.2 (b)). Volgens Waterink (1948 : 155) is daar geen periode (niveau) waarin "religie" so sterk spreek as in die jeugjare nie. Waterink wys daarop dat dit nie beteken dat die godsdienstige lewe in die jeugjare belangriker is as op enige ander wordingsniveau nie. Bingle (1962 : 17) wys daarop dat die jeugdige se belangstelling in godsdiens nie noodwendig 'n reëlmatige gang volg nie. Volgens Barnard (1981 : 70) wissel die belangstelling van die jeugdige na gelang van lewenservaringe en omstandighede (eie invoeging).

**Daadgerigtheid** ten opsigte van godsdiens is van besondere belang met betrekking tot die jeugdige se godsdienswording, aangesien die jeugdige sy nuwe gesindheid teenoor die godsdiens in dade wil omskep, omdat hy sy innerlike godsdienstige oortuigings daadwerklik wil uitleef - hy wil gebruik en betrek word (Van der Westhuizen et al. 1979 : 90). "Juis omdat hy op hierdie stadium van sy lewe energiek en aktief is, wil hy leef, beleef en doen. En as dit die moeite werd is, is hy bereid om vir sy godsdienstige

standpunt te stry" (Barnard 1981 : 93) (vide paragraaf 2.4.4.2 (b)).

Volgens O'Kennedy (1977 : 267) wil die jeugdige wat gedryf word deur sy idealisme die wêreld hervorm - hy wil alle ongeregtigheid, huigelary, ellende en armoede uitwis - op alle niveaus, byvoorbeeld kerklike, politieke en maatskaplike gebied. Wanneer hy besef dat hy nie oor die vermoë of lewenservaring beskik om hervormings te bewerk nie, het dit teleurstelling, frustrasie en 'n gevoel van verydeling tot gevolg (vide paragraaf 2.4.4.2 (c)).

Die jeugdige is meer geïntereseerd in die **praktiese** sy van godsdiens as in die teoretiese en leerstellige. Die vraag: "Hoe moet ek as Christen lewe?" is vir hom van primêre belang (Havenga 1979 : 85). Robbins (1994) stel dit soos volg: "Kids are too busy to learn about concepts. The doctrine has to be applied to every day life." 'n Oorbeklemtoning van die liefde vir sy naaste en goeie werke kan hieruit voortspruit en dan verloor die jeugdige die ware essensie van Christenskap uit die oog, naamlik ware dissipelskap (Barnard 1981 : 94). Ware dissipelskap dui op, onder meer, toegewydheid aan Jesus (Matteus 19:22); nederige diens (Markus 10:43-44); om die voorskrifte van die bergrede te volg (Matteus 5:1-7,27); die wil van God te doen (Matteus 12:49-50); naasteliefde (Johannes 13:34-35); onderlinge mededeelsaamheid (Handelinge 4:32-37); om dissipels van alle nasies te maak (Matteus 28:29) (Vosloo et al. 1993 : 2039).

Die daadgerigte godsdiens van die jeugdige word verwerklik in

verrykende en sinvolle aksies soos straatwerk, Bybelverspreiding, Bybelstudiekringe, bidure en evangelisasiewerk. Hierdie geleenthede dien as 'n goeie oefenskool vir toetrede tot die gemeente as volwaardige lidmaat (Barnard 1981 : 94). Dit is egter nie alle gemeentes wat hierdie geleenthede skep/kan skep vir die jeugdige om diensbaar te wees nie. Dit is hier waar die Afrikaanse Christen-Studentevereniging 'n rol het om te speel betreffende Bybelstudiekringe, bidure, en selfs evangelisasiwerk, straatwerk en Bybelverspreiding (vide Hoofstuk 4).

Volgens Higgo (1977 : 274) ontstaan daar by die jeugdige van sestien/sewentien jaar 'n **sterk behoefte om sy persoonlike geloofsoortuigings as eg en lewend te beleef in gemeenskap met gelowiges.** Soms skep hierdie jeugdiges se toegewyde godsdienstigheid 'n probleem omdat maats en onsimpatieke volwassenes nie sy bedoelings begryp nie. Dit, tesame met hul selfbewustheid, het skaamheid en vereensaming tot gevolg (vide paragraaf 4.2.8.3 (b)).

Daar is reeds daarop gewys dat die jeugdige krities kyk na die wêreld en wat om hom gebeur, omdat sy rasionele denke nou op die voorgrond tree (vide paragraaf 2.4.4.2 (b)). Die hoërskooljeug is besonder krities in hul beoordeling van alles wat die kind tot nou toe gelowig aanvaar het, maar dit is juis hierdie kritiese ingesteldheid wat tot sekerheid, oortuiging en volwassenheid lei (NG Kerk 1966 : 50). Die positiewe keerkant van die jeugdige se kritiese ingesteldheid is die feit dat dit hom in staat stel om tot 'n persoonlike geloofsoortuiging te kom, terwyl dit andersyds

daartoe bydra dat die jeugdige die naïewe geloof van sy kinderjare verruil vir 'n meer volwasse siening van godsdiens. Sekere jeugdiges leef hul nou bewustelik in in die godsdienstige sfeer en belewe bewustelik die godsdienstige gebruike en gewoontes van hul godsdienstige milieu met 'n groter oorgawe.

"Omdat hy nou vir die eerste keer in sy bestaan moet en kan nadink, voel hy homself verplig om sy godsdienstige oortuiginge opnuut te oorweeg. Hy ontdek dat die godsdienstige Waarhede nie meer vir hom vanselfsprekend is nie. Hierdie geloofstwyfel maak egter 'n noodsaaklike deel uit van sy oorgang vanaf kindwees na behoorlike volwassenheid wat gekenmerk word deur 'n persoonlike instemming met die godsdiens" (Landman 1974 : 125,131) (vide ook paragraaf 2.4.4.2 (b)). Die kritiese instelling teenoor die godsdiens en die twyfel in geloofsake domineer die jeugdige se lewe veral omstreeks die twaalfde-dertiende lewensjaar. Volgens Barnard (1972 : 300) kom die jeugdige deur twyfel tot sekerheid indien hy eerlik soek na waarheid en in die soeke bevredigende godsdienstige ondervindinge beleef. Volgens Hedges (1945 : 248) is die jeugdige in die twyfel-periode "practically speaking, a young pagan", omdat hy sy ou godsdiens bietjie vir bietjie ontgroei/agterlaat (discard) omdat "scarcely any of it has a real basis either in reason or experience." Hierna begin die jeugdige om op "the debris of the old" godsdiens aan 'n nuwe godsdiens (geloof) te bou/herbou. Twyfel bewys, volgens Hurlock (1973 : 29), dat die jeugdige bereid is om aanpassings te maak, want "childish religious beliefs, like childish clothes, do not fit

when the individual is mature." Du Preez (1976 : 60) wys daarop dat die jeugdige deur twyfel en eerlike ondersoek geleidelik tot 'n persoonlike geloof kom "which will serve as 'n firm foundation for his future religious life." Volgens Spanjaard-Levy (1966 : 86) het twyfel 'n plek in die jeugdige se godsdienswording, aangesien dit 'n belangrike voorwaarde is vir die verwerwing van 'n selfstandige geloofslewe.

Wanneer God en sy medemens nie voldoen aan die etiese eise van die jeugdige nie, voel hy diep teleurgesteld (Spanjaard-Levy 1966 : 95). Dit is vir die jeugdige moeiliker om die **etiese twyfel** te verwerk as intellekuele twyfel (vide paragraaf 2.4.4.2 (b)). Wanneer die eties-morele twyfel gepaard gaan met sterk emosies, kan dit die jeugdige se godsdienstige wording strem en negatief beïnvloed (Barnard 1981 : 86). Volgens Higgo (1977 : 269) twyfel jeugdiges oor hul geloofsekerheid en die wyse waarop hulle hul godsdiens uitleef. Bingle (1962 : 18) is van mening dat die jeugdige hom te dikwels besig hou met wat mag en nie mag nie (dans of nie; grimeer of nie; popmusiek luister of nie) en skep sodoende vir homself onnodige geestelike probleme (selfgeskepte probleme).

Deur die worsteling met twyfel is die jeugdige besig om iemand te word, meer nog, hy is besig om die oorgelewerde godsdienstige opvattings "sy eie te maak deur selfbetekening" (Landman et al. 1975 : 113). Na hierdie twyfelperiode rig die jeugdige hom op die godsdienstige tradisie wat nie beteken dat hy die tradisionele

godsdienstige gebruike kritiekloos aanvaar nie (Landman 1974 : 131).

'n Wesenlike gevaar wat bestaan is dat oningeligte volwassenes hierdie twyfel as sleg en sondig kan voorhou en dan kan die jeugdige hom skaam vir sy eie gevoelslewe en kan daar skuldgevoelens ontwikkel wat sy godsdienstige wording negatief kan beïnvloed (Barnard 1981 : 87).

Op godsdienstige vlak ervaar die jeugdige, met ander woorde, 'n soeke na sekerheid en bekering. Gedurende hierdie fase is alle faktore gunstig vir godsdienstige beslissings omdat al die vroeëre indrukke nou persoonlike betekenis kry (NG Kerk 1966 : 50-51), maar opvoeders moet daarmee rekening hou dat die jeugdige na egtheid en waarheid soek met betrekking tot godsdiens, geestelikheid en moraliteit. Die kerk, kerklike norme en georganiseerde godsdiens van ons tyd spreek die jeugdige al minder aan. Dit is in sommige gesinne een van die grootste kommunikasiesteurnisse tussen ouers en jeugdiges. Die jeugdige bevra die godsdiensvorme en vormgodsdiens van baie volwassenes. Baie jeugdiges verwerp georganiseerde godsdiens omdat dit vir hul irrelevant is, nie aan hul verwagtings voldoen nie en hulle bind en beperk en omdat dit, wat hulle betref, skynheiligheid bevat (Pretorius 1981 : 160-161) (vide paragraaf 3.2.9.10).

Die jeugdige soek "antwoorde vir die hier-en-nou, terwyl die godsdiens op die hiernamaals gerig is; hy soek aksie, maar moet in die kerk na 'n preek luister; hy is gerig op die aangeleentheid

van intermenslike verhoudinge, terwyl dit in die godsdiens veral gaan om die mens se verhouding tot God; hy wil ten opsigte van godsdienstige sake self kies, maar 'n keuse word deur die volwassene vir hom gemaak" (Pretorius 1981 : 161) (vide ook paragrawe 2.4.4.2 (c), 2.4.4.3 (a) en 2.4.4.3 (c)).

Aan die begin van die jeugjare **bid** die meeste jeugdiges nog uit gewoonte "in a childish way and with a childish frame of reference" (Loukes 1965 :102). Die **jeugdige se gebed** is nog baie op homself gerig, maar geleidelik word dit meer altruïsties (Manaster 1977 : 288). Baie jeugdiges gebruik gebed vir danksegging (Ausubel 1977 : 249), maar min gebruik dit met die oog op kommunikasie met God of om leiding te vra of ter wille van troos en sielerus (Hurlock 1973 : 239). Die jeugdige stel dikwels vir God voor die keuse om hom sy sin te gee of om as 'n non-entiteit beskou te word. Wanneer God nie sy gebede verhoor nie, sal hy selfs God vervloek om te sien of God Homself nie sal openbaar nie. Omdat die jeugdige gebed dikwels beskou as 'n noodkreet, is dit vir hom dwaas om vir ander te bid of om vooraf na te dink oor wat hy sal bid (Landman 1974 : 126,130). Behalwe om uit angs en nood te bid, bid die jeugdige soms omdat hy daartoe verplig voel (Barnard 1972 : 300). Dogters bid oor die algemeen meer as seuns en is ook minder egosentries in hul gebede (Barnard 1981 : 95). Twyfel, rasionele denke en skuldgevoelens het 'n bepaalde invloed op die jeugdige se gebede.

Twyfel maak dat die jeugdige minder bid omdat sy behoefte aan skuldbelydenis verminder, aangesien hy aan God se bestaan twyfel

en hy twyfel ook of God sy gebede sal verhoor (Barnard 1981 : 95-96).

Soms redeneer die jeugdige dat gebed oorbodig en nutteloos is, aangesien God reeds vooraf alles bepaal het en dat God weet wat sy behoeftes is voordat hy nog vra (Barnard 1981 : 96). Sommige jeugdiges dink dit is sonde om God deur gebed te wil beïnvloed (Van der Westhuizen et al. 1979 : 92).

Die ouer jeugdige is weer meer bewus van skuldgevoelens en daarom bid sommiges om sodoende die nodige gemoedsrus te verkry. Soos wat hy die betekenis van vergiffenis ondervind en 'n dieper insig in die soenverdienste van Christus verkry, neem danksegging 'n groter plek in in sy gebedslewe, omdat God se liefde en genade vir hom groter betekenis verkry (Nel 1968b : 212).

Hoewel jeugdiges nie graag in die openbaar bid nie, bid hulle gewoonlik met groter vrymoedigheid tussen hulle maats (Barnard 1981 : 96).

"Onverhoorde" gebede kan lei tot teleurstelling met betrekking tot die jeugdige se godsdienstige verwagtinge en dan kan sy belangstelling in godsdienstige sake verflou (Barnard 1981 : 96). "Nêrens kom hierdie spanning tussen vastigheid en twyfel, vertroue en wantroue, ongeloof en geloof beter tot uiting as juis in die gebedslewe van die adolessent nie" (Landman et al. 1975 : 113).

Volgens Hurlock (1973 : 238) bid ouer jeugdiges minder as jonger jeugdiges. Dit kan wees omdat die ouer jeugdige die magiese

tendense van sy gebed wil oorbrug of dit kan wees omdat hy nie gebed en die wette van die natuur met mekaar kan versoen nie (Barnard 1981 : 97).

Volgens Landman (1974 : 126, 130-131) beleef die jeugdige ook dikwels 'n **vertrouenskrisis** as gevolg van versteurde verhoudinge met ouers, onderwysers en selfs vriende. Hy beleef 'n intense gewaarwording van die ongerymdheid van die lewe. Die jeugjare word gekenmerk deur konflikte. "Indien die godsdienstige wording nie gelei word nie of dweepsiek gelei word, word verdere konflikte geskep en versterk en die puber slaag nie daarin om tot die ware geloofshouding te kom nie." Geloofsvernietiging is moontlik indien die sondigheid van die mens oorbeklemtoon word. "Daar moet altyd die drie-eenheid wees, naamlik ten eerste die wete dat 'n mens sondig is, ten tweede die wete dat volmaaktheid tog van hom geëis word en ten derde dat slegs God se genade hom kan red" - dit vereis taktvolle opvoeding om die "innerlike vervreemding te vermy wat die puber van 'n waaragtige geloofslewe sal aflei en hom onverskillig sal maak."

Daar vind gedurende die jeugjare 'n **verinnerliking** by die jeugdige plaas wat dikwels lei tot 'n **afkeer van bepaalde godsdienstige praktyke en 'n anti-kerklike gesindheid.** Calon (1961 : 154) beweer dienaangaande: "Bepaalde plichten en voorschriften hinderen hen: ze willen vrijheid, spontaniteit en geen leeg formalisme, zoals ze dat noemen." Die jeugdige se godsdienstige wording word beïnvloed deur die godsdienstige atmosfeer wat in die ouerhuis heers (Crow et al. 1965 : 355). "The young person's total per-

sonality and his upbringing until the time he reaches adolescence will have a significant bearing on his religious orientation during adolescent and later years" (Jersild 1963 : 376). Indien die godsdiensbeoefening tuis 'n koue en onpersoonlike vorm-godsdiens is, sal dit weinig betekenis inhou vir die alledaagse lewe en sal die jeugdige dit moeilik vind om sy godsdienswording sinvol te beleef. Ouers wat weer te nougesette en eng godsdienstige opvattinge huldig, kan soms ernstige emosionele konflikte en verwarring veroorsaak indien hierdie jeugdiges met maats in aanraking kom wat meer gebalanseerde godsdienstige beskouinge huldig. Dit kan selfs meebring dat hy tuis anders optree as tussen sy maats en dit kan skadelik wees vir sy persoonlikheidswording (Barnard 1981 : 101). Indien ouers outoritêr hul godsdienstige beskouinge afdwing, het dit dikwels verset en antagonisme teenoor die kerk in die besonder en godsdiens in die algemeen tot gevolg (Miller 1963 : 92). Indien ouers die godsdiens vyandig gesind is, voel die jeugdige dikwels onveilig en mag selfs sy maats wat die geleentheid tot gods-diensbelewing het, beny (Crow et al. 1965 : 356). Dit is vir hier-die jeugdige wat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging die geleentheid tot godsdiensbelewing sou kon bied. Indien ouers aan verskillende kerkgenootskappe behoort, veroorsaak dit soms ernstige konflikte betreffende hul godsdienswording. "Hierteenoor ervaar die adolessent bevredigende godsdienstige sekuriteit as albei ouers aan dieselfde kerkverband behoort en die gesin heelhartiglik aan die kerklike aktiwiteite meedoen" (Barnard 1981 : 102). Indien die ouer-jeugdige-verhouding versteur word deur

konflik, projekteer sommige jeugdiges die aggressie wat hulle teenoor hulle ouers koester op die kerk. Ander jeudiges vereenselwig die kerk met gesagsfigure wat die jeugdige se vryheid bedreig en wil om daardie rede bande met die kerk verbreek (Barnard 1981 : 99). Sommige jeugdiges stel nie belang in teologie en leerstellige godsdiens nie en het daarom 'n oppervlakkige en gebrekkige kennis in sake leerstellige godsdiens (Gous 1974 : 29). Volgens Mussen et al. (1964 : 608) "Today's adolescents seem to place a somewhat greater emphasis than previous generations on personal rather than institutionalised religion."

Die twyfel wat so kenmerkend is van die jeugjare bedaar dikwels teen die sestiende-sewentiende lewensjaar en dan begin die jeugdige meer bewustelik vrae vra met betrekking tot die sin en waarde van godsdienstige waardes en God. God bly steeds die vertroueling van die jeugdige se alleensprake. Veral die seun sien God as suiwere en volmaakte Wese, terwyl die meisie God beleef as die ideale Vertroueling wat alles begryp. Sowel die seuns as die dogters verkeer nou onder die indruk van Christus se opofferende liefde wat meebring dat Hy Sy lewe vir 'n vriend waag en besorgd is oor sondaars. Sake soos liefde, gebed, gehoorsaamheid, vertrouende dialoog is nou van belang, al is daar nog 'n mate van twyfel, verlatenheid en vrees. "God is vir die puber veral die sorgende Vader wat oor hom waak in sy materiële en sedelike moeilikhede. Die jeugdige is besonder gevoelig vir die vriendskap van God wat 'n antwoord gee op sy lyding vanweë eensaamheid" (Landman 1974 : 131-132) (vide paragrawe 2.4.4.2 (c) en 3.2.9.3).

Ten spyte van die twyfel wat baie jeugdiges ervaar, kom baie van hulle dikwels tot **bekering** in die jeugjare (Barnard 1981 : 90). "De meeste bekeringen treden op aan het einde der puberteitsperiode ... Aan het einde daarvan treedt sterk naar voren de drang tot verdieping, tot het zoeken van een nieuwe en hogere eenheid. ... Deze bekering kan plotseling verlopen, maar ook in kleine sprongen" (Kuypers 1963 : 316).

Ook ander ondersoekers (Smith 1981 : 42; Miller 1963 : 93; Allport 1964 : 33; Manaster 1977 : 296) het bevind dat bekerings meer dikwels voorkom gedurende adolessensie. Dit beteken nie dat die kind voorheen nie "geloof" gehad het nie, maar die jeugdige kan vanweë sy liggaamlike, kognitiewe, affektiewe en konatiewe wording die volle omvang van die geloof in Jesus Christus as sy Saligmaker op 'n meer persoonlike vlak hanteer. Volgens Sonnekus en Ferreira (1979 : 365) bestaan die moontlikheid dat die jeugdige in hierdie tyd werklik die oproep van God tot wedergeboorte, bekering, geloof en heiligmaking in en deur Christus verneem en daarop antwoord deur self te besluit en te kies vir Christus en sy Verbond (vide paragraaf 2.5.4).

Barnard (1981 : 90) wys daarop dat bekerings nie noodwendig tydens die jeugjare voorkom nie en dat die jeugdige nie noodwendig langs die weg van die "natuurlike psigiese ontwikkeling" tot bekering kom nie. Die jeugdige se verwerwing van godsdienstige waardes bestaan nie net uit bekering nie (Kemp 1963 : 189). Mac Donald, soos aangehaal deur Robbins (1994), sê: "Genuine commitment doesn't happen in the teenage years."

Uit die bogenoemde blyk dit dat daar verskille van opinie is betreffende die moontlikheid van opregte bekering in die jeugjare.

Die skrywer wil, in die woorde van Malan (ongedateer : 107), daarop wys dat "Die Bybel leer dat dit God self is, God die Heilige Gees, wat die wonder van bekering en wedergeboorte by 'n mens wek. Dis Hy wat jou gevoelig maak vir God se Woord en die genade gee om daarop te reageer en die Here Jesus as jou verlosser aan te neem" (vide paragrawe 2.5.2 en 2.5.4).

Die aard van bekering word deur verskeie faktore bepaal. Volgens Higgo (1977 : 282) vind daar by jeugdiges wat normaalweg roekeloos en onverskillig lewe 'n krisis en 'n plotselinge bekering plaas en dit gaan dikwels gepaard met 'n hewige gemoedsaandoening. Jeugdiges wat in 'n Christelike huis grootword waar die verbondsouers hul godsdiens opreg en standvastig uitleef, beleef meestal 'n geleidelike geestelike ontwaking in die vorm van geestelike groei - 'n proses van herhaalde bewuste geloofsbeslissings (Barnard 1981 : 91).

Dit is nodig om te onderskei tussen ware bekering aan die een kant en tradisionele godsdienstige opvattings aan die ander kant. "Eersgenoemde is 'n "ja-sê" op God se uitnodiging deur 'n bewuste geloofsbeslissing ten opsigte van sy persoonlike verhouding tot Jesus as sy Saligmaker. Wanneer die jeugdige, gedryf deur sy sondebesef en oortuig van sy diepe afhanklikheid van God, hierdie geloofsbeslissing neem, kry al die godsdienstige indrukke en

ervaringe van die voorafgaande jare vir hom 'n nuwe en persoonlike betekenis" (Barnard 1981 : 91).

Daar is reeds aangedui dat die geestelike ontwaking by die jeugdige verskillende vorme aanneem. Sommige kom drasties tot bekering, ander beleef weer 'n emosionele kentering, terwyl ander weer 'n geleidelike ontwaking beleef. Indien die milieu positief is, deurdat die voorbeeld van die volwassenes en die maatsgroep inspireer en sterker spreek as woorde, vind daar, volgens Keyter (1961 : 65), gewoonlik 'n geleidelike innerlike ontwaking plaas en "die ou, bekende inhoude van die godsdiens kry 'n nuwe kleur en veroorsaak 'n dieper en meer waarderende omgang met die Bybel."

Daar kan in die jeugjare, as gevolg van die een of ander gebeurtenis, momente van intense geloofswil voorkom wat die opvoeder met vreugde vervul. Menige opvoeders is egter baie teleurgesteld as hulle 'n kort rukkie later by dieselfde jeugdiges die vlakste ongodsdienstigheid en die grofste platheid aantref. Die jeugdige verkeer egter in 'n tydperk van onstabiliteit en is aan baie teenstrydighede blootgestel en daarby heg hy soms verkeerde betekenisse aan sekere godsdienstige gebruike wat die opvoeders meen hulle aan hom oorgedra het. Sommige inhoude beleef hy as "kinderagtig" en verwerp hulle in sy soektog na 'n "meer volwasse" vorm van waarheid (Landman 1974 : 125-126).

"Bekeringsmomente" kan voorkom wat dan weer by 'n latere geleentheid deur die jeugdige beskryf word as "'n aanval van godsdienstigheid." Die godsdienstige lewe in die jeugjare is

dikwels onreëlmatig en skommelend en neig tot 'n intellektualisme waarin godsdienstige aangeleenthede dikwels nie in die regte perspektief gesien word nie, maar andersyds soek dieselfde jeugdige hardnekkig na helderheid en erns, eerlikheid en waaragtigheid en verwerp daarom dan dit wat die opvoeder van hom verwag om te doen (Landman 1974 : 126, 131).

Volgens Greyling (1982 : 93) kan niks so doeltreffend in hierdie soeke na sekerheid, kalmte en begrip voorsien as die Evangelie nie, veral waar die jeugdige die boodskap van verlossing verpersoonlik sien in die persoon van 'n simpatieke opvoeder (onderwyser, vader, leraar of vriend). Die opvoeder kan nie die jeugdige wil begelei indien hul nie bewus is en empatie met die jeugdige se wording het nie.

Waterink (1941 : 159-160) wys op die gevaar wat onbegrip vir die godsdienswording van die jeugdige inhou: "Het eerste gevaren-complex, waardoor het jonge mens een scheve verhouding gaat beleven tegenover de dingen van het godsdienstig leven, hangt samen met het feit, dat hij dikwijls door hen, die hem bij zijn godsdienstig leven leiding (behoren te of trachten te) geven, niet wordt begrepen. Begrip is in de eerste plaats noodzakelijk voor hen, die de jonge mensen willen helpen; begrip van wat er aan innerlijke strijd en worsteling, ook aan innerlijke teerheid en innerlike eerbied bij het jonge mens is. Eén wonde, die het jonge mens geslagen wordt door een bruusk optreden in naam van de dienst van God zelf, kan de meest ernstige gevolgen hebben. Een jongmens kan in de puberteitsjaren juist op dit gebied zo diep worden

gekwest, dat er een verdringing ontstaat zowel tegen datgene, wat drager of draagster is van de openbare vormen van de godsdienst, als tegen de bewustzijnsinhouden der religieuze kennis."

Jeugdiges het 'n besondere belangstelling en bewustheid met betrekking tot godsdiens, maar soek na egtheid en waarheid ten opsigte van godsdiens, geestelikheid en waardes. Sommige jeugdiges se betrokkenheid ten opsigte van die kerk, kerklike norme en georganiseerde godsdiens neem af. Betrokkenheid dui op deelname, nie net op blote teenwoordigheid nie. Verskeie redes gee aanleiding tot die wegdraai van die kerk en godsdiens deur jeugdiges, byvoorbeeld inkonsekwentheid met betrekking tot woord en daad van sogenaamde Christene; die dubbele standaarde van volwassenes (opvoeders), drang tot onafhanklikheid by die jeugdiges, lae prioriteitsbepaling van die kerk deur die ouers, die afwesigheid van 'n portuurgroep by die kerklike aktiwiteite, skooldruk met die gepaardgaande tydsbenuttingsprobleem en 'n leefwêreld waarin slegs die defineerbare waarde het (Van Niekerk et al. 1994 : 29-31) (vide ook paragraaf 3.2.6).

Met hierdie enkele opmerkinge met betrekking tot die diakroniese verloop van die godsdienswording van die jeugdige word daar volstaan.

### 2.5.11 Samevatting

Die skrywer wil net daarop wys dat die diakroniese verloop van godsdienswording nie metodisties van aard is nie, dit verloop nie

chronologies of volgens wetmatige reëls nie. Hierdie momente word slegs onderskei maar nie geskei nie. In die taal van Venter (1993) wil die skrywer konstateer dat geloof 100% God se genadewerk is en 100% die mens se verantwoordelikheid is.

Noudat die wordingsmomente asook enkele bedreigings van die anthropologia perennis van die jeugdige belig is, wil die skrywer enkele bedreigings in die leefwêreld van die jeugdige, veral aan die hand van Dingemans en Pretorius se beskrywings, aan die orde stel in Hoofstuk 3.

Hoewel Dingemans se uitsprake meer direk van toepassing is op die jeug in Nederland, kan daar by wyse van analogie met betrekking tot die jeug van Suid-Afrika nuwe insigte verkry word. Pretorius se bydrae dateer wel uit die tagtigerjare en vroeër, maar die meeste daarvan blyk steeds relevant te wees, juis in die lig van Dingemans se uitsprake.

In sowel die sinkroniese as diakroniese wording van die jeugdige is die opvoeder as begeleier, as steungewer, onontbeerlik en daarom sal daar in Hoofstuk 3 ook vertoef word by die verskillende opvoedingsmoveerders betrokke by die godsdiensopvoeding ofte wel geloofsopvoeding van die jeugdige.

# HOOFSTUK 3

# ENKELE BEDREIGINGE VAN DIE GODSDIENSWORDING VAN DIE JEUGDIGE EN MOVEERDERS WAT HOM GODSDIENSTIG-AGEINEND TER WILLE KAN/WIL WEES

## 3.1 INLEIDING

Dat die godsdienswording wat in die vorige hoofstuk beskryf is probleemloos figureer, is nie waar nie en daarom gaan die skrywer die lewenswerklikheid waarmee die jeugdige gekonfronteer word, beskryf, met besondere verwysing na die probleemareas.

Nadat die leefwêreld van die jeugdige van vandag en die struikelblokke wat daaruit voortspruit, beskryf is, gaan die skrywer stilstaan by die taak en doel van opvoeding, asook kriteria vir opvoeding, gevolg deur 'n beskrywing van die opvoedingsmoveerders betrokke by die wording van die jeugdige en hul onderlinge verhoudinge.

## 3.2 DIE LEEFWêRELD VAN DIE JEUGDIGE VAN VANDAG EN STRUIKELBLOKKE WAT DAARUIT KAN VOORTSPRUIT

### 3.2.1 Inleidende Opmerkings

Alvorens die leefwêreld van die jeugdige bespreek word, gaan enkele begrippe soos leefwêreld, wêreld en beleweniswêreld nader omskryf word.

**Leefwêreld** dui op die alledaagse lewe; dit is die wêreld waarin mense (ook jeugdiges) 'n lewenswyse, asook 'n bestaanswyse voer; dit is 'n lewenswerklikheid teenoor die nie-lewende werklikheid (fisies en chemies) en die nie-menslike lewenswerklikheid (dierlik, plantaardig) (Van Rensburg et al. 1985 : 92).

**Wêreld** weer, is dit wat ek van die leefwêreld, die nie-lewende en die nie-menslike lewenswerklikheid, begryp - daaraan betekenis gee, in my leefwêreld of wêreld indra as betekenisvol vir my. Wêreld is ook my horison van begryplikhede. Hoe meer sake ek begryp, hoe groter word die horison van my wêreld (Van Rensburg et al. 1985 : 92).

**Beleweniswêreld** is dit wat ek in totaliteit (intellektueel, willend, vollisioneel en emosioneel/paties) as mens van die lewenswerklikheid (leefwêreld en nie-menslike lewenswerklikheid), asook van die lewende werklikheid belewe (het) (Van Rensburg et al. 1985 : 92).

Daar sal nou stilgestaan word by enkele probleemareas vanuit die leefwêreld wat as gevolg van die bevolkingsontploffing, industrialisasie en verstedeliking, natuurwetenskaplike en tegnologiese ontwikkeling en ekonomiese welvaart op die voorgrond getree het. Daar sal veral gelet word op dié probleemareas wat die jeugdige ten nouste raak. Dit sal beskryf word na aanleiding van die invloed op die godsdiensbelewing en die godsdiensvorming van die jeugdige. Sommige jeugdiges sal in 'n meerdere mate geraak kon word en ander weer in 'n mindere mate, maar wat die Afrikaanse

Christen-Studentevereniging betref is jeugdiges met weinig probleme of met baie probleme ewe welkom om in te skakel - nie dat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se personeelkorps as terapeute wil optree nie. Kennis in sake hierdie probleme help egter die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se personeel om as godsdiensmoveerders beter begrip van die jeugdige te hê. Sommige probleme kan moontlik in 'n mindere of meerdere mate wel aangespreek word, maar selfs net die identifisering van 'n bepaalde probleem/probleme deur 'n sensitiewe personeellid van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging, met die nodige verwysing na 'n kundige, kan vir die betrokke jeugdige/s voorthelp op die weg tot volwassenheid, waarby inbegrepe is geestelike volwassenheid.

Die eerste aspek wat bepaald 'n invloed op die jeugdige se godsdienswording het, is die pluriforme aard van die gemeenskap van vandag.

**3.2.2 'n Pluriforme leefwêreld**

Volgens Dingemans (1991 : 27) word die pluriforme gemeenskap met sy pluriforme kultuur nie meer beheers deur die vanselfsprekenheid van die Christelike geloof en Christelike kerk nie, maar deur 'n tegniese, wetenskaplike en ekonomiese drif, waarbinne geloof as 'n private saak geduld word en meestal as nie-relevant afgemaak word. "De suprematie van kerk en geloof, die een halve eeuw geleden nog aanwezig was, is volstrekt verdwenen uit de westerse sameleving en

heeft plaats gemaakt voor een geseculariseerde maatschappij, waarin kerk en geloof naar de marge van het openbare leven sijn verdreven."

"Andere geloofsoortuigingen, world-views en ideologieën hebben een plaats gekregen naast het christelijk geloof en ze hebben in principe dezelfde rechten en ze lijden onder dezelfde privatizering en marginalisering. Daaroor is er in onze maatschappij een grote mate van relativering en vrijblijvendheid ontstaan ten aanzien van de grote levensvragen, waarop het christelijk geloof vroeger relevante en geaccepteerde antwoorden had" (Dingemans 1991 : 27).

Die kerk het as gevolg hiervan baie van sy gesag en invloed ingeboet. Geloofsinsigte word nie meer goedskiks aan die jeug(dige) oorgelewer nie. "Wat de kerken te zeggen hebben wordt getoetst op relevantie en bruikbaarheid voor het persoonlijke leven en eventueel - als dat zo uitkomt - voor het openbare leven, als men Überhaupt nog naar de boodschap van de christelijke kerk wil luisteren" (Dingemans 1991 : 27) (vide ook paragraaf 2.5.10).

Die moderne samelewing is so "pluriform" van aard dat die lewensbeskouing wat deur die gesin, kerk, skool, massamedia en openbare opinie voorgehou word, nie meer dieselfde is nie. In die argaïese samelewing het die verskillende samelewingsverbande se geloofsinhoude by mekaar aangesluit, was die een 'n verlengstuk van die ander, sodat die jeugdige oral met dieselfde leerinhoud gekonfronteer is, hetsy by wyse van herhaling of

verdieping. Die geloofsopvoeding (godsdiensonderrig) het plaasgevind in 'n eenvormige Christelike kultuur (Dingemans 1991 : 27-28) (eie invoeging).

Volgens Yaconelli en Burns (1986 : 18) word die jeugdige deur "multiple options" (veelvuldige keuses) gekonfronteer. Daar is soveel keuses om te maak dat hy uiteindelik nie noodwendig kies volgens die beginsel van reg/verkeerd nie, maar vanuit persoonlike oorwegings. Die jeugdige vra: "Wat het ik eraan voor mijn leven (Verbum 1991 : 21)?

Die massa-media bereik elke gesin, selfs in die mees afgeleë dorpie en die wêreldgodsdienste het hulself midde in die volk genestel via buitelanders, veral deur hul kinders wat dieselfde skole bywoon, selfs Christelike skole bywoon. Die samelewing het verbrokkel en "pluriform" geword as gevolg van die indringendheid van kommunikasiemiddele, maar ook as gevolg van transmigrasie en immigrasie (Dingemans 1991 : 28).

Volgens 'n artikel in Verbum (1991 : 22) word berig dat "Al die verschillende levensbeschouwingen bestaan min of meer vreedzaam naast elkaar maar maken het leven er niet gemakelijker op. Jongeren moeten temidden daarvan hun keuzen leren maken en ook tot een eigen religieuze opstelling komen." Dit is ook waar met betrekking tot die jeug van Suid-Afrika, veral in die nuwe Suid-Afrika.

Die jeug beskik ongetwyfeld oor baie inligting/kennis as gevolg van hul kontakte met ander mense en kulture. Hulle het volop

geleentheid om ervaring op te doen en weloorwoë keuses te maak. Tegelykertyd probeer gemeenskaplike magte, direk of indirek, 'n greep te kry op die nuwe geslag ("generasie"). Bepaalde modelle van lewe word voorgehou wat in die eerste plek in die diens staan van die doel en belange van die organisasies self. Teen hierdie problematiese agtergrond word die toekoms van die jeug beslis; hulle kan vry en bewustelik hul lewens inrig, maar hul kan ook die slagoffers word van die pre-gefabriseerde modelle. "Onze manier van leven wordt sterkt bepaald door het praktisch materialisme van een consumptie-maatschappij. Dat houdt ons iedere dag bezig en maakt ons doof voor de oproep te komen tot een door religie gevoede zingewing. In ons dagelijks leven komen religieuze prikkels maar heel zwak door. Ze worden onderdrukt, als onbetekenend afgeschilferd of zelfs volledig van ons beeldscherm gewist" (Verbum 1991 : 21).

'n Ander tendens wat bepaald die jeugdige se wording raak, is die van sekularisasie en daarom word daar vervolgens enkele opmerkinge hieromtrent gemaak.

### 3.2.3 'n Gesekulariseerde wêreld

Volgens Dingemans (1991 : 39) is daar verskillende definisies en omskrywings van "sekularisasie". Oorspronklik het dit beteken dat kerklike goedere deur die staat gekonfiskeer is. Verder het dit gedui op die skeiding tussen kerk en staat. "En tenslotte heeft het de pregnante zin gekregen van een cultuur die het begrip 'God'

buiten haakjes geplaatst en er langzaam maar zeker geen rekening meer mee houdt in het 'gewone leven', dat er zoiets als een 'god' zou kunnen zijn. ... God is geen factor waarmee men rekent bij belangrijke beslissingen of bij de opbouw van een wereld beschouwing of levensvisie. God is verdreven naar de marges van het bestaan als 'particuliere liefhebberij'. Aan de rand van het leven kan men misschien nog zeggen, dat men het gevoel heeft, dat er zoiets als een 'god' moet bestaan."

Banning (1964 : 84) noem verskeie terreine wat deur sekularisasie geraak is, naamlik: die teosentriese wêreldbeeld word verdring deur die "mechanisering van het wereldbeeld"; die antropologie laat godsdienstige relasies buite rekening, historisiteit word nie met die Bybel as vertrekpunt bepaal nie, gesindhede en gevoelens word bepaal deur die "diesseitige" en nie deur "jenseitige" (godsdienstige) motiewe nie, skuld- en sondebesef verdwyn uit die bewussyn en maak plek vir lewensontplooiing en geluksdrang, individueel en kollektief, sekularisering van die menslike "levenspraxis", van die lewensgewoontes, elke begrip van misterie in die godsdienstige sin van die woord word deur eerlike nugterheid verdryf.

"Ook in de kerken lijkt het of de vanzelfsprekendheid van God is verbleekt. Sinds de zestiger en zeventiger jaren, toen de 'God-is-dood-theologie' grote opruiming hield onder de vanzelfsprekendheden van de westerse cultuur, is ook een groot deel van het traditionele kerkvolk haar geloof in God kwijtgeraakt. Het geloof, het christelijke '<u>elan</u>' is langzaam uit vele mensen; weggelopen,

zoals een lekke luchtballon leegloopt' (Berkhof soos aangehaal deur Dingemans 1991 : 39). Er bleef bij heel wat traditionele christenen niet veel meer over dan een lege huls, een verschrompeld hoopje verpakkingsmateriaal" (Dingemans 1991 : 39).

"Tegelijkertijd wordt het jongeren steeds moeilijker gemaakt een werkelijk zinvolle plaats in hun leven in te ruimen voor de persoon van Jezus Christus. Ook de religieuse ervaring kan worden teruggebracht tot niet meer dan een consuptieartikel, vol herinneringen aan de kindertijd, maar zonder uitdaging tot leven, handelen en hopen. Religieuze ontwikkeling van jongeren wordt dan een probleemveld vol gevaren en provocaties" (Verbum 1991 : 21). Die vraag word gevra of die Christelike gemeenskap maar daarvan moet afsien om te getuig van Jesus as Messias, Redder en Verlosser van die mensdom. Dit is 'n vraag wat elke Christen homself moet afvra en in besonder diegene betrokke by die Afrikaanse Christen-Studentevereniging.

Sekularisasie is, volgens Wiese (1995a : 12) 'n newe-produk van die modernisme. Hy wys daarop dat godsdiens nie meer die kern is wat mense se lewe saambind nie, dit is net 'n deel daarvan en sê: "Daarom sal hulle op soek na 'n nuwe kern, dikwels nie na die dominee gaan luister nie, maar eerder 'n boek lees."

Sekularisasie het, benewens die negatiewe uitwerking met betrekking tot die betrokkenheid by die kerk, ook 'n positiewe bydrae gelewer. "Het secularisatieproces ... verplicht de gelovigen zich telkens weer opnieuw te bezinnen op de strekking van hun

religieuze overtuiging (Verbum 1991 : 21). Die sekularisasie het ook volgens Dingemans (1991 : 40), vir die Evangelie voordeel ingehou. "De kerkelijke structuren en de kerkelijke mores hebben het goede zicht op de bevrijdende en vernieuwende God, die zicht inzet voor het Koninkrijk van vrede en gerechtigheid voor alle mensen en voor alle continenten belemmerd en verduisterd. Daarom is het seculariatieproces ook een zuiveringsproces, een ideologiekritiek en alz zodanig op een lijn staat met de eerste geboden van de decaloog. Misschien kunnen wij - door de godsdienstkritiek heen - dan weer zicht krijgen op de bevrijdende Naam van God, ..."

Dingemans onderskei nog 'n tendens van die moderne gemeenskap wat bepaald die jeugdige se wording, ook godsdienswording kan raak, naamlik, die verdringing van Meso-strukture.

### 3.2.4 Verdringing van Meso-strukture

Die wêreldsamelewing word in 'n kroniese toestand van onsekerheid, spanning en bedreigdheid gedompel as gevolg van die magspel van georganiseerde superstrukture: E.E.G. (Europese Ekonomiese Gemeenskap), NAVO (Noord-Atlantiese Verdrags-Organisasie), OPEC (Oil Producing Export Countries), O.A.E. (Organisasie vir Afrika Eenheid), om maar 'n paar te noem.

Sedert die sestiger jare is die "meso-structuren" besig om te verdwyn, sodat slegs die "macro-structuren" en "micro-structuren" oorbly. Al die "meso-structuren" - familie, dorp, woonwyk, die

jeugklub, die straat, die vakbond, die kerk - ly 'n kommervolle bestaan (Moontlik is Van Zyl se vraag of "aksies" in die kerk uitgedien is (vide paragraaf 3.5.4.3 (g)), met die voorstel dat die aksies in die kerk na die gesin moet verskuif, aanvaarbaar in die lig van bogenoemde bevindinge. Die rol van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging sal ook in die lig van bogenoemde bevindinge weer bedink moet word). Die klem val nou op die makro-strukture van die politiek, die ekonomie, onpersoonlike politieke magsblokke/organisasies/partye, multinasionale ondernemings met duisende werknemers en die media aan die een kant, en op die mikro-strukture, naamlik die gesin, vriende, die werkplek en stokperdjies aan die ander kant. Daar is 'n terugtrekking na die mikro-strukture te bespeur: "naast de werkweek met zijn officiële circuits ontstaat er een week-end cultuur met een vrije-tijdsethiek. ... Om aan de dreiging van de 'grote' wereld te ontkomen vlucht men's avonds en in het week-end en niet te vergeten in de steeds langer wordende vakanties in de 'kleine' wereld van gezin en hobby" (Dingemans 1991 : 29,33-34). Dieselfde tendens word in Suid-Afrika waargeneem.

Volgens Dingemans (1991 : 34-35) het die gemeenskap so onpersoonlik geword dat die samelewingsverbande verdwyn en die gemeenskap dreig om te versplinter in die kleinste moontlike eenhede, naamlik die gesin en die indiwidu. Hierdie versplintering het indiwidualisme tot gevolg. "Ieder moet tenslotte zijn eigen zaken maar uitzoeken en op eigen wijze zijn geluk maar vinden!" Daar is wel 'n groot mate van "toleransie" (verdraagsaamheid)

"tegenover vreemde vogels" solank die vryheid van die ander nie bedreig word nie. Ook gesag word slegs geduld as dit die indiwidu beskerm of beteken dat die indiwidu met rus gelaat word. "Individualisme blijkt uitstekend te kunnen samengaan met gebrek aan belangstelling voor 'het gezag'... Individualisme hangt samen met de terugtrekking op micro-structuren."

Selfs die gesinslewe het nie ongeskonde gebly nie. Verskeie instansies en persone neem die opvoeding en leiding oor, naamlik die skole, fabrieke, base, die straat, soms bendes, klubs, films, ensomeer. 'n Vryer opvatting betreffende die seksuele en die ontbinding van die huwelik tree op die voorgrond. Ook die indiwidu tree op die voorgrond (Banning 1964 : 86).

Naas indiwidualisme vind mens ook die tendens tot wat Dingemans (1991 : 35) "irrationalisme" noem: "ik vind dingen, omdat ik het zo voel ...! men trekt zich niet alleen terug op het individu, maar zelfs op de gevoelens van de individu, die in principe niet aan anderen uitgelegd hoeven te worden of zelfs kunnen worden. ... Het enige wat onvervreembaar van jeself is, is je gevoel. Die gevoelens kunnen zich uiten in muziek, in geselligheid en knusheid; ook in zexualiteit en drugverslaving; of in magie en zwarte kunst; in baldadigheid en zelfs misdadig gedrag ... Gevoelens kunnen zich ook uiten in religie van allerlei soort en inhoud." Dit blyk uit die voorafgaande dat dit nodig is dat godsdiensbegeleiers (ook die Afrikaanse Christen-Studente-vereniging se personeel) kennis sal neem dat die mens se gevoelens (belewenisse) in die huidige tydsgewrig belangrik is en daarom

sal godsdiensbegeleiding hierby moet aansluit (vide ook paragrawe 4.2.9.1 en 4.2.9.2 (c)).

"Bij gebrek aan een welomschreven lewensontwerp neigen jongeren tot een leven "a la carte" en volgens het devies "pluk de dag". Zij geven voorkeur aan wat op dit moment bereikbaar is en wat onmiddelijke bevrediging schenkt. Deze jongeren zijn concreet en realistisch. Daarmee riskeren zij wel vaak te vervallen tot een oppervlakkige manier van leven en een cultuur te scheppen die enkel bestaat uit eendagsvliegen en banaliteiten" (Verbum 1991 : 21-22).

Dingemans (1991 : 33) wys daarop dat die reaksie van die jeug met betrekking tot die faktore wat nou onder bespreking is, met die verloop van jare verskillend was. Volgens Dingemans het die jeug (ook die ouers) na die 1940-45-oorlog die gemeenskap help bou. Dit was 'n tyd van groot optimisme. In die jeugbewegings het die jeug 'n ruimte gevind om hulself voor te berei vir hul taak in die gemeenskap. Toe dit blyk dat die gemeenskap na die oorlog nie veel geleer het nie, raak die jeug krities ingesteld ten opsigte van die gemeenskap. In die sestigerjare wil die jeug hul nie laat lei deur die bestaande ideologieë nie, maar "vraag om ruimte voor eigen ontwikkeling. Het 'open' jeugdwerk ontstaat in tegenstelling tot het 'eigen' jeugdwerk van kerken en maatschappelijke organisaties". Dit kulmineer uiteindelik in die jeug-revolusies. In die tweede helfte van die jare sewentig reageer die jeug deur hulself terug te trek in hul eie kring (eie studies, eie subkultuur) toe dit moeilik blyk te wees om die gemeenskap-strukture

te verander - "de meerderheid van de jongeren geeft het maatshappij-kritische élan op." Daar ontstaan 'n tweede kultuur binne die offisiële kultuur wat bekendstaan as die generasiegaping (Brentjens 1978 : 164 ev). Hierdie subkultuur is, volgens Dingemans (1991 : 32), sterk emosioneel en "zich afzet tegen de gevestigde cultuur - al neem de officiële cultuur steeds weer en steeds meer delen van die sub-cultuur over." 'n Vraag wat hom voordoen, is: Kan die Afrikaanse Christen-Studentevereniging as sub-kultuur van die jeug figureer (vide paragraaf 4.2.9.2 (c))?

"De generatiekloof lijkt zich te dichten met een gezamenlijke angst van jong en oud voor een kille, grimmige en verszuurde maatschappij vol vuiluitstoot en alles vernietigende wapens. Religie - tot voor kort beschouwd als een opium om het volk te bedwelmen en af te houden van de klassestrijd - religie is weer in de mode! Als een middel om jeself te worden in een vervreemdende wereld. Men versta dit goed: religie als persoonlijke ervaring van zijn geluk is in de mode. Kerken als meso-structuren die onderdeel zijn van ambtelijke apparaten met geloofsleren en omlijnde ethieken zijn bij jongeren niet te trek!" (Dingemans 1991 : 34).

Die terugkeer na religie het verreikende implikasies vir die godsdienswording van die jeugdige, maar dit roep die godsdiensbegeleiers (ook die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se personeel) tot 'n bedinking van die pedagogiese en didaktiese implikasies hiervan.

Ook die snelle veranderinge, onvoorspelbaarheid van die leefwêreld

en toekomsskok het 'n bepaalde invloed op die mens, ook die jeugdige.

**3.2.5 Snelle verandering, onvoorspelbaarheid en toekomsskok**

"De snelheid van de ontwikkelingen veranderdt onze moraal en ondermijnt onze ethische gezichtpunten ... En het tempo van de ontwikkelingen geeft ieder mens voortdurend het gevoel achter te lopen in kennis en inzicht. Waarheid blijkt heel relatief te zijn, omdat de meeste waarheden in de krant van morgen al weer achterhaald of politiek herroepen blijken te zijn" (Dingemans 1991 : 28).

Toekomsskok dui op die spanning en ontsteltenis en disoriëntasie wat die indiwidu ervaar as gevolg van te veel verandering in 'n kort tydperk. Dit is 'n psigo-biologiese versteuringstoestand as gevolg van die snelle verandering en oormatige invloede in die samelewing. Snelle verandering is 'n maatskaplike krag wat kortstondigheid, onbestendigheid en verganklikheid teweegbring sodat die indiwidu nie meer toereikend met sy medemens kan saamlewe of kommunikeer nie (Pretorius 1981 : 121).

"Dit was ... Heyns (1994a : 6) wat 'n paar jaar gelede daarop gewys het dat 'n 'toekomsskok' op baie lidmate van die Ned Geref kerk wag wat reken dat, ten spyte van al die woelinge rondom hulle, die status quo op stuk van sake in 'n groot mate in Suid-Afrika behoue gaan bly ... dat morele standaarde gaan bly soos wat ons vanuit Afrikaans-gereformeerde blikhoek meen dit moet wees.

Die veranderinge wat aan die kom is, het hy gewaarsku, is fundamenteel van aard. Ons samelewing gaan in 'n sin binneste buite gekeer word. Daar kom drastiese, radikale veranderinge."

Hierdie voorspellings met betrekking tot toekomsskok deur Heyns is vandag die werklikheid en daarom kan daar gekonstateer word dat ook in Suid-Afrika die jeugdige in die huidige tydsgewrig aan toekomsskok blootgestel is. Heyns (1994b : 12) verwys onder meer na die volgende sekerhede en bekende patrone wat verdwyn het: 'n eksklusiewe blanke regering, apartheidspolitiek, 'n sosiale stratifikasie wat grondig verskuif het, waardesisteme wat deur ander vervang is, toenemende geweld, toenemende werkloosheid en selfs armoede.

In sulke tye moet die indiwidu herhaaldelik by verandering en nuutheid inskakel. Desosialisering is dikwels aan die orde van die dag, omdat mense moedeloos tou opgooi ten opsigte van spanning, onsekerheid en oormatige keuse-moontlikhede. Baie mense soek ontvlugting in alkohol, televisie, naweekhuise, om maar 'n paar ontvlugtingswyses te noem. Ook by die jeug is daar 'n gebrek aan medemenslike betrokkenheid en 'n ontnugtering ten opsigte van die lewe as werklikheid en die samelewing (Pretorius 1981 : 124), vandag seker meer nog as in die tagtigerjare.

Daar is, volgens De Gruchy (in: Wiese 1995a : 12), ook 'n ander sy van die saak, aangesien mense deur die eeue heen "in tye van onsekerheid, soos wat Suid-Afrikaners nou beleef, opnuut belang gestel (het) in godsdiens. Boonop nader ons die einde van 'n eeu

en die einde van 'n millennium wat (ook) mense met onsekerheid vervul" (eie invoeging). 'n Volgende aspek waarby stilgestaan word, is ekonomies-tegniese manipulering.

### 3.2.6 Ekonomies-tegniese manipulering

Volgens Dingemans (1991 : 30) word dit steeds duideliker "dat de westerse maatshappij word gestuurd door economische krachten, Niet de 'rechten van de mens'; niet de droom van een 'rechtvaardige sameleving'; niet een visie op mens en maatschappij zijn de sturende en richtinggevende krachten in onze maatschappij, maar het economisch rendement. Men kan dat vertalen in: "realized eschatology": men probeert het 'heil' reeds nu en in zo overvloed mogelijke mate voor zichzelf te bereiken. Zo wordt zingeving vertaald in wat economisch haalbaar is."

Dingemans se standpunt met betrekking tot die prioriteit wat die ekonomie in die moderne samelewing inneem, het besondere implikasies met betrekking tot godsdienswording, aangesien die Christen homself deur God en Sy Woord laat rig en die einddoel van die Christelike godsdiens juis geleë is in die eskatologiese verwagting om met God verenig te wees in die hiernamaals (vide paragraaf 2.5.9).

Die mens loop die gevaar om die slagoffer te word van 'n blinde tegnokrasie en anonieme burokrasie. Beplanning, organisasie en spesialisasie staan nie altyd in diens van die mens en die gemeenskap nie - ekonomiese, tegniese en organisatoriese kriteria

is bepalend eerder as sosiale en pedagogiese kriteria (Pretorius 1981 : 120).

Volgens Gresse (1971 : 41) is die gevaar nie denkbeeldig dat die menslike bestaan in groter wordende mate oorheers gaan word deur politieke en ekonomies-tegniese manipulering wat slegs "efficiency" op die oog het en wat die gesag van waardes, geloof, godsdiens en opvoeding misken nie.

Volgens Howard Snyder, soos aangehaal deur Yaconelli en Burns (1986 : 19), beroof die "worship of technology", soos hulle tegnokrasie beskryf, die mens (jeugdige) van vyf kwaliteite, naamlik:

1) spontaniteit;
2) indiwidualiteit (almal wil identies wees);
3) morele standaarde ('n saak is reg as dit tegnologies moontlik is, byvoorbeeld aborsie - wat tans in Suid-Afrika in die brandpunt is);
4) self-bewustheid ("self-consciousness" - wat die mens daarvan weerhou om te dink);
5) wilskrag (aangesien die mens nie meer sy eie keuses kan uitoefen nie, maar grootliks deur propoganda en advertensies gerig word).

Volgens Dingemans (1991 : 28) het die tegnologie en ekonomie 'n bepaalde invloed op die mens (jeugdige) : "De technologie en de economie, werktijdverkorting en baanloosheid, emancipatie van zwarten, van jongeren en van vrouwen, drijven ons uit de

gevestigde standpunten en inzichten." Dit is eweeens waar van Suid-Afrika.

Die gekompliseerdheid van die gemeenskap bring mee dat die jeugdige eers later tot die arbeidsmark kan toetree. "Kennelijk duurt de jeugdperiode steeds langer en krijgt daardoor meer en meer een eigen funktie en inhoud. Vooral de periode van de puberteit of adolescentie wordt steeds langer en ingewikkelder. De maatschappelijke rijpheid loopt in onze gecompliceerde maatschappij niet meer parallel met de geslachtsrijpheid. Naast het lichamelijke groeiproces is er een maatschappelijk-geestelijk groeiproces, dat veel tijd en energie vraagt" (Dingemans 1991 : 31). Erikson (1971 : 94) verwys na hierdie periode as 'n "moratorium" - 'n periode waarin die jeugdige nog nie in die volheid van die gemeenskap staan nie en nog geen verantwoordelikheid vir die gemeenskap dra nie, maar op verskillende wyses hulself voorberei vir hul taak in die gemeenskap.

Dit is duidelik uit wat Dingemans sê dat sommige jeugdiges bepaalde probleme ervaar omdat hulle in sekere opsigte reeds volwasse is, maar nog nie onafhanklik hul plek in die samelewing kan volstaan nie en daarom veel langer van hul ouers afhanklik bly. Dit op sigself hou bepaalde frustrasies in vir sowel die jeugdige as die ouer. Dit kan gebeur dat ouers namens hul kinders nog bepaalde besluite neem waarvoor die jeugdige reeds verantwoordelikheid kan aanvaar. Dit kan insgelyks ook waar wees

wat bepaalde geloofsake betref, byvoorbeeld kerkbywoning en geskikte kerkklere.

Toffler (1970 : 431) beweer dat: "Young people (that are) forced into prolonged adolescence and deprived of the right to partake in social decision-making will grow more and more unstable until they threaten the overall system" (eie invoeging).

Groot onsekerheid ontstaan ook omdat die arbeidsmark moeilik toeganklik is as gevolg van werkloosheid en selfs jare se opleiding nie die jeugdige van 'n beroep verseker nie. Sommige ervaar dit as "alles was verniet" (Dingemans 1991 : 33). Dit is tans veral van toepassing wat Suid-Afrika se arbeidsmark betref.

Baie mense (ook jeugdiges) beleef in die huidige tydsgewrig 'n normkrisis. Daar sal kortliks stilgestaan word by die impak wat 'n normkrisis op die godsdienswording van die mens/jeugdige kan hê.

### 3.2.7 Normkrisis

Daar is bepaalde faktore wat bydra tot teenstrydigheid in normbesef. Die mens in die moderne samelewing verkeer in 'n voortdurende toestand van verwarring en verbystering sodat hy steeds minder begryp van sy eie situasie en van sy eie lewensopgawe, ook met betrekking tot die opvoeding van die kinders. Die mens is onseker oor belangrike aspekte soos die

godsdiens, die huwelik, die gesinslewe, waardes en opvoeding (Pretorius 1981 : 112).

"De moraal wordt in een pluriforme, pragmatische samenleving Überhaupt niet meer gestuurd door een ethiek, zoals in een 'inner-directed' samenleving. Noch de kerklijke ethiek, die voor de twéède wereldoorlog de moraal bepaalde; noch de revolutionaire die in de zestiger en zeventiger jaren de moraal bepaalde; hebben zich kunnen doorzetten in de multi-culturele wereld van vandaag. Groepen en trend-setters gevehn de moraal aan en er is op grote schaal oog voor het wel-begrepen eigenbelang. Er is een soort do-ut-des moraal, die met de ander rekening houdt, als hij ook met jou rekening houdt. We zijn een samenleving op contract-basis geworden, waarbij ieder zoveel mogelijk uit het contract probeert te halen!" (Dingemans 1991 : 34).

Die moderne samelewing word dikwels deur 'n ek-dit verhouding gekenmerk. 'n Ek-dit verhouding loop in die samelewing uit op eksploitasie en manipulasie van die verbruiker, die beswendeling van die kieser, en die opdringing van kennis, waardes en norme wat vir die opvoedeling geen sin en betekenis het nie - 'n opvoeding sonder kommunikasie wat niks meer as dressuur is nie. Daar vind dus 'n manipulasie van die bewussyn van die medemens (jeugdige) plaas. Dit gun die ander geen eie reg tot denke nie. Die reg van die sterkste geld as wet. Mense laat hulle beheers, laat ander toe om hulle lewens te lei, in plaas van om dit self te bestuur. Intermenslike kontak word vermy, word formeel gehou, en word deur eiebelang beheers - wat kan die ander vir my doen? Indien

opvoeders se denkwyse hierdeur beïnvloed word, sal hulle nie anders kan as om star en outoritêr met hul kinders om te gaan nie (Pretorius 1981 : 112).

Volgens Landman et al. (1975 : 120) is die vraag na die sin van iets soos die lewe of van menswees, 'n vraag na die doel, bestemming en betekenis daarvan. Volgens Landman het Albert Einstein, die fisikus, die eeu waarin ons leef, getipeer as een van volkome middele en verwarde doelstellings. Die wysgeer Herman Dooyeweerd (aangehaal deur Landman et al. 1975 : 120) skets die hedendaagse mens soos volg: "Hierdie moderne mens het homself verloor en ag hom in 'n betekenislose wêreld gedompel - sonder enige hoop op 'n beter toekoms." Volgens Landman het Einstein en Dooyeweerd se "uitsprake betrekking op die aangeleentheid van sin - spesifiek op die verlies van sin as doel, betekenis en bestemming in die lewe van die hedendaagse mens." Hierdie uitsprake is van besondere betekenis, aangesien sinsoeke as die gemeenskaplike noemer sal dien in die evaluering van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se begeleidingshulp aan die jeugdige in sy opwegwees na volwassenheid (vide paragraaf 6.1), in besonder ook met betrekking tot die realisering van neaniagogies-antropologiese kategorieë deur die vereniging (vide paragraaf 6.2) en ook die verwesenliking van opvoedingsessensies deur die vereniging (vide paragraaf 6.3).

Volgens Landman et al. (1975 : 120-121) word die sinverlies waarvan hier sprake is, in die kader van die Christelik-wysgerige denke herlei na die verwerping van alle gesagsbindinge deur die

mens en die verheffing van die mens tot die hoogste gesag, in die plek van God. Volgens Landman is die oorbodigverklaring van God sinoniem met sinvernietiging en daarom dat daar weer gevra word "Wat is die mens?" "Die mens soek naarstigtelik na die oorspronklike sin van sy bestaan. Te midde van oorvloed en welvaart, fenominale tegnologiese en wetenskaplike prestasies, dring verskillende variante van die vraag na die sin van menswees hul na vore: Wat is die wese en bestemming van mens en wêreld? Waarin bestaan die sin van die lewe? Indien sin verloor is, hoe kan dit herwin word (Landman et al. 1975 : 122)? Dit is dan juis hierdie vrae wat die jeugdige, die moderne jeugdige des te meer, vra en waarop hul antwoorde soek (vide paragraaf 4.2.8.2) en waarom sinsoeke dien as gemeenskaplike noemer in die agogiese evaluering van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging.

Volgens Kirstein (1977 : 115-116) het die mens nie 'n duidelike perspektief op die maatskaplike faktore wat sy lewensituasie bepaal nie en daarom kan hy nie homself losmaak van manipulisasie en ongewenste beïnvloeding nie. Daarom is dit vir hom onmoontlik om die positiewe moontlikhede van die lewe en samelewing optimaal te benut.

Hierdie gees van kommunikasielose manipulisasie vind ook neerslag in die opvoeding. Die opvoeder wil die opvoedeling aan hom onderwerp en sy gevoelens en handelinge so manipuleer dat die opvoeder vir homself die gunstigste situasie skep ten koste van die opvoedeling. Hy handel nie met die opvoedeling volgens pedagogiese maatstawwe nie (Pretorius 1981 : 113).

David Riesman, soos aangehaal in Traas (1974 : 29-34)), onderskei drie groepe mense in sy boek "The Lonely Crowd" (1950), naamlik die "tradition-centred" gemeenskap, die "inner-directed" gemeenskap en die "other-directed" gemeenskap. Dingemans (1991 : 29) is van mening dat Riesman se interpretasie van die samelewing steeds waardevol is met betrekking tot die huidige tydsgewrig, al dateer dit terug tot 1950. In die "other-directed" samelewing verander die menings/opinies en modes gedurig. Dit is 'n pluriforme maatskappy en word gekenmerk deur 'n oorstelpende informasie-aanbod. "En men kan zich alleen flexibel aanpassen aan deze maatschappij door de heersende ideeën zo snel mogelijk over te nemen en te letten op wat de spraakmakers zeggen. ... In deze pluriforme maatshappij, of informatie-maatschappij, zijn geen vaste principes of rationele ordeningen de leidraad voor het handelen, maar het compromis, het haalbare, het trend-gevoelige." Volgens Dingemans (1991 : 32) vertoon die jeug juis "other-directed" gedrag: sy gedrag word bepaal deur die mode, die groep, "de leuze van de dag. Ze hebben geleerd om flexibel in te spelen op dat wat de omgeving van hen vraagt. Dat brengt natuurlijk ook grote onzekerheid met zich mee: je magt nooit het contact verliezen met de dragende groepen en ideeën."

Op grond van Riesman se indeling onderskei Pretorius (1981 : 113-114) drie tipes (groepe) mense, naamlik die tradisie bepaalde mens, die deur sigself bepaalde mens en dan die deur ander bepaalde mens. Dit is hierdie laaste tipe mens wat hom deur sy verhouding tot ander laat lei. Hy handel nie eerstens op grond van

wat hy geleer het deur opvoeding nie, maar op grond van wat ander van hom verwag. Hy relativeer sy eie opvoeding (norme en waardes), en is op die moderne samelewing ingestel, wat geen duidelike en vaste norme stel nie, of waarvan die norme voortdurend verander. In die moderne samelewing staan elkeen alleen. Elkeen moet sy gedrag so inrig dat dit telkens deur die groep aanvaar sal word. Die indiwidu kan nie volgens vaste sosiale norme en beginsels leef nie, want in elke sosiale situasie geld weer ander reëls en norme. So ontstaan die "eensame massa". Daar is geen geborgenheid of indiwidualiteit in die groep nie.

Die moderne mens verkeer in 'n normkrisis, omdat hy nie meer weet wat reg en verkeerd is nie, aangesien norme en waardes onder meer gerelativeer, geminimaliseer en genihiliseer word (Pretorius 1981 : 118).

"Pedagogies beteken dit dat die houding van die ouers ten opsigte van hul kinders steeds meer deur onsekerheid en afhanklikheid gekenmerk word, in plaas van deur oortuiging en werklike gesag. Die ouers merk dat hulle in hul eie verhoudinge steeds meer van hul medemens geïsoleerd raak, namate hulle strakker vashou aan ouere vertroude beginsels. Hulle merk dat hulle kinders dieselfde verbete stryd voer om aanvaarding in die groep. Ouers is hedendaags meer daarop ingestel om met hulle kinders rekening te hou" (Pretorius 1981 : 114).

Volgens Pretorius (1981 : 118) ervaar die mens (ook die jeugdige) meer vryheid en tel norme minder en is daarby aan voortdurende

verandering onderhewig. Die opvoeder en die opvoedeling word in die moderne gemeenskap deur verskeie sosiale instansies en sosiale groeperinge beïnvloed - sodat daar nie vir hom 'n vaste, gedetailleerde normsisteem bestaan nie. In hierdie gekompliseerde samelewing word veelvuldige, en soms uiteenlopende en teenstellende norme voorgehou. Gevestigde waardes en norme word laat vaar en daar is onsekerheid ten opsigte van nuwes - 'n lewensonsekerheid wat ook opvoedingsonsekerheid beteken. Dikwels beleef die opvoeder self 'n normkrisis.

Pretorius (1981 : 120) het die begrip "polivalente pluralisme" gebruik om die krisis aangaande norme te identifiseer. Polivalente pluralisme dui op 'n meerwaardige wysgerige rigting wat die hele werklikheid as 'n veelheid van indiwiduele selfstandighede omvat; teenoor monisme (Odendal et al. 1992 : 845). Dit sluit baie nou aan by die krisis aangaande norme, aangesien daar in 'n polivalente gemeenskap met uiteenlopende lewensvorme waardeur 'n verskeidenheid lewensopvattinge en lewenswaardes vergestalt word, onsekerheid bestaan ten opsigte van pedagogiese normkeuses (Pretorius 1981 : 120). Dit mag ook in die nuwe Suid-Afrika die gevolg wees indien daar nie met omsigtigheid besluite geneem word met betrekking tot 'n nuwe onderwysstelsel waardeur godsdiensopvoeding direk geraak gaan word nie (vide paragraaf 6.14.6).

Die vraag wat hom nou voordoen, is: Dra die Afrikaanse Christen-Studentevereniging nie by tot die normkrisis nie deurdat dit nog 'n lewensvorm is waardeur bepaalde lewenswaardes en 'n bepaalde lewensopvatting vergestalt word? Die ouerhuis is

lewensopvatlik gepredisponeer, die kerk as gemeente is dogmaties gepredisponeer, die kategeet is dogmaties en kwasie-didakties gepredisponeer, terwyl die kerklike jeugaksie sosiaal gepredisponeer is, die skool weer is nie-dogmaties didakties gepredisponeer, terwyl die Afrikaanse Christen-Studentevereniging as 'n vrye vereniging wat oop is vir lidmate van alle Christelike kerke, volgens Roelofse (1994), weer poli-dogmaties gepredisponeer is, tesame met 'n sosiale predisponering asook 'n didaktiese predisponering. Die sosiale en didaktiese predisponering kan miskien tot verwarring bydra, maar dit is veral die poli-dogmatiese predisponering wat tot verwarring kan bydra. Die vraag wat ontstaan, is: Funksioneer die Afrikaanse Christen-Studentevereniging wel poli-dogmaties of nie (vide paragraaf 6.8)?

Die mens (jeugdige) word vandag veral via die media met 'n verskeidenheid van sieninge gekonfronteer en hul tyd word daardeur in beslag geneem. Meer hieroor in die volgende paragraaf.

**3.2.8 Massakommunikasie**

"We zijn allemaal dagelijks via krant en televisie bij de wereldproblemen betrokken zonder dat we ons daaraan kunnen onttrekken. We zijn wereldburgers geworden in eenzeer dynamisch bestaan" (Dingemans 1991 : 28). Dit is ewenseens waar van Suid-Afrika en sy mense.

Volgens Kirstein (1977 : 118) word die beperkte tyd wat gesinslede te midde van 'n gejaagde lewensbestaan en lewenstempo en oorvol

programme deur 'n gerigtheid op massakommunikasie-media in beslag geneem. Dit gebeur dikwels dat lede van 'n gesin uitstekend ingelig is oor wêreldgebeure, maar wat weinig van mekaar weet of wat die dag gebeur het. Ook in die klaskamer word die les so toegelig deur 'n verskeidenheid van oudiovisuele middele dat werklike pedagogiese kommunikasie daardeur verskraal word. Daar is nie meer voldoende pedagogiese omgang tussen opvoeder en opvoedeling nie. Volgens Pretorius (1981 : 118) is bioskoop en televisie passiewe en eensame vorme van vryetydsbesteding wat kommunikasie met die werklike, lewende medemens laat verskraal. Via massakommunikasie-media word ongewenste en minder gewenste samelewingsinvloede met gewenste opvoedingsinvloede in stryd gebring. Die bepaalde invloed van videos moet hierby gereken word.

Opvoeder en opvoedeling word deur onbekende oorreders ("openbare mening") ingelig, gemotiveer en tot bepaalde handelinge aangemoedig, maar slegs as hoorders, kykers of lesers, en nie as deelnemende sprekers nie. Die opvoeder selekteer en interpreteer nie die gekommunikeerde inhoude nie. Die massamedia beïnvloed die opvoedeling so intens en subtiel dat die opvoeder genegeer word (Pretorius 1981 : 115).

Sosiaal-onaanvaarbare gedrag soos byvoorbeeld aggressiwiteit, sinloosheid, opstand, terrorisme, moord, seksualiteit, magsmisbruik, om maar 'n paar te noem, word via die massamedia gekommunikeer en bevorder. Uitkomste hiervan is desensitasie (ongevoeligheid) vir geweld, verseksualisering van die lewe en die

geloof by die mens (jeugdige) dat geluk veral in materiële (geadverteerde) dinge geleë is (Pretorius 1981 : 115-116).

Dit is nog meer onstellend dat die oënskynlike gesinseenheid wat deur die televisie bewerkstellig word in werklikheid verbrokkeling inhou. Indien kommunikasie 'n probleem is, maak televisie dit draaglik deur 'n gerigtheid na buite te skep en sodoende wrywing te voorkom. Die kloof tussen die mens en sy medemens word net groter. Die televisie dra by tot die isolasie van die mens. Ellul (soos aangehaal deur Pretorius (1981 : 116)) sê: "Television, because of its power of fascination and its capacity of visual and auditory penetration, is probably the technical instrument which is most destructive of personality and of human relations."

Die ouer het die uiters moeilike taak om televisie-inhoude vir sy jeugdige te kontroleer, te selekteer, te interpeteer en te evalueer en so die jeugdige te lei tot evaluering van dit wat hy op televisie aanskou, meer nog - dit is die opvoeder se verantwoordelikheid om bekend te wees met steurnisse met betrekking tot verhoudinge soos deur die jeugdige ervaar in die huidige tydsgewrig sodat hierdie steurnisse onderskep kan word of in perspektief gestel kan word sodat die jeugdige se wording nie daardeur benadeel hoef te word nie.

### 3.2.9 Steurnisse met betrekking tot verhoudinge

Die jeugdige beleef soms steurnisse met betrekking tot homself, sy medemens (ook sy ouers), sy omgewing, die kerk en selfs God.

Hierdie steurnisse belemmer die jeug se sinvinding en dra by tot kleingeloof. Jeugdiges wat hierdie verhoudingsteurnisse beleef, het nood aan opvoedingsbegeleiding. Sommige van hierdie steurnisse is tydsgebonde of omstandigheidsgebonde en daarom moet die wetenskapper daarteen waak om te veralgemeen en moet dit nie as algemeen-geldend beskou word nie (Roelofse 1994) (eie invoeging). Vervolgens sal enkele van hierdie probleemareas beskryf word, veral dan met betrekking tot die invloed op die jeugdige se godsdiensbelewing en sy godsdiensvorming. Die eerste probleemarea waarby daar stilgestaan word, is kontakinflasie.

### 3.2.9.1 Kontakinflasie

As gevolg van die moderne kommunikasiemiddele, sy lewe-in-meervoud en sy mobiliteit ervaar die moderne stadsmens (selfs ook diegene wat op die platteland woon, hoewel in 'n mindere mate) 'n toename in tussenmenslike kontakte. Die moderne jeugdige kom daagliks in kontak met baie mense, maar hy het nie die tyd of die geleentheid om tot egte persoonskommunikasie te kom nie (Pretorius 1981 : 106-107). Die jeugdige op die platteland sou dieselfde probleme ervaar indien hy sy ouerhuis moet verlaat om elders skool te gaan, andersins sou die aantal tussenmenslike kontakte vanweë sy gesitueerdheid wel minder wees (eie invoeging).

As gevolg van sy "deurrit deur die samelewing" is die jeugdige se kontakte dikwels vlugtig, saaklik, oppervlakkig en onpersoonlik. Dit dra by tot 'n koue afstandsbelewing en vereensaming van die

moderne jeugdige, met gepaardgaande sosiale en kommunikatiewe tekorte en afwykings. Die jeugdige sou dan op gereserveerde, geslote en gedistansieerde wyse kommunikeer. Kontakinflasie dui eintlik op 'n afname in kwaliteitskontak en 'n toename in die kwantiteit van intermenslike kontakte. Baie plekke in die samelewing word deur beide oorvolheid en eensaamheid gekenmerk: woonstelblokke, losiesplekke (koshuise), sport-byeenkomste, vermaaklikheidsplekke, groot skole, druk straat- en winkelverkeer en baie kerke. Ook waar opvoeding en opvoedingskommunikasie te midde van 'n besige gesins- en skoollewe voltrek moet word, kan hierdie verskynsel hom voordoen, sodat daar inderdaad sprake is van pedagogiese kontakinflasie. Ware vriendskap kom dikwels minder voor. Vriendskap ontstaan eerder in 'n lewe wat min kontakte ken. Die jeugdige het dikwels kontak met heelparty mense, maar het nouliks een vriend (Pretorius 1981 : 107). Daar sal in paragraaf 4.2.10 gelet word op die waarde van die sogenaamde "Friendship Evangelism".

Volgens Couwenberg (1959 : 30-31) lewe die stadsmense naby mekaar en kom mekaar baie teë, maar raak hulle innerlik meer en meer van mekaar vervreemd/verwyderd. Die mens, ook die jeugdige, wil ontmoet en ontmoet word, maar kom steeds tot minder werklike menslike ontmoeting en 'n ek-jy verhouding. Roelofse (1980 : 136 ev) vewys na die Ich-Du- en Ich-Es-verhoudings van Martin Buber. Hierdeur word die feit dat die mens nie 'n "ding" is nie beklemtoon. Die uitleef en belewing van mede-menslikheid word hierdeur beklemtoon. Smuts (1988 : 9), het gesê dat die oplossing

vir Suid-Afrika se huidige probleme is nie 'n nuwe regering nie, maar is nuwe mense vol naasteliefde en my naaste is almal wat God oor my pad bring. Hy het gesê dit is nie genoeg om net 'n oop oog te hê nie, maar dat jy 'n barmhartige hart moet hê deurdat jy jou hand uitsteek na jou naaste en daadwerklik vir jou naaste iets doen. Dit is steeds waar noudat Suid-Afrika 'n nuwe regering het. Mede-menslikheid is steeds die oplossing vir die huidige verhoudingsprobleme in Suid-Afrika, maar dit is eweneens waar van die meer interpersoonlike verhoudinge binne die gesin, skool en kerk en die samelewing in die breë.

Du Plooy (1982 : 37,39-41) vra die volgende vraag: "Wat is die nood in ons hedendaagse samelewing, die krisis in ons tegnokratiese bestel? Is dit klere, voedsel, energie, ruimte, behuising of geldelike middels?" Hy beantwoord hierdie vraag soos volg: "Myns insiens is dit 'n mislukking van dialoog op die andragogiese, maar veral op die pedagogiese vlak." Die opvoeder moet aan die opvoedeling 'n wêreld verbeeld waarin die opvoedeling 'n aanneemlike en behoorlike lewenswyse (kan) leer ken en later self kan vertoon, met ander woorde 'n beeld van egte volwassenheid met inbegrip van 'n selfbeeld wat die opvoedeling se lewensgang soos 'n pilaar ondersteun. Die opvoeder (godsdiensbegeleier) kan dit bereik deur sy dade (voorlewing) en deur sy woorde (dialogies aangewend) die opvoedeling te begelei tot egte volwassenheid (ook geestelike volwassenheid). Du Plooy roep, by implikasie, die godsdiensmoveerder, en by implikasie ook die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se personeel, op tot dinamiese dialoogvoering

sodat die gees van die leerlinge in beweging gebring kan word: hul gedagtes verhef kan word om sekere ideale te verwesenlik en hulle tot die uitspreek van hulle eie sieninge kan kom; hulle denke sal verdiep en veredel en hulle sodoende die behoorlike weg tot volwassenheid sal vind (vide paragraaf 4.2.9.2 (d) (eie invoeging).

Ten spyte van die negatiewe invloed wat kontakinflasie op sommige jeugdiges se lewe kan hê, is daar tog ook weer by sommige jeugdiges die neiging om hul vryheid in die massa prys te gee en daarom sal daar vir 'n wyle by massafikasie as probleemarea stilgestaan word.

### 3.2.9.2 Massafikasie

Massafikasie dui op 'n geestelike gelykmaking wat diegene wat hul laat meesleur sonder plan, doel en verantwoordelikheid in die lewe laat. Indien dit wel gebeur, gee die mens in 'n groot mate sy persoonlikheid en vryheid in die massa prys. Massafikasie is 'n samelewingsfaktor wat sterk opvoedingsbelemmerend kan wees. Negatiewe bybetekenisse wat aan die benaming massajeug gekoppel word, is byvoorbeeld verwilderde jeug, ontspoorde jeug en probleemjeug. (Hierdie bybetekenisse is waarmee op die terrein van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging rekening gehou moet word). Die massajeug laat hul maklik op permissiewe en wangenormeerde wyse deur die massamedia voorskryf (Pretorius 1981 : 108). Hiermee saam het 'n versaakliking en verinstrumenta-

lisering van menslike verhoudinge plaasgevind. In die georganiseerde samelewing van vandag heers 'n oorwegende indiwidualistiese geestesgesteldheid. Mense staan dikwels vreemd, onverskillig en selfs vyandig teenoor mekaar. Die ander word slegs beskou as 'n middel tot 'n doel, 'n middel vir eie gewin. Werklike vriendskap kom minder voor. Die woord "vriend" het goedkoop geword (Couwenberg 1959 : 30-31) (eie invoeging) (vide ook paragraaf 3.2.9).

Die verlies aan vriendskap dra by tot vervreemding en vereensaming wat weer ander newe-effekte tot gevolg het soos hieronder aangedui.

### 3.2.9.3 Vervreemding en vereensaming

Volgens Pretorius (1981 : 109) gee sosiale isolasie, kontakverlies en vereensaming aanleiding tot angs, onrus, onsekerheid en vertwyfeling by die mens in ons moderne samelewing. Eensaamheid is, volgens Pretorius, 'n kenmerk van ons tyd.

Die indiwidualistiese ingesteldheid wat heers dring selfs deur tot die milieu van die moderne gesin sodat vervreemding in sowel die huweliksverhouding en opvoedingsverhoudinge en die verhoudinge tussen die kinders onderling plaasvind, met ander woorde, gesinslede toon meer en meer 'n ontoereikendheid om met mekaar saam te leef, om mekaar lief te hê (Pretorius 1981 : 109), om mekaar te ontmoet - 'n noodsaaklike moment in die opvoedingsverloop (vide paragraaf 3.5.3.3).

Volgens Couwenberg (1959 : 46) het die kinders die ouers ontgroei as gevolg van 'n beter skoolopleiding, maar veral omdat die kinders deur die dinamiese samelewing meegesleep is/word en daarom oor verskeie sake anders dink - hulle het 'n ander mentaliteit en instelling as gevolg van 'n "veranderde" samelewing.

Die opvoeder oordeel dikwels vanuit die verlede, terwyl die jeugdige vanuit die hede en toekoms oordeel. Die jeugdige staan dikwels skepties en afwysend teenoor ideologieë, politiek en formele jeugbewegings (vide paragraaf 3.2.4 met betrekking tot die moontlike afwysing/aanvaarding van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging), asook "groot woorde" en die strewinge van sy ouers - hy beskou byvoorbeeld hulle aansiensoeke (social climbing) as materialisties en gemaksugtig (Pretorius 1981 : 119). Hierdie verskil in ontplooiing by die opvoeder en opvoedeling dra by tot vereensaming (vide paragraaf 3.2.9.2) (eie invoeging).

Volgens Couwenberg (1959 : 35) het vereensaming sy ontstaan in 'n losraking van die Westerse mens uit die tradisioneel geestelike en maatskaplike bindinge en sekerhede, 'n religieuse en sosiale ontworteling, waardeur hy totaal op homself aangewys is en daarom deur en deur indiwidualisties word. Verder het die gees van uiterste saaklikheid en nuttigheid, wat inherent deel is van die rasionele samelewing wat in die plek van die ontbindende organiese struktuur van die Middeleeuse gemeenskap gevolg het, ook bygedra tot hierdie vereensaming. In hierdie tyd word die mens gereduseer tot 'n arbeidskrag, 'n robotmens, 'n mens sonder 'n siel. Selfs

nie eens meer in die kerk vind die mens, dus ook die jeugdige, daardie onderlinge broederskap/gemeenskap, persoonlike aandag en besielende saam-wees en saam-doen as gemeente/kinders van God nie. Daar is nie meer tyd vir 'n rustige oopstel vir ander nie. Daar is nie meer tyd om in afsondering tot jouself te keer en die oorvloed van uiterlike invloede innerlik tot 'n sinvolle geheel te verwerk nie, met ander woorde, die geestelike van die menslike lewe het ook verbrokkel (Pretorius 1981 : 109). Couwenberg (1959 : 35) stel dit soos volg: " Naarmate de uiter- lijke contacten zijn gegroeid, is het innerlijke contact tussen de mensen in het algemeen meer en meer verschrompeld".

Couwenberg (1959 : 67-70) toon ook aan dat die moderne samelewing die eensaamheid probeer ontvlug deur drank en ander dwelmmiddels, 'n vlug in neurose en selfs selfmoord/selfvernietiging. 'n Ander belangrike ontsnappingspoging is 'n vlug in die massa in, in 'n gelykskakeling waardeur die mens opgaan en ondergaan in die onpersoonlike "hulle" en hom laat beheers deur onpersoonlike magte van die "hulle" (publieke opinie, gewoonte, mode, reklame, film, radio, televisie, ensomeer). Ook deur te vlug in die verdowing van oormatige aktiwiteit en lawaai - van die radio en televisie, sport, dans, kroeg, vakansie, rustelose rondreis, - waardeur die innerliike leegheid slegs tydelik verlig word. Die moderne mens verdra nie die stilte wat nodig is vir selfinkeer en werklike persoonsontplooiing nie. Die menseverhoudinge van die massamens is slegs skynverhoudinge en sy gesprekke niks meer as skyn-gesprekke nie (Pretorius 1981 : 110). Bogenoemde probleme en op-

tredes word deur verskeie jeugdiges ervaar en geopenbaar. Dit is die taak van die opvoeder (ook van die personeel van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging) om die gedrag van diesulkes te begryp en om die verhoudingsverloop te laat realiseer (vide paragraaf 3.5.3).

Massafikasie versterk egter die eensaamheid en gelykskakeling lei tot verlies van persoonlikheid, wat weer lei tot 'n voortdurende soeke na goedkeuring, erkenning, sukses en gewildheid, maar dit bring egter nie die opheffing van die eensaamheid mee nie (Pretorius 1981 : 110).

Die saamleefsituasie word dus gekenmerk deur vervreemding en eensaamheid. Dit is vir die opvoeder 'n moeilike taak om in hierdie situasie van ontoereikende saamlewe die jeugdige tot toereikende saamlewe op te voed. Daarom dat daar by soveel jeugdiges alkohol en dwelm-misbruik, selfmoord, massafikasie, sinloosheid en destruktiwisme voorkom (Pretorius 1981 : 110).

Hierdie ontoereikendheid met betrekking tot saamlewe gaan hand aan hand met ontoereikende gesosialiseerdheid waarby daar nou stilgestaan sal word.

### 3.2.9.4 Ontoereikende gesosialiseerdheid

Nog 'n faktor wat negatief inwerk op die opvoeding is die feit dat 'n massa ontoereikend-gesosialiseerde indiwidue in ons moderne Westerse gemeenskap saamlewe. In hierdie gemeenskap val die klem

op indiwiduele vryheid. Die indiwidu hou nie met die medemens en met die eise van saamlewe rekening nie. Elkeen "doen sy eie ding", al is dit ten koste van die medemens en van die kollektiewe welsyn (Pretorius 1981 : 111). Dingemans (1991 : 34) beskryf dit soos volg: "Ieder moet tenslotte zijn eigen zaken maar uitzoeken en op eigen wijze zijn geluk maar vinden!"

Denkluiheid, slordigheid en 'n tekort aan verantwoordelikheidsbesef, karaktervastheid en "algemene lewenshouding" beteken dat die enkeling se sosiale gedrag ver benede die gewenste geleë is. Daar is te min samewerking in groepsverband, te min inskiklikheid, bereidheid tot inskakeling en tot onderskikking aan enige leiding. Daar is 'n onvoldoende vermoë tot verwerkliking van normale verhoudinge met ander. Daar is geen of min normerende gewoontes met betrekking tot vriendskaplike of kameraadskaplike omgang. Die mense (sommige) beskik nie oor vindingryke inskakelingsvermoë nie of oor die vermoë om onder leiding te arbei nie en beskik ook nie oor die bevoegdheid om beroeps- of burgerlike verantwoordelikhede tot uitvoer te bring nie. Al hierdie feite raak die medemens. Dit is die negatiewe sosiale en maatskaplike uitkomste van onvoldoende pedagogiese versorging - ontoereikende opvoeding tot saamlewe. Daar is geestelike en pedagogiese verwaarlosing, aangesien die jeugdige (sommige) groot word in 'n pedagogies-normlose milieu. Die jeugdiges (sommige) is geestelik weerloos. In a-sosiale en sosiaal-labiele gesinne leef 'n groot groep kinders, jeugdiges en volwassenes wat belangrike tekorte beleef met betrekking tot die moontlikheid tot

behoorlike saamlewe en saamwerk en wat geredelik oorgaan tot onmaatskaplike of anders-maatskaplike gedrag (Gielen 1968 : 134-137) (eie invoeging).

3.2.9.5 Sosiale labiliteit

Sosiale labiliteit dui op onsekerheid in die omgang met ander wat verder uitloop op disoriëntasie in die samelewing as gevolg van 'n lewe-in-meervoud (om aan veelvuldige lewensvorme deel te neem), omdat die indiwidu nie sy plek en die van sy medemens in die samelewing ken nie (Pretorius 1981 : 117).

Volgens Gielen (1968 : 61) kan 'n persoon sonder 'n beginsel van ordening en oordeel nie sy eie plek of die van ander waarlik leer ken vanuit die oorvloed gegewens uit die kulturele, ekonomiese, sosiale, politieke en kerklike lewe nie.

Sosiale labiliteit het tot gevolg dat kameraadskappe en vriendskappe moeiliker tot stand kom. Die onsekerheid binne verhoudinge het vrees tot gevolg - vrees vir die eie maatskaplike perspektief in 'n welvaartstaat en kompeterende gemeenskap (Pretorius 1981 : 117).

Die onstabiliteit van interpersoonlike verhoudinge het ook neurotisering tot gevolg. Hier volg enkele opmerkinge betreffende neurotisering en ontvlugting.

### 3.2.9.6 Neurotisering en ontvlugting

Daar is verskeie faktore wat neurotiserend inwerk op die moderne samelewing. Die vaagheid van interpersoonlike verhoudinge lei tot eensaamheid - die eerste simptoom van die hedendaagse neurose wat gepaard gaan met angs. Ander faktore wat 'n invloed het, is die snelle en veelvuldige veranderinge, die toenemende komplisering van die lewe en die samelewing - 'n lang, moeisame volwassewording (vide paragraaf 3.2.6), verveling, die onseker, onsigbare toekoms, misdaad, geraas, oormatige reklame, baldadigheid, om maar enkeles te noem (Pretorius 1981 : 119).

Neurotisering het onrus, senuweeagtigheid, oorspanning, angs, geestesbelasting en onveiligheid in die psigiese lewe van sommige mense tot gevolg (Pretorius 1981 : 119).

Huwelikskonflik, verbrokkeling van die gesinslewe, jeugontsporing, generasie-konflik, studenteopstande, vervreemding en eensaamheid in die samelewing kan moontlike gevolge wees van bogenoemde faktore. Die uitkomste van hierdie samelewingsgesteldhede kan by sommige persone (ook jeugdiges, hul ouers en maats) angs, verwarring, disoriëntasie, spanning (ook die spanning van besluitneming), vyandigheid, sinlose geweld en vandalisme, fisiese siekte, depressiwiteit, apatie, onttrekking (intellektueel, sosiaal en affektief), dwelmmisbruik, mistisisme, nihilsme, sterrewiggelary, okkultisme tot gevolg hê (Pretorius 1981 : 123-124).

Die skrywer wil by twee sake stilstaan wat verband hou met huwelikskonflik, die verbrokkeling van die gesinslewe en geweld. Die eerste een is hersaamgestelde gesinne en die tweede een is kindermishandeling. Hierdie twee sake word uitgesonder, aangesien baie jeugdiges as gevolg hiervan ly en nood het aan ondersteuning en begeleiding. Faktore soos nihilisme, depressiwiteit, ensomeer hou ook hiermee verband. Geen godsdiensbegeleier kan die jeugdige werklik begelei sonder om die nood van die jeugdige raak te sien en aan te spreek nie. Die Bybel spreek hom duidelik hieroor uit: "Sê nou daar is 'n broer of 'n suster wat nie klere het nie en dag vir dag honger ly, en sê nou een van julle sou vir hulle sê: "Mag dit met julle goed gaan, gaan trek julle warm aan en eet genoeg, maar julle gee nie vir hulle wat hulle nodig het om van te lewe nie, wat help dit dan" (Jakobus 2:16). Hierdie teksgedeelte handel wel oor fisiese nood, maar die skrywer wil die lyn deurtrek na psigiese en emosionele nood.

Gesinsverbrokkeling op sigself skyn 'n probleem te wees. Volgens Prinsloo (1993 : 38-39) is een van die gevolge van die radikale veranderinge in Suid-Afrika vandag die toenemende druk op die gesinslewe in alle gemeenskappe in die land. "Die resultaat is 'n toenemende tendens tot egskeiding en die verbrokkeling van die gesinslewe. Dit lei weer tot 'n toename in hertroues en hersaamgestelde gesinne wat onmiddellik hulp nodig het ten opsigte van die problematiese aard van harmoniese verhoudingstigting in hierdie spesifieke gesinstruktuur", aangesien stiefouers nie weet

wat van hulle verwag word betreffende die opvoeding van hulle stiefkinders nie.

Stiefkinders weet ook nie wat van hulle verwag word nie. "Stepparents and stepchildren become confused as they try to adapt to different roles in an attempt to create a successful pattern for the new family. ... The stepfamily consists of two groups of people with diverse histories and backgrounds. These groups may have different views of life in terms of values and norms, discipline and mutual expectation. ... In the traditional family a lifestyle develops gradually with continual concessions and compensations for individual differences. Having to solve interpersonal problems suddenly and rapidly on a day-to-day basis is irritating and stressful" (Prinsloo 1993 : 40).

Hoewel die kwessie van stiefouers en stiefkinders nie in besonderhede bespreek is nie, is dit duidelik dat dit 'n daadwerklike probleem van die moderne samelewing is waarmee alle opvoeders, ook die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se personeel, mee rekening moet hou.

Die tweede saak wat die skrywer wil aansny, is kindermishandeling. Volgens Pienaar (1984 : 121) dra 'n gees van materialisme, verbrokkeling van die gesinslewe, die emansipasie van die vrou, Westerse nihilisme en 'n oormatige beroepsbetrokkenheid by tot kinderverwerping en dus ook tot kindermishandeling. Dempers (1990 : 22) konstateer dat kindermishandeling 'n manifestasie van versteurde gesinsverhoudinge is. Kindermishandeling kan die gevolg

wees van geprojekteerde aggressie as gevolg van huweliksonmin (Crous 1992 : 74). Volgens Suran et al. (1983 : 85) is alkohol- en dwelmmisbruik 'n verdere bydraende faktor. Vaders wat werkloos is, is soms ook geneig tot geweld tuis (Karmel et al. 1984 : 242). Volgens Crous (1992 : 75) is gesinne waarbinne kindermishandeling voorkom, dikwels geïsoleerd van formele en informele ondersteuningsisteme. Hulle is gewoonlik nie lidmate van die kerk of lede van ander organisasies nie. Daar is dikwels ook 'n gebrek aan familie en vriende wat hulp kan verleen.

In skoolverband sou die mishandelde jeugdige moontlik betrek kon word by 'n organisasie soos die Afrikaanse Christen-Studentevereniging. Indien dit wel sou gebeur, dan sou die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se personeel wat kennis dra van kindermishandeling so 'n jeugdige kon identifiseer, moontlik aan hom ondersteuning kon bied, maar veral kon verwys vir professionele hulp. Hulpverlening behels, onder meer, die opvanging en ondersteuning van die potensiële mishandelaar (Crous 1992 : 78) en daarom sou die Afrikaanse Christen-Studentevereniging ook voorkomend kon optree betreffende kindermishandeling deur die gebruik van kundiges wat met die jeugdiges kommunikeer.

Vervolgens wil die skrywer enkele opmerkinge maak in sake ontvlugting as 'n antropiese ontisiteit, aangesien verskeie van die probleme wat genoem is tydens die beskrywing van die leefwêreld van die jeugdige as ontvlugtingsmeganismes geklassifiseer kon word.

Jeugdiges (ook volwassenes) ontvlug die werklikheid op die een of ander manier. Ontvlugting is as sodanig waarskynlik 'n antropiese ontisiteit. Sekere "ontvlugtingswyses" kan tydgebonde wees. Dikwels is die "ontvlugtingswyses" antropies aanvaarbaar, omdat dit die balans tussen onaanvaarbare en aanvaarbare lewensgesteldhede "herstel". Indien die ontvlugtingswyses egter onaanvaarbaar is, bestaan daar 'n nood aan outentieke **agein**. Onaanvaarbaar in dié sin dui op alles wat wesenlik on-menslik, a-sosiaal (a-antropies), a-godsdienstig (a-transendentaal), of a-mundaan geklasifiseer kan word (Roelofse 1994).

Daar sal in die onderhawige studie gelet word op die faktore wat die godsdienswording van die jeugdige meer direk raak, hoewel die gemoedstoestand en emosionele welsyn van die jeugdige (ook dié van sy ouers en maats) 'n positiewe of negatiewe invloed op die godsdienswording van 'n bepaalde jeugdige/groep jeugdiges kan hê. Die vraag wat ontstaan, is "Hoe kan die kind, die jeugdige, in 'n ongunstige, problematiese pedagogies-sosiale situasie (lae sosiale lewensniveau/vlak) tot toereikende saamlewe opgevoed word?" (Pretorius 1981 : 111).

Nog 'n vraag wat ontstaan, is: Watter invloed die genoemde gemeenskapsfaktore op die geloofslewe van die jeugdige het?

Volgens Dekker (1975 : 34) het geloof 'n persoonlike saak geword. Daar sal vervolgens enkele opmerkinge in sake privatisering van geloof in die huidige tydsgewrig gemaak word, met daarmee saam 'n beskrywing van ervaring van geloof, asook wêreldervaring.

### 3.2.10 Privatisering cum ervaring van geloof en wêreldervaring

Volgens Dekker (1975 : 34) het religie (godsdiens) nie verdwyn nie, maar geprivatiseer. Geloofsvoorstellinge word ook sterk indiwidueel en subjektief geïnterpreteer. "De oude vaste 'dogmatiese' geloofs- omschrijvingen van de kerken 'vervagen' of verdwijnen om te worden vervangen door persoonlijke opvattingen." Geloof in 'n persoonlike God maak plek vir geloof in God "als Geest". Geloof in die opstanding word vervang deur 'n soort reïnkernasie-geloof deur 34% van die ondervraagdes in Nederland. Die ouers hou meestal nog vas aan die ou geloofsvoorstellinge "terwijl jongeren zich eigen geloofsvoorstellingen maken op grond van de verschillende informatie, die hen bereikt en de ervaringen die ze hebben opgedaan. Steeds weer blijkt: jongeren zijn niet ongodsdienstig, maar ze zijn bepaald niet 'kerks' (Dingemans 1991 : 36) (eie invoeging).

Die feit dat Dekker die jeug in Nederland as "niet kerks" beleef, kan vir die Afrikaanse Christen-Studentevereniging in Suid-Afrika ook bepaald 'n aanduiding wees van die rigting waarin die godsdienstige belewing en meelewing van die jeug beweeg/kan beweeg. Indien dit enigsins waar sou wees van die jeug in Suid-Afrika, dan sou die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se werksaamhede hiermee moet rekening hou, selfs in 'n groter mate as wat moontlik tans die geval is. In hierdie verband word u verwys na paragraaf 4.2.7).

Godsdiens het geprivatiseer geraak. Dit is nou 'n persoonlike saak

en daarom is die meeste bande met die georganiseerde kerke vandag losser as vroeër. Omdat die antwoorde wat die kerk verskaf, nie meer bevredig nie, is mense (ook jeugdiges) oper vir ander godsdienste (Wiese 1995a : 12). Volgens De Gruchy (in: Wiese 1995a : 12) bied hierdie ontwikkeling/tendens aan die kerk nuwe uitdagings en die geleentheid om nuwe antwoorde te soek. Dit het, met ander woorde, ook 'n positiewe uitwerking.

Volgens Dingemans (1991 : 36) is "de kerkdienst te 'ingevuld', te 'dwingend' en te 'dogmatisch' vir die jeug. "De liturgie van de kerkdienst is voor het gevoel van veel jongeren het huis waarin vorige generaties kennelijk konden wonen. Zij niet meer! Tenzij er ruimte is voor nieuwe vormen en eigen inbreng van jongeren."

Uit hierdie aanhaling blyk dit dat die kerk ernstig sal moet besin oor vernuwing indien die kerk die jeug wil akkomodeer en behou, ook hier in Suid-Afrika. Die Afrikaanse Christen-Studente-vereniging sal ook sy werkswyse en benadering voortdurend onder die vergrootglas moet plaas en met die godsdiensbelewing en nood van die jeug moet rekening hou. Die Afrikaanse Christen-Studente-vereniging kyk reeds met nuwe oë na die bediening van die jeug en verskeie veranderinge en vernuwingsbenaderinge word geïmplimenteer (<u>vide</u> paragraaf 4.2.8).

Volgens Du Toit (in: Wiese 1995a : 12) het mense vandag 'n behoefte aan die transendente, die Godheid, van alles wat bo en buite die mens lê en hieruit spruit 'n behoefte (hunkering) na/aan

'n ervaring van die Godheid en 'n nuwe verhouding daarmee (met Hom) (eie invoeging).

Kettles (1995 : 13) meen dat een van die redes waarom Afrikaners Christelike boeke ontdek, is omdat die Afrikaners wegbreek van die "amptelike teologie" van die Afrikaanse Kerke. Hulle is minder geneig om wat die Kerke sê as die volle waarheid te aanvaar, maar dink vir hulself en omdat hulle soek na antwoorde, lees hulle meer (eie invoeging).

Volgens Wiese (1995a : 12) is daar tekens van geestelike herlewing in Suid-Afrika. Volgens hom lees Suid-Afrikaners baie meer oor geestelike sake en word daar ook talle huisgemeentes gevorm. Ook die Afrikaners soek na 'n nuwe spiritualiteit, na nuwe belewenisse wat hulle skynbaar nie in (al) die gevestigde kerke kry nie (eie invoeging).

Daar is, volgens Wiese (1995b : 15), duisende Christene in Suid-Afrika wat oor die land in klein groepies saamkom en huis-gemeentes vorm, omdat hulle daar noue kontak met ander Christene vind (wat, volgens Wiese, 'n rariteit in die groot kerke is) en ook daar die geleentheid het om persoonlike ervarings te deel en mekaar te ondersteun. Volgens Wiese maak die afwesigheid van dogma en leerstellings en die ruimte om jouself geestelik te verryk, die huisgemeente aantrekliker. "Die Calvinisme ('n onderdeel van Protestantisme - <u>vide</u> paragraaf 1.2.1.1 (h)) is basies 'n verstandsgodsdiens, maar vir die mens van vandag verskaf die denke van die modernisme nie meer bevredigende antwoorde op die

lewensvrae nie. Daarom bereik mense 'n versadigingspunt in hulle kerklike lewe; die ou kerklike simbole en formuliere spreek hulle nie meer aan nie. Dis waarom die opvoering van Passiespele so gewild geraak het; dit verskaf 'n godsdienstige belewing wat nie eerstens rasioneel is nie en dit bied simbole wat duidelik spreek" (vide ook paragraaf 3.2.9.10 met betrekking tot die problematiek in sake simbole) (eie invoeging).

Dingemans (1991 : 36) verwys ook na Nieuwenhuis se ondersoek onder die jeug wat "toont, dat jongeren hevig met religieuse en zingevingsvragen bezig zijn; dat ze zich ook ideeën en beelden vormen, maar dat ze hun gedachten niet herkennen in de kerkelijke vormen en normen. Er groeit een geweldige kloof tussen de officiële kerkelijke theologie en de religiositeit van een nieuwe generatie."

Dit is bemoedigend om te weet dat die jeug wel nadink oor die religieuse en soekend is na sin in die lewe. Die uitdaging waarvoor die kerk, sowel as die Afrikaanse Christen-Studentevereniging, te staan kom, is om die kloof wat daar bestaan tussen die offisiële kerk en die godsdiensinkleding/bekleding deur die jeug te oorbrug sodat die jeug antwoorde sal vind op hul vrae om sodoende tot singewing te kom.

Andree (1983 : 183 ev) verklaar dat "De jeugd heeft geen behoefte aan een kerk die voorschrijft en gebiedt. Zij zoekt een kerk die voorgaat in, en bovenal gesprekspartner is bij, het vinden van een verantwoorde manier van leven. Een kerk die daartoe

inspireert, die geen 'meester' is maar 'vriend'; die niet gebiedt maar dient; ... een vertrouwde metgezel door wie men zich aangesproken weet, die men verstaat, met wie men in gesprek kan raken." Volgens Mevrou Andree kyk die jeug krities, maar nie onwelwillend nie, na die kerk.

Die kerk in Suid-Afrika, ook die Afrikaanse Christen-Studentevereniging, kan die jeug na aanleiding van Andree se bevindinge, begelei deur "Friendship Evangelism" (vide paragraaf 4.2.10). Vriendskap en kommunikasie is sleutelwoorde in die godsdienstige begeleiding van die jeug van vandag (vide paragraaf 6.12.1).

'n Ander faktor waarmee godsdiensbegeleiers rekening behoort te hou is "ervaring". Dingemans (1991 : 37) skryf dat, volgens Zie Grondlijnen voor een vernieuwde katechese, word religie "slechts als relevant en autentiek gezien, als men er iets bij 'ervaart', als het ons iets 'doet', als het mensen in beweging zet." Religieuse ervaring word omskryf as: "de ervaring van het zelf als wonder; de diepte van het leven; de mysteries van leven en dood." Religieuse begeleiding sou meebring dat elke jeugdige 'n diepte dimensie sou leer ontwikkel volgens sy eie aard sodat hy op sy eie manier tot singewing kom.

Vergote (1984 : 112), daarteenoor, definieer religieuse ervaring as "een gevoel van contact, een interpersonale ontmoeting met het bovennatuurlijke. Religieuze ervaring is geen belevenis van de diepte van het eigen "zelf", maar contact met een 'supernatural

agency'. Een ontmoeting met een 'tegenover' - anders is het 'praten-met-je-zelf'."

Volgens Schillebeeckx (1978 : 37) is ervaring altyd "ervaring van ... religieuze ervaring richt zich op een werkelijkheid, die ook anderen als zodanig ervaren. Men kan ervaring typeren als 'geïnterpreteerde werklijkheidsbeleving' en religieuze ervaring als 'ervaring van openbaring'. Volgens hierdie definisie is ervaring 'n "reactie op iets dat op ons af komt" en nie "een vrome ritseling van het gemoed."

Tillich (1968 : 48) meen dat ervaring nie die bron van religieuse kennis is nie, maar "the medium through which they are existentially received". Volgens Dingemans (1991 : 37) verwys "they" na teologiese inhoude. Openbaring moet met ervaring in kontak gebring word en andersom - ervaring sal deur openbaring gerig en gevoed moet word, deur "de ontmoeting met 'het andere' of de Ander'. Anders verwordt religie tot 'cirkelen om zichzelf'."

Elk van hierdie definisies belig essensies van ervaring, veral dan van ervaring van die religieuse of te wel godsdiensbelewing en daarom sal godsdiensbegeleiers met "ervaring" as onderdeel van godsdiensbegeleiding rekening hou, maar daar sal ook gewaak moet word teen 'n oorbeklemtoning van die eie-ek, soos reeds onderstreep in die beskrywing van ervaring deur bogenoemde skrywers.

Naas die beklemtoning van die indiwiduele religiositiet en religieuse ervaring, is daar belangstelling in ander godsdienste. Dit is veral as gevolg van nouer kontak met persone met ander

geloofsoortuiginge (Dingemans 1991 : 37). In die nuwe Suid-Afrika sal dit seer sekerlik ook die geval wees en daarom sou dit goed wees om op die gevolge van hierdie kontak te let soos in Nederland beleef. Volgens Fortmann (in: Dingemans 1991 : 37-38) is die gevolg 'n soort sinkretisme van godsdienste, oosterse wysheid word ingeënt op die Westerse lewenshouding, of andersom. "Het 'eenvoudige' pluralisme van de samenleving, waarin verschillende meningen naast elkaar staan wordt gecompliceerd door een 'cross-over'-bestuiving van verschillende culturen en godsdiensten. We leven in een multi-culturele sameleving van een syncretische makelij overgoten met een dikke laag rationalisme. Het wordt er voor jongeren niet gemakkelijker op om er de weg te vinden en om er zichzelf in te vinden" (Dingemans 1991 : 38). Dit gaan in Suid-Afrika waarskynlik toenemend die geval wees, aangesien daar reeds vir ander godsdienste as net die Christelike godsdiens voorsiening gemaak word, selfs ook met betrekking tot televisieprogramme, aangesien sommige programme nie vir die Protestantse Christen-gelowige kykers aanvaarbaar is nie. Die begeleiding van die jeug sou insluit voorkoming van sinkretisme aan die een kant (<u>vide</u> ook paragraaf 6.14.6), maar ook weer "verinheemsing"/kerstening (<u>vide</u> paragraaf 2.2.1.3) aan die ander kant. Dit is nodig dat sommige nie-Christelike gebruike, ook Afrika-gebruike verchristelik word, gekontekstualiseer word, sodat dit vir mense uit 'n sekere kulturele agtergrond waarde kan hê en die Christelike geloof sodoende op 'n besondere manier in hulle taal en kultuur kan wortel skiet (Die Kerkbode 1994c : 6).

Kruger, 'n Suid-Afrikaner, sê (in: Wiese 1995a : 12-13) dat "Omdat die wêreld as een groot lotsgemeenskap ervaar word, stel mense (sekerlik ook die jeug) hulle oop vir die ervarings en denke van ander kulture en godsdienste. Maar die soeke na antwoorde is 'n persoonlike, individuele saak. Waarby jy gaan uitkom, is jou keuse; die eindpunt is oop. Dogmatiese leerstellings wat by voorbaat antwoorde verskaf, is onaanvaarbaar en mense voel 'n nuwe etos is dringend nodig" (eie invoeging).

Hoedemaker (in: Dingemans 1991 : 38) verwys na hierdie tendens as 'n nuwe "wereld-ervaring" wat beleef word, omdat mense met mekaar saamleef in 'n "global village" waarin alles met alles en iedereen met iedereen te make het. "In een dergelijke wereldervaring worden we dagelijks uitgedaagd tot 'dialoog' op alle mogelijke niveaus. Dialoog is niet een zaak van vergelijking van waarheden, maar van het ontwarten van elkaars loyaliteit en mischien in samenhang daarmee van het ontdekken van onvermoede diepten in de eigen geloofstraditie. In elk geval is er een speurtocht naar zin aan de gang door de hele wereld". Dit is ook die belewenis van jeugleiers in Suid-Afrika, ook binne die geledere van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging (vide paragraaf 4.2.7).

Die jeug ontvang in die Wes-Europese gemeenskap en kultuur heel verskillende en verleidelike boodskappe oor die inrigting van hul lewens. Hulle het, volgens Verbum (1991 : 21), geleer om hulself daarteen te verweer. Hul staan wantrouend teenoor ideologieë asook die groot lewensbeskoulike institusies. "Zij gaan daarmee

geen definitieve en exclusieve bindingen aan. Zij verstaan de kunst de verschillende boodschappen, waarden en personen te onderscheiden vanuit een nuttigheidsdenken: "Wat heb ik eraan voor mijn leven?" Die vraag wat ontstaan is of die jeug van Suid-Afrika hulself kan verweer teen al die ideologieë en lewensbeskouings wat hul teëkom of gaan teëkom. "n Tweede vraag wat hom voordoen is of die nuttigheidsvraag van "Watter waarde het dit vir my lewe?" die jeugdige sal help om die regte keuse te maak. 'n Derde saak wat hom voordoen is dat die verweer teen ideologieë en lewensbeskouings by die jeug kan meebring dat hul ook met betrekking tot die Christelike lewensbeskouing weerstand kan bied.

In Verbum (1991 : 21-22) word aanbeveel dat die kategeet (dus ook alle godsdiens-begeleiers) "rekening mee houden dat jongeren iedere beantwoording van levensvragen relativeren, ook de christelijke boodschap. Zij staan met name wantrouwend tegenover levensbeschouwingen die pretenderen een allesomvattend antwoord op alle vragen te bieden (dus ook die Christelike lewensbeskouing). By gebrek aan 'n welomskrewe lewensontwerp neig die jeug tot 'n "a la carte"- en "pluk de dag"-lewe (<u>vide</u> paragraaf 3.2.4).

"In dit perspectief (afwijzing van instituties, selectie van boodschappen) moeten de kerk of de christelijke opvoeders niet langer een katechese verlangen, waarbij de volledige geloofsleer ineens wordt overgedragen. Zij kunnen beter kiezen voor een pedagogie van begeleiding, waarbij de groep wordt bevestigd en geholpen in het zoeken een goede manier te leven. De ontdekking

van Jezus als Redder is geen uitgangspunt, maar mogelijk resultaat van een begeleidingsproces dat zich afspeelt in vriendschap en dienstbaarheid" (Verbum 1991 : 22) (vide paragrawe 4.2.8.5 (f) en 4.2.10).

Volgens Verbum (1991 : 22) hou die jeug van sterk emosies, omdat hulle weet dat hul lewens kwesbaar is en hul soveel daaruit moet put/daarvan moet geniet. Ook op die gebied van die religieuse word waarde geheg aan dit wat vir hulle innerlik ontroer. "Gehoorgevend aan meesters van het hier en nu wijzen jongeren de meesters van het verleden af en maken zij zich los van hun eigen wortels daarmee de meest gezochte vrijplaats waar jongeren relaties kunnen aanknopen, die gekenmerkt worden door affectiviteit en samen experimenteren".

Teenoor die subjektiwiteit van die religieuse belewing staan die invloed wat uitgaan van die ekumeniese beweging (vide paragraaf 5.3.9.4). Die Wêreldraad van Kerke met hul vernuwingsprogramme rondom die uitskakeling van rasisme, "sexisme" en geweld in die wêreld dien as inspirasie vir baie jongmense (en ou mense). Ook die toenadering tussen "reformatie, Rome en die Oosterse Ortodoxie geeft velen nieuwe religieuze impulsen" (Dingemans 1991 : 38).

Suid-Afrika het nie hierdie invloed van die ekumeniese beweging vrygespring nie, inteendeel, die nuwe bedeling in Suid-Afrika, asook die bedinging om vroueregte en kinderregte in Suid-Afrika is moontlik uitvloeisels hiervan. Daarom kan aanvaar word dat die religieuse ook die invloed van die ekumeniese sal beleef soos

reeds blyk die geval te wees (vide paragraaf 6.13.3). Die vraag wat gevra moet word, is: In watter mate kan dit die godsdienstige begeleiding van die jeugdige positief of negatief raak?

Dingemans (1991 : 39) stel die volgende uiters belangrike vrae: "Hoe kerken in de tachtiger en negentiger jaren op deze chaotische wereldervaringen zullen reageren? Wat doen ze met en voor de mensen die het gevoel hebben vermorzeld te worden tussen de raderen van technologie, economie en militarisering? Hoe vangen ze de mensen op, die zich uit de 'grote' wereld terugtrekken op de 'kleine' wereld van het 'ik': gericht op het persoonlijke heil in de hemel-na-de-dood; of op het 'ik' dat hier en nu bevrediging zoekt in korte geluksbelevingen; of op het 'ik' dat zich wegcijfert in oosterse contemplatie?"

Diegene gemoeid met die godsdienstige begeleiding (ook die Afrikaanse Christen-Studentevereniging) van die jeugdige van vandag wat ook hierdie chaotiese wêreldervaringe beleef en daardeur "vermorzeld" word, sal moet nadink oor hoe om die jeugdige te begelei sodat hy tot 'n Christelike lewensbeskouing kan kom, ten spyte van die negatiewe invloede vanuit sy leefwêreld.

Die leefwêreld van die jeugdige is moeilik bevatlik omdat daar voortdurende beweging is en dit telkens deur nuwe bevindings bepaal word. Die godsdiensbegeleiers van die jeugdige het geen maklike taak nie (Verbum 1991 : 22).

### 3.2.11 Samevatting

Opvoeding, reg, moraal en geloof dreig om hul kontrolerende funksie op die mens en die gemeenskap te verloor. Die kragteverskuiwing word voltrek ten koste van morele waardes (Van Gelder et al. 1968 : 15). Volgens Traas (1974 : 73) het dit weinig sin om met opvoedingsituasies en opvoedingsdoeleindes besig te wees, sonder om tegelykertyd 'n stryd te voer vir 'n beter en menswaardiger samelewing, aangesien die bestaande samelewing onvoldoende waarborge vir 'n menswaardige bestaan bied - opvoeding moet, met ander woorde, ook gerig wees op die verandering van die samelewing.

Die simptome wat genoem is, is voorbeelde van probleme wat via godsdiensopvoeding aangespreek kan word. Sekere van hierdie probleme was reeds in die Bybelse tyd nie onbekend nie, byvoorbeeld terneergedruktheid (Job 3:1-26; Psalm 4:1-11); misbruik van alkohol wat lei tot swak gedrag (Spreuke 23:29-35), armoede tot gevolg het (Spreuke 23:21) en goeie oordeel verswak (Spreuke 31:4-5) en ook lae morele waardes veroorsaak (Jesaja 5:11-12); okkultisme of dan towery en goëlery (I Samuel 28:1-25; Numeri 23:23); egskeiding (Matteus 19:8).

Die skrywer wil na aanleiding van enkele kantaantekeninge van Roelofse (1994) daarop wys dat daar gewaak moet word teen 'n oorvereenvoudiging of dan simplistiese verklaring van die etiologiese faktore wat gelei het tot die vermelde simptome of dan patologiese uitkomste. Etiologie dui op die soeke na oorsake en is

afkomstig van die Griekse woord "aitia" wat "oorsaak" beteken. Dit is 'n ope vraag of daar onteenseglik aanvaar kan word dat die simptome/verbande as etiologiese faktore aanvaar kan word. Daar moet daarop gewys word dat simplistiese verklarings die moontlikheid vir 'n oppervlakkige prognose na behandeling inhou en dat die "terapeut" in selfvoldoening kan onttrek van terapie sonder dat die "probleem" opgelos is, as dit enigsins aangespreek is. Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se personeel moet daarom daarteen waak om op 'n simplistiese wyse met leef-wêreldsteurnisse om te gaan en dan terapeuties te handel asof die "probleme" opgelos is of dan aangespreek is. Hierdie tydige waarskuwing moet in gedagte gehou word wanneer die Afrikaanse Christen-Studentevereniging as opvoedingsmoveerder beskryf word (vide ook paragrawe 3.5.4.5 (b), 4.2.8.3 en 6.10).

As opvoedingsmoveerder, veral dan wat godsdiensopvoeding betref, glo die Afrikaanse Christen-Studentevereniging dat dit wel 'n bydrae kan maak en reeds gemaak het met betrekking tot sommige van die probleme (nie noodwendig algemene probleme nie) wat voort-spruit uit die leefwêreld van die jeugdige van vandag. Jeugdiges wat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se byeenkomste bywoon, mag een of meer van die besondere probleme hierbo genoem, ervaar.

Benewens die probleme vanuit die leefwêreld, moet godsdiens-moveerders ook kennis dra van probleme wat ervaar word in die oordra van die evangelie-boodskap in sake Jesus.

Daar sal vervolgens stilgestaan word by sekere sake wat die kategese rakende Jesus Christus bemoeilik. Die moontlike bydra van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging met betrekking tot genoemde probleemareas word in Hoofstuk 6 beskryf.

### 3.2.12 Sake wat die kategese rakende Jesus Christus bemoeilik

Alvorens daar op bogenoemde probleme gelet word, wil die skrywer die gebruik van die woord **kategese** nagaan. Paulus het die woord didaskoon gebruik vir "onderrig gee". Die woord kategese het mettertyd 'n terminus technicus geword vir kerklike onderrig. In die na-apostoliese tyd is die woord kategein gebruik om doop-onderrig aan te dui. Die doopling is catechumeni genoem. Augustinus ken aan hierdie woorde 'n werkwoordelike funksie toe wat gedui het op onderrig in die Christelike geloof aan diegene vir wie hierdie geloof onbekend was, met ander woorde, 'n sendingfunksie (Roelofse 1980 : 89). Kuyper, soos aangehaal deur Roelofse (1980 : 89), is van mening dat die woord dui op "onderricht dat geheel op autoritiet rust, en alzoo op onderricht ten behoeve van hen, die niet tot eigen onderzoek in staat zijn, maar hun kennis per traditionem verkrijgen." Hoewel die woord kategese op kerklike onderrig dui, is die skrywer van mening dat dit wat oor kerklike onderrig gesê word, ook van toepassing kan wees met betrekking tot godsdiensopvoeding in die algemeen en daarom wil sy die probleme wat aangedui word met betrekking tot kategese in sake Jesus beskryf om sodoende enkele riglyne aan te

dui vir godsdiensopvoeding in die algemeen en deur die Afrikaanse Christen-Studentevereniging in die besonder.

In Verbum (1991 : 22-24) word sewe sake onderskei wat die kategese (godsdiensopvoeding) met betrekking tot Jesus Christus in Nederland bemoeilik.

Die eerste probleem het te make met die feit dat die bekendstelling van Jesus Christus deur Christene met verloop van tyd gegroei het tot 'n **totaalvisie met betrekking tot die mens en die wêreld.** Baie jeugdiges het 'n probleem met totaliteitsvisies, veral as hulle 'n dogmatiese karakter openbaar, "waarbij de orthodoxie voorrang krijgt op de orthopraxie".

'n Tweede probleem wat die kategese aangaande Christus bemoeilik is die feit dat **Jesus as 'n persoon uit die verlede beleef word** deur die jeugdiges, "bemiddeld door een lange traditie" en daarom is die relevansie van Jesus as persoon sowel as van Sy boodskap nie onmiddellik duidelik vir die jeug nie. Die jeug het oor die algemeen geen behoefte om rekenskap te gee van hul wortels in die verlede nie, aangesien hulle sterk gerig is op die aktuele en konkrete handelinge en "zijn zelfs geneigd te denken dat traditie per se een gepasseerd station is".

'n Derde probleem waarmee die jeugdige worstel is **die assosiasie van Jesus met die moraal van die kerk, sonder dat dit uitdruklik terug gevoer word tot die prediking van Jesus self** - dan vorm die strekking van hierdie moraal 'n hindernis vir die waardering van Jesus en die verstaan van sy lewensweg. Die jeug word eerder

afgestoot as aangetrek deur 'n moraliteit wat nie gebaseer is op eie ervaring en induktiewe ontwikkeling nie, maar op hul as deduktiewe sisteem van buite af opgelê word. "Zeker waar de christelijke moraal sterk geconcentreerd is op de sexualiteit en de schijnbaar onvermijdelijke zondigheid op dit terrein, is de afstand tot de ethiek van Jezus, zoals onder meer verwoord in de Bergrede al te groot."

Vierdens is kategese waarin **die klassieke begrippe Messias, Verlosser en Redder of Bevryder** gebruik word, vir die jeug "des te ongeloofwaardiger ..., namate zij geërgerd zijn door de geschiedenis van het Christendom, die alte vaak in tegenstelling was met het leven en de boodschap van Jezus." Die jeug sien Christene betrokke en mede-verantwoordelik by allerlei vorme van onderdrukking, diskriminasie en afwysing (byvoorbeeld diktature, afwysing van vroue en "homofielen".

Vyfdens bestaan daar **'n kloof tussen die taal en simbole waarin Jesus Christus en Sy boodskap oorgelewer word** en die taal en simbole wat die jeug aanspreek en wat aansluit by hul lewensgevoel en die situasie waarin hul verkeer.

Sesdens is daar by die jeug **'n blokkasie ten opsigte van kategese in sake 'n onvoorwaardelike oorgawe aan Jesus Christus en alles wat die kerk van Rom leer.** "Bij hun mogelijke waardering voor Jezus willen zij meer afstand en kritische distantie bewaren. Zij willen misschien ook voorbehoud maken ten aanzien van bepaalde

onderdelen van de kerkelijke prediking over Jezus en zijn boodschap."

Laastens word gemeld dat **die meeste jongmense nie net vir Jesus as Redder leer ken nie.** "Zij zien dat de pretensies van het christendom op dit punt door ander religies worden afgewezen of tenminste van kritische vragen worden voorzien." Op verskillende niveaus verskyn daar **ander persone wat redding beloof** en konkrete heilsweë aandui, byvoorbeeld:

* stigters en sleutelfigure van ander godsdienste;
* figure soos Martin-Luther King en Moeder Theresa, maar ook politieke en sosiale hervormers met nie-godsdienstige inspirasies, (byvoorbeeld Joe Slovo) (eie invoeging);
* ten slotte ook figure uit "hun eigen wereld", onder meer filmhelde, popsangers en dramaturge, wat op hul persoonsvorming en lewensoriëntering 'n groot invloed uitoefen.

Dit is juis hierdie veelheid van heilsfigure wat die jongmense kan verwar en hul skeptisisme versterk. "Pogingin om de "meerwaarde" van Jezus te verduidelijken en zijn uniciteit aan te tonen hebben dikwijls een averechtse uitwerking: men sluit zich heelemaal af voor de persoon van Jezus en het appel dat hem uitgaat omdat hij met teveel pretensies wordt gepresenteerd."

Uit hierdie enkele probleemareas wat onderskei is, blyk dit dat moontlike blokkades met betrekking tot 'n vrugbare kategese (godsdiensopvoeding) betreffende Jesus geleë is in sowel die **houding** van die jeug as in die **aanbieding** en **inhoud** van die

kategese (godsdiensinhoude). Die spanning tussen hierdie twee pole moet verminder word en wel deur 'n meer aangepaste pedagogie. Verandering in die inhoud en aanbieding van kategese (godsdiensopvoeding) betreffende Jesus moet en kan volg uit 'n teologiese herbesinning van die traditionele "christologie".

Daar sal in paragraaf 6.9 nagegaan word in watter mate hierdie probleme rakende die boodskap in verband met Jesus Christus deur die Afrikaanse Christen-Studentevereniging aangespreek word/kan word.

Noudat daar stilgestaan is by die problematiese leefwêreld wat sommige jeugdiges beleef, asook probleme met betrekking tot die oordra van die evangeliese boodskap in sake Jesus, sal daar vir 'n wyle vertoef word by opvoeding, waarby inbegrepe is godsdiensopvoeding, opgevolg deur 'n bespreking van die samelewingsverbande betrokke by die godsdiensopvoeding van die jeugdige.

## 3.3 OPVOEDING, WAARBY INBEGREPE IS GODSDIENSOPVOEDING

### 3.3.1 Die taak van opvoeding

Om hulp te kan verleen, antwoord die opvoeder op die volgende vrae, hetsy bewustelik of intuïtief:

Wat is opvoeding (pedagogie)?

Wat is die doel van opvoeding (pedagogie)?

3.3.1.1 Wat is opvoeding (pedagogie)?

Alvorens daar stilgestaan word by pedagogie, wil die skrywer daarop wys dat Oberholzer (1954 : 29-31) onderskei tussen vorming as die opvoeding in die breër, meer algemene sin terwyl hy opvoeding (pedagogie) gebruik om opvoeding in die enger en besondere sin aan te dui - dit dui op invloede wat doelbewus en opsetlik gerig word om die ontwikkeling van die jonger geslag deur die ouer geslag (huis, skool, kerk en staat) aan te dui (Gunter 1964 : 2-3). Horne, soos aangehaal deur Gunter (1964 : 3), beskryf opvoeding in enger sin soos volg: "In this narrow sense, education is what parents and teachers consciously undertake to do for the children, that their life in society may be properly adjusted; it is the conscious influence of the elder generation upon the younger."

Die woord pedagogie is afgelei van die Griekse woorde pais wat kind beteken en again wat beteken om te begelei. Pedagogie beteken, met ander woorde, kinderbegeleiding. Kindwees dui op 'n wyse van menswees. Kindwees impliseer om op weg te wees na volwassenheid. "Die pedagogiese is die begeleidingshulp van 'n volwassene aan 'n volwassewordende op weg na volwassenheid" (Van Zyl 1975a : 120-121).

Die Duitse ekwiwalent vir opvoeding is erziehen wat beteken om te trek. Die jeugdige word, met ander woorde, getrek deur volwasse hulp na waar hy nog nie is nie. Die Engelse woord educate het sy oorsprong in die Latynse educare wat die betekenis van uittrek het

(<u>educe</u> - uithaal wat potensieel aanwesig is). Die Afrikaanse woord **opvoed** beteken om na 'n hoër vlak te bring, met ander woorde, opheffing, verbetering en veredeling. "Opvoeding kan dus beskryf word as begeleidingshulp met die oogmerk van heenleiding na waar die opvoedeling nog nie is nie, maar waar hy behoort te kom" - volwassenheid (<u>vide</u> paragrawe 3.4.2 en 3.4.3) (Van Zyl 1975a : 121).

Langeveld, Perquin en Oberholzer het indringend gevra na die wese van die pedagogie. In navolging van Oberholzer en Heidegger het Landman en sy studente hulle daarop toegelê om die wesenlike van die pedagogiese as pedagogiese kategorieë te benoem wat in vraagvorm as kriteria kon dien. Kategorieë dui, met ander woorde, die essensies van die pedagogiese aan (Van Zyl 1975a : 141) en daarom sal daar nou eers stilgestaan word by enkele essensies van opvoeding, wat ook essensies van godsdiensopvoeding is.

Deur die formulering van 'n aantal kategorieë word daar deurgedring tot die essensie, die <u>eidos</u>, dit wat werklik die wese van opvoeding is. "Die struktuur van die pedagogiese fenomeen word dus verhelder deur die beskrywing, benoeming en uitleg van daardie kategorieë wat in die fenomeen self geleë is" (Van Vuuren <u>et al</u>. 1976 : 123).

Volgens Van Zyl (1975a : 141) is dit nie heeltemaal suiwer om te praat van essensies van die pedagogiese nie, omdat dit gaan "om die *essensie as die unieke samehang* van 'n verskeidenheid momente, aspekte of trekke. In hulle samehang konstitueer hierdie

verskeidenheid *'n ondeelbare en onskeidbare eenheid* wat in 'n beskrywing wel onderskei kan word as die trekke waaraan die verskynsel geken kan word. Dit is *die unieke samehang wat die verskynsel konstitueer tot wat dit is* en dit is eenheidsverskynsel: *die pedagogiese.* In die beskrywing kan die samehang moeilik gestel word. Die eenheid word juis uitgedruk in die benoeming van die verskynsel. Wanneer 'n wesensanalise nou onderneem word, kan hoogstens daardie karaktertrekke waaraan die verskynsel geken word, onderskei word. Daarom word ... liefs gepraat van die wesenstrekke waardeur die verskynsel van ander verskynsels onderskei word, wel wetende dat al die wesenstrekke van die pedagogiese nog nie oopgedek is nie."

Landman onderskei twaalf essensies of wesenstrekke (in die taal van Van Zyl). Ander skrywers het weer ander essensies geïdentifiseer. Van Vuuren et al. (1976 : 124-127) onderskei tien essensies, naamlik, ongeslotenheid, geborgenheid, ontmoeting, verwagting, toekomstigheid, vryheid, gesag, normatiwiteit, verkenning en steungewing. In navolging van Landman wil die skrywer die twaalf essensies wat Landman onderskei as eksemplare van essensies uitlig, omdat hulle pedagogies-relevant en tema-relevant is soos sal blyk uit die beskrywing van hierdie twaalf essensies. Hierdie essensies sou in 'n gewysigde vorm, in vraagvorm, as kriteria kon dien of te wel as voorwaardes vir opvoeding (vide paragraaf 6.3). Die skrywer gaan die essensies wat Van Vuuren onderskei, inkorporeer, soos toepaslik, by een van die twaalf essensies wat beskryf word.

Daar sal telkens terug verwys word na die kinder-antropologiese kategorieë soos deur Barnard beskryf om sodoende aan te dui dat hierdie essensies ingebed lê in die wesenlike van menswees, of te wel kind- (jeugdige) wees en daarom wel as essensies van opvoeding verbesonder mag word - hoewel hulle nie die enigstes is nie. Die skrywer het ook met betrekking tot die essensies van opvoeding haar tot die jeugdige bepaal en het alle aanhalings _mutatis mutandis_ ook op die jeugdige betrekking. Die eerste essensie waarby daar stilgestaan word, hou verband met hulp met _betekening_.

_(a) Opvoeding is om die jeugdige te help met betekenisse_

Reeds as baba het mense, dinge en gebeurtenisse vir die kind sekere betekenisse. Hierdie betekenisse verander geleidelik. Die kleuter heg kleuterbetekenisse, die jeugdige heg jeugdige betekenisse en die volwassene heg volwasse betekenisse aan die wêreld. "Opvoeding is dan hulp met die kind se **betekening met toenemende verantwoordelikheid** totdat beteken word soos 'n verantwoordelike volwassene dit behoort te doen" (Landman 1974 : 14) (_vide_ paragraaf 2.3.7).

Gepaard hiermee gaan ook begryping van behoorlikheidseise. Die opvoeder skep voortdurend vir die jeugdige geleentheid om verantwoording te doen. Die jeugdige het nood aan voorlewing en dat die opvoeder saam met hom sal beteken totdat die wêreld vir hom begrypbaar word (_vide_ paragrawe 2.3.4 en 2.3.5). Vir die Christen-opvoeder beteken dit dat die betekening tot eer van God moet wees

en die jeugdige moet hiertoe gehelp word. Die opdrag tot hulp spreek duidelik in die Doopbelofte van die Afrikaanse Kerke: "En die ouers sal **verplig** wees om hul kinders as hulle opgroei, hieromtrent breedvoerig te onderrig" (Formulier om die doop aan die kinders van gelowiges te bedien 1980 : 111) - "hieromtrent" dui op besondere behoorlikheidseise en "onderrig" beteken hulp met betekening. Die opdrag tot hulp mag nie ontduik word nie. As plaasvevangende ouer, staan die onderwyser (ook die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se personeel) ook onder hierdie verpligting. Die Christelike voorlewing is van primêre belang "sodat hulle U vaderlike goedheid en barmhartigheid wat U aan hulle en ons almal bewys het, mag bely, en in elke geregtigheid, onder ons enigste Leraar, Koning en Hoëpriester, Jesus Christus, mag lewe ..." (Doopformulier soos aangehaal deur Landman 1974 : 31-36).

Die volgende essensie het te make met ondersteuning met die geleidelike wegbreek van spanningloosheid.

(b) Opvoeding is om die jeugdige te help om gewillig te wees om met inspanning te lewe - hulp met die geleidelike wegbreek van spanningloosheid

Die kind gaan deur verskillende momente op weg na volwassenheid. Elkeen van hierdie momente (kleuter, pre-puber, puber en adolessent kan beskou word as 'n besondere staanplek in die lewe (*vide* paragraaf 2.4.1 vir 'n fyner onderskeiding). Die jeugdige moet geleidelik weg beweeg van elke staanplek na 'n volgende

staanplek tot en met volwassenheid. Hierdie beweging weg van 'n bepaalde staanplek geskied gewoonlik met inspanning en is sonder die steungewing van 'n volwassene nie moontlik nie. "Opvoeding kan dus beskryf word as hulp aan die kind om hom te ondersteun in sy **geleidelike wegbreek van spanningloosheid** in die rigting van die inspanning wat van 'n volwassene verwag word" (Landman 1974 : 15).

Volgens Van Vuuren et al. (1976 : 124-125) wek verwagting 'n hunkering na die moontlikhede wat in die "verborge toekoms" lê en dit veroorsaak 'n sekere mate van spanning as gevolg van die onbekendheid met die toekoms. Hierdie "vrugbare spanning" is volgens Landman 'n wesenlike deel van die opvoedingsituasie.

Verwagting, toekomstigheid en die wegbreek van spanningloosheid is baie nou aan mekaar verbonde en daarom dat verskillende skrywers se kategorie-indeling verskil met betrekking tot benaminge, maar eintlik word dieselfde essensies beskryf.

Die jeugdige moet, met ander woorde, deelneem aan dit wat in die opvoedingsituasie gebeur. As dinamiese mens is die jeugdige besig om die wêreld tot wêreld vir hom, met ander woorde, begrypbare wêreld te beteken. Die jeugdige moet gehelp word om kragtig en in 'n toenemende mate stelling in te neem teen die onbehoorlike en vir die behoorlike: om kragtig deel te neem aan die verwerkliking van 'n eie lewensopvatting (Landman 1974 : 36-37) (vide paragrawe 1.2.1.1 en 3.5.4.2 (b)).

Die Christen-opvoeder weet dat die Christen hom ywerig en heelhartig moet inspan om die behoorlike te doen. Paulus dank God

vir die inspanning van die Tessalonisense met betrekking tot hulle liefdesbetoning (I Tessalonisense 1:3). Paulus beskou inspanning as 'n bewys van die egtheid van Christenskap (II Korintiërs 11:23). Dit gaan vir die Christen-opvoeder om die toename in aanvaarding van Christelike norme totdat dit selfstandig en op eie verantwoordelikheid gelewe kan word. Die jeugdige moet gehelp word om hom in toenemende mate in te span vir die medewerking met die gemeente/gemeenskap van gelowiges (koinonia). Alle gawes en kragte is nodig. Christelike werk gaan gepaard met inspanning. "Daarom ... wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie" (I Korintiërs 15:58). Onderwysers en ouers wat self oorvloedig werk in die diens van die Here steun die jeugdige op egte wyse in sy verwerwing van behoorlike volwassenheid (Landman 1974 : 37-39).

Ook op die terrein van godsdiensopvoeding is dit, met ander woorde, nodig dat die jeugdige bereid sal wees om geestelik te groei en nie te stagneer wat sy kennis en ervaring betref nie. Dit gaan om 'n inniger verhouding met God, die Vader, Seun en Heilige Gees.

Die derde essensie waarby stilgestaan word, is hulp om oor te gaan tot genormeerde nalewing.

<u>(c) Opvoeding is om die jeugdige te help om in ooreenstemming met besondere norme (behoorlikheidseise) te lewe</u>

Die vraag wat hom voordoen, is: "Wat is norme?" Van Rensburg <u>et al</u>. (1985 : 111) defineer "norm" soos volg: <u>norma</u> (Latyn) - winkel-haak; in oordragtelike sin - om te meet: met 'n winkelhaak word vasgestel hoedanig 'n ding haaks is en as dit nie haaks is nie, word dit presies, suiwer en korrek gestel. Met die begrip normatief word weer aangedui dat 'n bepaalde saak/handeling verband hou met norme. Daar kan onderskei word tussen **outonome norme** waar die mens self bepaal wat vir hom goed of sleg is; **heteronome norme** waar 'n faktor of instansie buite die persoon bepaal wat goed of sleg is, byvoorbeeld, die staat met sy wette, die vader in die huis vir sy gesin of die kerk vir sy lidmate; **teonome norme** wat dui op die norme wat God aan die mens gegee het, byvoorbeeld, die Tien Gebooie (T.O.D. 1993b : 19-20).

Vir die opvoeder sal dit norme wees wat verband hou met sy lewensopvatting as 'n besondere rangorde van waardes. Dit is op hierdie stadium nodig om die verskil en verband tussen norme en waardes aan te dui. Volgens Van Rensburg <u>et al</u>. (1985 : 193) is die woord waarde afkomstig van <u>Valere</u> (Latyn), of <u>valu</u>, deelwoord van <u>valoir</u> - van waarde wees: dit wat die bestrewenswaardige (nastrewenswaardige aard) van 'n saak na vore bring, met ander woorde, die aard van die onmiddellike werklikheid, wat 'n persoon tot handeling/strewe oproep en wat tot uitdrukking kom as die persoon sê dat die betrokke werklikheid die moeite werd is. 'n

Waarde druk altyd die verhouding tussen 'n mens en 'n objek of sy gesindheid ten opsigte van 'n bepaalde saak uit. Volgens Van Vuuren et al. (1976 : 126) word die waardes vraagstellend tot norme omgebuig (vide paragrawe 3.4.2 en 3.4.3).

Norme word, met ander woorde, afgelei uit die betekenis wat 'n sekere saak of objek het, uit die waarde/s van 'n sekere saak of objek en word dan as die norm toegepas ter verwesenliking van hierdie waarde/s. 'n Norm word dus gebruik as 'n maatstaf, 'n kriterium, 'n maat om mee te oordeel. Die mens se lewensopvatting spreek mee by 'n persoon se beskouing van waardes. 'n Mens se mensbeskouing en waardebeskouing hang nou saam. Norme is meer groepsgebonde as waardes. Waardes is meer partikulier van aard. So sal die waarde van 'n klip vir 'n boer en 'n huisvrou verskil. Vir die boer is die klip meestal 'n gebruiksartikel, terwyl dit vir die huisvrou eerder estetiese waarde kan hê (Du Plooy et al. 1985 : 335). In opvoeding gaan dit om die aanlê van norme - die wyse waarop die jeugdige sy wêreld ontwerp, geskied aan die hand van norme (Van Vuuren et al. 1976 : 126).

Vir die Christen lê die waardes waaraan hy gehoorsaam behoort te wees, versprei in die Bybel. Sy vertrekpunt by die bepaling van sy waardes is geleë in die geloof. In die Christelik-Westerse wêreld word die religieuse waarde as die hoogste waarde beskou. Die kern hiervan is dat die mens God moet liefhê bo alles en sy medemens soos homself. Alle ander waardes is hierin gefundeer. Die rangorde van waardes word bepaal na die mate waarin die bepaalde waarde rustige, innerlike vrede kan stig. Almal se vertolking van die

religieuse is egter nie dieselfde nie (Van Zyl et al. 1970 : 134-135). Dit is juis hierdie verskil in vertolking van die religieuse wat die taak van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging so kompleks maak, aangesien hierdie verskil in vertolking die grondliggende oorsaak is vir die bestaan van verskillende dogmas (vide paragraaf 5.3).

Volgens Landman (1974 : 97-98) is die Christelike waardeleer die begronding (vorm die fondament) van die Christelike lewensopvatting (vide paragraaf 3.5.4.2 (b)). Daar sal in Hoofstuk 6 gepoog word om die gemeenskaplike noemer(s) vanuit die belydenis van die Volle Evangelie Kerk van God as eksemplaar van die Pinkster- en Charismatiese Kerke en vanuit die Drie Formuliere van Eenheid as belydenis van die Afrikaanse kerke te identifiseer om sodoende vir die Afrikaanse Christen-Studentevereniging riglyne/grense te beskryf waarbinne dit sou kon funksioneer (vide paragraaf 6.10).

Noudat die begrippe norme en waardes bedwarskyk is, sal daar stilgestaan word by opvoeding as hulp aan die jeugdige om in ooreenstemming met besondere norme te lewe om sodoende as behoorlike volwassene te lewe.

'n Behoorlike volwassene is iemand wat getrou is aan sekere beginsels of norme (vide paragraaf 3.3.1.1 (h), asook paragrawe 3.4.2.4 en 3.4.3.3 (c) en (d)). Hy weet wat die maatstawwe (rigsnoere, reëls, vereistes, norme) is waarvolgens hy as behoorlike volwassene behoort te lewe. Die jeugdige moet deur die

volwassene gehelp word om 'n behoorlike volwassene te word. "Opvoeding is dan hulp om oor te gaan tot 'n **genormeerde nalewing** totdat behoorlike volwassenheid verwerf is en die behoorlikheids-eise selfstandig gelewe word" (Landman 1974 : 14-16).

Die opvoeder moet kan toon wat sy standpunt is om 'n behoorlike voorbeeld te stel wat die jeugdige kan nalewe. Die opvoeder se standpunt blyk uit sy lewensopvatting (vide paragraaf 1.2.1.1) en hoe dit sy lewe beïnvloed. Opvoeding is, met ander woorde, hulp aan die jeugdige om in toenemende mate die maatstawwe van 'n bepaalde lewensopvatting te leer ken, te aanvaar en na te lewe. Die Christen-volwassene span homself in om sy lewe te normeer in ooreenstemming met: "Jy moet God lief hê bo alles en jou naaste soos jouself" (Markus 12:34). Dan eers sal die volwassene die Christelike liefde kan voorlewe (Landman 1974 : 39).

Die Christen behoort 'n voorbeeld te wees vir ander Christene (I Tessalonisense 1:7) - dus ook die Christen-opvoeder vir die Christen-jeugdige. "Daar moet dus ooreenkomstig die leer wat spreek uit die Woord van God self en ook soos dit gestalte aangeneem het in die Belydenisskrifte van die Kerk, voorgelewe en uitgelê word en aan die kind geleentheid gebied word om dit na te lewe, soos byvoorbeeld deur **saam** Kerk toe te gaan, deur **saam** met die opvoeders die Bybelse voorskrifte te probeer begryp en as norme te aanvaar. Dit word gedoen om sodoende 'n "voorbeeld te wees vir die wat in Hom sal glo tot die ewige lewe" (I Timoteus 1:16)" (vide paragraaf 2.5.9). Sowel die ouer as die onderwyser

as plaasvervangende ouer behoort die kinders op te voed in die ware kennis en vrees van God (Landman 1974 : 40-41).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die lewensopvatting en werklikheidsbeskouing meespreek en so ook die vertolking van "ware kennis" soos geopenbaar in die Bybel. Die verskeidenheid interpretasies van "ware kennis" word in Hoofstuk 5 bespreek waar die rol van 'n dogma van nader beskou word (vide ook paragrawe 3.4.3.2 en 6.5.2). Die vorming van 'n lewensopvatting is in besonderhede bespreek in paragraaf 1.2.1.1.

Die vierde essensie wat Landman onderskei, is hulpverlening aan die jeugdige om te waag, eerstens met die opvoeder en later ook met ander persone.

(d) Opvoeding is om die jeugdige te help om te waag

Die jeugdige moet gehelp word om saam met die opvoeder (ook die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se personeel) dit te waag na volwassenheid. Dit is slegs moontlik indien die jeugdige die volwassene vertrou. "Opvoeding is hulp in die **waag met die opvoeder** totdat daar selfstandig gewaag kan word met ander mense (medewerker, huweliksmaat, gemeentelede, partygenote, ens.)" (Landman 1974 : 16).

"Een van die sekerste wyses waarop die mens (jeugdige) 'n greep op die lewe verkry, is deur dit te leer ken. Om te ken, beteken dat daar eers verken moet word. Hierdie verkenning vind plaas met die

oog op beheersing van die werklikheid en die bewerking van die wêreld sodat dit bewoon kan word as 'n veilige tuiste." Dit beteken dat die opvoeder sy hand na die jeugdige toe moet uitreik met die doel om hom te help om dit te waag om sy wêreld te verken. "Verkenning (eksplorasie) bring nuwe sekerheid en hy (die jeugdige) keer meer selfversekerd tot sy wêreld terug om dit van nuuts af aan met die verworwe kennis te beteken en sodoende sy horison te verbrei" (Van Vuuren et al. 1976 : 126) (eie invoeging).

Die kategorie om te waag, soos deur Landman onderskei, en die verkenningskategorie soos deur Van Vuuren onderskei, is baie nou verbonde.

Die ouer vertrou dat die jeugdige sy bes sal probeer om hulle leiding te volg. Die opvoeder praat en handel met gesag en die jeugdige volg daardie gesag as die opvoeder hom aanvaar. Albei leer mekaar algaande beter ken, asook die behoorlikheidseise waaronder hulle staan. Die opvoeder is verantwoordelik vir dit wat uit die opvoedende waag-met-mekaar voortvloei, naamlik die leef in ooreenstemming met die behoorlikheidseise wat spreek uit die lewensopvatting. As die opvoeder se opvoedingswerk misluk, het die jeugdige se waag-met-hom misluk en dan sal die jeugdige dit moeilik vind om dit met ander mense te waag (Landman 1974 : 42-43) (vide ook paragrawe 2.3.4 en 2.3.5). Indien godsdiensopvoeding misluk, mag sommige jeugdiges dit moeilik vind om dit met ander volwassenes te waag met betrekking tot die godsdiens.

Omdat die lewensopvatting meespreek, sou dit sinvol wees om na te

gaan of die leerstellings van die verskillende denominasies voldoende raakpunte het (vide paragraaf 6.10) sodat die jeugdige nie verwar sal word deur die voorlewing van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se personeel en die aktiwiteite wat hulle reël nie.

"Die kind kan nie los van sy opvoeder gesien word nie. Dat kinders dit waag met opvoeders, het as moontlikheidsvoorwaarde dat opvoeders die kinders versorg: "Of watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood vra, aan hom 'n klip sal gee; en as hy 'n vis vra, aan hom 'n slang sal gee" (Matteus 7:9,10). Die opvoeders is egter ook verantwoordelik vir die kinders se opvoeding: "En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in tug en vermaning van die Here" (Efesiërs 6:4). Dit geld ook die onderwyser as plaasvervangende ouer. Opvoeding in die lig van God se gebod is dan moontlikheidsvoorwaarde vir hulp aan die kind op weg daarna om 'n Christelike volwassene te wees" (Landman 1974 : 44).

Wie as plaasvervangende ouer (ook die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se personeel) optree, moet weet dat hulle 'n roeping het om te vervul, veral wanneer dit gaan om godsdiensopvoeding.

Die bereidheid om te **waag** het besondere implikasies vir die Christen-gelowige soos blyk uit die volgende twee teksverse: Handelinge 5:13: "maar van die ander mense het niemand dit **gewaag** om by hulle aan te sluit nie al het die volk hulle hoog geag"

(Vosloo <u>et al</u>. 1993 : 1660). Die volk het moontlik weens vrees nie by die volgelinge van Jesus aangesluit nie, al het hulle hul hoog geag. 'n Waaghouding is vir die Christen-gelowige van belang, want dit het te make met vertroue soos blyk uit Filippense 1:14.

Filippense 1:14: "Deur my boeie is die meeste broers ook in hul vertroue op die Here gesterk, en hul waag dit al hoe meer om die Woord van God onbevrees te verkondig" (Vosloo <u>et al</u>. 1993 : 1839-1840) (<u>vide</u> ook paragraaf 3.5.2.2 met betrekking tot vertroue).

Die hulp aan die jeugdige met betrekking tot <u>dankbaarheid</u> is die volgende essensie wat Landman onderskei het.

<u>(e) Opvoeding is om die jeugdige te help om dankbaar te wees</u>

Volgens Van Vuuren <u>et al</u>. (1976 : 124,127) is die "opvoedingsituasie ... 'n ongeslote ruimte; 'n ruimte waarin ongeslotenes teenoor mekaar en bymekaar staan." Hierdie ongeslotenheid van die jeugdige (<u>vide</u> ook paragraaf 2.3.3) bring onsekerheid mee. Die wêreld is oop vir die jeugdige, maar hy is "verlore en rigtingloos omdat hy by gebrek aan instinkte koersloos" is. Die jeugdige is aangewese op 'n volwassene om hulp en leiding. Die jeugdige is steunsoekend en steunaanvaardend, terwyl die volwassene tot steungewing bekwaam en bereid moet wees - anders sou opvoeding onmoontlik wees.

Die jeugdige het nood aan geborgenheid (<u>vide</u> paragraaf 2.3.4).

Wanneer hy hierdie geborgenheid beleef, dien dit as steun om dit verder met die werklikheid te waag. Geborgenheid is noodsaaklik indien die jeugdige wil vorder met sy eksplorasie van die wêreld van die volwassenes. Die jeugdige toon meestal nie sy dankbaarheid vir hierdie steun nie. "Opvoeding is dan hulp om **dankbaar te wees vir geborgenheid** wat uiteindelik sal lei tot dankbaarheid vir geborgenheid soos 'n volwassene daaraan vorm gee in sy lewe" (Landman 1974 : 16-17).

Daar bestaan 'n volwasse wyse van dankbaarheidsbelewing en 'n volwasse wyse van die belewing van geborgenheid waartoe die jeugdige met die hulp van die opvoeder op pad is, maar hy moet dankbaarheid en geborgenheid leer ken in die verskillende opvoedingsituasies (Landman 1974 : 45).

Dit is noodsaaklik vir die belewing van dankbaarheid vir geborgenheid deur die jeugdige dat hy by die opvoeders sal sien dat hulle God loof en eer omdat hulle dankbaar is vir hul geborgenheid wat daarin geleë is dat hulle Sy kinders is. Die woorde in Psalm 35:28 moet 'n werklikheid in hulle lewe wees: "En my tong sal U geregtigheid prys, U loof die hele dag deur" en "Ek loof U sewemaal elke dag oor U regverdige verordeninge" (Psalm 119:164).

Die Christen-gelowige word opgeroep tot dankbaarheid. Die opdrag in I Tessalonisense 5:8 is duidelik: "Wees in alles dankbaar, want dit is die Wil van God in Christus Jesus oor julle" (Landman 1974 : 46).

Die opvoeder is dit aan die jeugdige verskuldig om hom geborgenheid te laat belewe deurdat hulle nie struikelblokke in sy weg lê nie. Nie-aanvaarding en die versuim om 'n jeugdige te weerhou daarvan om die onbehoorlike te doen is voorbeelde van sulke struikelblokke. "Maar elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in my glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat 'n meulsteen om sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see" (Matteus 18:6).

Die sesde essensie wat Landman onderskei, is hulpverlening om in 'n toenemende mate verantwoordelikheid vir eie aandeel aan verhoudinge te aanvaar.

(f) Opvoeding is om die jeugdige te help om verantwoordelikheid vir sy aandeel aan verhoudinge te aanvaar

Volgens Van Vuuren et al. (1976 : 124) laat die jeugdige se nood aan koers hom uitreik na 'n medemens "wat vir hom 'n veilige ruimte kan borg van waaruit hy verkennend en verowerend 'n vreemde wêreld" kan beheers. Hierdie medemens word slegs aanvaar in 'n verhouding van wedersydse vertroue (vide paragraaf 3.5.2.2).

Volgens Landman (1974 : 17-18) moet die jeugdige leer om verantwoording te doen vir die wyse waarop hy hom gedra, ook teenoor ander mense. "Opvoeding is dan hulp om steeds in 'n toenemende mate **aanspreeklikheid vir sy aandeel aan opvoedingsverhoudinge** op hom te neem sodat hy uiteindelik as volwassene aanspreeklikheid

(verantwoordelikheid) vir al sy verhoudinge met ander mense op hom kan neem."

Volgens Landman (1974 : 47) sal die opvoeder en opvoedeling "Wie eers saam **staan**, ... saam **gaan**." Dit is dan wanneer die verhouding tussen opvoeder en jeugdige 'n intieme verhouding word. Daar is intieme vertrouens-, gesags- en kenverhoudinge (vide paragraaf 3.5.2 met betrekking tot wat 'n intieme opvoedingsontmoeting moontlik maak). Dit dui op 'n samehorigheid van opvoeder en jeugdige. Die opvoeder het die verpligting om toeganklik (genaakbaar, bereikbaar, minsaam, innemend) vir die jeugdige te wees en die jeugdige behoort in 'n toenemende mate dieselfde gesindheid teenoor die opvoeder te openbaar. Indien daar wantroue of 'n afwesigheid van gesag is óf as daar onkunde heers, volg verwydering. Dit kan weer op sy beurt daartoe lei dat die jeugdige baie moeilik die diepere betekenis (sin, sinvolheid) van die lewe sal aanvaar.

Die Christen-opvoeder is aan die Here verantwoording verskuldig (Efesiërs 6:4). Die Christen-opvoeder moet optree (vide ook paragraaf 3.3.1.1 (1)). Die jeugdige doen weer sy deel deur gehoorsaam te wees. Die opvoeder dra die verantwoordelikheid om die jeugdige voortdurend van hierdie gehoorsaamheid bewus te maak (Landman 1974 : 48-49) (vide paragraaf 2.3.6).

Hulpverlening met betrekking tot 'n toekomsverwagting is die sewende essensie wat deur Landman onderskei is.

(g) Opvoeding is om die jeugdige te help om te hoop op die toekoms wanneer hy 'n volwassene sal wees

Volgens Landman (1974 : 18) dui "As ek eendag groot is" daarop dat die jeugdige op die toekoms gerig is. Die opvoeder hoop ook op 'n toekoms vir die jeugdige. "Opvoeding is dan hulp aan die kind om te hoop op toekomstige volwassenheid wat dan uiteindelik sal lei tot 'n hoop op 'n steeds behoorliker beoefening van volwassenheid". Die mens verlang na toekomstige dinge en daarom stel hy altyd iets in die vooruitsig. Die jeugdige bou vir homself 'n toekomsbeeld en hoop dat dit 'n werklikheid sal word. Met die hulp van sy ouers en onderwysers rig hy hom op die toekoms deur vir homself doelstellinge te stel. Die opvoeder help die jeugdige om te besef dat hoop op die toekoms beteken dat daar in die hede gewerk moet word om daardie toekoms te verwerklik. Die jeugdige moet besef dat die toekoms aan hom eise stel. Hoop by die jeugdige skep aktiwiteit (Landman 1974 : 49-50).

Die verlange na 'n sinvolle toekoms stel aan die jeugdige die taak om tot verwerkliking van sy "hede-moontlikhede" oor te gaan. Die jeugdige se toekomsbewussyn moet gewek word deur die opvoeder: "die pedagogiese gebeure as steungewing tot selfstandige toekomsoriëntering" moet gedra word "deur hoop, verwagting, geborgenheid en vertroue." Ook die voorbeeld van die opvoeder en die rigting wat hy aandui, is belangrik vir die jeugdige se toekomstige bestemming (Van Vuuren et al. 1976 : 125).

Toekoms het in hierdie sin 'n tweeledige betekenis:

i) 'n toekoms op die <u>mundane niveau</u> wat van die prospektief-synde mens 'n opvoedbare mens maak en wat van opvoeding 'n sinvolle gebeure maak, en

ii) 'n toekoms op die <u>transendentale niveau</u> wat van die Christen-gelowige (en sommige ander gelowige mense) <u>besondere</u> gelowige mense maak. Aspekte soos sinvolheid van bestaan, prospektiewiteit en religiositeit verkry dan besondere inhoud (Roelofse 1994).

By (i) is <u>hoop</u> op die toekoms moontlik voldoende, terwyl daar by (ii) <u>geloof</u> ook moet figureer. Hebreërs 11:1 dui die verband tussen geloof en hoop soos volg aan: "Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie" (Vosloo <u>et al</u>. 1993 : 1926). Verskeie gedeeltes in die Bybel praat van hoop en impliseer geloof daarmee saam.

Waarop hoop die gelowige?

Die Christen-gelowige hoop, onder meer, op die lewende God (I Timoteus 4:10); op redding, verlossing en heil vir mense uit alle nasies (deur Jesus Christus) (Openbaring 4:9-10); op die trou, hulp en krag van God (Psalm 42:6-9); op die heerlikheid wat kom in die ewige lewe (die eskatologiese verwagting (<u>vide</u> paragraaf 2.5.9) (Romeine 8:18-28; I Petrus 1:3-4) (T.O.D. 1993a : 1) (eie invoeging).

Die Bybel spreek duidelik oor die Christen-gelowige se benadering

tot die toekoms soos blyk uit I Timoteus 6:19: "So vergader hulle vir hulle 'n skat as 'n goeie belegging vir die **toekoms**, sodat hulle die ware lewe sal verkry" (Vosloo et al. 1993 : 1987). Ware sekuriteit is slegs moontlik indien die mens op die lewende God vertrou met betrekking tot die ware lewe. Ware lewe dui op die hiernamaals soos blyk uit Matteus 6:19,20: "Moenie vir julle skatte op die aarde bymekaar maak waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en dit steel nie. Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar, waar mot en roes dit nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en dit steel nie", maar dit dui sekerlik ook op die geniet van die lewe binne die riglyne van die lewende God soos ook blyk uit Spreuke 23:17,18: "Moenie afgunstig wees op sondaars nie; wees altyd ywerig om die Here te dien; dan sal jy 'n toekoms hê en jou hoop sal jou nie ontneem word nie."

Uit die voorgaande is dit duidelik dat toekoms vir die Christen-gelowige (ook vir die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se personeel) eskatologiese (eindtydse) betekenis inhou (vide paragraaf 2.5.9).

"Die Christenopvoeder is 'n opvoeder wat hoop in geloof en deur die geloof dat sy gebede vir sy kind verhoor sal word, want hoop en geloof hoort saam en vervleg daarmee is die liefde "... en onophoudelik (moet) in gedagte gehou (word) die werk van julle geloof en die arbeid van jul liefde en die lydsaamheid van julle hoop op ons Here Jesus Christus, voor onse God en Vader" (I Tessalonisense 1:3) (eie invoeging).

Die hoop is gerig op dit wat 'n mens nie sien nie: "Maar as ons hoop wat ons nie sien nie, dan wag ons daarop met volharding" (Romeine 8:24 ev). Die opvoeder hoop biddend en handelend in opvoedingsituasies op 'n toekoms waarin die kind selfstandig in ooreenstemming met behoorlikheidseise sal lewe wat spreek uit sy lewensopvatting" (Landman 1974 : 51).

Hulp met die ontwerp van moontlikhede is die agste essensie waarby daar stilgestaan word.

(h) Opvoeding is om die jeugdige te help om die moontlikhede tot volwassenheid te ontwerp

"Wat sal tog van hierdie jeugdige word? Wat wil jy eendag word? "Wat moet ek word?" Al hierdie vrae dui daarop dat daar 'n verwagting bestaan dat die jeugdige iets met sy moontlikhede sal maak. Die jeugdige moet gehelp word om sy moontlikhede (talente) te vorm (te aktualiseer) sodat hy as volwassene eendag 'n lewe kan lei ooreenkomstig sy moontlikhede. "Opvoeding is dan hulp aan die kind met die **ontwerp van sy moontlikhede** tot volwassenheid. Wanneer hy dan behoorlike volwassenheid verwerf het, kan hy voortgaan met die selfstandige ontwerp van sy moontlikhede" (Landman 1974 : 18-19) (vide paragrawe 2.3.6 - 2.3.8).

Die jeugdige is oop vir en gerig op die wêreld en die toekoms en daarom bereid om sy moontlikhede te aktualiseer. Hierdie aktualisering staan egter nie los van norme nie (vide paragrawe 2.3.6 - 2.3.7). Die opvoeder help die jeugdige om aan sy moontlikhede

besondere waarde toe te ken. Hierdie waardes word gebruik om sy lewenswyse as 'n aktualisering van moontlikhede te beoordeel. Die jeugdige word deur die opvoeder gehelp om sy moontlikhede as waardevol te aanvaar en daarom dit tot werklikhede te aktualiseer. 'n Behoorlike volwassene aktualiseer op 'n verantwoordelike en selfstandige wyse sy positiewe moontlikhede (Landman 1974 : 52) (vide paragrawe 2.3.3 en 2.3.8).

"Wat die Christelike opvoeding betref, dink 'n mens hier onmiddellik aan die gelykenis van die talente (Matteus 25:14-30). Net soos van die slawe uit die gelykenis verwag word dat hulle met hul gegewe talente wins moet maak, so verwag die Here dat Sy dienaars (gelowiges) met die evangelie wins moet maak. Dit kan onder andere beteken dat die Christen-opvoeder van die jeugdige kan verwag om in toenemende mate sy gawes (moontlikhede) in diens te stel van sy naaste en van God. Die wyse waarop hy sy moontlikhede inspan, moet ook strek tot uitbreiding van God se Koninkryk" en dit moet hy "doen uit dankbaarheid vir die talente wat aan hom geskenk is" (Landman 1974 : 52-53).

Die verlening van hulp aan die jeugdige om geleidelik sy bestemming te behaal, is die volgende essensie waarby daar stilgestaan word.

(i) Opvoeding is om die jeugdige te help om geleidelik sy bestemming te vervul

Saam met die ontwerp van moontlikhede gaan 'n geleidelike besef

dat volwassenheid sy bestemming is. Die jeugdige moet deur die opvoeder gehelp word om te begryp dat hy 'n behoorlike volwassene behoort te word, met daarmee saam die besef om te werk aan 'n verdere bestemming. "Hierdie verdere bestemming is om te leef in ooreenstemming met die opdragte van 'n Opdraggewer wat vir die Protestantse-Christen die stem van God, deur Sy gebod, is. Sy bestemming is om 'n kind van God te wees. Opvoeding is dan hulp met die **geleidelike vervulling van sy bestemming** tot volwassenheid as 'n selfstandige en verantwoordelike bestemwees tot sy God" (Landman 1974 : 19).

Die mens beleef dat hy onvervuld leef, maar tot vervulling kan kom wanneer die bestemming bereik is. Daarom streef hy na voltooiing en sy lewe word gekenmerk deur 'n verlange na uiteindelike voleinding. Die ouers en onderwysers staan die jeugdige by deur hierdie strewe wat met menswees gegee is, te versterk en daaraan rigting te gee (Landman 1974 : 53) (vide paragraaf 2.3.8).

"Vir die Protestantse Christen-opvoeder is die hoogste waarde om te leef en voor te leef in die lig van Christelike verpligtinge. Dit is dan vir hom lewensverpligtend om tot eer van sy God te lewe en met die wete dat, omdat dit God behaag het om hom in vertrouens-, gesags- en kenverhoudinge in ontmoetinge met kinders te stel daardie kinders veel meer kinders van God is as van hul ouers en van die onderwyser as plaasvervangende ouer. Kinders is aan hul tydelik toevertrou onder Goddelike opdrag" (Landman 1974 : 54).

Die Christen-opvoeder weet dat die jeugdige bestem is om kind van God te wees en hy help die jeugdige om hierdie bestemming te bereik en volgens God se wil vir Sy kinders te leef. Sy opvoedingshandelinge moet deurweek wees met die Protestants-Christelike lewensopvatting. Die opvoeder en die jeugdige neem deel aan die opvoedingsgebeure tot eer van God. Die Christen-opvoeder help die jeugdige om uiteindelik tot 'n besef en belewing van die sinvolheid van 'n Christelike bestaanswyse te kom en om te leef volgens eie verantwoordelikheid en dryfvere. Die jeugdige word ook gelei na 'n selfbeoordeling aan die hand van Christelike norme; Christelike menswaardigheid, sedelik-selfstandige besluitvorming en handelinge ooreenkomstig Christelike norme, Christelike verantwoordelikheid, vereenselwiging met Christelike norme, dus met 'n Christelike lewensopvatting in sy totaliteit (Landman 1974 : 55-56).

Bestemming dui vervolgens op 'n eindbestemming en daarom is godsdiensopvoeding in wese 'n begeleiding van die jeugdige deur die Christen-opvoeder met die oog gerig op die eskatologiese, die eindtyd wat die jeugdige se finale bestemming is (vide paragraaf 2.5.9).

Die tiende essensie wat Landman onderskei, is hulpverlening aan die jeugdige om eerbied te hê vir sy eie menswees en vir ander mense.

(j) Opvoeding is om die jeugdige te help om eerbied (agting) te hê vir sy eie menswees en vir ander mense

Elke mens beskik oor waardigheid. Die mens weet van waardes en dat hy in ooreenstemming met waardes kan en moet lewe. Iemand wat godsdienstige en sedelike waardes verwesenlik, beskik oor menswaardigheid en het agting daarvoor en weet dat hy besondere waardes behoort te verwesenlik. Die jeugdige is voortdurend besig om waardes te verwesenlik. Eers gaan dit om wat vereis word om te kan lewe en dan al hoe meer om godsdienstige, estetiese en sedelike waardes. "Opvoeding is dan hulp met die kind se **toenemende agting vir die eie menswaardigheid** totdat agting vir menswaardigheid selfstandig gelewe word" (Landman 1974 : 20).

Die jeugdige het die reg om anders te wees as alle ander jeugdiges want hy is 'n besondere indiwidu. Sy indiwidu-wees word erken as ander mense agting het vir die manier waarop hy weens sy indiwidueelheid waardes moet verwerklik. Die opvoeder het die taak om die jeugdige te help om agting vir ander se menswaardigheid te hê, maar in besonder ook vir sy eie menswaardigheid. Hy gee aan die jeugdige die geleentheid om self die waardes te leer ken, te verwerklik en as norme aan te wend - om sy menswaardigheid te "oefen om uiteindelik sy menswaardigheid as volwassene op 'n selfstandige en verantwoordelike wyse te beoefen" (Landman 1974 : 56-57) (vide paragraaf 2.3.7).

Die mens is agting aan sy medemens verskuldig. Die opvoeder is ook agting aan die opvoedeling verskuldig. Geen mens mag as 'n middel

tot 'n doel gebruik word nie. Die jeugdige moet gelei word om in toenemende mate te besef dat hy slegs sy menswaardigheid vervul as hy sy pligte vervul (Landman 1974 : 57).

"Die Christen-opvoeder weet dat om die menswaardigheid op 'n agtenswaardige wyse te "oefen" en later selfstandig te beoefen, beteken om te wandel in die waarheid, dit wil sê volgens die vaste, geldende norm van God se gebod. 'n Mens wandel dus nie-menswaardig en nie-agtenswaardig as God se gebiedinge nie gehoorsaam word nie. ... Die menswaardige mens is hy wat die waarheid **doen**: "Maar hy wat die waarheid doen, kom na die lig sodat sy werke openbaar kan word, dat hulle in God gedoen is" (Johannes 3:4). En die nie-menswaardige: "As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen ons nie die waarheid nie" (I Johannes 1:6). Die mens wat menswaardig handel, leef dus volgens die lewensreëls soos deur God vasgestel en in die lig van die Genade" (Landman 1974 : 57-58).

"Agting vir menswaardigheid" het vir die Christen 'n besondere betekenis:

i) hy is geskape deur God - na Sy beeld (Genesis 1:26-27) (Roelofse 1994);

ii) hy beklee 'n besondere posisie in die skeppingshiërargie (Genesis 1:28b; Genesis 2:8) (<u>vide</u> ook byvoorbeeld Psalm 8 en Romeine 8 teenoor byvoorbeeld Job 7) (Roelofse 1994) en is God se erfgenaam (Romeine 8:17) (McFarlane 1993 : 33);

iii) hy is 'n besondere begenadigde wese (Efesiërs 1:6) - ontvang

verlossing deur Christus (Roelofse 1994) en is dus 'n koningskind (Johannes 1:12) (McFarlane 1993 : 33);

iv) hy is die enigste wese wat kan onderskei tussen reg (goed) en verkeerd (kwaad) (Genesis 3:5) op grond van sy etiese ingesteldheid (Roelofse 1994);

v) hy word vernuwe deur die Heilige Gees (Titus 3:5) en is daarom tot die goeie in staat (Tolsma 1988 : 166). Die Heilige Gees woon in hom (Romeine 8:9,11). God is steeds met hom besig (Filippense 1:6) (McFarlane 1993 : 33);

vi) sy siel is onsterflik - wanneer hy sterf is hy nie dood nie, selfs al rus sy liggaam in die graf lewe hy in ewige geluksaligheid by God (Matteus 8:11) (Landman et al. 1975 : 28-29);

vii) elke mens is 'n unieke wese (Romeine 9:20-21) en het die reg om verskillend te wees, want hy is 'n besondere wese (Landman et al. 1975 : 56);

viii) hy het 'n spesiale roeping (Efesiërs 4:1) (McFarlane 1993 : 33);

ix) hy is tot alles in staat deur Christus wat hom krag gee (Filippense 4:13), want God is aan sy kant (Johannes 1:12) (McFarlane 1993 : 33).

Hierdie uitsprake word gemaak op grond van die Antropologie van die Calvinisme en as sodanig verwoord dit 'n aspek van die lewensopvatting en werklikheidsbeskouing van die Calvinisme as onderdeel van Protestantisme (vide Tolsma 1988 : 158-159, 166-167).

'n Tweede laaste essensie wat bespreek gaan word, is hulpverlening aan die jeugdige om homself te begryp en te beoordeel.

(k) Opvoeding is om die jeugdige te help om homself te begryp en te beoordeel

Die mens se keuses word grootliks bepaal deur die idee (kennis) wat hy van homself het. Die jeugdige is voortdurend besig om in sy omgang met dinge, gebeurtenisse en ander mense homself te leer ken. Die opvoeder begelei die jeugdige in hierdie verwerwing van selfkennis. Hierdie selfkennis sluit in 'n toenemende begryping van die eise van behoorlikheid (norme). "Opvoeding is dan hulp aan die kind met sy **volwassewording deur 'n toenemende selfbegryping** sodat hy uiteindelik as volwassene met 'n selfstandige en verantwoordelike selfbegrip en met 'n kritiese selfbeoordeling kan kies en handel" (Landman 1974 : 20-21). Die lewe stel aan die mens as **bevraagde** eise en hy moet aan daardie behoorlikheidseise voldoen. Selfbegryping omsluit ook begryping van die positiewe moontlikhede van die eise wat die lewe stel. Die jeugdige word deur die opvoeder ondersteun om tot selfkennis te kom van sy eie positiewe moontlikhede en van die vepligtinge wat hierdie moontlikhede op 'n mens lê en wat nie nagelaat mag word nie (Landman 1974 : 58).

Dit herinner aan die skrifgedeelte wat handel oor die pottebakker en dat die pottebakker vry is om te skep wat hy wil en nie bevraagteken mag word in sy besluit nie (Romeine 9:21). Die

Christen is God se skepsel en is geroepe om die moontlikhede/ talente soos deur God aan hom gegee, te verwerklik sonder om God se skeppingswerk te bevraagteken.

Die laaste essensie waarby daar stilgestaan word, is hulpverlening aan die jeugdige om vryheid tot verantwoordelikheid te verower.

(1) Opvoeding is om die jeugdige te help om vryheid tot verantwoordelikheid te verower

Namate die kind meer volwasse word, neem sy verantwoordelikhede toe. Hoe meer verantwoordelikheid 'n jeugdige op hom kan neem, hoe meer vryheid gee die opvoeder aan hom. Die jeugdige verwerf, met ander woorde, vryheid deur die opneem van verantwoordelikheid. Vryheid en verantwoordelikheid mag nie los van mekaar bestaan nie. Vryheid beteken nie om vry te wees van alle bindinge en verpligtinge nie, aangesien laasgenoemde dui op losbandigheid. Egte vryheid lei tot 'n toenemende selfstandige opneem van verantwoordelikheid. **"Opvoeding is om die kind te help om in opvoedingsituasies te doen wat hy later selfstandig en op eie verantwoordelikheid behoort te doen"** (Landman 1974 : 21-22) (vide paragraaf 2.3.6).

Die jeugdige besit beperkte vryheid omdat hy as mens situasiegebonde is - hy word binne 'n bepaalde milieu gebore en kan nie na willekeur die grense van sy gesitueerdheid deurbreek nie. "Tog het hy die vryheid om te kies tussen al die moontlikhede wat elke faktiese situasie hom bied." Die jeugdige kan verkeerd

kies en daardeur homself benadeel - hy verkeer, met ander woorde, gedurig in gevaar van selfbeskadiging (Van Vuuren _et al_. 1976 : 125).

Volgens Van Vuuren _et al_. (1976 : 125-126) kan gesag en vryheid nie mekaar uitsluit nie. Sonder gesag is dit vir die opvoeder nie moontlik om die jeugdige omhoog te lei en tot gewetensvorming te steun nie. "Omhoogleiding beteken om die wil van die kind in gehoorsaamheid te lei tot ware vryheid as die vrywillige gehoorsaamheid aan die gesag van erkende norme" (_vide_ paragrawe 2.3.6 en 3.3.1.1 (1)). Hierdie omhoogleiding mag selfs meebring dat die jeugdige hard aangespreek word (wanneer hy in gevaar verkeer om homself te verongeluk), omdat hy 'n verkeerde koers inslaan.

In die aangehaalde woorde van Landman val die klem op _doen_, _selfstandig_ en _eie verantwoordelikheid_. Vir die Christen-opvoeder in die algemeen en die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se leier in die besonder word daar besondere denotatiewe semantiese inhoude aan dié begrippe gegee.

_Doen_ het naamlik betrekking op 'n handeling uitvoer of om iets te verrig. Daar is in Afrikaans die volgende uitdrukking "Al doende leer mens" - deur 'n ding te doen, leer jy dit goed doen - wat van besondere belang is in die opvoedingsituasie (Odendal _et al_. 1992 : 162).

Wanneer die woord **doen** in die Bybel nagegaan word, vind mens dat dit gekoppel word aan goed doen en aan sonde doen. In die Ou

Testament is die Hebreeuse woorde <u>gata</u> en <u>asa</u>, hoofsaaklik <u>asa</u> (Mijnhardt 1986 : 205) gebruik:

Levitikus 4:35 (<u>gata</u>) "So doen die priester versoening vir die sonde wat die burger gedoen het, en word sy sonde vergewe" (Vosloo <u>et al</u>. 1993 : 159).

Levitikus 5:17 (<u>asa</u>) "as iemand sondig en teen een van die gebooie van die Here oortree, is hy skuldig al was hy nie bewus daarvan nie." "Oortree" dui hier op "sonde doen" (Vosloo <u>et al</u>. 1993 : 159).

In die Nuwe Testament word drie woorde gebruik vir **doen**, naamlik <u>erghazomai</u>, <u>poieió</u> (hoofsaaklik <u>poieió</u>) en <u>prassó</u> (Mijnhardt : 1986 : 205).

Jakobus 2:9 (<u>erghzomai</u>) "Maar as julle die mense na die uiterlike beoordeel, doen julle sonde en veroordeel die wet van God julle as oortreders" (Vosloo <u>et al</u>. 1993 : 159).

Johannes 8:34 (<u>poieió</u>) " Jesus sê.....: Elkeen wat sonde doen, is 'n slaaf van die sonde" (Vosloo <u>et al</u>. 1993 : 1606).

Romeine 1:32 (<u>prassó</u>) " Hulle is mense wat die verordening van God ken dat dié wat sulke dinge doen, die dood verdien, en tog doen hulle nie net self hierdie dinge nie, maar hulle vind dit ook goed as ander dit doen" (Vosloo <u>et al</u>. 1993 : 1729).

Uit bogenoemde teksverwysings is dit duidelik dat om te **doen** van kardinale belang is in die gelowige se lewe en daarom dat die

jeugdige sal leer om te doen wat reg is en dat hy verantwoordelikheid sal leer aanvaar vir dit wat hy doen.

Selfstandig het weer betrekking op onafhanklikheid; om op eie bene te staan; nie in diens van ander nie. Jeugdiges wat selfstandig word, kan in hul eie behoeftes voorsien. Selfstandig dui verder daarop om op eie inisiatief te handel, sonder om hulp te soek of nodig te hê. Hy het die ervaring om selfstandig te oordeel (Odendal et al. 1992 : 953). Die doel van opvoeding is juis om die jeugdige te lei om selfstandig te oordeel en op te tree (na aanleiding van 'n bepaalde rangorde van waardes) in die veelheid van situasies waarin hy hom sal bevind as wordende-volwassene en uiteindelik as volwassene.

Eie verantwoordelikheid dui weer op 'n toestand van verantwoordelik te wees; 'n verpligting om rekenskap te gee; die verantwoordelikheid vir iets dra, op jou te neem; met verantwoordelikheid optree; iets op eie verantwoordelikheid doen. Iemand wat verantwoordelikheid neem vir 'n bepaalde saak moet verantwoording kan doen - rekenskap gee; verantwoording doen aan; aanspreeklikheid aanvaar; verduideliking vir optrede eis; iets vir sy verantwoording neem; aanspreeklikheid daarvoor aanvaar (Odendal et al. 1992 : 1232). "Verantwoording doen" dui op "antwoord gee" soos blyk uit die volgende aanhaling van I Petrus 1:15: "In julle harte moet daar net heilige eerbied wees vir Christus die Here. Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe" (Vosloo et al. 1993 : 1954).

Om verantwoording te doen of dan antwoord te gee, is 'n inherente deel van die gelowige se lewe en daarom ook 'n inherente deel van godsdiensopvoeding.

Egte vryheid beteken om gesag te erken en te gehoorsaam. Vanuit die lewensopvatting word daar eise gestel wat sekere keuses noodsaak. Die behoorlike volwassene weet dat hy nie kan maak soos hy wil nie, maar hy moet doen wat reg is in ooreenstemming met die behoorlikheidseise van sy lewensopvatting (Landman 1974 : 59).

"Die Christen-opvoeder leef vryheid tot verantwoordelikheid as gebondenheid aan die Gesag van God vir die kind voor, want hy weet dat losbandigheid die sterkste vorm van onvryheid, van dwang is wat daar bestaan. "Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van sonde en dood" (Romeine 8:2) en Romeine 8:21 lui: " ... in die hoop dat die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God" (Landman 1974 : 60).

3.3.1.2 Samevatting

Landman het enkele essensies van "Wat opvoeding is", uitgelig. Daar sou sekerlik nog essensies onderskei kon word, maar daar kan tans hiermee volstaan word.

Al die samelewingsverbande betrokke by die gosdiensbegeleiding van die jeugdige sal in 'n mindere of meerdere mate bydra tot die

realisering van die genoemde essensies van opvoeding. Die besondere bydrae tot godsdiensopvoeding van die onderskeie samelewingsverbande word later in die monografie in meer besonderhede beskryf. Die wetenskapper gaan enkele bydraes van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging met betrekking tot genoemde essensies in paragraaf 6.3 belig.

Die besonderse posisie van die jeugdige as begeleide is deur die voorafgaande essensie-beskrywing onderstreep. Die vraag wat nog beantwooord moet word, is: "Wat is die doel van opvoeding?", hoewel sekere tersaaklike aspekte al terloops ter sprake was in die voorafgaande beskrywing.

## 3.4 DIE DOEL VAN OPVOEDING, OOK GODSDIENSOPVOEDING

### 3.4.1 Inleiding

Benewens die reeds genoemde kinderantropologiese kategorieë word die jeugdige, volgens Perquin (1967 : 13), gebore as volwaardige mens, as ope moontlikheid wat onaf is. Die jeugdige ontwikkel nie vanaf 'n trap naby die dier deur verskillende fases langs evolusionistiese weg tot mens nie (Nel 1961 : 1-5). 'n Pedagogiese kindbeeld is personologies georiënteerd. Die jeugdige wat as verlengstuk van die natuur benader word, kan nie opgevoed word nie (Van Zyl <u>et al</u>. 1973 : 99). Volgens Oberholzer (1968 : 31) is die jeugdige mens-in-totaliteit, selfs al is hy "'n nog-nie-volwassene" wat deur 'n volwassene gesteun moet word in sy

opwegwees na behoorlike volwassenheid (vide paragrawe 3.4.2 en 3.4.3), ook Christelike volwassenheid. Volgens Landman et al. (1969 : 7-8) is daar nie 'n wesensverskil tussen die jeugdige en die volwassene nie, maar slegs 'n niveauverskil. Oberholzer (1968 : 171) stel dit so: "Kindwees verteenwoordig 'n modus van menswees; dit is menslike synde en daarom synde-in-openheid, maar dan met die klem op 'n kinder-menslike wyse van wees: die menslike van die mens leef en werk as kindermenslike van die mens, egter net so wesenlik menslik as wat deur enige ander modus van menswees verklank kan word." Die jeugdige is volwaardig mens, ook wanneer hy nood het aan opvoeding, want sonder die opvoeding waarin daar inhoude - ook inhoude wat sy religiositeit tot ware godsdiens kan laat ontplooi - onderrig word, sal die jeugdige as mens opvoedingsnood beleef. Die jeugdige is altyd medesyn omdat hy in sy opvoeder 'n medeganger vind wat hom begelei en steun en wat norme voorleef (Landman et al. 1975 : 61-62).

Die algemene doel van opvoeding is, wat hierdie monografie betref, om die jeugdige te help om dit wat hy met die leiding van volwassenes gedoen het, selfstandig en op eie verantwoordelikheid te doen. Die doel van opvoeding is, met ander woorde, die verwerwing van behoorlike volwassenheid deur die jeugdige (Landman 1974 : 26).

Menslike feilbaarheid is 'n werklikheid en daarom ook die skendbaarheid van die menslike waardigheid. Pedagogiese verwaarlosing moet noodwendig tot kultuurontaarding lei. Menslike norme word verwerp wat aanleiding gee tot onmenslike dade. Die

waardigheid van die mens stel hoë eise aan die opvoeding (Van Zyl et al. 1973 : 99).

Opvoeding is 'n geloofsdaad. Die antwoord van die opvoedeling is en bly onvoorspelbaar. Opvoeding stel die mens voor die feit van die wonder van menswees (Van Zyl et al. 1973 : 99-100).

Sonder opvoeding kan die jeugdige nie sy bestemming, naamlik behoorlike volwassenheid (vide paragrawe 3.4.2 en 3.4.3), bereik nie. Die volwassene het die verantwoordelikheid om die jeugdige te help en te steun. Dit vind in die ouerhuis plaas, maar ook in ander opvoedingsverhoudinge soos by die skool en kerk. "Godsdienstige steungewing in skoolklaskamer en kategese behoort niks anders as opvoeding te wees nie, want ook dit is kinderbegeleiding in die ware sin van die woord" (Landman et al. 1975 : 62-63). Dit is eweseer waar van godsdienstige begeleiding, ook wat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging betref.

'n Vraag wat hom nou voordoen, is: "Wat verstaan ons onder Christelike opvoeding?" Volgens Malan (1981 : 13) is die doel van Christelike opvoeding om die kind (jeugdige) tot die kennis en diens van God te bring. Die beginpunt van alle Christelike opvoeding is die volgende teksvers: "Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het" (I Johannes 4:19). "Liefde is die grondslag van alle opvoeding. Dit leer ons om liefde te ontvang en ook te gee, te beantwoord, want sonder liefde kan daar geen antwoord en ook geen opvoeding wees nie" (Malan 1981 : 13). Christelike opvoeding is die begeleiding van die jeugdige in sy wording sodat hy

op elke niveau van sy wording homself volledig kan uitleef met inagneming van die Christelike waardes wat vir hom voorgehou word en wat hy sy eie gemaak het.

Christelike opvoeding is daarop gerig om elke geleentheid om die jeugdige te steun (byvoorbeeld in die kategeseklas of tydens 'n Afrikaanse Christen-Studentevereniging byeenkoms/Bybelstudie) op die mees effektiewe wyse te benut. Die opvoeder help die jeugdige om algaande betekenisse te gee aan die inhoude wat hy in die lewenswerklikheid teëkom. As kleuter heg die kind die betekenisse van 'n kleuter aan hierdie inhoude en as jeugdige gee hy weer die betekenis van 'n jeugdige daaraan (Landman et al. 1975 : 63) en daarom is dit nodig om met die oog op hierdie studie te let op die godsdienstige wording van die jeugdige en die partye betrokke daarby in die algemeen en die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se betrokkenheid as buitemuurse aktiwiteit van die skool in die besonder (vide paragraaf 3.5.4.5 (b)).

"Geleidelik leer die kind deur kinderbegeleiding om sy uiteindelike bestemming (behoorlike verantwoordelike Christelike volwassenheid) te vervul. Dit beteken dat hy as volwassene sal beweeg, waag, ontwerp en verwerklik ooreenkomstig die behoorlikheidseise van sy gemeenskap. Die jeugdige dink nie hierdie eise of norme vir behoorlike volwassenheid self uit nie. Hy ontvang dit kragtens sy historisiteit van sy gemeenskap (ouers, skool, kerk) en moet dit tot sy eie maak. Ook hiervoor is hy nie op homself aangewys nie. Hy het die hulp van 'n opvoeder nodig om hom daarin

te onderrig en hom te leer om volgens hierdie behoorlikheidseise te lewe" (Landman _et al_. 1975 : 64).

Uit wat Landman hierbo sê, wil dit voorkom of die jeugdige eise of norme (_vide_ paragraaf 3.3.1.1 (c)) via sy opvoeders ontvang, sonder dat daar sprake is van eie keuses met betrekking tot toeëiening van norme. Dit is nie die volle waarheid nie, want 'n jeugdige kan bepaalde norme negeer (die sogenaamde oortredings van jeugdiges) (Roelofse 1994).

Dit is verder noodsaaklik om daarop te wys dat norme 'n nie-Christelike inslag kan hê. Norme-strukture kan verder van "geslag tot geslag" gewysig word. Norme kan selfs gewysig word deur bekering (_vide_ paragraaf 2.5.4). Op grond van 'n norme-struktuur bou en vestig die mens ook 'n waardesisteem waarvolgens hy sin soek, vind, en toeken aan sy lewenswerklikheid (Roelofse 1994).

Opvoedingshulp is daarop gerig om die jeugdige te leer om homself te ken sodat hy sy ware moontlikhede in toenemende volwassenheid kan verwerklik (Landman _et al_. 1975 : 64-65), gerugsteun deur 'n bepaalde waardesisteem wat verwerf word deur 'n partikuliere opvoeding.

Die eerbied vir waardes is vir die volwassene 'n belangrike aangeleentheid en daarom moet die jeugdige gesteun word sodat hy die waardes ken, dit eerbiedig en dit vir homself toe-eïen (Landman _et al_. 1975 : 65).

Dit is 'n ontiese feit dat die mens in die oopheid van die wêreld

'n appél ervaar. Die mens bereik nooit volslae volwassenheid nie. Hy bly steeds uitreik na vastigheid, na bestendigheid, na sekerheid (Van Vuuren et al. 1976 : 106).

Die kind is 'n religieuse wese. Aanvanklik glo hy in sy opvoeder/s se onkreukbare trou en integriteit. In die jeugjare soek die opvoedeling na norme. Hy soek omdat hy glo aan die sin van menswees en omdat hy self 'n sinvolle aandeel aan die medemenslike wêreldkonstituering wil hê (Van Zyl et al. 1973 : 99).

Die opvoedeling is bereid om voor 'n gesag te buig waarvoor sy opvoeder buig. Aanvaarding van gesag en vryheid moet nie as 'n kousaal-gedetermineerde uitkoms van opvoeding gesien word nie. Die antwoord is in die laaste instansie 'n persoonlike JA of NEE (Van Zyl et al. 1973 : 99).

'n Geloofsbelydenis kan nooit afgedwing word nie. As persoon moet die jeugdige teenoor die Persoon antwoord. "Die egtheid van die antwoord word bevestig of ontken deur die wyse waarop die daaglikse dade getuig van dankbaarheid vir genade in die verlede, vir vertroue in die taak van die hede en geloof in die sin van die openheid en die vryheid van die toekoms as opgawe" (Van Zyl et al. 1973 : 99).

Wanneer daar gepraat word van die religiositiet van die mens word bedoel die blywende hunkering na finale bestendigheid, na absolute rus, na die diepste sekerheid. Die volwasse-wordende reik algaande verby volwassenheid-as-geborgenheid na 'n Hoër mag. Daarom is die jeugdige op hoërskool baie vatbaar vir godsdienstige beïn-

vloeding (Van Vuuren _et al_. 1976 : 106) (_vide_ paragraaf 2.5.10). Dit is duidelik watter ingrypende belang die religieuse aspek van opvoeding is. Die eksistensie van die jeugdige (mens) word ten diepste geraak. Dit is onmoontlik om die jeugdige tot selfstandigheid te lei sonder om aan die religieuse of dan godsdienstige aspek aandag te gee nie (Van Vuuren _et al_. 1976 : 106).

Uit die voorgaande hermeneutiek is dit duidelik dat die opvoedingsdoel, soos die opvoedingsituasie dit vereis, volwassenheid is. Die vraag wat hom nou voordoen, is: Wat word verstaan onder die begrip volwassenheid?

Die Engelse term _adult_ is afgelei van die Latynse woord _adultus_ wat weer saamgestel is uit _adolescere_ wat beteken "om te groei na". Die woord _adolescent_ is van dieselfde woord afgelei en beteken "in 'n rigting groei", "volwasse word" (Van Vuuren _et al_. 1976 : 90).

In Duits word die woord _Erwachsen_ gebruik wat afgelei is van _wahsen_ of _asächs_ (Oudhoogduits) wat in Middelnederlands dikwels as _wasschen_ of _wassen_ gebruik is met die betekenis "uitgroei", "tot wasdom kom" (Van Vuuren _et al_. 1976 : 90).

Volwassenheid word nie meteens bereik nie. Volwassenheid dui ook nie op 'n toestand van rus of stilstand (homeostase) nie. "Ook die volwassene is wordende volwassene; hy bly 'n wandelaar op die lewensweg waarop hy voortdurend antwoord gee op sy bevraagdheid as mens-in-die-wêreld deur die sinvolle volbringing van sy lewens-

taak" (Van Vuuren et al. 1976 : 89). Volwassenheid impliseer, met ander woorde, nie voltooidheid nie. Die mens bly steeds onvoltooidheid, openheid, moontlikheid: omstellingsmoontlikheid vanaf sy geboorte-uur tot by sy sterwensuur (Van Zyl et al. 1973 : 99).

Hierdie wording as volwassene het besondere implikasies vir die godsdienswording van die mens, in besonder die godsdienswording van die jeugdige.

Daar moet verder ook gewaak word teen die mistasting om volwassewording as sinoniem vir liggaamlike ryping te sien. Soms word liggaamlike volwassenheid verhef tot die enigste kriterium vir volwassenheid. Soms word dit gekoppel aan 'n chronologiese leeftyd, naamlik dié van agtien of een-en-twintig jaar (vide ook paragrawe 2.4.1 en 2.4.4.1). Volwassenheid kan egter uit verskillende perspektiewe beskryf word (Van Vuuren et al. 1976 : 90).

Enkele kriteria vir volwassenheid vanuit 'n pedagogiese gesigspunt gaan nou beskryf word en dit gaan dan met enkele Protestantse kriteria vir volwassenheid vergelyk word sonder om die vergelyking te laat lei tot 'n mutabasis eis allo genos op grond van die verskil in lewensterreine.

### 3.4.2 Pedagogiese kriteria vir volwassenheid

Van Vuuren et al. (1976 : 90-94) onderskei sewe pedagogiese kriteria vir volwassenheid. Daar sal telkens terugverwys word na die essensies van opvoeding wat Landman onderskei het (en waarby die

tien essensies wat Van Vuuren onderskei, geïnkorporeer is) om sodoende die verband tussen die essensies en die kriteria aan te dui. Die eerste kriterium wat Van Vuuren onderskei, is deur waardes gelok.

### 3.4.2.1 Deur Waardes gelok

Volwassenheid dui op die ken en verstaan van eie liggaamlike moontlikhede. Dit omsluit aanvaarding van 'n eie temperament, drifte, begaafdhede en belangstelling as moontlikhede wat om verwesenliking roep. Die volwassene word nie deur sy drifte en drange gedryf nie, maar word deur waardes gelok, opgeroep of aangespreek (Van Vuuren et al. 1976 : 90-91) (vide paragrawe 3.3.1.1 (c), (j), (k) en (l)).

Van bevraagdheid bewus is die volgende kriterium wat Van Vuuren onderskei.

### 3.4.2.2 Van bevraagdheid bewus

Die volwassene weet dat hy die bevraagde is wat deur sy bestaanswyse antwoord op sy bevraagdheid. Hy besef dat elke lewensituasie 'n opdrag inhou en dat hy persoonlik verantwoordelik is vir dit wat hy daarvan maak. Die lewe stel eise (bevra) hom en hy moet aan hierdie eise as behoorlikheidseise voldoen om sy persoonlike lewensbestemming te bereik. Selfaanvaarding en

lewensaanvaarding gaan hand aan hand (Van Vuuren _et al_. 1976 : 91) (_vide_ paragrawe 3.3.1.1 (b), (c), (h) en (i)).

Die derde kriterium wat Van Vuuren onderskei, is _sedelike selfbeoordeling_.

### _3.4.2.3 Sedelike selfbeoordeling_

Die mens is volwasse wanneer hy 'n oordeel oor homself kan uitspreek met betrekking tot sy keuses en handelinge. Hy is tot selfdistansiëring in staat en kan daarom sy gedrag korrek evalueer. Hy kan deur selfbetragting bepaal in hoeverre sy eie keuses en handelinge ooreenstem met die waardes en norme wat tot hom spreek uit die lewens- en wêreldbeskouing wat hy onderskryf. Dit is 'n teken van volwassenheid as die mens op verantwoordelike wyse kan kies, trou kan bly aan sy beslissinge en uitvoering kan gee aan sy keuses, en as hy in sy keuses en handelinge gelei word deur 'n rangorde van waardes waarvan hy die gesag erken en gehoorsaam (Van Vuuren _et al_. 1976 : 91) (_vide_ paragrawe 3.3.1.1 (c), (f) en (k)).

Van Vuuren onderskei 'n vierde kriterium, naamlik _waardekeuses_.

### _3.4.2.4 Waardekeuses_

Waardes en norme rig die mens se gedrag. Die volwassene se waarde-oordeel is reeds gevestig en daarom is hy nie so maklik vatbaar vir beïnvloeding nie. Hy staan egter simpatiek teenoor ander se

opvattinge. Hy kan 'n ander se opvattinge krities evalueer aan die hand van vaste beginsels wat vir hom geldend is. 'n Openheid vir nuwe moontlikhede is kenmerkend van volwassenheid. Die volwassene maak gewetensbeslissings vanuit sy lewensopvatting wat hy toenemend verwerf namate hy ouer word (Van Zyl 1975a : 216-217) (vide paragrawe 3.3.1.1 (c) en (j)).

'n Volgende kriterium wat onderskei word, is vryheid tot verantwoordelikheid.

### 3.4.2.5 Vryheid tot verantwoordelikheid

Die volwassene beleef sy vryheid as vryheid met verantwoordelikheid. Hy weet dat die mens gebind word deur behoorlikheidseise vanuit sy lewensopvatting en daarom nie die menswaardigheid van 'n ander mag skend deur onverantwoordelike vryheidsverwesenliking nie (Van Vuuren et al. 1976 : 92-93) (vide paragrawe 3.3.1.1 (a) en (l)).

Die sesde kriterium wat Van Vuuren onderskei, is roepingsbewustheid.

### 3.4.2.6 Roepingsbewustheid

Volwassenheid maak die eis van 'n beroepstaak noodsaaklik. Die volwassene openbaar 'n toegewyde arbeidsgesindheid. 'n Sterk roepingsbesef is 'n grondvoorwaarde vir 'n positiewe toekomsgerigtheid. Die mens is eers werklik volwasse wanneer hy nie net

ter wille van ekonomiese welvaart en eiebelang arbei nie, maar omdat hy weet dat sy arbeid die sin van sy mens-wees mede-bepaal (Van Vuuren et al. 1976 : 93) (vide paragrawe 3.3.1.1 (g) en (i)).

'n Sewende kriterium wat onderskei word, is toerekeningsvatbaarheid.

### 3.4.2.7 Toerekeningsvatbaarheid

Daar kan eers sprake wees van volwassenheid indien die mens deur sy gewete aangespreek word en hy bereid is om verantwoording te doen vir sy dade, hetsy dit lofwaardig of afkeurenswaardig is (Van Vuuren et al. 1976 : 93-94) (vide paragraaf 3.3.1.1 (l)).

Hierbenewens onderskei Barnard (1981 : 33) nog twee kriteria, naamlik: gerigtheid op 'n lewensdoel en 'n meer geslote waarde-oordeel.

Gerigtheid op 'n lewensdoel is die agste kriterium wat onderskei word.

### 3.4.2.8 Gerigtheid op 'n lewensdoel

Volgens Barnard (1981 : 33) is die volwasse mens se lewe gerig op 'n lewensdoel. Hy het dan reeds afstand gedoen of gebruik gemaak van sekere moontlikhede wat die lewe hom bied. Die volwassewordende is egter nog soekende na vastigheid; "sy lewe is baie

minder aan 'n vaste patroon of lewensdoel georiënteer" (vide paragrawe 3.3.1.1 (g), (h) en (i)).

Die laaste kriterium waarby daar stilgestaan word, is 'n meer geslote waarde-oordeel.

### 3.4.2.9 'n Meer geslote waarde-oordeel

As gevolg van 'n meer geslote waarde-oordeel is die volwassene nie so vatbaar vir negatiewe beïnvloeding nie. Hy kan ander se opvattinge krities toets en dit aan die hand van vaste beginsels beoordeel. Die volwassene het egter nie sy openheid vir nuwe moontlikhede verloor nie, maar sy gedrag is meer konstant en voorspelbaar.

Dit dan enkele kriteria vir volwassenheid vanuit 'n pedagogiese perspektief. Vervolgens sal daar stilgestaan word by kriteria vir volwassenheid vanuit 'n godsdienstige perspektief, spesifiek dan 'n Protestants-Christelike perspektief (vide paragraaf 3.3.1.1 (c)).

## 3.4.3 Kriteria vir volwassenheid vanuit 'n godsdienstige perspektief

### 3.4.3.1 Inleiding

Volgens Waterink (1951 : 555) is "De godsdienstige opvoeding ...

de grondslag, het principe voor, het hoogtepunt in, en het eindpunt van alle opvoeding."

**Die raakpunt tussen godsdienstige steungewing en opvoeding is die feit dat albei gerig is op die volwassewording van die jeugdige wat sy karaktervorming en gewetensvorming inhou sodat hy self op verantwoordbare wyse verantwoordelikheid sal aanvaar.** Die betrokke jeugopvoeder se eie wyse van lewe behoort die sinvolheid van die partikuliere geloofsinhoude in sy lewe aan die jeugdige te vertoon (Landman et al. 1975 : 70). So sal die Christen partikuliere geloofsinhoude aan sy jeugdige vertoon. Wie of wat onder Christenwees verstaan word, is van belang vir hierdie monografie.

Waterink (1961 : 53-54) verklaar die betekenis van "Christen"-wees soos volg: Iemand wat deur God se genade die wedergeboorte en bekering deelagtig geword het; iemand wat aan God behoort en wat lid is van die waaragtige kerk van Jesus Christus. So 'n persoon hoef nie eers lid te wees van een of ander offisiële kerk nie. So 'n persoon sal sy kinders opvoed volgens Bybelse voorskrifte, in liefde en geloof, en hulle vertel dat die genade en die geloof God se gawes is. Verder sal hy sy kinders vertel dat dit hulle roeping is om te bid vir God se genade. Hy sal die heilsgeskiedenis aan sy kinders bekend maak. Onmiddellik is die verband tussen geloof en opvoeding duidelik. Uit Psalm 78:1-8 is die verband tussen opvoedingsgehoorsaamheid en 'n lewe vanuit en volgens die Verbond baie duidelik. By godsdienstige steungewing word, met ander woorde, besondere inhoude aan die jeugdige onderrig.

Dit is onmiddellik duidelik dat die kriteria verskillend bewoord word vanuit die partikuliere lewens- en wêreldbeskoung wat deur die opvoeder onderskryf word. Wat die onderhawige studie betref sal daar in meer besonderhede gelet word op die Protestants-Christelike kriteria vir volwassenheid.

### 3.4.3.2 Godsdienstige steungewing deur Protestants-Christelike kinderbegeleiers

Aangesien dit gaan om steungewing aan die verbondskind spreek dit dus vanself dat slegs die partikuliere inhoude as die besondere van die Protestants-Christelike lewensopvatting, soos gegrond in die Heilige Skrif en die Formuliere van Eenheid (vide paragraaf 2.2), aan die verbondskind onderrig behoort te word. Dit gaan hier dus nie net om die algemene religiositeit van die jeugdige as mens en allerlei ander nie-Christelike godsdienstige inhoude nie, maar wel om die onderrig in die besondere inhoude van die Protestants-Christelike godsdiens (Landman et al. 1975 : 68-69). Volgens Nel (1968a : 5) kan die jeugdige as verbondskind nie behoorlike Christelike volwassenheid verwerklik nie as hy nie deur die volwassene gesteun word en deur hom in die Protestants-Christelike geloofsinhoude onderrig word nie. Die opvoeder wat uit eie vrye wil besluit om die verbondskind godsdienstig te steun in sy opwegwees na behoorlike Christelike volwassenheid moet eers daardie inhoude vir homself toe-eien en in sy eie lewe verwerklik ten einde dit vir die verbondskind te vertolk en voor te lewe (Landman et al. 1975 : 69).

Die doel met godsdienstige steungewing aan die verbondskind is om hom so te onderrig en te lei dat hy uiteindelik op eie verantwoordelikheid in die teenwoordigheid van die gemeente sy geloof sal bely en daarvolgens te lewe as 'n ware en getroue Christen. Die verbondskind moet, met ander woorde, sy volwassewording tot Christelike volwassenheid as sinvol beleef vir die wording van sy persoon-in-totaliteit (Landman et al. 1975 : 69-70).

Volgens Waterink (1951 : 557-559) is die mensdom vanweë die sonde "gevallen kinderen van God" en is godsdiensopvoeding daarop gerig om die jeugdige van Jesus te vertel en te lei om te kom tot die besef dat sy lewe bedreig word deur die mensdom se afval van God.

Om tot God se eer, tot eie heil en geluk te leef, is dit, volgens Waterink (1951 : 559-560), nodig om deur gemeenskap met Christus die dreigende ondergang te oorwin. Dit gaan in godsdiensopvoeding om die volle herstel van "de mens-in-beginsel". Dit gaan, met ander woorde, nie net om sondevergiffenis nie, maar ook om die praktyk: om te leef as profeet, priester en koning (vide paragraaf 2.5.8). Volgens Landman et al. (1975 : 71-72) word behoorlike Protestants-Christelike volwassenheid nie ten volle bereik met belydenisaflegging nie, want die verbondskind is in sy menswees as Christen steeds oop vir die toekoms. "Sy Christelike volwassenheid bly steeds 'n Christelike volwassewording, 'n heiligmaking wat altyd nagestreef en nagejaag moet word (Hebreërs 12:14). Soos Timotheüs word elke verbondsmens opgeroep om sy lewe lank te vlug vir begeerlikhede en om daarteenoor geregtigheid, geloof, liefde en vrede na te jaag saam met diegene wat die Here uit 'n rein hart

aanroep (Filippense 1:23), want ook Paulus bely aan die einde van sy lewe dat hy nie volmaak is nie, maar dat hy steeds die doel najaag (Filippense 3:12,14)".

Die doel van godsdiensopvoeding is, volgens Waterink (1951 : 561), om die jeugdige te leer om sy plek in te neem daar waar God hom gestel het, in al die lewensverbande waarin hy staan/gaan staan. Hy moet daar "zijn God kan dienen naar Zijn wil, overeenkomstig Zijn Woord, in gemeenschap met Christus en geleid door de Heilige Geest." Die jeugdige moet opgevoed word om 'n geskikte instrument van God te wees.

Daar sal vervolgens stilgestaan word by enkele kriteria, spesifiek Protestansts-Christelike kriteria vir geestelike volwassenheid soos onderskei deur Landman <u>et al</u>. (1971 : 145-149).

### <u>3.4.3.3 Protestants-Christelike kriteria vir geestelike volwassenheid</u>

Landman <u>et al</u>. (1971 : 145-149) onderskei ses aspekte van geestelike volwassenheid. Die eerste is volwassenheid as kindskap.

#### <u>(a) Volwassenheid as Kindskap</u>

Deur ware kennis, liefde en diens aan God, wat gaan om die eer van Sy naam en die uitbreiding van Sy koninkryk, word die jeugdige van ouers uiteindelik 'n volwassene, 'n kind van God (Landman <u>et al</u>. 1971 : 146). Geestelike volwassenheid dui, volgens Landman, op die

bewuswording van die besondere verhouding tussen God en die mens soos dit deur die Protestantse-Christen verstaan en omskryf word. Hierdie volwassenheid is egter onvoltooibaar.

(b) Die onvoltooibaarheid van volwassenheid

Godsdienstige volwassenheid word nie op een of ander stadium bereik nie, maar dui op die geleentheid om in die lig van Skriftuurlike gesag die wêreld op 'n behoorlike wyse bewoonbaar te maak tot 'n wêreld vir hom (Landman et al. 1971 : 146).

Kindskap impliseer 'n altyd meer-wordende volwassenheid in die mate waarin die Christen voortdurend aan die verwerkliking van sy heiligmaking bou (onder die leiding van die Heilige Gees). Dit gaan om die omskepping van die wanverhouding tussen mens en God (as gevolg van die sondeval) tot onderdanigheid aan God (Landman et al. 1971 : 146) (eie invoeging). Werklike onderdanigheid aan God dui op geestelike mondigheid.

(c) Volwassenheid as mondigheid

As bevraagde deur God gee die mens in sy alledaagse handel en wandel voortdurend antwoord - "antwoord" is die grondkomponent van "ver-antwoord-likheid". As mondige sou die volwassene met verantwoordelikheid antwoord op sy bevraagdheid. Die opneem van verantwoordelikheid tree nie by almal op dieselfde ouderdom na vore nie (Landman et al. 1971 : 147).

Volwassenheid as volkome mondigheid, as totale verantwoordelikheid is, na die skrywer se mening, weens die onvolmaaktheid van die mens nie volkome bereikbaar voor die wederkoms van Christus nie. Die volgende kriterium wat onderskei word, is volwassenheid as vryheid tot verantwoordelikheid.

(d) Volwassenheid as vryheid tot verantwoordelikheid

Die volwassene is vry van drifgedrewenheid en vry tot verantwoordelikheid (Frankl se gedagtegang) waar verantwoordelikheid dui op verantwoording doen: hier op aarde en teenoor God die Vader want die volwassene is toerekenbaar vir sy dade (Landman et al. 1971 : 147).

Na die skrywer se mening is volkome vrywees van drifgedrewenheid ook eers bereikbaar na die wederkoms van Christus.

Die volgende kriterium waarby daar stilgestaan word, is die volwassene se gevestigde woonruimte.

(e) Die volwassene se gevestigde woonruimte

Die sin van die lewe word verwerklik deur die mens se verwerking en verowering van God se handewerk waaroor Hy hom aangestel het. So stig die mens vir hom 'n woonruimte. Die volwassene soek nie meer na die hoogswaardevolle nie. Hy het dit alreeds as geestelike besit. Hierdie woonruimte van die volwassene spreek van 'n

besondere vastigheid, omdat dit wat teen die Christelike norm gaan, vermy word (Landman et al. 1971 : 148).

Om dit wat teen die Christelike norm indruis te vermy vra selfstandigheid. Daar word vervolgens stilgestaan by selfstandigheid as wyse van volwassene-bestaan.

(f) Selfstandigheid as wyse van volwassene-bestaan

Selfstandigheid impliseer 'n self-staan, met ander woorde, die verowering en inruim van 'n eie staanplek. "So dui selfstandigheid op 'n selfstellingname en 'n trou bly aan die uiterste gevolge van eie besluitvorming as handeling. Aan selfstandigheid as keerkant van geestelike volwassenheid word op sy suiwerste uitdrukking gegee in die beroepsarbeid wat met vreugde en ywer en onder 'n besef van besondere bevoorregting (Paradysopdrag) volvoer moet word" (Landman et al. 1971 : 149).

Absolute selfstandigheid is nie bereikbaar nie, want dan sou God nie meer nodig wees nie. Die Protestantse Christen glo in die hiernamaals: 'n lewe na die dood (vide paragraaf 2.5.9).

Daar sal vervolgens 'n vergelyking getref word met betrekking tot die pedagogiese kriteria vir volwassenheid en die kriteria vir volwassenheid vanuit Protestants-Christelike perspektief.

### 3.4.4 'n Vergelyking van die pedagogiese kriteria vir volwassenheid met die kriteria vir volwassenheid vanuit 'n Protestants-Christelike perspektief

"Van bevraagdheid bewus" is 'n pedagogiese kriterium vir volwassenheid wat verband hou met die kriterium vir geestelike volwassenheid, naamlik "volwassenheid as mondigheid." By albei is daar sprake van bevraagdheid, van aanvaarding van verantwoordelikheid, van eise wat gestel word en die voldoening aan behoorlikheidseise. Die verskil is daarin geleë dat wanneer daar oor volwassenheid vanuit 'n Protestants-Christelike perspektief gepraat word die behoorlikheidseise in die lig van die Bybel omskryf word, terwyl pedagogiese kriteria nie partikulier is nie. "Vryheid tot verantwoordelikheid" word vanuit albei perspektiewe as kriterium onderskei. Vanuit die partikuliere lewensopvatting van die Christen-Protestant is die mens, in besonder die gelowige, aan die God van die Bybel verantwoording verskuldig en teenoor God toerekeningsvatbaar. Van Vuuren het die kriterium "toerekeningsvatbaarheid" onderskei van die kriterium "vryheid tot verantwoordelikheid", terwyl Landman die twee saamgevoeg het. Van Vuuren dui nie aan teenoor wie die mens verantwoording moet doen vir sy dade nie wanneer hy die kriterium "toerekeningsvatbaarheid" bespreek (<u>vide</u> paragraaf 3.4.2.7).

Die kriteria "deur waardes gelok" en "waardekeuses" wat deur Van Vuuren as pedagogise kriteria onderskei is, het te make met 'n bepaalde waarde-oordeel gepaard met 'n bepaalde rangorde van

waardes, maar die rangorde word nie verder omskryf nie. Landman het vanuit die Protestants-Christelike perspektief "volwassenheid as gevestigde woonruimte" as kriterium onderskei, omdat die Christelike volwasse mens nie meer soek na die hoogswaardevolle nie, maar dit reeds as geestelike besit het. Hy het, met ander woorde, in 'n groot mate reeds 'n rangorde van waardes geaktualiseer. Die kriterium "volwassenheid as kindskap" spreek hier ook mee, omdat geestelike volwassenheid, volgens Landman, dui op diens en eer aan God wat slegs moontlik is indien die volwassene se rangorde van waardes aan God die hoogste gesag toeken en hy homself as kind van God beleef.

Van Vuuren onderskei nog twee pedagogiese kriteria vir volwassenheid, naamlik "sedelike selfbeoordeling" en "roepingsbewustheid" wat dui op die beoordeling van eie keuses en handelinge in ooreenstemming met bepaalde waardes en norme (soos bepaal vanuit 'n bepaalde lewensopvatting) en die uitoefening van verantwoordelike keuses dienooreenkomstig. Hiermee saam gaan 'n toegewyde arbeidsgesindheid as gevolg van 'n sterk roepingsbewustheid. Van Vuuren wys daarop dat die mens eers werklik volwasse is wanneer hy arbei, omdat hy weet dat sy arbeid die sin van sy mens-wees bepaal. Landman onderskei weer "selfstandigheid as wyse van volwassene-bestaan" wat selfstellingname ofte wel selfbeoordeling en getrouheid aan bepaalde besluite wat geneem is, op grond van bepaalde waardes en norme, omsluit. Volgens Landman is die keerkant van selfstandigheid beroepsvreugde omdat die mens dankbaar besig is om die

paradysopdrag, naamlik om die aarde te bewoon en te bewaak, tot uitvoer bring, en wel tot eer van God.

Landman onderskei ook 'n laaste kriterium vir geestelike volwassenheid vanuit 'n Protestants-Christelike perspektief, naamlik, "die onvoltooibaarheid van volwassenheid", omdat die Christen voortdurend besig is met die verwerkliking van sy heiligmaking onder die leiding van die Heilige Gees, maar eers volmaaktheid sal bereik in die hiernamaals (vide paragraaf 2.5.9).

Hoewel die benoeming en beskrywing van die kriteria vir volwassenheid nie ooreenstem nie, wil dit tog voorkom of hul wel ooreenkomte toon.

Indien die Afrikaanse Christen-Studentevereniging die sewe kriteria wat Landman onderskei wel realiseer (in 'n mindere of meerdere mate), kan daar gekonstateer word dat dit wel aan die eis van die pedagogiese kriteria vir volwassenheid voldoen, maar dan vanuit 'n bepaalde perspektief, gewortel in die Protestants-Christelike lewens- en werklikheidsbeskouing (vide paragraaf 6.4).

Voordat daar oorgegaan word tot 'n beskrywing van die opvoedingsmoveerders betrokke by die godsdiensopvoeding van die jeugdige, wil die skrywer die implikasies van C.K. Oberholzer se uitsprake vir godsdiensopvoeding beskryf ter aanvulling van die voorafgaande, maar veral omdat dit die kern van godsdiensopvoeding belig.

**3.4.5 Die implikasies van C.K. Oberholzer se uitsprake in sake godsdiensopvoeding**

C.K. Oberholzer (1968 : 179-189) onderskei vier kategorieë wat bepalend is vir godsdiensopvoeding en waarvan die wetenskapper die relevansie vir religiositeit wil onderstreep, naamlik:

i) "Die mens leef uit vertroue."

ii) "Die mens lewe uit sy sin vir waardes."

iii) "Die mens lewe uit sy wil."

iv) "Die mens lewe uit sy verstand."

<u>3.4.5.1 Toepassing van hierdie kategorieë op geloof ooreenkomstig Christelike beginsels</u>

Geloof het 'n twee-ledige grondslag, naamlik: Geloof is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop wat betrekking het op **"lewe uit vertroue"** en 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie wat weer betrekking het op **"lewe uit verstand"** (Hebreërs 11:1).

<u>3.4.5.2 Via Medius na Saligheid</u>

<u>(a) Deur die nakoming van die Wet</u>

Hierdie is hoofsaaklik 'n Ou Testamentiese kriterium.

Volgens Deuteronium 31:11,12 "... moet julle hierdie wet lees in die teenwoordigheid van die hele Israel waar hulle dit kan hoor

... sodat hulle kan leef volgens alles wat in hierdie wet staan" (die gelowige kies om die wet na te kom, met ander woorde, hy **"lewe uit sy wil"** en dit is die wet wat die gelowige se **"sin vir waardes"** bepaal) (eie invoeging).

<u>(b) Deur Geloof</u>

Hierdie is hoofsaaklik 'n Nuwe Testamentiese kriterium.

Romeine 5:1 "God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus" (<u>vide</u> ook Romeine 3:28; 9:39; 10:6; Galasiërs 2:16; 3:24).

Die verband tussen geloof en die wet word in Romeine 3:31 aangedui: "Hef ons dan deur die geloof die wet op? Beslis nie. Ons laat die wet juis tot sy reg kom."

<u>(c) Uit Genade</u>

Paulus skryf aan die Efesiërs 2:8 "Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God" (Efesiërs 2:8).

### 3.4.6 Samevatting

"Die doel van opvoeding is om die jeugdige te help om dit wat hy met die leiding van volwassenes gedoen het, uiteindelik

selfstandig en op eie verantwoordelikheid te doen. Dit beteken dat die doel van die opvoeding die verwerwing van behoorlike volwassenheid deur die kind is" (Landman 1974 : 26).

Indien die opvoedingshulp slaag, sal die jeugdige as volwassene 'n sinvolle bestaanswyse voer; kom tot selfbeoordeling en selfbegrip; menswaardig lewe deur besondere waardes in sy lewe te verwerklik (die mens lewe uit sy sin vir waardes); sedelik-selfstandige besluite en handelinge neem en uitvoer (die mens lewe uit sy wil); verantwoordelikheid aanvaar vir die verwerkliking van behoorlikheidseise; kom tot normidentifikasie en dit in vryheid gehoorsaam; 'n besondere lewensopvatting uitleef. Die doel van die opvoeding is dan om die opvoedingshulp in die lig van 'n bepaalde lewens- en werklikheidsbeskouing te laat slaag (Landman 1974 : 27-28).

Daar word voorlopig aanvaar dat die ouerhuis, kerk en skool (waarby inbegrepe is die Afrikaanse Christen-Studentevereniging) as godsdiensmoveerders elk 'n eie taak het ten opsigte van die begeleiding van die jeugdige tot 'n eie Christelike lewensopvatting, 'n eie lewens- en werklikheidsbeskouing.

## 3.5 GODSDIENSMOVEERDERS

### 3.5.1 Inleiding

"Die vraag wat voor oë gehou moet word, is: Wat is die voorwaardes vir egte steungewing aan 'n jeugdige in sy opwegwees na behoorlike volwassenheid? Daar moet dus gevra word na die moontlik-

heidsvoorwaardes vir opvoeding tydens godsdienstige steungewing" (Landman et al. 1975 : 65).

Landman (1974 : 22-25) onderskei sewe voorwaardes vir opvoeding, naamlik vertroue, gesag, begryping, omgang, ontmoeting, opneem van bemoeienis-verantwoordelikheid en terugkeer na omgang. Hierdie voorwaardes wat Landman onderskei, is in werlikheid 'n omskrywing van enkele essensies betreffende die verhouding begeleier-begeleide, te wete die pedagogiese verhoudingstruktuur, naamlik begryping (ken), vertroue en gesag, asook aspekte van die pedagogiese verloopstruktuur as voorwaardes vir die ontstaan en verloop van opvoedingsverhoudinge, te wete omgang, ontmoeting, pedagogiese bemoeienis (opneem van bemoeienis-verantwoordelikheid) en terugkeer na omgang. Daar is mettertyd nog twee aspekte/stadia in die verloopstruktuur onderskei/geïdentifiseer, naamlik engagement as voorwaarde vir opneem-van-bemoeienis en periodieke verlating as laaste stadium.

Daar sal eerstens stilgestaan word by die pedagogiese verhoudingstruktuur en daarna by die pedagogiese verloopstruktuur.

### 3.5.2 Die pedagogiese verhoudingstruktuur

By 'n noukeurige deurskouing van die opvoedingsverhouding word dit gou duidelik dat dit nie 'n enkelvoudige saak is nie, maar dat die opvoedingsverhouding eerder as 'n konstellasie van verhoudinge beskryf kan word. Die verhoudingstruktuur bestaan uit 'n aantal gelykblywende verhoudings waarsonder die opvoedingsverhouding sal

ophou bestaan. Die drie essensiële fasette wat gewoonlik onder die omvattende benaming pedagogiese verhoudingstruktuur gegroepeer word, is die kenverhouding (ook begrypingsverhouding genoem), die vertrouensverhouding en die gesagsverhouding (Van Vuuren et al. 1976 : 78).

Die eerste faset waarby daar stilgestaan word, is die **begrypingsverhouding.**

### 3.5.2.1 Die begrypingsverhouding

Vir die konstituering van die opvoedingsverhouding behoort die opvoeder kennis te dra van die *wese* van die jeugdige en van sy *bestemming*. Dit beteken dat die opvoeder die jeugdige in sy totaliteit behoort te ken soos wat hy werklik-essensieël is en hy moet ook voortdurend voor oë hou waarheen hy met die jeugdige op pad is (Van Vuuren et al. 1976 : 79). Volgens Landman et al. (1971 : 63) verg steungewing nie net 'n grondige kennis nie, maar ook so volledig moontlike kennis van die jeugdige.

Ook die jeugdige betree die kenrelasie met 'n bepaalde funksionele kennis van opvoederskap. Hy besit 'n intuïtiewe kennis met betrekking tot sy eie bestemming wat in die onbekende, verborge toekoms lê en juis daarom aanvaar hy die opvoeder as begrypende (kennende) medeganger op die onsekere lewensweg. Die jeugdige is daarvan bewus dat die opvoeder as kenner van sowel jeugdige-wees as volwassenewees, die beeld, met ander woorde, die voor*beeld* van

wat die jeugdige behoort te ken, verteenwoordig (Van Vuuren et al. 1976 : 80).

Die jeugdige kan nie homself en die ingewikkelde lewenswerklikheid leer ken nie, indien hy nie die weg tot so 'n verkenning aangewys word deur opvoederlike steungewing nie. Met opvoederlike hulp sal die ingewikkelde lewenswerklikheid (ook die multi-kulturaliteit van die samelewing), ook in die nuwe Suid-Afrika, vir die jeugdige kenbaar en begrypbaar word. Kennis van die werklikheid is 'n voorvereiste vir werklikheidsordening en **sintoekenning** (singewing) (Van Vuuren et al. 1976 : 80) (eie invoeging).

Hierdie **sintoekenning** (betekenis gee aan die werklikheid) moet deur die jeugdige self op eie verantwoordelikheid voltrek word sodat die werklikheid 'n vertroude, betekenisvolle werklikheid word waarin die jeugdige met vertroue kan eksisteer. Die werklikheid moet vir die jeugige verhelder word sodat hy dit kan ken. As kenner van die gekompliseerde lewenswerklikheid moet die volwassene (opvoeder) die jeugdige laat begryp dat dit vir sy volwassewording wesensnoodwendig is om self ook die werklikheid en sy plek daarin te ken (ook met betrekking tot die religieuse).

Wanneer die jeugdige die geldende waardes en norme leer ken (soos vergestalt vanuit 'n bepaalde lewensopvatting), word hulle bakens op sy lewenspad wat vir hom die regte koers aandui. Dit plaas 'n groot verantwoordelikheid op die opvoeder, want die keuse van waardes is nie 'n willekeurige aangeleentheid nie (Van Vuuren et al. 1976 : 80) (eie invoeging).

Die begrypingsverhouding het as een van sy betekenisvolste uitkomste die begryping van behoorlikheidseise wat vir die Christen-opvoeder die Christelike behoorlikheidseise is. Die verwerwing van egte begryping (wysheid) is 'n opdrag: "Verkry wysheid, verkry insig; vergeet nie en wyk nie af van die woorde van my mond nie; verlaat dit nie, dan sal dit jou bewaar; kry dit lief, dan sal dit jou bewaak" (Spreuke 4:5-6). Kolossense 1:9-10 stel dit so: "kennis van Sy wil in alle wysheid en geestelike insig sodat julle waardiglik voor die Here mag wandel ... en in die kennis van God mag groei." Volgens Job 28:28 kan die goedkeurenswaardige weg bewandel word deur 'n wegbeweging van die kwade, want "Kyk die vrees van die Here is wysheid; en om van die kwaad af te wyk, is verstand" (Landman 1974 : 78).

Dit is nodig dat die opvoeder die jeugdige en sy moontlikhede sowel as die aard van sy opwegwees na behoorlike volwassenheid sal ken en begryp. Hy moet benewens die inhoude wat hy wil onderrig, ook die jeugdige as mens ken en begryp sodat hy met elke opvoedingsmoment kan weet hoe en hoever die jeugdige gevorder het, hoe en waarom hy moet ingryp, hoe hy, as volwassene, opvoedingsbemoeienis met die jeugdige moet maak, sonder om die opvoedingsvertroue en opvoedingsgesag, waarby die skrywer hierna wil stilstaan, te benadeel (Landman <u>et al</u>. 1975 : 68).

Die opvoeder moet weet tot watter mate 'n jeugdige verantwoordelikheid kan aanvaar. Die jeugdige, weer, moet toeneem in kennis van wat die opvoeder aan hom voorlewe en hoekom. "Die opvoeder moet die jeugdige en sy bestemming ken en die jeugdige

moet dit waarvoor die opvoeder staan in 'n toenemende mate ken. Daar moet dus tussen opvoeder en jeugdige 'n **pedagogiese kenverhouding** bestaan (opvoedingsbegryping) (Landman 1974 : 24).

In die praktyk sal die Protestantse Christen-opvoeder bepaalde norme voorlewe wat hy sou wou dat die jeugdige leer ken. Veral die eskatologiese verwagting (vide paragraaf 2.9.5) sou by die Protestantse Christen-opvoeder 'n besondere beklemtoning verkry. Verder impliseer hierdie **kenverhouding** dat die opvoeder die jeugdige se bepaalde gesitueerdheid en wordingservaringe sou ken en begrip daarvoor openbaar en daarom empatie sou hê met die jeugdige (vide paragraaf 3.2).

Bogenoemde sintoekenning het vir die onderhawige studie besondere betekenis, aangesien daar in hierdie studie tydens die evaluering van die werksaamhede van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging ook gepoog sal word om sinsoeke as die gemeenskaplike noemer in 'n multi-kulturele samelewing aan te dui as rigtingaanduider vir opvoeding tot volwassenheid. Die vraag wat ontstaan, is: Kan sinsoeke as 'n gemeenskaplike noemer figureer indien die waardes en norme wat as gemeenskaplike waardes en norme aangedui word, vanuit 'n bepaalde lewensopvatting partikulier bepaal word, met ander woorde, verskillend geïnterpreteer (sal) word? (vide paragraaf 6.14.6).

Die tweede faset waarby die skrywer wil stilstaan met betrekking tot die opvoedingsverhoudingstruktuur is die **vertrouensverhouding**.

<u>3.5.2.2 Die vertrouensverhouding</u>

Die jeugdige is steeds onderweg na volwassenheid en is nog besig met ontdekkingswerk in 'n ope wêreld. Hierdie uitgaan van die jeugdige is geen lukrake, sorgelose eksplorasie nie, aangesien hy hom nog telkens in vreemde en bedreigende situasies mag bevind en dan moet hy die vertroue besit om dit met die onbekende te waag. Binne die veilige ruimte van die pedagogiese ontmoeting staan volwasse en volwassewordende in 'n besondere vertrouensverhouding. Indien die liefdevolle ontmoetingsruimte ontbreek, het die jeugdige geen vastrapplek nie en ontbreek dit hom dikwels aan die moed en vertroue om die wêreld te verken en geleidelik te omskep in 'n vertroude en geborge wêreld. Vertroue is, met ander woorde, 'n kenmerkende grondstemming van die jeugdige wyse van in-die-wêreld-wees. Dit is duidelik dat dit die steunbehoewendheid van die kind/jeugdige is wat die vertrouensverhouding in aansyn roep (Van Vuuren <u>et al</u>. 1976 : 85).

Wanneer 'n volwassene en 'n jeugdige bymekaar is in 'n situasie waarin dit om steungewing in die algemeen en om godsdienstige steungewing in die besonder gaan, is dit noodsaaklik dat daar wedersydse vertroue sal wees. Hierdie vertrouensverhouding moet oorgaan in 'n meer intieme verhouding sodat die jeugdige kan ondervind dat die opvoeder vir hom toeganklik is. Vanweë hierdie opvoedingsontmoeting waarin die jeugdige belewe dat dit om sy toekoms gaan, is hy gewillig om hom te laat reghelp. Deur hierdie

ingryping leer die jeugdige om verantwoordelikheid vir sy dade te aanvaar tesame met die opvoeder (Landman et al. 1975 : 67).

"Die kind moet vertrou dat die opvoeder hom kan help met die dra van verantwoordelikheid, met die inspanning wat nodig is om groot te word, met sy nalewing van die behoorlike, met sy waag die toekoms in, met sy dankbare belewing van geborgenheid, met sy hoop op die toekoms, met sy ontwerp van sy moontlikhede, met sy selfbegryping en met die vervulling van sy bestemming" (Landman 1974 : 22) (vide paragraaf 2.5.9).

Die opvoeder moet ook vertroue in die jeugdige openbaar. Hy moet vertrou dat die jeugdige sy begeleiding sal aanvaar en sy voorlewing van die behoorlikheidseise in 'n toenemende mate vir homself sal toe-eien. "Anders gestel: tussen die opvoeder en die jeugdige moet daar 'n **pedagogiese vertrouensverhouding** wees" (Landman 1974 : 22-23).

Opvoeders en jeugdiges staan in 'n vertrouensverhouding tot mekaar, maar hierdie vertrouensverhouding word vir die Christen-opvoeder gedra deur 'n gesamentelike vertroue in God: "... want die Here sal jou vertroue wees ..." (Spreuke 3:26) en "Want so sê die Here Here, die Heilige van Israel: In terugkeer en rus lê julle heil, in stil-wees en vertroue bestaan julle krag" (Jesaja 30:15) (Landman 1974 : 71).

As die vertrouensverhouding van nader beskou word, blyk dit dat die vertrouensverhouding deur enkele momente mede-gekonstitueer

word, naamlik vertroue, aanvaarding, verwagting en toevertroue (Van Vuuren et al. 1976 : 85-86).

Die oorspronklikste en suiwerste vorm waarin die opvoedingsfenomeen in die leefwêreld verskyn, word in die moeder en vader-kind-verhouding aangetref. Op grond van *vertroue* in mekaar word 'n kind verwek en *vertrou* die ouers dat hul verwagtinge met betrekking tot die kind nie in duie sal stort nie (Van Vuuren et al. 1976 : 85).

Deur die lyflike teenwoordigheid van die ouer(s) wat die kind *aanvaar*, word die kind in 'n menslik gekonstitueerde wêreld ingedra. Aanvaarding is nie 'n bewuste, rasionele, beplande handeling nie. Die opvoeder ontmoet die kind/jeugdige in die gesindheid van liefde op grond van 'n natuurlike, spontane toegeneentheid (Van Vuuren et al. 1976 : 85-86).

Volgens Van Vuuren et al. (1976 : 86) kom aanvaarding nie tot openbaring alvorens geloof, hoop en liefde dit gemotiveer het nie. Die opvoeder aanvaar in nederigheid dat dit hom beskore is om 'n nie-volwassene aan die hand te neem en so te lei dat laasgenoemde sy eie volwassewording as opgawe kan aanvaar. Aan die ander kant aanvaar die opvoedeling die leiding van die volwasse opvoeder vanweë sy natuurlike hulpbehoewendheid en sy begeerte om self iemand te wil word. Wedersydse aanvaarding kan nie genoeg beklemtoon word nie.

Indien hierdie wedersydse aanvaarding nie realiseer nie, kan daar nie sprake wees van *verwagting* nie. As daar nie verwagting is nie,

vervaag die hoop op 'n sinvolle toekoms (Van Vuuren et al. 1976 : 86).

"Om aanvaarde te wees, beteken immers om as mens by menswording betrek te word as ontmoetende en ontmoetwordende persoon wat elke oomblik in die verwagting lewe om *ontmoet* en vergesel te word. Om aanvaarde te wees, is een van die grondstrukture van menswees. Ondersoeke in die jongste tyd het aan die lig gebring dat daar 'n duidelik aanwysbare verband is tussen ernstige gedragsafwyking by kinders en verwerping van die kant van ouers, onderwysers of die portuurgroep" (Van Vuuren et al. 1976 : 86).

Waar daar wedersydse aanvaarding is, kan onderlinge vertroue en dialoog gedy.

Wanneer die jeugdige sekerheid beleef met betrekking tot aanvaarding as iemand/mens met waardigheid, skep hy as aanvaarde jeugdige by die aanvarende volwassene 'n gevoel van voldoening omdat hy homself aan die volwassene toevertrou. "Hierdie vertroue hef die opvoeder op en besiel hom op 'n besondere wyse vir sy so belangrike opvoedingstaak" (Van Vuuren et al. 1976 : 86-87).

"Die wedersydsheid van die vertrouensverhouding openbaar hom dus in *toevertroue*. Die kind vertrou sy toekoms, sy ganse eksistensie aan die opvoeder toe. Maar ook die opvoeder, indien hy waarlik 'n vertrouensverhouding wil voltrek, moet hom aan die kind toevertrou. In die eerste plek doen hy dit deur sy lewe as 'n voorbeeld aan die opvoedeling toe te vertrou. Deur egter ook mettertyd al meer en meer verantwoordelikhede aan die opvoedeling

oor te dra, wys hy dat (hy) die kind sodanig vertrou dat hy belangrike besluite aan hom oorlaat" (Van Vuuren et al. 1976 : 87) (eie invoeging).

"As die kind homself in vertroue aan die opvoeder skenk, moet hy nie slegs aanvaar word soos hy *is* nie, dog ook wat hy wil, moet en *behoort* te wees. Die kind word dus nie op 'n koue, onsimpatieke wyse betrag nie, maar op 'n liefdevolle wyse as medemens be-ag" (Van Vuuren et al. 1976 : 87).

Die derde faset van die pedagogiese verhoudingstruktuur waarby stilgestaan gaan word, is die **gesagsverhouding.**

### 3.5.2.3 Die gesagsverhouding

In die jeugdige se onvoltooidheid lê die moontlikheid tot gestaltegewing van die menslike of die ontaarding daarvan. Die jeugdige kan homself vernietig as daar geen opsetlike ingrypende bemoeienis van buite plaasvind om hom te beskerm nie (Van Vuuren et al. 1976 : 81).

Wanneer iemand hom laat voorskryf met betrekking tot wat hom te doen staan, dan word daar gesê dat hy hom "laat gesê". Die begrip "gesag" hou verband met die woord *gesê* of *sê*. Auctoritas (authority) hou verband met die werkwoord augere wat onder andere kan beteken "hulp verleen". As naamwoord word dit in 'n wye betekenisspektrum aangetref, byvoorbeeld voorligting, aanmoediging, inskerping en beveiliging. Die gesagsverhouding is

in die gesagsaanvaarding van die jeugdige vanweë sy steunbehoewendheid gewortel. Vanuit hierdie linguistiese analise is dit duidelik dat pedagogiese gesag 'n besondere dimensie verkry en nie goedskiks met dwang, straf en onderdrukking gelyk gestel moet word nie (Van Vuuren et al. 1976 : 81). Hulpverlening tot behoorlike volwassewording kan as die vernaamste komponent van die gesagsverhouding omskryf word.

Die Christen-opvoeder weet dat die opvoedingsgesag waaroor hy beskik verleende gesag is en daarom is dit noodsaaklik dat die jeugdige in die voorlewing en uitleg van die opvoeder sal raaksien dat hy die gesag van God en Sy gebod gehoorsaam. Hierdie gehoorsaamheid beteken ook dat die jeugdige opgevoed sal word tot 'n soortgelyke gesagsgehoorsaming. Die jeugdige moet opgevoed word tot "ware kennis en vrees van God ..." (vide Huweliksformulier 1980 : 151), dus ook kennis en vrees van wat Sy gesag beteken en eers dan kan die opvoeder 'n egte Christelike gesagsdraer wees. God wil nie hê dat daar 'n verwydering tussen die opvoeder en die jeugdige moet wees nie en daarom moet die opvoeder die jeugdige in die tug (gesag) van die Here opvoed. Die gesagserkennende opvoeder is daarop geregtig om gesagserkenning as behoorlikheidseis aan sy/die jeugdige te stel (Landman 1974 : 74-75).

Die gesagsverhouding openbaar hom in die opvoedingsverhouding deur 'n aantal kernmomente, naamlik: aangesprokenheid, gehoorsaamheid en spanning.

a) Aangesprokenheid

Opvoeding is hulpverlening aan die opvoedeling deur hom aan te spreek en op te roep tot antwoord gee. Die antwoord van die jeugdige moet fyn beluister word om sodoende vas te stel of die wil en die gewete van die opvoedeling geaktiveer is en in vryheid en met verantwoordelikheid antwoord op die aanspraak van die behoorlikheidseise as nastrewenswaardig (Van Vuuren et al. 1976 : 81-82).

Ook die volwassene is aangesprokene, aangesien hy deur die nood van die opvoedeling verplig is tot simpatieke opvoedende-gesagsleiding. "Deur sy voorbeeld en liefdevolle oorredingswerk, en nie met behulp van gesagsdwang, despotisme en tirannisering nie, roep hy die kind (jeugdige) op tot anders-moet-word op grond van anders-kan-word" (Van Vuuren et al. 1976 : 82) (eie invoeging).

"Aanspreek en aanhoor as twee van die belangrikste momente in die gesagsverhouding, dui nie op 'n vlugtige ontmoeting wat gepaard gaan met 'n oppervlakkige gesprek nie. Dit is 'n doelgerigte gesprek wat die ontmoetingsruimte verinnig sodat die opvoedeling aangegryp word deur die woord wat die verte tussen die opvoeder en die opvoedeling as gespreksgenote verwyder. In die intieme geslotenheid van hierdie aanspreek-aanhoor-ruimte word die opvoedeling gelei tot situasie-oorskryding wat uitloop op die verruiming van sy betekeniswêreld. Daarom vra die jeugdige dat die volwassene hom op openhartige en onbevange wyse sal aanspreek en nie by gebrek aan innerlike oortuiging en seggingskrag sal gaan

skuil agter starre reëls nie. Dit lei tot koppigheid, swygende onderwerping of luidrugtige opstandigheid" (Van Vuuren et al. 1976 : 82).

Waar besliste, simpatieke gesagsleiding ontbreek, kan die jeugdige ontaard in 'n skender in plaas van 'n skepper van waardes. As wordende na volwassenheid is die jeugdige nog op 'n nie-volledige wyse verantwoordelik en daarom moet die opvoeder as 'n sedelik-selfstandige volwassene vir hom verantwoordelikheid neem en hom na volwassenheid begelei by wyse van 'n doelbewuste en planmatige bemoeienis. "Die *sin* van opvoederwees word nie geproklameer deur sy fisiese of intellektuele meerderwaardigheid nie, maar omdat hy 'n bepaalde orde verteenwoordig wat hy eerbiedig, omdat hy bepaalde waardes huldig wat gehoorsaam moet word - ook deur homself" (Van Vuuren et al. 1976 : 82).

b) Gehoorsaamheid

Gehoorsaamheid is 'n wesenlike en onwegdinkbare grondstruktuur van opvoeding as antwoord op die *steunbehoewendheid* van die jeugdige. "Ware gehoorsaamheid vind sy neerslag in 'n *saam*hoor, *saam*kies en *saam*handel ooreenkomstig die lewenswaardevolle" (Van Vuuren et al. 1976 : 83).

Die jeugdige moet die opvoeder se gesag gehoorsaam, omdat die opvoeder op grond van gesag spreek vanuit die norme/ behoorlikheidseise wat hy self gehoorsaam. Die jeugdige moet, met ander woorde, toelaat dat die opvoeder vir hom sê wat behoorlik

is. Die jeugdige vra na iemand wat met gesag kan praat oor hierdie aangeleenthede. "Die verhouding tussen opvoeder en kind moet dus 'n **pedagogiese gesagsverhouding** wees (opvoedingsgesag)" (Landman 1974 : 23).

Skyngehoorsaamheid maak opvoederlike steungewing kragteloos en slaafse gehoorsaamheid lewer die jeugdige uit aan die grille van 'n magsbeluste "volwassene" en het kruiperige skynheiligheid tot gevolg wat geen morele waarde huisves nie. Absolute emansipasie van die jeugdige is net so 'n gevaarlike dwaling. "Die stille inkeer, die nadenke, die gehoorsaamheid wat aan die hart gaan, is die eerste treë wat lei na sedelike selfbepaling as vryheid tot verantwoordelikheid. Laasgenoemde is geen bandelose vrysinnigheid nie, dog dit impliseer onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan die gesag van *norme*" (Van Vuuren et al. 1976 : 83), sonder enige besluitspanning nie.

c) Spanning

Spanning is 'n integrerende deel van die gesagsverhouding en kom na vore as 'n spanning tussen gehoorsame mede-syn en opstandigheid as self-wil-syn. "As rigtinggewende momente van die gesagsverhouding, kom *ingryping* en *afkeuring* tot vergestalting as 'n daadkragtige ingreep in die lewensgang van die kind (jeugdige)" (Van Vuuren et al. 1976 : 83) (eie invoeging).

Die opvoeder as verantwoordelike volwassene is verplig om as normverteenwoordiger hom met die jeugdige as volwassewordende te

bemoei. "Op grond van die gebrokenheid en onvoltooibaarheid van die menslike bestaan, kán geen kind (én geen volwassene!) volkome en absolute normgehoorsaamheid verwesenlik nie. Gevolglik moet die kinderlike intensionaliteit ('n uit-gaan na die lewe) onderhewig wees aan evaluering en korreksie. Hierdie intensionaliteit moet dus oor telkens hoër gaande verwerklikingsvlakke gelei en begelei word. Die spanning wat ontstaan wanneer 'n nog-nie-volwassene met die eise van volwassenheid gekonfronteer word, maak opvoeding moontlik. Daar bestaan dus 'n polêre spanning, 'n vrugbare spanning tussen wat die kind (jeugdige) *is* en wat hy *moet* wees ... Hierdie vrugbare spanning word opgewek wanneer 'n kind (jeugdige) aangesê word om hom los te skeur uit 'n homeostatiese (gelyk-blywende en spanninglose) bestaanswyse en oor te gaan tot dinamiese, uitwaartse singewende beweging. Dit is 'n pedagogiese geaktiveerde wording in die stigting van sy eie toekoms (Landman)" (Van Vuuren et al. 1976 : 84) (eie invoeging).

Spanning is 'n ontiese synsfeit. Ontmoeting tussen mens en mens het noodwendig spanning tot gevolg: "'n nooit eindigende, onuitputlike tweespraak tussen mens en medemens as ko-eksistensie." Hierdie is egter 'n vrugbare spanning wat nie tot oorspanning moet lei nie. "Die egosentriese mens vlug vir die verantwoordelikheid omdat hy geen ware téénoor hom kan duld nie, 'n teenoor hom staande deur wie hy opgeroep word tot óf bevestiging óf ontkenning van die lewenswaardevolle. Wanneer die opvoeder weens kwasie-pedagogiese drogredenasies nalaat om 'n kind (jeugdige) te konfronteer met die *woord*, uit vrees dat 'n

"traumatiese ervaring" by laasgenoemde vasgelê sal word, verval hy in 'n valse, utopiese droomwêreld. As hierdie droom uitgedroom is (Stoffer) en wanneer hy in die naakte en harde werklikheid van die volwasse wêreld terugkom, word hy op homself in eksistensiële *oor*spanning en lewensangs teruggewerp Van Vuuren et al. 1976 : 84-85) (eie invoeging) (vide paragraaf 6.6.2.3).

Die idee van offer (as Christelike via medius) is nie altyd "aangenaam" nie en lei ook nie altyd tot "aangenaamheid" nie - let byvoorbeeld op Christus se voorspelling met betrekking tot sommige van sy dissipels se lewensverloop (selfs tot die einde) (Roelofse 1994).

Daar is ook die werklikheid van lewensprobleme vanweë menslike onvolkomenheid (vide die leefwêreld van die jeugdige - paragraaf 3.2) wat traumaties ervaar kan word, maar as 'n Utopie voorgehou word, asook die "probleem" wat dikwels ervaar word deur bekeerlinge kort na die ekstase wat dikwels met bekering gepaardgaan (Roelofse 1994), naamlik die realiteit van die menslike onvolkomenheid.

Bowendien beteken heiligmaking dat ek steeds/altyd in die wêreld is maar nie van die wêreld moet wees nie, met ander woorde, die gelowige mens (ook die jeugdige) ontvlug nie die werklikheid van onvolkomenheid hier op aarde nie, maar moet die goeie stryd stry en nie 'n Utopie verwag hierdie kant van die graf nie (Roelofse 1994). "Wanneer die vertrouende opvoedingsomgang en -ontmoeting gekenmerk word deur opvoedings-gesag waarby die opvoeder die

jeugdige met simpatieke gesag aanspreek en lei, en waarby die jeugdige in vertroue die gesag van die opvoeder aanvaar en gehoorsaam omdat die jeugdige die opvoeder aanvaar het as 'n gesaghebbende wat reeds self die moeisame weg vanaf kindwees na volwassenheid afgelê het en as verantwoordelike volwassene self buig voor die gesag van die gemeenskap se behoorlikheidseise en die gesag van die Bybel, sal die opvoedende ingryping nie net geslaagd verloop nie, maar die volgsame jeugdige sal al hoe meer beweeg in die rigting van aanvaarding van die aanspraak wat die lewensopvatting op hom het" (Landman et al. 1975 : 67).

Die jeugdige wat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se byeenkomste bywoon, sou, met ander woorde, die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se personeel se gesag moet gehoorsaam en toelaat dat hulle vir hom sê wat behoorlik is, want dan alleen sou daar sprake wees van outentieke opvoeding. Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se personeel spreek met gesag en oortuiging vanuit die norme/behoorlikheidseise wat hulself gehoorsaam en wat nie veronderstel is om te verskil van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se belydenisgrondslag nie. Dit is 'n ope vraag of alle personeel wat leiding neem by die Afrikaanse Christen-Studentevereniging wel die belydenisgrondslag van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging kan onderskryf vanuit die denominasie waarby hulle inskakel. Daar sal in Hoofstuk 6 by wyse van vergelyking van enkele kardinale sake van eksemplare van die verskeidenheid denominasies wat by die Afrikaanse Christen-Studentevereniging verteenwoordig is, gepoog word om die

haalbaarheid hiervan, al dan nie, aan te dui en wel dan vanuit 'n agogiese evaluering van die saak (vide paragraaf 6.10).

Dit is vir die onderwyser betrokke by die Afrikaanse Christen-Studentevereniging nodig om te weet dat dieselfde vereistes wat in die opvoedingsituasie in die klaskamer geld, ook tydens Afrikaanse Christen-Studentevereniging byeenkomste en met die opstel van programme geld.

Noudat daar duidelikheid verkry is met betrekking tot die pedagogiese verhoudingstruktuur, sal daar vervolgens stilgestaan word by die pedagogiese verloopstruktuur.

### 3.5.3 Die pedagogiese verloopstruktuur

#### 3.5.3.1 Inleiding

Die sin van die verloopstrukture is, volgens Landman et al. (1971 : 66), daarin geleë dat die verhoudingstrukture daarbinne tot vergestalting kan kom sodat die pedagogiese doelstrukture verwerklik kan word. Daar sal vervolgens stilgestaan word by die pedagogiese verloopstrukture.

Die eerste voorwaarde vir die ontstaan en verloop van die pedagogiese verloopstruktuur is "pedagogiese omgang".

3.5.3.2 Pedagogiese omgang

Die verhouding tussen die opvoeder en die jeugdige het sy ontstaan wanneer hulle van mekaar se teenwoordigheid bewus word. Die opvoeder moet bewus wees daarvan dat hy **by** die jeugdige is om hom te help, indien nodig, om sy vertroue te wek, om die jeugdige te leer ken en om hom bewus te maak van sy gesag as opvoeder. "Daar moet tussen opvoeder en jeugdige 'n **opvoedingsomgang** (pedagogiese omgang) wees (Landman 1974 : 24).

Volgens Landman et al. (1971 : 66) het Langeveld die omgang van die volwassene met die jeugdige as 'n pedagogiese gepreformeerde veld beskryf en dit is, volgens Nel in (Landman et al. 1971 : 66), omdat die blote omgang tussen volwassene en jeugdige as sodanig nog geen pedagogiese ingryping is nie, maar slegs 'n aanloop daartoe.

Vir omgang om as opvoeding gekwalifiseer te word, behoort dit, volgens Langeveld (in: Landman et al. 1971 : 66-67), twee kenmerke te openbaar naamlik, i) daar moet invloed uitgaan en ii) die invloed moet doelbewus uitgaan op die nie-volwassene, maar doelbewuste beïnvloeding is eers opvoeding wanneer die jeugdige ondersteun word met die doel om hom te ondersteun ter oorkoming van sy steunbehoewendheid. Dit verkry, met ander woorde, eers opvoedingsbetekenis as die opvoeder die nie-volwassene met doelbewuste bereidwilligheid tegemoet tree om hom te help om die iemand te word wat hy behoort te wees. Die steunbehoewendheid is

moontlikheidsvoorwaarde vir die totstandkoming van 'n pedagogiese omgangsituasie.

Hierdie by die jeugdige te wees om sodoende sy vertroue te wek, te leer ken en bewus te maak van sy gesag as opvoeder, is ook 'n voorvereiste met betrekking tot die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se personeel se betrokkenheid by die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se lede, waarvan die haalbaarheid in Hoofstuk 6 geëvalueer sal word (vide paragraaf 6.6).

"Ontmoeting" word ook as voorwaarde gestel vir die ontstaan en verloop van die pedagogiese verloopstruktuur.

### 3.5.3.3 Die pedagogiese ontmoeting

Volgens Landman et al. (1971 : 67) moet die omgangsituasie, voordat dit sy verloop kan neem in die rigting van pedagogiese bemoeienis, eers oorgaan in 'n werklike ontmoeting wat deur die volwassene geïnisieer word met die doel om pedagogiese hulp te verleen aan die jeugdige. Landman wys daarop dat hulpverlening en steungewing 'n ontmoeting veronderstel. Die opvoeder se bereidwilligheid om die jeugdige te ontmoet in sy situasie is sy antwoord op die jeugdige se bestaansnood.

Die omgang tussen opvoeder en jeugdige moet geleidelik intiemer word sodat die aangetrokkenheid tussen hulle sterker belewe word deur die jeugdige totdat hy dit beleef as 'n verhouding **met** hom. Die bymekaarwees het oorgegaan in 'n met-mekaar-wees waar die

jeugdige ontmoet word van aangesig tot aangesig en as medemens be-ag word sodat hy gesteun kan word in sy wordingsgang na volwassenheid. Die pedagogiese verhoudingstrukture het ook in intensiteit toegeneem (Landman 1974 : 24-25; Landman et al. 1971 : 67).

Eers in die werklike ontmoeting word die opvoedingsmomente vir die opvoeder sigbaar. Sonder hierdie pedagogiese ontmoetingsverhouding wat uit omgang spruit, sou die opvoeder nie geweet het wanneer die geskikte en noodsaaklike moment(e) hom/hulle voordoen en die opvoeder die jeugdige pedagogies kan steun nie. Hierdie pedagogiese steungewing omsluit 'n sedelike en/of 'n waarde-oordeel.

Nou is die geleentheid vir die opvoeder om sy goedkeuring of afkeuring uit te spreek - "in die pedagogiese ontmoeting kan opvoedingsmomente sigbaar word en kan die opvoeder oorgaan tot **opvoedingsbemoeienis**. Hierdie bemoeienis kan **opvoedende ingryping** (afkeuring) of **opvoedende instemming** (goedkeuring) wees" (Landman 1974 : 24-25) en waarby ons by paragraaf 3.5.3.5 sal stilstaan.

'n Vraag wat hom nou voordoen, is: In watter mate die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se personeel (waarby ook inbegrepe is leerlingleiers of te wel kringleiers) aanspreeklikheid aanvaar vir die jeugdige? Dan alleen sal opvoedingsbemoeienis 'n werklikheid word (vide paragraaf 6.3.3.3).

Engagement is die derde stadium/fase wat in die verloopstruktuur onderskei word.

### 3.5.3.4 Engagement

Volgens Landman et al. (1971 : 68-69) het die opvoeder verantwoordelikheid vir die jeugdige se wording op hom geneem wanneer hy besluit om handelend op te tree om sodoende die jeugdige positief te beïnvloed tot geleidelike oorkoming van sy steunbehoewendheid. Hierdeur gaan die ontmoeting oor in *engagement* waarby albei die betrokkenes die verantwoordelikheid aanvaar vir wat voortvloei uit die ontmoeting (Landman). Volgens Oberholzer (in: Landman et al. 1971 : 68) dui engagement op die onvoorwaardelike aanvaarding van die ander vir die toekoms en onder alle omstandighede. Klafki (in: Landman et al. 1971 : 69), weer, sien dit as 'n verpligtende persoonlike bereidwilligheid wat ook 'n ooreenstemmende vorm van gemeenskaplike lewe inhou. Vir Viljoen (in: Landman et al. 1971 : 69) behels engagement weer 'n plegtige in-een vervlegting van menswees as belofte van geborgenheid waarby steun aan die hulpbehoewende gewaarborg word.

Die skrywer wil weet of die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se personeel, maar veral die kringleiers, bereid is om verantwoordelikheid vir die jeugdige se wording op hul te neem sodat die ontmoeting kan oorgaan tot engagement waarby albei betrokkenes die verantwoordelikheid neem vir dit wat voortvloei uit die ontmoeting (vide paragraaf 4.3.1.4 (c))? Die skrywer sal in Hoofstuk 6 op hierdie vraag antwoord (vide paragraaf 6.6.3.3).

Die vierde stadium/fase wat onderskei word, is opneem van bemoeienis-verantwoordelikheid.

<u>3.5.3.5 Opneem van bemoeienis-verantwoordelikheid</u>

Opvoedingsbemoeienis (pedagogiese bemoeienis) word nie outomaties voltrek nie. Die opvoeder moet doelbewus besluit om aanspreeklikheid vir die jeugdige te aanvaar en daarom oorgaan tot opvoedingsbemoeienis. Wanneer die jeugdige die volwassene toelaat om bemoeienis met hom te maak, het hy aanspreeklikheid geneem (Landman 1974 : 25).

Daar word onderskei tussen opvoedende ingryping en opvoedende instemming.

<u>a) Opvoedende ingryping</u>

Indien daar 'n egte ontmoeting uit die omgang tussen die opvoeder en die jeugdige voortgespruit het en in engagement oorgegaan het, sal die opvoeder verplig voel om telkens in te gryp wanneer die opvoedingsmomente sigbaar word. Indien die engagement eg is, sal die opvoeder nie probeer om die opvoedingsgebeure te verhaas deur 'n geforseerde ingryping nie, aangesien hy weet dat dit die opvoedeling kan afstoot of selfs protes uitlok waardeur die verhouding vertroebel sal word. Die aard en die wese van die steunbehoewendheid van die jeugdige moet *geken* word sodat pedagogiese ingryping op die regte oomblik kan geskied en die opvoedingsgebeure weer op die regte tyd kan terugkeer na 'n gewone omgangsituasie totdat die volgende opvoedingsmoment sigbaar word en daar weer gehandel moet word (Landman <u>et al</u>. 1971 : 69).

Pedagogiese ingryping is slegs nodig as iets gebeur wat teen die rangorde van waardevoorkeur van die opvoeder indruis. Die opvoeder as verteenwoordiger van die normatiewe, gryp in in die pedagogiese gebeure om daaraan 'n bepaalde verloop te gee sodat die jeugdige gehelp kan word om sy menswording te verwesenlik en wel volgens 'n bepaalde lewensbeskouing (Landman et al. 1971 : 70).

Die Christen-opvoeder weet wanneer die jeugdige se keuses en handelinge afkeurenswaardig is, want hy sien raak (vide paragraaf 3.5.5.3 met betrekking tot opvoedingsmomente wat sigbaar word) dat die jeugdige nie meer ooreenkomstig die Christelike behoorlikheidseise handel nie. As Christen-opvoeder word hy opgeroep tot opvoedende ingryping (Landman 1974 : 79).

Die Griekse woord **noutheteo** wat as **vermaning** vertaal word, beteken om iemand te laat begryp. Positief dui dit daarop om iemand iets te leer en negatief dui dit daarop om iemand te korrigeer. In albei gevalle gaan dit om verbetering. Vermaning is een van die middele van opvoeding. In die Nuwe Testament vind ons dit as opvoedingsbegrip in Efesiërs 6:4: "... voed hulle op in die tug en vermaning van die Here."

Oor die algemeen beteken vermaning, ofte wel ingryping, om deur die gebruik van woorde/taal die Christen weg te trek van dit wat verkeerd is en hom te lei tot die doen van die goeie. Die Christen-opvoeder weet: "Hom verkondig ons, terwyl ons elke mens vermaan en elke mens in alle wysheid onderrig, om elke mens volmaak in Christus Jesus voor te stel" (Kolossense 1:28). Die

volgende kan as oproep aan die jeugdige dien om saam te werk in die opvoedende ingryping: "... erken die wat onder julle arbei en julle voorgangers in die Here is en julle vermaan; en bewys hulle in liefde die hoogste agting ter wille van hulle werk" (I Thesssalonisense 5:12,13) (Landman 1974 : 79).

Die Christen-opvoeder staan met betrekking tot opvoedende ingryping onder die verpligting om lankmoedig (geduldig, verdraagsaam) te wees, want "'n Sagte antwoord keer die grimmigheid af, maar 'n krenkende woord laat die toorn opkom" (Spreuke 15:1). Verder weet 'n Christen-opvoeder dat 'n gebrek aan lankmoedigheid eintlik 'n gebrek aan die vrug van die Gees is, naamlik, 'n gebrek aan "liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing" (Galasiërs 5:22).

Noudat daar by opvoedende ingryping stilgestaan is, wil die skrywer enkele opmerkinge maak met betrekking tot opvoedende instemming.

b) Opvoedende instemming

Die jeugdige wil ook weet wanneer sy handelinge die goedkeuring wegdra van die opvoeder. Indien die opvoeder swyg wanneer die jeugdige die goedkeurenswaardige doen, vind daar, volgens Oberholzer (in: Landman et al. 1971 : 70), geen pedagogiese gebeure plaas nie. Die opvoeder is, met ander woorde, verplig tot instemming sodat hy die jeugdige daarmee kan ondersteun op sy weg van menswording. Deur die goedkeuring van die opvoeder word die

jeugdige gehelp sodat hy doelbewus daarna die goedkeurenswaardige kan nastreef sodat hy ook self daartoe kan kom om te lewe volgens 'n verantwoordbare rangorde van waardevoorkeur (Landman et al. 1971 : 70).

Pedagogiese instemming dien as versterker van die pedagogiese verhoudingstrukture. Pedagogiese instemming bring die opvoeder en jeugdige nader aan mekaar sodat 'n vertrouensverhouding makliker tot stand kan kom. Indien die jeugdige se positiewe handelinge raakgesien word, sal hy teregwysings deur die opvoeder met betrekking tot afkeurenswaardige handelinge met meer genoeë aanvaar. Daardeur sal daar ook 'n beter gesagsverhouding tot stand kom. Pedagogiese instemming laat ook 'n kenverhouding makliker tot stand kom, omdat die jeugdige, deur te weet watter van sy handelinge goedkeuring wegdra, ook beter sal weet wat van hom verwag word.

Die Christen-opvoeder is bly as die jeugdige volgens Christelike behoorlikheidseise wil lewe. Die opvoeder is bly, omdat hy hoop dat die jeugdige in die doen van die goeie sal volhard. Die opvoedende instemming is vir die Christen-opvoeder aanmoediging tot volharding om die goedkeurenswaardige weg te wandel: "Want ons is Sy maaksel, geskape in Christus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel" (Efesiërs 2:10). Opvoedende instemming versterk ook die jeugdige se gehoorsaamheid. Die Christen-opvoeder help die jeugdige hierdeur om te antwoord op sy aangesprokenheid tot gehoorsaamheid: "My seun luister na die tug van jou vader (opvoeder) en verwerp die onderwysing van jou

moeder (opvoeder) nie" (Spreuke 1:8) en "Kinders julle moet julle ouers (opvoeders) in alles gehoorsaam wees, want dit is die Here welbehaaglik" (Kolossense 3:20) (eie invoeging). Die vraag wat die skrywer, onder meer, kan vra, is of die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se infrastruktuur dit moontlik maak om te vorder tot op so 'n intieme kontaksituasie dat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se personeel en kringleiers (vide paragrawe 4.3.1.3 en 4.3.1.4) goedkeuring, maar veral afkeuring, kan uitspreek en die jeugdige dit sou aanvaar? Daar sal in Hoofstuk 6 gepoog word om hierdie vraag te beantwoord (vide paragraaf 6.6.3.3).

Die vyfde stadium/fase waarby stilgestaan sal word, is die van "periodieke verlating".

3.5.3.6 Periodieke verlating

Die jeugdige moet geleenthede gegun word tot selfstandige optrede. Dit kan alleen geskied deur die toenemende loslating van die jeugdige deur die opvoeder en die toenemende verantwoordelikheids-aanvaarding deur die jeugdige. Daar kan slegs sprake wees van periodieke verlating van die pedagogiese omgang wanneer die jeugdige duidelik aan die opvoeder toon dat hy reeds oor 'n verantwoordelikheidsbesef beskik. Indien die jeugdige blyke van 'n verantwoordelikheidsbesef toon, kan hy in 'n toenemende mate self verantwoordelikheid vir sy dade aanvaar. Hierdie spanning tussen verantwoordelikheidsbesef en verantwoordelikheidsaanvaarding is

ook wesenlik deel van die grootwording van die jeugdige. Hier is sprake van 'n periodieke verlaat van die pedagogiese omgang omdat die jeugdige die versekering moet hê dat hy te eniger tyd na die opvoeder toe kan terugkom vir hulp en ondersteuning (Van Rensburg et al. 1985 : 147).

Laastens sal daar stilgestaan word by "terugkeer na pedagogiese omgang" as deel van die pedagogiese verloopstruktuur.

### 3.5.3.7 Terugkeer na pedagogiese omgang

Nadat die pedagogiese bemoeienis voltrek is, word dit weer nodig dat die opvoeder en jeugdige in 'n pedagogiese omgang sal verkeer. 'n Terugkeer na die pedagogiese omgang (opvoedingsomgang) is nodig (Landman 1974 : 25).

'n Terugkeer na 'n pedagogiese omgang moet op pedagogiese bemoeienis volg. Dit sou mutatis mutandis ook van toepassing wees op die verloopstruktuur van die Afrikaanse Christen-Studente-vereniging se omgang en bemoeienis met die jeugdige.

### 3.5.3.8 Samevatting

Hierdie pedagogiese verloopstruktuur sou in alle egte opvoedingsverhoudinge onderskei kon word, hetsy die ouer, kategeet en onderwyser (ook die Afrikaanse Christen-Studente-vereniging se personeel en leerlingleiers (vide paragrawe 4.3.1.3

en 4.3.1.4)) as begeleier(s) die jeugdige begelei binne bepaalde samelewingsverbande.

Die vraag wat ontstaan, is: Is hierdie verloopstruktuur by die Afrikaanse Christen-Studentevereniging herkenbaar? Dit is nodig dat die skrywer 'n agogiese evaluering van die ontstaan en verloop van opvoedingsverhoudinge binne die Afrikaanse Christen-Studentevereniging sal onderneem (vide paragraaf 6.6).

Daar gaan vervolgens stilgestaan word by die samelewingsverbande betrokke by godsdiensbegeleiding, ofte wel geloofsbegeleiding soos deur Dingemans (1991 : 13) benoem.

### 3.5.4 Samelewingsverbande betrokke by die godsdiensbegeleiding van die jeugdige

#### 3.5.4.1 Inleiding

Volgens Schaap (1984 : 154) is geloofsonderrig en godsdiensonderwys vorme van dialogiese omgaan met leerinhoude en dialogiese omgaan met mekaar. Hy praat van 'n Dialekties-Hermeneutiese Leermodel as 'n dialektiese sisteem van mens en werklikheid, waarin aksie en reaksie, ervaring en verwoording, "disclosure" en "commitment", verstaan en verandering, onderling met mekaar in 'n wedersydse ope verhouding staan.

"Het gezin, de school en de kerk zijn traditionele plaatsen, waar

mensen met 'geloof' in aanraking komen en het geloof leren" (Dingemans 1991 : 15).

Volgens Dingemans (1991 : 13) kan daar nie gekategoriseer word met betrekking tot "weters" (ampsdraers van die kerk (of ouers en onderwysers (ook die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se personeel, met ander woorde, volwassenes) teenoor "nie-weters" (kinders, met ander woorde, onmondiges of dan nie-volwassenes, selfs kringleiers en leerlingleiers) met betrekking tot geloofsonderrig (godsdiensbegeleiding) nie. Daar is nie 'n bepaalde tydstip wat 'n mens (volwassene) volleerd is en daarom tot die groep van die "weters" behoort nie. Volgens Dingemans is dit nie soseer feite wat oorgedra word nie. "Gods waarheid en liefde lichten soms verrassend op in de gemeenschap der gelovigen; bij jongeren of ouderen; in de lezing van de Schrift; bij de gebeden of in een persoonlijk gesprek van mens tot mens." Hoewel Dingemans eintlik oor "catechetiek" as taak van die kerk praat, is dit wat hy sê ook van belang wanneer daar oor die bydrae van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging met betrekking tot geloofsonderrig of dan godsdiensopvoeding besin word (eie invoeging). "Binnen de geloofsgemeenschap is het leerproces reciprook: de één leert van de ander en de ander leert weer van de één. Leraren en leerlingen leren, groeien en veranderen samen én aan elkaar" (Dingemans 1991 : 14).

Uit die aangehaalde gedeelte blyk dit dat Dingemans geloofsonderrig (godsdiensonderrig/begeleiding soos dit deur die skrywer omskryf word - <u>vide</u> paragraaf 1.4 betreffende 'n begripsonder-

skeiding) deur 'n jeugdige as moontlikheid raakgesien het wat ook bepaalde implikasies het vir die rol van die kringleier as opvoedingsmoveerder met betrekking tot godsdiensbegeleiding van kringlede tydens die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se byeenkomste. Volgens verskeie opvoedkundiges is daar slegs sprake van opvoeding wanneer die begeleidingshulp deur 'n volwassene aan 'n volwassewordende verleen word. Van Zyl (1973 : 121) stel dit soos volg: "Dit bly egter 'n feit dat begeleidingshulp van volwassenes aan volwassenes, kinders aan kinders en kinders aan volwassenes op 'n ander verhouding dui as die pedagogiese verhouding van volwasse-volwassewordende as gerigtheid op volwassewording" (<u>vide</u> paragraaf 4.3.1.4 (c)).

Daar sal vervolgens gelet word op die samelewingsverbande (huis, kerk en skool (ook die Afrikaanse Christen-Studentevereniging as buite-kurrikulêre aktiwiteit)) betrokke by die godsdienstige begeleiding van die jeugdige en hul onderlinge verhoudinge. Daar word na die ouerhuis, skool, kerke en ook jeugverenigings verwys as die opvoedingsgemeenskap (<u>vide</u> Diagram 2 op <u>pagina</u> 378) waarbinne die jeugdige begelei word tot volwassenheid, veral dan geestelike volwassenheid.

Daar sal eerste stilgestaan word by die gesin.

3.5.4.2 Die gesin

(a) Inleidend

"A family may be defined as a social group that derives from a sexual bond with accompanying procreation. This social group shares a place of abode and the members are related to each other" (Simpson 1960 : 7). Volgens Ferreira (1994 : 62) "Emotional ties, interdependence and loyalty towards each other are characteristics of the family."

"Die geboortegebeure het vir die betrokkenes (man, vrou en kind) 'n betekenis wat ver uitstyg bokant dit wat dit in die eerste instansie as biologiese gebeure tipeer" (Van Vuuren et al. 1976 : 315).

In sy hulpeloosheid en afhanklikheid rig die jeugdige 'n appél tot die ouers om as natuurlike helpers en opvoeders op te tree. "Die beantwoording van hierdie appél bring by die ouers die gevoel van tere verantwoordelikheid vir die wel en weë van hul jeugdige vir sy versorging, sy beskerming en veiligheid, sy ontwikkeling (wording) en gedying tot die iemand wat hy moet en behoort te wees" (Van Vuuren et al. 1976 : 315). Perquin (1956 : 18) beskou die verantwoordelikheidsbesef van die ouers vir die jeugdige as 'n hoofmoment van die opvoederskap. Indien daar sprake is van verantwoordelikheid vir die jeugdige, is daar sprake van werklike jeugdige wees en werklike opvoeding (Van Vuuren et al. 1976 : 316).

## OPVOEDINGSGEMEENSKAP





**DIAGRAM 2**

Daar bestaan 'n besondere verhouding tussen die moeder en die kind. Sy is die eerste om hom as mens te ontmoet en vorm 'n skakel tussen die volwassewordende en die wêreld. Ouerliefde maak die intrede in die mensewêreld makliker deurdat die jeugdige veilig en geborge voel. Die gesin is nie net 'n oord vir veiligheid nie, maar ook 'n oefenterrein vir die jeugdige met betrekking tot sy moontlikhede (Van Vuuren et al. 1976 : 77-80).

"Die gesin met sy gees van liefde, van onderlinge begrip en simpatie, van welwillendheid en gemeenskaplike belang, veiligheid en vryheid, van intuïtiewe meelewing en intimiteit is die ideale en beste opvoedingsgemeenskap. ... Die gesin is ... die begin van en die grondslag van alle ware opvoeding en het ook die gewigtigste taak in hierdie verband te vervul, terwyl dit ook die grootste verantwoordelikheid dra" (Van Loggerenberg et al. 1978 : 99).

Volgens Gunter (1964 : 448-449) het ouers 'n verantwoordelikheid teenoor hulle kinders wat hulle nie mag ontduik nie en wat hulle op niemand anders kan oordra nie en daarom is die huis die primêre opvoedingsinrigting. "Die normale huis is die natuurlikste, intiemste en beste vorm van gemeenskapslewe op hierdie aarde." Hier leer die jeugdige die wese van die gemeenskapslewe ken. Die essensiële in die gesinslewe is juis geleë in die onderlinge gemeenskap. In die huis word (behoort) die vaste grondslae van veral die sedelike en godsdienstige opvoeding gelê (eie invoeging).

Volgens Landman _et al_. (1971 : 16,127) leef ouers die waardes voor wat hulle by die jeugdige wil tuis bring. Eers word die gedrag van die ouers waargeneem as 'n voorbeeld van die regte gedrag en dan later word die norme en gesag wat die gedrag bepaal, beoordeel (en aanvaar of verwerp).

Die ouers is die kultuurdraers en hulle integreer die kultuurinhoude waaroor hulle beskik in hul opvoedingspraktyk om sodoende 'n bepaalde gesindheid daarvoor by die jeugdige te wek (Van der Stoep _et al_. 1968 : 27). Die opvoeding in die huis is hoofsaaklik gemoeds- en affektiewe vorming (Van Vuuren _et al_. 1976 : 334). Waarde-oordrag vind by uitstek plaas in die gesin. Dit is veral die gesin waar die kontinuïteit tussen die generasies behoue bly. Dit is hier waar die jeugdige kennis maak met die godsdiens, gewoontes, sedes en gebruike van die gemeenskap waar hy begin om die historiese en nasionale karakter van die samelewing te verstaan. Ook die grondslag vir 'n positiewe arbeidsgesindheid word in die ouerhuis gelê (Van Vuuren _et al_. 1976 : 80).

Om sy kultuuropdrag te kan uitvoer is dit verder nodig dat die jeugdige grondige kennis betreffende die mens en sy natuur opdoen sodat hy sy plek as landsburger op waardige wyse in die samelewing kan inneem (Kruger _et al_. 1972 : 218).

Benewens sy vitale versorging het die jeugdige geborgenheid en sekerheid in die gesin nodig. In die huis word vir hom 'n veilige ruimte geskep waarin hy tot optimale verwerkliking van sy moontlikhede kan geraak en vanwaar hy die "vreemde wêreld" kan

eksploreer. Langeveld (1971 : 42-43) wys daarop dat indien die jeugdige nie hierdie veiligheid beleef nie, dit sy ontwikkeling (wording) ernstig kan benadeel. Die skrywer oordeel dat hierdie stremming ook die jeugdige se godsdienswording sal benadeel, want die mens is mens-in-totaliteit (eie invoeging).

Die verhouding tussen die ouers en kinders en kinders onderling is besonders van aard. Die gesinslede is op mekaar aangewys. So vorm 'n gesin 'n klein koninkryk op sy eie. Dit het sy eie bestaansterrein, regte, pligte en verantwoordelikhede wat anders is as dié wat hulle teenoor ander mense het. Die huisgesin het dus 'n ander aard as alle ander instellings in die samelewing (Algemene Jeugkommissie 1988 : 129-130).

In die gesin kan 'n mens 'n rykdom verhoudings kry: man-vrou, broers-broers, susters-susters en broers-susters. Daar is ook 'n verskeidenheid eienskappe: oud, jonk, sterk, swak, gesag, gehoorsaamheid, agting, liefde, betroubaarheid en vertroue. Die huisgesin is dus veral die plek waar 'n mens leer om saam met ander mense te lewe - om met liefde, geduld, begrip, eerlikheid, hoflikheid, onselfsugtigheid, ensomeer op te tree. Dit is alles eienskappe wat later in die lewe vir die saamwees met ander baie belangrik is (Algemene Jeugkommissie 1988 : 132).

Die gesin bied ook 'n oefen- en ervaringsruimte. Binne die gesin leer die jeugdige die lewe van die volwassene ken - hulle onderlinge verhoudinge en rolverdeling en hulle gewoontes (en oortuigings). Kontak met broers en susters bied die geleentheid om

ervaring op te doen in die saamwees met leeftydsgenote. Broers en susters kan as medestanders of opponente fungeer. Die saam-met-ander-in-die-wêreld-wees word in die interne gesinsverkeer beleef en terselfdertyd bied dit die jeugdige die geleentheid om sy moontlikhede tot volle ontplooiing te bring (Van Vuuren et al. 1976 : 316) (eie invoeging).

"Die gesin is die oorspronklike (eerste, primêre) opvoedingspraktyk waar ouers saam met hulle kinders leef en die voorlewing en nalewing van besondere behoorlikheidseise (lewensopvatting) as intieme aangeleentheid moontlik word. Hier word die jeugdige reeds in sy vroegste ontvanklike jare gevorm aan die hand van waardes wat onderliggend is aan die lewensopvatting" (Landman 1974 : 99) (vide paragrawe 1.2.1.1 en 3.5.4.2 (b) met betrekking die nadere omskrywing van wat met 'n lewensopvatting bedoel word). Volgens Kruger et al. (1972 : 218) is die huis "die plek waar die kind die eerste beginsels van i) liggaamlike reinheid, ii) orde, iii) reëlmaat, iv) goeie gewoontes en v) maniere leer. In die saamlewe met die ander gesinslede leer hy i) die betekenis van sy klein geslote gemeenskap ken; ii) hy leer om die gevoelens van die ander gesinslede te respekteer, iii) om hom te skik na omstandighede en iv) om steeds op onbaatsugtige wyse op te tree. Dit is die plek i) waar sy gemoed gevorm word, ii) die eerste begrippe van sedelikheid by hom gelê word, en iii) waar 'n basiese wêreldbeeld by hom opgebou word. In die ouerhuis word by hom die grondslag van 'n egte liefde vir sy volk en vaderland gelê en ook vir sy taal en kultuur." Gunter (1964 : 449) noem verdere as-

pekte soos psigiese gesondheid, respek vir die standpunt en regte vir ander mense, 'n positiewe gesindheid teenoor die medemens, onselfsugtigheid, opoffering, verantwoordelikheidsin, hardwerkendheid, spaarsaamheid, selfdissipline, goeie lewensgewoontes en positiewe gesindhede. Die taak van die huisgesin is omvangryk. "Kinders het behoefte aan 'n gesonde en gelukkige huislike lewe en niks kan die plek van die goeie huis vervang nie" (Gunter 1964 : 449).

Volgens Stone (1970 : 53) is dit van wesenlike belang dat die gesin kerngesond sal wees, aangesien elke mens in een of ander verband by 'n gesinslewe inskakel.

Die huisgesin is van besondere belang vir die jeugdige. "If it is a good home, it provides love and security; it transmits to him the mores and standards of society, and helps him in his adjustments to the outside world (Lovell 1971 : 257). Dit is veral die houding van die ouers wat die wording van die jeugdige beïnvloed. Die jeugdige is baie sensitief met betrekking tot onregverdigheid, sarkasme of onbegrip, en daarom moet ouers daarop bedag wees om hierteen te waak en moet hulle poog om die jeugdige met takt en begrip te hanteer.

Volgens Savells et al. (1978 : 8) het die gesin drie hooftake om te volvoer, naamlik: die sosiale, die biologies-bewaringsfunksie en die biologies-reproduktiewe funksies. "To fulfil the functions of a family, it is therefore necessary that parents in the educational situation are able to instruct adolescents with

authority, physically care for them, and orientate them about sexuality."

"Die gesin is weliswaar die beste toegerus om verantwoordelikheid te aanvaar vir die veiligheid, versorging en sedelike en godsdienstige vorming van die kind (jeugdige), maar die hoë eise wat vandag aan die volwasse mens gestel word, maak dit noodsaaklik dat ander instansies ook hulle deel sal bydra. Die ouer is genoodsaak om sy opvoedingsplig en -reg aan mede-opvoeders toe te vertrou" (Van Vuuren et al. 1976 : 81) (eie invoeging).

Van Loggerenberg et al. (1978 : 100-101) wys verder daarop dat die gesin te klein is vir die volle ontwikkeling van die gemeenskapslewe. Die skool bied 'n wyer gemeenskapslewe waarin die "deugde van netheid, ordelikheid, reëlmaat, stiptelikheid, pligsgetrouheid, erns, toewyding, volharding, vryheid van gesag" beoefen en ervaar word. Die eensydigheid van die gesin kan ook aanleiding gee tot egoïsme. Daar is ook gebrek aan 'n veelheid van verhoudinge binne die gesinsverband. Die gesin het verder die gemis van kinders van dieselfde ouderdom waarteen die jeugdige sy kragte en vermoëns kan meet en met wie hy gemeenskaplike belangstellings kan deel. Ten slotte wys van Loggerenberg daarop dat die gesin grense het betreffende die verstandelike ontwikkeling van die kind(ers). "Die gewenste sistematiese verstandelike ontwikkeling word alleen verkry wanneer 'n inrigting hom spesiaal toelê op wetenskaplike ontwikkeling soos wat die geval met die skool is. Die gesin het nie altyd die tyd en die geleentheid om hierdie funksie te verrig nie, maar dan het dit nog

die taak om die regte agtergrond, en gunstige klimaat daarvoor te skep en 'n wakende oog daaroor te hou."

Tot omtrent ses jaar vorm die ouerhuis die kind se belangrikste omgewing. Die ouerhuis is vir die kind sowel opvoedingsmilieu as onderwysmilieu. Die aard en inhoud van die opvoeding en onderwys wat die jeugdige tuis ontvang, wissel in 'n groot mate van huis tot huis en in 'n breër sin van volk tot volk omdat die onderwys en opvoeding in die ouerhuis 'n informele karakter dra en boonop bepaal word deur die lewens- en wêreld(werklikheids)beskouing van die ouers (Kruger et al. 1972 : 217-218).

Sekere opvoedingsinhoude met betrekking tot die godsdiensopvoeding van die jeugdige is eie aan die gesin daar die gesin (die ideale gesin) spesifiek daarvoor toegerus is om 'n bepaalde lewensopvatting soos deur die ouers as waardevol geag word, oor te dra (vide paragraaf 1.2.1.1 in verband met wat met 'n lewensopvatting bedoel word). Vervolgens word die Christelike lewensopvatting nader omskryf.

(b) Wat met 'n Christelike lewensopvatting bedoel word

'n Lewensopvatting lê ingebed in die geskiedenis. Die Protestantse-Christendom se invloed gaan veral terug na Jerusalem (soos gedra deur die Bybel), deur die kerkvaders en die kerkhervormer, Calvyn (vide paragraaf 1.2.1.2). Hoewel die lewensopvatting 'n geskiedenis het, word dit nie oorgeëerf nie, maar die jeugdige verwerf dit geleidelik en in 'n toenemende mate deur antwoorde te

gee op die behoorlikheidseise wat aan hom in die huis, skool en kerk gestel word. Die Verbondskind word ooreenkomstig die Doopbelofte (vide paragraaf 2.3.3) onderrig in die goedkeurenswaardige weg wat in ooreenstemming met God se Gebod is (Landman 1974 : 91). Dit wat so pas gesê is, het bepaalde implikasies vir die godsdiensopvoeding van die jeugdige deur Christen-ouers, kategete en Christen-onderwysers (ook die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se personeel). Die mens werk deur sy hele lewe aan sy lewensopvatting, maar die wesenlike van die lewensopvatting is egter onveranderlik (Landman 1974 : 91). Dus sal 'n Christelike lewensopvatting Christelik of dan Christo-sentries moet bly, anders sal dit nie meer 'n Christelike lewensopvatting wees nie en juis daarom sal die verskillende Christelike denominasies Christosentrisme as een gemeenskaplike faktor behou, ten spyte van ander dogmatiese verskille wat mag voorkom (vide Hoofstuk 5 en 6). 'n Lewensopvatting is nie konkreet sigbaar en hanteerbaar nie, maar is wel 'n idee wat 'n mens se leefwyse in 'n toenemende mate bepaal. "Dit beteken dat 'n Christen-volwassene die idee van Christelikheid steeds behoorliker en behoorliker moet verwerf en beoefen en hom moet inspan om dit toereikend aan die jeugdige voor te lewe", in die daaglikse lewe, maar veral ook wanneer hy besig is met godsdiensbegeleiding. Dit is noodsaaklik dat daar rekening gehou word met die feit dat 'n lewensopvatting 'n aangeleentheid van oortuigings (beginsels) en sekerhede (geloofswaarhede) is waarvolgens 'n bepaalde persoon, groep persone lewe of dan behoort te lewe. Hierdie oortuigings en

sekerhede gaan die verstand te bowe en word na verwys as bo-wetenskaplik (Landman 1974 : 92).

Volgens Van Zyl (1968 : 132-133) glo die Christen dat God die heelal geskape het vanweë Sy liefde en tot Sy eer. God het ook die mens geskape. Die mens en die wêreld is vir hul bestaan van God afhanklik. Die verheerliking van God is die doel van alles. Vanuit die Christelike standpunt is die mens na God se beeld geskape, maar weens die sondeval is die mens sondig van natuur en is verlossing slegs in Christus moontlik. Die Christen kies volgens 'n bepaalde rangorde van waardes soos in die Bybel gevind. Primêr gaan dit om 'n keuse vir of teen God. Vir die Christen is die vertrekpunt by die bepaling van sy waardes die geloof en word die religieuse waarde as die hoogste goed beskou. Die kern hiervan is dat die mens God moet liefhê bo alles en sy medemens soos homself (Matteus 22:39). Alle ander waardes is hierin gefundeer. Almal se vertolking van die religieuse is nie presies dieselfde nie (Van Zyl 1968 : 133-135) en daarom is hierdie studie aangaande die Afrikaanse Christen-Studentevereniging wat die jeug van verskeie Christen denominasies bedien van belang. Die sedelike waardes wat deur die Christen as waardevol geag word, is weer gefundeerd in die religieuse as die hoogste waarde. Vir die Christen bestaan die waarheid onafhanklik van die menslike denke, wete en kennis. Deur eerbied, liefde en bewondering teenoor die Bron van alle waarheid kom die mens tot kennis. Die openbaring van God in Christus is die Christen se uitgangspunt. Kennis van God is beperk tot die mate waarin Hy Homself in Christus aan die mens

openbaar. Kennis van die medemens en die objektiewe wêreld word bepaal deur die verhouding tot God (Van Zyl 1968 : 139-140).

"Tussen *lewens*beskouing (my gedagtes oor wat ek as waardevol beskou) en *mens*beskouing (my gedagtes oor wat die mens en die doel van sy lewe is) is, soos reeds aangedui, 'n noue verband. Verder is die lewensbeskouing en die mensbeskouing ook onskeibaar van die *gods*beskouing. Hoe 'n mens oor God dink sal bepaal wat hy van die mens dink en wat hy self as waardevol sal beskou" (Pistorius 1969 : 159). Paulus som die band tussen godsbeskouing, mensbeskouing en opvoedingsdoel op soos volg "As die dode nie opgewek word nie, laat ons dan eet en drink, want môre sterwe ons!" (I Korintiërs 15:32). 'n Christelike lewensopvatting verplig die Christen-opvoeder om Christelik op te voed (Landman 1974 : 90).

Voordat daar oorgegaan word tot 'n bespreking van die Christelike gesin, die Christelike kerk en daarna die Christelike skool wil die skrywer in die lig van die beskrywing van 'n Christelike lewensopvatting die volgende onderskeiding maak betreffende gemeenskaplike en divergerende menslike kenmerke vanuit 'n Christelike perspektief (Tolsma 1988 : 165-168) wat sal dien as agtergrond waarteen die jeugdige se godsdiensbegeleiding van nader beskou sal word.

## (c) Gemeenskaplike en divergerende menslike kenmerke

### (i) Kenmerke teenwoordig by alle mense

Alle mense, hetsy hul gelowiges of ongelowiges is, openbaar vanuit die Christelike perspektief die volgende kenmerke:

1) Hulle is na die beeld van God geskape.
2) As gevolg van die sonde het dié goddelike beeld en die goddelike eienskappe wat daarmee gepaard gaan, verlore gegaan.
3) 'n Liggaam-siel entiteit.
4) 'n Vrye wil wat deur die sonde aangetas is.
5) 'n Sondige natuur (as gevolg van die ongehoorsaamheid van Adam en Eva).
6) Ongehoorsaamheid aan die Wet van God.
7) Geen goedheid in hulself geleë nie.
8) Hul suiwerheid van denke en die begeerte na morele vlekkeloosheid is bederf.
9) Ware kennis van God en Sy geregtigheid en van die geheimenisse van Sy Koninkryk het verlore gegaan.
10) Begeerte tot sonde heers in hul lewens.
11) Hul verdien die dood.

### (ii) Kenmerke van gelowiges

Wanneer hierdie kenmerke aangedui word, moet daar steeds in die gedagte gehou word dat die gelowige hier op aarde nog nie volmaaktheid bereik het nie en daarom is al die genoemde kenmerke onderworpe aan onvolmaaktheid in soverre hy as "herskape" mens daarby betrokke is. Die gelowige is:

1) Gelowig.
2) Staan in diens van God.
3) Die goddelike beeld van God is deur Christus in die mens vernuwe.
4) God skenk aan die gelowige goedheid en vryheid deur die Heilige Gees.
5) Die gelowige ervaar konflik: daar is by hom die begeerte om die goeie te wil en nie te kan nie.

6) Die gelowige het 'n sielsverandering ondergaan. Hy is wedergebore.
7) Deur Genade is die geneigdheid om te sondig genees.
8) Die gelowige vertrou op God om die strewe na die goeie in hom te verwesenlik.
9) Die gelowige se wil word deur die Heilige Gees verander na 'n wil om die goeie te doen.
10) Die gelowige het berou oor sonde deur die geloof.
11) Die gelowige het die Evangelie van Christus as waar aanvaar.
12) Die gelowige is 'n persoon wat tot bekering gekom het.
13) Die gelowige het 'n heilige vrees vir God.
14) Die gelowige ervaar 'n afsterwe van die vleeslike en 'n vernuwing van die gees (en verstand).
15) Die gelowige vrees en haat die sonde.
16) In die lewe van die gelowige is die uitkomste van die wedergeboorte sigbaar.
17) Die gelowige kan nie die onvergeeflike sonde pleeg nie.
18) Hy beskik oor kennis van God, Christus en die Heilige Gees, van God se wil en van Sy genade.
19) Die gelowige is met God versoen (deur Christus).
20) Die gelowige se geloof bly onvolmaak hier op die aarde.
21) Sy vlees en gees is altyd in stryd met mekaar.
22) Die gelowige se redding is verseker: hy is daartoe uitverkies deur God.
23) Die gelowige se verstand, hart, emosies en wil is by sy geloofslewe betrek.
24) Die gelowige vestig sy hoop op redding met die oog op 'n ewige lewe.
25) Hy is nog geneig tot die sonde (sy ou neiging het nog behoue gebly).
26) Hy is God se kind: geregverdig deur die geloof.
27) Hy ervaar geluk op aarde deurdat hy met Christus versoen is.
28) Hy sal volkome geluk ervaar in die hiernamaals wanneer hy 'n verheerlikte liggaam ontvang (en hy volkome met God versoen word).
29) Die gelowige oorwin in Christus die dood en beërf die hiernamaals.

Teenoor die gelowige staan die ongelowige en word daar vanuit die Christelike perspektief bepaalde kenmerke onderskei.

<u>(iii) Kenmerke van ongelowiges</u>

1) Hul is ongelowig.
2) Hul is sondig en verdorwe.
3) Hul is ongehoorsaam.
4) Daar is geen goedheid aanwesig nie.

5) Die ongelowige ervaar geen konflik ten opsigte van die goeie nie, aangesien hy nie die goeie wil doen nie.
6) Hy veg teen God.
7) Hy weier om aan die Wet van God gehoorsaam te wees.
8) Hy kan die onvergeeflike sonde pleeg deur God se genade te bly verwerp deur die verharding van sy hart.
9) Hy is nie verplig om sonde te doen nie, maar word deur die Duiwel verlei om aan God se roepstem ongehoorsaam te wees.
10) Die ongelowige word opgeroep tot bekering, maar is nie bereid om tot geloof en berou oor sonde te kom nie.
11) Die ongelowige verdien die dood.
12) Die ongelowige staan ook op uit die dood, MAAR ontvang die straf vir sy ongeloof, naamlik om van God geskei te wees.

Dit is vir die wetenskapper te betwyfel dat daar sprake kan wees van "geen" goedheid of "geen" konflik. Die ongelowige openbaar wel goedheid of ervaar wel konflik, maar dan anders gedefinieer as deur die Christen.

Daar is geen entiteite weggeneem van die gelowige nie. Alle mense het in 'n groot mate die goddelike beeld en goddelike eienskappe waaroor hul beskik het voor die sondeval verloor, maar dié beeld en eienskappe word deur die werking van die Heilige Gees by die gelowige vernuwe en in ere herstel.

Noudat daar meer duidelikheid verkry is betreffende 'n karakterisering van 'n gesin, 'n Christelike lewensopvatting, asook die mensbeskouing van die Christen, sal daar vir 'n wyle stilgestaan word by die aard en inhoud van die Christelike gesin.

(d) Die Christelike gesin

God het die huwelik eerstens ingestel met die doel dat 'n man en sy vrou in dié besondere verhouding tot Sy eer en verheerliking

moet lewe. Hulle lewe moet soos 'n driehoek werk. Verder het God met die gelowige ouer 'n verbond gesluit sodat al hulle kinders binne die verbondsdriehoek lewe. As gesinseenheid en verbondseenheid vereer hulle God op 'n besondere wyse (Algemene Jeugkommissie 1988 : 130).

Vir die doeleindes van hierdie studie word die Christelike gesin as voorbeeld van 'n tradisionele ouerhuis gekies. Die gesin is volgens Christelike beskouing, 'n instelling van God. Dit is dan ook die eerste en mees oorspronklike opvoedingsinstelling. Die huwelik is die grondslag van die gesin en 'n gesin kom tot stand as 'n kind uit daardie verbintenis gebore word (Hanekom 1976 : 11).

Die gesin word as primêre en natuurlike opvoedingsinstelling van God deur God self vir die opvoedingstaak verordineer (Fourie 1973 : 227). Ouers het dus 'n Godgegewe reg en plig ten opsigte van die opvoedingstaak van hul kind(ers), en is beklee met Goddelike gesag en verantwoordelikheid met betrekking tot die omhoogleiding van die kind (Greyling 1982 : 9-10).

Volgens Greyling (1946 : 20) is die kind in die Christengesin as 'n gevalle beeldraer van God die *uitgangspunt* van godsdiensopvoeding, maar met die wete dat die kind as kind van die genadeverbond in Christus Sy geregtigheid deelagtig is. Die *einddoelwit* van die godsdiensopvoeding deur die ouers is om die kind te lei om God te ken en te eer. Die *inhoud* van die godsdiensopvoeding omvat sowel Bybelkennis as die eerste beginsels

van die Christelike leer en sedelikheid soos hulle in die Bybel en in die Belydenisskrifte voorkom. Die *metode* is, volgens hom, die regte atmosfeer en voorbeeld in die gesin, sowel as die mededeling van die heilswaarhede "deur vertelling, voorlesing, oortuiging, gebed en van selfvinding en studie deur die kind."

In die Christelike ouerhuis bestaan die opvoeding van die kind(ers) daarin dat hy (hulle) eerstens religieuse onderrig ontvang en daarnaas ook algemene onderrig. Christelike ouers leer hul kinders die eerste beginsels van die kennis van God en Sy beloftes, soos in die Bybel geopenbaar. 'n Liefde vir God en die medemens word van kleinsaf by hulle ingeskerp (Kruger et al. 1972 : 218). In Deuteronomium 6:7-9 word hierdie taak duidelik beskryf : "Jy moet dit jou kinders inskerp (oor en oor sê) en daaroor spreek ..." Die ouers is van God se kant af verplig om hulle kinders op te voed in die vrees en weë van die Here (vide ook Deuteronomium 11:18-21; 32:46; Spreuke 1:8) (Bybelkor 1978 : 28).

Die godsdienstige opvoeding van die jeugdige in die Christen-gesin is, met ander woorde, die uitgangspunt en basis vir al die ander aspekte van die opvoeding en onderwys.

Volgens Gaulke (1975 : 75-76) "We teach Christian values by teaching, in words, the facts about God and man. But more important, we teach Christian values as we *cherish* and *act* upon them in our relationships with our children. For Christian values are more than facts or information. They are what we most deeply believe in, choose, prize, and act upon. And we transmit them not

simply by teaching *words* (e.g., "Forgive as you have been forgiven") but by living them out in our everyday relationships. It is as we forgive our children that they learn to be forgiving. Through trusting them they learn to be trustworthy." Die Bybel ondersteun, met ander woorde, wat sielkundiges rolmodelle noem. Kinders/Jeugdiges sal oor die algemeen uiteindelik die waardes van hulle ouers as waardevol aanvaar.

"A truly Christian home is a place where sinners live; but it is also a place where the members of that home admit the fact and understand the problem, knowing what to do about it, and as a result grow by grace" (Adams 1972 : 11).

Opvoeding het te make met verhoudinge, so ook godsdiens. Volgens Mow (1963 : 13) is ware godsdiens 'n kwessie van verhoudinge eerder as woorde. "Woorde is belangrik en het hulle regmatige plek, maar daar moet eers 'n ander fondament gelê word. *Hierdie fondament word in die gesindheid in die huis gebou.*"

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die Christen-huisgesin in 'n bepaalde verhouding sal staan ten opsigte van ander samelewingsverbande en dat die ouers ook bepaalde verwagtinge sal koester met betrekking tot die onderskeie samelewingsverbande, veral dié betrokke by die opvoeding van sy kinders.

Daar is beslis sekere opvoedingsbeperkings binne gesinsverband wat deur die ander samelewingsverbande aangevul kan en selfs aangevul moet word soos geblyk het uit die kursoriese beskrywing van die gesin en verder onderstreep sal word in die beskrywing van die

kerk en die skool se uitgangspunt (archimedespunt), terrein, moontlikhede, beperkinge, ensomeer. Daar sal vervolgens stilgestaan word by die kerk se bydrae tot die godsdiensbegeleiding van die jeugdige.

### 3.5.4.3 Die Kerk

Die woord kerk is afkomstig van die Griekse woord kuriakon wat dui op huis van die Here en kurios wat beteken heer (Odendal et al. 1992 : 543). Volgens Botha (1974 : 149) dui kuriake op "dit wat aan die Here behoort."

'n Ander woord wat gebruik word as aanduiding van die kerk is ekklesia (gemeente) soos deur Paulus gebruik in I Korintiërs 1:2. Saam met die gedagte van die ekklesia gaan die beeld van die kerk as volk (Romeine 9:24-25). Die term ekklesia is een van die begrippe wat in die Nuwe Testament die meeste aangewend word as aanduiding van die gemeenskap van diegene wat glo in Jesus, die Gesalfde, Christus. Gewoonlik word dit met kerk of gemeente vertaal, hoewel nie een van hierdie begrippe 'n presiese weergawe is van wat in die begrip self opgesluit is nie (Botha 1974 : 149-150).

Wanneer die begrip kerk omskryf moet word sonder om na 'n spesifieke kerk of geloof te verwys, word dit beskryf as "die vergadering van gelowiges met dieselfde belydenis" (Van Vuuren 1969 : 85). Die wese van die kerk is dat hy as die draer van die godsdiens diens verrig (Van Loggerenberg et al. 1978 : 102).

Volgens Van Loggerenberg et al. (1978 : 102) dring alle godsdienstige lewe aan op 'n vereniging van geloofsgenote waarbinne die geloofsgenote hul godsdienstige gevoel en oortuiging kan uitleef en deur mekaar versterk kan word. Die kerk is, met ander woorde, 'n instelling wat uit die gemeenskap ontwikkel en wat die normering van die godsdienstige lewe en die organisering van die gemeenskap vir die godsdienstige lewe ten doel het.

Die Christelike kerk vind sy eenheid in Christus. Die Christelike kerk openbaar homself in verskillende vorme, naamlik: die strydende en triomferende kerk, die sigbare en onsigbare kerk, terwyl die sigbare kerk 'n tweërlei karakter, naamlik as instituut of organisasie, openbaar (Van Loggerenberg et al. 1978 : 103).

Volgens Greyling (1982 : 7) moet daar eerstens onderskei word tussen die kerk na sy wese en na sy openbaring:

* na sy wese is die kerk die corpus mysticum Christi; dit is die mistieke liggaam van Christus wat die gelowiges van alle eeue omvat (vide paragraaf 3.5.4.3 (b));
* die ganse sigbare Christelike kerk openbaar homself in die kerk as instituut en die kerk as organisme (NG Kerk 1966 : 195) (vide ook paragraaf 3.5.4.6 (f)).

Die kerk as instituut is die openbaring van die mistieke liggaam van Christus in die byeenkomste, bedieninge en ampte, en in die optrede en getuienis van die gelowige as profeet, priester en koning onder die leiding van die besondere ampte (NG Kerk 1966 : 195). "Die kerk as instituut openbaar 'n goed georganiseerde

vorm en so is daar ampte en ampsdraers, gereelde samekomste van die lidmate, seremonies, bediening van genademiddels en belydenis. Die funksie van die kerk as instituut is die bediening van die Woord en sakramente en vir die heilighouding van die verbond van genade. Dit moet die eenheid van geloof bewaar (Van Loggerenberg et al. 1978 : 103). Die taak van die ampte is van besondere belang.

Die kerk as organisme is die openbaring van die mistieke liggaam van Christus in die roeping en amp van die gelowige as profeet, priester en koning op alle lewensterreine, in alle lewensverbande en in alle lewensituasies - spontaan, ongeorganiseerd en/of georganiseerd (NG Kerk 1966 : 195). Onder die openbaring van die kerk in organiese vorm word verstaan "die lewe van die gelowiges in die algemeen, die algemeen Christelike kerk, die gemeenskap van die gelowiges in Christus. Die organiese kerk brei hom dus uit ver buite die grense van die kerk as instituut. Dit openbaar hom in die persoonlike Christelike lewe, die Christelike huisgesin, die Christelike verenigingslewe (dus ook die verenigingslewe van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging), volkslewe, wetenskap, kuns en staat" (Van Loggerenberg et al. 1978 : 103) (eie invoeging). Hoewel genoemde sake nie los staan van die kerk as instituut nie, is hulle tog daarvan te onderskei (vide ook paragraaf 3.5.4.6 (b) (2)).

Volgens Van Loggerenberg et al. (1978 : 103) kan die kerk as instituut nog ontbreek met betrekking tot die wese van die kerk, maar nie die organiese lewe nie, aangesien geen kerk van Christus

daarsonder is nie. Die organiese lewe gee aan die kerk as instituut sy waarde en betekenis.

Vir Christene dui die woord kerk op 'n groep of afdeling Christene wat dieselfde geloof het, dieselfde vorm van erediens het; 'n bepaalde kerkgenootskap. Dit dui verder op die gemeenskap van gelowiges: die kerk is die bruid van Christus (Efesiërs 5:25-28) en verder dui dit op die kerklike gesag as geestelike owerheid (Odendal et al. 1992 : 543).

Vanuit die Bybel sou mens na aanleiding van Vosloo et al. (1993 : 2065) die kerk kon omskryf as 'n plaaslike groep gelowiges (Handelinge 8:1), maar ook as een wêreldwye kerk (Matteus 16:18) en kerk as gelowiges van alle eeue (Efesiërs 5:25).

Wanneer dit gaan oor die wese van die kerk is daar soveel uiteenlopende menings as wat daar gelowe is (Van Zyl et al. 1970 : 86), want die verskillende kerke het elk hul eie dogma wat hul onderskryf - daarom is godsdiensopvoeding binne gemeente-verband dogmaties van aard. Ten spyte van al die verskille en verdeeldheid wat daar mag wees, moet ons daaraan vashou dat die Here net een kerk het (net een kudde)" (Algemene Jeugkommissie 1988 : 73).

Hierdie uitspraak van die Jeugkommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is vir die onderhawige studie van besondere belang, omdat dit juis die aanvaarding van die eenheid van die verskillende Christelike denominasies, ten spyte van verskille, bevestig, en daarom die bestaan en bediening van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging as opvoedingsmoontlikheid onderstreep

en bevestig. Daar word vandag verskeie oproepe tot ekumeniese samewerking gemaak, binne die kerk en buite die kerk (vide paragrawe 5.3.9.4 en 6.13). Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging het hom tot nouer skakeling met die afgestigte Christen-Studenteverenigings (vide paragrawe 1.5.2.5 en 1.5.2.6) verbind en gaan hom beywer vir "normalisering" van verhoudinge (vide ook paragraaf 4.2.7).

Die doel van die kerk is diens aan God en kennis van God. Die funksie van die kerk as instituut is om die Woord en die sakramente te bedien en te sorg vir die heilighouding van die verbond van genade en om die eenheid van geloof te bewaar (Van Loggerenberg et al. 1978 : 103).

Die kerk besit as samelewingsverband 'n eie gesagstruktuur. Alhoewel die kerklike ampsdraers gesag uitoefen oor die gemeentelede, moet ampsdraers en gemeentelede hulle aan Jesus Christus onderwerp as die een wat oor die hoogste gesag beskik. Hy is Profeet, Priester en Koning van Sy kerk (Spier 1972 : 98).

Wanneer daar oor die kerk en sy taak gepraat word, is dit wenslik om te let op die betekenis van begrippe soos dogma, kerugma, konfessie, geloofsbelydenis en corpus misticum Christi. Daar sal vervolgens by elk van hierdie begrippe stilgestaan word. Eerstens word daar by die begrip **dogma** stilgestaan.

(a) Dogma

Die woord dogma is afgelei van die Griekse woord dokeo wat beteken "goed lyk" en dui op 'n (kerklike) leerstuk, onomstootlike leerstelling (Odendal et al. 1992 : 162) (vide paragraaf 5.3). Dit is die kerk se taak om die jeugdige, ook volwassenes, hiermee vertroud te maak.

**Kerugma** is die volgende begrip waarby daar stilgestaan word.

(b) Kerugma

Kerugma (kerigma) is afkomstig van die Griekse woord kerugma (selfstandige naamwoord - verkondiging) of kerussein (werkwoord - verkondig) wat dui op die verkondiging van die evangelie, veral die oorspronklike verkondiging en prediking deur die apostels (Odendal et al. 1992 : 543).

Die derde begrip waarby daar stilgestaan word, is **konfessie.**

(c) Konfessie

Die woord konfessie is afkomstig van die Latynse samestelling **con** (heeltemaal) en fateri (bevestig) wat dui op 'n belydenis of erkenning van skuld (Odendal et al. 1992 : 596).

Naas konfessie word die begrip **geloofsbelydenis** ook onderskei.

<u>(d) Geloofsbelydenis</u>

'n Geloofsbelydenis is 'n verklaring van 'n godsdienstige oortuiging of credo óf die Formulier wat so 'n belydenis of credo bevat (Odendal <u>et al</u>. 1992 : 261) (<u>vide</u> paragraaf 2.2).

Die laaste begrip waarby daar stilgestaan word, is **Corpus misticum Christi**.

<u>(e) Corpus misticum Christi</u>

In Efesiërs 1:22-23 word die kerk as die liggaam van Christus beskryf. Die kerk is, met ander woorde, die mense wat aan die Here Jesus Christus behoort. Die woord wat in die Bybel vir "kerk" gebruik word, het die betekenis van mense wat die Here na Hom geroep het. Die kerk is die mense wat die Here uit hul sonde en verlorenheid na Hom geroep het. Volgens die Nederlandse Geloofsbelydenis (<u>vide</u> paragraaf 2.2), artikel 27 is die kerk "'n Heilige vergadering van gelowiges wat gewas is deur die bloed van Christus", terwyl die Heidelbergse Kategismus (<u>vide</u> paragraaf 2.2), antwoord 54, sê: "Die Seun van God het vir Hom uit die ganse menslike geslag 'n gemeente vergader" (Algemene Jeugkommissie 1988 : 72).

Daar sal vervolgens 'n oorsigtelike aanduiding van ooreenkomste en verskille met betrekking tot dogma, kerugma, konfessie, geloofsbelydenis, **<u>Corpus misticum Christi</u>**, en ander aanverwante begrippe beskryf word.

(f) Ooreenkomste en verskille betreffende bogenoemde begrippe

**Kerugma** dui op verkondiging en prediking, terwyl dogma dui op kerklike leerstukke waarin dit wat die kerk glo in die Bybel staan in sake dit wat geglo moet word, beskryf is. 'n **Geloofsbelydenis** omsluit hierdie dogma en staan bekend as 'n Formulier van 'n belydenis wat 'n persoon wat geloofsbelydenis aflê onderskryf as die waarheid. 'n **Konfessie** dui weer op skuldbelydenis, teenoor belydenis. **Corpus misticum Christi** dui weer op die kerk as liggaam van Christus, alle Christelike kerke, nie net 'n bepaalde kerk nie.

Vervolgens enkele opmerkinge met betrekking tot die kerk se opvoedingstaak.

(g) Die kerk se opvoedingstaak

Uit die geskiedenis van die kategese blyk dit, volgens Greyling (1946 : 20-21), dat in die eerste eeue van kerkweë geen voorsiening gemaak is vir die onderwys van verbondskinders in die Christelike leer nie, maar was dit die taak van die ouers. Die Hervormers het in 1618 die ouers aan hul pligte gehou, maar die taak van die kerk het weer hoofsaaklik na die skool verskuif. Volgens Greyling (1946 : 22) is dit die "plig van die kerk om toe te sien en te sorg dat die kind gebring word tot die kennis van God, tot sy verheerliking en tot belydenis van die geloof volgens die leer van die kerk self."

Die kerk se primêre taak is, volgens Van Vuuren <u>et al</u>. (1970 : 85), nie om op te voed in dieselfde sin as die gesin (of die skool) nie. Die kerk se taak is eerder om te waak oor die religieuse lewe van die lidmate, om die sakramente te bedien en die geloof te voed en te versterk. Die rol van die kerk word ook bepaal deur die besondere geloof waaraan mense behoort. Daarby het die aandeel van die kerk verander, aangesien ander instansies as net die gesin en die kerk vir die opvoeding van die jeugdige verantwoordelik is.

Die kerk het 'n belangrike godsdienstige opvoedingsfunksie wat verband hou met sy tweërlei vorme as institutêre kerk en organiese kerk. As instituut is die opvoeding amptelik en word dit deur die kerk self onderneem in die amptelike bediening van die gemeente (Van Loggerenberg <u>et al</u>. 1978 : 103).

Die kerk se spesifieke taak is om die Evangeliewaarheid te verkondig en om deur die Sondagskool en die katkisasieklas die kinders van die gemeente op te voed tot lidmate van die kerk (Gunter 1964 : 451).

Die kerk het 'n opvoedende taak omdat dit doelgerig en opsetlik onderrig gee aan die jeug met betrekking tot 'n besondere belydenis (Van Vuuren <u>et al</u>. 1976 : 85), by wyse van byvoorbeeld kategese. Diegene wat as kategete optree by die kerk is egter meestal nie pedagogies onderlê nie. Die didaktiek van die persone kan hoogstens as kwasi-didakties beskou word (met uitsondering van

diegene (onderwysers) wat wel didakties onderlê is) (Roelofse 1994) (eie invoeging).

Die kerk moet, met ander woorde, die jeug inlei in die Belydenisskrifte anders gaan hul vir die kerk verlore. Die jeug moet gelei word tot selfstandige belydenis van geloof en aanvaarding van die verbond met God (vanuit 'n Christelike perspektief) met die uiteindelike doel om God te verheerlik. Hierdie opvoedingstaak verrig die kerk self sonder die hulp van die huis of skool (Van Loggerenberg et al. 1978 : 104).

Verskeie kerke voorsien op informele wyse ook vir die jeugdiges by wyse van jeugaksies/jeugverenigings. Hierdie faset van die kerk se jeugbediening is meer sosiaal van aard. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het in 1974 besluit om hul jeug in kerkjeugaksies vir die verskillende groepe, voorskools en primêre skoolleerlinge (Junior Kerkjeugaksie), sekondêre skool leerlinge (Senior Kerkjeugaksie) en werkende lidmate (Belydende Kerkjeugaksie) te organiseer met die bedoeling om tydens die kategese aan die leer aandag te gee en deur middel van die jeugaksies aan die lewe van die leer uitbouing te gee (vide paragraaf 5.4.1.3). Ook diegene betrokke by die meeste jeugaksies is nie pedagogies onderlê nie en sou by die Pedagogiek kon leer.

Volgens Du Toit (1994 : 10) was die kerklike jeugaksies nie so geslaagd as wat die kerk (by name die Nederduitse Gereformeerde kerk) dit sou wou gehad het nie. Volgens hom was daar 'n tyd toe die Afrikaanse Christen-Studentevereniging in die hoërskole en by

universiteite 'n vanselfsprekendheid was. Sedert die begin van die sestigerjare het hierdie prentjie, veral in Transvaal, drasties verander. Een rede was die visie van leidende jeugleiers van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van 'n kragtige eie kerklike jeugaksie waarin die kerk vir sy jeug sal sorg. Du Toit sê dat die kerkjeugaksies nooit ten volle kon slaag om die vakuum wat ontstaan het ná die ontbinding van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se takke te vul nie.

Van Zyl (1994 : 6) voer verskeie redes aan waarom die klem van kerklike aksies na die gesin moet verskuif. Dit is nie duidelik of hy die jeugaksies insluit by hierdie aksies wat na die gesin moet verskuif nie, maar indien dit wel so is, dan sou dit beteken dat die kerk (by name die Nederduitse Gereformeerde Kerk) nie jeug-aksies buite die gesinsverband behoort te inisieer nie, maar eerder die gesinsbande sal verstewig. In die lig van die voorafgaande paragrawe ontstaan die vraag: Wat is die taak van die kerk dan?

Leeson (1947 : 199) beskryf die taak van die kerk soos volg: "Her true task is by her Master's grace to pray and labour that the state, the school and the home and all their operations may be penetrated and informed with His Spirit; she will stand ready always to advise and assist, teaching and teaching over again in season and out of season the message delivered to her - the message that never changes, but that always requires to be newly interpreted to each generation in language that lives. Always she stands for the revealed law of God overriding all human law, with

which all human law must be brought in harmony. She must not ask schools to do her work for her; and she cannot do the work of the schools for them, but embodying, as she should in all her operations, freedom and vitality of spirit, intellect and conscience, she can strengthen the schools for their task by the power of her missionary enterprise inside them and outside."

Volgens Waterink (1951 : 589, 593), 'n Nederlandse Calvinistiese opvoeder, is dit 'n feit "dat de kerk er belang bij heeft niet alleen de opvoeding van ander gade te slaan en te stimuleren, maar dat zij ook zelve opvoedt, dat zij een vrij uitgebreide paedagogiesche taak heeft, dat zij belang heeft bij de opvoeding in de school, en door de school; kortom er is bijna geen gebied, waar kerk en opvoeding elkaar niet raken." Volgens Waterink is "opvoeding tot de kerk van Christus de kroon van alle paedagogiesche arbeid."

Met hierdie enkele opmerkinge word volstaan. Daar sal vervolgens kortliks stilgestaan word by die derde samelewingsverband betrokke by die godsdiensopvoeding van die jeugdige, naamlik die skool, waarby inbegrepe is buite-kurrikulêre aktiwiteite, waaronder die Afrikaanse Christen-Studentevereniging dan sou ressorteer.

### 3.5.4.4 Die skool

#### (a) Inleiding

Die skool dien as aanvulling vir die huisgesin. Sy primêre funksie

is om dié werk te doen wat die gesin nie by magte is om te doen nie. Die skool is die plek waar kinders formele, sistematiese (intellektuele) onderwys ontvang om hulle sodoende vir hul lewe as volwassenes voor te berei deurdat hulle kennis en vaardighede verwerf en die vermoë tot selfstandige denke ontwikkel (Gunter 1964 : 449-450).

Volgens Van Vuuren et al. (1976 : 378) kan die skool gedefinieer word "as 'n spesifieke lewensverband, nl. een van opvoedende onderrig, waarin opgroeiende en ontwikkelende kinders opgelei word deur middel van gedifferensieerde leerstof op 'n metodies besonne wyse onderworpe aan sekere norme."

Die skool is, met ander woorde, nie 'n natuurlike instelling nie, maar eerder 'n produk van die kulturele ontwikkeling van die mens. Die skool is in die lewe geroep om sekere funksies namens die ouerhuis te verrig en om die ouerhuis aan te vul, omdat die kultuurgoedere in omvang toegeneem het (Van Vuuren et al. 1970 : 81).

Die onderwysers (volwassenes) beskik oor besondere kennis van die kultuurinhoude as 'n sisteem. Die onderwyser steun die jeugdige formeel om hierdie inhoude sistematies te leer ken (te verower). Die skool se hooftaak is die kognitiewe of bewussynsvorming van die jeugdige (Van der Stoep et al. 1968 : 30). Dit beteken egter nie dat die jeugdige nie ook affektief, vollisioneel, liggaamlik en religieus gevorm word nie, want die onderwyser het as opgawe om

die jeugdige-in-totaliteit tot selfverwesenliking, met ander woorde, tot volwassenheid te begelei (Sonnekus 1975 : 23).

Vanaf ongeveer sy sesde lewensjaar (afhangende of hy kleuterskool toe gaan of nie) maak die kind kennis met 'n tweede belangrike omgewing, naamlik, die skool. Die skool lê in 'n toenemende mate beslag op die kind se tyd en kragte. Daar word algemeen aanvaar dat daar 'n mate van oorvleueling van die funksies van die ouerhuis en die skool is, maar elkeen het ook 'n eie taak en roeping om te vervul. In die moderne wêreld is die ouerhuis nie by magte om op doeltreffende wyse die intellektuele vorming van die kind te behartig nie. Die skool is in besonder toegerus om kunde en vaardighede op sistematiese wyse aan die kind oor te dra, omdat daar 'n formele, ordelike milieu geskep word. Die jeugdige word in die skoolsituasie bewus gemaak van talle aspekte van die lewe en van die eise wat aan hom gestel sal word in die uitvoering van sy lewenstaak (Kruger et al. 1972 : 222-223) (eie invoeging).

Omdat daar geen duidelike skeidslyn is tussen opvoeding en onderwys nie, is die onderwyser ook geroepe om aandag te skenk aan die opvoeding van die jeugdige en word hy op dié manier ook aanvullende ouer (Kruger et al. 1972 : 222). Die skool se taak kan as pedagogies-didakties beskryf word (Roelofse 1994).

Die skool het as taak milieuskepping. Die onderwysers en die leerlinge, die binne- en buitemuurse/buite-kurrkulêre bedrywighede (ook die Afrikaanse Christen-Studentevereniging) help almal om die skoolmilieu te skep. Deur 'n gesin in die groot en 'n gemeenskap

in die klein te wees, vorm die skool 'n brug vir die jeugdige tussen die gesin waaruit hy kom en die samelewing waarin hy as "beskawingsmondige" sy plek moet vol staan (Van Vuuren et al. 1976 : 387-388) (eie invoeging).

Soos wat die jeugdige groter distansie van die werklikheid deur niveau-verheffing in die ontwikkelingsgang verkry, word dit nodig om die jeugdige op 'n sistematiese wyse te help om die kultuur of lewensinhoude waarheen hy op weg is, te verower. Om die jeugdige hiermee te help, skep die ouers (aldus die gemeenskap) die skool (Gordon 1969 : 151). Werklike aanvaarding en toe-eiening van die kultuur deur die jeug word, volgens Van Vuuren et al. (1976 : 387), slegs voltrek wanneer die jeugdige die kultuur verstaan teen die agtergrond van sy verhouding tot God en sy medemens. Van Vuuren beweeg, na die skrywer se oordeel, hier reeds op die terrein van 'n partikuliere lewens- en werklikheidsbeskouing. Die skrywer sou eerder wou sê dat die jeugdige die kultuur verstaan teen die agtergrond van sy verhouding tot die transendentale (vir die Christen-gelowige sou dit dui op die jeugdige se verhouding tot God drie-enig). Daar word in paragraaf 3.5.4.4 (b) by die Christelike skool in besonder stilgestaan.

Bo en behalwe hierdie primêre taak van die skool het dit mettertyd ook 'n opvoedingsinrigting geword en is daarom nou ook verantwoordelik vir die opvoeding van die hele jeugdige, met ander woorde, hoof, hart en hand. Daar moet voorsiening gemaak word vir die verstandelike, sedelike, estetiese, liggaamlike, sosiale en godsdienstige opvoeding van die jeugdige (Gunter 1964 : 450).

Die skool kan egter nooit as bloot net 'n verlengstuk van die huis beskou word nie. Die skool besit 'n eie terrein, taak, roeping en opdrag en is bevoeg om oor eie sake met eie gesag te kan beslis (Schoeman 1975 : 65) en behoort ook nie aan die ouers nie (al het ouers vandag inspraak in skoolsake in Suid-Afrika in 'n groter mate as in die verlede), maar die onderwyser mag nie uit die oog verloor dat elke jeugdige primêr uit 'n besondere gesinsverband kom nie, wat weer op sy beurt tot 'n bepaalde volksverband behoort (vide paragraaf 1.2.1.1 (a)), waar 'n besondere lewens- en werklikheidsbeskouing (vide paragraaf 1.2.1.1 (b)) geld. Die seggenskap van die skool word daardeur begrens - die jeugdige mag nie as 'n blote nommer beskou word nie asof hy die privaatbesit van die skool (of staat) is nie. Jeugdiges se opvoeding in die skool moet, met ander woorde, ook lewensbeskoulik en nasionaal aansluit by die huisgesinne en die volk waartoe hulle behoort (Van Vuuren et al. 1976 : 371-372) (eie invoeging).

Van Vuuren et al. (1976 : 379) konstateer dat alle gesinne of ouergemeenskappe nie dieselfde lewens- en werklikheidsbeskouing onderskryf nie en hy daarom differensiasie op grond van lewens- en werklikheidsbeskouing as eis stel. Indien die skool 'n mengsel van kulture oordra, in stede van om vir 'n bepaalde samelewing op te voed, sal ontwrigting plaasvind (vide paragrawe 6.14.5 en 6.14.6). Die verband tussen die skool en die lewe raak los en so 'n samelewing is op pad na 'n val (soos deur die geskiedenis getoon volgens Van Vuuren).

Volgens Denison (1990 : 2) word kultuur deur waardes, norme en

beginsels bepaal (met ander woorde deur 'n persoon se oortuigings, ook geloofsoortuigings, sy lewensbeskouing). Kultuur oefen invloed uit op sowel die kind (jeugdige) as die onderwysleier (onderwyser) se ingesteldheid (Stonich 1982 : 34) (eie invoeging).

'n Vraag wat hom nou voordoen is of dit werklik moontlik is om lewensbeskoulik en nasionaal by die huisgesinne en die volk(ere) aan te sluit? Dit is, na die skrywer se mening, slegs in breë trekke moontlik. Volgens Van Vuuren et al. (1976 : 379) behoort die skool die verskeidenheid van lewens- en werklikheidsbeskouinge wat in die groot gemeenskap (samestellend en/of nasionaal) bestaan, te weerspieël. Dit is in die nuwe Suid-Afrika, en ook vir die Afrikaanse Christen-Studentevereniging in besonder, van belang om die haalbaarheid hiervan te bedink (vide paragrawe 6.14.5 en 6.14.6).

Volgens Van Vuuren et al. (1976 : 379) is dit die taak van die skool om dit wat die groepe wat in die gemeenskap met mekaar gemeen het en hulle aan mekaar bind, aan alle jeugdiges in die gemeenskap oor te dra. So vervul die skool die taak van die beskerming van die eenheid-in-die-verskeidheid en daardeur die bestaan, voortbestaan en ontwikkeling van die betrokke gemeenskap. Die skool funksioneer nie geïsoleerd van die samelewing nie.

Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging sou 'n belangrike eenheidskakel kon wees met betrekking tot die Christendom waardeur Christen-gelowiges dit wat hulle gemeen het en wat hulle aan mekaar bind, kon beskerm via die skool as fasiliteerder.

Dit wil vir die skrywer voorkom of Van Vuuren homself weerspreek, so nie bepleit hy differensiasie, maar ook skakeling - op watter wyse is nie duidelik nie - dit sou in die nuwe Suid-Afrika van belang wees om na te vors in hoe verre differensiasie en skakeling betreffende lewens- en weklikheidsbeskouinge binne een skool versoenbaar is (vide paragraaf 6.14).

Volgens Krüger (1994 : 15) is daar vier basiese modelle wat oorweeg kan word om die dilemma betreffende godsdiensonderrig op skool in die nuwe Suid-Afrika aan te spreek, naamlik:

* die **sekulêre model** - dan word godsdiensonderrig uit skole geban;
* die **mono-godsdienstige model** - in hierdie model word een godsdiens as amptelike godsdiens gekies en in die skoolstelsel gereflekteer. Daar word wel ruimte gelaat vir ander godsdienste om hul eie geriewe vir leerlinge te skep of buitemuurse klasse aan te bied. Laasgenoemde model is die een wat tot nou toe in Suid-Afrika gefunksioneer het;
* die **partikularistiese model** - dan word verskillende godsdienste wel in die algemene skoolstelsel geakkomodeer, maar leerlinge of skole kies een uit die verskeidenheid en leerlinge leer steeds niks van ander gelowe nie;
* die **geïntegreerde pluralistiese of godsdiensstudie-model** - dan word leerlinge, met inagneming van rypheidsgraad en behoeftes van plaaslike gemeenskappe, opgevoed om al die hoofgodsdienste in die gemeenskap te verstaan. Binne die Suid-Afrikaanse konteks sou dit die volgende godsdienste behels: Afrika-godsdiens, Judaïsme, Christendom, Islam en Hindoeïsme. Dit gaan

in hierdie model om wedersydse begrip oor kultuur en godsdiensgrense heen aan te moedig (vide ook paragraaf 6.14.5).

Volgens Van Vuuren et al. (1976 : 380) beteken "Opvoeding vir die eie samelewing en die oordra van die kultuur van die bepaalde samelewing aan die jeug ... geensins die uitsluiting van kennis en ervaring van ander kulture nie. Die benadering tot 'n ander kultuur, die vertolking daarvan en die gesindheid daarteenoor is egter anders en soms heel anders as vir die samelewing waaraan die bepaalde kultuur eie is." Hierdie aanhaling dui op die uitdaging wat vir die onderwys in Suid-Afrika (ook vir die Afrikaanse Christen-Studentevereniging) met die toenemende beweging na kruiskulturele skakeling wag in die huidige tydsgewrig. Die "normaliseringsfunksie" wat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging in 1994 ten doel gestel het, sal in die lig van die voorafgaande van belang wees wanneer strategieë bedink word om hierdie funksie tot uitvoer te bring sonder dat daar op verval van die gemeenskap of mislukking van doelstelling afgestuur word (vide paragraaf 6.14.7).

Dit is 'n ope vraag watter model of kombinasie van modelle die regte keuse sal wees vir Suid-Afrika (vide paragraaf 6.14.6). Wat wel van belang is met betrekking tot hierdie monografie is hoe die verhouding van die huisgesin, skool en kerk tot mekaar geraak gaan word, aangesien daar reeds gekonstateer is dat die ouers bepaalde verwagtinge van die skool as hul plaasvervanger(s) koester. Die vraag wat hom voordoen, is of daar sprake van "neutrale onderrig en opvoeding" kan wees? Uit die skrywe van verskeie opvoedkundiges

wil dit voorkom asof dit nie moontlik is nie en daarom sal daar indringend gekyk moet word na die hele kwessie van godsdiensonderrig op skool, maar ook die lewens- en werklikheidsbeskouing(e) wat in die onderwys en opvoeding van 'n bepaalde skool gaan meespreek (vide ook paragrawe 5.3.9 en 6.14.5). Die werklike impak van die besluite wat nog geneem moet word en wat die verhouding huisgesin-skool-kerk indringend gaan raak, sal eers mettertyd bepaal kan word en sou in die toekoms in meer besonderhede nagevors kon word, hoewel die skrywer wel enkele opmerkinge dienaangaande maak (vide paragrawe 6.14.6 en 6.14.7). In hierdie monografie sal daar veral beskryf, ge-evalueer en aanbevelings gemaak word vanuit die huidige huisgesin-skool-kerk verhouding.

Die skool is, volgens Strydom (ongedateer : 60) nie 'n institutêre samelewingsverband soos die kerk nie, maar dit is ook nie 'n natuurlike lewensgemeenskap soos die gesin nie. Dit is 'n eiesoortige samelewingsverband wat 'n gelykwaardige posisie het teenoor die ander instellings onder bespreking. Dit het 'n tipiese struktuur-eenheid en 'n bepaalde gesagsverhouding met 'n eie strukturele identiteit, ten spyte van die wisseling van indiwidue wat daaraan deel het.

Die skool moet nie as 'n verbygaande fase in die lewe van die jeugdige gesien word nie. Daar word fondamente gelê wat die jeugdige dra en stut deur sy hele lewe. "In die skool word verhoogde eise aan die kind gestel, omdat i) die gemeenskap aldaar groter is, ii) die belange en vermoëns van sy medeskoliere meer

uiteenlopend is en iii) die huislike agtergrond van almal in 'n meerdere of mindere mate verskil. Van elke kind word verwag om sy plek daar vol te staan. Verder val die klem op liefde vir sy naaste (maats), respek vir sy meerderes (onderwysers) en maak hy op sy beurt ook aanspraak op respek en waardering van andere vir sy persoon" (Kruger et al. 1972 : 225). Volgens Lovell (1971 : 260) het die skool 'n besondere taak betreffende die jeugdige: "... ordinary adolescents must be made to feel that they are really being taught; that there are many worth while things to do; that their opinions and feelings count; that school recognises the status they wish to have, and often do have, outside school; and that school has a real bearing on what they will do when they leave." In watter mate die skole daarin slaag om aan hierdie verwagtinge te voldoen is 'n ope vraag. Dit is nodig dat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging rekening hou met die menings en gevoelens van die jeugdiges; hulle as jeugdiges met 'n bepaalde status beskou en dat die godsdiensbegeleiding hulle sal voorberei vir die lewe nadat hulle die skool verlaat het.

Die interpretasie van liefde vir maats en respek vir meerderes, selfwaarde en aanverwante sake word bepaal vanuit 'n bepaalde lewensopvatting (vide paragrawe 1.2.1.1 (b) en 3.5.4.2 (b)) en daarom vind ons die onderskeiding Christelike skool versus byvoorbeeld Moslem skool.

Die skool is oorspronklik deur die ouers in die lewe geroep om hulle te help met hul opvoedingstaak. Daarom moet die skool, volgens Landman (1974 : 100), deeglik bewus wees van die lewens-

opvatting van die ouers. Christen-ouers het dus, volgens Landman, die reg om te stry vir 'n skool vir Christen-kinders. Daar sal vervolgens stilgestaan word by die Christelike skool.

(b) Die Christelike skool

In die Christelike skool bestaan daar geen wesenlike verskille tussen die opvoedingstaak van die huis en die skool nie. Die verskille wat bestaan is ten opsigte van beklemtoning en organisasie (Landman 1974 : 103).

Die Christen-ouers arbei hoofsaaklik aan die gemoedslewe van die jeugdige met die doel om Christelike gesindhede by die jeugdige te wek sodat hy in die menslike waaraan hy deelneem en die verhoudinge wat hy skep uiteindelik die Christelike beeld (normbeeld) van volwassenheid kan toon (Landman 1974 : 103-104).

Volgens Landman (1974 : 104) mag die skool egter ook nie die gemoedslewe van die jeugdige ignoreer nie, want ook die skool moet 'n positiewe ingesteldheid wek met betrekking tot verhoudinge en menslike bedrywighede.

Die Formulier om die doop aan die kinders van gelowiges te bedien (1980 : 111) wys reeds op die eenheid van die ouerhuis en skool, aangesien dit voorsiening maak vir die "laat onderrig" van die dopeling. As plaasvervangende ouer behoort die Christen-onderwyser die eise van die Doopbelofte in ag te neem. Die Christen-ouer en onderwyser moet die jeugdige ooreenkomstig die Doopbelofte opvoed.

"Vir die Christen-opvoeder is die samewerking van huis en skool noodwendig, want op die wyse kan daar die beste die geestelike volwassenheid van die jeugdige, wat albei as roeping het, bevorder word" (Landman 1974 : 104).

Die Christelike skool is soewerein in eie kring met betrekking tot sy eiesoortige opvoedingsbemoeienis. Hieronder resorteer alle terreine, ook die didaktiese terrein, mits die skool nie in stryd met die Christelike lewensbeskouing van die ouers is nie (Coetzee 1965 : 287). Dit geld ook die inwendige beheer en inrigting van die skool (Fourie 1973 : 107).

Alle skoolbedrywighede, ook buitemuurse/buite-kurrikulêre aktiwiteite, staan in diens van die Christelike doel van opvoeding en onderwys en werk saam met die ouerhuis, die klaskamer en die kerk om dieselfde doel te bereik, naamlik die kweek van 'n volwaardige Christelike volwassene (Schutte 1977 : 7). Dit is nie in die samelewing van vandag meer noodwendig so nie (vide paragraaf 3.2.2).

Dit is 'n ope vraag vir hoe lank die onderwys in Suid-Afrika nog Christelik gaan wees en of daar sprake van 'n Christelike opvoedingsdoel sal wees in Suid-Afrika? (Christelik in hierdie konteks omsluit nie die Mohammedaanse of Joodse geloof nie (vide paragraaf 1.4)) (vide ook paragraaf 6.14.2 betreffende die onsekerhede met betrekking tot die onderwysbeleid in Suid-Afrika in die huidige tydsgewrig).

Volgens Greyling (1946 : 22) is ware godsdiensonderwys in "'n anti-kerklike of neutrale skool" ondenkbaar. Wat hom betref moet die gees, doel, leerplan, metodiek, tug, personeel, organisasie, beheer en werksaamhede gerig word deur die Christelike lewens- en wêreldbeskouing. Die polemiek in sake Christelike onderwys teenoor neutrale onderwys is tans in die brandpunt. Indirek het hierdie polemiek betrekking op die onderhawige studie in soverre die voortbestaan van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging moontlik daardeur geraak kan word (vide paragraaf 6.14.6).

Buitemuurse/buite-kurrikulêre aktiwiteite of verenigings, by name ook die Afrikaanse Christen-Studentevereniging, staan met betrekking tot die Christelike ouerhuis en skool in diens van die Christelike doel van opvoeding en onderwys.

Vervolgens die een en ander oor verenigings in die algemeen en meer spesifiek oor die Afrikaanse Christen-Studentevereniging.

### 3.5.4.5 Verenigings (jeug)

#### (a) Inleiding

'n Vereniging bestaan uit 'n aantal persone wat vrywillig op 'n bepaalde grondslag een of meer doelstelling(s) nastreef. Dit is in sy wese vry en outonoom, alhoewel die vereniging hierdie outonomie kan inboet deur hom in een of meer opsigte permanent te onderwerp aan 'n ander instansie (NG Kerk 1966 : 196).

'n Vereniging se doelstellings kan op enige lewensterrein lê, onder meer op die geestelik-godsdienstige en maatskaplike terreine. Lidmaatskap kan oop wees vir volwassenes en/of die jeug (Bell 1971a : 1).

Aangesien die Afrikaanse Christen-Studentevereniging 'n jeug-vereniging is, is dit nodig om te let op die wenslikheid en aanvaarbaarheid van sulke verenigings met betrekking tot jongmense.

(b) Christelike Jeugverenigings

Volgens Hedges (1945 : 247) "It is strange to think of religion as a club activity, but it undoubtedly should be; not so much something for which a special hour is set apart, but something pervading the whole of club life. The leader of the Christian Youth Club will not, however, on that account treat it as something vague, a sort of atmosphere which will develop of itself without conscious effort on his part - it will not. The religious needs of the adolescent are very definite and special, and the leader must be prepared to meet them at all sorts of times, particularly in individual conversations and intimate chats. But even these will never be forced on members; opportunities for them will frequently arise, and be made by the members themselves, if they can be sure of getting the sympathy, understanding, and guidance they want. So it is essential that the leader shall have the right idea of the adolescent's view of Christianity and the

right ways in which it can be stimulated in the course of normal club life apart from the times particularly set apart for religious practices."

Dit is duidelik dat die regte leierskap van uiterse belang is. Die personeel wat leiding neem by die Afrikaanse Christen-Studentevereniging moet jongmense ken, met betrekking tot hulle geestelike behoeftes en godsdienstige/Christelike sienswyses, met hulle empatie hê en met hulle kan kommunikeer. Verder is dit nodig dat die personeel binne die grense van die bepaalde vereniging, in die geval van hierdie studie die Afrikaanse Christen-Studentevereniging, sal bly. Daarom mag die Afrikaanse Christen-Studentevereniging nooit die plek van die kerk inneem of 'n bepaalde dogma verkondig nie (vide paragrawe 4.2.9.2 en 4.3.1.4 (c)) vir die nuutste benadering tot leierskap deur die Afrikaanse Christen-Studentevereniging).

Die vraag wat ontstaan, is of die Afrikaanse Christen-Studentevereniging dan 'n veelvuldige dogmatiek verkondig óf is dit enkelvoudig omdat dit Christosentries gerig is? Hierdie vraag sal in paragraaf 6.10 beantwoord word, nadat 'n agogiese evaluering van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging onderneem is.

Omdat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging tot onlangs uitsluitlik bedoel was vir Afrikaans-sprekendes en so ook die Voortrekkers, wil die skrywer by 'n evaluering van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging die twee verenigings naas mekaar stel. Hoewel die Voortrekkers in hoofsaak 'n kultuurorganisasie is, dien

die Christelike lewensbeskouing as basis en uitgangspunt en juis daarom wil die skrywer die twee organisasies naas mekaar stel.

(c) Die Voortrekkers as 'n Christelik-Afrikaanse kultuurvereniging

Toe die Voortrekkerbeweging in 1931 gestig is, was dit die verwerkliking van 'n droom wat reeds in 1913 gestalte gekry het toe C.F. Visser in Europa studeer het, naamlik 'n beweging vir die Afrikanerseun en Afrikanerdogter. Die moontlike inskakeling by die Boy Scouts (Girl Guides) het nie gerealiseer nie, omdat godsdiens, volk en patriotisme vir die stigters nie onderhandelbaar was nie (De Wet 1992b : 1; Die Voortrekkers 1989 : 17-19).

"Daar was toe geen onduidelikheid oor vir wie die beweging gestig is nie en daar moet vandag ook geen onduidelikheid wees vir wie die Voortrekkerbeweging voortbestaan nie" (De Wet 1992b : 2).

Die Voortrekkers is 'n kultuurbeweging vir die Afrikanervolk en stel dit onomwonde dat vir "diegene wat oor kultuurgrense heen soortgelyke vaardigheidsaktiwiteite as die Voortrekkers wil beoefen, bestaan daar ander en eie organisasies waarby hulle kan aansluit" (De Wet 1992b : 2).

Die lidmaatskap van die Voortrekkers is volgens grondslag en doelstellings bedoel vir (blanke) Christen-Afrikaners. As gevolg van staatkundige ontwikkelinge gaan die woord "blank" betreklikheid verloor, maar die Voortrekkers stel dit duidelik

dat die Voortrekkers steeds aan die Afrikaner Volkskultuureie reg wil laat geskied. "Ons stel nie oop nie" is hulle uitgangspunt en tog word daar gesê dat "As wysiging, hetsy taalkundig of vir ander dwingende redes nodig is om die wesenlike te behou, sal ons ook positief daarby betrokke wil wees" (De Wet 1992b : 2). Hierdie standpunt is in 1993 bevestig nadat die Zoeloeseun, Leroy Mnguni, lidmaatskap geweier is: "Die dagbestuur van die hoofbestuur van Die Voortrekkers en die provinsieleiers stem saam dat die hoofleier, ds. Johan van der Walt, geen ander standpunt kon inneem ... nie as om hom lidmaatskap te weier toe hy in stryd met die grondwet van Die Voortrekkers deur die Jan Cilliers-kommando as voortrekker ingelyf is" (Lessing 1992 : 1).

"Die Voortrekkers beklemtoon weereens dat hy niks met politiek en/of politiekery te make het nie of wil hê nie en is ook nie 'n vryetydsbestedingsklub nie. Die Voortrekkers is 'n kultuurbeweging vir die Afrikanerjeug. Die Afrikanerkind kan steeds by die Voortrekkerbeweging voorberei word om sy eie kulturele identiteit te handhaaf. Die beweging kan nie sonder meer oopgestel word nie. Rassisme was nog nooit en is ook nie nou die basis vir lidmaatskap nie, maar wel die Afrikanervolkskultuur. Die grondwet sal dienooreenkomstig gewysig moet word" (Lessing 1992 : 1).

Die Voortrekkers se grondslag is Christelik-nasionaal. Daar moet, met ander woorde, aan die Christelike lewens- en wêreldbeskouing se norme en waardestelsel voldoen word. Dit gaan vir die Voortrekkers om die kultuuropdrag van God aan die mens, liefde vir die bodem en om die verhouding met ander, in die eerste plek die

verhouding tot die Afrikanervolk, waarbinne die Voortrekkers ontstaan het, gegroei het en in wie se diens die Voortrekkers staan. Daarnaas kom die verhouding tot ander volke en volksgroepe as burgers van Suid-Afrika (Die Transvaalse Voortrekkers 1992 : 2).

Die doelstellings van die Voortrekkers is as volg (Die Transvaalse Voortrekkers 1992 : 5-7; Die Voortrekkers 1980 : 3):

* om die geloof in die drie-enige God en die Christelike godsdiens wat uit dié geloof voortspruit, by die jeug in te skerp;
* om die jeug te lei tot gesagsaanvaarding en die beoefening van die deugde wat eie is aan die Christelike lewe;
* om die Afrikaner se kultuur aan die jeug oor te dra en uit te bou;
* om die jeug te veranker in die verlede van die Afrikanervolk, sodat uit die verlede geneem word wat goed is en daarop 'n toekoms gebou kan word;
* om die jeug te lei tot waardering en bewaring van eie bodem;
* om opleiding tot goeie leier- en burgerskap te voorsien en behulpsaam te wees met die verdediging van die Vaderland;
* om gewoontes van waarneming, ondersoek, waardering, selfbehoud en diensvaardigheid te ontwikkel;
* om alle ander handelinge te verrig wat met die voormelde doeleindes saamhang of wat vir die verwesenliking daarvan bevorderlik is.

"Die organisasie van die Voortrekkers, veral in Transvaal moet in sy struktuur, werksprogramme, en aktiwiteite daarop ingestel

wees om die doelstellings so te bevorder om die Afrikanerkind na die Voortrekkers te bring, daar te hou, te behou en hulle toe te rus vir 'n toekoms in diens van God, Vaderland, Volk en medemens" (Die Transvaalse Voortrekkers 1992 : 6).

Die Voortrekkerbeweging het sewe vereistes geformuleer om die Afrikanerjeug op die pad vorentoe te ondersteun en hierdie vereistes is, volgens die Voortrekkers, nie-onderhandelbaar is nie (Die Transvaalse Voortrekkers 1992 : 6).

Vervolgens sal die Voortrekkerkode se sewe vereistes beskryf word (Die Transvaalse Voortrekkers 1992 : 6-7):

i) Die reg om sy godsdiens vryelik te kan beoefen. Vir die Voortrekkers beteken dit die geloof in die drie-enige God (Hierdie basiese/sentrale archimedespunt van die Voortrekkers waarlangs jeugdiges uit verskillende Christelike denominasies betrek word, is 'n aanduiding dat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging met Christosentrisme as archimedespunt wel die jeugdiges van verskillende denominasies kan bedien) (eie invoeging).

ii) Die geleentheid om opgevoed te word en om te studeer in 'n omgewing waarin Afrikaans en die kultuureie van die Afrikaner uitgebou word, die opvoeding en onderwys Christelik is en die Bybel as riglyn vir die totale aktiwiteit van die mens erken word.

iii) Die plek van die ouer as eerste verantwoordelike teenoor sy kind (en die belang van die gesinsverband) erken word.

iv) 'n Omgewing waarin stabiliteit en orde heers en waarin 'n kind beskermd binne eie reg kan werk en leef.

v) Dat die Afrikanerjeug saamwerk en bou aan die R.S.A. in die nakoming van sy kultuuropdrag; om nuwe inisiatiewe aan die dag te lê en op grond van sy vermoëns leiding te neem. 'n Bestel waarin meriete en beloning vooruitgang bepaal, is daarvoor nodig.

vi) Erkenning van regte van groeperinge met verskillende waardes en gebruike en die reg voorbehou tot dissosiasie.

vii) Dat die sedes van die jeug beskerm word, onder andere deur 'n stelsel van sensuur wat rekening hou met die kwesbaarheid van die jeug.

Die boodskap en die beginsels van die Voortrekkers bly dieselfde - "ons staan in diens van God, die Afrikanervolk, Suid-Afrika en ons medemens", maar hulle pas hulle aktiwiteite aan om aan die moderne jongmens eietydse avontuur en uitdagings te bied - "dit wat ons doen is nuut ... ons boodskap waarom ons dit doen bly dieselfde" (De Wet 1992a : 2). Dit is dan ook die missie van 'n Voortrekker-leier "Om die Afrikanerjeug toe te rus vir hulle diens aan God, volk, land en medemens (Die Voortrekkers ongedateer : 2).

Die Voortrekkers het ook hul beheerstruktuur verander en "oorde" ingestel. Daar is sewentien oorde elk met 'n oordleier. Die oordleiers vorm saam met die dagbestuur die Provinsiebestuur. Die doel is om sodoende 'n effektiewe bestuur wat groot genoeg is om verteenwoordigend te wees en klein genoeg is om werklik 'n bestuursfunksie te kan vervul, daar te stel. Verantwoordelikhede

sowel as bepaalde besluite gaan afgewentel word na die oorde toe (De Wet 1992a : 3).

Wat hul jeugaktiwiteite betref beplan die Voortrekkers om vir die Verkenners (die hoërskooljeug) 'n totale herstrukturering van kampe om sodoende vir hulle loopbane in belangstellingsrigtings te gee, byvoorbeeld: veldwerk, waterwerk (vars- en seewater), stadskunde, kultuur, ruimte. Hierdie bane is nie onderling uitsluitend nie, maar aanvullend en bied geleentheid tot spesialisering en volle uitlewing. Al die rigtings loop in standerd 9 en standerd 10 uit op selfbehoud (De Wet 1992a : 3).

Volgens Die Transvaalse Voortrekkers (1993 : 1) is die Beleidsdokument van die komitee vir spesialiste verkennersake die resultaat van tien maande se navorsing. Die benadering van die navorsers was om nuut en kreatief te dink en is die resultaat unieke en uitstaande idees wat in programme omgesit is (vide Diagram 3 op pagina 427). Die Verkennersloopbaan is opgestel om ooreen te stem met die ontwikkeling van die TIENER in die Voortrekkers. Die klem val op die verkenner se persoonsontwikkeling, naamlik: bewustheid en liggaamlike ontwikkeling, vaardighede en emosionele ontwikkeling, vernuf en verstandelike ontwikkeling, selfbehoud en geestelike groei en persoonsafronding, met ander woorde, die persoonsontwikkeling van die totale mens.

Jeugrade is ook ingestel om sodoende die posisie en betrokkenheid van die jeuglid in die Voortrekkers te vestig. Die Jeugrade is ingestel om aan die Afrikanerjeug die beste kultuurgebonde en

DIAGRAM VAN DIE SAAMGESTELDE VERKENNERLOOPBANE VIR

DIE VOORTREKKERS VAN TRANSVAAL

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **ST 10 - BOBAASVERKENNER - PERSOONSAFRONDING - TOTALE MENS** | | | | | | |
| Prov | B/Konfer | Kamp | HLW | PV-toets | | M - Kamp |
| Oord | Vlotvaart | | Staptoer | | | |
| Komando | Kamp | Projek | Persoonsontwikkeling (Gesamentlik) | | | |
| Span | Kamp | HLWag | Projek | (Hele span tot einde Julie) | | |
| **ST 9 - BAASVERKENNER - SELFBEHOUD - GEESTELIKE GROEI** | | | | | | |
| Prov | Kamp | Spanleierskonferensie | | | Jeugberaad | |
| Oord | Vlotvaart | | Staptoer | | Jeugberaad | |
| Komando | Kamp | Projek | SO's | | | |
| Span | Ridderspoor | | Taak | Kamp | Kamp | Projek |
| **ST 8 - UITHALER - VERNUF - VERSTANDELIKE ONTWIKKELING** | | | | | | |
| Prov | Kamp | Spanleierskonferensie | | | Jeugberaad | |
| Oord | Vlotvaart | | Staptoer | | Jeugberaad | |
| Komando | Kamp | Projek | SO's | | | |
| Span | Graadwielwerk | | Kamp | Kamp | Projek | |
| **ST 7 - BAANBREKER - VAARDIGHEDE - EMOSIONELE ONTWIKKELING** | | | | | | |
| Prov | Kamp | (Klem op vaardighede en avontuur) | | | | |
| Oord | Vlotvaart | | Staptoer | | | |
| Komando | Kamp | Projek | SO's | | | |
| Span | Graadwielwerk | | Kamp | Kamp | Projek | |
| **ST 6 - GROENKOP - BEWUSTHEID - LIGGAAMLIKE ONTWIKKELING** | | | | | | |
| Prov | Kamp | (Bewusmaking van al ses omgewingstereine) | | | | |
| Oord | Vlotvaart | | Staptoer | | | |
| Komando | Kamp | Projek | SO's | | | |
| Span | Inlyf | Graadwielwerk | | Kamp | Kamp | Projek |

**DIAGRAM 3**

lewens- en wêreldbeskoulike grondslag te gee waarop sy leierskappotensiaal ontwikkel kan word. Die jeugrade is die beskutte platvorm waarbinne die verkenner sy leierskapsvernuf en -ervaring kan opdoen (Die Transvaalse Voortrekkers 1993 : 8-9).

Die vraag wat nou ontstaan, is: In watter mate die Voortrekkers as nog 'n jeugorganisasie met 'n Christelike grondslag bereid is om te reformeer (vide paragraaf 4.2.12) in vergelyking met die Afrikaanse Christen-studentevereniging? 'n Vergelyking met betrekking tot die openheid tot reformasie deur hierdie twee organisasies sou 'n interresante studie wees, maar daar sal nie verder hierop uitgebrei word nie. Uit die beskrywing van die mees resente veranderinge binne die geledere van die Afrikaanse Christen-studentevereniging is die vereniging se bereidheid tot ingrypende veranderinge met betrekking tot beheerstruktuur, bestuurstyl en benadering tot jeugwerk duidelik (vide Hoofstuk 4, veral paragrawe 4.2.6 - 4.2.12) en sou 'n evaluering van die Voortrekkers vanuit hierdie blikhoek besonder insiggewend wees.

Noudat die drie samelewingsverbande wat veral betrokke is by die opvoeding van die jeugdige stilgestaan is, wil die skrywer enkele opmerkinge maak aangaande die verbondenheid van hierdie samelewingsverbande met mekaar.

## 3.5.4.6 Onderlinge verhoudinge

### (a) Inleiding

Vervolgens sal daar vir 'n wyle vertoef word by die verhouding van die huisgesin en ander samelewingsverbande betrokke by die opvoeding van die jeugdige, veral dan die godsdienstige begeleiding van die jeugdige, aangesien dit in hierdie monografie spesifiek gaan om die godsdienstige begeleiding van die jeugdige, met besondere verwysing na die Afrikaanse Christen-Studente-vereniging as buite-kurrikulêre aktiwiteit van die skool, naas en/of aanvullend by die godsdienstige begeleiding vanuit kerkweë (vide paragraaf 3.5.4.3 (g)) vir meer besonderhede in sake die kerk se taak en aanspraak met betrekking tot die godsdienstige begeleiding van sy lidmate).

Die huisgesin was een van die eerste instellings van al die samelewingsverbande (vorms) wat bekend is. Uit die huisgesin het die staat en skool gegroei. As iets in die gesin verkeerd loop, word dit in al die ander samelewingsverbande opgemerk en gevoel. As die fondament van 'n huis kraak, dan bars die mure (Algemene Jeugkommissie 1988 : 131).

Dit is in die gesin waar kinders leer om goeie landsburgers te wees. Wetsgehoorsaamheid, gedissiplineerdheid, eerbied vir die owerheid, eerlikheid by die betaling van belasting, ensomeer, is almal Bybelse beginsels wat deur die gesin ingeskerp word. Tans word hierdie beginsels nog in die skool (ook deur die

Afrikaanse Christen-Studentevereniging) ingeskerp.

Volgens Van Loggerenberg et al. (1978 : 87-90) behoort daar 'n baie noue samewerking tussen die huisgesin, die kerk en die skool, asook die staat te wees. Tans is die onderwysbeleid van die regering (staat) in 'n proses van verandering en daarom kan die staat se bydrae/verantwoordelikheid nie met enige sekerheid beskryf word nie.

Volgens Landman et al. (1975 : 65) vind die godsdienstige steungewing in die skool en die kerk nie op dieselfde wyse as in die primêre opvoedingsituasies plaas nie. "Die betrokke situasies is doelbewus gestig om die kind te help in sy opwegwees na behoorlike volwassenheid. Wie die jeugdige in hierdie sekondêr gestigte situasies begelei, moet gryp na die kennis wat deur die Pedagogiek beskikbaar gestel word ten einde te verifieer en vas te stel of hy in sy godsdienstige steungewing altyd met egte jeugbegeleiding besig is, al dan nie". Daar sal vervolgens gekyk word na die verhouding van die gesin en die kerk.

(b) Die verhouding van die gesin tot die kerk

Wat die verhouding gesin-kerk betref is dit in die gesin waar die jeugdige deur woord en voorbeeld geleer word om in alle opsigte getroue lidmate te wees. Gebed, Bybelstudie, kerkbesoek, kategese, dankoffergawes, ensomeer, moet reeds by die klein kinders ingeskerp word, anders sal hulle dit waarskynlik nie doen nie (Algemene Jeugkommissie 1988 : 132) (vide paragraaf 2.4.2).

Die kerk oefen ook kontrole uit oor die huisgesin, maar slegs betreffende lidmate van die kerk. Dit is die plig van ouers as lidmate van die kerk om hul kinders in te lyf in die kerklike gemeenskap. Tydens die doopbediening beloof die ouers om hul kind in die leer van die kerk te onderrig of te laat onderrig. Sodoende kry die kerk kontrole oor die gesin betreffende die onderwys en opvoeding van die jeugdige, veral dan met betrekking tot die godsdiensopvoeding. Die kerk onderrig self en sien toe dat die ouers hulle deel doen by wyse van bediening van die huisgesin (Van Loggerenberg et al. 1978 : 104).

Die verhouding van die gesin tot die skool word vervolgens beskryf.

(c) Die verhouding van die gesin tot die skool

Die skool het ontstaan as gevolg van die primitiewe gemeenskap wat begin differensieer het en daar 'n behoefte aan meer gespesialiseerde onderrig ontstaan het. Omdat die ouer verantwoordelik is en bly vir die opvoeding van die kind, het hulle prinsipieel die reg tot beslissing oor die skool, betreffende die algemene gees en rigting (Schoeman 1975 : 64). Die onderwysowerhede het juis die afgelope paar jaar baie meer sê aan die ouers toegesê deur middel van die Bestuursrade. Watter invloed Bestuursrade in die toekoms sal hê, moet nog bepaal word.

Wat die verhouding gesin-skool betref bou die skool voort op die fondament wat die gesin reeds gelê het (Algemene Jeugkommissie

1988 : 132). Volgens Gunter (1964 : 449) is die sukses van die skool afhanklik van die fondament wat deur die huislike opvoeding gelê is, asook van die hulp en ondersteuning van die ouers. Die skool doen weer bouwerk wat die ouers in die reël nie kan doen nie - daarom is samewerking so belangrik (Algemene Jeugkommissie 1988 : 132).

Die skool bly egter primêr onderwysinrigting en daarom is die gesin nie bevoegd om inbreuk te maak op die terrein van die didaktiese nie (Fourie 1973 : 228). Wanneer die Afrikaanse Christen-Studentevereniging ter sprake kom, is die didaktiese aspek ook ter sprake, maar veel meer is die religieuse opvoeding van die jeugdige ter sprake en as verbondsouer is dit die ouer se verantwoordelikheid om sy jeugdige te lei of te laat lei met sy toestemming en goedkeuring. Die ouer laat hom dan dikwels weer deur die kerk lei en daarom is die kerk se waardebepaling van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging van wesenlike belang (vide paragraaf 5.4).

Hoewel die skool verantwoordelik is vir die opvoeding van die hele kind, is dit nie verantwoordelik vir die kind se hele opvoeding nie. Hy moet gehelp word deur die huis en die kerk. Die skool se onderwys en opvoeding moet in ooreenstemming wees met die redelike begeertes en wense van die ouers, mits dit nie in stryd is met beproefde en algemeen aanvaarde opvoedkundige grondbeginsels en metodes nie. Indien ouers en onderwysers mekaar nie goedgesind is nie, sal die jeugdige se opvoeding skade ly (Gunter 1964 : 450).

Volgens Van Loggerenberg et al. (1978 : 101-102) kan die gesin sekere eise aan die skool stel. Die gesin kan eis dat daar 'n bepaalde gees en rigting in 'n skool heers, aangesien die skool die huis aanvul en omdat daar 'n eenheid in die wording van die jeugdige moet wees. Die gesin kan, met ander woorde, eis dat ouerlike lewens- en wêreldbeskouing bevorder word deur die skool en dat die onderwysmetodes en inhoud van die leerstof nie bots met hul lewens- en wêreldbeskouing nie. Verder kan die ouers eis om mede-segggenskap te hê betreffende die aanstelling van onderwysers en die peil van die onderwys. Ouers kan eis dat reg en geregtigheid geskied. Hulle kan ook eis dat die onderwys burgerskap sal bevorder. Ten slotte kan hul eis dat dit Christelik (of watter ander geloof die ouers aanhang) van aard sal wees. Hierdie "eise" wat die ouers aan die skool kan stel, is, volgens Van Loggerenberg, in die huidige tydsgewrig van besondere belang, aangesien die inhoud van sekere vakke en selfs die onderrig van sekere vakke, byvoorbeeld godsdiensonderrig, nou in die brandpunt staan (vide paragrawe 3.5.4.4 (a) en 6.14.2). Die wetenskapper sal in die lig van sekere opmerkings dienaangaande die posisie en bydrae van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging in oënskou neem in Hoofstuk 6.

'n Derde verhouding waarby die skrywer wil stilstaan, is dié van die kerk tot die skool.

<u>(d) Die verhouding van die kerk tot die skool</u>

Volgens Coetzee (1965 : 290) is die kerk en skool twee selfstandige inrigtings langs mekaar wat in hul oorsprong en roeping geen onmiddellike verband met mekaar het nie. Die kerk kom, vanuit 'n Christelike perspektief, voort uit die besondere genade en moet Gods Woord bewaar, verdedig en verkondig, ook aan die jeugdige. Die skool, weer, is 'n vrug van die algemene genade as 'n aanvulling van die huis om aan die jeugdige die nodige kennis en kundighede by te bring.

Dit is die plig van die kerk(e) om deur samewerking, advies en invloed op die staat 'n bydrae te maak tot die algemene rigting en bepaling van die onderwys van die land. Dit is die reg en plig van die kerk om hom te beywer dat elke skool van 'n Christelike volk deur 'n Christelike gees gerig sal word sodat die leerlinge in ooreenstemming met die Christelike tradisie opgevoed sal word (Gunter 1964 : 451).

Omdat die skool en die kerk twee selfstandige institute is, het die kerk geen direkte seggenskap oor die skool nie. Die Christelike kerk het sy oorsprong in die besondere genade van God en moet Gods Woord bewaar, verdedig en oordra, veral dan aan die jonger geslag, die jeug. Die skool weer het sy oorsprong in die algemene genade en het ontstaan as aanvulling van die werksaamhede van die huisgesin. Die skool het nie 'n eng-religieuse doel nie, maar voed die jeugdige op vir die volle lewe. Kerk en skool is soewerein in eie kring (<u>vide</u> paragraaf 3.5.4.6 (g)) (Van Loggeren-

berg _et al_. 1978 : 104-105). Dit is egter 'n ope vraag of die kerk se opvoedingstaak werklik tot die eng-religieuse beperk moet of kan word soos deur van Loggerenberg geïmpliseer word.

Die skool en die kerk staan egter nie los van mekaar nie. Deur die tussenkoms van lidmaat-ouers bemoei die kerk hom wel met die jeugdige se opvoeding in die skool, aangesien dit die kerk se taak is om toe te sien dat die doopbelofte nagekom word. Dit is die skool se plig om met die kerke van sy leerlinge saam te werk en kerke moet hierdie geleenthede benut (Van Loggerenberg _et al_. 1978 : 105).

As gevolg van die onderlinge verskille is dit nie moontlik om presies te bepaal watter aandeel die kerk in die skool het of behoort te hê nie, sonder om na die besondere rigting te verwys nie (Van Vuuren _et al_. 1970 : 85) en daarom sal daar volstaan word met wat reeds gesê is met betrekking tot die kerk se opvoedende taak. Selfs onder Christene is daar verskillende kerke as gevolg van die verskille met betrekking tot hul geloofsbelydenis en dit is juis hierdie verskille wat die skrywer genoop het om te besin oor die haalbaarheid al dan nie vir die Afrikaanse Christen-Studentevereniging om jeugdiges vanuit verskillende Christelike denominasies te bedien.

Soos reeds aangedui, het die kerk, deur sy lidmate, aandeel aan die opvoeding wat in die huis en skool verrig word en daarom sal aanhangers van byvoorbeeld die Calvinistiese geloof die jeugdige onderrig in die Christelike leer ooreenkomstig die interpretasies

daarvan deur die grondlegger en ander woordvoerders van die Calvinistiese lewensopvatting (Van Vuuren et al. 1970 : 85). Samewerking tussen die huis en die kerk en die kerk en die skool en die huis en die skool is belangrik omdat die sinvolle in die norme geaksentueer word deur hierdie samewerking. As die eenheid versteur word omdat opvoeders mekaar weerspreek, veroorsaak dit verwarring by die jeugdige wat veral in die hoërskooljare baie ontwrigtend kan wees (Van Vuuren et al. 1976 : 86). Hoe dit in die nuwe Suid-Afrika gehanteer of gerealiseer gaan word, is nog nie duidelik nie (vide paragrawe 3.5.4.4 (a) en 6.14.5 vir enkele opmerkinge hieromtrent).

Dit is van immanente belang dat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging nie tot hierdie verwarring sal bydra nie en daarom dat die skrywer hierdie navorsingtaak onderneem. Daar sal in Hoofstuk 5 en 6 in meer besonderhede op die saak ingegaan word.

Daar bestaan dus duidelike grense. Die kerk het prinsipieël geen direkte seggenskap oor die skool nie. Die kerk se bemoeienis met die skool is indirek vanuit die kerk se roeping tot herderlike sorg. In die Christelike skool het die kerk as gevolg van die doop en verbondsgedagte wel 'n reg en 'n plig teenoor die kind, naamlik om toe te sien dat sy doop- en jeugdige belydende lidmate 'n skoolopvoeding met 'n Christelike karakter sal ontvang waarin aangesluit word by die godsdienstige opvoeding van die jeugdige tuis en deur die kerk (Fourie 1973 : 110).

Die leraar as mondstuk van die kerk waak oor die gees en rigting

van die skool deur die prediking aan verbondsouers, wat beloof het om hul kinders op te voed tot eer en verheerliking van God. Indirek is die invloed van die kerk tog omvangryk, juis omdat die kerk hom sterk beroep op die beginsel van universaliteit in eie kring, maar daar eindig sy taak (Greyling 1982 : 14).

Die vraag wat ontstaan is: Wat is die reg van byvoorbeeld die Moslemgelowiges betreffende opvoeding vanuit 'n Moslem lewensopvatting?

In Suid-Afrika het die Christelike kerk 'n besliste invloed op die onderwys en opvoeding uitgeoefen tot en met 1995. Dit is 'n ope vraag of dit vir lank nog so sal wees (vide paragrawe 6.14.5 en 6.14.6).

'n Vraag wat hom voordoen, is: Moet godsdiens op skool afgeskaf word al dan nie?

Vanweë die drastiese veranderinge in die Suid-Afrikaanse samelewing, bestaan die mening dat godsdiensonderrig op skool hersien moet word. Sommige ouers meen die kinders moet oor al die godsdienste ingelig word, ander sê dat dit liewer afgeskaf moet word, omdat dit die kinders net sal verwar (vide paragrawe 6.14.5 en 6.14.6). Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging sal 'n bepaalde funksie kan vervul indien enige van hierdie twee besluite uitgevoer word (vide paragraaf 6.14.7).

Daar sal vervolgens die een en ander aangaande die verhouding van die skool en buite-kurrikulêre aktiwiteite beskryf word.

(e) Die verhouding tussen die skool en buite-kurrikulêre aktiwiteite

Volgens Strydom (1971 : 6) strek die taak van die skool heelwat verder as net die onderrig van formele kennis. Volgens hom moet leerlinge sover moontlik toegerus word met 'n positiewe Christelike lewens- en wêreldbeskouing. Hulle moet voorberei word vir hoër- en voortgesette onderwys of een of ander beroep. Hulle moet gehelp word tot 'n intelligente toekomstige loopbaanbesluit en opgevoed word en onderwys ontvang om as volwaardige beskawingsmondige lid van die gemeenskap, land en volk in te skakel. Strydom se uitspraak is partikulier van aard en daarom wil die skrywer daarop wys dat alle leerlinge opgevoed moet word betreffende 'n bepaalde lewens- en werklikheidsbeskouing, hetsy dan nou die Christelike lewens- en werklikheidsbeskouing, al dan nie. Die vraag wat steeds onbeantwoord bly, is: Of (en, indien wel, hoe) 'n skool meer as een lewens- en werklikheidsbeskouing kan onderskryf? Buite-kurrikilêre aktiwiteite sluit alle bedrywighede in wat buite klasverband aangebied word op 'n opvoedkundige en georganiseerde wyse (waarby die Afrikaanse Christen-Studentevereniging ingesluit is). Buite-kurrikulêre aktiwiteite bied aan die leerling die geleentheid om op een of ander terrein te presteer en vir sy skool tot nut te wees. 'n Gees van samewerking kan deur middel van buitemuurse aktiwiteite gekweek word. Dit dien ook om by die leerlinge gesindhede van wet en orde te kweek en is by uitstek geskik om persoonlikheidseienskappe soos leierskap te stimuleer (Van Loggerenberg et al. 1978 : 509-511) (eie invoeging).

Volgens Van Loggerenberg et al. (1978 : 512) kan binneskoolse en buiteskoolse aktiwiteite van mekaar onderskei word, maar nie geskei word nie, omdat albei 'n integrale deel uitmaak van die totale skoolprogram.

Volgens Greyling (1982 : 15) kan die Afrikaanse Christen-Studentevereniging met die verkondiging van die (Christelike) Evangelie as sy hoogste doel en met bekwame, gelowige onderwysers om leiding te gee, as 'n buitemuurse/buite-kurrikulêre aktiwiteit daartoe bydrae om die jeug Christelik te laat dink en optree (eie invoeging).

Vanaf sy ontstaan het die Afrikaanse Christen-Studentevereniging, van die kant van die onderwysowerhede, steun en goedkeuring ontvang. Toegang tot alle hoërskole, kolleges en universiteite en daarby behorende koshuise is sonder voorbehoud verleen (Bell 1971a : 1).

Aan die reisende personeel (provinsiale organiseerders vanaf 1995) word geleentheid gebied om met al die skoliere (en studente) in aanraking te kom, nie alleen wat die organisasie van die werk betref nie, maar ook wat geestelik-godsdienstige werk betref (Bell 1971b : 895) (eie invoeging).

Volgens Bell (1971b : 892) bied die Afrikaanse Christen-Studentevereniging 'n geleentheid vir persoonlike werk (uitdra en uitleef van die (Christelike) Evangelie) in die koshuise en hy sien dit as 'n besondere voorreg en geleentheid wat nooit verlore mag gaan nie. Volgens hom hou die verwoesting wat die permissiewe tyd waarin ons leef 'n waarskuwing in en vra van ons om te waak en te

bid soos nog nooit vantevore nie, aangesien die geestelike en sedelike welsyn van die jongmense deur die permissiwiteit aangetas word (eie invoeging).

As gevolg van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se besluit dat die bearbeiding van die studente op universiteit tot hul jeugbearbeiding tuis hoort, is daar in 1982 besluit om die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se takke by alle universiteite te ontbind. Die vraag wat ontstaan, is: Waarom dit nie goedskiks ook waar is van skoliere nie? (vide paragraaf 1.5.2.11) (vide ook paragraaf 6.11.3 vir 'n verdere bespreking van die saak). Aan hoërskole bestaan dit steeds as 'n goedgekeurde buite-kurrikilêre aktiwiteit (Bell 1971b : 892).

Dit is ook nodig om te let op die verband tussen die kerk en 'n vereniging.

(f) Die verband tussen kerk en vereniging

Om die verhouding van die kerk tot 'n vereniging te kan bepaal, moet daar onderskei word tussen die begrippe kerk en vereniging (vide paragrawe 3.5.4.3 en 3.5.4.5).

'n Vereniging met bepaalde geestelik-godsdienstige doelstellings en grondslag het, binne die kerk as organisme, die reg om te bestaan. Die vereniging behou ook sy vryheid en inisiatief om sy doelstellings te verwesenlik met dien verstande dat hierdie doelstellings nie die terrein van die instituut oorskry nie

(Greyling 1982 : 8).

Greyling (1982 : 8) dui aan dat 'n vereniging hom wel aan die kerk as instituut ten dienste kan stel. Dit moet steeds in ooreenstemming met die Bybel handel, soos uitgedruk in die Belydenisskrifte (vide paragraaf 2.2) van die kerk, en die vereniging moet hom onder die regstreekse toesig en leiding van die instituut stel.

In sy verhouding tot die kerk as instituut en ten opsigte van die terrein waarop so 'n vereniging funksioneer, tree die vereniging gewoonlik vry en outonoom op, alhoewel die lede van so 'n vereniging onder opsig van die plaaslike kerkraad staan (NG Kerk 1966 : 197).

Hoewel die kerk dus die roeping het om indirek deur middel van sy lidmate aan sulke verenigings leiding te gee en prinsipieël, maar funksioneel indirek opsig oor sulke verenigings uitoefen, hoef sulke verenigings nie daardeur hul eie inisiatief en vrye karakter as verenigings prys te gee nie (Bell 1971a : 2).

Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging is van oordeel dat hy as vereniging die reg van bestaan op die terrein van die kerk as organisme het (Greyling 1982 : 8-9).

Volgens Greyling (1982 : 102-103) is die Afrikaanse Christen-Studentevereniging nie volksvreemd of kerkvreemd nie. Volgens hom val die klem by die Afrikaanse Christen-Studentevereniging deurentyd op Jesus Christus as Koning van hemel en aarde. Hierdie

vertikale verhouding loop ook deur op die horisontale vlak waar daar deurentyd sprake is van dissipel-wees en dissipels maak tot eer van God.

Noudat die verskillende godsdiensmoveerders bespreek is, asook die plek van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging as godsdiensmoveerder aangedui is, sal daar enkele opmerkings gemaak word in verband met die soewereiniteit in eie kring.

(g) Soewereiniteit in eie kring versus universitaliteit in eie kring

Die gesin, kerk en skool het elk 'n eiesoortige eenheid, met 'n eie struktuur, 'n eie funksie en taak, 'n eie roeping. Hierdie samelewingsverbande is, met ander woorde, selfstandig: soewerein in eie kring (Van Loggerenberg et al. 1978 : 89). Elkeen het "'n eie fundering, 'n eie struktuur, 'n eie wetmatigheid, 'n eie taak," wat hy in noue samewerking met die ander samelewingsverbande verrig (Van Vuuren et al. 1976 : 371). Elkeen van hierdie verbande is geroepe om vry en verantwoordelik sy eie taak te vervul (Van Loggerenberg et al. 1978 : 89).

Die skool is soewerein in eie kring met betrekking tot sy eiesoortige opvoedingsbemoeienis. Hieronder resorteer alle terreine, ook die didaktiese terrein, mits die skool nie in stryd met die Christelike lewensbeskouing (of dan lewensbeskouing van die ouers) is nie (Coetzee 1965 : 287), hiermee saam ook die hele inwendige beheer en inrigting van die skool (Fourie 1973 : 107).

Niks in die skepping staan egter los van mekaar nie, aangesien daar 'n kosmiese eenheid in die ryke verskeidenheid van God se skepping is. Alle dinge bestaan in 'n "enkaptiese vervlegtingsverband" tot mekaar en is sinvol alleen in hulle totaalsamehang met ander en in hulle betrokkenheid op God (Schoeman 1975 : 61) (eie invoeging).

Volgens Van Loggerenberg <u>et al</u>. (1978 : 89) staan die verskillende samelewingsverbande in 'n universele afhanklikheidsverhouding. Hierdie afhanklikheid is positief en bied steungewing onderling, omdat die mens in 'n rykdom van verhoudinge tot sy medemens staan. Die samelewingsverbande is dus nie van mekaar te isoleer nie, maar wel van mekaar te onderskei (Greyling 1982 : 228).

Volgens Van Loggerenberg <u>et al</u>. (1978 : 90-91) moet elke verband sy afhanklikheid van die ander erken. So is die huisgesin, skool, kerk en staat onderling "vervlegen" en op mekaar aangewys met betrekking tot steungewing tot behoud van elkeen se soewereiniteit in eie kring. Hierdie vervlegtheid word in Diagram 4 op <u>pagina</u> 444 geïllustreer.

Wanneer die grense van die soewereiniteit bepaal word, kan daar probleme ontstaan. Met verwysing na die diagram sal soewereiniteit verkry word wanneer die grense van elke samelewingsvorm binne die die sirkel van die skool (as voorbeeld van 'n bepaalde samelewingsverband) vervaag. Dit beteken dat die skool (waarbinne die Afrikaanse Christen-Studentevereniging funksioneer) alleen vry kan

wees wanneer staat, kerk, skool, gesin en onderwyserskorps ten opsigte van die skool in mekaar opgelos is.





**DIAGRAM 4**

(h) Samevatting

Die beginsel van soewereiniteit in eie kring maak dit, met ander woorde, moontlik vir 'n bepaalde lewensverband om met eie gesag oor sy eie sake te spreek. Volgens Fourie (1973 : 106) is hierdie kosmiese "soewereiniteit" relatief van aard, aangesien dit oorkoepel word deur die absolute soewereiniteit wat in die wet van

God gegee is. Geen lewensinstelling mag tot 'n absolute soewereiniteit verhef word nie, omdat dit primêr onderworpe bly aan die wet van God en die norme wat God in sy skeppingsorde gelê het. Noudat die leser die moontlike probleme verneem het waarmee die jeugdige worstel en hy ook kennis gemaak het met die belangrikste opvoedingsmoveerders van die jeugdige, sal die Afrikaanse Christen-Studentevereniging as moveerder in meer besonderhede beskryf word, met besondere verwysing na die nuwe verwikkelinge binne die vereniging met betrekking tot die beheerstruktuur en styl, asook die nuutste benaderingswyse van die vereniging.

# HOOFSTUK 4

# DIE AFRIKAANSE CHRISTEN-STUDENTEVERENIGING AS BUITE-KURRIKULêRE AKTIWITEIT

## 4.1 INLEIDING

Noudat daar meer duidelikheid verkry is aangaande religiositeit as antropiese ontisiteit asook godsdiensopvoeding, met daarmee saam godsdienswording vanuit 'n sinkroniese en diakroniese perspektief en die godsdiensmoveerders betrokke by die godsdienswording van die jeugdige, asook hulle onderlinge verhoudinge, wil die skrywer in hierdie hoofstuk die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se beheerstruktuur beskryf, asook die mees resente veranderinge met betrekking tot die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se totale benadering, gevolg deur 'n sinoptiese beskrywing van die vereniging se modus operandi.

As outonome vereniging het die Afrikaanse Christen-Studentevereniging 'n bepaalde beheerstruktuur waarby die skrywer vervolgens wil stilstaan, aangesien die bestuurstruktuur van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging bepaalde voordele, maar ook bepaalde nadele inhou betreffende die handhawing van en uitvoering van die vereniging se doelstellings en bepalings in die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se confessio (vide paragraaf 5.2.2).

Alvorens daar oorgegaan word tot 'n bespreking van die beheerstruktuur en benadering van die vereniging wil die skrywer die

leser se aandag daarop vestig dat die leiers van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging in 1994 besluit het om, in die lig van die veranderde omstandighede in Suid-Afrika, die eertydse naam van die vereniging, naamlik, die *Christen-Studentevereniging*, as gebruiksnaam te neem, aangesien lidmaatskap nie meer net tot Afrikaans-sprekende blanke kinders beperk is nie. Hierdie besluit het tot gevolg dat die benaming *Afrikaanse Christen-Studentevereniging* nie meer in die nuutste geskrifte gebruik word nie. Aangesien die skrywer tot dusver na die vereniging verwys het as die *Afrikaanse Christen-Studentevereniging* sal sy, om verwarring te voorkom, die registrasienaam, naamlik *Afrikaanse Christen-Studentevereniging*, steeds gebruik, al word daar verwys na die werksaamhede van die vereniging ná die publisering van die nuwe grondwet in Junie 1994. Slegs wanneer daar direkte aanhalings is, sal die nuwe gebruiksnaam gebruik word.

## 4.2 BEHEERSTRUKTUUR VAN DIE AFRIKAANSE CHRISTEN-STUDENTEVERENIGING (ARTIKEL 8)

Daar was aanvanklik vyf bestuursvlakke in die vereniging:

* die eerste vlak het die Takbesture in skole en tersiêre inrigtings omsluit;
* die tweede vlak het weer die Sirkelbesture waarin 'n aantal Takbesture verteenwoordig is, omsluit;
* die derde vlak het die Substreekbesture waarin 'n aantal Sirkelbesture verteenwoordig is, omsluit;

* die vierde vlak was dié van die Streekbesture waarin twee of meer Substreekbesture verteenwoordig is;
* die vyfde vlak was die hoogste vlak, naamlik die van die Hoofbestuur waarin, onder meer, al die Streekbesture verteenwoordig is (Grondwet 1988 : 4).

**4.2.1 Hoofbestuur (Grondwet 1988, artikels 10-15)**

Die Hoofbestuur is soos volg saamgestel:

* een verteenwoordiger, verkieslik die voorsitter, uit elke Streekbestuur;
* die Superintendent-generaal van Onderwys en Kultuur of sy benoemde;
* een verteenwoordiger van die Algemene Jeugkommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk;
* een verteenwoordiger, verkieslik die voorsitter, van die Breë Stranddienskomitee;
* een verteenwoordiger elk van die drie Teologiese Fakulteite van die Nederduitse Gereformeerde Kerk;
* minstens vyf persone wat vanweë hul belangstelling in jeugwerk deur die Dagbestuur en/of die Hoofbestuur benoem is. Dergelike benoeminge is elke drie jaar heroorweeg. Een van die persone moes 'n studenteleraar wees;
* die drie uitvoerende amptenare van die Hoofbestuur sowel as die Streeksekretaresse wat ook volle sitting in die Hoofbestuur gehad het. Hierdie persone het egter nie stemreg gehad oor sake wat hul persoonlike diensvoorwaardes geraak het nie.

Die Hoofbestuur het, met ander woorde, aanvanklik uit 42 lede bestaan.

Die samestelling van die Hoofbestuur tans is soos volg: een verteenwoordiger uit elke provinsie (9) plus een verteenwoordiger vir Namibië, die uitvoerende hoof (met stemreg) en die afdelingshoofde (3 - met adviserende stem), 5 persone gekoöpteer op ad hoc-basis (waarby ingesluit is 'n verteenwoordiger van die Algemene Jeugkommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, asook 'n verteenwoordiger van die Pinkster- en Charismatiese Kerke) en een verteenwoordiger van die streekpersoneel (met adviserende stem). Die nuwe Hoofbestuur sal tweemaal per jaar vergader (Brink 1994d : 3) (vide diagram 5 pagina 450).

Tans bestaan die Hoofbestuur dus uit 20 lede. Die aantal lede is, met ander woorde, met die helfte minder. Die vermindering in lede sou kon bydra tot meer vaartbelyndheid.

Vervolgens gaan die skrywer 'n beskrywing van die funksies van die Hoofbestuur gee. Die veranderinge in taakomskrywing, soos in die nuwe grondwet uiteengesit, word in die hakies in skuinsdruk aangedui.

Lede wat deur bepaalde liggame benoem is se dienstermyn het oor drie jaar gestrek (*strek nou oor twee jaar*). Die Hoofbestuur het sover moontlik elke jaar vergader, maar minstens elke twee jaar (*vergader nou minstens twee keer per jaar*). In hoogs uitsonderlike gevalle kon 'n buitengewone vergadering op besluit van die Dagbestuur óf op aandrang van 'n derde van die dienende lede

## Samestelling van die Hoofbestuur (Nasionale bestuur) van die Christen - Studentevereniging (1994/1995)

1994 | 1995

1 Uitvoerende Hoof 1

Hoof: finansies (adviserend) | Hoof: administrasie (adviserend) | Hoof: eiendomme (adviserend)

3

Hoofde(adviserend):
Bemarking, finansies, administrasie, eiendomme en gebiedshoof - Noord 5

Provinsiale besture (Voorsitters/verteenwoordigers)

Provinsies | Gebiedsorganisasie: Noord (Gebiedshoof = Gebiedshoof - Noord)

10 A B C D E F | G H I J 10

399 Takke in 1995 | 372 Takke in 1995

A, B, C, D en E is provinsies nie hiernaas vermeld. F verteenwoordig Namibië. | G, H, I &J verteenwoordig Gauteng, Oos-Tvl, Noord-Tvl en Noordwes.

5 5

(Ge-koöpteerdes: onder meer een verteenwoordiger van die Algemene Jeug- kommissie van die Nederduits Gereformeerde Kerk; een verteenwoordiger van die Pinkster- en Charismatiese Kerke)

1 1

(Verteenwoordiger van die provinsiale personeel - adviserende stem)

20 Totaal | Totaal 22

**DIAGRAM 5**

byeengeroep word (*dit is steeds so*) (Grondwet 1988 : 6-7). Die verdere bepalings in sake vergaderings en die verkiesing van die ampsdraers word nie weergegee nie.

Die Hoofbestuur was (*en is steeds*) die hoogste gesag van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging en is die enigste liggaam in die vereniging wat met regspersoonlikheid beklee is. Die Hoofbestuur stel die grondwet op en bepaal die algemene beleid en sorg vir die uitvoering van hierdie beleid.

Die Hoofbestuur mag van sy funksies, uitgesonder dié rakende die grondwet en algemene beleid, aan sy Dagbestuur of komitees van die Hoofbestuur oordra. Die Hoofbestuur neem beskrywingspunte wat die grondwet raak in behandeling. Wysigings aan die grondwet vereis 'n twee-derde meerderheid van die aanwesige lede en is dadelik van krag, tensy anders besluit word. Alle ander verslae, werkstukke en voorstelle word deur die Hoofbestuur in behandeling geneem. Verder het die Hoofbestuur die Biddag vir die studerende jeug gereël. Die Hoofbestuur reël landswye konferensies van tyd tot tyd en hanteer ook stranddienswerk (*ook vakansiedienswerk*) deur 'n breë en uitvoerende komitee. Die Hoofbestuur soek en bevorder goeie en sinvolle verhoudings met ander Christelike verenigings wat in die breë dieselfde doelstellings en belydenisgrondslag as die Afrikaanse Christen-Studentevereniging het en op dieselfde terrein beweeg. Die Hoofbestuur (*self/of*), deur sy Dagbestuur, bekragtig die stigting en ontbinding van takke. Alle sake rakende die voltydse personeel, asook die eiendom en dokumentasie van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging, resorteer onder die

Hoofbestuur (Grondwet 1988 : 5-9). Die skrywer wil van die besondere funksies van die Hoofbestuur wat in die nuwe Grondwet (1994 : 9-10) beskryf word en vir hierdie studie van belang is, aanstip:

* sorg vir alle publikasies van die Christen-Studentevereniging en voorsien die lede van die vereniging van die nodige Bybelstudiestukke;
* publiseer 'n lyfblad vir die Christen-Studentevereniging en voorsien gereeld die ondersteuners van die Christen-Studentevereniging van 'n nuusbrief;
* bly in noue voeling met die onderwysowerhede en onderhandel met hulle oor sake waarby hulle belang het;
* bly in noue voeling met die jeugkommissies van die samewerkende kerke en doen gereeld aan hulle verslag;
* bepaal weë waarlangs finale jaar-onderwysstudente op hoogte gehou kan word van die werk van die vereniging;
* bly op hoogte van die nuutste Bybelstudiemetodes en tendense in jeugwerk;
* vaardig, wanneer nodig en moontlik, persone af na enige plaaslike of buitelandse konferensie waarby die Christen-Studentevereniging kan baat;
* bly in voeling met die massa-media.

Uit bogenoemde funksies van die Hoofbestuur blyk dit dat die Hoofbestuur, veral volgens die nuwe grondwet, sorg moet dra dat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging 'n eietydse jeugvereniging is en bly deur op hoogte te bly van nuwe tendense en in

noue skakeling te bly met alle betrokkenes en daarom op 'n veel meer gereelde basis vergader.

Vervolgens enkele opmerkinge in sake die Dagbestuur.

4.2.1.1 Die Dagbestuur (Grondwet 1988, artikels 16-17)

Die Hoofbestuur se Dagbestuur word soos volg deur die Hoofbestuur verkies:

* die voorsitter, onder-voorsitter, hoofsekretaris en nog drie lede van die Hoofbestuur, waarvan verkieslik minstens een in die aktiewe onderwys staan;
* die Adunk-Hoofsekretaris: Administrasie en Ontwikkeling en die Adjunk-Hoofsekretaris: Finansies dien met adviserende stem in die Dagbestuur;
* hoogstens twee Christen-sakemanne of ander kundiges kan met volle sittingsreg gekoöpteer word in welke geval hulle ook volle sittingsreg op die Hoofbestuur geniet. Persone mag met adviderende stem op ad hoc-basis gekoöpteer word;
* drie secundi-lede word ook benoem.

Die lede wat deur die Hoofbestuur verkies word se dienstermyn strek oor drie (*nou oor twee*) jaar. Die Dagbestuur vergader so dikwels as nodig, maar nie minder as drie keer per jaar nie (*nie meer 'n bepaling nie*). Die Dagbestuur het die bevoegdheid om, wanneer die Hoofbestuur nie in sitting is nie, in alle opsigte namens die Hoofbestuur op te tree, maar daar moet verslag gedoen

word aan die Hoofbestuur, behalwe in die sake wat die Hoofbestuur tot sy eie bevoegdheid beperk het (Grondwet 1988 : 9).

Die Dagbestuur se funksies is, onder andere, (*nou is dit die werk van die Hoofbestuur*) om te sorg vir alle publikasies van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging en die lede van die vereniging te voorsien van die nodige Bybelstudiegidse. Die Dagbestuur sorg dat hulle op hoogte bly van die nuutste Bybelstudiemetodes. Verder is dit die verantwoordelikheid van die Dagbestuur om gereeld 'n lyfblad tot die beskikking van die lede te stel en hulle voorsien ook gereeld die ondersteuners van die vereniging van 'n nuusbrief. Dit is ook die taak van die Dagbestuur om in noue voeling met die onderwysowerhede te bly en met hulle te onderhandel oor sake waarby hulle belang het. Die Dagbestuur bly ook in voeling met die Nederduitse Gereformeerde Kerk deur middel van die Algemene Jeugkommissie en die onderskeie Sinodale Jeugkommissies en doen gereeld namens die Hoofbestuur verslag aan die Algemene Jeugkommissie (*bly in noue voeling met die jeugkommissies van die samewerkende kerke en doen gereeld verslag aan hulle namens die Hoofbestuur*). Die Dagbestuur bly ook in voeling met die massa-media soos sal blyk uit die artikels waarna verwys sal word. Die Dagbestuur reël van tyd tot tyd landswye konferensies. Wanneer nodig, vaardig die Dagbestuur iemand af na die wêreldwye *International Fellowship of Evangelical Students* of ander konferensies (enige plaaslike of buitelandse konferensies) waarby die Afrikaanse Christen-Studentevereniging kan baat vind (Grondwet 1988 : 9-13) (vide paragraaf 1.5.2.10).

Daar is verskeie administatiewe en finansiële aspekte waaraan die Dagbestuur aandag moet gee (Grondwet 1988 : 9-13). Die dagbestuur hanteer, volgens die nuwe grondwet, alle spoedeisende sake (Grondwet 1994 : 12-13).

Daar sal vervolgens enkele aspekte betreffende die tweede vlak van bestuur beskryf word.

### 4.2.2 Streekbesture (Grondwet 1988, artikel 21)
(Die Provinsiale bestuur: Grondwet 1994, artikel 19)

Met die oog op doeltreffende skakeling met die Nederduitse Gereformeerde Kerk, onder wie se toesig die vereniging geval het, het die geografiese grense van 'n streek, sover moontlik, saam met dié van 'n sinode van die Nederduitse Gereformeerde kerk geval. Indien meer as een volwaardige streek binne dieselfde sinodale gebied tot stand gekom het, mag die gesamentlike grense van die streke nie die van die betrokke sinode oorskry nie. Op hierdie bestuur het twee verteenwoordigers uit elke Sirkelbestuur, die streeksekretaris, 'n verteenwoordiger van die kampkomitee, die Direkteur van Onderwys of sy benoemde, een verteenwoordiger van die Sinodale Jeugkommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en 'n maksimum van vyf gekoöpteerders waarvan minstens een 'n leraar moes wees en dan die drie uitvoerende amptenare van die hoofkantoor, in 'n adviserende hoedanigheid, gedien. Die samestelling het verskil indien daar Substreekbesture bestaan het - dan is die sirkelverteenwoordigers vervang deur vier verteenwoordigers uit elke Substreekbestuur. Die Streekbestuur het

minstens een maal per jaar vergader. Die bestuurslede het vir 'n tydperk van drie jaar gedien. Die voorsitter, onder-voorsitter en tesourier, tesame met die streeksekretarisse, voorsitters van die Substreekbesture (waar van toepassing) en die kampkomiteeverteenwoordiger het die Dagbestuur gevorm (Grondwet 1988 : 17-19).

Volgens die nuwe grondwet is die geografiese grense die grense van die provinsies in Suid-Afrika of die landsgrense waar die Afrikaanse Christen-Studentevereniging in 'n ander land werk - met ander woorde die verdeling is nie meer gekoppel aan die ringindelings van die Nederduitse Gereformeerde Kerk nie.

Die volgende groepe (persone) behoort in die Provinsiale bestuur verteenwoordig te wees: Takbesture; die voltydse provinsiale personeel; die kampkomitee; die onderwyshoof of sy benoemde in die bepaalde provinsie; elke kerk of groep kerke wat deur die Provinsiale bestuur daartoe genooi word; enige komitees wat deur die Provinsiale bestuur aangestel is met spesifieke opdragte; die uitvoerende amptenare van die hoofkantoor, in adviserende hoedanigheid.

Die Streekbestuur (*Provinsiale bestuur*) bevorder op elke moontlike wyse die werk van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging in die betrokke streek (*provinsie*). Dit is ook hul taak om bepalinge ('n reglement) vir die streek (*provinsie*) as aanvulling by die Grondwet op te stel, maar hierdie bepalinge mag nie in stryd wees met die Grondwet nie en dit word aan die Hoofbestuur se Dagbestuur vir goedkeuring voorgelê.

Dit is ook die taak van die Streekbestuur (*Provinsiale bestuur*) om 'n beleid vas te stel vir alle kampe met inagneming van die Kampbeleid, soos beskryf in Bylaag C van die 1988 Grondwet (*elke Provinsiale bestuur stel nou huishoudelike reëls vir hul kampkomitee op*) en vir die konferensies binne die streek (*provinsie*). Verder reël hulle streekkonferensies (*provinsiale saamtrekke*) na behoefte, verkieslik elke twee jaar (*weggelaat in die nuwe grondwet*). Verslag word jaarliks gedoen aan die Hoofbestuur (*en ook aan die belanghebbende kerke in die provinsie*) van die werksaamhede binne die streek (provinsie). Die Streekbestuur (*Provinsiale bestuur*) het ook sekere administratiewe en finansiële verantwoordelikhede (Grondwet 1988 : 19-21; Grondwet 1994 : 21-22).

Die Streekbesture is ondersteun deur Substreekbesture. Tans bestaan daar, volgens die nuwe grondwet, nie meer Substreekbesture nie.

Die skrywer wil die volgende besondere funksies van die nuwe Provinsiale besture aanstip (Grondwet 1994 : 20-22):

* bevorder op elke moontlike wyse die werk van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging in die betrokke provinsie;
* onderneem, na doelgerigte beplanning, provinsiale projekte en inisiatiewe wat gerig is op die verwesenliking van die doelstellings van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging;
* groepeer takke in sirkels waar nodig en benoem 'n sirkel-koördineerder en hou toesig oor die werksaamhede van Takbesture;
* aanvaar verantwoordelikheid vir die Afrikaanse Christen-

Studentevereniging-diensjaar vir Christusspanne wat in die provinsie werk;

* besluit oor die samestelling van 'n kampkomitee en stel huishoudelike reëls vir die kampkomitee op.

Die Provinsiale besture het die funksies van die Streekbesture en Substreekbesture oorgeneem, maar bepaalde rigtinggewende take bygekry, byvoorbeeld die opstel van 'n reglement en huishoudelike reëls vir kampe en aanvaar verantwoordelikheid vir die Diensjaarspanne wat in die provinsie werk.

Die tweede vlak van bestuur was die Sirkelbestuur. Tans is daar slegs drie vlakke van bestuur, naamlik die Hoofbestuur (vide paragraaf 4.2.1), die Provinsiale bestuur en die Takbesture (vide paragraaf 4.2.5). 'n Sirkelkoördineerder kan, indien nodig, aangewys word nadat takke in sirkels gegroepeer is (De Vos 1994).

Die Substreekbesture en Sirkelbesture word vervolgens bespreek, aangesien hulle funksies oorgeneem is deur die Provinsiale besture.

### 4.2.3 Substreekbesture (Grondwet 1988, artikel 22)

Die geografiese grense van die substreke is deur die Streekbestuur met inagneming van ringsgrense vasgestel. Die Substreekbesture is saamgestel uit twee verteenwoordigers uit elke Sirkelbestuur, een verteenwoordiger uit die studente-tak in die substreke waar daar nie 'n studente-sirkel bestaan het nie, die streeksekretaris van

die substreek, die voorsitter en sekretaris van die substreekkampkomitee en hoogstens vyf persone wat gekoöpteer is en waarvan twee leraars was. Hierby het gekom die voorsitter van die Streekbestuur en drie uitvoerende amptenare van die hoofkantoor, almal met 'n adviserende stem. Hierdie persone het gedien vir 'n termyn van drie jaar. Die Substreekbestuur het minstens een maal per jaar vergader. Die voorsitter, onder-voorsitter, tesourier, tesame met die voorsitter van die Substreekkampkomitee het die Dagbestuur gevorm. Die Substreekbestuur het op elke moontlike wyse die werk van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging in die betrokke substreek bevorder. Verder het hulle substreekkonferensies gereël. Dit was ook hul taak om administatiewe en finansiële verantwoordelikhede op substreekvlak te behartig (Grondwet 1988 : 21-23).

**4.2.4 Sirkelbesture (Grondwet 1988, artikel 24)**

Met die oog op doeltreffende skakeling met die kerk het die geografiese grense van 'n sirkel saam geval met die van 'n ring van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Dit kon ook uitgebrei word om saam te val met die grense van twee ringe indien daar te min takke binne 'n bepaalde ring was (In streke of substreke waar daar twee of meer studente-takke bestaan het, het hierdie takke 'n kategoriale studente-sirkel ongeag ringsgrense gevorm. Hierdie beginsel kon ook in sekere gevalle uitgebrei word om te geld vir spesiale skole en standerd vyf-takke).

Die Sirkelbestuur het bestaan uit twee persone uit elke Takbestuur, waarvan een 'n senior leerling kon gewees het. Daarby het gekom een verteenwoordiger van die ring(e) se kommissie(s). Hoogstens twee persone wat belang gestel het in die werk van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging kon gekoöpteer word. Die Sirkelbestuur het minstens een maal per jaar vergader en het drie-jaarliks 'n voorsitter, onder-voorsitter en sekretaris gekies, wat dan ook die Dagbestuur uitgemaak het. Die Dagbestuur het so dikwels as wat nodig is, vergader. Die Sirkelbestuur het die werk van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging op elke moontlike wyse binne die gebied van die sirkel bevorder. Die Sirkelbestuur het hom beywer om takke tot stand te bring in skole en tersiêre inrigtings waar die Afrikaanse Christen-Studentevereniging nog nie gefunksioneer het nie. Dit moes hom veral beywer vir die instelling van die kringstelsel, die gebruikmaking van die amptelike Bybelstudiegids en die verspreiding van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se lyfblad. Verder het die Sirkelbestuur kringleierskampe en sirkelkonferensies gereël. Die Sirkelbestuur moes sorg dat die Biddag vir Studerende Jeug wel in die sirkel waargeneem word. Veral was dit hulle taak om as skakel te dien met die oorhoofse bestuur van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging. Die studente-sirkels moes die studente aanmoedig om by die verskillende kampe betrokke te wees en het van tyd tot tyd kontakgeleenthede met ander jeugaksies gereël. Hulle het ook werkerskampe, sending-byeenkomste en geleenthede vir ekumeniese kontak, na gelang van die behoefte van die sirkel gereël (Grondwet 1988 : 23-25).

Uit die bespreking van die Substreekbesture en die Sirkelbesture is dit duidelik waarom die Afrikaanse Christen-Studentevereniging besluit het om die getal bestuursvlakke te verminder. Eerstens behoort die skakeling en kommunikasie tussen die Hoofbestuur via die Proviniale bestuur na die tak nou meer doeltreffend te wees, aangesien Takbesture in die Provinsiale bestuur verteenwoordiging het. Die Takbesture se verteenwoordigers sal ook by direkte besluite rakende die provinsie betrokke wees en daarom in 'n meerdere mate eienaarskap aanvaar vir die Afrikaanse Christen-Studentevereniging op 'n breër front.

Op grondvlak is dit steeds die Takbesture wat die beleid en doelstellings van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging prakties tot uitvoer bring. Die werksaamhede van die onderskeie leiersfigure binne takverband word in besonderhede in paragraaf 4.3 bespreek, omdat dit in die tak is waar die doelstellings en belydenisgrondslag van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging gerealiseer word/moet word.

Die provinsies het, soos reeds aangedui, steeds die vryheid om, indien nodig, Sirkelbesture te implimenteer (De Vos 1994).

**4.2.5 Takbesture (Grondwet 1988, artikel 24-25)**

Die Takbestuur bestaan uit die onderwyser-voorsitter, leerling-voorsitter, leerling-ondervoorsitter, leerling-sekretaresse en 'n onderwyser-tesourier, asook drie addisionele leerling-lede wat deur die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se lede verkies

word. Die skoolhoof en 'n plaaslike leraar dien met volle stemreg op die Takbestuur. Die Takbestuur sorg dat al die werksaamhede van die tak bevorder en uitgebou word. Die Takbestuur hou by die Grondwet, asook die streek se bepalings. Die Takbestuur reël takkampe en sorg dat die kampbeleid van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging nougeset uitgevoer word (vide paragraaf 4.4.3.1). Die Takbestuur moedig die lede aan om kringleiers- en ander sirkel- of streekkampe by te woon. Die Takbestuur moedig lede aan om hul Christenskap so uit te leef dat die onderwyspersoneel en hul maats nie oor hul opregtheid sal twyfel nie. Daarby is die Takbestuur verantwoordelik vir alle administratiewe en finansiële sake wat die tak raak (Grondwet 1988 : 26-27).

Die Takbestuur se samestelling en funksionering word nie in die nuwe grondwet uiteengesit nie, maar wel in die publikasie: Die ACSV in 'n Neutedop (ACSV van SA 1993).

Aangesien dit in hierdie studie nie gaan om die studente-afdeling van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging nie, sal daar nie 'n bespreking wees van die Takbesture van studente-takke nie. Die werksaamhede van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging binne takverband word in paragraaf 4.4, asook Addendum 1 bespreek.

Vervolgens enkele opmerkinge betreffende die vlakke van bestuur binne die Afrikaanse Christen-Studentevereniging.

### 4.2.6 Vlakke van bestuur binne die Afrikaanse Christen-studentevereniging

Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging het tot en met 1992 vyf bestuursvlakke gehad soos uit bogenoemde bespreking geblyk het. Die vraag is gevra of 'n beheerstuktuur met vyf bestuursvlakke aan te beveel is. Dit wil voorkom of die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se Hoofbestuur juis sy aantal bestuursvlakke verminder het om sodoende meer vaartbelyn te kan funksioneer soos sal blyk uit die beskrywing van veranderinge in die beheerstruktuur van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging.

Hoewel die aantal vlakke van bestuur onlangs verander het, bly die funksies van die totale Afrikaanse Christen-Studentevereniging se bestuur dieselfde en alhoewel daar ook aanpassings is ten opsigte van benaderingswyse is daar sekere sake wat altyd dieselfde basiese uitgangspunt het en daarom oordeel die skrywer dat die beskrywing van die vyf-vlak beheerstruktuur wat sy onderneem het voor die veranderinge, met die nodige byvoegings, nie irrelevant is nie, veral daar die nuwe drie-vlak beheerstruktuur nog maar skaars in werking getree het en dit nog nie werklik geëvalueer kan word nie.

In 1992 is 'n nuwe grondwet saamgestel en toe is die bestuurs-vlakke reeds verminder, en wel tot vier bestuursvlakke, naamlik:

* die eerste vlak - Takbesture in skole (en tersiêre inrigtings);
* die tweede vlak - Sirkelbesture waarin 'n aantal Takbesture verteenwoordig is;

* die derde vlak - Streekbesture waarin 'n aantal Sirkelbesture verteenwoordig is;
* die vierde vlak - die Hoofbestuur waarin, onder meer, al die Streekbesture verteenwoordig is (Grondwet 1992 : 5).


In 1994 is die aantal bestuursvlakke weereens gewysig en wel soos volg:

* die eerste vlak - Takbesture in skole en ander opvoedkundige inrigtings;
* die tweede vlak - Provinsiale besture (wat kan onderverdeel in Streekbesture, indien nodig);
* die derde vlak - die Hoofbestuur waarin, onder meer, al die Provinsiale besture verteenwoordig word.

Die vermindering in die aantal bestuursvlakke sou kon bydra tot vaartbelyndheid betreffende besluitneming. Ook is die aantal poste verminder om sodoende die dinamika te verbeter. Die Hoofbestuur het 42 lede gehad toe dit in Junie 1994 ontbind het. Die nuwe Hoofbestuur maak voorsiening vir 20 poste (Leiersberaad 1994). Die aanpassings is gedoen ter wille van vaartbelyndheid, die getal persone betrokke en ter wille van kostebeplanning (Hoofbestuur 1994a : 7) (<u>vide</u> Organogram 1 op <u>pagina</u> 465).

Daar het nie net veranderinge ingetree betreffende die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se beheerstruktuur nie, maar ook met betrekking tot bestuurstyl en benaderingswyse. Die skrywer wil nou

## BEHEERSTRUKTUUR VAN DIE (AFRIKAANSE) CHRISTEN - STUDENTEVERENIGING




**ORGANOGRAM 1**

graag die nuwe verwikkelinge betreffende die Afrikaanse Christen-Studentevereniging van die negentigerjare bedwarskyk.

### 4.2.7 Die mees resente veranderinge binne die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se geledere

Enkele demografiese werklikhede wat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging geïdentifiseer het en mee rekening moet hou, is onder andere (ACSV van SA 1991 : 5-6):

* 'n snelle bevolkingsaanwas, met 'n gepaardgaande ekologiese limiet;
* ontvolking van die platteland;
* die ontwikkeling van makro-stede;
* gesinsverbrokkeling (22 000 minderjarige kinders was betrokke by egskeidings in 1991 (vide ook paragraaf 3.2.9.6);
* geweld en misdaad neem toe;
* grootskaalse werkloosheid, armoede en plakkery;
* die invloed van die kerk op jongmense neem af (vide ook paragraaf 3.2.2).

Hierdie demografiese werklikhede stem ooreen met die probleem-areas wat in die leefwêreld van sommige jeugdiges deur die skrywer aangedui is (vide Hoofstuk 3).

Vanuit die beskrywing van die leefwêreld van die jeugdige (vide paragraaf 3.2) wil dit voorkom of die Afrikaanse Christen-Studentevereniging tot hul lys van demografiese werklikhede

verskeie ander probleemareas wat meespreek in die wording van sommige jeugdiges kan byvoeg.

Die veranderinge in beheerstruktuur, bestuurstyl en benaderingswyse is gedeeltelik teweeg gebring met die oog op bogenoemde demografiese faktore, maar veral as gevolg van 'n empiriese navorsingsprojek oor die stand van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging in Suid-Afrika. Die projek het gekyk na tendense wat in hierdie verband waargeneem word en na persepsies van betrokkenes (leiers en lede) en nie-betrokkenes (volwassenes en jongmense) en hulle menings oor die vereniging wat in 1990/91 deur die Afrikaanse Christen-Studentevereniging geloods is. Die Dagbestuur van die vereniging het 'n spesiale ondersoek-komitee aangewys wat die faktore wat bygedra het tot die huidige stand van sake in Transvaal met betrekking tot die Afrikaanse Christen-Studentevereniging moes ondersoek en aanbevelings moes doen ten opsigte van 'n dinamiese nuwe aksie om ter wille van God se koninkryk en die lewensgeluk van ons jongmense in samewerking met die onderskeie kerke meer jongmense te bereik deur die vereniging se werksaamhede. Daar is besluit om die ondersoek landswyd van toepassing te maak. Meer as 2000 tieners (lede sowel as nie-lede) het landswyd aan die ondersoek deelgeneem (vide paragraaf 4.2.9.2 (c)) (Brink 1991 : 1; CSV 1994a : 8).

In 1990 het die Hoofbestuur reeds besluit dat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se verantwoordelikheid verder strek as net die blanke Afrikaans-sprekende skolier. Daar word geoordeel dat die vereniging se verantwoordelikheid die hele spektrum van

jeugwerk op die skoolkampusse en tersiêre instansies (veral die wat onderwysstudente oplei) behoort in te sluit (Hoofbestuur 1994b : 1).

Die veranderinge wat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging in die vooruitsig gestel het, was eerstens nie gemik op die behoud van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging nie, maar om **kinders en jongmense vir Jesus Christus te wen in 'n jeugkultuur waar jongmense hulle geloof kan uitleef.** Die Hoofbestuur het besef dat hierdie jeugkultuur relevant moet wees met betrekking tot die nuwe omstandighede in die land en dat daar rekening gehou moet word met die feit dat bepaalde sekerhede van die verlede moontlik kan verander (sommige sekerhede het reeds verander, byvoorbeeld voldoende werksgeleenthede vir blanke matrikulante) en dat die "beskermende maatreëls" kan verdwyn. Die sekerheid met betrekking tot godsdiensonderrig (Bybelonderrig) as vak met die Christelike leer van die Bybel as uitgangspunt is reeds vanaf die negentigerjare vir verskeie persone en instansies 'n saak van groot kommer (vide paragraaf 6.14.2). Daar moet met die invloed van sekularisasie, asook die lewensbeskouing "leef vir nou" (carpe diem) (vide ook paragraaf 3.2.4) van sommige jongmense rekening gehou word. Die demokratiseringsproses sal (het reeds) ook nuwe blootstelling tot gevolg. 'n Soeke na geestelike waardes is ook een van die tendensbreuke wat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging raak. Oop toegang tot skole vir die Afrikaanse Christen-Studentevereniging kan nie meer gewaarborg word nie, aangesien daar groot veranderinge in die onderwys kan intree (Hoofbestuur 1992a : 1-2).

Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging weet dat die mens (ook jeugdiges) in Jesus Christus 'n anker kan vind te midde van die onsekerhede. Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging beklemtoon die feit dat die Woord sentraal moet staan en dat die gemeenskap met gelowiges belangrik is. Jeugdiges moet gehelp word om te verstaan wat die wil van die Here vir hulle is en wat die eise van dissipelskap is. Gebed word beklemtoon, asook 'n sendingvisie en bewustheid van wêreldevangelisasie (Hoofbestuur 1992a : 1-2).

Daar word aanbeveel dat daar positief na die nuwe bedeling gekyk word - dit mag selfs suiwering tot gevolg hê. Die basiese, naamlik geloof in Christus word beklemtoon, asook die versoenbaarheid van verskillende uitlewingswyses van Christenskap (Hoofbestuur 1992a : 1-2).

In dieselfde jaar (1992) as wat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging besin het oor die eise van die tyd en wat gedoen kan word, het die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se Hoofbestuur met 'n vyfjaarplan begin wat as oogmerk het die dinamiese geestelike vernuwing onder die jeug en is daar besluit om alle aktiwiteite van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging stelselmatig aan te pas om hierdie doel te bereik (Hoofbestuur 1992b : 1).

Die vyfjaarplan van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging het die volgende hoofmomente ingesluit:

1992 - soek die wil van God vir die Afrikaanse Christen-

Studentevereniging wat die oorweging van nuwe metodes om die **Evangelie** vir jongmense te **laat lewe** ingesluit het;

1993 - **dinamiese aksie** wat onder meer ingesluit het diensjaar-spanne, ontwikkeling van leierskap, materiaal en hulp-middele, om (vir) Christus te leef en dit te geniet;

1994 - **samebinding** by wyse van 'n jeug-tot-jeugproses deur aktiewe jeugspanne en kringleiers en die vestiging van 'n jeugdige styl sodat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging beleef word as die jongmense se vereniging. Die uitbouing van sang, musiek (vide paragraaf 4.2.9.1 en getuienislewer-ing en die hou van massasaamtrekke (vide paragraaf 4.2.8.3 (b)) en ander gesamentlike byeenkomste moet verwesenlik word;

1995 - **uitreikingsaksie** na streke en gebiede wat nog nie bereik is nie;

1996 - die **viering** van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se **100-jarige bestaan** by wyse van **massasaamtrekke. Lofprysing, aanbidding en getuienislewering,** opgevolg deur 'n nuwe (aanvullende?) visie vir die volgende vyf jaar (CSV 1994a : 19-21) (eie invoeging).

In Junie 1994 het die Hoofbestuur vergader om onder meer te besin oor die geestelike vernuwing wat na hulle mening onder jongmense in Suid-Afrika plaasvind, en dan spesifiek die taak en roeping van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging ten opsigte hiervan (Brink 1994d : 3). "In 'n vinnig veranderde en veranderende situasie in ons land en onder ons jeug bly dit noodsaaklik om

voortdurend aan te pas deur weg te doen met uitgediende strategieë en innoverend ander te ontwikkel sodat vaartbelyndheid (ter wille van maksimale effektiwiteit) behou kan word" (Hoofbestuur 1994b : 1).

Om te verseker dat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging sy doel bereik en ook steeds relevant bly in 'n veranderende situasie, is die volgende vrae onder meer aangespreek:

* Is die Afrikaanse Christen-Studentevereniging oral in pas met die eise van hedendaagse jeugwerk (vide paragraaf 6.12 vir riglyne in sake hedendaagse jeugwerk wat aangedui is tydens 'n Lenteskool in 1994, en ook in verskeie resente publikasies in sake jeugwerk beskryf word)?
* Is die personeel en struktuur daarvoor geskik?
* Is daar genoeg vaartbelyndheid in die besluitnemingsproses en die struktuur om geleenthede wat die vinnig veranderende situasie bied, te benut?
* Is die Afrikaanse Christen-Studentevereniging gerat om in die nuwe Suid- Afrika relevant te bly en steeds die groterwordende eise aan 'n Christelike jeugvereniging aan te spreek (Brink 1994d : 3)? Volgens Van Schalkwyk (1994a : 6) soek die jeug van die 1990's 'n eietydse idioom. "Om hulle te bereik en te behou sal daar nuut en anders oor jeugwerk gedink en gedoen moet word.

Hiertoe word die kerk, skool en gesin as onderskeie samelewingsverbande (vide paragraaf 3.5.4.5) geroep om met die Christen-Studentevereniging kragte saam te snoer en ons jeug dinamies te begelei met 'n inhoud en styl wat hulle sal aangryp."

"Hierdie vrae moet voortdurend aandag geniet, maar intussen is besluite geneem om te verseker dat die Christen-Studentevereniging vaartbelyn en gereed is vir elke nuwe uitdaging en oop deur" (Brink 1994d : 3).

Dit is te betwyfel of die Afrikaanse Christen-Studentevereniging daarin kan slaag om vir elke nuwe uitdaging gereed te wees, maar dit wil voorkom of die Afrikaanse Christen-Studentevereniging besliste stappe geneem het en sal neem om wel vaartbelyn en gereed te wees vir nuwe uitdagings.

Die volgende riglyne word deur die Hoofbestuur (1994c : 2-5) geïdentifiseer as noodsaaklik vir "'n kraakvars en soepele benadering wat die eise van die tyd" sal kan aanspreek:

* 'n vaartbelynde infrastruktuur wat besluitneming en werkverrigting bespoedig en inspireer (<u>vide</u> paragraaf 4.2.1);
* 'n beleidmakende struktuur wat tesame met die outoriteit van besluitneming ook die betrokke verantwoordelikheid vir die effektiewe uitvoering van besluite neem (<u>vide</u> paragraaf 4.2.1);
* 'n span voltydse en deeltydse personeel en DJC-(Diensjaar vir Christus-Jeugspan) lede wat die diverse samelewing effektief kan bedien (<u>vide</u> paragraaf 4.2.8.3 (a));
* 'n span (besture en personeel) wat goed toegerus is en tred hou met hedendaagse tendense in jeugwerk en wat nie met uitgediende metodiek nuwe eise probeer aanspreek nie (<u>vide</u> paragraaf 4.2.8.2);
* die gebruik van Engels naas Afrikaans as kommunikasiemedium soos die behoefte homself voordoen, asook ander tale waar die

genoemde tale nie effektief aangewend kan word nie (vide paragraaf 4.2.7);

* 'n bestuurstruktuur waarbinne ampte vir termyne van beperkte lengte verkies word ter wille van effektiwiteit;
* indiensnemingsmaatreëls wat verseker dat betrokkenes hulle vir 'n beperkte tyd aan die vereniging verbind, waarna hulle heraanstelling in heroorweging geneem kan word;
* spesialiteitsbedieninge wat tot verryking van die werk in die provinsies (vide Organogram 2 op pagina 490 vir spesifiserings van spesialiteite soos tot op hede geïdentifiseer);
* onderwyser-motivering is van kardinale belang;
* die beskikbaarstelling van bruikbare materiaal en hulpmiddels op elke vlak;
* vernuwing van denke betreffende ondersteuning van onderwysers vir die eise van die nuwe onderwyssisteem en ondersteuning van ontwrigte skoliere. In Die Burger (1992b : 8) word berig dat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging groot werk doen onder 'n verwarde jeug: deur "berading, bespreking van die kinders se probleme en die aanhoor van vrese word liefdevolle en toegewyde aandag aan oplossings gegee", die oordra van die regte waardesisteem en die ondersteuning en ontwikkeling van minderbevoorregtes (vide paragraaf 4.4.5.3);
* inspraak van jongmense op alle vlakke tot en met die provinsiale bestuur (Hoofbestuur 1994b : 3);
* daadwerklike vordering in die eenheidsoeke tussen die Afrikaanse Christen-Studentevereniging en sy sustersorganisasies.

Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging het hom "amptelik verbind tot 'n visie van 'n verenigde Christelike beweging of bediening in skole en tersiêre inrigtings. ... Die visie lui onder meer: "Ons het berou oor die onbybelse verdeling wat in 1965 ontstaan het ..." Die vier bewegings het op 25 Januarie 1992 besluit om hierdie visie in hul eie organisasie te bevorder en weer te ontmoet om die eenheidsvisie "verder te neem met die Woord van God as enigste riglyn" (Die Burger 1992a : 9). Daar is in die week eindigende 19 November 1994 reeds besluit om met Die Vereniging vir Christen-Studente in Suid-Afrika (VCS) saam te smelt (Brink 1994f) en hierdie samesmelting word op 28 Julie 1996 (met die 100-jarigeviering van die vereniging) amptelik voltrek en dan sal die nuwe naam van die vereniging Verenigde Christen-Studentevereniging wees (VCSV) (Streekbestuur 1995). Volgens Smith (1994b) is daar tydens die hoofbestuursvergadering in November 1994 erns gemaak met die beweging na eenheid en die uitreiking van 'n hand van liefde oor alle grense heen. Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging het reeds in 1992 die Bybelse eis met betrekking tot eenheid erken en hom bereid verklaar tot samewerking met ander Christelike organisasies om sodoende begrip, vertroue en die bereiking van ooreenkomste te fasiliteer. Sy **hoogste prioriteit is steeds geloof in Christus, om mense te lei tot dissipelskap** deurdat hulle **lewe as Christene** (Cameron 1992 : 7).

Die skrywer het reeds gewys op die veranderinge wat gemaak is betreffende die beheerstruktuur van die Afrikaanse Christen-

Studentevereniging in die loop van 1994. Die toekoms sal bewys of dit tot vaartbelyndheid bygedra het betreffende die besluitnemingsproses en of die struktuur dit moontlik maak om die geleenthede wat die vinnig veranderende situasies van die samelewing van vandag bied, te benut.

Sy wil vervolgens enkele veranderinge betreffende die praktiese implementering van die veranderinge op Provinsiale vlak (Streeksvlak) beskryf, aangesien dit kan dien as 'n gedeeltelike beantwoording van die vrae wat so pas gestel is.

### 4.2.8 Praktiese implimentering van veranderinge op Provinsiale vlak (Streeksvlak)

#### 4.2.8.1 Inleiding

Wat van belang is vir hierdie studie is die insluiting van verteenwoordigers van die Gereformeerde Kerke en Pinkster- en Charismatiese Kerke. Dit is verder nou moontlik dat persone van ander denominasies as die Nederduitse Gereformeerde Kerk in bestuursposte verkies kan word en dan ook op die Hoofbestuur kan dien. Hierdie veranderinge bring mee dat die kritiek betreffende eksklusiwiteit op bestuursvlak en in besluitneming deur lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat op die Hoofbestuur van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging gedien het, nou in 'n groot mate aangespreek is.

'n Tweede saak betreffende die veranderinge wat vermelding verdien, hou verband met spesialisering.

"Die nuwe Hoofbestuur het opdrag gekry om aandag te gee aan die behoefte om 'n bedieningstruktuur van spesialiseringsposte te skep of uit te brei. Spesialiseringsposte kan onder meer insluit: diensjaar, stranddienste, onderwysbediening, kampe, jeugfeeste en laerskole" (Brink 1994d : 3). Enkele van hierdie aspekte, byvoorbeeld diensjaar (jeugspanne), kampe en jeugfeeste, word in meer besonderhede bespreek in die beskrywing wat volg.

Dit wil voorkom of die Afrikaanse Christen-Studentevereniging bewus is van die nood van die jeug (vide paragraaf 4.2.7), asook die nood aan eietydse belewenisse van die jeug van vandag (vide paragraaf 4.2.9.2 (c) vir die uitslag van 'n empiriese ondersoek wat die vereniging onderneem het) en daarom die vereniging wil rat om in hierdie nood betreffende probleme vanweë samelewingsfaktore en die nood aan eietydse belewenisse te voorsien by wyse van, onder meer, jeugspanne (vide paragraaf 4.4.8.3 (a)), jeugfeeste (massasaamtrekke) (vide paragraaf 4.4.8.3 (b)), personeelbegeleiding en opleiding, ensomeer. Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging het, met ander woorde, met die oog op sowel interne as eksterne knelpunte besluit om bepaalde veranderinge te maak met betrekking tot die beheerstruktuur en benadering.

Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging wil langs hierdie weg sowel pro-aktief as re-aktief optree (Brink 1994e).

Die reël van die jeugfeeste in April 1994 tydens Suid-Afrika se

eerste demokratiese verkiesing is 'n verdere aanduiding van die pro-aktiewe optrede van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging, aangesien hoop en nie vrees nie die werksaamhede van die vereniging bepaal. Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging sug ook nie oor die toekoms nie, maar is opgewonde en is reeds betrokke by nuwe geleenthede wat hul voordoen soos byvoorbeeld die Love Southern Africa-projek (vide paragraaf 6.3.2.8) en skakeling met die ander verenigings wat afgestig het van die oorspronklike vereniging, naamlik die Christen-Studentevereniging (vide paragraaf 1.5). Die hervormings wat onderneem is met betrekking tot die beheerstruktuur is 'n verdere aanduiding van die pro-aktiewe optrede van die vereniging. So is daar byvoorbeeld in Transvaal 8 voltydse poste geskep in die plek van die 2 voltydse poste wat tot en met Desember 1994 bestaan het, juis met die oog op die eise van die toekoms (Brink 1994e). Hierdie poste is soos volg: gebiedshoof, administratiewe beampte en ses provinsiale organiseerders (Smith 1994b : 1). Hierdie organiseerders bedien die Oos, Noord en Noordwes provinsies, asook die Pretoria-Witwatersrand-Verenigingstreek (nou Gauteng) se hoërskole en laerskole en Soweto-area (Smith 1994a : 1). Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging stel hom ten doel om 'n positiewe boodskap uit te dra (Brink 1994e) (eie invoeging).

Dit is uiteraard nie moontlik om 'n volledige beskrywing te voorsien van alle veranderinge wat reeds geïmplimenteer word of nog geïmplimenteer gaan word nie, maar die skrywer gaan enkele veranderinge wel belig. Wat opvallend is, is dat die veranderinge

dui op 'n totale verandering op 'n wye front soos sal blyk uit die bespreking wat volg.

Die grondwetwysigings van 1994 is, onder meer, onderneem ter wille van vaartbelyning, aanpassing by die nuwe Suid-Afrika en om meer akkomoderend te funksioneer betreffende die nood en belewenisse van die jeug van vandag.

#### 4.2.8.2 'n Totale benadering

Die eis wat gestel word, is dat elke projek/taak die HOOFDOELWITTE moet dien volgens die styl/benadering en gees waarop konsensus bereik is. Hier volg die doelwitte soos beskryf deur die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se leiers (Van Schalkwyk 1994b):

* die nuwe uitdagings, behoeftes en benaderings tot jeugwerk benodig nuwe strukture, poste, inisiatiewe en idees;
* bemarking van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging moet dinamies gedoen word, met ander woorde, lewendig en modern. Daar moet, met ander woorde, voldoende energie in die vereniging se werksaamhede belê word en die vereniging moet 'n hoë profiel handhaaf;
* streekkampe (provinsiale kampe) vereis 'n totale nuwe benadering (eietyds). (Vanweë aanvraag deur die jeug vir die Winkelspruitkampe word besluit om die Winkelspruitkampterrein optimaal te benut);
* jeugspanne het 'n totale nuwe era en benadering ingelei;

* uitreiking word in 1995 geloods (<u>vide</u> 5-jaar plan - paragraaf 4.2.7);
* grondvlakkontak, met ander woorde, binne die takke self, moet tot sy reg kom;
* jeugfeeste/massasaamtrekke moet 'n vaste instelling word en minstens 2 maal per jaar in elke groot streek aangebied word om meer kontak te verseker en omdat hierdie soort saamtrekke by die jeug byval vind.

Die voorafgaande is enkele aspekte met betrekking tot die totaliteitsbenadering, met ander woorde, veranderinge op 'n wye front, byvoorbeeld: strukturering, benadering, bemarking, nuwe strategieë soos byvoorbeeld jeugspanne en jeugfeeste, deur die Afrikaanse Christen-Studentevereniging. Diagram 6 (<u>vide pagina</u> 480) skets die volledige prentjie met betrekking tot die verhouding tussen die middele: leierskap, administrasie, skakeling, bemarking, finansies en fasiliteite, en die <u>modus operandi</u> met die oog op die bereiking van die doelwitte van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging deur middel van: Bybelstudie, kringwerk en voorbidding, lofprysing en sang, kampe, jeugfeeste, berading, uitreiking en jeug-tot-jeugaksie (deur, onder meer, jeugspanne).

Die skrywer moet vervolgens ook enkele aspekte in sake die funksionering van die jeugspanne en jeugfeeste (massasaamtrekke) belig, aangesien dit die nuwe benadering van die vereniging sal help belig.

# 'n TOTALE BENADERING





**DIAGRAM 6**

## 4.2.8.3 Jeugspanne en massasaamtrekke

### (a) Jeugspanne

In 1992 het die Afrikaanse Christen-Studentevereniging die Diensjaar vir Christus-projek geloods en is die eerste jeugspan in die veld gestuur. In 1993 is agt jeugspanne en in 1994 is 22 jeugspanne opgelei (Brink 1993b : 5; Brink 1994a : 1).

Die boustene van die jeugspanne is: 'n dienskarakter, multikulturele bediening, 'n jeug-tot-jeug aksie, vestiging van 'n eietydse jeugkultuur en vrywillige dienswerk (Smith 1994a).

Die groot voordeel van die jeugspanne, waarvan almal vroegvolwassenes is, is dat hulle baie meer in die tieners se leefwêreld beweeg as wat die hoogvolwassene ooit kan doen (Brink 1993b : 5). Hulle kan met die jeugdiges assosieer. Hulle word makliker vertrou omdat hulle as jong volwassenes nog met die jeug kan identifiseer. Hulle doen dinge saam met die jeugdiges en word opgelei om te luister en, indien moontlik, raad te gee óf om meer gespesialiseerde hulp aan te beveel of te kry, en sodoende by te dra tot "genesing" betreffende die seer in die jeugdiges se lewens. Hulle vervul 'n ondersteuningsfunksie deur begrip te toon, hulp te verleen (indien moontlik) en in bepaalde behoeftes, byvoorbeeld onsekerheid, nood aan 'n relevante jeugkultuur, ensomeer, te voorsien (Leiersberaad 1994). Die spanlede van die jeugspanne onthou nog die eie seer van hul tienerjare en sal daarom met begrip kan luister en begelei. Hulle dien as "filters"

deurdat hulle die noodroep van die jeug **raaksien** (panim-el-panim) en **raakhoor**. Die verhaal van die verlamde man van Betesda skets dieselfde probleem as wat verskeie jeugdiges vandag ervaar, naamlik, "EK HET NIEMAND om my in die water te sit as die water geroer word NIE" (Johannes 5:2) (vide paragraaf 3.2.9.3).

Hierdie jeugspanne gee hulself nie uit as terapeute of agoë nie, maar bied slegs aan jeugdiges die geleentheid om hul probleme te formuleer en in perspektief te sien. Hulle help voorts om jeugdiges met ernstige probleme te identifiseer en diesulkes aan die persone wat hulp kan verleen, bekend te stel (Brink 1994f).

Diensjaar vir Christus behels deeglike opleiding deur die Sentrum vir Jeugbediening van die Hugenotekollege te Wellington. In 1994 is die opleiding op drie verskillende plekke gedoen. Drie soorte spanne is opgelei, naamlik: hoërskoolspanne, laerskoolspanne en inter-kulturele spanne. Die opleiding dek, onder meer, persoonlikheidstudie om sodoende indiwiduele jeugdiges beter te verstaan, wat die doel en taak van die jeugspan is, opvoering van dramas, sing en spanbou, geestelike groei en getuienislewering (Brink 1994a : 1). Die opleiding gaan in die toekoms nie meer deur die Hugenotekollege hanteer word nie, maar deur die vereniging self (Streekbestuur 1995). Die spanne se sukses is geleë in effektiewe kommunikasie, dinamiese aksie en portuurgroep beïnvloeding. Hulle moet die Woord laat leef - vriendskapsevangelisasie dien as uitgangspunt (vide paragraaf 4.2.10) (Smith 1994a).

Aanvanklik wil dit voorkom of die begrip "vriendskaps-

evangelisasie" twee woorde koppel wat wesenlik op twee niveaus figureer en daarom nie gekoppel kan word nie, aangesien vriend(skap) ('n fileo-liefde) betrekking het op die mens, met ander woorde, dit figureer op die mundane vlak, terwyl evangelie(sasie) ('n agapè-liefde) op die transendentale niveau figureer, aangesien Evangelisasie juis op die kerugma van die Evangelie (Blye boodskap), naamlik die bekendstelling van Christus aan die mens, dui. Verder dui dit as terminus technicus in die Gereformeerde Kerke op die bearbeiding van die afgedwaalde (voormalige) lidmate (Roelofse 1994; Roelofse 1980 : 89).

Indien daar egter gelet word op die oproep om as gelowiges al meer soos Jesus te word, hoewel dit nooit volkome moontlik is nie, dan sou die filéo-liefde almeer die karakter van agapé-liefde vertoon en dan sou vriendskapsevangelisasie, as 'n kompositum van twee woorde vanuit twee niveaus, tog funksioneel bruikbaar wees, aangesien "ware" (agapè) vriendskap die uitleef van ware (agapè) liefde sou beteken. Slegs Jesus sou ware vriendskap aan die mens kon bied en alleen Hy sou sodoende die Evangelie suiwer kon bekendstel, maar as Sy volgelinge kan gelowiges deur vriendskap, weliswaar gebrekkige vriendskap, die Evangelie-boodskap bekendstel, al gaan die boodskap mank aan suiwerheid. Anders gestel: agapè-liefde omsluit filéo-liefde, terwyl filéo-liefde heenwys na agapè-liefde of dan 'n afskaduïng is daarvan (Roelofse 1994).

Die groot taak van die jeugspanne is die uitleef van liefde en die aanvaarding van jongmense (na Jesus se voorbeeld). "Jongmense hunker na aanvaarding en liefde, na iemand wat vir 'n slag net

rustig sit en luister terwyl hulle hulle harte uitpraat. Jongmense ... soek na antwoorde op hulle baie vrae ... oor hulleself, hulle plekkie in die wêreld, oor reg en verkeerd, oor God, oor Sy doel met hulle en met die wêreld. ... Jongmense sien kans om met die spanlede te praat, want hulle ... kan met hulle identifiseer. Hulle is immers tydgenote" (Brink 1994a : 1).

Die jongmense vind waarskynlik aanklank by die lede van die jeugspanne en het daarom die vrymoedigheid om hulle onsekerhede en nood met hulle te deel en daarom ook bereid is om dit te waag op die geloofspad.

Van die Jeugspanne werk saam met die Vereniging van Christen Studente (VCS) en besoek (tradisionele) Bruinskole. Hierdie spanne bring die Evangelie op inter-kulturele vlak aan bruin kinders tydens byeenkomste van die Vereniging van Christen Studente (Brink 1994a : 2).

Enkele predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het vrae geopper aangaande die spiritualiteit van die Diensjaar vir Christus-spanne. Die standpunt van die Hoofbestuur sowel as die Dagbestuur is soos volg (Hoofbestuur 1994a : 10-11):

Die (Afrikaanse) Christen-Studentevereniging

- "erken die sensitiwiteit rondom sake betreffende spiritualiteit en besluit om aan spanne leiding te gee om sensitief vir verskille hieroor te wees en 'n inskiklikheid om in te val by wat aanvaarbaar op plaaslike vlak is, te openbaar, met ander woorde, indien 'n bepaalde liedjie of aktiwiteit of aksie nie

aanvaarbaar is nie, hierdie standpunt te respekteer en nie hul eie standpunt of voorkeur af te dwing nie;

- wys daarop dat die spanne 'n wyer bediening het as die Nederduitse Gereformeerde Kerk;
- plaas 'n hoë premie daarop om nie die vertroue van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (en ander belanghebbende kerke) te verloor nie;
- wil graag deurlopend met die Nederduitse Gereformeerde Kerk (en ander belanghebbende kerke) gesprek hieroor voer ter wille daarvan dat die partye as bondgenote mekaar hoor en sensitief bly vir mekaar;
- erken die feit dat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging 'n gas is in die gemeentes en skole waar hulle optree en as sodanig moet optree (Die outonomie van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging word nie hiermee ontken nie. Dit dui bloot op die feit dat die jeugspanne die voorkeur van die skole en gemeentes wat hul besoek, respekteer);
- aanvaar dat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging 'n opvoedingstaak oor sang as aanbiddingsvorm het en dit met verantwoordelikheid moet hanteer."

Dit dan enkele opmerkinge in verband met die werksaamhede van die jeugspanne. Die massafeeste wat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging reël, word deur baie (2000 en meer) jeugdiges bygewoon en daarom enkele opmerkings met betrekking tot jeugfeeste.

(b) Jeugfeeste (massasaamtrekke)

Volgens Brink (1993a : 1) is groot byeenkomste baie gewild onder jongmense. Hulle wil graag saam met hulle geloofsgenote die Here aanbid en loof en hulle trek graag saam op na massabyeenkomste. Hierdie aanname baseer hy op sy en Cassie Carstens se studie met betrekking tot die nuutste bevindinge in sake jeugwerk oorsee (vide paragraaf 4.2.8.1).

Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging het in April en Mei 1994 twee jeugfeeste gehou, een in Pretoria en een in Stellenbosch. (Daar is in Oktober 1994 weer op dieselfde plekke twee jeugfeeste gehou. Die Pretoria-fees is deur 6000 jongmense bygewoon). "Die organiseerders wou dat al die skouspel, die sang, die boodskappe, die saamwees, alles slegs na Jesus Christus toe heenwys" (Brink 1994c : 1) (eie invoeging).

"Makro", met ander woorde, dit wat groot is, byvoorbeeld makro-maatskappye, is 'n moderne tendens en dit is moontlik waarom hierdie massafeeste in groot getalle bygewoon word. Daar is reeds gemeld dat in die moderne samelewing meso-strukture verdring word ter wille van óf makro-strukture óf mikro-strukture (vide paragraaf 3.2.4).

Die makro-tendens moet nie verwar word met massafikasie (vide paragraaf 3.2.9.2) nie. Hoewel hierdie jeugfeeste baie jongmense betrek, gaan die enkeling nie verlore in die massa nie. Sy hunkeringe en behoeftes word raakgesien en hy kan dit met

jeugspanlede of met mede-jeugfeesmaats deel. Daarmee saam word die hunkering om **raakgehoor** te word en na samesyn ook aangespreek.

Die organiseerders het verskeie briewe ontvang van jongmense wat die jeugfeeste bygewoon het (Brink 1994c : 2). Hier volg enkele aanhalings uit sommige van die briewe wat die organiseerders ontvang het en wat die skrywer onder die leser se aandag wil bring:

* "Dit (die laser-vertoning) het my laat besef God is groot!"
* "Dis ongelooflik om so 'n klomp Christene bymekaar te sien, en hulle loof almal die Here ..."
* "Die Here het sy liefde op wonderlike wyses openbaar!"
* "Ons is saamgebind deur ons Vader se liefde en ons het een geword!"
* "As jy sien hoe 3000 jongmense hande vat en saam sing, dan gebeur daar iets hier diep binne jou wat jou 'n honger gee om met alle sonde te breek ..."
* "Vir die eerste keer spreek iemand die seer aan wat ons gedink het niemand verstaan nie."
* "... Ek gaan heel anderkant uitkom. Dit het vir my so onmoontlik gevoel, maar nou weet ek dit is moontlik."
* "Ons kon eenvoudig nie ophou gesels nie ..." (eie invoeging).

Dit wil voorkom of die bymekaarwees van sulke groot getalle jongmense tot geloofsversterking gedien het vir sommige jeugdiges wat nog nie voorheen so 'n geleentheid beleef het nie. Die eenheid en onderlinge liefde het baie geraak. Dit wil voorkom of die onderwerpe en Bybelstudie die pyn en hartseer van baie

aangespreek het, en dat die jongmense besef het dat geloof in Christus genesing bring (Brink 1994c : 2).

Die vraag wat homself voordoen is of daar enige negatiewe gevolge kan wees teenoor die skynbare oorweldigende positiewe gevolge. Daar word berig dat sommige kinders wel teleurstelling beleef het met betrekking tot die apatie van hul mede-skoliere en onderwysers (Brink 1994c : 2). Moet daar daarom liewer nie massasaamtrekke gehou word nie? Dit lê nie op die terrein van die skrywer om op hierdie vraag te antwoord nie, maar hierdie saamtrekke laat 'n mens onwillekeurig dink aan die keer toe Jesus 4000 mense gevoed het (Matteus 15:32-39).

Jeugspanne en massasaamtrekke is enkele voorbeelde van die nuwe benadering van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging. Die skrywer wil graag ook die veranderinge op grondvlak betreffende die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se beheerstruktuur beskryf, aangesien die jeugdiges meestal op grondvlak bedien word, terwyl die massafeeste en die besoeke van die jeugspanne slegs per geleentheid gereël kan word.

Een van die eerste veranderinge betreffende die beheerstruktuur wat reeds geïmplimenteer word, is die indeling in provinsies (streke) **volgens die nuwe provinsies**, soos aangekondig deur die nuwe regering in 1994 (Brink 1994d : 3).

As 'n voorbeeld van die beheerstruktuur van (een van) die streke (provinsies), word daar vir 'n wyle vertoef by die NOORD-streek. Daar sal stilgestaan word by die **take** en **funksies** van die

Gebiedsbestuur: Noord (Noordelike Provinsies). Enkele van die onder-afdelings is reeds meer breedvoerig belig (vide paragraaf 4.2.2).

4.2.8.4 Take en funksies van die Gebiedsbestuur: Noord

(a) Samestelling en funksies van die gebiedsbestuur

Die samestelling en funksies van die Gebiedsbestuur: Noord is tydens die Leiersberaad 1994 aan die hand van Organogram 2 (vide pagina 490) aan die afgevaardigdes verduidelik (Van Schalkwyk 1994b). Hierdie gebiedsbestuur word:


* saamgestel om die hoof- en gebiedskantoor (noord), die noordelike provinsies en werkkomitees te verteenwoordig en moet;
* fasiliterings-, uitvoerende en beherende funksies uit oefen en is;
* verantwoordelik vir al die (Afrikaanse) Christen-Studente-vereniging se aktiwiteite in die noordelike provinsies (eie invoeging).

Die Gebiedsbestuur: Noord bestaan uit die:

* Gebiedshoof;
* voorsitters van die Provinsiale Besture;
* Provinsiale organiseerders;
* Voorsitters van die Werkkomitees en
* gekoöpteerde lede (Hoofbestuur 1994d : 31).

Die Gebiedsbestuur: Noord het gelyke status met die Provinsiale

**CSV-GEBIEDSORGANISASIE: NOORD**




**ORGANOGRAM 2**

Besture, maar die werksterreine is verskillend. Die Gebiedsbestuur: Noord bestuur die algemene en gemeenskaplike sake in die noordelike provinsies. Die Provinsiale Besture voer die besluite van die Gebiedsbestuur: Noord uit in hulle streke volgens streeksrealiteit en bestuur hulle besondere sake op hulle eie werkswyses in ooreenstemming met die gees en bedoeling van die Gebiedsbestuur: Noord. Die Gebiedsbestuur: Noord dra die volle verantwoordelikheid vir die instandhouding en administrasie van die gebiedskantoor. Dit funksioneer ooreenkomstig 'n reglement wat deur die Hoofbestuur goedgekeur is (Hoofbestuur 1994d : 31).

Vervolgens gaan daar stilgestaan word by die taak van die gebiedshoof.

(b) Die gebiedshoof

Hy tree op as:

* fasiliteerder, motiveerder en koördineerder van take van die noordelike provinsies, die gespesialiseerde take van die werkkomitees en die nasionale take van die (Afrikaanse) Christen-Studentevereniging in die noordstreek;
* uitvoerder van die besluite van die Hoof- en Gebiedsbestuur (Noord) in die noordelike provinsies;
* lid van die Hoofbestuur en Dagbestuur van die (Afrikaanse) Christen-Studentevereniging (eie invoeging).

Die gebiedskantoor se taak word nou kortliks uiteengesit.

(c) Gebiedskantoor: Noord

Die Gebiedskantoor: Noord hanteer:

* die oorhoofse administrasie van die noordelike provinsies;
* die oorhoofse administrasie van die werk van die werkkomitees en
* die koördinering en uitvoering van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se werksaamhede in die Noorde.

Met die herstrukturering van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se werksaamhede is weggedoen met die poste van die reisende personeel. Hulle funksies word nou gedeeltelik deur die provinsiale organiseerders hanteer en hierdie organiseerders se taak sien soos volg daar uit (Van Schalkwyk 1994b; Hoofbestuur 1994d : 33).

(d) Provinsiale organiseerders

Twee postipes word onderskei:

- een met algemene opdrag;
- een met spesiale opdrag (byvoorbeeld laerskole, hoërskole, normalisering - wat dui op normalisering ofte wel inte- grering van verhoudinge met alle bevolkingsgroepe in Suid- Afrika).

Die provinsiale organiseerders:

* verteenwoordig die gebiedshoof en die (Afrikaanse) Christen-Studentevereniging se Hoofkantoor op provinsiale vlak;
* voer take en doelstellings van die (Afrikaanse) Christen-

Studentevereniging op tak-, sirkel- en provinsiale vlak uit, inisieer en organiseer alle werksaamhede binne die provinsie onder leiding van die Provinsiale bestuur, insluitende take soos takbesoeke, opleiding van onderwysers, Takbesture en kringleiers, toesig oor diensjaarspanne en berading van jongmense;

* werk onder beheer van sy provinsiale bestuur;
* ondersteun, ontwikkel en help met die uitvoering van die take van werkkomitees met behulp van die Provinsiale bestuur en Jeugspanne (eie invoeging).

Vervolgens word die werkkomitees aan die orde gestel.

<u>(e) Werkkomitees</u>

"Benewens die vaste personeel (vir 3 jaar aangestel om te verseker dat die vereniging jeugdig en dinamies bly), is daar ook 'n aantal werkkomitees wat deur vrywillige kundiges beman word om saam met die vaste personeel aan alle aspekte van die CSV se werk aandag te skenk", naamlik komitees vir Skakelwerk en Bemarking (Skakelkomitee), Jeugspanne, Finansies, Wêreldsending en Uitreiking, Normalisering (skakeling en samewerking met die ander bevolkingsgroepe ofte wel Integrering/*Uitreiking*), Kampe, Kampterreine, Musiek en Tegnologie en Berading (CSV 1994d: 2) (Benaming in skuinsdruk is die nuutste benaming (CSV 1994e).

Die werkkomitees:

* word saamgestel om die vyf noordelike provinsies (<u>vide</u> Or-

ganogram 3 op <u>pagina</u> 495) te verteenwoordig en koöpteer soveel kundiges as nodig;

* word bestuur deur 'n voorsitter, ondervoorsitter en sekretaris wat so dikwels as wat nodig is, vergader;
* fasiliteer idees en projekte op hul terrein, met ander woorde, verduidelik, inisieer en delegeer projekte binne die gebied;
* verkry goedkeuring by Gebiedsbestuur: Noord, asook afhandelingsbevoegdheid met betrekking tot nuwe projekte;
* voer goedgekeurde besluite uit;
* desentraliseer hulleself eventueel in elke provinsie (Van Schalkwyk 1994b).


Vervolgens enkele opmerkings met betrekking tot jeugspanne.

<u>(f) Jeugspanne</u> (<u>vide</u> ook paragraaf 4.2.8.3 (a))

Die Jeugspanne:

* funksioneer onder die beheer van en in noue samewerking met die
  - Provinsiale Organiseerder
  - Jeugspanne Werkkomitee
  - Provinsiale Bestuur
  - Gebiedshoof: Noord
  - Uitvoerende Hoof: (Afrikaanse) Christen-Studentevereniging;
* bevorder ook die algemene werksaamhede van die (Afrikaanse) Christen-Studentevereniging en die gespesialiseerde take van die Werkkomitees waar moontlik (eie invoeging).

**GEBIEDSBESTUUR: NOORD**




**ORGANOGRAM 3**

(g) Ter samevatting

Dit wil voorkom of die skakeling tussen die Hoofbestuur en die persone op grondvlak deur die nuwe strukturering en funksieverdeling vergemaklik gaan word. Dit wil verder voorkom of desentralisering in hierdie funksieverdeling ingebou is en dat eienaarskap daarom meer konkreet beleef sal word. Die toekoms sal die bewyse lewer of die teendeel aantoon.

Die vernuwing en veranderinge betreffende benaderingswyse word nou verder belig deur 'n beskrywing van die nuutste benaderinswyse tot jeugwerk.

**4.2.9 Die nuutste verwikkelinge betreffende benaderingswyse**

4.2.9.1 Inleiding

Volgens Brink (1994e) gaan dit vir die Afrikaanse Christen-Studentevereniging veral om die vestiging van 'n jeugdige styl, met ander woorde, om die aanstelling van jongmense (vroeg-volwassenes, in die verskillende provinsiale poste en die gebruik van jeugspanne waarin jongmense (vroeg-volwassenes) as spanlede opgelei word. Tweedens gaan dit om die gemeenskap met medegelowiges (koinonia). Hy wys daarop dat daar met geloofsoordrag tradisioneel op die linkerbrein gekonsentreer is, terwyl die regterbrein afgeskeep is. Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se benadering tot geloofsoordrag is nou gerig op die

regterbrein wat dien as bedding vir die geloofsoordrag in/na die linkerbrein. Dit beteken dat daar aandag gegee word aan simbole, rituele, klank en lig, musiek (selfs laservertonings), ervaring, vriendskap (vide paragraaf 4.2.10) in sake Vriendskapsevangelie) en atmosfeer onder en vanuit die jeugdige se belewenis daarvan - dit dien as die deur na die jeugdige (tiener) se hart (Leiersberaad 1994).

Die vraag wat gevra word, is: Wat is die basiese bestanddele of beginsels van 'n jeugbediening wat die teiken tref? Of anders gestel: Hoe lyk die klimaat waarin geloof effektief met jeugdiges gedeel kan word? **"Ons as CSV-onderwysers is die klimaatskeppers, die fasiliteerders van prosesse waarbinne die geloof van kinders kan groei. Daar rus op ons die verantwoordelikheid om met groot omsigtigheid na te dink oor die elemente wat hierdie klimaat skep"** (CSV 1994a : 4).

Vervolgens word enkele elemente wat die leiers/Hoofbestuur by personeelseminare beklemtoon met betrekking tot effektiewe jeugwerk, onderskei en belig. Brink het, in samewerking met Kitching, 'n vollediger handleiding gepubliseer met die oog op jeugwerk in die algemeen, nie net in die Afrikaanse Christen-Studentevereniging-geledere nie. Daar sal telkens na hierdie handleiding verwys word, aangesien dit ook die nuwe benaderingswyse en denkrigting van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging beskryf.

## 4.2.9.2 Effektiewe jeugwerk

Daar word deur die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se bestuur/leiers (CSV 1994a : 4) vyf elemente van effektiewe jeugwerk onderskei (vide Diagram 7 op pagina 499) waarmee jeugwerkers (veral op grondvlak, met ander woorde, binne takverband) moet rekening hou, naamlik:

* Die bewussyn en erkenning dat geloofsoorgawe/geestelike groei God se werk is. Hy laat dit groei - I Korinthiërs 3:7. (Hierdie element dien as grondslag vir die ander vier elemente) (eie invoeging);
* Dit akkomodeer verskillende groeperinge van geloofsverbintenisse;
* Dit is gerig op behoeftes/hunkeringe en verwagtings;
* Dit belê in verhoudingsbou;
* Dit fasiliteer betrokkenheid.

Die eerste element is en bly die heel belangrikste, naamlik jeugwerk is God se werk.

### (a) Dit is God wat laat groei

Christelike jeugwerk is God se werk, en ons kan alleen maar "plant en natgooi" (I Korintiërs 3:7). Jeugwerkers dra **nie** die verantwoordelikheid vir die verandering wat in jeugdiges kom nie. 'n Jeugwerker (Afrikaanse Christen-Studentevereniging-personeellid)



Doel
God laat groei!
Linkerbrein:
Uitdagings
Gesprek
Keuses
Regterbrein:
Simbole
Rituele
Klank en lig
Musiek
Ervaring
Vriendskap
Atmosfeer
Kruis-kultureel
Jeug-tot-jeug
Pret (nie vermaak)
Kleingroepe
Massa
4 Betrokkenheid
3 Verhoudingsbou
2 Behoeftegerig:
Aktueel (pyn)
Eietyds
1 Akkomoderend:
Kom-kykers
Volgelinge
Dissipels
Jongmense

**DIAGRAM 7**

is "God se instrument wat die opdrag het om te plant, om nat te maak ... maar dit is God wat laat groei" (CSV 1994a : 4).

Jeugwerk is op sy beste Christelike dienslewering. Dit is die diens wat daarop gerig is om nooit na beloning te vra nie, om die belange van ander voorop te stel, om voort te gaan al is die resultate nie sigbaar nie en om God te vertrou vir die vrug" (CSV 1994a : 4).

Die enigste benadering tot Christelike jeugwerk wat werklik vrugte lewer, is een waar Christus in die sentrum staan. **"As Christus in die sentrum van jou jeugwerk staan, sal jy as't ware Jesus Christus onder jongmense gaan wees - sodat hulle al hoe meer Jesus Christus vir mekaar kan wees"** (Brink en Kitching 1994 : 9). Christus is die beginpunt, die uitgangspunt, maar die metodes wat geïmplimenteer word, kan egter verskil en daarom is sommige jeugwerk meer effektief en ander minder effektief, al is Christus die archimedespunt in beide gevalle.

Dit is God wat laat groei. Dit is alleen deur sy Gees dat mense van binne verander word om meer en meer soos Jesus te wees (Romeine 12:2). **As Christus in die sentrum van julle jeugwerk staan, sal julle almal saam daarna streef om julle identiteit in Christus te aanvaar - om as't ware <u>Jesus Christus vir mekaar te wees</u>.** Dan word jou bediening een waarvan die einddoel is om te groei om soos Christus te wees. Alles wat julle doen is op hierdie einddoel gerig, en dit kan enigiets van vrolike pret tot 'n

diepgaande gesprek met 'n jongmens in 'n krisis wees" (Brink en Kitching 1994 : 10) (eie onderstreping).

Die tweede element van effektiewe jeugwerk wat die Christen-Studentevereniging onderskei, is die akkomodering van verskillende groeperinge van geloofsverbintenis.

<u>(b) Akkomodeer verskillende groeperinge van geloofsverbintenis</u>

Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging moet, volgens Brink (1994f), in die eerste plek akkomoderend wees met betrekking tot die aanbieding van programme/voorsiening vir jeugdiges, aangesien daar onder hulle verskillende groeperinge van geloofverbintenisse onderskei kan word. Die jeugbevolking word in Diagram 8 skematies voorgestel (CSV 1994a : 5; Brink en Kitching 1994 : 13).

Die onderskeie groepe sal in meer besonderhede beskryf word met betrekking tot kenmerke en aktiwiteite waarin hulle belangstel.





**DIAGRAM 8**

Die eerste groep waarby stilgestaan word, is die onbetrokkenes.

<u>(i) Onbetrokkenes met betrekking tot godsdiens/die vereniging</u>

Hierdie jeugdiges het geen verbintenis met die Afrikaanse Christen-Studentevereniging nie. Hulle mag iets of niks van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging af weet. Hulle het nog nooit 'n aktiwiteit van die vereniging bygewoon nie. Hulle mag Christene of nie-Christene wees. Hulle mag reeds by ander jeugbewegings ingeskakel wees. Met behulp van hulle maats/vriende kan hulle verwagtinge en behoeftes/hunkeringe moontlik vasgestel word (CSV 1994a : 5-6).

Wanneer die Afrikaanse Christen-Studentevereniging (of enige ander Christelike jeugaksie) uitreik na die onbetrokkenes, dan is dit met die doel <u>om die Evangelie uit te dra</u> in ooreenstemming met die opdrag van Handelinge 1:8, naamlik om die Evangelie na diegene wat naby (asook diegene wat verder en baie verder) is, uit te dra. Indien Christene ingeskakel word, dan sou dit wees <u>om tot geestelike groei by te dra</u>. Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging is nie die enigste jeugvereniging/aksie wat hul beywer om die Evangelie uit te dra nie. By kerklike jeugaksies (<u>vide</u> paragraaf 3.5.4.5 (b)) is dit ook die primêre doel, terwyl dit by 'n organisasie soos die Voortrekkers (<u>vide</u> paragraaf 3.5.4.5 (c)) 'n sekondêre doel is, maar nogtans 'n belangrike onderdeel van die organisasie uitmaak (eie onderstreping).

Brink en Kitching (1994 : 14) sê "'n Mens moet begrip hê vir

die onsekerhede, vrese en groepsdruk wat dit vir hierdie jeugdiges moeilik maak om die eerste keer by die aktiwiteite van 'n Christelike jeugorganisasie in te loer. Dit is veral vir hulle moeilik as hulle onseker is van dit wat van hulle verwag gaan word en boonop is hulle bang dat dit nie vir hulle maklik gaan wees om ongemerk te verdwyn as die mense of aktiwiteite hulle nie aanstaan nie."

Met die reël van aktiwiteite moet die volgende in gedagte gehou word: goeie reklame is nodig; **dinamiese aktiwiteite met hoë sigbaarheid moet beplan word; aktiwiteite moet in 'n neutrale gebied plaasvind; sosialisering, pret en min druk tot enige verbintenisse is belangrik; uitnodigings moet via jeugdiges op die vriendskapsvlak tot hierdie groep jeugdiges gerig word** (CSV 1994a : 5-6).

Die belangrikste doelwit met hierdie groep is om hulle nuuskierigheid te wek sodat hulle sal wil kom kyk (CSV 1994a : 6).

Die volgende groep wat onderskei word, is die kom-kyk kinders.

(ii) Kom-kyk Kinders

Jeugdiges resorteer onder hierdie groep wanneer hulle die eerste keer 'n byeenkoms bywoon. Hulle het steeds min of geen verbintenis met die Afrikaanse Christen-Studentevereniging nie en dit eindig wanneer die byeenkoms eindig. Hulle verbintenis is afhanklik van die hoeveelheid belangstelling wat die program by hulle opwek.

Hulle behoeftes (hunkeringe) en verwagtinge verskil (omdat elke mens uniek is). Moontlike behoeftes is 'n soeke na pretgeleenthede, vriende maak en om die "plek uit te kyk" (CSV 1994a : 6). Dit is daarom belangrik om in dié situasie dit vir hierdie jongmense moontlik te maak om in en uit te beweeg sonder om blootgestel te voel (Brink en Kitching 1994 : 15) (eie invoeging).

Voorsiening behoort gemaak te word vir pret en **nie-bedreigende speletjies**, byvoorbeeld blitskrieket, massaspel, watermanewales, driebal en ringtennis. **Ander aktiwiteite sou wees om te eet, te sosialiseer en avontuur te ervaar**, byvoorbeeld riviervaart op binnebande, staproetes, pretdraf, ensomeer (CSV 1994a : 6).

Die belangrikste doelwit wat hierdie groep betref is om hulle belangstelling tot voortgesette betrokkenheid te prikkel (CSV 1994a : 6).

Indien die onbetrokkene 'n kom-kyker geword het, vertrou die jeugwerker dat die jeugdige deur die Heilige Gees gestuur is en nie net bloot uit nuuskierigheid gekom het nie, en daarom word hierdie jeugdige ook met die Evangelieboodskap bedien, al word die boodskap voorafgegaan deur pretgeleenthede of geïnkorporeer met die pretgeleenthede.

Die volgelinge is die derde groep wat onderskei word.

(iii) Volgelinge

Hulle is die kinders wat op 'n gereelde basis op die kom-kyk vlak byeenkomste bywoon. Hulle stig 'n (aanvanklike) elementêre verhouding met die ander lede van die groep en met Jesus (indien hulle nog nie Christene was nie). **Hulle wil graag meer leer en geestelik groei (as Christene) omdat hulle met vertroue kan steun op gevestigde verhoudings wat vir hulle die nodige sekuriteit bied. Die jeugleier kan al staatmaak op hulle gereelde bywoning van die byeenkomste. Hulle verstaan al iets van die diensaspek van Christenskap en wil gewoonlik ander mense help. Hulle behoort ingeskakel te word by 'n bediening wat daarop gerig is om die kom-kyk kinders uit te nooi en tuis te laat voel** (CSV 1994a : 7). "Hierdie groep kan al met groter gemak deelneem aan gespreksvoering oor geestelike onderwerpe en deel makliker hulle gevoelens, vrese en frustrasies met ander lede" (Brink en Kitching 1994 : 16) (eie invoeging).

**Gespreksgroepe oor aktuele onderwerpe aan die hand van die Bybel** is aanvaarbaar vir hierdie groep, asook **opleiding in getuienislewering** deur drama, mimiek, narrebediening, om maar enkeles te noem. Hulle hou van eietydse geestelike liedere tydens sanggeleenthede of 'n Christelike treffersparade. Gereelde bidure kan gereël word. Hulle kan selfs aan **ander geestelike werk blootgestel word, byvoorbeeld, diensprojekte, Bybelstomstreke of Bybelvasvrae.** Hulle neem op dinamiese wyse deel aan spel,

sosialisering en ander aktiwiteite wat primêr op die kom-kyk kinders (jeugdiges) gerig is (CSV 1994a : 7).

Die belangrikste doelwit met hierdie groep is om hulle aan die leiers, aan mekaar en aan Jesus te bind in egte verhoudings (CSV 1994a : 7).

Die laaste groep wat onderskei word, is die dissipels.

(iv) Dissipels

"Die *dissipels* is daardie groep tieners wat al gegroei het tot 'n vaste geloofsverbintenis aan Christus, sy koninkryk en sy kerk, en in daardie sin uitstaan as leiers in die groep" (Brink en Kitching 1994 : 16).

Vir die dissipels is groei in hulle **geloofsverbintenis aan Jesus 'n saak van prioriteit.** Hulle aanvaar die leierskaprolle in die Afrikaanse Christen-Studentevereniging. Hulle het 'n **inherente behoefte aan kennis oor die Bybel en die wil van God vir hulle lewens.** Hulle verwagtinge is: diensgeleenthede, verantwoordelikheid en betrokkenheid. Daar kan in alle opsigte op hulle staat gemaak word. Hulle sal graag by 'n bediening waarin hulle volgelinge help om te groei, betrokke wil raak (CSV 1994a : 7-8). Die aktiwiteite waarin die dissipels sou belangstel sou, onder meer, wees: dissipelskap-skoling en uitreikaksies, deelname aan leiding en beplanning, opleiding in Vriendskapsevanglisasie (vide paragraaf 4.2.10), opleiding om as stylstellers in die skool te

lewe, bidure, lofsang en aanbidding, uitdagings om geloofsprojekte te onderneem, diensgeleenthede en makkerhulpgroepe (CSV 1994a : 7-8).

Die belangrikste doelwit met hierdie groep is om hulle te begelei in hulle **groei in dissipelskap en om vir hulle geleenthede te skep vir die aktualisering van hulle geloof** (CSV 1994a : 8).

'n Vraag wat hom nou voordoen is: Wat laat jeugdiges van een groep na die volgende beweeg? Hoe kan jy jongmense van die een groep na die volgende laat beweeg?

"Jy kan nie." Die jongmense beweeg namate hulle in hulle geloof groei, omdat daar by hulle "spontaan" die behoefte ontstaan om aan te skuif na 'n volgende groep van geloofsverbintenis. Eintlik is dit nie so "spontaan" as wat dit voorkom nie, aangesien dit die Heilige Gees is wat hulle laat beweeg en hiervoor "kan ons alleen die Heilige Gees wat in hulle werk, vertrou. Jy en jou span jeugleiers en "dissipels" kan 'n belangrike rol speel om hulle aan te moedig om te groei in hulle geloofsverbintenis aan Christus en aan hulle die geleenthede bied om spontaan aan te skuif, sonder dat hulle voel hulle word gedruk" (Brink en Kitching 1994 : 21). Geloofsoorgawe en geloofsgroei is en bly God se werk.

Daar is in die voorafgaande bespreking reeds verwys na die jeugdiges se behoeftes/hunkeringe en verwagtinge. Dit is dan die derde element van effektiewe jeugwerk.

<u>(c) Gerigtheid op behoeftes/hunkeringe en verwagtinge</u>

"Bloot die feit dat kinders nie op dieselfde vlakke ten opsigte van geloofsverbintenis staan nie, verduidelik hierdie beginsel duidelik genoeg. 'n Program of aktiwiteit wat vir volgeling-kinders in die kol is, kan baie bedreigend vir kom-kyk kinders wees en min nuwe uitdagings vir dissipels inhou" (CSV 1994a : 8). Die leiers moet as't ware hulle oor op die grond hê (Brink 1994e).

Die volgende terugvoering betreffende 'n Christelike jeug-organisasie en die leierskap is verkry na aanleiding van 'n navorsingsprojek in 1990/1991 deur die Afrikaanse Christen-Studentevereniging. Meer as 2000 tieners (lede en nie-lede) het landswyd aan die empiriese ondersoek deelgeneem (Brink en Kitching 1994 : 22). Met behulp van 'n vraelys het die leiers van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging vasgestel waarna die jeug vra (<u>vide</u> ook paragraaf 4.2.7).

"'n Jeugorganisasie moet:

* vir ons voel na **ons** organisasie (wil eienaarskap aanvaar);
* 'n plek wees waar ons nuwe vriende kan maak;
* pret wees;
* nie styf en formeel wees nie;
* 'n plek wees waar ons kan gesels oor wat vir ons belangrik is;
* tog nie elke keer dieselfde wees nie;
* nuut en vars wees;
* vir ons help om dinge te verstaan waaroor ons wonder;

* 'n plek wees waar ons oor ons probleme kan gesels;
* vir ons interessante dinge laat doen;
* uitdagings vir ons stel;
* baie avontuur-dinge reël (asseblief);
* vriendelik en warm wees" (CSV 1994a : 8).

"'n Jeugleier moet:

* geestelik volwasse wees;
* dinamies en jonk van gees wees;
* iemand wees in wie se lewe ons vir Christus kan sien;
* aktiwiteite goed kan reël sodat dinge nie deurmekaar loop nie;
* nie in 'n groef wees nie;
* oop wees vir nuwe idees en self ook nuwe dinge onderneem" (CSV 1994a : 8-9) (eie invoeging).

'n Jeugbediening wat gebalanseerd is, is gerig op die jeugdige as volle mens. 'n Jeugdige wat verwerping beleef op die emosionele vlak, sal moeilik sin kan uitmaak van die getuienis (op geestelike vlak) van die persone in wie se teenwoordigheid hy/sy nie aanvaarding beleef nie (CSV 1994a : 9-10). Liefde omsluit aanvaarding, omgee en die bereidheid om te help.

Die jeugleier wat die hunkering na sosialisering met/in portuurgroepe negeer, sal gou alleen staan/ontnugter word. Personeel betrokke by die Afrikaanse Christen-Studentevereniging behoort te bepaal of hulle op fisiese, emosionele, intellektuele, sosiale en geestelike vlak voorsiening maak vir die jeugdige se nood (CSV 1994a : 9-10). Die gids *Effektiewe Jeugwerk* bevat aller-

lei meetinstrumente, evalueringskale en -modelle waarmee jeugleiers hul eie motiverings, doelwitte en bediening in die algemeen kan evalueer (Brink en Kitching 1994 : 41-43). Evaluering van die jeugwerk wat gedoen word, moet deur die vereniging se personeel en leiers onderneem word om sodoende deur remediëring meer effektiewe jeugwerk te realiseer.

Indien 'n jeugleier nie die jeugdige se wording fragmenteer (kompartementaliseer) nie, sal hy/sy die jeugdige as volledige mens binne verskeie verhoudinge moet leer ken, binne en buite om die aktiwiteite van die vereniging, en daarom word verhoudingsbou as 'n belangrike element van effektiewe jeugwerk beskou, soos blyk uit die bespreking wat volg.

(d) "Belê" in verhoudingsbou

Dit sou goed wees indien die jeugleier nie net oppervlakkige verhoudings met die jeugdiges wat aan hulle toevertrou is, aangaan nie, maar eerder daarin "belê" om die jeugdiges beter te leer ken en verstaan. Die volgende sewe punte word as van belang beskou om aan die jeugdige 'n regmatige plek te gee en om met hulle betekenisvolle verhoudings op te bou:

* hy moet streef na 'n gunstige verhouding tussen die getal leiers en die aantal kinders. Die leiers moet as rolmodelle dien van mense met 'n vaste geloofsverbintenis;
* hy moet die personeel aanmoedig om soveel as moontlik tyd buite die normale byeenkomste saam met die kinders deur te bring.

"Daar is geen kitsweg na betekenisvolle verhoudings met kinders nie. Dit neem tyd en nogmaals tyd";

* die jeugleier moet gesonde verhoudings bou binne 'n omgewing en deur aktiwiteite wat kindervriendelik is, waar die jeugdiges, met ander woorde, tuis en op hul gemak voel. "Ons moet nooit die simboliese waarde onderskat van volwassenes wat bereid is om uit hulle volwasse wêreld in die wêreld van kinders in te klim om hulle op hulle vlak te ontmoet nie";
* nuwelinge moet opgevolg word binne een week nadat hulle belangstelling getoon het, sodat hulle sal weet dat daar opreg in hulle as mense belanggestel word;
* die jeugleier moet die jeugdiges se name onthou. Dit dra by tot 'n gevoel van aanvaarding by die kinders;
* ook verjaarsdae en prestasies verdien vermelding, omdat dit vir elke kind belangrik is om erkenning te kry;
* die jeugleier moet aktiwiteite kies wat nie-bedreigend is vir jeugdiges wat ontoereikend voel, anders voel hulle ontuis (sommige jeugdiges hou nie daarvan om in 'n groep hul mening uit te spreek of om in 'n groep te bid nie). Hy moet aktiwiteite vermy wat jeugdiges blootgestel laat voel, byvoorbeeld as iemand nie kan tennis speel of swem nie of wat ookal. Elke aktiwiteit moet met sensitiwiteit oorweeg word (CSV 1994a : 10-12).

Deur tyd te belê in verhoudingsbou word 'n jongmens-vriendelike omgewing en atmosfeer geskep waarin ervarings van vriendskap en aanvaarding kan wees.

Hoewel die jeugleier leiding neem betreffende die jeugwerk, moet

hy eintlik die jeug betrek by die beplanning en realisering van die aktiwiteite en daarom word die fasilitering van betrokkenheid beskou as belangrik vir effektiewe jeugwerk.

(e) Fasiliteer betrokkenheid

"Jeugaktiwiteite is vir die jeug. Hulle moet die ervaring hê dat dit hulle vereniging, aksie of aktiwiteit is. Hulle moet eienaarskap aanvaar vir wat aangebied word sodat die veranderinge wat die betrokkenheid by geloofservaring in hulle lewe teweegbring egte verandering kan wees" (CSV 1994a : 12). Die jeugdiges moet gehelp word om betrokke te raak. Die leerlinge moet betrek word by die beplanning (van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se werk in die takke) (Brink en Kitching 1994 : 34) (eie invoeging).

Die gereelde vra van terugvoering is 'n belangrike deel van die fasilitering van betrokkenheid. Jeugdiges is eerlik en is bereid om hul menings te gee as hulle weet dat daar na hulle menings geluister word en in ag geneem word by verdere besluitneming. "Ons mag miskien nie altyd hou van wat ons hoor nie, maar gewoonlik is dit nodig dat ons hoor wat hulle vir ons sê" (CSV 1994a : 12).

Die jeug moet, met ander woorde, die ervaring kan hê "dat dit hulle organisasie, aksie of aktiwiteit is."

Uit die voorgaande het dit geblyk dat daar besondere klem op liefde en aanvaarding geplaas word (vide paragraaf 4.2.9.2 (c)).

Vriendskap, wat liefde en aanvaarding impliseer/omsluit, word beskou as 'n effektiewe manier om die evangelie van Christus in vriendskapsverhoudinge oor te dra en daarom word 'n beknopte beskrywing van wat onder Vriendskapsevangelisasie verstaan word, gegee.

**4.2.10 Vriendskapsevangelisasie**

Vriendskapsevangelisasie, of "life-style evangelism" in die taal van Aldrich, is kortweg die oordra van die evangelie deur jou vriendskap met ander. "Die dinge waarin jy glo, word op so 'n positiewe en oortuigde manier in jou vriendskap met ander uitgeleef dat mense nie anders kan as om daardeur geraak te word nie" (Hanekom 1994 : 3).

Vriendskapsevangelisasie is, met ander woorde, 'n persoonlike bekendstelling van die persoon Jesus Christus. Dit maak van ons rolmodelle wat ander kan navolg in hulle soeke na die waarheid. "Dit is 'n stuk lewenskommunikasie. Ten diepste is dit die **kuns om te lewe** soos God dit bedoel het. Dit is eers wanneer 'n mens werklik so lewe dat jy ander lus maak om ook so te lewe" (Hanekom 1994 : 3).

Dit vra sensitiwiteit vir die omgewing, veral vir die mense om jou. Dit vra dat jy werklik op hulle ag sal slaan en sensitief sal wees vir hulle diepste behoeftes/hunkeringe en versugtinge. Dit vra, met ander woorde, dat 'n mens werklik opreg in ander sal belangstel. Dit vra egtheid en eerlikheid (Hanekom 1994 : 3).

Bo alles vra dit dat 'n mens voluit sal lewe as Geesvervulde en vrug sal dra om sodoende die beeld van God reg te vertoon. Hoe kan 'n mens vir 'n ander vertel wat die lewe is as jy nie self lewe nie? (Hanekom 1994 : 3).

Volgens Hanekom (1994 : 3-4) is een van die beste voorbeelde van Vriendskapsevangelisasie in die lewe van Jesus self te kry. "Jesus het baie dinge vir sy dissipels geleer, maar die grootste boodskap wat Hy gebring het, het opgesluit gelê in die wyse waarop Hy gelewe het, wat Hy gedoen het en die vriendskap en liefde wat daar tussen Hom en sy dissipels bestaan het. *Die Woord het waarlik mens geword en onder ons kom woon*" (Johannes 1:14). Paulus het ook groot klem daarop gelê. Vir die Jood het hy soos 'n Jood geword en vir die Griek soos 'n Griek (I Korintiërs 9:20). "Daarmee sê hy dat hy werklik naby mense wou leef omdat hy oortuig was dat dit die beste manier was om die evangelie oor te dra.

Daar is per geleentheid tydens 'n Christen-Jeugfees in Amerika vir die feesgangers gevra wie of wat die grootste rol in hulle bekering gespeel het. Verskillende antwoorde is gegee. Bo-aan die lys was "vriende en vriendskappe" (Hanekom 1994 : 4).

Aldrich verduidelik Vriendskapsevangelisasie in sy boek "Life-style Evangelism" aan die hand van 'n lied as beeld: Volgens hom werk die evangelie baie soos 'n lied, want 'n lied bestaan uit woorde en musiek. Die Bybel en ons leerstellinge oor God is die woorde van die lied. Ons lewens is egter die musiek wat dit vir mense aangenaam maak om na die lied te luister. Soos met alle

goeie musiek is daar 'n "woord-toon"-verhouding: die woorde en die musiek moet pas (Hanekom 1994 : 3).

### 4.2.11 Samevatting

Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se positiewe inset met betrekking tot jeugwerk word onderstreep met die gids wat deur Brink en Kitching uitgegee is, naamlik *Effektiewe Jeugwerk* (Swart 1995 : 12).

Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging beklemtoon ook die uitgangspunt dat mense wat met jongmense werk, alleen maar klimaatskeppers is waarin die geloof van jongmense kan groei en hul pas dieselfde beginsels toe met betrekking tot die skepping van 'n jongmens-vriendelike klimaat (vide paragraaf 4.2.9.2 (c)).

Uit die voorafgaande bespreking wil dit voorkom of die Afrikaanse Christen-Studentevereniging die afgelope paar jaar hulle bestuurstyl en benaderingswyse indringend ondersoek het, navorsing onderneem het met betrekking tot dit wat jeugdiges van 'n jeugorganisasie verwag (vide paragraaf 4.2.9.2 (c)), die nuutste werkwyses betreffende jeugwerk bestudeer het (vroeër is daar byvoorbeeld nie bewustelik voorsiening gemaak vir verskillende groeperinge van geloofsverbintenisse nie en is daar ook nie aan jeugfeeste of jeugspanne besondere aandag gegee nie, terwyl dit deur Amerikaanse jeugleiers, byvoorbeeld Robbins (1990), aanbeveel word) en daarom hul beheerstruktuur en benaderingswyse dienooreenkomstig gewysig het.

Vervolgens word die missie en visie van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging beskryf met daarmee saam enkele riglyne ter realisering van die gestelde missie en visie, aangesien die missie en visie die rigting waarin die Afrikaanse Christen-Studentevereniging beweeg, sal bepaal en ook die gevolg is van die studiereis wat die leiers van die vereniging onderneem het en die navorsing wat hul plaaslik in Suid-Afrika onderneem het.

### 4.2.12 Die missie en visie van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging met die oog op die toekoms

Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se missie is om in afhanklikheid van God die studerende jeug (teikengroep), waar moontlik, tot geloofskeuses vir Christus te roep en te begelei tot geestelike volwassenheid en diens (Hoofbestuur 1992a : 1). Die vereniging reik wel uit na al die studerende jeug, waar moontlik, maar bedien slegs die jongmense wat inskakel. Volgens Carstens (1994b) is die vestiging van Christelike waardes van besondere belang en kan die Afrikaanse Christen-Studentevereniging, in die woorde van Paine, 'n "epoch-making effect" hê.

Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging spits hom daarop toe om geestelike vernuwing (hernude entoesiasme) te bewerkstellig (Hoofbestuur 1992c : 1). Bereidheid tot aanpassing is deel van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se missie, want aanpassing (soos God dit wil) bring seën.

Die vraag wat gevra moet word, is: "Is hier sprake van vernuwing

of hervorming? Een van die grondtrekke van die Hervorming is: semper reformanda, met ander woorde, ons moet altyd reformeer, altyd hervorm omdat niks volmaak is nie. Hierdie reformasie moet egter ook aan die volgende vereistes voldoen:
Sola Sacra Scriptura: verandering op grond van die Bybel alleen;
Sola gratia: alleen uit genade;
Sola fide: alleen deur geloof, en
Sola Deo Gloria: aan God alleen die eer.

Hervorming is 'n Reformatoriese beginsel (vide paragraaf 1.2.1.1 (h)). Hoewel ons tans in die post-reformatoriese era leef, bly die beginsel steeds geldig.

Die bereidheid tot aanpassing is moontlik indien daar geglo word dat "In the presence of Greatness pettiness disappears" en so ook die bereidheid tot risikos, omdat daar geglo word dat mense "Do not change the world by being controlled by the world, but by God" (Carstens 1994b).

Die vraag wat nou gevra moet word, is: Wat is 'n visie? Carstens (1994b) beskryf 'n visie soos volg:
"A vision is to see above and beyond the majority."
Verder sê hy die mens se visie is baie kleiner as God se visie. Carstens het die visie van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging soos volg beskryf:

* die visie van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging handel oor die Godsryk;

* dit gaan om 'n gekristaliseerde prentjie - a "Christalized vision".

Carstens (1994b) het die volgende riglyne aangedui vir die realisering van die visie en missie van die (Afrikaanse) Christen-Studentevereniging:

* sterk positiewe modelering van Christene en sterk geestelike leierskap;
* gemeenskaplike inspirasie (nie een persoon/hoofkantoor se droom nie);
* 'n verpersoonlikte visie: Liefde In Beweging wat uitreiking na ander omsluit: Waar pas ek in?;
* gefokuseerde energie: Cassie Carstens sê: "Some people dream, others stay awake and do it";
* die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se visie handel oor 'n gemeenskaplike identiteit, naamlik jongmense wat Christus "leef" en dit impliseer 'n dinamiese diensorganisasie;
* bereidheid tot aanpassing, want aanpassing bewerk seën ("in the presence of Greatness pettiness disappears");
* bereidheid tot risikos ("Do not change the world by being controlled by the world, but by being controlled by God").

Dit gaan vir die Afrikaanse Christen-Studentevereniging in sy visie vir die toekoms om geestelike vernuwing. Carstens (1994b) het die kenmerke van geestelike vernuwing soos volg omskryf:

* aanbiddingsbelewenis waar sang en gebed sentraal staan en dit moet binne 'n sekere jeugdige gereformeerde spiritualiteit geskied;

* die uitleef van sterk morele waardes op die basis van die Skrif;
* skepping van 'n kontra-sekulêre Christelike Jeugkultuur (vide paragraaf 3.2.3 in verband met sekularisasie);
* diensaksies waar daar deur woord en daad getuienis gelewer word (Hierin moet 'n wêreldvisie met dinamiese sendingaksies kenmerkend wees);
* 'n massagetuienis waar Christene gesamentlik getuig van die vernuwing in Christus sal 'n positiewe klimaat skep in die samelewing;
* 'n eenheidsrealisering van die eertydse Christen Studentevereniging se organisasies wat vroeër geskei het (vide paragraaf 4.2.7).

Aan die einde van 1994 het die Hoofbestuur (1994d : 4) die droom (visie) van die Christen-Studentevereniging (eertydse Afrikaanse Christen-Studentevereniging) soos volg geformuleer:
"Ons droom van 'n vereniging van jongmense waarin:

* jongmense (skoliere, studente, diensjaarspanlede, stranddienswerkers, ens) toegerus is om die Here **met entoesiasme te dien, dissipels te maak, uit te reik na ander in nood** (in Suid-Afrika en verder in die wêreld) en **om te groei na geestelike volwassenheid**;
* skoolgaande en studerende jongmense begelei word om **'n keuse vir Christus te maak** (indien hulle dit nog nie gedoen het nie) en **as Christene te lewe teenoor die Here, mekaar en die wêreld daarbuite** deur middel van **'n eietydse en aktuele bediening** van

veral Bybelstudie, gebed, getuienislewering, musiek en lofsang, kampe en massabyeenkomste (eie invoeging);

* **'n beradingsdiens**, infrastruktuur (kantore in Stellenbosch en in Transvaal) en **toegeruste leierskap** (personeel, onderwysers en predikante) bestaan om bogenoemde te realiseer;
* daar 'n **positiewe samewerking bestaan met belanghebbende organisasies en kerke**, eenheid tussen die CSV en sy susterorganisasies herstel is en takke in al die skole oor die hele spektrum van Suid-Afrika gevestig is."

Om hierdie droom te realiseer sal daar pro-aktief beplan moet word het die Hoofbestuur (1994d : 5-6) besluit. Hierdie beplanning word skematies in Diagram 9 voorgestel:





**DIAGRAM 9**

Die drie sirkels stel die verlede, hede en toekoms voor, met daarmee saam enkele onderafdelings soos hieronder uiteengesit:

Verlede:

A - aspekte van historiese belang - wat reeds laat vaar is in die proses van evolusionêre verandering;

B - uitgediende restante van die verlede wat laat vaar moet word (wat gewoonlik pynlik is en belaai is met emosie);

C - dinge uit die verlede wat reeds laat vaar is (of verlore geraak het), maar waarheen teruggekeer moet word;

D - dinge van die **verlede en die hede** wat ook in die toekoms behoue moet bly (bepaalde waardes. norme, beginsels, realiteite, ensomeer);

Hede:

E - dinge van die hede wat laat vaar moet word;

F - dinge van die hede wat behou moet word;

Toekoms:

G - nuwe dinge wat geskep moet word (visionêre denke, benutting van geleenthede, strategiese keuses - die terrein waar verandering/transformasie geskied).

Hierdie pro-aktiewe beplanning bevestig die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se bereidheid tot aanpassing en reformasie. Die Hoofbestuur (1994c : 2) antwoord op die vraag "Wie sal staande bly in veranderende omstandighede?" soos volg:

Hy/Hulle wat:

* die vermoë het om met onsekerheid saam te leef;
* geloofwaardigheid kan behou;

* nuwe belanghebbendes (stakeholders) kan akkomodeer;
* teëspoed (en die effekte daarvan) op die pad kan minimaliseer;
* geleenthede kan maksimaliseer EN daarom langtermyn moet dink en die "groot prent" moet dink/sien, met ander woorde, visionêr moet dink.

Noudat die beheerstruktuur van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging beskryf is en daar indringend gelet is op die nuwe verwikkelinge betreffende die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se benaderingswyse tot jeugwerk, asook 'n blik op hul visie vir die toekoms gegee is, wil die skrywer die Afrikaanse Christen-Studentevereniging as opvoedingsmoveerder nader omskryf, tesame met 'n uiteensetting van die vereniging se <u>modus operandi</u>.

Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging soek voortdurend na die beste metode en mees effektiewe benaderingswyse om die jeug met die Evangelie van Christus te bedien.

## 4.3 DIE AFRIKAANSE CHRISTEN-STUDENTEVERENIGING AS GODSDIENSOPVOEDINGSMOVEERDER

### 4.3.1 Godsdiensopvoeders

#### <u>4.3.1.1 Die provinsiale organiseerder</u> (<u>vide</u> paragraaf 4.2.8.4 (d))

Die provinsiale organiseerder, soos reeds aangedui, gaan gedeeltelik die funksies van die reisende personeellid hanteer en daarom oordeel die skrywer dat 'n bespreking van die taak van die

reisende personeel beskryf moet word, aangesien daar nog slegs algemene riglyne beskikbaar is betreffende die taak van die provinsiale organiseerders. Die taakomskrywing van die provinsiale organiseerders sal ook verskil na gelang van hul bepaalde aanstelling, byvoorbeeld normalisering (integrering), laerskole, hoërskole, ensomeer.

Om die werksaamhede in die verskillende takke aan te moedig en met die organisasie behulpsaam te wees, word reisende personeel, ofte wel provinsiale organiseerders, asook diensjaarspanne aangestel (die benaming reisende personeel sal voortaan ook verwys na provinsiale organiseerders, met inbegrip van die funksies wat deur die Diensjaarspanne verrig word).

Dit is die beleid van die vereniging dat die arbeid van die reisende personeel alleen met die toestemming van die plaaslike leraar en kerkraad (leraars en kerkrade van die belanghebbende kerke) en van die hoof van die skool sal geskied. Die reisende personeel wil slegs dien as hulpkragte vir die plaaslike instansies (kerk en skool) te midde van die werk wat reeds gedoen word (NG Kerk 1966 : 156).

Die doel van die reisende personeel se werksaamhede is die opbou van God se koninkryk op kampusse van opvoedingsinrigtings in ons land, in ooreenstemming met die doelstellings van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging (Konsep-Handleiding vir Reisende Personeel ongedateer : 1).

Dit is dan die taak van die reisende personeel om direk en indirek

leiding te gee aan Christen-studente en skoliere volgens die doelstellings van die vereniging en om Takbesture aan te moedig om self inisiatief te neem en die verantwoordelikheid te aanvaar vir die evangelisering van die studente/skoliere. Tydens takbesoeke moet ekstra tyd bestee word aan die leiersgroep sodat hulle verder toegerus kan word om die ander lede en belangstellendes te begelei betreffende geestelike groei en aanverwante sake. Die kringleiers moet dissipels word, sodat hulle ander dissipels kan maak (Greyling 1982 : 88). Dit wil voorkom of die vereniging reeds in die tagtigerjare voorsiening gemaak het vir verskillende geloofsverbintenisse (vide paragraaf 4.2.9.2 (b) (iv) vir die nuutste benadering).

Persoonlike onderhoudvoering word as baie belangrik beskou tydens takbesoeke en daarom is die opbou van 'n vertrouensverhouding met die leiers van die takke (en die lede, hoewel dit nie altyd moontlik is ten opsigte van alle lede in dieselfde mate nie) baie belangrik (Konsep-Handleiding vir Reisende Personeel ongedateer : 3).

Omdat daar groei in die werksaamhede bespeur behoort te word, is skoling met betrekking tot die bestuur noodsaaklik, asook hulp met die oog op die beplanning van die jaar se werksaamhede. Die reisende personeel moet 'n raamwerk voorsien waarbinne die werk van die Here kan groei, byvoorbeeld deur middel van bidure, weeklikse Bybelstudiekringe en ander byeenkomste wat gereël word met die oog op die gemeenskap van gelowiges. Dit alles vorm nie 'n doel op sigself nie, maar is slegs die raamwerk waarbinne die

Heilige Gees werk (Greyling 1982 : 88-89). Die beginsel van "Dit is God wat laat groei" (vide paragraaf 4.2.9.2 (a) is tog ook reeds in die tagtigerjare erken, al is dit nie in dieselfde mate as tans nie.

Die reisende personeel moet ook geleenthede skep waarbinne takke mekaar oor en weer kan inspireer, bemoedig en versterk, byvoorbeeld deur middel van konferensies, leierskampe en vakansiekampe (Konsep-Handleiding vir Reisende Personeel ongedateer : 3).

Volgens Greyling (1982 : 89) behoort doeltreffende nasorgwerk, wat die noodwendige gevolg van persoonlike onderhoudvoering is, spesiale aandag te geniet. Die ideaal, volgens Greyling, is dat die plaaslike leraar en/of onderwyser-voorsitter deur die reisende personeellid oor leerlinge se spesifieke probleme ingelig word sodat opvolgwerk op 'n meer persoonlike vlak kan geskied (die vereniging het reeds in die tagtigerjare die jeugdige met probleme ondersteun - vide paragraaf 4.2.8.3 (a) vir die nuutste benadering tot ondersteuning deur die jeugspanne), mits die toestemming van die betrokke leerling(e) verkry is en wanneer 'n simpatieke klimaat op 'n gegewe plek dit wel regverdig. Greyling meen dat briefwisseling tussen die reisende personeel en die leerlinge baie verrykend kan wees en onderneem behoort te word (eie invoeging).

Om 'n getuie vir Christus te wees, is nie net die roeping van voltydse geestelike werkers nie, maar dit is die roeping van die ganse kerk van Christus. Uit die werksaamhede van die reisende

personeel blyk dit dat hulle probeer (het) om hierdie visie aan Christen-jongmense oor te dra deur middel van motivering en onderrig (Greyling 1982 : 90). Verder is (was) die taak van die reisende personeel organiserend en koördinerend van aard (Greyling 1982 : 90).

Op grondvlak is die leier van die leiersklas se taak baie belangrik en daarom word voorkeur verleen aan die kringleiers se keuse betreffende die leierklasleier.

#### 4.3.1.2 Leiers van leiersklas: predikante

Die leiersklasleier speel 'n belangrike rol in die hele takopset. Die leiersklasleier begelei die kringleiers op geestelike gebied. Hy moet die vrae en probleme wat in die kringe opduik, bespreek en antwoorde voorsien. Hulle gaan ook soms na hom met hulle persoonlike vrae (ACSV van SA 1993 : 13).

Die woord **kring** word hier gebruik in die sin van "byeenbehorende groep mense: in Christelike/politieke kring; of 'iemand omring'" (Odendal et al. 1992 : 617) soos dikwels gebeur wanneer die kringleier (groepleier) van die Afrikaanse Christen-Studente-vereniging leiding neem in 'n kring (groep). Dit is, met ander woorde, 'n terminus technicus, 'n huishoudlike term van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging. Dit geld mutatis mutandis ook keusekringe waar 'n jeugdige 'n keuse kan uitoefen met betrekking tot die groep mense by wie hy wil inskakel.

Die leiersklasleier bring nie 'n boodskap nie en hy preek ook nie, aangesien die Afrikaanse Christen-Studentevereniging nie die lerende rol/taak/amp van die kerk wil oorneem nie, maar die jeugdiges wil aanmoedig om hul Christenwees uit te leef (ACSV van SA 1993 : 13; Brink 1994f). Die leiersklasleier is veronderstel om 'n modelkringbyeenkoms te hou sodat die kringleiers die PROSES eers kan BELEEF voordat hulle dit in hulle eie kringe LAAT GEBEUR. Indien die groep groot is, verdeel hy die groep in kleiner groepe (kringe). Jesus bly steeds die archimedespunt (<u>vide</u> Diagram 10). Hy moet sorg vir voldoende geleentheid vir vrae en kommentaar. Die kringleiers en leiersklasleier sit in 'n kring sodat almal mekaar kan sien en oogkontak kan maak. Dit is belangrik dat hy so





**DIAGRAM 10**

spoedig moontlik almal se name sal leer ken. Persoonlike belangstelling is baie belangrik, ook in die leiersklas. Die leiersklasleier moet die kringleiers se nuuskierigheid betreffende die volgende kringleiersklas prikkel sodat hulle daarna sal uitsien om weer te gaan/kom. Dit wat gesê word in verband met die Bybelstudiekringe (vide paragraaf 4.4.2) is net so van toepassing op die leiersklas as kring (ACSV van SA 1993 : 13).

Die plaaslike leraar (of pastoor) behoort die leier van die leiersklas te wees, so nie word 'n persoon in oorleg met die plaaslike leraars/pastore aangewys (Grondwet 1988 : 28,30). Volgens die Kringleier vir Christus (ongedateer : 8) behoort 'n leiersklas voorsiening te maak vir samesang, stil gebed, formulering van die hoofgedagte, bepaling van wat die gedeelte oor God sê (die doel van die Bybelstudie is om God te leer ken), terugrapportering aan die leier van die leiersklas deur die kringleiers (om sodoende probleme op te los, met ander woorde, remediërend of kontrolerend te kan optree), bespreking van twee of drie aktuele vrae, bespreking van vrae wat mag ontstaan en gesamentlike gebed. Die tyd wat beskikbaar is, bepaal wat alles gedoen kan word (eie invoeging).

Volgens Greyling (1982 : 110) behoort die leiersklasstelsel 'n verreikende invloed te hê op die lewens van alle betrokke persone. Die klasleier lei die kringleiers op sodat hulle weer op hulle beurt die boodskap kan uitdra. Sodoende word jong Christene opgebou in die geloof om ware dissipels te wees.

Daar is, volgens (Greyling 1982 : 111), egter ook nadele aan die leiersklasstelsel verbonde. Ten spyte van deeglike voorbereiding is dit nie altyd moontlik om die kringbespreking te kontroleer nie en daarom kan die Koninkrykswerk skade ly as die kringleier nie sy taak as geroepene volbring nie en hulle in die kring oor dinge van minder belang praat in plaas van dit waarvoor hy voorberei het in die kringleiersklas. Hoewel die onderwerp wat in die leiersklas bespreek is nie noodwendig vir almal ewe relevant is nie, help dit om rigting te gee aan die gespreksituasie. Verder kan daar dissiplinêre probleme ontstaan as die kringleier nie 'n sterk persoonlikheid het nie. Die kringleier kan ook die kringbespreking smoor deur te veel te "preek" (met ander woorde die woord te voer), al is hy daarteen gewaarsku. In die verlede is daar slegs gebruik gemaak van die leierklasstelsel waar die kringleiers weekliks geskool is deur 'n leiersklasleier. Die kringleier het dan weer die waarhede aan die kringlede oorgedra, maar indien die tyd ontbreek om twee maal per week te vergader, kan die gonsgroep-metode gebruik word. Volgens hierdie metode lei die Bybelstudieleier die groepbespreking deur vrae te stel nadat die groepe die betrokke skrifgedeelte gelees het. Die kringleiers rapporteer dan wat die groepe se antwoord is, waarna die Bybelstudieleier 'n kort samevatting gee voordat daar oorgegaan word na die volgende vraag. Daar word met een of meer gebede in die groepe afgesluit. Volgens hierdie metode hoef die kringleier nie spesiale voorbereiding te doen nie, maar moet sorg dat die bespreking vlot en die antwoord geformuleer word (Kringleier vir Christus ongedateer : 7).

Volgens Greyling (1982 : 112) is die groot voordeel van hierdie metode dat die geestelike leier deurentyd teenwoordig is en daarom kom die kringbespreking tot sy reg en probleemvrae kan onmiddellik behandel word deur die geestelike leier.

Volgens Greyling (1982 : 113) is die leierklasstelsel 'n beter metode as die gonsgroepmetode en wel om die volgende redes:

* kringleiers/leidsters word deeglik geskool en voorberei vir hulle taak;
* die kringleier word ondersteun in sy getuienistaak deurdat die geleentheid binne kringverband vir hom daargestel word;
* 'n vertrouensverhouding wat baie bevorderlik vir kommunikasie is, word deur hierdie metode opgebou;
* die metode bied meer geleentheid vir 'n diepgaande bestudering en bespreking van die Woord, eerder as die gonsmetode wat berus op 'n vraag-en-antwoord-basis.

Volgens Greyling (1982 : 113) kan die probleme rakende die leierklasstelsel opgelos word deur in een lokaal te vergader onder die toesig van die onderwyser-voorsitter.

Ander metodes wat al in die verlede gebruik is en nog gebruik kan word is die vraereeks-metode, die mikroskopiese metode en die Sweedse metode (Wenke vir Kringleiers aan Hoërskole, ongedateer : 9-10), asook die vraelysmetode, vyfpuntmetode en aan die hand van die Belydenisskrifte of sake van die dag (Brink 1985 : 120-126) (<u>vide</u> Addendum 1 vir 'n vollediger bespreking). Hierdie Bybelstudiemetodes is interessant anders as om bloot net 'n gedeelte

uit die Bybel te lees en die leier dui 'n paar hoofgedagtes aan. Hierdie metodes kan met vrug aangewend word (afwisseling is 'n belangrike didaktiese beginsel) en daarby bevat hulle praktiese waarde met die oog op persoonlike stiltetyd, aangesien die leerlinge nie altyd 'n Bybelstudiegids tot hulle beskikking het nie. Persoonlike voorkeur sal bepaald meespreek wanneer 'n metode/s gekies word vir persoonlike stiltetyd. Daar sal nie verder uitgebrei word met betrekking tot hierdie metodes nie, aangesien die bespreking van die metodes op die terrein van die Didaktiek geleë is en buite die bestek van hierdie studie geleë is. Greyling (1982 : 117) stel dit duidelik dat die gebruik van die Bybelstudiegidse voorrang behoort te geniet, maar dat die inisiatief van die geestelike leier nie aan bande gelê moet word nie. Genoemde metodes word nie net deur die Afrikaanse Christen-Studentevereniging benut nie, maar ook deur kerke, byvoorbeeld die Nederduitse Gereformeerde Kerke, en ander instansies.

Tans benut die persone betrokke by die opstel van die Bybelstudiegidse van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging die eksperimentele leermetode,met ander woorde, die reflektering met betrekking tot eie ervarings, aangesien hul by die ervaringswêreld van die jeugdige wil aansluit (Brink 1994e).

Vervolgens gaan die taak van die onderwyser-voorsitter kortliks beskryf word, aangesien hy/sy 'n belangrike funksie het om te vervul.

### 4.3.1.3 Onderwyser-voorsitter en ander betrokke onderwysers

Die onderwyser-voorsitter dra (behoort) die volle verantwoordelikheid van die tak saam met die bestuur (te dra). Hy is op hoogte van elke besluit wat geneem word. Hy is veronderstel om nou saam te werk met die skoolhoof en die leraar(s) van die gemeente(s). Hy het 'n besondere verantwoordelikheid met betrekking tot die verkiesing, skoling en leiding van die kringleiers. Hy woon die leiersklas by en neem ook deel aan die besprekings. As onderwyser verstaan hy gewoonlik die jeugdige beter (ook met betrekking tot sy liggaamstaal) en kan hy in die leiersklas van hulp wees met die hantering van probleemvrae of probleemsituasies wat in die kringe mag opduik. Sy teenwoordigheid bou ook aan die eenheid van die groep (Handleiding vir Takwerksaamhede ongedateer : 3).

Dit is die onderwyser-voorsitter se taak om hierdie leerling-leiers te ken, ook met betrekking tot hul geestelike lewe sodat hy hul kan help om geestelik verder te groei, maar ook sodat hy nie te hoë eise sal stel aan die kringleiers nie. Hy moet die kringleiers gebruik na gelang van hul gawes en talente met in agneming van elkeen se uniekheid.

Die taak van die onderwyser-voorsitter moet nie verwar word met die taak van die jeugspanne nie. Die lede van die jeugspanne is almal vroeg-volwassenes, terwyl die onderwyser-voorsitter nie noodwendig in hierdie kategorie val nie. Wat wel van belang is dat die onderwyser-voorsitter gemotiveerd moet wees.

'n Ongemotiveerde onderwyser-voorsitter/leier is een van die knelpunte wat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se Hoofbestuur geïdentifiseer het (Hoofbestuur 1991) (vide paragraaf 4.2.7). Dit is een van die redes waarom daar personeelseminare gehou word waar die voorsitters, onder andere, ook hul taak weer in oënskou neem en daar benadruk word dat indien hul ongemotiveerd is die jeugdiges wat aan hul toevertrou is, pedagogies en teologies skade berokken kan word (Brink 1994f). Tydens die personeelseminaar vir hoërskoolpersoneel in 1994 is die volgende vrae aan die personeel gestel (CSV 1994b : 4):

1 Waarom is jy by die CSV betrokke?

2 Wat wil jy bereik?

3 Wat is die ingesteldheid waarmee jy dit doen?

4 Wat is jou einddoel?

Nadat daar oor hierdie vrae besin is, is die redes vir betrokkenheid, soos deur Keefauver geformuleer, bespreek. Volgens Keefauver (CSV 1994b : 4-6) kan die redes waarom mense by jeugwerk betrokke raak aan een van die volgende begrippe gekoppel word:

* In-stitusioneel:

omdat die institusie (skool) dit so bepaal het;

* In-dividueel:

op grond van die persoon se bepaalde persoonlikheid;

* In-Christus:

en hierdie is, volgens Keefauver, die enigste benadering tot jeugwerk wat op die lang duur vrugte lewer. Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging beaam hierdie siening en wil daarom

die personeel motiveer om In-Christus betrokke te wees by jeugwerk en as einddoel vir hulself en die jeugdiges te stel: 'n groei om soos Christus te wees met die besef dat dit God is wat laat groei. "Alles wat ons dan doen in die CSV is op hierdie einddoel gerig, en dit kan enigiets van vrolike pret tot 'n diepgaande gesprek met 'n jongmens in 'n krisis wees" (CSV 1994b : 6).

Hierdie bespreking is opgevolg deur die voltooiing van 'n motiveringslys deur elke personeellid volgens sy persoonlike prioriteitsvolgorde, waarna hulle gevra is om te besin oor hul motivering (CSV 1994b : 7).

Dit is die onderwyser-voorsitter se taak om ander personeel wat graag wil inskakel/help op 'n sinvolle wyse te betrek en te laat deelneem. Hy kan hulle as kringleiers of as voogde by kringe gebruik. As voogde besoek hierdie onderwysers bepaalde kringe gereeld en neem deel aan die besprekings. Hulle kan ook behulpsaam wees betreffende **evaluering** van die leierkapmoontlikhede van senior lede as kringleiers en deur persoonlike betrokkenheid by die kringleiers in die uitvoering van hul take en selfs ook die kringlede. Die onderwyser-voorsitter kan ook hierdie onderwysers inskakel deur hul by die Takbestuur te betrek met, onder meer, opdragte soos kampbesprekings, reël van uitstappies en lektuurverspreiding (Handleiding vir Takwerksaamhede ongedateer : 4).

Die onderwyser-voorsitter dien as skakelpersoon met die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se gebiedskantoor en sodoende ook met hoofkantoor, die reisende personeel, ofte wel provinsiale organi-

seerders en met die belanghebbende kerke. Die bekendstelling van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging aan die hele skool, inskrywing van lede, reklame van kampe en konferensies en bestel van Bybelstudiegidse en ander lektuur staan onder sy direkte toesig (Handleiding vir Takwerksaamhede ongedateer : 3).

Volgens Greyling (1982 : 221) kan die Afrikaanse Christen-Studentevereniging slegs 'n sinvolle buite-kurrikulêre aktiwiteit wees indien die skoolhoof sorg dat 'n onderwyser wat in die eerste instansie 'n deurleefde Christen is en tweedens simpatie en begrip het ten opsigte van jeugdiges se geestelike behoeftes/ hunkeringe, as onderwyser-voorsitter aangewys word. Dit is 'n ope vraag of hierdie ideaal enigsins nog sal realiseer met die nuwe onderwysbedeling.

Volgens Greyling (1982 : 221-222) moet ander onderwysers wat behulpsaam is ook aan dieselfde vereistes voldoen en op 'n gemotiveerde en entoesiastiese wyse meedoen aan die werksaamhede van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging. Dit is belangrik, want die jeugdige is geneig om homself met sy onderwyser te identifiseer en daarom moet die onderwyser-voorsitter (ook die ander onderwysers) altyd bewus wees van veral die geestelike waardes wat hy (hulle) verteenwoordig op alle terreine, omdat hy (hulle) vir die jeugdige voortdurend 'n voorganger op geestelike gebied is (eie invoeging) (<u>vide</u> paragraaf 4.8.1.2).

Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging-onderwyser wat dinge laat gebeur, is geestelik volwasse, 'n rolmodel, doelgerig en

gemotiveerd, dinamies, kreatief, jonk van gees, ywerig en deeglik, iemand wat kan organiseer en administreer, 'n vrymoedige getuie. Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging-onderwyser tree op as geestelike voog en sorg dat die programme geestelik aansluit by die kind se bevatlikheid, stel die lede voor geloofskeuses waardeur hulle hulself kan evalueer en teenoor hulself en God daaromtrent antwoord (daar is, met ander woorde, geen dwang tot bekering by betrokke nie) en lewe Jesus Christus aan die lede voor. So 'n onderwyser fasiliteer leerlinginisiatief, sorg vir maksimum deelname, skep geleenthede vir geloofsbelewing, geloofsgemeenskap, geloofsgroei en dienslewering en bevorder jongmens-tot-jongmens aktiwiteite, juis dit wat die jeugdiges vra (vide paragraaf 4.2.9.2 (c)). Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se onderwysers moet sorg vir 'n gedifferensieerde bediening (vide paragraaf 4.2.9.2 (b)) en moet buigsaam wees ten opsigte van lidmaatskap van verskillende kerke en groepe. Hy/Sy skakel met alle kerke wie se lidmate inskakel. Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se onderwyser-voorsitter is die skakel tussen die lede en die personeel/skoolhoof/predikante/streeksaktiwiteite en ook die skakel tussen die tak en die hoofkantoor/streeksekretaris (proviniale organiseerder). Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se onderwyser-voorsitter werk deur die Takbestuur - hy/sy inspireer, help met uitvoering van take, ondersteun deur raad en daad, begelei en bemoedig, woon vergaderings by, bly op die agtergrond, met ander woorde, hy figureer nie prominent nie - slegs indien nodig, en neem ook inisiatief

betreffende evaluering, skoling en verkiesing van kringleiers en bestuur (ACSV van SA 1993 : 5-6).

Die verhouding geestelike begeleier (onderwyser) en begeleide (lid/volgeling) word deur die Afrikaanse Christen-Studentevereniging uitgebrei op **sinkroniese vlak** enersyds in dié sin dat die groepe (verkieslik) kleiner moet wees as in die tradisionele klaskamersituasie (wat gewoonlik 'n groot groep is) en dat daar derhalwe "meer" begeleiers moet wees (aangesien die groepe nou kleiner is), en andersyds verskil die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se kringsamestelling ook op **diakroniese** niveau van die klaskamersituasie, omdat daar van leerlinge gebruik gemaak word as leiers, hoewel groepleiers in die klaskamersituasie ook leiding gee - gewoonlik diegene wat in 'n bepaalde vak goed presteer.

'n Implikasie van die laasgenoemde reëling is dat daar "leerlinge" is wat ten aansien van sekere kriteria reeds op die drumpel staan of selfs die drumpel oorgetree het na volwassenheid (Roelofse 1994) (vide ook paragraaf 3.2.6).

Volgens Die Gereformeerde Kerke (1985 : 496) bied die Bybel "die lig dat die 'jeug' reeds vroeg in jare die verantwoordelikhede van die volwasse lewe op hom moes neem, en andersyds word van 'jeug' in terme van jong volwassene gepraat" (vide ook paragraaf 3.2.6).

Daar is egter nie sprake van 'n totale ontvoogding van die pedagogiese leiding nie, omdat die leerling-voorsitter en kringleiers ook nog deur die onderwyser-cum-predikant gelei word

op so 'n wyse dat hulle in hul eie groep desgelyks kan lei. Daar sal vervolgens stilgestaan word by die leerling-leiers, naamlik die leerling-voorsitter en sy bestuur en daarna die kringleiers.

4.3.1.4 Leerling-leiers

(a) Leerling-voorsitter

Die leerling-voorsitter werk nou saam met die onderwyser-voorsitter. Hy is die geestelike leier van die leerlinge in die skool, met ander woorde, 'n Christen, iemand wat regtig aan Jesus Christus behoort en Hom erken as die Koning van sy lewe en van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging. Hy is 'n leier wat besondere godsdienstige waardes en norme huldig: iemand op wie ander sterk kan steun; iemand wie se woord sy eer is; iemand by wie 'n soekende persoon hulp kan gaan soek; iemand wat altyd bereid is om te help. Deur sy entoesiasme, ywer en toewyding kan ander getrek word na Jesus en kan 'n algemene positiewe gesindheid in die skool gebou word - Jesus kan leef as Koning van die skool. Die leerling-voorsitter (ook die onderwyser-voorsitter en ander onderwysers) moet die bestuur inspireer, aanmoedig en voorgaan. Hy moet spesiale sorg dra vir die hartlike samewerking van die bestuur. Eenheid en liefde moet deel van sy lewe wees. Hy is veronderstel om die weeklikse kringleiersbiduur te reël. Hy neem ook verantwoordelikheid vir enige spesiale byeenkomste van die kringleiers. Soos 'n ware leier moet hy gesprek voer indien die kringleiers iets doen wat nie met Christen-wees versoenbaar is nie, verkieslik

indiwidueel en sonder om te veroordeel (Handleiding vir Takwerksaamhede ongedateer : 5-6). Dit wat so pas gekonstateer is, geld <u>mutatis mutandus</u> ook vir die onder-voorsitter, maar in 'n meer ondersteundende verband.

Hierdie "vereistes" is die ideaal, aangesien geen mens (ook geen jeugdige) aan bogenoemde bepalinge kan voldoen nie. Volgens Robbins was die dissipels van Jesus feilbare mense (<u>vide</u> paragraaf 6.12), en so ook die leerling-leiers (tewens alle kinders van God/ Christene).

<u>(b) Die sekretaresse</u>

Die sekretaresse is in 'n (gemengde) skool veronderstel om die geestelike leidster onder die dogters te wees. Sy dra die verantwoordelikheid van die tak saam met die leerling-voorsitter en onderwyser-voorsitter. Sy dien as bykomende inspirasie vir die voorsitter. Sy kan baie daartoe bydra om die tak op en wakker te hou deur te sorg dat besluite wat geneem is, uitgevoer word en deur saam te besin oor nuwe maniere van doen om dit vir die lede interessant en aangenaam te maak, veral deur te sorg dat die atmosfeer warm en hartlik is (Handleiding vir Takwerksaamhede ongedateer : 7). In skole waar daar net óf seuns óf dogters is, sal die sekretaris/sekretaresse dieselfde taak hê, behalwe dat sy/hy as 'n ondersteunende leier sal optree.

Die wenke wat in die Handleiding vir takwerksaamhede gemaak word, is slegs voorstelle en word na goeddunke benut. Hulle is, met

ander woorde, nie voorskriftelik van aard nie. In die uitoefening van 'n keuse sal die onderwyser-voorsitter die sekretaris/sekretaresse behulpsaam wees met betrekking tot didaktiese aspekte, maar andersins sal die onderwyser-voorsitter die sekretaris/sekretaresse die geleentheid bied om vanuit hul ervaringsveld van dit waarvan jeugdiges hou, 'n bepaalde keuse uit te oefen.

Daar sal uit die aard van die studie nie in besonderhede ingegaan word op die administratiewe take van die Takbestuur nie. Wat wel van belang is, is die feit dat sowel die leerling-voorsitter, die leerling-ondervoorsitter as die leerling-sekretaresse/sekretaris veronderstel is om in-diens-opleiding te ontvang in vergaderingsprosedures, die opstel van 'n agenda en wat die sekretaresse/sekretaris betref ook in die skryf van 'n notule. In die komiteewerk is daar ook geleentheid vir soortgelyke opleiding.

Uit die bondige bespreking van die primêre ampte van die takbestuur is dit duidelik dat indien die ideaal wat daar gestel word deur die Hoofbestuur van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging realiseer, hierdie vereniging aan baie jongmense die geleentheid bied om hulle leierspotensiaal te help ontplooi. Dit is die jongmense wat veronderstel is om die leiding te neem.

<u>(c) Kringleiers</u>

Die kringleier is verantwoordelik vir 'n Bybelstudiekring (<u>vide</u> paragraaf 4.4.2). Dit is elke kringleier se taak om sy kringlede

op die hart te dra en om hulle te lei in hulle geestelike groei. Die kringleier moet in **woord** en **daad** getuienis lewer van godsvrug in sy/haar lewe (ACSV van SA 1993 : 11).

Kringleiers word volgens beleid, soos gestel in artikel 2 (wat handel oor die Belydenisgrondslag van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging) en artikel 6 (wat handel oor lidmaatskap) van die grondwet, deur die Takbestuur aangewys na oorlegpleging met die skoolhoof en die plaaslike leraar (Grondwet 1988 : 11). Die grondwet van 1994 beskryf nie die taak van die kringleier nie, aangesien dit reeds in *Die ACSV in 'n Neutedop* (brondokument vir takke vide ACSV van SA 1993 : 11-12) bespreek word en ter wille van rasionalisering/verkorting van die grondwet, maar die opleiding bly steeds dieselfde. Verskeie takke se werkswyse vereis ook nie die gebruik van kringleiers nie.

Omdat die kringleier godsvrug in sy lewe moet openbaar, kan hy nie op 'n lukraak manier verkies word nie. Daar word aanbeveel dat die bestaande kringleiers en Takbestuur leerlinge benoem, met opgaaf van redes en dat die onderwyser-voorsitter 'n groslys opstel wat dan aan die res van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se personeel, die skoolhoof (en/of senior personeel) en leier-klasleier oorhandig word vir kommentaar, byvoegings en weglatings. Die leerlinge wat op die groslys behoue bly, word gevra om 'n brief te skryf waarin hy/sy vertel van sy/haar persoonlike verhouding met Jesus Christus en wat hy/sy dink van 'n kringleier verwag (kan) word (ACSV van SA 1993 : 11). Dit is belangrik dat die leerlinge verstaan wat kringleierskap alles behels. Deur

persoonlike gesprekke kan die onderwyser-voorsitter, in samewerking met die ander personeel, die benoemde leerlinge se geestelike rypheid probeer peil (hoewel dit gewoonlik reeds in die kring waar hy/sy betrokke was, geblyk het en/of ook tydens ander geleenthede). Elke voornemende kringleier is veronderstel om die volgende onderneming (ACSV van SA 1993 : 12) te onderteken:

"Hiermee verklaar ek dat ek met God se hulp

* getrou wil wees in Bybelstudie, gebed, getuienis en kerkbesoek sodat ek beter toegerus kan word;
* getrou voorbereiding sal doen vir elke leiersklas en kring;
* die leiersklasse, kringe, bidure en algemene byeenkomste getrou sal bywoon;
* altyd sal probeer om 'n voorbeeld te stel aan almal met wie ek te doen kry;
* gereeld vir my kringlede sal bid en in elkeen persoonlik sal belangstel;
* die kringleierseminaar sal bywoon (waar daar, onder andere, gesprek gevoer word oor die belangrikheid van die Bybelstudiekring; die metodiek van kringhou; vernuwing betreffende tak-aktiwiteite; geloofsekerheid; diensbaarheid; Bybelse antwoorde vir probleme (eie invoeging);
* my roeping as kringleier van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging altyd as 'n belangrike prioriteit sal beskou.

Ek is bewus daarvan dat ek van my kringleierskap onthef kan word

as ek hierdie roeping verwaarloos en bogenoemde verklaring nie nakom nie.

Indien dit sou gebeur dat ek nie 'n kringleier word nie, sal ek nog steeds my aktiewe en lojale steun aan die Afrikaanse Christen-Studentevereniging gee" (ACSV van SA 1991 : 18-28) (eie invoeging).

Die eise wat aan 'n kringleier gestel word, word belig deur bogenoemde onderneming. 'n Kringleier is iemand wat reeds geloofsekerheid het in soverre dit vir 'n jeugdige moontlik is en wat al 'n pad saam met Christus stap by wyse van Bybelstudie en gebed. 'n Kringleier wil met ander deel aangaande Christus en beskik reeds oor 'n verantwoordelikheidsin soos van 'n jeugdige verwag kan word, sonder om te veel te gou te verwag. Die kringleier het 'n besondere verantwoordelikheid teenoor die lede in sy kring.

Tydens kringleierkampe/seminare word die kringleiers se leierspotensiaal verder uitgebou (CSV 1994c : 9-13). Daar word, onder meer, aandag gegee aan die hou van 'n kring onder die volgende opskrifte (CSV 1994c : 15-16):

* skep 'n gees van warmte en aanvaarding;
* maak jou kringlede opgewonde oor hul ontmoeting/verhouding met die Here;
* motiveer die kringlede tot aksie.

Daar word ook gesprek gevoer met betrekking tot die kringleiersklas en voorbereiding vir die kring. Gevorderde

kringleiers word afsonderlik begelei om sodoende verveling te voorkom (CSV 1994c : 16-20).

Daar sal vervolgens die een en ander omtrent die lede self gesê word.

### 4.3.1.5 Lede/leerlinge

Benewens dit wat reeds dienaangaande geskryf is (byvoorbeeld paragraaf 4.2.9.2 (b)) spits die Afrikaanse Christen-Studente-vereniging hom hoofsaaklik toe op skoliere en studente (onderwys) (vide Grondwet 1992 : 4) aan alle opvoedingsinrigtings waar sy werksaamhede verwelkom en toegelaat word. Die lidmaatskap van die vereniging is oop vir skoliere, studente, onderwysers, doserende personeel en ander persone wat in die vereniging behulpsaam is, asook diegene wat in voltydse diens van die vereniging staan, ongeag die persone se kerkverband. Persone sluit op 'n vrywillige basis aan en kan in enige stadium hul bedanking sonder opgaaf van redes indien. Van alle lede wat leiersposisies in die vereniging beklee, word verwag om op geen wyse tydens groepbesprekings of enige ander aktiwiteite of byeenkomste van die vereniging in stryd met die belydenisgrondslag van die vereniging op te tree of toe te laat dat twis oor leerstellige sake ontstaan of dat aktiwiteite beoefen word waaroor meningsverskil tussen belanghebbende kerke mag ontstaan nie. Lidmaatskap van die vereniging kan enige tyd deur die Hoofbestuur of sy Dagbestuur sonder opgaaf van redes opgesê en ook geweier word. Persone wat

nie formeel by 'n tak aansluit nie, kan nogtans die byeenkomste bywoon (maar hy mag nie 'n leiersposisie beklee nie, aangesien hy nog nie onderneem het om hom te hou by die bepalings van die grondwet nie) (Grondwet 1994 : 4-5) (eie invoeging).

Hierdie vermyding van verskille wil nie skynheiligheid of 'n skyngeloof bevorder nie, maar daar word beoog dat die gemeenskaplike, veral die eenheid van gelowiges in Christus Jesus, die vertrekpunt sal wees.

In die onderhawige studie sal daar stilgestaan word by die hoërskoolleerlinge/sekondêre skool se leerlinge en watter invloed die openheid betreffende lidmaatskap op hulle kan hê, asook die haalbaarheid met betrekking tot die uitskakeling van bespreking van belydenisverskille deur die leiers of die uitskakeling van aktiwiteite waaroor meningsverskil tussen belanghebbende kerke bestaan.

Noudat die bestuur van 'n tak aan die orde gestel is, moet die modus operandi van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging onder die loep geneem word.

## 4.4 MODUS OPERANDI VAN DIE AFRIKAANSE CHRISTEN-STUDENTEVERENIGING

Die werksaamhede van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging binne takverband is die spil waarom alles draai.

Daar sal eerstens gelet word op die pligte van die Takbestuur in die breë, nie van die indiwiduele leiers nie. Daarna sal daar

stilgestaan word by die realisering van die doelstellings van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging met Bybelstudie as werkswyse deur middel van Bybelstudiekringe en dan sal daar in besonderhede stilgestaan word by kampbyeenkomste as 'n besondere werkswyse van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging.

### 4.4.1 Die Takbestuur

Die Takbestuur funksioneer ooreenkomstig die voorskrifte soos beskryf in die grondwet. Dit is daarom die taak van die Takbestuur om die lede aan te moedig tot intensiewe Bybelstudie en getroue gebedslewe. Bybelstudie deur die lede van die Takbestuur asook die ander lede is die primêre verantwoordelikheid van die Takbestuur. Dit word in die Handleiding vir Takwerksaamhede (ongedateer : 2) gestel dat dit noodsaaklik is dat lede wat in die Takbestuur dien, bewys sal lewer van duidelike godsvrug, erns in hul lewe, ywer en belangstelling in die werk, verantwoordelikheid vir mede-skoliere en leierseienskappe. Hulle moet ook voldoen aan die vereistes gestel in artikels II, III en IV van die 1988 Grondwet en II en III van die 1994 Grondwet (Grondwet 1992 : 1-2; Grondwet 1994 : 1 -2).

Dit word aanbeveel dat die Takbestuur minstens een keer per kwartaal formeel vergader (informele vergaderings kan meer dikwels gehou word) en dat elke bestuurslid dan skriftelik verslag doen van sy afdeling van die werk, van dit wat afgehandel is en dit wat beplan word (ter wille van die goeie orde en sodat dit beskikbaar

is vir toekomstige gebruik). Volgens die Handleiding vir Takwerksaamhede (ongedateer : 2) dien die sameroeper van elkeen van die volgende komitees ook in die Takbestuur: Komitee vir finansies, Biduurkomitee, Komitee vir algemene sake, Sendingkomitee, Werwingskomitee, Lektuurkomitee en die Kampkomitee. Dit word duidelik gestel dat die Takbestuur verantwoordelik is vir deeglike beplanning en uitvoering van elke taak/saak en dat die opstel van 'n jaarprogram of halfjaarprogram uiters noodsaaklik is. In samewerking met die Takbestuur, dra die onderskeie komitees by tot die realisering van die doelstellings van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging (vide Addendum 1 met betrekking tot 'n meer volledige bespreking van die werksaamhede van die verskillende komitees).

Daar sal nie in hierdie monografie stilgestaan word by die werksamhede van al die komitees nie, behalwe die Kampkomitee en daarmee saam die hantering en organisering van Bybelstudiekringe, aangesien dit twee van die belangrikste werkswyses van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging is. 'n Sinoptiese weergawe van die werksaamhede van die verskillende komitees word voorsien in Addendum 1.

**4.4.2 Bybelstudiekringe (Kringbyeenkomste)**

Omdat Bybelstudie 'n primêre bedrywigheid van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging is, stel die vereniging jaarliks Bybelstudiegidse aan sy lede beskikbaar (hierdie gidse word egter

vrywilliglik bestel en daarom is dit moontlik dat sommige lede nie oor gidse beskik nie). Groepwerk dien as uitgangspunt en daarom is dit die gedagte dat lede sover moontlik in kringe van nie meer as agt lede gedeel word nie (om sodoende oogkontak en kommunikasie te vergemaklik). Kringleiers lei dan die lede van die kringe aan die hand van die genoemde gidse (vide Addendum 3 vir 'n lys van onderwerpe wat die afgelope 3 jaar in die gidse hanteer is). Die ideaal wat gestel word, is dat kringe so ver moontlik weekliks vergader ter wille van samebinding en kontinuïteit. Daar word ook jaarliks 'n kringleiergids beskikbaar gestel vir die kringleiers. Hierdie kringleiergids bevat, benewens die vrae, aktiwiteite en skrifgedeelte, 'n aanduiding van die doel van die bespreking en die wyse van hantering van die kring (metodiek). Die kringleiers is veronderstel om op 'n gereelde basis 'n leiersklas by te woon waar hulle deur 'n bevoegde persoon geleer word hoe om elke week se kringbyeenkomste te hanteer (vide paragraaf 4.2.2). Daar word jaarliks kringleierskampe (seminare) gehou waartydens kringleiers verdere opleiding ontvang.

Volgens die genoemde handleiding: Kringleier vir Christus (ongedateer : 4) moet 'n kringleier/leidster by die aanbieding van 'n kring die volgende in gedagte hou:

* die Heilige Gees is die eintlike Leier in elke kring;
* soms moet daar op 'n gedagte uitgebrei word (indien daar onduidelikheid is);
* vra voorbeelde uit vandag se lewe om die hoofgedagte te illustreer;

* vra soms: Wat bedoel jy met ...?
* laat toe dat die groep 'n foutiewe standpunt (indien dit voor-die-handliggend is) beoordeel, maar laat die Bybel die finale antwoord gee (kringleier neem gewoonlik 'n Bybel saam);
* wees eg en ernstig, tog ook ontspanne en gereed om te lag indien nodig;
* alle kringlede moet sover moontlik betrek word.

Bybelstudiekringe word met 'n bepaalde doel voor oë gehou, naamlik:

* Bybelstudie is nie net 'n lekker bespreking nie. Nuwe insigte moet verkry word en antwoorde op vrae moet in die Bybel ontdek word;
* om, indien moontlik, die kringlede te lei tot 'n liefde vir die Here Jesus se Woord en om kringlede te leer hoe om die Woord reg te bestudeer volgens 'n definitiewe Bybelstudiemetode (waarop vooraf besluit word na aanleiding van inhoud of by wyse van afwisseling <u>vide</u> paragraaf 4.4.2);
* kringlede se stiltetyd is primêr en die kring sekondêr - daarom het die kringstudie ten doel om, indien moontlik, elke kringlid 'n Bybelstudent in sy stiltetyd te maak (Wenke vir Kringleiers aan Hoërskole ongedateer : 7);
* dit wil die jeugdiges leer om met vrymoedigheid en openhartigheid oor geestelike dinge te gesels: oor die inhoud van die Bybel, oor hulle vrae, sonde (in die algemeen of iets so algemeen as beteueling van jou humeur), probleme, mislukkings, nuwe ontdekkings en oorwinnings in hulle geestelike

lewe (hierdie gespreksituasies moet nie verwar word met Trauma-sessies wat deur 'n terapeut benut word nie, aangesien die mededelings vrywilliglik geskied en selfs agter "maskers' kan geskied, met ander woorde, daar word oor 'n probleem gesels sonder dat dit noodwendig 'n bepaalde kringlid se probleem is);

* dit wil die kringlede lei tot 'n lewende verhouding met Jesus sodat hulle wat Hom ken sal groei in kennis en toewyding en diegene wat Hom nie ken nie Jesus moontlik sal liefkry;
* kringlede leer om met vrymoedigheid te bid en het ook die geleentheid om die vreugde en krag van gesamentlike gebed te ondervind (Wenke vir Kringleiers aan Hoërskole ongedateer : 7).

Die kringleier gaan met sy kring deur 'n bepaalde proses (ACSV van SA 1993 : 13):

**Fase** 1 behels groepsbou. Die leierklasleier/kringleier se taak is om warmte en 'n klimaat van openhartigheid te skep.

**Fase** 2 is die stadium waarin die doel van die kring gestel word en die kringleiers/lede deur 'n wisselwerking van idees en ervaringe met betrekking tot die onderwerp betrek word.

In **Fase** 3 word die gesprek gestimuleer. Almal kry, om die beurt, die geleentheid om deel te neem aan die gesprek en die leierklasleier/kringleier gee doelbewus aan elkeen 'n geleentheid, gewoonlik is daar nie 'n regte of verkeerde antwoord nie (sodat vrymoedigheid gestimuleer kan word eerder as om dit te demp). Die leiersklasleier/kringleier mag inisiatief neem, maar moet waak teen alleenspraak of te veel praat en hy moet veral nie preek nie,

aangesien dit die uitdruklike taak, via medius van die predikant (tydens die erediens) is (eie invoeging).

In fase 4 word die Bybel gelees en toegepas.

In fase 5 word gesels oor die implikasies van die Woord. Die leierklasleier beplan definitiewe aksies om ooreenkomstig die Woord te leef, met ander woorde, in navolging van Jesus se voorbeeld God se liefde uit te leef in die mate waartoe elke indiwidu daartoe in staat is (Dieselfde stappe word in die gewone kringe gevolg).

Elke kring is 'n groeigroep. Elke kring is deel van die liggaam van Christus en dit is die doel van die kring om Jesus uit die Woord te leer ken, om te leer wat die Woord vir elkeen wil sê oor sy manier van lewe. Die doel van die kring is om jeugdiges te help om na Jesus toe te groei en al meer te leef soos Hy dit wil hê (ACSV van SA 1993 : 13).

Die kringleier en kringlede is veronderstel om mekaar te bemoedig en te versterk en vir mekaar verantwoordelikheid te aanvaar. Hulle leër by mekaar deur geestelike ervarings te deel en so help hulle mekaar om op die geloofspad te vorder (ACSV van SA 1993 : 13).

Die vraag wat hom nou voordoen, is: "Word hierdie mededelings met omsigtigheid bejeën en hanteer, aangesien waarheid en dwaling dikwels nie "geestelik" onderskei kan word nie? In sy uiterste vorm dien die gesprek tussen Christus en Satan waarskynlik as 'n sprekende voorbeeld: Satan beroep hom (in sy poging om te verlei)

OOK op die Bybel. Dit is veral ten aansien van sogenaamde openbarings/belewings dat daar verwarrende "lesse" voorgehou kan word. Voorts was die sogenaamde "valse leraars" reeds in die Bybelse tyd 'n realiteit (Roelofse 1994). Die waarskuwing wat in hierdie vraag opgesluit is, beklemtoon die feit dat die kringleiers nie op 'n lukraak manier verkies mag word nie, maar dat elke kringleier reeds bewys moes gelewer het met betrekking tot sy geloofsekerheid en geloofsvolwassenheid sodat hy oor die geestelike wysheid sal beskik om dwaling en waarheid te kan onderskei of, indien daar twyfel bestaan, die saak met die leier van die leiersklas te bespreek en dan terugvoering te gee aan die kringlede. Die Bybel behoort in alle geval in alle kringe sentraal te staan (soos Greyling dan ook aandui) en daarom moet alle mededelings in die lig van die Bybel ge-evalueer word.

Greyling (1982 : 118-119) kom tot die gevolgtrekking dat die onmiddellike doelstellings van Bybelstudiekringe die bestudering van die Woord is volgens 'n definitiewe metode en om kringlede te lei tot 'n lewende verhouding met die Here Jesus Christus wat uitkristaliseer in vrymoedigheid en openhartigheid ten opsigte van geestelike waarhede onderling. Wat die verwyderde doelstelling betref, moet die jongmense so aan die Woord gebind word, dat hulle dit hulle lewe lank sal liefhê as basis van hulle hele bestaan hier op aarde; ware dissipels sal wees en ook ander mense dissipels sal maak as deel van hul getuienistaak (vide paragrawe 6.5.2 en 6.5.3.2) met betrekking tot disipelskap in die werklike lewe.

Reeds in 1946 het Smith gewaarsku dat indien die Afrikaanse Christen-Studentevereniging nie meer in die eerste plek daarna sou streef om skoliere (en studente) tot 'n diepe geestelike lewe en ernstige studie van die Bybel as die onfeilbare Woord van God aan te moedig nie, die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se werksaamhede so daaronder sou ly dat dit "... waterlose fonteine word vir 'n dorstige en ontvanklike jeug ..." (Smith 1946 : 20).

'n Vraag wat hom voordoen, is: Waaroor word in die kringe gesels? Dit is haas onmoontlik om op hierdie vraag te antwoord, omdat hierdie studie nie op die didaktiese werksaamhede van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging gerig is nie, maar daar sal na aanleiding van Brink (1993c : 1-2) enkele onderwerpe aangedui word om sodoende die inhoudelike van hierdie Bybelstudiegids as eksemplaar van die ander studiegidse se onderwerpe aan die leser voor te hou. Die kernboodskap word in hakies in kursiefdruk aangedui (vide Addendum 3 vir 'n meer volledige lys):

* 'n Bar-one vir jou 25-uur dag (*Effektiewe tydsbenutting*);
* Jesus draf saam met jou klas (*Jesus is altyd by jou in alle situasies*);
* Dak- of doeltreffers (*Die verskillende elemente van gebed*);
* Is in-wees die inding? (*Groepsdruk*);
* 'n Robot of 'n pasaangeëer (*Die wêreld en die toekoms vanuit 'n Bybelse perspektief*);
* Huismoleste of huisharmonie (*Almal is onvolmaak, waardering en probleemoplossing*);
* Bult-op, bult-af (*'n Oorwinningslewe*);

* Gimtrim vir die gees (*Geestelike groei vra oefening*);
* Partytjies - fees of fiasko? (*Bybelse riglyne betreffende partytjies*).

Daar is twee gidse: een vir die kringleier met addisionele aantekeninge en dan een vir die kringlede. Die skrywer volstaan met hierdie sinoptiese bespreking.

Nog 'n werkswyse waarlangs die Afrikaanse Christen-Studentevereniging godsdiensbegeleiding doen, is by wyse van kampe waarby daar nou stilgestaan sal word.

### 4.4.3 Kampe

#### 4.4.3.1 Kampbeleid

Aanvanklik sal daar aandag gegee word aan die kampbeleid van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging soos wat dit in die Grondwet (1988) beskryf is. Die kampbeleid is intussen hersien en die wysigings of weglatings na aanleiding van die verslag van die Hoofbestuursvergadering (Hoofbestuur 1991) word in kursiefdruk voorsien:

Die volgende minimum vereistes geld vir alle kampe van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging:

1. Dit is noodsaaklik dat 'n beheersde, gebalanseerde en kalme atmosfeer op alle Afrikaanse Christen-Studenteverenigingkampe gehandhaaf word. Die program moet in alle opsigte ge-

balanseerd wees, sowel die godsdienstige as die luimige deel. Kampgangers mag nie emosioneel opgesweep word nie.

2. Metodes en optredes wat aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk vreemd is, moet ten alle koste vermy word.
*Stof, metodes en optredes wat tot leerstellige twis kan lei, en waaroor daar verskil van mening tussen kerke is, moet ten alle koste vermy word.*

3. Slegs geestelike leiers wat die Drie Formuliere onderskryf, mag optree.

*Slegs geestelike leiers wat die Grondwet van die ACSV onderskryf, mag by kampe optree* (vide paragraaf 5.2.2 met betrekking tot die vereniging se belydenis).

4. Wat die sang betref, moet hoofsaaklik van die Psalm- en Gesangbundel, die Kom Ons Sing-boekie en die Jeugsangbundel gebruik gemaak word.

*Hierdie vereiste is weggelaat in die nuwe Kampbeleid.*

5. Voldoende toesig by kampe is essensieël. (Die ideaal is een volwassene vir elke tien leerlinge). Volwasse toesig in busse op die heen- en terugreis is verkieslik.

6. Die kleredrag moet beheersd en verantwoordelik wees (soos dit 'n Christenseun en -dogter betaam). Wanneer eredienste bygewoon word, moet gepaste klere gedra word.

7. Sondae en kerklike feesdae moet as sodanig erken en eerbiedig word.

   *Georganiseerde sport en speletjies word op ander dae as Sondae gereël.*

8. Indien die kampterrein binne stapafstand van 'n kerk is, is dit verkieslik dat die kampgroep die erediens bywoon. Daar moet vooraf met die leraar geskakel word.

   *Voorbeeldige gedrag in die erediens word van almal verwag.*

9. Laat ure moet vermy word. Sover moontlik moet ligte om 23h00 afgeskakel word en na 23h30 moet algehele stilte gehandhaaf word.

10. Seuns en dogters mag onder geen omstandighede oor en weer in mekaar se kamers kom nie.

11. Dans en die gebruik van alkoholiese drank deur enige groep wat op 'n Afrikaanse Christen-Studentevereniging-kampterrein kamp, word streng verbied.

    *Onaanvaarbare sosiale gedrag en drankmisbruik deur enige groep wat op 'n ACSV-kampterrein kamp, word streng verbied* (wat 'n ACSV-kamp bywoon - skrywer se voorstel).

Die skrywer beveel aan dat hierdie bepaling eerder soos volg lees: Onaanvaarbare sosiale gedrag en drankmisbruik deur enige groep wat *'n CSV-kamp bywoon*, word streng verbied.

12. Sover prakties uitvoerbaar, moet nasorg-werk na afloop van 'n kamp gedoen word.

4.4.3.2 Takkampe

'n Takkamp vind gewoonlik oor 'n naweek plaas en bied 'n ideale geleentheid vir die leerlinge van die skool en die betrokke personeel om saam te kom vir geestelike verryking en versterking en die vreugde van ware Christenskap in Bybelstudie, sang, gebed, speletjies, gesprekke en kosmaak te ervaar, asook om praktiese leiding te ontvang oor aktuele sake soos geloofsekerheid, geesteklike groei, persoonlike stiltetyd, Bybelstudie, gebed, getuienis, die verhoudingslewe, hoe om die wil van God te ken, en nog veel meer. Dit bied ook die geleentheid om saam gedagtes te wissel en die nodige beplanning te doen oor die roeping en taak van lede van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging-tak by die skool (Greyling 1982 : 134).

Volgens Die Handleiding vir Takkkampe (ongedateer : 1-2) mag 'n takkamp nooit gesien word as maar net 'n *aangename uitstappie* of 'n bietjie afwisseling nie, met geen geestelike verryking as deel van die kampprogram nie. Die uitgangspunt moet wees om, *in diepe afhanklikheid van die Here*, net die allerbeste vir almal aan te bied met betrekking tot die godsdienstige begeleiding op so 'n wyse dat dit tot die jeugdiges sal spreek in hul idioom sodat hulle met nuwe ywer en besieling sal teruggaan en tot inspirasie vir die tak sal dien. Die kamp moet voorsiening maak vir voldoende

afwisseling betreffende die fisiese, die sosiale en die geestelike (om maar enkeles op die voorgrond te stel), aangesien die mens (jeugdige) 'n mens-in-totaliteit is en daar nie vir die geestelike, sonder inagneming van die ander wordingsniveaus van die jeugdige, voorsiening gemaak kan word nie. Die verwysing na *aangename uitstappie* en *diepe afhanklikheid* is nie teenoorstaandes of antonieme nie, maar is deel van die totale bedoeling met die kamp om die kamp so in te rig dat daar met die taal en simboliek van die jeugdige (vide paragrawe 4.2.7 en 4.2.8.2) gereken word. Geen jeugdige (geen mens) kan slegs geestelik verryk word sonder voldoende afwisseling nie. Die fisiese en sosiale pretgeleenthede bied aan die jeugdiges die geleentheid om mekaar beter te leer ken, meer nog, om die Bybelse waarhede in hulle omgang met mekaar te beoefen - al geskied dit sonder 'n doelbewuste poging daartoe. Takkampe het, met ander woorde, die geestelike opbou van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se lede ten doel, nie net teoreties nie, maar ook prakties (Greyling 1982 : 135).

Tydens 'n takkamp kan 'n paar keusekringe (verskillende bymekaar-kom-geleenthede) oor verskillende onderwerpe aangebied word. Die jeugdiges kan dan kies watter kring hulle wil bywoon na gelang van persoonlike voorkeure. Moontlike onderwerpe is die volgende: Sekerheid en twyfel; hoe weet ek wat God se wil vir my lewe is? hoe om vrugbaar stiltetyd te hou; hoe om vir Jesus te getuig; hoe behoort die verhouding tussen seuns en dogters daar uit te sien? hoe om geestelik te groei - om maar enkeles te noem. Bekwame persone kan vooraf gevra word om vir die verskillende kringe elk

'n eie onderwerp voor te berei (Handleiding vir Takkampe ongedateer : 16) (hieruit blyk dit dat die vereniging reeds in die verlede vir verskille met betrekking tot geloofsverbintenisse voorsiening gemaak het, al was dit nie met dieselfde bewustheid as tans nie).

Greyling (1982 : 142) meen dat die temas wat by die sogenaamde keusekringe op 'n verantwoordelike wyse aangebied word, geleentheid bied dat leerlinge met probleme moontlik oplossings kan vind, sowel as antwoorde op vrae - veral as hulle nie die vrymoedigheid het om daaroor te praat nie (sonder vrees vir "ontmaskering" - vide paragraaf 4.4.2).

### 4.4.4 Werksaamhede van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging na buite

Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging is nie slegs gerig op die geestelike opbou van sy lede binne takverband nie, maar lewer ook 'n diens na buite. Strand- en vakansiedienswerk en gesinskampe geniet hoë prioriteit. Omdat die voorgenoemde werksaamhede sekondêr van aard is, word daar volstaan met 'n kursoriese uiteensetting daarvan. Immers, die betrekking van volwassenes val buite die afgebakende terrein, naamlik die pedagogie (begeleiding van volwassenes is dus nie ter sprake nie) wat in hierdie hoofstuk bedwarskyk word. Ook die pedagogiese begeleiding van die kleuter of pre-puber val buite die afgebakende terrein.

Aan die begin van die eeu het die geleentheid vir die uitdra van die Evangelie van Jesus Christus by verskillende strand- en vakansieoorde toegeneem en het daar vanuit verskeie oorde versoeke tot die Christen-Studentevereniging gekom om iets daadwerkliks daaraan te doen. Die Hoofbestuur het die eerste strandienskamp te Muizenberg in 1906 gereël (Afr. CSV ongedateer (b) : 1). Die doelstellings ten opsigte van die vakansieganger is tweeledig: om eerstens jou getuienis met ander Christene deur middel van Bybelstudie en in woord en daad te deel en tweedens deur evangelisering. Deur persoonlike werk en die verspreiding van geestelike boeke word daar beoog/gepoog om diegene wat vervreemd geraak het van die kerk te bereik (Greyling 1982 : 178).

Met betrekking tot die spanlede is daar ook tweërelei doelstellings geïdentifiseer: eerstens moes 'n spanlid prakties as getuie vir Christus optree, soms te midde van moeilike omstandighede en tweedens ervaar so 'n persoon geestelike opbou, sodat hy as volwasse Christen sy plek in die toekoms kan volstaan (Greyling 1982 : 178).

Met die aanbieding van die programme tydens gesinskampe word beoog om die betrokkenes te verryk en daarom is die bywoning van die Bybelstudie soggens en die biduur en die bespreking van toepaslike onderwerpe saans verpligtend (Badenhorst 1982).

Die skrywer wil graag enkele opmerkinge maak aangaande die nuwe benaderingswyse en rigting waarin die Afrikaanse Christen-Studentevereniging beweeg betreffende kampe, jeugfeeste en

uitreikgeleenthede. Sy wil ook 'n kursoriese beskrywing gee van takwerksaamhede in die toekomstige bedeling.

**4.4.5 Vernuwing en uitbouing van takwerksaamhede vanaf 1994**

4.4.5.1 Kampe

(a) Kringleierskampe

Hierdie kampe word gereël met die oog op opleiding van die personeel, kringleiers en Takbesture en vind plaas in Oktober, November en Januarie. Vir die plattelandse streke sal hierdie kampe op sirkelbasis gereël word, sodat elke tak so 'n kamp kan bywoon (Van Schalkwyk 1994b : 1).

(b) Vakansiekampe

Gedurende die Aprilvakansie is daar in die verlede twee kampe by Winkelspruit aan die Natalse Suidkus gehou. Hierdie kampe sal in die toekoms weer gehou word en alle takke sal uitgenooi word. Meer kinders sal by vakansiekampe betrokke raak as elke provinsie (streek) een of meer kampe binne sy provinsie (streek) aanbied. Uitstekende terreine is in al die streke beskikbaar. Gedurende die Oktobervakansie sal daar binne die provinsies (streke) kampe gereël word (Van Schalkwyk 1994b : 1).

Gesinskampe vir onderwysers en vriende van die Afrikaanse

Christen-Studentevereniging sal gesamentlik gereël word en gedurende Julie en Desember op Winkelspruit aangebied word (Van Schalkwyk 1994b : 1).

(c) Takkampe

Dit beteken baie vir elke tak om 'n gereelde takkamp, uitstappie of gesamentlike ontspanningsbyeenkoms aan te bied. Sulke geleenthede sou ook in sirkelverband hanteer kon word (Van Schalkwyk 1994b : 1).

4.4.5.2 Jeugfeeste

Dit is vir die Afrikaanse Christen-Studentevereniging belangrik om by geleentheid groot groepe van sy lede bymekaar te bring. Dit beteken baie vir elke kind wat dit bywoon. In die toekoms wil die Afrikaanse Christen-Studentevereniging jeugfeeste op streekvlak laat plaasvind (vide paragraaf 4.2.8.3 (b)). Dit sal vir elke nuwe streek 'n geleentheid gee om mekaar te leer ken en stewige bande te bind (Van Schalkwyk 1994b : 1).

4.4.5.3 Uitreike

Sommige takke het in 1995 in 'n groter mate diensprojekte in hul jaarbeplanning ingesluit wat, onder meer, hospitaalbesoek of kinderhuisbesoek (as opbeuringsaksies), hulpverlening met

betrekking tot ander se nood, ensomeer, ingesluit het (Van Schalkwyk 1994b : 1). Volgens Brink (1995) is daar 'n nuwe bewuswording met betrekking tot diensprojekte en het verskeie takke met nuwe inisiatiewe vorendag gekom. Die potensiaal is egter nog nie naastenby ontgin nie.

4.4.5.4 Samevatting

Sake wat by takke en provinsies/streke aandag gaan geniet, is die volgende:

> Jaartema, geestelike programme, Bybelstudie, sosiale programme, diens- en uitreikprogramme, sang, bidure, kampe, kringleier- en bestuursopleiding, verspreiding van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se publikasies, inskakeling by streeks- en landswye aktiwiteite, asook finansies (Brink 1994f; Van Schalkwyk 1994b : 2).

In die volgende hoofstuk word die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se confessio beskryf, aangesien dit van kardinale belang is om te weet wat die Afrikaanse Christen-Studentevereniging as belydenisgrondslag onderskryf. Daarna gaan die verhouding van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging en die Nederduitse Gereformeerde Kerk, asook ander kerke, belig word, tesame met die kritiek teen die Afrikaanse Christen-Studentevereniging. Dit is wel so dat gelowiges onderling verskil, maar totale verwerping van mekaar as gevolg van randgebiedsake is 'n ander saak en daarom wil die skrywer die werksaamhede, asook die

negatiewe belewing met betrekking tot die werksaamhede van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging beskryf om dan te kom tot 'n bepaling van die moontlike samewerking van verskillende Christelike kerke (wat die belydenisgrondslag van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging kan onderskryf/aanvaar) te bepaal, veral met die oog op die toekoms, met inagneming van die nuutste verwikkelinge/moontlike verwikkelinge betreffende die onderwysbeleid in sake Christelik-Nasionale onderwys en die onderrig van godsdiensonderrig (Bybelonderrig) en Bybelkunde.

Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging se taak betreffende komplimentêre godsdiensopvoeding en ook die unieke bydrae van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging tot godsdiensopvoeding gaan in Hoofstuk 6 bedwarskyk word.